DIE EREDIENS VAN DIE LEWE:

'N PRAKTIES-TEOLOGIESE VERKENNING

JACO BARNARD

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Fakulteit Teologie en Religie

Die erediens van die lewe:

‘n Prakties-teologiese verkenning

deur

Jaco Barnard

Proefskrif ingehandig ter gedeeltelike vervulling van die vereiste vir die graad PhD in Praktiese Teologie

Fakulteit Teologie en Religie

Departement Praktiese Teologie

aan die Universiteit van Pretoria

Augustus 2019

Studieleier: Prof. Cas Wepener

OPGEDRA AAN:

My vrou, Erika, wat my elke dag leer dat die lewe - elke oomblik daarvan - waardevol en vol betekenis is. My ouers, Johan en Estelle Barnard, wat my van kleins af gewys het dat God in die kleinste besonderhede van die lewe teenwoordig is, en dat elke ete, gesprek, verhouding, plek en oomblik inderdaad heilig is.

Aan my Abba Vader vir Wie ek bo alles liefhet en in elke oomblik en ruimte van my lewe tasbaar ervaar.

Laus Deo Semper

BEDANKINGS

Die navorser bedank die volgende partye/persone wat hierdie studie help moontlik maak het:

- Die Suid Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat hierdie navorsing befonds het;

- Die Universiteit van Pretoria, vir die toekenning van die studiebeurs vir hierdie navorsing;

- Professor Cas Wepener, my studieleier, vir jou wysheid, hulp en leiding in die voltooïng van hierdie navorsing;

- Mev. Estelle Barnard, vir die transkribering van die opnames van die onderhoude;

- Mev. Antoinette Burger, vir die taalkundige versorging van dié proefskrif.

VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die Departement van Praktiese Teologie lê sterk klem op integriteit en etiese gedrag in die voorbereiding van alle geskrewe werk wat vir akademiese evaluering ingedien word.

Terwyl akademiese personeel u leer hoe om verwysingstegnieke te gebruik en plagiaat te vermy, het u ook 'n verantwoordelikheid in hierdie verband. Indien u in enige stadium onseker is oor wat van u verwag word, moet u u dosent raadpleeg voordat u enige geskrewe werk indien.

U is skuldig aan plagiaat wanneer u iets uit 'n ander outeur se werk (bv. 'n boek, artikel of webtuiste) kopieer sonder om erkenning aan die bron te gee en dit as u eie werk aanbied. U is in werklikheid besig om iets wat aan iemand anders behoort, te steel. Dit geld nie slegs wanneer u werk woordeliks kopieer nie, maar ook wanneer u iemand anders se werk in 'n effense gewysigde formaat (geparafraseer) aanbied of 'n argument gebruik sonder om erkenning daaraan te gee. U mag nie werk indien wat voorheen deur 'n ander student geskep is nie. U mag ook niemand toelaat om u werk te kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

Studente wat hulle skuldig maak aan plagiaat, sal geen krediet vir die geplagieerde werk ontvang nie. Die aangeleentheid kan ook na die Komitee vir Dissipline (Studente) verwys word vir 'n beslissing. Plagiaat word as 'n ernstige oortreding van die Universiteit se reëls beskou en kan tot skorsing uit die Universiteit lei.

Alle geskrewe werk wat u indien terwyl u 'n student in die Departement Praktiese Teologie is, moet van die volgende verklaring vergesel word. Geen geskrewe werk sal aanvaar word indien die verklaring nie voltooi en aangeheg is nie.

Student se volle name: Ds. Jaco Barnard

Studentenommer: 16303182

Onderwerp van werkstuk: Die erediens van die lewe: 'n Prakties-teologiese verkenning.

Verklaring

1. Ek verstaan wat plagiaat is en is bewus van die Universiteit se beleid in hierdie verband.

2. Ek verklaar dat hierdie verhandeling my eie, oorspronklike werk is. Indien ander mense se werk gebruik is (hetsy uit 'n gedrukte bron, die Internet of enige ander bron), is dit behoorlik erken en is daarna verwys in ooreenstemming met die departementele vereistes.

3. Ek het nie werk wat voorheen deur 'n ander student of enige ander persoon geskep is, gebruik om dit as my eie in te dien nie.

4. Ek het nie en sal nie toelaat dat enigiemand my werk kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

HANDTEKENING: Jaco Barnard

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Fakulteit Teologie en Religie

OPSOMMING

Hierdie navorsing, met ‘n definitiewe fokus op die liturgie, as veld binne die Praktiese Teologie, het vanuit die werkshipotese te werk gegaan dat liturgie en lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind is, en dat die erediens sentraal tot die ontdekking en realisering van die kerk se lewensimpakterende potensiaal in die huidige tydsgees, en Suid Afrikaanse konteks, staan.

Die navorsing vra die vraag: Het die Sondag-erediensgebeure ’n effek op die gelowige individu, se Christelike identiteit en lewenswyse? Die studie het van ‘n *grounded theory* metode van empiriese ondersoek gebruik gemaak, waar die erediensbelewenis van lidmate (vanuit drie verskillende denominasies in die Ooste van Pretoria), en die betekenis wat aan verskeie liturgiese rituele geheg word, verken is. Die navorsing het die potensiële impak (of gebrek daaraan) van die erediens ondersoek, deur die empiriese ondersoek met bestaande literatuur in gesprek te bring, met die doel om die lewensimpakterende potensiaal van die erediens tot sy volle reg te laat kom.

Hierdie navorsing het tot die gevolgtrekking gekom dat die erediens wel van belang vir die alledaagse lewe van gelowiges is, mits die boodskap daarvan relevant tot die leefwêreld van gelowiges oorgedra word. Daar is ook bevind dat die volle boodskap van verskeie liturgiese rituele, en die impak daarvan vir die alledaagse lewe van gelowiges, nie voldoende aan die woord kom tydens die Sondag-erediens nie. Nietemin, word die gevolgtrekking gemaak dat die erediens en die lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind is en op mekaar inspeel. Aan die hand van die beeld van ‘n uurglas, het die navorsing ‘n praxis teorie, vir die verstaan van die erediens as die erediens van die lewe, daar gestel. Só verstaan is die erediens meer as die ongeveer een uur lange Sondag-erediens gebeure, maar word die Sondag-erediens eerder waardeer as die beginpunt, vanwaar die erediensgebeure oorspoel en voortleef in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede, van die gelowige individu.

Sleutelbegrippe:

Liturgie, erediens, aanbidding, ritueel, ruimte, identiteit, ontmoetings en sosiale kapitaal.

ABSTRACT

This research, with it's focus on liturgy, as a field within Practical Theology, proceded from the conviction that liturgy and life are intimately related, and aims to shape the lives of believers, within a South African context, with it's unique challenges and ministry opportunities. Therefor, the hypothesis of this research is that the worship service is of central importance when it comes to the realisation of the church's life-impacting potensial.

This research asked the question: Does the Sunday worship service have an impact on believers' Christian identity and way of life? Using the *grounded theory* method of emperical research, this research studied the experiences of congregants (from three different denominations, in the East of Pretoria), with regards to the worship service, along with the meaning given to different liturgical rituals. The research studied the impact (or lack thereof) of the Sunday worship service, on the daily lives of believers, by connecting the findings of the emperical study, with existing literature, with the aim of realising the potensial life shaping impact of the worship service.

The research concluded that the worship service does indeed have an impact on the daily lives of believers, but only if the message thereof is communicated in a way that is relevant to the living circumstances of believers. It also concluded that the depth of meaning, of the different liturgical rituals, are not being communicated in a way that highlights the implications thereof, for the lives of believers, therefor inhibiting the potensial impact of the Sunday worship service. Still, the research concluded that the worship service and life are indeed not only related, but also shaped by each other in a reciprocal way. Using the image of an hour-glas, the research described its praxis theory for the worship service, as the worship service of life, in so doing, the worship service becomes more than the Sunday worship service, lasting approximately one hour, but flows over into the day to day existence and spaces of believers.

Key words:

Liturgy, sermon, worship, ritual, space, identity, encounters, social capital, missional.

INHOUDSOPGAWE

OPSOMMING 7

ABSTRACT 8

HOOFSTUK 1

DIE EREDIENS VAN DIE LEWE: 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE VERKENNING.

1.1 INLEIDING 14

1.2 TITEL 19

1.3 METODOLOGIE 20

1.3.1 METODES WAARVOLGENS DIE ONDERSOEK GESKIED HET 23

1.3.2 ETIESE OORWEGINGS 25

1.3.3 STEEKPROEF 25

1.4 SKEMA 27

1.5 BEPERKINGE TOT DIE NAVORSING 28

1.6 SAMEVATTING 30

HOOFSTUK 2

VERSKILLENDE PERSPEKTIEWE RAKENDE DIE VERBAND TUSSEN GELOOF EN LEWE

2.1 INLEIDING 31

2.2 GELEEFDE RELIGIE 31

2.3 GODSDIENSSIELKUNDE 34

2.4 DIE LITURGIE EN DIE LEWE 35

2.4.1 LITURGIE AS ONTMOETINGSRUIMTE 38

2.4.1.1 Ontmoeting tussen God en mens 41

2.4.1.2 Ontmoetings met mekaar 45

2.4.1.3 Ontmoetings met die samelewing 47

2.4.2 IDENTITEITSVORMENDE EN LEWENSIMPAKTERENDE ONTMOETINGSGEBEURE 49

2.4.2.1 Die impak van die ontmoeting tussen God en mens 50

2.4.2.2 Die impak van die ontmoetings met mekaar 51
2.4.2.3 Die impak van die ontmoetings met die wêreld 52
2.4.3 DIE VERBAND TUSSEN DIE ONTMOETINGS 53
2.4.4 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N INTERDENOMINASIONELE GESPREK 54
2.5 FOKUSPUNTE VIR DIE ONDERSOEK WAT VOLG 55
2.6 KERNBEGRIPPE 56
2.6.1 EREDIENS 56
2.6.2 LEWE 57
2.6.3 LITURGIE 58
2.6.4 RITUEEL 59
2.6.5 RUIMTE 60
2.6.6 IDENTITEIT 61
2.6.7 ONTMOETINGS 61
2.6.8 ROETEMERKERS 63
2.7 SAMEVATTING 63

HOOFSTUK 3

OM PRIESTERLIK TE LUISTER NA DIE STEMME VAN LIDMATE:

'N EMPIRIESE ONDERSOEK

3.1 INLEIDING 65
3.2 METODE VAN EMPIRIESE ONDERSOEK 66
3.2.1 STEEKPROEF 67
3.2.1.1 Deelnemende gemeentes 67
3.2.1.2 Persoonlike onderhoude 68
3.2.1.3 Fokusgroeponderhoud 69
3.3 BESKRYWING VAN DEELNEMENDE GEMEENTES 70
3.3.1 TYDLYN VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK 70
3.3.2 NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE 73
3.3.2.1 Liturgiese ruimte 74
3.3.2.2 Liturgiese orde 76
3.3.3 CHARISMATIESE GEMEENTE 78

3.3.3.1 Liturgiese ruimte 79
3.3.3.2 Liturgiese orde 80
3.3.4 ROOMS-KATOLIEKE GEMEENTE 81
3.3.4.1 Liturgiese ruimte 82
3.3.4.2 Liturgiese orde 83
3.4 DIE BETEKENIS EN IMPAK VAN DIE EREDIENS: IN GESPREK MET GEWONE LIDMATE 85
3.4.1 FOKUSPUNTE IN DIE GESPREK 85
3.4.2 OOP KODERING 87
3.4.2.1 Kategorieë as die resultaat van Oop kodering 110
3.4.3 SELEKTIEWE KODERING 112
3.4.3.1 Die resultaat van selektiewe kodering 116
3.4.4 TEORETIESE KODERING 117
3.5 SAMEVATTING 119

HOOFSTUK 4

DIE EREDIENS *EN* DIE LEWE

4.1 INLEIDING 123
4.2 DIE SAMEKOMS VAN GELOWIGES 126
4.2.1 DIE SAMEKOMS VAN GELOWIGE INDIVIDUE 128
4.2.3 SOSIALE KAPITAAL EN DIE LITURGIE 134
4.2.3.1 Die nagmaal en die metafoor van die tafel 136
4.2.3.2 Die doop as inlywing tot die liggaam van Christus 140
4.3 DIE OOPBREEK VAN GOD SE WOORD 144
4.3.1 TUSSEN DIE TEKS EN KONTEKS 147
4.3.2. DIE PERSOON EN PERSOONLIKHEID VAN DIE PREDIKER 150
4.4 DIE EREDIENS AS RUIMTE WAAR GOD AANBID WORD 154
4.4.1 WIE IS DIE GOD WAT DEUR DIE SAMEKOMS VAN GELOWIGES AANBID WORD? 156
4.5 ENKELE OPMERKINGS OOR DIE VORM VAN DIE EREDIENS 162
4.6 SAMEVATTING 167

HOOFSTUK 5

DIE EREDIENS *IN* DIE LEWE

5.1 INLEIDING 169

5.2 DIE SAMEKOMS VAN GELOWIGES [TUSSEN NOG-NIE-GELOWIGES] 171

5.2.1 DIE HUISGESIN 175

5.2.1.1 Die gesin-inklusiewe jeugbedieningsmodel: 180

5.2.1.2 Die gemeente-as-gesin bedieningsmodel: 181

5.2.1.3 Die gesin-gebaseerde bedieningsmodel: 181

5.2.1.4 Die gesin-geïntegreerde bedieningsmodel: 182

5.2.2 VERHOUDINGSGROEPE 183

5.3 DIE OOPBREEK VAN GOD SE WOORD 197

5.3.1 DIE BOODSKAP VAN DIE KRUIS, AS VOORBEELD VAN *REFRAMING* 201

5.3.2 PREDIKING WAT VOORTLEEF IN DIE VERKONDIGING VAN GOD SE WOORD 203

5.4 AANBIDDING 208

5.4.1 CHRISTOPRAXIS – 'N LEWE VAN AANBIDDING 208

5.4.2 CHRISTOPRAXIS AS DIENSBAARHEID 213

5.5 SAMEVATTING 221

HOOFSTUK 6

DIE EREDIENS *VAN* DIE LEWE

ROETEMERKERS VIR DIE REIS WAT VOORLÊ

6.1 INLEIDING 224

6.2 GELEEFDE RELIGIE 239

6.2.1 DIENENDE GELOOFSGEMEENSKAP 242

6.2.2 RUIMTELIKHEID 243

6.2.3 GELEEFDE GELOOF 245

6.2.4 DIE VOLHEID VAN DIE MENS 247

6.3 LITURGIE EN LEWE 248

6.3.1 DIE DOOP EN NAGMAAL 255

6.3.2 DIE OFFERGAWES & SEËNGROET 262

6.3.3 LITURGIE EN LEWE...OF EERDER LITURGIE VAN DIE LEWE? 265
6.4 SAMEVATTING 266
BIBLIOGRAFIE 271
ADDENDUM A: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER A 297
ADDENDUM B: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER B 308
ADDENDUM C: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER C 314
ADDENDUM D: ONDERHOUDE MET MEDE-NAVORSER D 325
ADDENDUM E: ONDERHOUDE MET MEDE-NAVORSER E 334
ADDENDUM F: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER F 340
ADDENDUM G: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER G 349
ADDENDUM H: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER H 358
ADDENDUM I: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER I 367
ADDENDUM J: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER J 376
ADDENDUM K: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER K 385
ADDENDUM L: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER L 391
ADDENDUM M: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER M 402
ADDENDUM N: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER N 409
ADDENDUM O: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER O 419
ADDENDUM P: FOKUSGROEPONDERHOUD MET LERAARS 435
ADDENDUM Q: INGELIGTE TOESTEMMING VORM AAN GEMEENTES 460
ADDENDUM R: ONDERTEKENDE TOESTEMMING VIR DEELNAME VANAF DIE GEMEENTES 462
ADDENDUM S: INGELIGTE TOESTEMMINGSVORM VIR PERSOONLIKE- & FOKUSGROEPONDERHOUDE 465
ADDENDUM T: FOTO'S UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK 467

HOOFSTUK 1

DIE EREDIENS VAN DIE LEWE: 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE VERKENNING.

1.1 INLEIDING

Five hundred twenty-five thousand
Six hundred minutes
Five hundred twenty-five thousand
Moments so dear
Five hundred twenty-five thousand
Six hundred minutes
How do you measure-measure a year?
In daylights- in sunsets
In midnights- in cups of coffee
In inches- in miles
In laughter- in strife
Five hundred twenty-five thousand
Six hundred minutes
How do you measure a year in a life?

Hierdie lirieke uit die bekende musiekblyspel *Rent*[1], vra die vraag na die wyse waarop ons die lewe moet meet. Die boodskap is dat een jaar bestaan uit 525 600 minute, dit is 525 600 momente, wat belangrik is wanneer daar oor die lewe, en inderdaad die doel of betekenis daarvan, besin word. Op hierdie punt moet daar genoem word dat hierdie musiekblyspel, met sy boodskap rondom HIV-vigs, en propagering van 'n grootliks boheemse leefstyl, dalk nie die mees geskikte verwysing vir 'n teologiese ondersoek is nie. Tóg is hier 'n aanknopingspunt te vind ten opsigte van die beoogde fokus van hierdie navorsing, naamlik: die erediens van die lewe. Met hierdie begrip wil hierdie navorsing die vraag vra na die verband tussen die erediens en die lewe, en die betekenis en impak van die erediens op die identiteit en lewenswyse van die gelowige individu. Die moontlike antwoord op hierdie vraag word volgens die navorser gevind in die 525 600 momente (ruimtes) waarin die erediens gestalte vind en voortleef in die

[1] https://www.lyrics.com/lyric/26084997/Original+Broadway+Cast/Seasons+Of+Love

dag-tot-dag bestaanswerklikhede van lidmate binne ‘n Suid-Afrikaanse konteks en -samelewing.

Hierdie navorsing, met ‘n definitiewe fokus op die liturgie, as veld binne die Praktiese Teologie, gaan vanuit die werkshipotese te werk dat liturgie en lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind is. Louw en Nida (1988:533) verwys na dié verband tussen liturgie en lewe en verduidelik dat die begrip *liturgie* kortliks beskryf kan word as ‘alle religieuse handelinge wat die gelowige uitvoer wanneer hy/sy God dien’. Die term *liturgie* beteken in sy eenvoudigste vorm ‘diens’ (Jenni & Westerman 1997:1406) en word in die Septuaginta (LXX) met λειτουργια (leiturgia) vertaal. Hierdie is waarskynlik ’n samestelling van λειτοσ (van die volk) en εργον (werk). Só verstaan is dit duidelik dat in ons nadenke oor liturgie, dit nie alleenlik as ‘n element van die Sondag-erediens beskou kan word nie, maar ook as ’n onlosmaaklike deel van die Christelike geloof en alledaagse lewe (Van der Schyff & De Klerk 2010:603).

Die oortuiging dat liturgie en lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind is, is reeds in die Ou- en Nuwe Testament te bespeur (Barnard 2016:35). Van der Schyff en De Klerk (2010:606-608) noem dat, alhoewel hierdie term in die Ou Testamentiese tyd meestal ten opsigte van die kultiese diens in die tempel gebruik is, daar ook toe reeds, tekens van die gebruik van die term ten opsigte van die alledaagse lewe te vinde was. Francois Wessels (2009:31) wys tereg daarop dat die Joodse wortels van die Christelike erediens hoofsaaklik teruggaan na die liturgie van die Sinagoge. Die Joodse liturgie is egter nie net ’n beskrywing van die sinagoge gebeure nie, maar wel ook van alle fasette van Joodse aanbidding – waarvan ’n groot deel juis buite die Sinagoge, in die huis en alledaagse lewe, plaasgevind het (Reif 1999:341).

Ook in die Nuwe Testament het die gebruik van λειτουργια na die dienswerk van die volk verwys (Vos & Pieterse 1997:4). Op semantiese gronde plaas Louw en Nida (1988:461, 533) die gebruik van die term λειτουργια in twee hoofdomeine, naamlik: as algemene term vir hulp en diens in die gewone samelewing, maar ook as sterk religieuse aktiwiteit wat rondom die tempeldiens en latere Nuwe Testamentiese kerk sentreer. Dit is dus opmerklik dat, ook ten opsigte van die Nuwe Testamentiese gebruik van λειτουργια, daar ’n ruimer betekenisveld

daaraan gekoppel word, wat die gebruik daarvan laat uitkring tot die alledaagse bestaan van die gelowige individu en gemeenskap (Van der Schyff & De Klerk 2010:610).

Ook in die huidige, Nederduitse Gereformeerde konteks, word die verstaan van die term *liturgie* nie beperk tot die erediens nie, maar word dit as deel van die daaglikse bestaanswyse van die individu gereken (Van der Schyff & De Klerk 2010:612). Liturgie word vandag in verband met gemeenskapsbeoefening met God (De Klerk 2000:90-91), en daarom ook in verband met ons daaglikse Godsdiens-beoefening (Trimp 1983:59) en die liturgiese belewing en lewe (Senn 2000:159) verstaan. Vos (1995:485) verwoord verder dat die liturgie gesien kan word as die 'daarstelling van die gemeenskap met God', met die verstandhouding dat gemeenskap met God, erediens en die daaglikse lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind is.

Van der Merwe (1999:165) waarsku dat dit uiters noodsaaklik is om, in ons denke na die verhouding tussen liturgie en lewe, die korrekte verhouding tussen die twee gestaltes te bepaal, om sodoende 'n oorbeklemtoning van die een gestalte ten koste van die ander te voorkom. Hy verduidelik dat die bepaling van hierdie verhouding 'n beduidende impak sal hê op die wyse waarop die Sondag-erediens verstaan en ingerig word. Op sy beurt kan die inrigting van die Sondag-erediens die gelowige se dag-tot-dag bestaan, in die ruimer liturgie van die lewe, beïnvloed.

Die studie van die verhouding tussen geloof en lewe is nie beperk tot die Teologie nie. So byvoorbeeld is daar ook in filosofiese- (met die konsep van *geleefde religie*[2]), sowel as sielkundige kringe (met die sogenaamde *godsdienssielkunde*[3]) groot belangstelling in die verband tussen 'n persoon se geloof (en gepaardgaande rituele) en sy/haar lewe. Hierdie navorsing, wil op die insigte van hierdie verskillende studievelde bou, en daarop uitbou deur ondersoek in te stel na erediens, as erediens van die lewe. In Hoofstuk 2 van hierdie ondersoek, word die voorafgaande ondersoeke na die verband tussen geloof en lewe, waarop hierdie ondersoek gegrond is, in meer diepte uiteengesit. Daar word veral gelet op die bogenoemde

[2] Lived Religion, in engels
[3] Psychology of Religion, in engels

filosofiese- en sielkundige perspektiewe, terwyl daar vanuit die teologiese perspektief gelet word op twee studies, naamlik: liturgie en lewe; en die liturgie as identiteitsvormende en lewensimpakterende ontmoetingsgebeure (vgl. Barnard 2016; 2018; Van der Merwe 1999; Wepener 2009a:18-20).

Hierdie navorsing wil op die insigte van bogenoemde studies bou en verder daarop uitbou deur aan die hand van ‘n empiriese ondersoek, die potensiële impak van ‘n verstaan van die erediens (as integrale deel van die gereformeerde gelowige se geloofsbeoefening) as die erediens van die lewe, te verken. Só verstaan is die erediens meer as die ongeveer een uur lange Sondag-erediensgebeure en -belewenis, maar word die Sondag-erediens eerder waardeer as die beginpunt, vanwaar die erediensgebeure oorspoel, en voortleef in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede, van die gelowige individu. Die navorser ondersoek die erediens as ontmoetingsgebeure, wat nie alleenlik inligting oor God wil kommunikeer nie, maar ook lidmate se identiteit en lewe wil help vorm binne ‘n Suid-Afrikaanse gemeenskap en -samelewing (Barnard 2016; 2018).

Wepener (2011:203) beskryf die huidige bestaanswerklikhede en uitdagings in Suid-Afrika, ten opsigte van versoening binne ‘n uitgerekte politieke oorgangstyd, as volg:

> Where are we in South Africa today? We have come a long way.
> We have protested and marched.
> We have grieved and embraced.
> We have joined gatherings on rugby fields and started to adapt, although we
> have often felt like fish whose eyes and fins have moved sideways.
> And we are currently all part of the constant ritual-liturgical flow, reminiscent
> of the tides of the ocean.
> But I believe it is time to catch those soles that are still swimming in this ocean,
> skin them, fry them and serve them with a glass of Cape Chardonnay.
> Liminality has served us well. There were as many interpretations of the South
> African context as there were researchers, we got and are still getting and concomitantly
> the usefulness of liminality in that context. I believe, however, that
> with regards to reconciliation and transformation in a post-apartheid South

> Africa ritual-liturgically, we have moved beyond liminality as a country, and so we as scholars or liturgists should too.

Wepener is van mening dat die kerk in haar leer en denke oor sake soos versoening, geregtigheid en genesing verby die idee van liminaliteit moet beweeg, aangesien die fase van liminaliteit baie maklik as 'n wegkruipplek en verskoning kan dien om nie daadwerklik betrokke te raak in 'n soeke na 'n nuwe *societas* in Suid-Afrika, gekenmerk deur rekonsiliasie, transformasie en eenheid nie (Wepener 2011:206-207). Binne die liminale aard van die Christelike lewe, vind ons 'n God wat in Homself[4] liminaal van natuur is. Hierdie liminaliteit van God wys nie op sy afwesigheid van die wêreld en Sy mense nie, maar juis op die feit dat God altyd aan die beweeg is en daadwerklik uitreik na die wêreld en mense binne in hul lewens- en bestaanswerklikhede (Barnard, Cilliers & Wepener 2014:93-94). Hierdie navorsing wil hierby aansluit in dié studie na die verband tussen die erediens en lewe, en daarop uitbou deur die potensiële impak daarvan op ons denke oor transformasie, versoening, ekologie, sosiale etiek, en die alledaagse lewe van lidmate te verken.

Smit (2009:106-107) noem dat die erediens sentraal tot die ontdekking en realisering van die kerk se lewensimpakterende potensiaal in ons bepaalde tydsgees, staan. Die erediens staan in die hart van die gereformeerde lewe, en vervul 'n uiters belangrike vormende rol binne die gereformeerde tradisie. Van der Merwe (2009a:148-157) stem hiermee saam en verduidelik dan verder dat die erediens se volle potensiaal ontsluit word wanneer ruimte gelaat word vir die ervaring van God se teenwoordigheid; vir pogings om gasvryheid teenoor vreemdelinge te bewys; en wanneer daar duidelike lyne getrek word tussen die erediensgebeure en die gemeente se roeping na die wêreld. Tydens die Algemene Sinode van 2013 word die belangrike rol wat liturgie in die uitleef van die kerk se roeping vertolk, as volg verwoord:

> Die nadenke oor missionale kerk het dus belangrike implikasies vir die liturgie en die erediens. 'n Kerk se ekklesiologie word ten toon gestel in haar liturgie. Die manier waarop die kerk aanbid, vertel alles oor die aard en wese van die kerk. Die hartklop van die kerk is immers die erediens waar mense byeenkom om God te aanbid en te verheerlik. Daarom moet *leitourgia* of

[4] Ter wille van eenstemmigheid in skryfstyl en taalgebruik word daar deurgaans in dié navorsing na God in die manlike vorm verwys. Sien verdere verduideliking onder die bespreking van die beperkinge tot die navorsing, wat aan die einde van hierdie hoofstuk geskied.

> aanbidding as 'n kernaspek van kerkwees in enige konteks benadruk word (Verslag: Missionale aard en roeping van die NG Kerk).

In die res van hierdie hoofstuk word die titel en probleemstelling van hierdie ondersoek verwoord, waarna die navorsings-metodologie duidelik uitgepak word. Ten slotte word enkele beperkings tot hierdie navorsing uitgelig.

1.2 TITEL

Die navorsingstitel word soos volg verwoord: *Die erediens van die lewe: 'n Prakties-teologiese verkenning.*

Die primêre vraagstelling van hierdie navorsing is: "Het die [Sondag]erediensgebeure[5] 'n effek op die gelowige individu se Christelike identiteit en lewenswyse?" 'n Verdere vraag wat hiermee saamgaan is: "Word die praktiese betekenis van die verskillende liturgiese rituele op só 'n wyse aan lidmate gekommunikeer, dat die praktiese implikasie daarvan vir sy/haar Christelike identiteit en bestaan, in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede verstaan en geleef kan word?"

In die titel word beklemtoon dat ek myself in die veld van die Praktiese Teologie plaas met 'n fokus op die erediensgebeure en liturgie. Louw (2008:71) beskryf Praktiese Teologie as die wetenskap van die teologiese, kritiese en hermeneutiese refleksie op die intensies en betekenis van menslike aksies, soos dit in die daaglikse bestaan gestalte vind. Praktiese Teologie is in wese 'n hermeneutiese aangeleentheid, en daarom altyd 'n proses van interpretasie waardeur

[5] Die keuse vir hierdie konsep word doelmatig gemaak met die oog op die spesifieke fokus van hierdie navorsing. Hiermee word die belangrikheid en waarde van ander eredienste, soos byvoorbeeld Pinksterdienste, gebedsdienste, ensomeer geensins ontken nie, maar word 'n keuse gemaak om op die rol van die Sondag-erediens te fokus, vanweë die navorser se persoonlike vermoede dat dié erediens 'n toenemend belangrike rol te speel het. Binne gemeentes, bestaande uit lidmate wie se weekprogramme doodgewoon voortudrend besiger word, word die Sondag-erediens, altans volgens die navorser, van toenemende belang as vormgewende en impakterende ontmoetingsgeleentheid. Die term "Sondag" word daarom in die vraagstelling in hakkies geplaas om daarop te wys dat die Sondag-erediens, alhoewel belangrik, nie die oorheersende fokus van hierdie navorsing is nie, maar wel die erediens van die lewe.

betekenis aan sekere gebeure gegee word (Osmer 2008). Osmer verduidelik dat die rol van Praktiese Teologie hoofsaaklik uit vier take bestaan:

- Die eerste taak is die deskriptief-empiriese taak wat vra: *"Wat is besig om te gebeur?"*
- Die tweede taak is die interpretatiewe taak wat fokus op die vraag: *"Waarom is dit besig om te gebeur?"*
- Die normatiewe taak is die derde taak van praktiese teologiese interpretasie en wil bepaal: *"wat is veronderstel om te gebeur?"*
- Die laaste taak is die pragmatiese taak en hier is die fokus op: *"hoe moet ons reageer op wat besig is om te gebeur?"*

Hierdie raamwerk van Osmer dien as grondslag waarvolgens die navorser in hierdie ondersoek te werk sal gaan. In die hartklop van hierdie navorsing se fokus op die erediens van die lewe, bestaan die oortuiging dat die kriteria van Praktiese Teologie met Christopraxis (die praxis van Christus se teenwoordigheid in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede van die lewe) te make het. Christopraxis, is nie bloot 'n dogma nie, maar 'n belewenis (Root 2014:90-91). Dit is dié navorsing se bedoeling om die teologiese uitgangspunte rondom die erediens en liturgie, in gesprek te bring met die werklike ervarings van gelowige individue.

1.3 METODOLOGIE

Hendriks (2004:211) verduidelik dat die primêre doel van Prakties-teologiese navorsing die oplossing van 'n probleem, óf die beantwoording van 'n belangrike vraagstuk is. Daarom is navorsing altyd 'n proses van ondersoek en onderskeiding. In aansluiting met dié standpunt van Hendriks, het dié navorsing ten doel om die navorsingvraagstuk, soos reeds genoem, te probeer beantwoord. Metodologie geskied egter nooit binne 'n vakuum nie. Daarom is dit belangrik om die verskillende makro- en mikrokontekste van die individu, en hoé hierdie kontekste met mekaar omgaan, in hierdie navorsing te verreken (Struwig & Stead 2001:12). Om hierdie rede is besluit op 'n kwalitatiewe metodologie vir hierdie studie. Kwalitatiewe navorsing verken antwoorde op vrae deur persone, binne 'n gegewe sosiale omgewing, te bestudeer. Bruce Berg (2004:7) beskryf die aard van kwalitatiewe navorsing as volg:

> Qualitative researchers, then, are most interested in how humans arrange themselves and their settings and how inhabitants of these settings make sense of their surroundings through symbols, rituals, social structures, social roles, and so forth.

Kwalitatiewe navorsing is verder daarop gemik om 'n gegewe onderwerp, vanuit die perspektief van die persone wat by die navorsing betrek word, te verken. Jy verken dus die onderwerp deur die 'bril' van die individu (Berg 2004:7). Die fokus is dus op die toe-eiening van die erediensgebeure en meer spesifiek oor die vraag na hoé die erediensgangers die erediens gebeure vir hulleself, ook ten opsigte van die praktiese implikasie daarvan vir hul identiteit en dag-tot-dag bestaan, toe-eien (Osmer 2008:49; Post 2001:47-77).

Die navorser het gebruik gemaak van die 'grounded theory' kwalitatiewe metode van data analise, soos beskryf deur Kathy Charmaz (2006) en Barney Glaser (1978), om die bydraes van die mede-navorsers te analiseer[6]. Die 'grounded theory' metode bestaan uit sistematiese, tog buigbare, riglyne vir die insameling en analise van kwalitatiewe data, en het ten doel om teorieë vanuit die data self te konstrueer – anders gestel: 'n metode waardeur eksegese van die kwalitatiewe data gedoen word, en sodoende 'n meer wetenskaplik-verantwoordbare, en objektiewe waardering van die data daar te stel (Charmaz 2014:1-2). Hierdie benadering bestaan uit drie fases, naamlik: 1) die induktiewe fase (oop kodering) waardeur aanvanklike kategorieë onderskei, en 'n oop-kodering analitiese model ontwikkel, word; 2) die deduktiewe fase (selektiewe kodering) waartydens selektiewe data vir analise gekies word, op grond van die hipoteses wat tydens die fase van oop kodering ontwikkel is; en 3) teoretiese kodering en die konstruksie van 'n praxis teorie ten opsigte van die navorsingsfokus (Charmaz 2014:1-2; Pieterse 2010a:119-120; 2010b:104-113; 2011:96; 2013:175-195). Die beskrywing van hierdie empiriese ondersoek, en die bevindinge wat daaruit gevloei het, word in Hoofstuk 3 in meer diepte beskryf.

Getrou aan die kwalitatiewe-etnografiese benadering, het hierdie navorsing empiriese data en teoretiese perspektiewe met mekaar verbind[7] (Barnard, Cilliers en Wepener 2014:51-64; Berg

[6]Sien ook Pieterse 2010a, 2010b, 2011, 2013; asook Pieterse & Wepener 2018, vir verdere voorbeeld van grounded-theory kwalitatiewe navorsing.

[7] In *Worship in a Network Culture*, beskryf Barnard, Cilliers en Wepener (2014) hierdie benadering aan die hand van die konsep 'connecting the dots'.

2004:4; Creswell & Poth 2018:90-95). Die metode van navorsing het hoofsaaklik op 'n omvattende en verteenwoordigende empiriese ondersoek (bestaande uit deelnemer-observasies en onderhoudvoering) berus, wat deur literatuurstudie rakende die fokuspunte wat vanuit die empiriese ondersoek na vore gekom het, aangevul is (Creswell & Poth 2018:90-95, 163-170). Osmer (2008:31-78) beskryf die eerste taak van Praktiese Teologie as die deskriptief-empiriese taak, of anders gestel: die taak van 'priestly listening'. Hy verduidelik die noodsaaklikheid van hierdie taak as eerste tree in enige ondersoek as volg:

> Ultimately, the descriptive-empirical task of practical theological interpretation is grounded in a spirituallity of presence. It is a matter of attending to what is going on in the lives of individuals, families, and communities. This poses certain challenges that congregational leaders must face up to. How can we lead if we fail to attend to others in their particularity and otherness? What sort of influence do we have to offer if we have not struggled to overcome our own tendency to not listen, to rush to judgment, and to ignore suffering others in our midst? Struggeling with these kinds of issues lies at the heart of a spirituality of presence (Osmer 2008:34).

Aangesien die einddoel van hierdie ondersoek 'n praxis teorie[8] ten opsigte van die erediens, en meer spesifiek die erediens van die lewe is, deel die navorser Osmer se oortuiging, en is van mening dat daar gewaak moet word teen 'n benadering waar die teoretiese perspektief eerstens aan die woord kom, waarna dit 'getoets' word deur dit in gesprek te bring met die ervarings van lidmate. Die teorie moet, en het dus ontstaan vanuit die empiriese ondersoek. Om 'n volhoubare invloed te kan uitoefen en 'n bydrae ten opsigte van bestaande diskoers oor die erediens en liturgie te lewer, is daar eerstens geluister na die stem van die dikwels ongehoordes – die lidmate[9] (Osmer 2008:52). Deur die proses van 'priestly listening' is die fokusareas vir verdere ondersoek geidentifiseer, waarna dit met die bestaande literatuur, voorafgaande navorsing uit verskillende dissiplines, en ander normatiewe bronne van die Christelike geloof[10] in gesprek gebring is (Osmer 2008:41). Post verwys na hierdie interaksie tussen primêre en sekondêre bronne aan die hand van die term "interference". Hy stel dit soos volg:

> Interference is a term that chiefly has its roots in physics, especially in connection (with movement) of vibrations of light and sound waves, where it denotes the reciprocal efforts of the movements of one another. This interaction or reciprocal effect can hinder or disrupt, but can also reinforce and enrich. With that in mind, the term has been taken over into the

[8] Die daarstel van 'n praxis teorie het nie ten doel om 'n model vir die erediens daar te stel nie, maar is 'n benadering waardeur die bevindinge van die navorsing saamgevat word, en die potensiële bydrae daarvan tot die erediens verwoord word. Die praxis teorie wil nie daarop aanspraak maak om die finale produk te wees nie, maar 'n teorie wat verdere ondersoek en gesprekke aanmoedig.
[9] Primêre bronne in Liturgiese studie (Post et al. 2001:59)
[10] Sekondêre bronne in Liturgiese studie (Post et al. 2001:59)

> humanities in order to denote reciprocal influence, borrowings and effects, and especially to indicate the dynamic of a back-and-forth movement (Post 2001:59).

Hierdie navorsing poog om op postmoderne wyse, die primêre en sekondêre bronne ten opsigte van liturgiese studies voortdurend op interaktiewe wyse in gesprek te bring. 'n Inter-dissiplinêre benadering is deurgaans gevolg, waar die insigte van ander dissiplines, soos byvoorbeeld: sielkunde en filosofie (wat in reeds in hierdie hoofstuk genoem, en in Hoofstuk 2 verder verken word), met die teologiese uitgangspunte in gesprek gebring is, met die doel om die verband tussen hierdie verskillende uitgangspunte met dié ondersoek na die erediens van die lewe uit te lig, terwyl beide kwalitatiewe asook kwantitatiewe metodes met mekaar in gesprek gebring gaan word, ten einde die ondersoek te versterk en te verdiep (Wepener 2009a:18-20; Post 2001:48).

Saamgevat, het hierdie navorsing sy beginpunt by die 'grounded-theory' kwalitatiewe metode van ondersoek gevind, waarna die bevindinge wat vanuit dié empiriese ondersoek na vore gekom het, die fokuspunte vir die verdere ondersoek voorsien het. Hierdie fokuspunte is dan met bestaande literatuur, vanuit verskillende akademiese dissiplines, in gesprek gebring, ten einde 'n holistiese perspektief op die verband tussen die erediens en die lewe te bekom. Daar word dus op spirale wyse beweeg vanaf die lewe en konteks van die gemeentes en lidmate as wegspringplek, na die teorie, en met die klimaks weer terug by die lewe[11] (Osmer 2008; Wepener 2009a:25).

1.3.1 METODES WAARVOLGENS DIE ONDERSOEK GESKIED HET

Die empiriese ondersoek sluit 'n verskeidenheid metodes in ten einde 'n omvattende ondersoek te verseker. Onderhoudsvoering was een van die primêre ondersoekmetodes vir hierdie navorsing gewees. Deur middel van onderhoudsvoering word toegang verkry tot direkte inligting rakende die navorsingsfokus, wat nie alleenlik deur observasies bekom kan word nie (Creswell & Poth 2018:163-170; Hendriks 2004:232). Semi-gestandaardiseerde onderhoude is gebruik om verbale data te bekom, terwyl daar ook ruimte geskep is vir observasies met betrekking tot nie-verbale kommunikasie. Hierdie metode van onderhoudsvoering word deur

[11] In *From Fast to Feast*, gebruik Wepener (2009), hierdie selfde werkwyse in sy liturgiese navorsing.

die navorser verkies aangesien dit intrensiek ‘n reeks voorafopgestelde vrae insluit (wat bepaal word op grond van die navorsing se belangstellingsveld), maar ook ruimte laat om verdere antwoorde, wat verder strek as die vooropgestelde vrae, te verken[12]. Dit skep ruimte vir die navorser om ‘n definitiewe fokusarea aan die onderhoude te verleen, maar ook om deur die terugvoer van mede-navorsers gelei te word na ‘n dieper verkenning van die navorsingsonderwerp (Berg 2004:81).

Persoonlike onderhoude, asook fokusgroeponderhoude[13], is gevoer. Persoonlike onderhoude stel die navorser in staat om in-diepte terugvoer, ten opsigte van die ervarings van ‘n individu te bekom deur middel van verbale en nie-verbale kommunikasie. Alhoewel fokusgroeponderhoude ook op verbale en nie-verbale kommunikasie berus, sluit dit ‘n verdere komponent in, naamlik: die interaksie tussen persone wat oor hul eredienservarings, en die impak (of gebrek aan impak) daarvan op hul identiteit en lewe, gesels. Hierdie interaksie kan moontlik lei tot observasies wat dié vanuit die persoonlike onderhoude kan aanvul en verdiep (Ammerman et al. 1998:203-208; Berg 2004:123-143; Creswell & Poth 2018:163-170; Hendriks 2004:232; Osmer 2008:54; Wepener 2009a:29-30).

Die empiriese ondersoek het ook van persoonlike observasies gebruik gemaak waar die intensionele en sistematiese ondersoek en beskrywing van ‘n sosiale omgewing weergegee word (Hendriks 2004:230). Osmer (2008:54) onderskei in dié verband tussen deelnemer-observasies en ruimtelike analise. Hy verwoord deelnemer-observasies as ‘gathering verbal and visual data by observing practices and events while participating in the setting in which they occur.’ Die navorser het, waar moontlik, die primêre erediens van die gemeentes wat deel vorm van die ondersoek, bygewoon en observasies ten opsigte van die liturgie, erediensverloop, rituele en gebruike, ensomeer gemaak. Ruimtelike analise het ten doel om te let op die verskeie liturgiese ruimtes van hierdie gemeentes (Grimes 2014:44-46; Osmer 2008:54; Post 2001:59). Hierdie navorsing het gepoog om empiriese aspekte van die bestaanswerklikhede van gelowiges, individue (en leraars) te verken, beskryf en verduidelik in die hoop dat dit aan die Praktiese Teologie ‘n hulpmiddel sal bied, waardeur die werklike

[12] Sien Addendum A-O
[13] Sien Addendum P

geloofs- en lewenservarings van die gelowige individu verwoord kan word (Hendriks 2004:212).

1.3.2 ETIESE OORWEGINGS

Ten einde te verseker dat daar aan alle etiese vereistes ten opsigte van hierdie ondersoek voldoen is, is daar verseker dat alle deelname aan hierdie navorsing geheel en al vrywillig geskied het. Verder is daar ook ingeligte toestemming vir deelname aan die navorsing van alle deelnemende partye verkry[14] (Berg 2004:58). Vertroulikheid (van beide die gemeente en die individu) is ten alle tye verseker. Met vertroulikheid word daar hier verwys na die aktiewe poging om enige elemente binne die opnames van die navorsing, wat moontlik kan wys op die mede-navorser se identiteit, te verwyder (Berg 2004:65). 'n Afskrif van die resultate is ook beskikbaar gestel, waar die gemeente of individu dit versoek het. Na afloop van 'n geskrewe voorlegging aan die Navorsing- en Etiese Komitee van die Universiteit van Pretoria, is toestemming ontvang om voort te gaan met die empiriese ondersoek.

1.3.3 STEEKPROEF

Aangesien hierdie navorsing van 'n kwalitatiewe benadering, met 'n spesiale fokus op die eredienservarings van lidmate, en hoe hulle hierdie ervarings vir hulself toe-eien, gebruik maak, word 'n keuse gemaak vir 'n steekproef, bestaande uit 'n kleiner hoeveelheid individue en groepe (as wat die geval in kwantitatiewe navorsing sou wees), met die doel om hierdie individue en groepe in diepte te bestudeer (Osmer 2008:50). Ten einde 'n omvattende en verteenwoordigende empiriese ondersoek te verseker, word 'n keuse vir 'n gestratifiseerde, ewekansige steekproefneming gemaak.

Hierdie metode van steekproefneming poog om te verseker dat lidmate van verskillende ouderdomme, geslagte, rasse; en vanuit verskillende denominasies op ewekansige wyse deel vorm van die navorsings-steekproef. Hiermee word verseker dat vanuit die algehele eenheid (die onderskeie gemeentes) 'n paar van die eenhede (lidmate van verskillende profiele) as 'n verteenwoordigende voorbeelde van die eenheid in geheel, ondersoek word. Ewekansige

[14] Sien Addendum Q. Hierdie dokument sal ook in Engels beskikbaar wees waar nodig.

steekproefneming dui daarop dat elke eenheid (lidmaat), wat deel uitmaak van die groter geheel (die gemeente), gelyke kans het om aan die studie deel te neem. Met gestratifiseerde steekproefneming, word die geheel, in verskillende groepe verdeel (op grond van ras, geslag, ouderdom, ensomeer) – hierdie groepe verskil van mekaar, alhoewel hulle egter ook oor gedeelde elemente beskik (byvoorbeeld hul geloof- en erediensbelewenisse). Dan word ewekansige steekproefneming gebruik, om te verseker dat 'n deel van die steekproef uit elkeen van hierdie groepe verkry word. Persone het na willekeur ingestem tot deelname aan die navorsing, en die navorser het slegs enkele strategiese kriteria identifiseer, naamlik: verskille in ouderdom, ras, en geslag (Berg 2004:35; Struwig & Stead 2001:108-126).

Die steekproef het bestaan uit 15 lidmate (van verskillende profiele[15]) uit drie verskillende gemeentes (dus 5 lidmate per gemeente). Hierdie gemeentes het verskil in terme van denominasie[16].

'n Fokusgroepgesprek is met vyf leraars van verskillende gemeentes, uit verskeie kerklike denominasies gevoer. Drie van hierdie leraars, is leraars van die deelnemende gemeentes wat by die ondersoek betrek is (twee van die NG gemeente, en een van die Charismatiese gemeente). Nog twee leraars is by die fokusgroeponderhoud ingesluit vanweë hul betrokkenheid in die Ooste van Pretoria, wat die gemeentelike fokuskonteks van hierdie navorsing is. Een is 'n pastoor van nog 'n Charismatiese gemeente, in die Ooste van Pretoria, terwyl die ander 'n pastoor van die Wesliaanse gemeente in die Ooste van Pretoria is[17]. Die doel van hierdie fokusgroepgesprek was om die potensiëel belangrike rol wat kerkleierskap te speel het in die erediens, en daarom moontlik die erediens van die lewe, te verken. Niemandt (2013:93) verwoord die belangrike rol wat kerkleiers te speel het soos volg:

[15] In terme van ras, geslag en ouderdom.
[16] Gemeentes vanuit die Gereformeerde familie gaan die primêre steekproef uitmaak, maar aangevul word deur gemeentes uit die Charismatiese, Onafhanklike Afrika kerklike, en liturgie ryke denominasies.
[17] Die fokusgroepsteekproef sou ideaal uit leraars uit alle deelnemende denominasies bestaan het – dus NG, Charismaties en Rooms-Katoliek. Slegs twee leraars van die deelnemende NG gemeente, en een leraar van die deelnemende Charismatiese gemeente het ingestem tot deelname aan die fokusgroepgesprek. Daarom is daar besluit om nog 'n pastoor, van 'n nie-deelnemende Charismatiese gemeente te betrek, asook 'n pastoor van 'n denominasie met 'n hoë liturgiese orde (soos in die geval van die Rooms-Katolieke denominasie) te betrek, ten einde te verseker dat die fokusgroepsteekproef ook verteenwoordigend in terme van ouderdom, ras en denominasie was.

> Die soort leierskap wat ons vandag verg, is in hierdie boek beskryf as die veranderings van mense en instellings, onder die leiding van die Heilige Gees, om deur betekenisvolle verhoudings deel te word van God se sending na die wêreld. Dit gaan om verandering, om nuwe drome te droom en nuwe moontlikhede raak te sien en mense begelei om daar uit te kom.

1.4 SKEMA

Dié navorsing het vanuit die werkshipotese te werk gegaan, dat daar eerstens geluister moet word na die ervarings van lidmate, voordat enige verdere tree op die ontdekkingsreis na die erediens van die lewe geneem mag word (Osmer 2008:31-78). Dié empiriese ondersoek, het dus die roetemerkers vir die ondersoek gebied, waarvolgens die ondersoek verder uiteengesit is. Die navorsingskema sien as volg daarna uit:

In Hoofstuk 1 is die navorsingsprobleem en -vraagstuk verwoord, en die navorsings-metodologie bespreek. Enkele beperkinge tot die navorsing is ook uitgelig.

In Hoofstuk 2 volg ‘n bespreking van die ondersoek na die verband tussen geloof en lewe, wat hierdie navorsing voorafgaan en die grondslag vir hierdie ondersoek na die verband tussen die erediens en die lewe bied. Vanuit die filosofiese perspektief, word die filosofie van geleefde religie bespreek, terwyl die insigte vanuit die godsdienssielkunde ook uitgelig word. Vanuit die teologiese perspektief, word die studie van die verband tussen die liturgie en lewe, asook die studie na die liturgie as identiteitsvormende en lewensimpakterende ontmoetingsgebeure, uitgelig. Enkele sleutelbegrippe vir die ondersoek wat volg, is ook bespreek.

In Hoofstuk 3 volg ‘n uiteensetting van die empiriese ondersoek wat in hierdie navorsing onderneem is. Die metode van ondersoek, asook die metode van data analise (naamlik: ‘grounded theory’) word in meer diepte verken, terwyl ‘n omvattende beskrywing van die belangrikste bevindinge van dié ondersoek voorsien word, aan die hand van twee kernkonsepte (die erediens *en* die lewe, en die erediens *in* die lewe). Hierdie konsepte word dan verder omskep tot ‘n ontluikende praxis teorie, vir die navorsing wat volg.

In Hoofstuk 4 word die eerste kernkonsep, naamlik: die erediens *en* die lewe, verken, aan die hand van die empiriese ondersoek. Met die bevindinge vanuit die empiriese ondersoek, dat die erediens deur die mede-navorsers op grond van drie kenmerke verstaan word, naamlik: die samekoms van gelowiges; rondom God se Woord; en waar God aanbid word, as fokuspunte, word die empiriese ondersoek met bestaande literatuur in gesprek gebring, ten einde tot ‘n dieper insig tot die betekenis, en potensiële impak van hierdie drie kenmerke op die lewe van gelowiges, te kom.

In Hoofstuk 5 volg ‘n bespreking van die tweede kernkonsep, naamlik: die erediens *in* die lewe, waar spesifiek gelet gaan word op die wyse waarop die Sondag-erediens voortleef in die alledaagse leefruimtes van die lidmaat (al dan nie). Net soos in Hoofstuk 4, word die raamwerk vir hierdie hoofstuk voorsien deur die drie kenmerke waarvolgens die mede-navorsers die erediens verstaan, maar met ‘n besondere fokus op die wyse waarop hierdie kenmerke neerslag vind in die leefruimtes van gelowiges.

In Hoofstuk 6 bereik dié navorsing sy klimaks, en word die uitgangspunte vanuit die verskillende dissiplines (teologie, filosofie, en sielkunde) met betrekking tot die verband tussen geloof en lewe, met die bevindinge van die empiriese ondersoek in verband gebring. Daarvolgens word dié navorsing se praxis teorie, vir ‘n verstaan van die erediens as erediens van die lewe gebied, ten einde roetemerkers vir verdere navorsing na die erediens van die lewe, wat op hierdie ondersoek mag volg, te bied.

1.5 BEPERKINGE TOT DIE NAVORSING

Alhoewel daar reeds menige navorsing oor die onderwerp van liturgie gedoen is, bestaan daar nog nie ‘n groot spektrum navorsing wat spesifiek op erediens van die lewe en die impak daarvan op Christelike identiteit en -lewe, fokus nie. Verder ontbreek ‘n empiriese komponent, wat verskillende geografiese gebiede en liturgiese tradisies insluit. Met hierdie studie word daar gepoog om hierdie navorsingsleemte aan te spreek deur by bestaande navorsing aan te sluit en dit aan te vul.

Die persoon en konteks van die navorser, en die moontlike impak daarvan op hierdie navorsing moet ook verreken word. Die navorser is ‘n manlike, wit persoon, wat grootgeword het binne ‘n klein dorpie in die Oos-Kaap[18]. Sy kerklike vormgewende jare was binne ‘n klein, tradisionele NG gemeente. Hy is ‘n predikant binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk waar hy voorheen vir vyf jaar binne ‘n plattelandse gemeente en gemeenskap in die Noord-Westelike provinsie, en nou in ‘n stadsgemeente in die Ooste van Pretoria werksaam is. Die navorser se eie liefde vir, en belangstelling in die erediens is beslis ŉ bydraende faktor vir hierdie navorsing se fokus op die erediens en die belangrike rol daarvan in die kerk en elke gelowige se bestaan.

Die keuse vir ‘n studie van die rol van liturgie, as veld binne die Praktiese Teologie, moet geensins verstaan word as ‘n ontkenning van die uiters belangrike bydraes wat ander teologiese velde in dié verband te lewer het nie, maar is bloot ‘n keuse vanuit die navorser se persoonlike oortuiging dat die erediens van kardinale belang is in ons denke oor die vorming van ‘n Christelike identiteit en lewenswyse. Die hoop is dat hierdie ondersoek sal bydra tot verdere ondersoek, in alle teologiese velde, oor die relevansie en praktiese implikasie van ons teologiese oortuigings en gebruike vir die dag-tot-dag bestaanswerklikhede van lidmate.

Ter wille van eenstemmigheid in skryfstyl en taalgebruik word daar deurgaans in dié navorsing na God in die manlike vorm verwys. Dit is egter belangrik om daarop te wys dat die navorser nie van mening is dat God tot enige geslag (manlik of vroulik) beperk mag/moet word nie, maar bloot ŉ keuse ter wille van eenstemmige taalgebruik uitoefen. Dus, waar God, die beeld van God en die mens as beeld van God ter sprake kom – en ter wille van eenstemmige taalgebruik in die manlike vorm verwoord word - moet dit ten alle tye as inklusief van alle persone, ongeag van taal, kultuur of geslag gelees en verstaan word.

[18] As wit persoon, is dit onvermydelik dat die navorser se eie kulturele agtergrond en waardes, inspeel op die observasies en bevindinge wat in hierdie ondersoek gemaak word. Die navorser het gepoog om met sensitiwiteit vir die sogenaamde “white practical theology”, die navorsing te benader. Daarom is daar doelbewus besluit om, waar moontlik, lidmate van verskillende rasse-groepe by die empiriese ondersoek te betrek, en ook ten opsigte van die literatuurstudie, die stemme van Afrika teoloë te laat hoor (vgl. Beaudoin & Turpin 2014:251-270).

1.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is ‘n roetekaart vir die navorsing wat volg verwoord. Die navorsingsprobleem en konteks waarbinne hierdie navorsing plaas gevind het, is verduidelik terwyl die navorsingsmetodologie uiteengesit is. Die navorsing se primêre vraagstelling is verwoord as: “Het die [Sondag]erediensgebeure ‘n effek op die gelowige individu se Christelike identiteit en lewenswyse?”

In die hoofstuk wat volg word die stemme, vanuit verskillende akademiese dissiplines, rakende die verband tussen geloof en lewe bespreek. Die filosofie van geleefde religie, die insigte vanuit die godsdienssielkunde, asook teologiese studies oor die verband tussen die liturgie en lewe, word verken, aangesien hierdie ondersoeke die grondslag bied waarop dié navorsing na die verband tussen die erediens en die lewe wil bou en verder uitbou.

HOOFSTUK 2

VERSKILLENDE PERSPEKTIEWE RAKENDE DIE VERBAND TUSSEN GELOOF EN LEWE

2.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die navorsingsvraagstuk van hierdie ondersoek verwoord, terwyl die navorsingsmetodologie beskryf is. Vanuit die werkshipotese dat die erediens en die lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind is, is die verstaan van die erediens, as die erediens van die lewe, verken. Soos reeds genoem, is die studie van die verband tussen geloof en lewe, nie net tot teologiese kringe beperk nie, maar is daar al ook talle studies vanuit die filosofie, en sielkunde hieroor gedoen. Getrou aan die inter-dissiplinêre benadering van hierdie navorsing, wil die navorser hierdie verskillende stemme met mekaar in gesprek bring, ten einde ‘n meer holistiese grondslag vir die ondersoek na die erediens van die lewe, te bekom.

Aangesien hierdie navorsing op die bevindinge van hierdie voorafgaande studies bou, kom hierdie verskillende stemme oor die verband tussen geloof en lewe, vervolgens aan die woord. In hierdie hoofstuk gaan daar gelet word op die verskillende perspektiewe op die verband tussen geloof en lewe, deur veral te fokus op die moontlike raakpunte tussen die filosofie van geleefde religie, die godsdienssielkunde, en vanuit ‘n teologiese uitgangspunt, die verband tussen liturgie en lewe. Hierna word enkele sleutelbegrippe, vir die ondersoek wat volg, verwoord.

In die bespreking wat volg, word die verskillende perspektiewe op die verband tussen geloof en lewe (soos hierbo genoem) kortliks bespreek. Die verband tussen hierdie verskillende perspektiewe en dié navorsing se eie ondersoek na die erediens van die lewe, sal teen die einde van die navorsing, in Hoofstuk 6 herbesoek en in meer diepte uitgelig word.

2.2 GELEEFDE RELIGIE

In sy artikel, getiteld: “Philosophy of (lived) religion” verduidelik Ivan Strenski (2012) dat godsdiens (of religie), vanuit die klassieke, analitiese filosofie van religie verstaan word in terme van *geloofsoortuigings*, *leerstellinge* en *teologieë*, en dus die kognitiewe verstaan van

geloof. Hiervolgens word geloof, vanuit die klassieke filosofiese raamwerk, verstaan as iets wat primêr te make het met gedagtes en woorde, óf geloof in sy proposisionele vorm. Hierdie fenomeen is volgens hom die gevolg van godsdienstige konfessionalisme, wat met die ontstaan van die Reformasie op die voorgrond getree het (Strenski 2012:7). Die bekende historikus, Benjamin J. Kaplan (2007), wys egter tereg daarop dat, alhoewel die invloed van die Reformasie in dié verband nie ontken kan word nie, die fokus op 'geloof' en 'belydenis' reeds in die Apostoliese tydperk, en die vroeë kerk deel van die Christelike geloof was, maar dat die Reformasie hierdie tendens verder versterk het, totdat dit later as die primêre uitdrukking van die godsdiensbeoefening gesien is. Binne die konteks van die Reformasie, was hierdie klem op geloof en belydenis te verstane, te midde van 'n verdeelde Christendom, waar van die mens verwag was om 'n kant te kies, deur jouself te vereenselwig met 'n bestaande geloofsoortuiging en belydenis (Pelikan 2003). Die gevolg was dat godsdiens toenemend verstaan is as die geloof in 'n sekere belydenis of leer, en 'n lewe in ooreenstemming daarmee (Kaplan 2007:31). Met verloop van tyd, het hierdie tendense verder wortel geskiet, binne die teologie, maar ook die filosofie van religie, met die gevolg dat geloofsoortuigings, dogma en belydenis as die hart en wese van geloof (en dus gemeentes en gelowiges) verstaan is. Strenski (2012:7) verduidelik dit as volg:

> Western philosophical traditions as a whole, rooted in medieval philosophical theology—Augustine, Aristotelianism, Scholasticism, Thomism—predispose Western philosophers of religion to make beliefs the focus of philosophical inquiry. Inquiries into the doctrine of original sin, the problem of evil, the paradoxes involved in Jesus' dual divine/human nature, the validity of various proofs of God's existence and so on—all have dominated Western philosophy of religion since the early middle ages. And though traditions of early modern Western philosophy of religion emerged in large part to rival the medieval world's solutions to problems in the philosophy of religion, they actually maintained the medieval concern with such matters as doctrines and beliefs. Thus, since Descartes, the Empiricists and others sought—like the medievals—to reconcile Christian beliefs to new knowledge. In the case of the early moderns, the rise of modern science, skepticism and such challenged Christian belief. Thus, the philosophers stayed fixed in the world of religious beliefs.

Die gevolg hiervan is dat, deur die geskiedenis, die hart en wese van religie beskou is as die beginsels en veronderstellings wat daaruit gevloei het, bestaande uit woorde en stellings, eerder as praktyke of emosies, met die gevolg dat geloof gewoonlik met teologie (woorde rakende God) geïdentifiseer is. Hierteenoor, staan die wyse waarop 'n sekere Franciskus van Assisi (1181-1226) geloof beskou het as die grondslag vir hierdie navorsing se fokus op die erediens, as erediens van die lewe, deurdat hy leerstellinge, dogma en teologie van sekondêre belang

geag het (alhoewel steeds baie belangrik), en die lewe, en die wyse waarop geloof geleef word, van primêre belang. Volgens oorlewering was Franciskus daarvoor bekend dat hy gesê het: "It is no use walking anywhere to preach unless our walking is our preaching. Preach the Gospel at all times and when necessary use words" (Strenski 2012:7).

Strenski (2012:8-10) stel vervolgens voor dat daar eerder verwys moet word na 'n filosofie van 'geleefde religie'. Hiervolgens word die belang van geloofsoortuigings en leerstellinge vir die Christelike geloof (en ander gelowe) nie oorskat nie, terwyl die wyse waarop dit geleef word nie agterweë gelaat word nie. Vanuit die begrip van geleefde religie, is die fokus dus wel op die geloofsoortuigings en belydenis van die Christelike geloof (en ander gelowe), maar saam met die belang daarvan om hierdie oortuigings te laat neerslag vind binne bepaalde kulturele-, sosiale-, en generasionele areas van die lewe.

Die beginpunt vir die verstaan van geloof, as geleefde religie, is 'n nuwe perspektief op wie God is, en wie die mens in God is. Strenski (2012:8) verwys, vanuit 'n filosofie perspektief, na die impak van die monoteïstiese geloof, op die uitleef (of gebrek daaraan) van geloof onder Christen gelowiges:

> Again, philosophers may take note of cultural, social, generational, or inter-subjective aspects of the beliefs under examination. But, it remains the beliefs themselves that matter, not their embeddedness in cultural or social networks. Finally, and perhaps most importantly, the monotheistic heritage of Judaism and Christianity has had a powerful, and powerfully unexamined, effect on the conception of religion assumed by classical analytic philosophy of religion. Religion presumes a discrete, bodiless, personal and 'interventionist' deity at the center of religious life. Such a view of the nature of religion as centering on a superhuman power suggests that people are viewed as on the brink of calamity. 'Nur ein Gott kann uns retten,' one might say—'only a God can save us.' Thus religion's salience resides in its dwelling at the extremes in human life, in 'crises.' Religious people are on the edge, lurching toward calamity. Given this vision of the human situation, it makes excellent sense to see religion as an interventionist practice, which offers salvation from these extremes of crisis, calamity and catastrophe. The logic of religion thus understood dictates that salvation becomes the business of a god or some other higher power.

Strenski (2012:9-11) stel voor dat religie op 'n alternatiewe wyse beskou moet word, en verwys dan na Durkheim, wat religie verstaan het as die ruimte waarbinne 'n lewe van geloof vertroetel en gevorm word. Hy verwoord dan op treffende wyse dat geleefde religie die 'administration of the sacred' is, waarbinne geloofsoortuigings binne werklike leefruimtes neerslag vind. Hy identifiseer verder ses kenmerke van geleefde religie, naamlik: affiliasie; kulture en gemeenskappe; materialiteit; gebruike; emosionele lewe en beliggaming. Die verband tussen

hierdie kenmerke van die filosofie van geleefde religie, en hierdie navorsing se verkenning van die erediens van die lewe, sal in Hoofstuk 6 van hierdie navorsing uitgelig word.

Die filosofie van geleefde religie bied aan ons ‘n waardevolle bril waardeur dié navorsing se voorgestelde verstaan van die erediens, as die erediens van die lewe, beskou en uitgebrei kan word. Met hierdie konsep van geleefde religie in gedagte, verplaas ons nou ons fokus na ‘n soortgelyke soeke na die verband tussen geloof en lewe, deur die bril van die sielkunde, genaamd – die sogenaamde: godsdienssielkunde.

2.3 GODSDIENSSIELKUNDE

Hier is die werke van Glock (1962), en sy multi-dimensionele benadering tot geloof, veral van belang, ten opsigte van dié navorsing. Glock verstaan geloof, en die impak daarvan (of gebrek daaraan) op die individu se identiteit en lewe, op grond van verskillende dimensies, naamlik: die ervarings-; ideologiese-; rituele-; kennis-; gevolg-of-effek-; en gevoel van behoort dimensies. Wanneer dit kom by die verband tussen geloof en lewe, word daar vanuit sielkundige navorsing veral gelet op die verband tussen: geloof en helpende gedrag; geloof en etiese/morele besluitneming; geloof en ‘n gesonde leefstyl; geloof en doelgerigte optrede; en ook geloof en die hantering van uitdagings. Die bevindinge vanuit verskeie sielkundige studies is onduidelik oor die mate van korrelasie tussen geloof en lewe. Darley en Batson (1973) het in hul bekende ‘Goeie Samaritaan eksperiment’, bevind dat ‘n persoon se besige skedule en gejaagdheid ‘n groter bepalende faktor ten opsigte van helpende gedrag, as sy/haar geloofsoortuigings is. Hulle het ook bevind dat dit ‘n ongegronde veralgemening is dat geloof en pro-sosiale optrede met mekaar verband hou, aangesien die empiriese bevinding geen bewyse hiervoor toon nie.

Volgens Nelson (2010:313) wys studies wel op ‘n moontlike verband tussen geloof, spiritualiteit, en ‘n gesonde leefstyl – beide op individuele en gemeenskaplike vlak. Sielkundiges is van mening dat geloof wel ‘n indirekte impak op ‘n gesonde leefstyl kan hê. Dit wil dus voorkom asof die aard van die verband tussen prakyke (liturgie) en die lewe, nie so voor die hand liggend is nie, en ‘n verdere empiriese ondersoek in dié verband, soos met hierdie navorsing onderneem, noodsaaklik is. So ook wil dit voorkom dat geloof wel ‘n motivering vir

lewensbesluite en lewenswyse is, en aan die lewe en sekere spirituele kwaliteit bied. Geloof kan ook moontlik bydra tot die vervulling van die mens se basies behoeftes, soos byvoorbeeld die behoefte om te behoort; sosiale kontak; idealisme; en selfs nuuskierigheid (vgl. Glock 1962; Nelson 2010).

2.4 DIE LITURGIE EN DIE LEWE

Alhoewel daar vanuit die filosofiese- en sielkundige geledere, nie ooreenstemming bestaan oor die verband tussen geloof en lewe, en of daar wel só 'n verband te bespeur is nie, is daar vanuit teologiese kringe wel die oortuiging dat geloof en lewe, beslis met mekaar verband hou (Van der Merwe 1999; Smit 2002, 2004a, 2004b). Een van die wyses waarop hierdie verband uitgelig word, en wat vir hierdie navorsing, met sy fokus op die erediens van die lewe veral van belang is, is die ondersoeke na die verband tussen die liturgie en die lewe. Johan van der Merwe (1999), sluit hierby aan in sy proefskrif getiteld: *Liturgie en lewe: 'n Sistematies-teologiese ondersoek*, en verduidelik dat liturgie, binne die Christelike konteks, twee gestaltes het, naamlik: die enger samekoms van die gelowiges, asook die ruimer betekenis van die gelowige se offervaardige diens in sy/haar dag-tot-dag bestaanswerklikhede. Hy stel dit as volg:

> Die erediens staan midde-in die lewe, maar dit verwys na die draende grond van die lewe, te wete die geskiedenis van God met die wêreld...Omdat die Gees ons heenwys na die voleinding van die ganse skepping, raak ons in hierdie fees van vryheid en vreugde wel pynlik bewus van slawerny en smart wat in die wêreld so oorvloedig is. As eerste vrygelatenes van die skepping laat dit ons die drempel na buite weer oorsteek en in die lewe deur dade van liefde die vryheid realiseer. Die fees van vryheid en vreugde is ook die fees van die liefde wat in die lewe deur dade van liefde die vryheid en vreugde uitbrei. So verkry liturgie én lewe toenemend die karakter van 'n messiaanse feestelikheid en die gelowiges vervul hulle rol as representant van die ganse werklikheid en die eerste vrygelatenes van die skepping (Van der Merwe 1999:163-164).

Reeds sedert sy ontstaan, het die Christelike kerk 'n unieke karakter, in terme van die verskeidenheid kultusse van die destydse wêreld gehad, en is die Christelike erediens en samekoms (met sy eiesoortige rituele) gekenmerk deur 'n waardering vir die heiligheid van die ganse lewe. Waar die Jode die tempel as heilige aanbiddingsplek uitgesonder het, was die gemeente as liggaam van Christus, en ook die liggaam van elke Christen gelowige, as heilige

tempel, wat vir God afgesonder is, gesien[19]. In die plek van die bring van offers, was die geloof en lewe van gelowiges, vir Christene die offers wat vir God aanneemlik is. Nog meer – was alle gelowiges geroep om as konings, priesters en profete, die volheid van die evangelieboodskap in die alledaagse leefruimtes tot gestalte te bring. Dus, het die ontstaan van die Christendom, en die Christelike kerk, 'n verskuiwing in die kultiese leefwêreld van dié tyd, en vervolgens oor alle tye, tot gevolg gehad, deurdat die alledaagse lewe met kultiese terme beskryf is, omdat die liefdesdiens in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede van die lewe, as erediens aan God ervaar is (Schreurs 2001:217-223). Nogtans is die gereelde samekoms van die gelowiges beslis nie afgeskeep nie, maar het dit gereeld, op ordelike wyse plaasgevind, gevul met verskeie liturgiese rituele soos byvoorbeeld: geloofsbelydenisse; simbole; sakramente; gebede; en Woordverkondiging. Daarom, vanuit 'n teologiese perspektief, is dit duidelik dat daar reeds sedert die begin van die Christelike kerk, 'n duidelike, en onlosmaaklike verband tussen die erediens en die alledaagse lewe, bestaan het (Van der Merwe 1999:1-2).

Wolterstorff (1983:146-148) wys ook op die eiesoortigheid van die Christelike geloof en -wêreldbetrokkenheid, en noem dat die eiesoortige karakter van die Christelike geloofs- en lewensbegrip, nie alleenlik in die innerlike geloofsoortuigings en vroomheid gevind word nie, maar wel in aanbidding, erediens, en deelname aan die liturgie van die kerk – en meer spesifiek in die ritmiese tussenspel tussen liturgie en lewe. Dietrich Bonhoefer, het gewys op die onlosmaaklike verband tussen erediens en die lewe, toe hy verduidelik het dat die waarheid en wese van die kerk, nie in gepredikte leerstellinge gevind word nie, maar eerder dat waarheid is wat gebeur, en geleef word in die alledaagse leefruimtes van gelowiges. Vir Bonhoefer was dit selfs moontlik dat gemeentes en gelowiges suiwer leer kon preek, en steeds onwaar en irrelevant kan wees, aangesien die waarheidskarakter van gemeentes, en gelowiges se geloof, afhang van die wyse waarop hierdie geloof neerslag vind in die lewe, dus geleefde geloof as kenmerk van die erediens van die lewe (Van der Merwe 2006a:715).

Die ware bewys van die impak van die boodskap van Christus, wat tydens die erediens, en deur die liturgie bemiddel word, word dus gevind in die wyse waarop hierdie boodskap geleef word, in die alledaagse leefruimtes. Gemeentes en gelowiges, is dus Christus, wat in die vorm van

[19] Sien 1 Korintiërs 6:19; Efesiërs 2:20-22; 1 Petrus 2:9.

gemeentes en gelowiges steeds in die wêreld teenwoordig is, en hoop bring aan gebroke mense, en hul uit situasies van sonde en nood wil verlos. Vir Bonhoefer, was Christus die 'mens vir ander', en daarom moet die kerk ook 'kerk-vir-ander' wees – dus behoort daar 'n direkte ooreenstemming tussen die lewe van Christus (soos dit in die erediens verkondig word) en die lewe van gelowiges, in die erediens van die lewe wees. Net so sal die wêreldgerigtheid van gemeentes, en gelowiges nie kan realiseer en voortbestaan sonder hul voortdurende terugkeer tot die waarheid van die Evangelie, soos dit deur middel van die liturgie bekendgemaak word, nie. Van der Merwe (2006a:715) lê klem op die verband tussen die erediens en die lewe, wat op mekaar inspeel en help vorm, as hy sê:

> Innerlikheid sonder wêreldgerigtheid is blind en 'n religieuse ghetto, maar sonder die innerlikheid is die kerk se wêreldgerigtheid leeg en nie kenmerkend Christelik nie. Bid en die stry vir reg en geregtigheid gaan dus hand aan hand. Weereens: Christelike etiek ontspring in aanbidding. In die erediens is die kerk duidelik met simbole besig, maar ook die liturgie kan haar simboliese, heenwysende karakter vergeet. Dan word liturgie dooie ritueel en word die simboliese aard van die versamelde Christelike gemeenskap nie herken nie.

Een van die hedendaagse liturgiese skuiwe behels 'n siening weg van 'n dialogiese- of gespreksmodel, na 'n ontmoetingsmodel vir die erediens. Waar 'n gespreksmodel tipies sou bestaan uit losstaande 'agendapunte' in die liturgie wat baie meganies deurgewerk moet word, is daar 'n nuwe fokus op die liturgie as ontmoetingsruimte, waarbinne God en mens mekaar ontmoet (Van der Merwe 2009b:251). In 'n voorafgaande Meesters studie, getiteld: *Liturgie as ontmoetingsruimte: Die erediens as identiteitsvormende en lewensimpakterende ontmoetingsgebeure***,** wat in 2016 voltooi is, het die navorser hierby aangesluit en die rol van ontmoetings binne die erediens en daaglikse kerkwees (erediens van die lewe) verken. Die navorsing het gefokus op drie ontmoetings: Eerstens, die ontmoeting tussen God en mens, waar die ontdekking van verskeie Godsbeelde, 'n impak op die individu se selfbegrip, as beeld van God, het. Tweedens, ontmoetings met mekaar, waar lidmate deel word van mekaar se lewensverhale en -werklikhede, en só 'n ware geloofsgemeenskap laat realiseer. Derdens, ontmoetings met die samelewing, waar lidmate in aanraking gebring word met die nood in 'n stukkende wêreld, hulle gestuurdheid daarheen besef, en so die missionale identiteit van die kerk (en elke gelowige) ontdek en laat realiseer (Barnard 2016).

Die navorsing het die impak van hierdie *ontmoetings* op Christelike identiteit en gepaardgaande lewenswyse, ondersoek. Daar is vanuit die werkshipotese te werk gegaan dat liturgie en lewe

ten nouste verbonde is, en die voorgestelde ontmoetings uiteindelik nie alleen lidmate wil behou nie, maar hulle identiteit en leefstyl in Suid-Afrika wil vorm binne 'n voortgaande oorgangsproses. Dit is vanuit hierdie ontmoetings dat nuwe lewenswerklikhede moontlik word wat ŉ impak op die individu, gemeente en samelewing kan maak (Barnard 2016:6).

Alvorens dié navorsing die reis na die Prakties-teologiese verkenning van die erediens, as erediens van die lewe, kan voortsit, is dit eerstens nodig om ‘n samevatting van die belangrikste bevindinge van die voorafgaande studie, wat op die insigte van Van der Merwe (1999) en Smit (2002, 2004a, 2004b) gebou het, te verwoord. Sodoende word ‘n agtergrond en konteks vir die studie wat volg, gebied. Die bevindinge word ondersteun deur die deurgaanse verwysing na bevindinge vanuit die empiriese ondersoek wat deel uitgemaak het van die voorafgaande navorsing. Die aanvanklike empiriese ondersoek was gebaseer op ŉ verteenwoordigende steekproef, van vyf persone (van verskillende profiele), wat elk ‘n lidmaat van ‘n gemeente in die Noorde van Pretoria is. Die samestelling van die steekproef was as volg:

- Geslag – 2 vroulik en 3 manlik
- Ras – 4 wit en 1 swart
- Ouderdom – 15, 26, 36, 47 en 67 jarige ouderdom.

Persoonlike onderhoude het na afloop van die gemeente se primêre erediens (die gesinsdiens om 9:00) geskied. Die navorser het in sy persoonlike hoedanigheid hierdie diens bygewoon en enkele observasies met betrekking tot die diens, veral ten opsigte van die liturgiese ruimte en die liturgiese verloop gemaak. Die fokus van die onderhoude was nie slegs op ervaring tydens die betrokke diens gerig nie, maar die ervarings tydens enige erediens, in enige gemeente of liturgiese ruimte, wat vir die mede-navorsers uitgestaan het. Die fokus was dus op die toe-eiening van die erediensgebeure en meer spesifiek oor die vraag na hoé die erediensgangers die erediens gebeure vir hulleself toe-eien (Post 2001:47-77).

2.4.1 LITURGIE AS ONTMOETINGSRUIMTE

Deur die eeue is daar merkwaardige liturgiese veranderinge te bespeur. Van die aanvanklike liturgiese eenvoud in die Nuwe Testamentiese tydperk (Baumstark 2011:53; Harper 1991:16;

Stringer 2005:48-49; Wepener 2009c:73), het die liturgie ontwikkel tot verskeie liturgiese tradisies, en ‘n meer kerklike karakter begin aaneem, met die aanbreek van die derde eeu na Christus, tot en met die konsilie van Chalcedon in 451 n.C. (Denny 2013:33; Jonker, s.a.:54; Wepener 2009c:73,75). Die Edik van Milaan, in 312 n.C. het tot gevolg gehad dat die Christelike geloof tot wettige godsdiens in Rome verklaar is, wat die behoefte tot eenvormigheid in die liturgiese uitlewing van die kerk laat ontstaan het (Baumstark 2011:98; Wepener 2003:195; Wepener 2009c:75-76). Waar liturgie in dié tyd tradisioneel beskou is as as die handelinge en vieringe, wat tydens die erediens tot uiting gebring word, het daar sedert die Reformasie ‘n belangrike skuif in die verstaan van, en waardering van die liturgie plaasgevind, deurdat die verband tussen die liturgie en lewe[20] uitgelig is, en gestalte gevind het in die doen en late van die kerk van dié tyd (Barnard 1981:51-52; Van der Schyff & De Klerk 2010:611). Calvyn was veral daarvoor bekend dat hy in sy preke gereeld op die belangrike verband tussen die erediens en die lewe gewys het, en dat die waarhede van die erediens gestalte in die daaglikse lewe van die gemeente moes vind (Brienen 1987:175-176).

Binne die Protestantse tradisie het liturgie, met die begin van die twintigste eeu, grootliks inligting rakende God gekommunikeer. In die tweede deel van dié eeu het die liturgiese landskap merkwaardige verandering ondergaan, met ’n nuwe waardering vir die rol van persoonlike betrokkenheid (ontmoetings) met God (De Klerk 2013:56). Een van die hedendaagse skuiwe in die studie van-, en verstaan van liturgie, wat vir die doeleindes van hierdie studie veral van belang is, het te make met ‘n siening weg van ’n gespreksmodel, na ’n ontmoetingsmodel vir die erediens. Hierdie skuif kan beskou word as ‘n logiese ontwikkeling binne die liturgie, aangesien gespreksvoering een van die sentrale eienskappe vir enige ontmoeting is – anders gestel: ontmoetings kan nie plaasvind sonder ‘n mate van gespreksvoering nie. Hierdie skuif wil dus nie wegdoen met die gesprekskomponent nie, maar veel eerder daarop voortbou, en tot sy volle reg laat kom as ontmoetingsgeleentheid.

[20] Hierdie fokus op die verband tussen die liturgie en lewe, was in werklikheid ‘n herontdekking van die vroeë kerke se verstaan van die liturgie, en inderdaad die onlosmaaklike verband daarvan met die alledaagse lewe van gelowiges. Vir ‘n meer breedvoerige uiteensetting van die historiese lyne in die ontwikkeling van die liturgie, sien Barnard (2016:36-55).

Die tekortkominge binne die gespreksmodel vir die erediens, was dat die erediens (dalk onbewustelik) ontwikkel het tot ‘n geleentheid bestaande uit losstaande agendapunte, wat op metodieke wyse ‘afgehandel’ moes word. Die gevolg was ‘n formele, en dikwels rigiede liturgiese verloop wat nie werklik veel beweegruimte en spontaneïteit toegelaat het nie. ‘n Verstaan van die liturgie as ontmoetingsruimte, het tot gevolg dat die fokus van die erediens eerder op die ontmoeting tussen God en mens gerig is, en dat die liturgie dien om ‘n ruimte te skep waarbinne hierdie ontmoeting kan plaasvind (Van der Merwe 2009b:251). In die voorafgaande Meesters studie (vgl. Barnard 2016 & 2018) het die navorser by hierdie siening aangesluit en daarop uitgebou deur twee verdere ontmoetings uit te lig, naamlik: die ontmoeting met mekaar (waar lidmate deel word van mekaar se lewensverhale en -werklikhede, en só ‘n ware geloofsgemeenskap laat realiseer); en die ontmoetings met die samelewing (waar lidmate in aanraking gebring word met die nood in ’n stukkende wêreld, hulle gestuurdheid daarheen besef, en so die missionale identiteit van die kerk en elke gelowige ontdek en laat realiseer). Verder is die rol van hierdie ontmoetings binne die erediens en daaglikse kerkwees (erediens van die lewe) verken, deur te wys op die lewensimpakterende en identiteitsvormende potensiaal daarvan.

Coenie Burger (2005:13-14) skryf in *Ontmoetings met die lewende God,* dat gelowiges op ‘n daaglikse basis met drie vrae gekonfronteer word.

- In die eerste plek is daar die vraag na God. Die gelowige vra die vraag na wie God is, en hoe hy/sy God beter kan leer ken.
- Tweedens is daar die vraag na onsself en ons selfverstaan. Nie net vra die gelowige: “Wie is God” nie, maar hieruit vloei die vraag: “Wie is ek?”.
- Die derde vraag waarmee die gelowige gekonfronteer word, is die vraag na die sin en betekenis van die lewe. Hier is die fokus op die ontdekking van die sin van sy/haar bestaan, hoe hoe/sy sin maak van die wêreld, en sy/haar plek daarin vind.

Die navorsing het gesteun op hierdie siening van Burger, aangaande die rol van ontmoetings, en die potensiële impak daarvan op ‘n persoon se Christelike identiteit en lewenswyse, en het so die bogenoemde drie kernontmoetings geïdentifiseer, naamlik: die ontmoeting tussen God en mens, ontmoetings met mekaar, en dan ook ontmoetings met die samelewing (Barnard 2016). Enkele opmerkings ten opsigte van dié ontmoetings, vanuit die voorafgaande

ondersoek, is nodig ten einde ‘n grondslag vir dié navorsing se voortgaande verkenning daarvan daar te stel.

2.4.1.1 Ontmoeting tussen God en mens

Die ontmoeting tussen God en mens vind sy beginpunt by God wat Homself aan die mens openbaar en wil laat ken (Cilliers 2008:5-6). Sodoende kom die mens nie net onder die indruk van wie God is nie, maar ook van sy/haar eie identiteit as beeld van God (Imago Dei). Anders gestel: die mens kan alleenlik sy/haar eie identiteit ontdek, namate hy/sy groei in sy/haar kennis van God se identiteit. Verskeie liturgiese elemente, wat hierdie ontmoeting tussen God en mens dien is veral van belang, naamlik: die Woord, Ruimte, Sakramente, Gebed (Burger 2005; Cilliers 2008; Van der Merwe 1999).

Die *Woord van God* is ‘n baie belangrike middel waardeur God aan die mens openbaar word, en die mens ontmoet. Die Woord het natuurlik ‘n tweeledige betekenis, en verwys dit hier in die eerste plek na die Bybel, maar ook in die tweede plek na Jesus Christus (die lewende Woord), en spesifiek Sy lewe, leer en voorbeeld. Só verstaan van die Woord, het aangrypende implikasies vir ons verstaan oor die wyse waarop God die mens ontmoet. God ontmoet die mens dus nie alleenlik in buitengewone ervarings nie, maar veral in die getroue en verwagtingvolle lees van die Woord, en in navolging van die leer en lewe van Jesus Christus, in dade van gehoorsaamheid en diens. Anders gestel: om die Woord te lees en te beleef is om ‘n hoopvolle verwagting, op ‘n intieme ontmoeting met God, te hê (Burger 2005:55-61).

Die navorser wil by hierdie siening van Burger aansluit, maar ook daarop uitbrei deur die belangrike rol van die gepredikte Woord in dié verband uit te lig (Barnard 2016:60-80, 113-117, 119-140). Ook die gepredikte Woord is ‘n wyse waarop God ons ontmoet en Sy stem laat hoor. God se teenwoordigheid word werklik deur die Heilige Gees wat, op misterieuse wyse, deur die waarheid van die gepredikte Woord, in ons harte werk (Barnard 2016:60-80, 113-117, 119-140, 2018:365-366; Smit 2009:100, 229; Immink 2001:228-229). Ten opsigte van die prediking het dit vanuit die empiriese ondersoek na vore gekom dat kontekstuele prediking, wat relevant tot die alledaagse bestaanswerklikhede van die lidmate is, ‘n sterker impak op die persoon se identiteit, lewensuitkyk en Godsbegrip gehad het. Daarteenoor het prediking met ‘n

baie sterk teologiese klem (en minder praktiese van aard), byna geen lewensvatbare impak op die lidmate gehad nie (Barnard 2016:130, 2018:365-366).

Ten opsigte van *ruimte*, is die belangrikheid van alledaagse ruimtes uit gewys, en dat heilige ruimtes nie net tot die tempel (Sondag-erediens) beperk is nie, maar ook in die alledaagse ruimtes van die lewe gestalte vind (Barnard 2016, 2018:365-370; Cilliers 2008). Wanneer daar oor die verband tussen die erediens en die lewe besin word, is dit uiters belangrik dat daar, in ons denke oor ruimtelikheid, 'n belangrike onderskeid getref moet word tussen *gesentraliseerde* en *gedesentraliseerde* ruimte (Kunin 1998:28). *Gesentraliseerde* ruimte verwys daarna dat 'n spesifieke ruimte as heilige plek afgesonder is, soos byvoorbeeld die tempel of kerkgebou. G*edesentraliseerde* ruimte daarenteen is waar die (heilige) ruimte só versprei dat dit in alle ruimtes van die alledaagse lewe kan voorkom. Reeds in die Ou- en Nuwe Testament vind van die merkwaardigste ontmoetings tussen God en mens in hierdie *gedesentraliseerde* ruimtes plaas:

- God ontmoet vir Moses by 'n doringbos (Eksodus 3).
- Net so ontmoet God vir Jakob terwyl hy na 'n lang dag se reis met sy kop op 'n klip lê en rus (Genesis 28).
- God ontmoet vir Paulus op pad na Damaskus (Handelinge 9).

Dit gaan nie hier oor 'n keuse vir gesentraliseerde- of gedesentraliseerde ruimtes, ten koste van die een of die ander nie, maar veel eerder oor 'n waardering vir die belangrike rol wat beide as ontmoetingsruimtes te speel het. Vanuit die vorige empiriese ondersoek, wil dit voorkom dat beide die erediensruimte (gesentraliseerde ruimte), en die ruimtes van die alledaagse lewe (gedesentraliseerde ruimtes) as belangrike ontmoetingsruimtes funksioneer, wat bydra tot die ervaring van 'n intieme ontmoeting tussen God en mens. Daar is bevind dat 'n persoonlike ontmoeting met God dikwels met die erediensgebeure te make het, maar eers ná afloop van die erediens plaasgevind het. Hierdie ontmoeting tussen God en mens het dikwels plaasgevind wanneer die lidmaat by die huis stil word, en oor die erediensgebeure nadink, óf na afloop van die diens met 'n mede-lidmaat oor die diens gesels. Dit wil voorkom asof die erediens moontlik oorspoel in die erediens van die lewe, waar die erediens in die 'heilige ruimtes' van die dag-tot-dag bestaan van die lidmate gestalte vind. Die aanvanklike empiriese ondersoek ondersteun daarom dié navorsing se werkshipotese dat die erediens moontlik meer as net die Sondag-

erediens behels, maar die alledaagse lewenswerklikhede van die mens betree (Barnard 2016:129; 2018).

Só byvoorbeeld noem ‘n lidmaat dat sy en haar eggenoot na afloop van die diens stil geword het, en in die stilte onder die besef van God se teenwoordigheid en sorg gekom het (Barnard 2016:195-196). Nog ‘n jong lidmaat vertel dat sy dikwels ‘n ontmoeting met God het wanneer sy by die huis weer oor die erediens nadink (Barnard 2016:202), terwyl ‘n jong manlike lidmaat weer getuig van besondere ontmoetingsgebeure wanneer hy die erediensgebeure met sy kollegas en vriende bespreek (Barnard 2016:208). Hierdie voorbeelde dien as bewyse vir die belangrikheid van alledaagse ruimtes, en dat heilige ruimtes nie net tot die Sondag-erediens beperk is nie, maar ook in die alledaagse ruimtes gestalte vind.

Hierdie siening is veral belangrik vir hierdie navorsing se besondere fokus op die erediens van die lewe, en dien as grondslag vir die werkshipotese daarvan, naamlik: dat die erediens en lewe ten nouste aan mekaar verbind is. ‘n Voortgesette ondersoek na die belangrike implikasies van ons denke oor liturgiese ruimte, gaan in Hoofstuk 4 van hierdie navorsing uitgepak word, ten einde voort te bou op die aanvanklike ondersoek, soos hier bespreek.

In ons denke oor ruimte/ruimtelikheid, kan die belangrike rol wat die Sondag-erediens speel nie misken word nie. Beide in die Ou- en die Nuwe Testament het die erediens ‘n belangrike rol gespeel as plek van ontmoeting tussen God en mens, waar God met Sy kinders ontmoet, met hulle praat, leer en hul identiteit en lewenswyse wil vorm (Rossouw 1988:263-264). Só verstaan, is die erediens veel meer as bloot ‘n rituele handeling en godsdienstige verpligting, maar is dit eerder ‘n dinamiese ontmoetingsgebeure, waar die mens in die teenwoordigheid van God kom met die doel om God, en dan ook God se wil vir hul lewe, beter te leer ken (Burger 2005:56). Om hierdie rede stel die navorser (saam met liturgiste soos Johan van der Merwe en Cas Vos) voor dat ons beskouing van die erediens meer sal inhou as bloot ‘n geleentheid bestaande uit sekere liturgiese ordes en elemente, en wat binne ‘n vasgestelde tydsduur moet afspeel, maar veel eerder as ’n dinamiese en lewende ontmoetingsgebeure, waar die *lewende*

God met *lewende* mense ontmoet, en hierdie ontmoetings oorspoel na die dag-tot-dag ruimtes van die lewe (Van der Merwe 1999; Vos 2010:1).

Net soos die gepredikte Woord as ‘n belangrike ontmoetingsmoment waardeer moet word, moet die rol van die *sakramente* in dié verband spesiale aandag geniet. Een van die spesiale maniere waarop God ons ontmoet, en Hom aan ons openbaar, is in die sakramente van die *doop* en *nagmaal*. God word in die sakramente, deur die bemiddeling van die Heilige Gees, aan die mens openbaar (Smit 2009:100). Burger (2005:57-58) verduidelik dat doop getuig van God se inisiërende optrede en ontmoet ons sodoende die God wat ons eerste liefgehad het. Die gebruik van die doop en die nagmaal wil ons nie alleenlik tot ‘n dieper kennis van God se identiteit (en gevolglik ook ons eie identiteit as beeld van God) bring nie, maar ook tot ‘n dieper verhouding met Hom bring, en so ons daaglikse lewenswyse, na die voorbeeld van Jesus help vorm.

Tog wil dit voorkom asof hierdie inherente waarde en potensiaal van die sakramente, ten opsigte van die erediens as ontmoetingsruimte, tans verlore gaan en nie ten volle gerealiseer word nie. Geeneen van die mede-navorsers het ten opsigte van hul erediensbelewenisse, tydens die aanvanlike empiriese ondersoek, verwys na die sakramente, óf die bediening daarvan nie (Barnard 2016:130). Talle geleerdes is egter van mening dat wanneer die sakramente op só wyse bedien word, dat die teologiese betekenis daarvan, en die praktiese implikasie daarvan op die individu se lewenswerklikhede duidelik kommunikeer word, die sakramente ‘n noemenswaardige impak op die persoon se identiteit en lewensuitkyk behoort te hê. Die sakramente, wanneer dit verstaanbaar en prakties kommunikeer en beoefen word, behoort die ideale ruimte te skep vir ‘n intieme ontmoeting met God, ander persone en die nood van die wêreld (Barnard 2016:155; Burger 2005:57-58; Uytenbogaardt 2002:161; Zimmerman 1993:78). Vanuit die aanvanklike gesprekke met die mede-navorsers blyk dit egter nie die geval te wees nie, en moet daar moontlik opnuut oorweging geskenk word aan die wyse waarop die sakramente in die NG Kerk bedien word. Coenie Burger en Andries Cilliers, het reeds die eerste tree in hierdie nuut-dink-oor-die-sakramente begin, in die Andrew Murray bekroonde boek, getiteld: *Ontvang wat vir jou gegee is*, wat in 2014 gepubliseer is. In die voorwoord skryf hulle as volg:

> Ons bedoeling is nie om deel te neem aan die ou gebruiklike gesprekke oor die doop en om sekere standpunte te probeer verdedig nie. Ons skryf hierdie boek juis omdat ons dink ’n groot deel van die gewone gesprekke oor die doop in kerke is nie vrugbaar en opbouend nie. Inteendeel. Ons glo die doop is ’n wonderlike en unieke gawe wat die Here aan sy kerk gegee het om ons te help om die evangelie te verstaan, om ons in ons geloof vas te maak en om ons vir ons navolging van Christus op te bou. Ons bekommernis is dat die huidige gesprekke oor die doop ons nie regtig hiermee help nie. Daarom is ons eerste doel met hierdie boek om die gesprek oor die doop te probeer verander. Tans is dit ongelukkig so dat baie van die gesprekke oor die doop strydgesprekke oor die *wanneer* en die *hoe* van die doop is. Ons glo die gesprekke kan positief gedraai word as ons eers sou praat oor die vraag *hoekom* die doop ingestel is.

Hierdie navorsing wil by Burger (2005), Cilliers (2008) en Van der Merwe (1999) aansluit, in die hoop om ‘n verdere bydrae tot hierdie uiters belangrike gesprek te lewer, deur die impak van die sakramente op die identiteit en daaglikse lewenswyse (of gebrek daaraan) van lidmate verder te verken.

Ten opsigte van die verstaan van liturgie as ontmoetingsruimte, is dit belangrik om te wys op die belangrike rol wat *gebed*, as ontmoetingsgebeure, tussen God en mens, te speel het. Die ontdekking van ons ware identiteit in Christus is nie iets wat ons by onsself ten volle kan begryp nie. Dit kan alleenlik realiseer deurdat God na die mens uitreik en Homself aan ons openbaar. God ontmoet ons, leer ons en vorm ons – dikwels in die vorm van *gebed*. Gebed is ‘n intieme ontmoeting tussen God en mens, wat die gelowige dring tot selfondersoek, en wil vorm na die beeld van God (Barnard 2016:65; Lilienthal 1998:66-67). Louis van Tongeren (2001:194) wys tereg daarop dat gebed ’n kernritueel vir die Christelike geloof is en dat gebed altyd ’n ontmoetingsgeleentheid tussen die biddende persoon, God en die wêreld is.

2.4.1.2 Ontmoetings met mekaar

Vanuit die aanvanklike empiriese ondersoek, is dit opmerklik dat wanneer gelowiges begin vertel van intieme ontmoetings wat hulle met God gehad het, hoe ander gelowiges (en hul verhale) ‘n baie belangrike rol hierin vervul het. Anders gestel: God ontmoet ons dikwels deur ander gelowiges (of persone), hulle verhale, lewe en getuienis te gebruik (Barnard 2016:64, 80-96, 2018:368-370). Hierdie is egter nie ‘n realiteit wat eers onlangs na vore gekom het nie. Reeds in die Ou- en Nuwe Testamentiese tyd het God dikwels die volk ontmoet deur middel van ander persone – dikwels deur middel van die priesters en profete wat as bemiddelaars van

God se Woord opgetree het. Dit is veral ook hier dat die prediker, as Woordverkondiger, en dus die gepredikte Woord, ‘n belangrike rol te speel het in die fasilitering van ‘n ontmoeting tussen God en mens, en mense met mekaar (Burger 2005:60).

Alhoewel die prediker se impak nie gering geskat mag word nie, geskied hierdie ontmoeting egter nie alleenlik deur middel van die gepredikte Woord nie, maar ook in verskeie gevalle deur ander persone se optrede en manier van leef, in die omgee van ander, of deur die gekruisigde hande en voete van gelowiges wat lewe soos wat Jesus geleef het (Burger 2005:59). Dit het tot gevolg dat ons as Christene “moet leer nie net om te praat nie, maar ook om te luister...na die Here...wat Homself aan ons wys in die woorde, lewe en stories van ander mense” (Barnard 2016:64, 80-96).

Christelike identiteit word nie alleenlik op individualistiese wyse verstaan nie, maar as kollektiewe identiteit – gesetel in die gemeenskap met ander gelowiges. Die *liggaam van Christus* metafoor wys op die wese van hierdie kollektiewe identiteit van elke gelowige en wat die doel van die gelowige individu se bestaan is, naamlik: ’n skuif weg van ’n individualistiese identiteitsvorming; na ’n nuwe identiteit wat gerig is op die aktiewe deelname aan die Christelike tradisie en roeping, as deel van ’n groter liggaam – die liggaam van Christus (Immink 2001:230; Zimmerman 1993:79).

Liturgiese gemeenskap is daarom die uitbeelding van ons ware, gemeenskaplike identiteit en vind gestalte in die gesamentlike viering van die doop en nagmaal, die gesamentlike sing van die lied, ensomeer (Immink 2001:230; Van den Brom 2009:142-144; Zimmerman 1993:79). Die nagmaal as gemeenskaplike handeling, dien as herinnering dat elke gelowige – persoonlik en kollektief – opgeroep word om aktief deel te neem aan die transformerende en versoenende handeling van God deur Jesus Christus, binne in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede van die gemeenskap en samelewing (Uytenbogaardt 2002:169). Burger en Cilliers (2014:11) wys tereg op die hartseer realiteit dat die sakramente, ten spyte van hul inherente waarheid en betekenis met betrekking tot gemeenskap en eenheid, juis deur die jare die instrumente van verdeeldheid in die kerk geword het – omdat die boodskap en betekenis daarvan verlore geraak het. Die

navorser se hoop is dat hierdie navorsing daartoe kan bydra dat die liturgiese elemente, met hul teologiese betekenis en waarde, tot hul reg sal kom, en neerslag sal vind in die lewens van die kerk en haar lidmate, binne ‘n Suid-Afrikaanse konteks en -samelewing.

In ons nadenke oor kollektiewe identiteit is dit belangrik om deurgaans in gedagte te hou, dat hierdie kollektiewe identiteit met meer as bloot die gemeenskap met lede van dieselfde gemeente te make het, maar ook na die breër gemeenskap van gelowiges, van verskillende denominasies en groeperinge, verwys. Ook hier speel die erediens ‘n uiters belangrike rol. Só byvoorbeeld kan die doop (en ander liturgiese elemente[21]), indien dit reg verstaan en verduidelik word, oor die potensiaal beskik om ‘n verenigende krag te wees wat verskeie sosiale- en kerklike grense oorskry, en die gemeenskap – ook tussen verskillende denominasies en geloofsgroepe, kan versterk en dien (Burger & Cilliers 2014).

2.4.1.3 Ontmoetings met die samelewing

Ten opsigte van die derde kernontmoeting, naamlik: die ontmoeting met die samelewing, is dit belangrik om hierdie ontmoeting nie as ‘n losstaande ontmoeting te beskou nie, maar eerder as ‘n gevolg en natuurlike uitvloeisel van die ontmoeting tussen God en mens. Barnard (2016:100-101) stel dit as volg:

> Die ontmoeting tussen God en mens bring nie net die gelowige individu tot ’n dieper insig en kennis van “wie God is” nie, maar ook tot ’n beter besef van “wie ek is”. Namate ons die wese en hartklop van God leer ken, ontdek ons ook ons eie identiteit as *Imago Dei* (beeld van God). Hierdie is veral ook van belang in die verstaan van ons identiteit as gestuurdes – gestuur na die wêreld om die wêreld [en haar nood] te ontmoet, aan ons lywe te voel en ons rol as gestuurdes daarheen te verstaan.

Die basis vir ons verstaan van die *missio Dei* word gevind in die wete dat God die wêreld liefhet, en voortdurend na die wêreld beweeg, en in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede van die mens teenwoordig en betrokke is. Die erediens as ontmoetingsruimte, speel ‘n belangrike rol in die bekendmaking van die boodskap dat die kerk (en elke gelowige) opgeroep word om deel te neem aan hierdie toetrede van God tot die nood in ‘n stukkende wêreld. Só ontdek die kerk (en gelowige) haar identiteit as gestuurde, as beeld van die Drie-Enige, sturende God –

[21] Die navorser se eie toevoeging.

die *Imago Dei*. Binne die erediens as ontmoetingsruimte, word God erken as die Een wat in liefde teenwoordig is in die wêreld, en daarom die kerk (as Sy liggaam) oproep en stuur om die praktiese vergestalting van God se liefde vir 'n stukkende wêreld en mensdom te wees (Bosch 1991:10, 390-391; Hancke 2005:25; Meiring 1994:40-41).

Ten opsigte van die verband tussen die erediens en die lewe, is dit belangrik om daarop te wys dat die *nagmaal* en *doop* nie alleenlik op die ontmoeting tussen God en mens gerig is nie, maar juis ook die sigbare uitbeelding van God se plan vir 'n gebroke wêreld, in Jesus Christus se kruisdood en opstanding, is. Die nagmaal en doop vra van die lidmaat om hom-/haarself daartoe te verbind om as lede van die liggaam van Christus, God se roeping vir sy/haar te gehoorsaam en uit te leef (Zimmerman 1993:78). Die potensiële impak van die sakramente as ontmoetingsgebeure, veral binne die Suid Afrikaanse konteks en samelewing met sy uitdagings rondom transformasie, rekonsiliasie en versoening, mag nie gering geskat word nie. In die nagmaal ontmoet ons God as die Een wat deur die geskiedenis versoening bewerk het en steeds bewerk, en word die gelowige só opgeroep om sy/haar identiteit en lewensroeping te verstaan binne hierdie voorbeeld van versoening (Uytenbogaardt 2002:161; Zimmerman 1993:78).

Vir die kerk om geloofwaardig en relevant te wees binne die uitdagings van die Suid-Afrikaanse samelewing, is dit uiters belangrik en noodsaaklik om, in ons nadenke oor ons gestuurdheid na die wêreld, erns te maak met die unieke uitgangspunte van Afrika – veral met die besondere klem om die hier-en-nou bestaanswerklikhede (Pieterse 2001, 2009, 2011). Alhoewel die bydraes van die Westerse teologie en -kultuur tot ons verstaan van kerkwees nie gering geskat mag word nie, is dit belangrik om in gedagte hou dat die kerk binne Suid-Afrika, myns insiens kerk in Afrika is. Afrika-eskatologie is gerig op die dag-tot-dag bestaanswerklikhede en is daarop uit om oplossings vir die uitdagings van die alledaagse – vir "hierdie wêreld" - te bekom (Bediako 1995:101; Du Toit 1998:393). Daarom is dit nodig om in ons nadenke oor die rol van die kerk (en gelowige individu) binne 'n Suid-Afrikaanse konteks, sake soos reg en geregtigheid, versoening, transformasie, en inderdaad die aktuele, praktiese vergestalting daarvan binne die alledaagse lewe, verreken sal word (Cilliers & Wepener 2007:40; Meiring 2008:810).

Die navorser is van mening dat ‘n Christelike (missionale) identiteit en lewenswyse, meer as ‘n teologiese beginsel en ideaal behoort te wees, maar ‘n praktiese ontmoetingsgebeure wanneer die gedagtes, harte, hande en voete van gelowiges ‘n verskil maak binne in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede van die Suid-Afrikaanse samelewing (Barnard 2016:111-117). Só verstaan, is verlossing onlosmaaklik gekoppel aan solidariteit met die onderdruktes, en is dit gerig op die herstel van verhoudings; die regstelling van ongeregtighede; en die ophef van die totale gemeenskap. Om hierdie te laat realiseer, moet die kerk [en elke gelowige] haar identiteit verstaan as gestuurde na die wêreld met die doel om ’n nuwe geloofsgemeenskap daar te stel – ’n gemeenskap waar almal welkom is, aanvaar word en gelykmatig hanteer word (Meiring 2008:812). Barnard (2016:105) verduidelik dat “die kerk [en elke gelowige] sal opnuut weer moet erns maak met die dag-tot-dag sosiale uitdagings van ons tyd en daadwerklik dink aan maniere om draers van hoop te wees op ’n baie praktiese en daadwerklike wyse”.

Die navorsing wat volg wil op hierdie uitgangspunte uitbrei in die verkenning van die erediens van die lewe, en die potensiële bydrae van só verstaan van die erediens, tot die verwesenliking van die missionale identiteit en roeping van die kerk [en elke gelowige]. Die kerk is nie net kerk tydens die erediens nie, maar ten alle tye en in alle dele van die alledaagse bestaan. Christelike identiteit en lewenswyse word gevind in die voorbeeld van God se liefdevolle betrokkenheid en versorging van mens, plant en dier (Root 2014; Van der Merwe 1999; Zimmerman 1993).

2.4.2 IDENTITEITSVORMENDE EN LEWENSIMPAKTERENDE ONTMOETINGSGEBEURE

Die navorser het nie bloot die aard van bogenoemde ontmoetings ondersoek nie, maar wou uiteindelik die potensiële impak daarvan op Christelike identiteit en daaglikse lewenswyse, ondersoek. Vanuit die oortuiging dat liturgie en lewe ten nouste verbonde is, wou die navorsing die potensiaal van bogenoemde ontmoetings, om nuwe lewenswerklikhede moontlik te maak, wat ‘n impak op die individu, gemeente en samelewing kan maak, ondersoek. Die potensiële impak van die onderskeie ontmoetings, met die oog op verdere ondersoek in die navorsing wat volg, word vervolgens saamgevat.

2.4.2.1 Die impak van die ontmoeting tussen God en mens

Wanneer daar oor die impak van die ontmoeting tussen God en mens besin word, is dit belangrik om daarop te let dat die mense se identiteit en lewensvervulling, nie allereers as sosiale konstruksie verstaan moet word nie (alhoewel die invloed van sosiale stimuli nie ontken kan word nie), maar vanuit 'n ontmoeting met God gekonstrueer moet word. Só verstaan lê die beginpunt vir die mens se ontdekking van sy/haar identiteit by die ontdekking en verstaan van sy/haar identiteit as beeld van God.

God se identiteit word aan die gelowige openbaar deur middel van 'n ontmoeting en persoonlike belewenis van Christus in die wêreld, namate die gelowige deelneem aan die bediening van Jesus Christus (Anderson 1997:29; Castellanos 2015:75-89). Dit het tot gevolg dat die mens (as beeld van God) ook sy/haar identiteit (as *Imago Dei*), binne die uitleef van sy/haar gestuurdheid na ander en die wêreld in nood, ontdek, en vind (Root 2014:97). Só 'n verstaan van die mens as beeld van God, sou nie alleenlik baie definitiewe implikasies vir sy/haar identiteitsvorming hê nie, maar moontlik ook sy/haar dag-tot-dag bestaan binne die Suid-Afrikaanse samelewing help vorm.

Die erediens en liturgie staan sentraal in hierdie verband as vormgewende ontmoetingsgebeure tussen God en mens (Müller 2006b:643; Van der Merwe 1999). In die erediens en liturgie ontdek die mens God se identiteit, met behulp van verskillende Godsbeelde en attribute, waardeur die mens God ontmoet en Sy karakter leer ken. Vanweë hierdie navorsing se werkshipotese dat enige begrip van die mens se identiteit spruit vanuit die siening van die mens as *Imago Dei* (beeld van God), beteken dit per implikasie dat met die ontdekking van die beeld van God, die mens die voor[beeld] van wie sy/hy moet wees ontdek. Namate die individu God ontdek en leer ken, ontdek hy/sy ook wie hy/sy moet wees en hoe hy/sy moet leef.

Hierdie uitgangspunt het beduidende implikasies vir ons denke oor Christelike identiteit en lewenswyse, binne 'n Suid-Afrikaanse konteks. Dit sou potensiëel tot gevolg hê dat die gelowige individu sy/haar identiteit verstaan vanuit die inisiërende, versoenende, transformerende, en liefdevolle voorbeeld van God; wat in liefde teenwoordig en betrokke is

in die lewens van alle persone ongeag van taal, kultuur en ander sosiale onderskeiding; wat sorg vir die armes en hoop bring aan die noodlydendes en onderdruktes; wat ongeregtigheid in alle dele van die samelewing aanspreek en een nuwe gemeenskap daarstel – 'n gemeenskap waar almal aanvaar word en welkom is (Müller 2006a:601; Müller 2006b:643-657; Ramsay 1979:139 ev.).

2.4.2.2 Die impak van die ontmoetings met mekaar

Vanuit bogenoemde ontmoeting tussen God en mens word die grondslag vir 'n nuwe selfverstaan en identiteit gevind, wat op sy beurt weer uitvloei na die ontmoeting met mekaar. Vanuit die ontmoeting tussen God en mens, kom die gelowige individu onder die indruk dat God 'n relasionele God is, wat in verhouding met Sy skepping/skepsels leef (Van der Merwe 1999:19-34). As *Imago Dei* word die mens se identiteit dus nie in isolasie gevind nie, maar in verhouding (gemeenskap) met ander (Baker 2012:129; Hays 1996:196; Lukken 1999:58, 67-69). Hierdie gemeenskap behels veel meer as verskillende sosiale groepering en identiteitsvorming wat op verskeie sosiale assosiasies en grense gebaseer is, maar word die gelowige individu uitgenooi om deel te word van 'n *koinonia* (gemeenskap van gelowiges) – 'n gemeenskap wat alle sosiale assosiasies en grense transendeer (Lukken 1999:59; Ries & Hendrik 2013:2; Wepener & Cilliërs 2006:794). Die gelowige individu word, vanuit die ontmoeting met God, wat uitvloei na 'n ontmoeting met ander, gehelp om nie net te vra "wie is ek" nie, maar om te ontdek dat die antwoord op dié vraag alleenlik in sy volheid beantwoord kan word as daar ook gevra word "wie is ons" (Hays 1996:197).

Binne die uitdagings van die Suid-Afrikaanse konteks, het die kerk as gemeenskap 'n baie belangrike rol te speel, veral ten opsigte van die sosiale- en interpersoonlike verhoudings van individue. Die kerk as gemeenskap moet die draers van hoop vir die daarstel van só gemeenskap in die wyer Suid-Afrikaanse samelewing wees; 'n gemeenskap vry van vooroordeel, onderskeid, uitbuiting, korrupsie, en nog meer; 'n gemeenskap waar elkeen welkom is, met liefde verwelkom, aanvaar en versorg word; 'n gemeenskap waar ieder en elk bemagtig word.

Liturgiese ritueel beskik oor die potensiaal om hierdie gemeenskap te help realiseer, deurdat die mens deur middel van rituele geleer kan word om te gee en te ontvang, te vergewe en self te vergeef, en ’n lewe van liefde en geregtigheid te leef (Barnard 2016:150; Smit 2004a:13-14).

2.4.2.3 Die impak van die ontmoetings met die wêreld

Die ontmoeting tussen God en mens het nie net ‘n impak op die ontmoeting met mekaar nie, maar dien ook as grondslag vir die ontmoeting met die nood in die wêreld. Vanuit hierdie ontmoeting ontdek die individu dat God nie net ’n relasionale God is vir wie verhoudings met ander belangrik is nie, maar ook ’n sturende God is, wat voortdurend in liefde na Sy skepping/skepsels beweeg. As beeld van God, word die gelowige individu uitgenooi om sy/haar identiteit as gestuurde na die wêreld te ontdek, en in die dag-tot-dag-bestaanswerklikhede te leef (Bosch 1991:10, 391; Hancke 2005:25).

Hierdie ontmoeting noodsaak die kerk [en elke gelowige] om opnuut te besin oor Christelike identiteit, roeping en lewenswyse, veral binne ‘n Suid-Afrikaanse konteks en samelewing. Die gestuurdheid van die kerk [en elke gelowige] behels meer as missionale pogings ter wille van die wen van siele, maar gaan dit eerder oor ‘n holistiese lewenswyse gerig op die bemiddeling van God se allesomvattende reddende werke in ’n persoon se lewe. Dit behels ‘n daaglikse soeke na geregtigheid en bevryding van alle vorme van onderdrukking/hindernis, inkulturasie, evangelisasie asook getuienis teenoor ander gelowe. Sosiale aksie is beslis ’n onlosmaaklike deel van die missionale identiteit en roeping van die kerk [en elke gelowige] (Armstrong 1997:60; Bosch 1991:393-510; Pieterse 2001, 2009 & 2011).

Binne die Suid-Afrikaanse konteks sou ‘n missionale ekklesiologie tot gevolg hê dat die kerk [en elke gelowige] haar identiteit en bestaansdoel verstaan as gestuurdes na die totale konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing. Sodoende sal haar lewenswyse gekenmerk word deur die bestaan as ‘n gemeenskap wat nie beperk tot, of uitsluitend van enige kultuur, groep, geslag, taal, ensovoorts is nie. ‘n Missionale ekklesiologie, wat relevant wil wees binne die Suid-Afrikaanse konteks, sal moet streef na ‘n alles-en-almal-inklusiewe geloofsgemeenskap wat bewus is van die werklike nood in die samelewing, hul rol ten opsigte van hierdie nood verstaan, en aktief daarby betrokke raak, binne die alledaagse bestaanswerklikhede van die lewe. Verder sal dit nodig wees om, in ons nadenke oor ons missionale identiteit, erns te maak

met die unieke uitdagings en uitgangspunte van Afrika – veral met die besondere klem om die hier-en-nou bestaanswerklikhede. Die kerk in Suid-Afrika se missionale identiteit en roeping kan nie alleenlik op eskatologiese wyse verstaan word nie, maar moet daarop uit wees om oplossings vir die werklike en bestaande sosiale uitdagings van die hier-en-nou te vind (Bediako 1995:101; Du Toit 1998:393). Hierdie missionale identiteit is onlosmaaklik verbind aan die aktuele lewenswerklikhede, en vind neerslag binne in heilige ruimtes van die alledaagse lewe (Barnard 2016:151-152; Van der Merwe 2014:4).

2.4.3 DIE VERBAND TUSSEN DIE ONTMOETINGS

Figuur 1: Die verband tussen die verhoudings



Ten einde ‘n grafiese uitbeelding van die verhouding tussen die onderskeie ontmoetings te voorsien, is die keuse vir ’n sirkel diagram gemaak. Die sirkel wil op visuele wyse uiting gee aan die werkhipotese dat hierdie ontmoetings nie eenmalig en geïsoleerd plaasvind nie, maar voortdurend op sikliese wyse herhaal, op mekaar inspeel, en mekaar verdiep (Barnard 2016:148-152, 2018:373-374).

Die ontmoeting met God word doelbewus in die middel van die grafiek geplaas. Sodoende word dit uitgelig dat die ontmoeting met God die beginpunt en oorsprong van elkeen van die ontmoetings is. Alleenlik omdat God die mens ontmoet en aan die mens openbaar word, word

die res van die ontmoetings (en gepaardgaande identiteitsvorming en lewenswyse) moontlik. Omdat God die mens ontmoet en toelaat om Hom te leer ken, leer ken die mens sy/haar eie persoonlike identiteit as beeld van God, word hy/sy genooi om ander mense en hul stories te ontmoet en ontdek hy/sy dat hy/sy 'n roeping het as gestuurdes na die wêreld. Hierdie ontmoetings vloei uit mekaar, maar het ook 'n wedersydse impak op mekaar, en verdiep mekaar. So kan die ontmoeting met ander (in die belewenis van ander se omgee, liefde en getuienis), die mens tot 'n dieper kennis van God bring. Sodoende word die verdere moontlikheid ontsluit om die mens se identiteit beter te leer ken as beeld van God. Die ontmoeting met mekaar, skep dus 'n ruimte vir die ontmoeting tussen God en mens. Net so, kan die ontmoeting met die samelewing op sy beurt weer ruimte skep vir die ontmoeting tussen God en mens. Wanneer die mens betrokke raak in die stukkend en seer in die samelewing, ontstaan die moontlikheid dat hy/sy God se binnekant, deur middel van God se buitekant ontmoet (Barnard 2016:153).

Hierdie wisselwerkende en verdiepende wyse waarop die ontmoetings op mekaar inspeel en vanuit mekaar vloei, beklemtoon die noodsaaklikheid vir die verdere ondersoek na die wyse waarop hierdie ontmoetings, op 'n daaglikse wyse, in alle areas van die lewe afspeel.

2.4.4 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N INTERDENOMINASIONELE GESPREK

Vanuit die aanvanklike empiriese ondersoek was dit opvallend dat verskeie NG lidmate wel al enkele Charismatiese kerke besoek het, en aanklank gevind het by dié eredienservarings. Positiewe erediensbelewenisse tydens hierdie besoeke sluit in: die musiek, informele erediensstyl, praktiese woordverkondiging en oorgawe-momente (Barnard 2016:132). Die NG Kerk kan dus moontlik baat vind indien sy nie slegs krities teenoor die Charismatiese kerke (en ander denominasies) staan nie, maar ook bereid is om te luister na die stemme wat vanuit hierdie tradisie tot die harte van die lidmate spreek. Net so kan ander denominasies weer baatvind by die unieke bydraes wat die NG Kerk te lewer het. So byvoorbeeld het die Charismatiese kerke weer behoefte aan meer tradisionele elemente, soos byvoorbeeld die viering van die nagmaal (cf. Denny & Wepener 2013:1-9).

Daarom wil hierdie navorsing tot hierdie 'luisterproses' bydra deur 'n meer omvattende empiriese ondersoek, wat die eredienservarings van lidmate, vanuit verskillende kerklike tradisies en -denominasies met mekaar in gesprek bring.

2.5 FOKUSPUNTE VIR DIE ONDERSOEK WAT VOLG

In Hoofstuk 1 van hierdie navorsing, is die navorsingsvraagstuk as volg verwoord: Het die [Sondag]erediensgebeure 'n effek op die gelowige individu se Christelike identiteit en lewenswyse? Alhoewel daar vanuit 'n filosofiese en sielkundige perspektief, nie eenstemmigheid oor die verband tussen geloof en die lewe bestaan nie, is daar vanuit 'n teologiese perspektief die oortuiging dat geloof en lewe wel aan mekaar verbind is, en dat die liturgie, as ontmoetingsruimte, wel 'n impak op Christelike identiteit en lewenswyse het, nie net vir die kerk as liggaam van Christus nie, maar ook vir elke gelowige individu (Barnard 2016; Smit 2002; Van der Merwe 1999). Vanuit die bevindinge van die voorafgaande navorsing, het die navorser tot die oortuiging gekom dat 'n herwaardering van die erediens, as ontmoetingsgebeure, wat sonder begin of einde is, maar eerder voortdurend heen-en-weer oorspoel tussen die Sondag-erediens en die erediens van die lewe (dag-tot-dag bestaanswerklikhede), nodig is (Barnard 2016 & 2018; Van der Merwe 1999). 'n Waardering vir die ryke verskeidenheid van die verskillende 'heilige' ruimtes (Cilliers 2008:2-3; Kunin 1998:28-30), asook die erediens van die lewe is daarom van uiterste belang.

Indien die ontmoeting met God die grondslag vir al die ander ontmoetings is, moet die rol van Godsbeelde (en attribute) in die erediens verder verken word, aangesien dit 'n definitiewe impak op die erediensganger se identiteit en lewensuitkyk het (Durand 2007; Smit 2009:102; Vos 2010:1; Barnard 2016:148). Juis daarom wil hierdie navorsing verder ondersoek instel na die Godsbeelde (en attribute) wat in, en deur die liturgie kommunikeer word, en hoe die erediensganger gehelp kan word om hierdie Godsbeelde (attribute) toe te eien, en die implikasie daarvan vir sy/haar identiteit en dag-tot-dag bestaan, as beeld van God, te begryp. Godsbeelde wat wys op God se versoenende, transformerende en versorgende optrede kan veral van belang wees binne 'n Suid-Afrikaanse konteks (Pieterse 2001, 2011; Vos 2010). Die belangrike rol van die sakramente in dié verband sal opnuut weer aandag geniet (Burger & Cilliers 2014; Van der Merwe 1999; Zimmerman 1993). Die volle omvang van 'n missionale ekklesiologie, en

hoe dit in die liturgie teenwoordig is, en prakties kommunikeer word, is uiters belangrik. Hierdie missionale ekklesiologie sal erns maak met ‘n kerklike (en individuele) lewenswyse as gestuurde in die alledaagse bestaanswerklikhede van die lidmaat (Armstrong 1997:60; Bosch 1991:10,390-398; Hancke 2005:25; Pieterse 2001, 2009 & 2011).

Die verband tussen die liturgie en die lewe, asook die verstaan van die *erediens van die lewe* sal voorts verken word. Verdere ondersoek na ‘n verstaan van die erediens as iets wat nooit ophou nie is nodig – só verstaan word die Sondag-erediens voortgesit in elke oomblik van ons dag-tot-dag bestaanwerklikhede (Barnard, Cilliers en Wepener 2014; Van der Merwe 1999; Zimmermann 1993). Dit beteken verder dat daar ondersoek ingestel sal word na die wyse waarop hierdie waarheid in die erediens aan die lidmaat kommunikeer word, sodat hy/sy tot die oortuiging kom dat elke element van die erediens nie net Godswaarhede kommunikeer nie, maar ook praktiese lewensimplikasies vir sy/haar lewe het. In hierdie navorsing gaan die belangrike rol van ontmoetings in dié verband, veral binne die steeds veranderende Suid-Afrikaanse konteks verder uitgelig word.

2.6 KERNBEGRIPPE

In hierdie navorsing word ‘n diskoers vir die erediens as die erediens van die lewe, en meer spesifiek as identiteitsvormende en lewensimpakterende ontmoetingsgebeure, verken in die beantwoording van die navorsingsvraagstelling. Enkele kernbegrippe gaan deurgaans in hierdie ondersoek aan die woord kom, naamlik: *erediens, lewe, liturgie, rituele, ruimte, identiteit en ontmoetings*. Vir die doel van hierdie navorsing is dit nodig om die terminologiese betekenis van hierdie begrippe kortliks te verwoord. Hierdie begrippe sal in die navorsing wat volg verder verhaal, en in meer diepte verken word. Met dié navorsing se besondere fokus op die erediens van die lewe, kom die begrippe, *erediens* en *lewe*, eerste aan die woord.

2.6.1 EREDIENS

Die erediens word tradisioneel beskou as die samekoms van kinders van die Here met hulle Here (Clasen et al. 2007:11; Rossouw 1988:263). Binne die gereformeerde tradisie word die erediens onder andere verstaan as die openbare samekoms van die hele gemeente as gemeente,

onder leiding van die ampte (Rossouw 1988:263; Burger 2009:18; Clasen et al. 2007:11; Rossouw 1988:263). Die erediens het reeds in die tyd van die Ou- en Nuwe Testament ‘n sentrale rol in die gelowige se verhouding met God vertolk, en word daar onder andere in die boek Handelinge vertel hoedat Christene op die dag van die Sabbat (die dag van Jesus se opstanding) bymekaar gekom het vir die erediens (o.a. Hand 20:7). Die erediens is gewortel in die liefdesverhouding tussen die Drie-Enige God en Sy volk - die kerk (Burger 2009:18).

Hierdie navorsing wil op hierdie tradisionele siening voortbou en daarop uitbou deur die erediens te verken as enige openbare godsdiensbeoefening, wat nie net tot die weeklikse gemeentelike samekoms beperk is nie, maar in alle fasette van die alledaagse lewe kan geskied - die erediens van die lewe.

In die bespreking van die empiriese ondersoek (in Hoofstuk 3) word daar verwys na die besoek wat afgelê is tydens die deelnemende gemeentes se *primêre eredienste*. Hiermee word nie bedoel dat een tipe erediens belangriker as ‘n ander geag word nie, maar is doodgewoon gebruik om te verwys na die erediens wat deur die meeste lidmate op ‘n Sondag bygewoon word[22].

2.6.2 LEWE

Soos reeds genoem is hierdie navorsing gerig op ‘n verstaan van die erediens, as die erediens van die lewe. In hierdie navorsing word *lewe* onder andere verstaan as die dag-tot-dag bestaanswerklikhede van die individu. Só verstaan is Christelike identiteit meer as bloot ’n uiterlike kledingstuk is, maar eerder ’n dinamiese lewenswyse gegrond op die daaglikse keuses oor ons Christelike aktiwiteit in hierdie oorgangstyd waarin ons onsself bevind (Zimmerman 1993:78).

[22] In die NG Gemeente, verwys dit na die oggenddiens. Die Charismatiese- en Rooms-Katolieke gemeentes het twee oggenddienste, verwys die term na die Charismatiese Gemeente se eerste oggenddiens, en die Rooms-Katolieke Gemeente se tweede oggenddiens.

Cas Vos wys daarop dat die liturgie en lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind is, en verduidelik dat die liturgie moet wys op die teenwoordigheid van God te midde van die 'einas en amens' van die lewe (Vos 1995:5). Só bring die verskillende liturgiese elemente die gelowige(s) binne 'n ontmoeting met God, en tot die besef dat God teenwoordig binne die pyn en vreugde is (Vos 2010:4).

Lewe beteken ook meer as bloot die lewe van 'n individu, maar omsluit ook sy/haar lewe binne die lewe van die groter samelewing. Daarom is die liturgie daarop gerig om, deur middel van 'n ontmoeting met God, die strate en markplein te betree, en die lewe van individue te verstaan binne die groter geheel (Plantinga & Rozenboom 2003:3).

Saamgevat word *lewe* verstaan as allesomvattende begrip vir die verskillende ruimtes en momente waarbinne die keuses en dade van individue (en groepe) binne die wyer samelewing in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede afspeel en gestalte vind.

2.6.3 LITURGIE

In hierdie navorsing word *liturgie,* en die verband daarvan met die lewe, verken. *Liturgie* beteken in sy eenvoudigste vorm 'diens', en verwys daarom na alle aktitwiteite waardeur 'n individu, in alle areas en momente van die lewe, God dien (Jenni & Westerman 1997:1406; Louw & Nida 1988:533).

Wepener (2008:206) verduidelik dat Christelike aanbidding of liturgie, op God se identiteit en handelinge gerig is, en die onderskeiding van God se roeping en wil vir die menslike lewe tot gevolg wil hê. Cilliers (2010a:343) verwoord die belangrike rol van die liturgie "in the formation and motivation of communities of faith, moving them in the direction that God has in mind for them as his people in a given context". Die studie van die liturgie, as veld binne die Praktiese Teologie, is volgens Barnard (2002:19) gerig op die kontinuïteit en diskontinuïteit tussen die erediens en die kultuur van die dag. Vos en Pieterse (1997:15) noem tereg dat liturgie nie net uit 'n teologiese fokus bestaan nie, maar ook 'n antropologiese fokus, deurdat dit die mens, te midde van sy/haar leefkonteks ook verreken – liturgie gaan dus oor die verband tussen God en mens, religie en kultuur, geloof en lewe.

'n Verstaan van die liturgie as ontmoetingsruimte, en die erediens as ontmoetingsgebeure, wil ruimte laat vir 'n spontane, dinamiese, en somtyds onvoorspelbare ontmoeting tussen die lewende God en lewende mense. Die liturgie se rol is om 'n ruimte te skep hiervoor. Só verstaan is die liturgie ook altyd 'n liturgie in wording, aangesien God voortdurend met die mens en Sy skepping op reis is, en vorm. Dus is nie net die liturgie voortdurend in wording nie, maar ook die kerk [en elke gelowige] (Barnard, Cilliers en Wepener 2014: 91-114).

2.6.4 RITUEEL

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1993) beskryf rituele breedweg as die bepalings of gebruike waarvolgens die eredienshandelinge plaasvind (Labuschagne & Eksteen 1993:710). Ten opsigte van die liturgie kan rituele beskryf word as 'n wyse van kommunikasie, waardeur die mens by wyse van dramatisering uiting gee aan sy/haar gedagtes en emosies (Smith & Dreyer 2014:1). Rituele gee verder uitdrukking aan bo-natuurlike en Goddelike waarhede, maar ook spesifiek sosiale handelinge, op só 'n wyse dat dit ook saam met ander uitgevoer word (Sorenson 2007:282-283). Vir dié navorsing se unieke fokus op die erediens van die lewe, en die liminale aard van die erediens, word ritueel ook beskou as die vloeibare ruimte waarbinne *dink* en *doen* mekaar ontmoet (Bell 1992:30-42).

Lukken (1999:25-28) definiëer die basiselemente van rituele op grond van die verskille tussen konsepte soos teken, simbool, simboolhandeling, simbooltaal en ritueel. Vir hom is 'n *teken* iets wat op ondubbelsinninge wyse wys op 'n realiteit of boodskap wat as sodanig niks met die teken self te make het nie, en dus 'n duidelike, rasioneelafleibare verbintenis tussen teken en betekende tot gevolg het. Daarteenoor is die betekenis van 'n *simbool* nie so eenduidig nie, en is die betekenis van 'n simbool direk gekoppel aan die kultuur of konteks waarbinne hierdie simbool gebruik word. Simbole wys dus op dieper werklikhede, en bring die verlede en toekoms saam in die hede, terwyl dit die volheid van die persoon by die betekenisgewing betrek. *Simboolhandeling* is vir hom die proses waardeur die mens self die funksie en betekenis van 'n simbool vervul, terwyl simbooltaal dieper realiteite deur middel van taal wil ontbloot, en wys dit op die verligting van die werklikheid. Simbooltaal geskied ook aan die hand van verskillende taal genres, asook spesifieke vorms as onderdele van 'n bepaalde genre. Hiervolgens verduidelik hy dat in enige ritueel, al bogenoemde elemente (teken, simbool,

simboolhandeling en simbooltaal) saamkom – dus beskik rituele oor al hierdie elemente en die eienskappe wat daaraan toegeskryf word.

Wepener en Van der Merwe (1999:201-203) wys verder op twee belangrike eienskappe van ritueel, naamlik: *herhaling* en *mite*. Hiervolgens word rituele verstaan as herhalende handelinge waardeur die dinge van die gewone lewe oorstyg word, en waardeur uiting gegee kan word aan die dikwels onsêbare ervarings van die lewe. Mite verwys weer na die verhaal agter die ritueel, en wat deur die ritueel kommunikeer word.

Vir hierdie navorsing is dit veral belangrik om daarop te wys dat ook ritueel nie los van kultuur verstaan kan word nie, aangesien ’n bepaalde kultuur op die rituele gebruike inspeel, en die ritueel ook binne die daaglikse leefruimtes afspeel (Smith & Dreyer 2014:2). In hierdie navorsing gaan spesifiek gefokus word op die rol van liturgiese rituele binne die Suid-Afrikaanse landskap met sy groot verskeidenheid sosiale- en kerklike kulture.

2.6.5 RUIMTE

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1993) verwoord *ruimte* as die afstand tussen twee voorwerpe, speelruimte of ’n plek wat deur grense bepaal is. Vanuit die mens se inherente behoefte om sy/haar wêreld te orden het *ruimte* die betekenis van ’n vaste punt, ’n ‘axis mundi’, gekry, waarvolgens die mens sy/haar bestaan kan begrond (Eliade 1959:36-44).

In die antieke tyd was die tempel die middelpunt van die individu se bestaanswêreld, en bepalend vir die wêreldbeeld van die gelowiges, die *imago mundi*. Die bydraes van persone soos Lefebre en Soja, het daartoe gelei dat ruimte vandag nie meer alleenlik as ‘n meetbare en tasbare realiteit gesien word nie, maar eerder as iets wat voortdurend in ‘n proses van wording, en vasgevang in magsverhoudinge is (Hubbard, Kitchin & Valentine 2004:4, 10). Soja (1996:72) verduidelik verder dat daar ten opsigte van ruimtelikheid ’n ossilasieproses te bespeur is, aangesien die samelewing eweneens ruimte produseer, maar ook daardeur gevorm word. Ruimte behels dus meer as bloot fisiese ruimte, maar strek ook tot waar die mens se gedagtes, ervarings en verbeelding strek.

2.6.6 IDENTITEIT

In die hartklop van ons denke oor *identiteit* lê die vraag: "Wie is ek en waarom is ek hier?" Identiteit kan verstaan word as die persoon se soeke na sy/haar rol en doel binne die groter samelewing en bestaanswerklikhede (Popenoe, Cunningham & Boult 1998:323). Wepener & Pauw (2004:115-116) 116) waarsku dat identiteit oor veel meer as blote tydlose eienskappe soos taal, familienaam, geslag en kultuur gaan, maar dat identiteit iets wat deur tydgebonde en kontekstuele eienskappe beïnvloed word, is. Identiteit is daarom nie 'n konkrete en tydlose gegewe nie, maar die resultaat van 'n persoon se interaksie met sy/haar omgewing, asook ander persone.

Die *Sosiale Identiteits Teorie* van wyle Tajfel (1986) en Turner (1987), verduidelik dat 'n persoon se identiteit verband hou met die sosiale groep waaraan hy/sy behoort, en beskryf daarvolgens identiteit as die "aspects of an individual's self-image that derive from the social categories to which he percieves himself as belonging" (Tajfel 1986:16). Turner (1987) sluit hierby aan en onderskei drie vlakke van groepering wat 'n rol in identiteitsvorming speel. In die eerste plek is daar die *oorkoepelende identiteit*, wat verwys na die kategorie wat ander kategorieë vervang, soos byvoorbeeld die persoon as mens. Tweedens is daar die *sosiale in-groep identiteit*, wat verwys na die verskeie groepe waaraan die individu behoort, en derdens, die *ondergeskikte identiteit*, wat ook na persoonlike identiteit verwys. Ook sosiale identiteit behoort nie as 'n permanente gegewe nie beskou te word nie, maar eerder 'n vloeibare konstruksie. Dus is sosiale identiteit ook altyd in 'n proses van wording (Blake 2012:130).

Wanneer identiteit in hierdie navorsing verken word, geskied dit vanuit 'n Christelike invalshoek, en kom die betekenis van die persoon as *Imago Dei* (beeld van God) aan die woord (Migliore 2004:139). Hierdie verstaan van identiteit, asook die impak van só verstaan, is deurgaans in dié navorsing implisiet teenwoordig.

2.6.7 ONTMOETINGS

Met ontmoetings word verstaan die gebeure, prosesse of verskynsels waardeur 'n persoon in aanraking kom met iemand anders. Hierdie gebeure kan geskied deur middel van 'n toevallige ontmoeting, of 'n opsetlike bymekaarkoms. Hierdie ontmoetings behels verder

gesprekvoerings tussen twee of meer partye, wat mekaar wil ontmoet (Labuschange & Eksteen 1993:582).

In die hart van hierdie navorsing se besondere fokus op ontmoetings, lê die oortuiging dat God Homself aan die mens wil openbaar, en daarom is God die inisiërende partye wat ontmoetings, in die alledaagse leefruimtes moontlik maak en wil laat realiseer. Omdat God alomteenwoordig is, beteken dit dat God die mens in die ruimtes van die lewe wil ontmoet, en aanraak.

Met hierdie navorsing se fokus op die verband tussen liturgie en lewe, is Wepener (2004) se opmerking dat daar in die liturgie 'n dubbele beweging - waarin God en die mens mekaar ontmoet - voorkom, veral relevant[23]. Hy verwoord daarvolgens die liturgie, as ontmoetingsgebeure, as volg:

> Liturgie is die ontmoeting tussen God en mens deurdat God en mens uitbeweeg na mekaar, 'n beweging waarin God se handeling primaat het bo dié van die mens, sodat daar so op 'n teonoom resiproke wyse 'n dialogiese kommunikasie in en deur rituele en simbole tot stand kom waarby die mens op 'n liggaamlike wyse betrokke is en die mens so sy/haar hoogste doel op aarde kan verwesenlik, naamlik om God te prys en Hom vir ewig te geniet (Wepener 2004:33-34).

Liggaamlike deelname wat sig, gevoel, smaak en selfs reuk insluit, is volgens Wepener (2006:387) belangrike elemente in die ontmoeting tussen God en mens, tydens die erediens. 'n Persoon se deelname aan die erediens, en verskeie liturgiese rituele, behoort daarom ook liggaamlike deelname te wees, waarby die persoon in sy/haar volheid aan dié rituele deelneem (Barnard, Cilliers en Wepener 2014:207; Wepener 2006:387).

Só verstaan van die liturgie as ontmoetingsruimte, beklemtoon die noodsaaklikheid dat gemeentes en gelowiges, deelnemend aan die rituele bestudeer behoort te word (Wepener & Vos 2014:16). Hierdie navorsing, met sy empiriese ondersoek, wil hierby aansluit.

[23] Die navorsing sluit by hierdie uitgangspunt van Wepener aan, en brei daarop uit deur twee verdere ontmoetings, wat uit hierdie ontmoeting tussen God en mens vloei, te identifiseer, naamlik: die ontmoeting tussen mense met mekaar, en die ontmoeting tussen die mens en samelewing (soos in hierdie hoofstuk beskryf is).

2.6.8 ROETEMERKERS

Wepener en Greyling (2019:13) definieër hierdie term as die beskrywing van hoe verskeie rituele, op nie-rigiede en -voorskriftelike wyse, rigting vir individue of groepe kan aandui. In die ondersoek na die erediens, as die erediens van die lewe, word die verskeie liturgiese rituele, en spesifiek die wyse waarop lidmate betekenis daaraan toe-eien (al dan nie), soos uit die empiriese ondersoek bekom, gebruik om die weg vir die ondersoek wat daarop volg, af te baken en te stuur.

Met roetemerkers word dus bedoel, temas of konsepte wat vanuit die empiriese ondersoek na vore kom, en waarop die navorsing voorts in meer diepte wil ingaan. Roetemerkers verleen dus aan dié navorsing ‘n bepaalde skopus, binne die breë studieveld van die liturgie.

2.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is ‘n oorsig van die verskillende perspektiewe, op die verband tussen geloof en lewe gebied, met die doel om ‘n oorsig van die studies, wat hierdie navorsing voorafgaan, en die grondslag daarvoor lê, te bied. ‘n Verstaan van die erediens as ontmoetingsruimte is verwoord, terwyl die impak van die verskillende ontmoetings op die mens se identiteit en lewenswyse verken is. Die verband tussen die liturgie en lewe, asook die verband tussen die fokusontmoetings, naamlik: die ontmoeting tussen God en mens, mens met mekaar, en tussen die mens en die samelewing is uiteengesit. ‘n Kort samevattende beskrywing van die aanvanklike empiriese ondersoek, wat deur die navorser onderneem is, is uitgepak, waarvolgens enkele merkers vir verdere ondersoek uitgelig is. Ten slotte, is enkele belangrike begrippe wat in hierdie navorsing aan die woord kom, beskryf.

Hierdie voorafgaande studies, soos dit in hierdie hoofstuk bespreek is, het as rigtingwyser gedien waarvolgens die navorsing wat volg, plaasgevind het. In die hoofstukke wat volg word die ondersoek na die verband tussen liturgie en die lewe voortgesit, aan die hand van ‘n prakties-teologiese verkenning van die erediens, en wel as erediens van die lewe. Die navorsing het gebruik gemaak van ‘n inter-dissiplinêre literatuurstudie, maar het ook ‘n omvattende en verteenwoordigende empiriese ondersoek ingesluit, waar die eredienservarings, en

gepaardgaande denk- en lewenswyses van lidmate, uit verskillende sosiale kringe en van verskillende gemeentes (en denominasies), in die Ooste van Pretoria, verken is.

In Hoofstuk 3, word die empiriese ondersoek van hierdie navorsing breedvoerig beskryf, aan die hand van die fases van die grounded theory metode van data-analise, soos reeds in Hoofstuk 1 beskryf is. Hiervolgens, word die ontluikende praxis teorie, van hierdie ondersoek na die verband tussen die erediens en die lewe identifiseer, wat die raamwerk vir die verdere ondersoek bied.

HOOFSTUK 3

OM PRIESTERLIK TE LUISTER NA DIE STEMME VAN LIDMATE:

'N EMPIRIESE ONDERSOEK

3.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk is daar gelet op die verskillende perspektiewe rakende die verband tussen geloof en lewe. Daar is genoem dat daar onder filosofiese- en sielkundige geleerdes tans nie eenstemmigheid oor die verband tussen geloof en lewe, en of daar wel van só 'n verband met oortuiging gepraat kan word, bestaan nie. Hierteenoor bestaan daar vanuit teologiese geledere die oortuiging dat geloof en lewe inderdaad onlosmaaklik aan mekaar verbind is, en op mekaar inspeel.

Die studie na die verband tussen liturgie en lewe, asook dié na die liturgie as identiteitsvormende en lewensimpakterende ontmoetingsgebeure, is voorbeelde van studies na die verband tussen geloof en lewe, wat hierdie ondersoek na die erediens van die lewe voorafgaan, en die grondslag daarvoor bied. Daar is veral gelet op die ontmoeting tussen God en mens (en die wyses waarop hierdie ontmoeting plaasvind), die ontmoeting met mekaar (*koinonia*) en die ontmoeting met die samelewing (missionaal), asook die moontlike impak van hierdie drie ontmoetings op die kerk (en elke gelowige) se identiteit en gevolglike lewenswyse. Daar is ook gewys op die impak van praktiese en verstaanbare woordverkondiging, die rol van die sakramente, die rol van narratief, asook 'n herwaardering van die verskeidenheid van heilige ruimtes, as moontlike fokusareas vir verdere ondersoek. Ten slotte is die noodsaaklikheid aan 'n verdere, meer omvattende, inter-denominasionele ondersoek geïdentifiseer.

Hierdie navorsing (wat in hierdie hoofstuk aangebied word) maak gebruik van die kwalitatiewe-etnografiese benadering, en het gepoog om empiriese data en teoretiese perspektiewe met mekaar te verbind (Barnard, Cilliers en Wepener 2014:51-64; Berg 2004:4; Stringer 1999:4-14). Die navorser is van mening dat dit uiters belangrik is om eerstens te luister na die stemme van lidmate, en dat hierdie luister proses die wegspringplek van enige verdere ondersoek moet wees. Stringer (1999:10) ondersteun hierdie uitgangspunt en noem dat talle

literatuurstudies juis te kort skiet, aangesien dit nie die perspektiewe van lidmate, as deelnemers in die liturgie, en die betekenis wat hulle aan liturgiese momente toeken, genoegsaam verreken nie. Om hierdie rede het die navorsing hoofsaaklik op 'n omvattende en verteenwoordigende empiriese ondersoek berus, wat deur literatuurstudie rakende die fokuspunte wat vanuit die empiriese ondersoek na vore gekom het, aangevul is.

In hierdie hoofstuk word 'n uiteensetting gegee van die metode waarvolgens die empiriese ondersoek plaasgevind het. 'n Beskrywing van die steekproef word gebied, terwyl 'n tydslyn van die ondersoek ook uiteengesit word. Die belangrikste bevindinge vanuit die ondersoek word hierna identifiseer, wat as roetemerkers vir die verdere ondersoek gedien het.

3.2 METODE VAN EMPIRIESE ONDERSOEK

In die hart van die deskriptief-empiriese taak, is wat deur Osmer (2008:34) beskryf word as 'n 'spirituality of presence'. Hier gaan dit wesenlik oor die lewe en ervarings van lidmate, individue en gemeentes. Stringer (1999:72) stel dit as volg:

> Practically all discussions of worship, liturgy or ritual attempts to provide a discussion of the rite from within the context of the rite itself. It is assumed that what is meaningful is meaningful within the context of the event, or the individual or collective experience of that event...It is clear that any one act of worship is a distinct experience, or series of experiences, which involves those individuals who are taking part in it to a greater or lesser extent as it is actually happening. By being present, by observing and by participating in the event the ethnographer can gain some insights into what appears to be happening, and how the different individuals appear to be responding.

Getrou aan hierdie benadering het die navorser eredienste van die deelnemende gemeentes bygewoon, waartydens enkele observasies rakende die liturgiese ruimte, en -verloop gemaak is. Daar is ook persoonlike onderhoude met vyf lidmate uit elke gemeente gevoer, met die doel om hul eredienservaring, ten opsigte van die fokuspunte van hierdie navorsing, te verken (Barnard, Cilliers & Wepener 2014:51-52; Hendriks 2004:232). 'n Fokusgroeponderhoud is ook gevoer met leraars van verskeie denominasies, waartydens dieselfde vrae, wat aan lidmate gestel is, herhaal is ten einde die koherensie (of gebrek daaraan) tussen die oortuigings en ervarings van kerkleiers en lidmate te verken.

Goedkeuring vir dié navorsing is verkry vanaf die Navorsings- en Etiekkomitee van die Fakulteit Teologie en Religie van die Universiteit van Pretoria. Ingeligte toestemming vir deelname aan hierdie navorsing is verkry vanaf die Bestuursraad van die betrokke gemeentes, asook elke individuele mede-navorser[24] (Grimes 2014:42-43). Ingeligte toestemming word hier onderskei van geïmpliseerde toestemming (wat aangedui word wanneer ‘n persoon die tyd neem om ‘n vraelys of onderhoud te voltooi). ‘n Geskrewe verklaring, waarin die navorsingsonderwerp en doel verwoord, asook die regte van die mede-navorser verduidelik is, is deur elke mede-navorser en gemeenteraad onderteken, alvorens daar met die besoeke en onderhoude begin is (Berg 2004:64-65). Nadat toestemming vir die deelname aan hierdie navorsing bekom is, is ’n gesprek met die leraar(s) van die betrokke gemeente gevoer ten einde ’n beter verstaan van die geskiedenis, identiteit, uitdagings en toekomsplanne van die gemeente te bekom.

Wanneer daar op ‘n steekproef besluit word, is dit belangrik dat die gemeentes en persone wat by die navorsing betrek word, verteenwoordigend van die onderskeie subgroepe binne die gemeenskap, en onderskeie gemeentes is (Ammerman et al. 1998:205). Om hierdie rede is ’n verteenwoordigende steekproef, bestaande uit vyftien persone (van verskillende ouderdoms-, ras- en geslagsprofiele) wat elkeen ‘n lidmaat van die onderskeie gemeentes is, saamgestel. Drie gemeentes, vanuit verskillende denominasies, in die Pretoria-Oos omgewing, en wat verskil in terme van liturgiese tradisie en -gebruike, is besoek, en persoonlike onderhoude met vyf lidmate uit elkeen van hierdie gemeentes gevoer. Die keuse van denominasie is gebaseer op dié navorsing se doel om diverse liturgiese gebruike met mekaar in gesprek te bring, ten einde ‘n omvattende verkenning van die impak van die erediens op die identiteit en lewe te verseker. Die fokusgroeponderhoud het plaasgevind met vyf leraars vanuit drie verskillende denominasies. Die samestelling van die steekproef is as volg:

3.2.1 STEEKPROEF

3.2.1.1 Deelnemende gemeentes

- 1 Nederduitse Gereformeerde gemeente (waarvan die navorser self lidmaat is);
- 1 Charismaties gemeente (wat ‘n baie prominente denominasie in die Oostelike dele van Pretoria, en inderdaad menigte stadskontekste is);

[24] Sien Addendum Q en R

- 1 Rooms-Katolieke gemeente (wat tradisioneel ‘n hoër liturgiese orde as bogenoemde twee denominasies het).

3.2.1.2 Persoonlike onderhoude

- Geslag – 8 vroulik en 7 manlik
- Ras – 11 wit, 3 swart en 1 bruin.
- Ouderdom – 20 (2 persone), 26, 27, 28, 30, 41, 42, 53, 55, 60, 63, 67, 68, en 73 jarige ouderdom.

Wepener (2005:115) wys tereg daarop dat dit in die etnografiese bestudering van rituele noodsaaklik is om beide die meelewing en betekenis toe-eiening van die persone wat aan die ritueel deelneem, te verreken. Getrou aan die deelnemende metode van ondersoek het die navorser saam met die mede-navorsers aan die erediens en rituele deelgeneem waarna, deur middel van onderhoudvoering, geluister is na die belewenis, en betekenis toe-eïening van die mede-navorsers ten opsigte van die erediens en liturgiese rituele (Hendriks 2004:216). Die onderhoude het na afloop van die gemeentes se primêre erediens (oggenddienste) geskied. Die navorser het hierdie dienste bygewoon en enkele observasies van die diens word ook in die ondersoek vervat. Die fokus van die onderhoude was nie slegs op die ervaring tydens die betrokke diens gerig nie, maar wel tydens enige erediens, in enige gemeente- of liturgiese ruimte, wat vir die mede-navorsers uitstaan. Die transkripte van hierdie onderhoude is by hierdie navorsing ingesluit[25].

Ammermann et al (1998:205-207) bespreek onderhoudsvoering (beide individuele en fokusgroep) as ‘n belangrike bron van inligting in die bestudering van gemeentes, en verduidelik dat enige studie die “most knowledgeable insiders” moet insluit. Die navorser wou ook die impak van die liturg (wat in die oorgrote meerderheid denominasies die leraar is) op die erediens liturgie en belewenis daarvan verken. Om hierdie rede is ‘n fokusgroeponderhoud gevoer met leraars van verskillende denominasies in die Ooste van Pretoria.

[25] Sien Addendum A tot O

3.2.1.3 Fokusgroeponderhoud

- Geslag: 4 Manlik en 1 Vroulik
- Ras: 5 Blank
- Denominasie: 2 leraars vanuit die Nederduitse Gereformeerde denominasie; 2 leraars vanuit die Charismatiese denominasie; 1 leraar vanuit die Wesleyaanse denominasie.

Hierdie leraars is gekies op grond van die behoefte om ‘n diverse verteenwoordiging op grond van denominasie te verseker. Beskikbaarheid (en gewilligheid) van leraars het egter bygedra tot die samestelling van die fokusgroep. Drie van die leraars is vanuit deelnemende gemeentes, en twee leraars vanuit nie-deelnemende gemeentes. Al die leraars is werksaam in gemeentes vanuit die Pretoria-Oos omgewing.

Aangesien die persoonlike ervarings van individue in hierdie ondersoek verken is, het die ondersoek streng etiese riglyne in die kwalitatiewe werk gevolg. Die konfidensialiteit van elke deelnemende party, asook die betrokke gemeente word deurgaans verseker[26] (Berg 2004:65). ’n Afskrif van die resultate sal ook beskikbaar gestel word sou die gemeente of individu dit versoek.

In die afdeling wat volg word eerstens ‘n deskriptiewe-empiriese beskrywing van die onderskeie gemeentes wat besoek is (veral met die oog op die erediens, liturgiese ruimte en liturgiese verloop) gebied, asook die wyse waarop lidmate dié erediens (en ander eredienste) beleef. Die fokus is dus op die toe-eiening van die erediensgebeure en meer spesifiek oor die vraag na hoé die betekenis wat die erediensgangers aan liturgiese rituele heg (Post 2001:47-77). Willem Frijhof (1997:104) wys tereg daarop dat toe-eiening die gevolg van betekenisgewing is, en verduidelik dat *“toeëigening plaatsvindt door betekenisgeving (persoons- of groepsbetrokken interpretatie) in een specifieke context”*.

[26] Sien die bewoording van hierdie toestemmingsvorms, wat vir die persoonlike- en fokusgroeponderhoude, gebruik is, onder Addendum S. Die ondertekende vorms is nie as addendums by hierdie navorsing ingesluit nie, ten einde die anonimiteit van die mede-navorsers te verseker. Die ondertekende vorms word veilig in bewaring gehou deur die Department van Praktiese Teologie, aan die Universiteit van Pretoria.

3.3 BESKRYWING VAN DEELNEMENDE GEMEENTES

Die navorser, het getrou aan die 'spirit of presence' beginsel, die onderskeie gemeentes besoek, tydens die primêre erediens van die gemeente, wat in alle gevalle 'n oggenddiens was[27]. Die besoek aan die gemeente is voorafgegaan met 'n besoek aan die leraar(s) van die onderskeie gemeentes, waartydens die navorser 'n dieper begrip vir die ekklesiologie van elke gemeente wou bekom.

'n Tydslyn van die empiriese ondersoek word breedvoerig uiteengesit, terwyl enkele opmerkings oor die gemeentes se identiteit en werkswyse vervolgens gemaak word, asook 'n beskrywing van die onderskeie liturgiese ruimtes en orde.

3.3.1 TYDLYN VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

- Februarie 2017 – Begin gemeentes kontak vir deelname aan navorsingstudie. Aanvanklike beplanning is 8 gemeentes in totaal (4 stadsgemeentes en 4 plattelandse gemeentes).
- 22 Februarie 2017 – Voorlegging van die navorsingsvoorstel aan 'n paneel van Praktiese Teologie dosente van die Universiteit van Pretoria.
- 13 Maart 2017 – Na afloop van afspraak met studieleier, word besluit om gemeentes te beperk tot 4 gemeentes in die Ooste van Pretoria (1 Nederduitse Gereformeerde-; 1 Rooms-Katolieke-; 1 Charismatiese-; en 1 Afrika Onafhanklike gemeente).
- 20 Maart 2017 – Afspraak met leraar van NG gemeente in die Ooste van Pretoria. Instemming word gegee vir deelname aan die studie en agtergrond van die gemeentelike identiteit en -bediening word gegee.
- 29 Maart 2017 – Afspraak met pastoor van Charismatiese gemeente in die Ooste van Pretoria. Navorsing word bespreek, en gemeentelike identiteit en -bediening word bespreek. Instemming vir deelname aan die navorsing word verkry.
- 20 April 2017 – Afspraak met pastoor van 'n Afrika Onafhanklike gemeente in die Ooste van Pretoria – afspraak geskied egter nie aangesien die pastoor nie opdaag nie.

[27] Die gemeentes is op verskeie geleenthede besoek. Alhoewel die beskrywing van die erediens, soos dit in hierdie hoofstuk bespreek word, op een erediens gebaseer is, word dit vermeld indien daar noemenswaardige verskille op 'n ander besoek gevind is. Die eredienste het egter grootliks dieselfde karakter en verloop getoon.

- 30 April 2017 – Opvolgafspraak met pastoor van die Afrika Onafhanklike gemeente realiseer weer nie.
- 13 Mei 2017 – Telefoniese gesprek met voorsitter van die gemeenteraad, van ‘n Rooms-Katolieke gemeente in die Ooste van Pretoria, om besoek aan die gemeente af te lê, met die oog op bespreking van hul moontlike deelname aan die navorsing. Uitnodiging word ontvang om die mis op 21 Mei, om 9:00vm by te woon.
- 21 Mei 2017 – Besoek ‘n Rooms-Katolieke gemeente in die Ooste van Pretoria, tydens hul oggenddiens. Na afloop van die diens word gesprek met die voorsitter van die Kerkraad gevoer. Versoek word gerig aan die priester, wat instemming vir beperkte deelname aan die navorsing verleen – dienste mag bygewoon word en observasies gemaak word, maar geen onderhoude met priester of lidmate mag geskied nie.
- 18 Julie 2017 – Afspraak met priester van ‘n Rooms-Katolieke gemeente, in die Ooste van Pretoria. Deelname aan die navorsing word bespreek.
- 19 Julie 2017 – Afspraak met pastoor van ‘n Metodiste gemeente in die Ooste van Pretoria, met die oog op moontlike deelname aan die navorsing. Beperkte deelname word goedgekeur – diens mag bygewoon word, maar geen onderhoude met lidmate word toegelaat. Gemeentesentrum, en die liturgiese ruimte word besoek en erediensliturgie deur pastoor verduidelik.
- 25 Julie 2017 – Opvolgafspraak met priester van ‘n Rooms-Katolieke gemeente, in die Ooste van Pretoria (besoek op 18 Julie) – toestemming vir deelname aan navorsing word verleën, met moontlike besoek in November.
- 4 Augustus 2017 – Opvolgafspraak met leier-leraar van NG gemeente in die Ooste van Pretoria. Die gemeentesentrum en liturgiese ruimte word besoek en verduidelik, en die gemeentelike identiteit, bediening, en veral die gebruike rondom die erediens word bespreek.
- 13 Augustus 2017 – NG gemeente, in die Ooste van Pretoria, word besoek tydens hul primêre erediens. Observasies oor die erediens, ruimte en liturgie word gemaak. Na afloop van die diens word onderhoude met lidmate gevoer. Vanweë misverstand, vind slegs 2 van die 5 onderhoude na afloop van die erediens plaas, en word afsprake met die ander persone gereël in die week wat volg.
- 14 Augustus 2017 – Persoonlike onderhoude, met 2 lidmate van die NG Gemeente, wat op 13 Augustus besoek is.

- 16 Augustus 2017 – Persoonlike onderhoud (nommer 5) met lidmaat van die NG Gemeente wat op 13 Augustus besoek is.
- 27 September 2017 – Fokusgroeponderhoud met leraars/pastore van verskillende denominasies in die Ooste van Pretoria. Leraars/pastore van 4 denominasies teenwoordig.
- 15 Oktober 2017 – Besoek aan Charismatiese gemeente in die Ooste van Pretoria, tydens hul primêre erediens. Observasies oor die erediens, ruimte en liturgie word gemaak. Na afloop van die erediens vind persoonlike onderhoude, met 5 lidmate, van dié gemeente, plaas.
- 17 Oktober 2017 – Rooms-Katolieke gemeente (besoek in Julie 2017) onttrek deelname aan die navorsing, aangesien die priester na 'n nuwe gemeente verplaas word.
- 5 November 2017 – Opvolg besoek aan NG gemeente, tydens die erediens.
- 28 November 2017 – Telefoniese gesprek met priester, van 'n Rooms-Katolieke gemeente in die Ooste van Pretoria. Afspraak in die nuwe jaar word bevestig.
- 30 Januarie 2018 – Afspraak met priester van 'n Rooms-Katolieke gemeente in die Ooste van Pretoria. Instemming tot deelname aan die navorsing word verkry.
- 22 April 2018 – Besoek Rooms-Katolieke gemeente in die Ooste van Pretoria, tydens hul oggenddiens. Observasies oor die erediens, ruimte en liturgie word gemaak. Na afloop van die diens, word persoonlike onderhoude met 5 lidmate van dié gemeente gevoer.
- 27 April 2018 – Persoonlike afspraak met priester van die Rooms-Katolieke gemeente, (besoek in die voorafgaande week). Bespreking van enkele vrae na afloop van die besoek word bespreek, en die verskillende gebruike tydens die erediens, asook gemeentelike identiteit en bediening word bespreek en verduidelik.

Soos in hierdie tydlyn aangedui, is verskeie pogings om 'n Afrika Onafhanklike gemeente, in die Ooste van Pretoria, by die studie betrek, aangewend – telkens sonder sukses. Hierdie is egter nie 'n gebeurtenis wat beperk is tot hierdie studie nie, maar 'n knaende uitdaging ten opsigte van liturgiese studies ten opsigte van Afrika Onafhanklike Kerke. Robert en Daneel (2007:46) verwys na hierdie uitdagings as volg:

> Despite the centrality of worship as an identity marker, the fascination with AICs by anthropologists, scholars of religion, and missiologists has not extended to liturgical scholars or practical theologians. This is probably because of the complexity of gaining access to materials on AIC worship – especially among the group of AICs known as "Spirittype".

Wepener en Barnard (2010:199-200) identifiseer die aanvanklike kontaksessie met gemeenskaps- en kerkleiers, as ‘n baie belangrike tree om die studieveld van die Afrika Oafhanklike Kerk (AOK) te kan betree. Weens onsuksesvolle pogings om ‘n aanvanklike kontaksessie met die leier(s) van die Afrika Onafhanklike gemeentes in die Ooste van Pretoria te bekom (soos in die tydlyn aangedui) is die besluit geneem om hierdie denominasie nie by hierdie studie in te sluit nie.

In die afdelings wat volg word ‘n beskrywing van die deelnemende gemeentes gebied, op grond van die deelnemende navorsings-metodologie wat deur die navorser aangewend word, en wat die navorser ‘n deelnemer (en tog ook observeerder) aan die erediens maak. In die bestudering van rituele is dit belangrik om te let op verskeie elemente, soos: ruimte, rituele voorwerpe, tyd, klank en taalgebruik, rituele identiteit- en aksies (Grimes 2010:19-32; 2014:37-53). Daarom, in die beskrywing wat volg, word veral gelet op die liturgiese ruimte en liturgiese orde (wat nie net op die verloop dui nie, maar ook observasies oor voorwerpe, klank, identiteit en aksies insluit) van die onderskeie gemeentes[28]. Grimes (2014:44) noem tereg dat “the most direct way of studying a ritual is by attending it, opening up the possibility that all senses will take in the event”. Om ‘n ritueel te bestudeer impliseer dat jy die ritueel sien afspeel[29].

3.3.2 NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE

Die gemeente is ‘n makro-gemeente, in die Ooste van Pretoria, wat bestaan uit ongeveer 4 000 lidmate, en bedien word deur vier voltydse leraars[30]. Die gemeente se visie lees: “Waar geloof gelewe word” terwyl die gemeente ‘n drie-ledige fokus in terme van die erediens het, naamlik: ontmoeting (waar die gemeenskap van gelowiges saam met mekaar die Here ontmoet), lering (waar gelowiges deur die Woord toegerus word) en uitstuur (die missionale oproep vir die

[28] In die afdeling wat volg, word die observasies hoofsaaklik ten opsigte die besoek aan die oggenddiens van elke Gemeente, waarna die persoonlike onderhoude gevoer is, gemaak. Die navorser het egter verskeie eredienste van die gemeentes bygewoon, en waar die liturgiese orde en ruimte tydens hierdie dienste, betekenisvol verskil van die oggenddiens voorts vermeld, word enkele opmerkings daaromtrent gelewer.

[29] Vir foto’s van die deelnemende gemeentes se liturgiese ruimtes, soos in die afdeling wat volg bespreek, sien Addendum T.

[30] Sedert die besoek aan die gemeente het een van die leraars die gemeente verlaat, en word die gemeente nou deur drie leraars bedien.

gemeentelede om dit wat hulle in die diens gehoor het, te gaan uitleef in hul dag-tot-dag bestaanswerklikhede).

Die gemeente bied drie eredienste aan: die oggenddiens om 9:00 vm., waartydens die kindergroepe (vanaf graad R tot graad 6) by Dissipelland in die Kindertent plaasvind. Dan is daar ‘n Zulu & Sepedi erediens om 15:30 en die Graffiti diens (jeugdiens) om 17:30. Senior jeuggroepe kom na afloop van die jeugdiens bymekaar in die jeugsentrum.

Alhoewel die gemeente, kenmerkend aan NG gemeentes in die Ooste van Pretoria, poog om ‘n meer informele en kontemporêre erediens atmosfeer daar te stel, is die liturgiese gebruike binne die gemeente kenmerkend van Gereformeerde aanbidding, met ‘n definitiewe fokus op die sentraliteit van die Woord, wat verder neerslag vind in die verskillende liturgiese rituele wat in die erediens uitgevoer word (vgl. Bradshaw 2002:402).

3.3.2.1 Liturgiese ruimte

Die gemeentesentrum is, volgens die leier-leraar van die gemeente, gebou volgens ‘n postmoderne argitektuur, en beskik oor ‘n ruim terrein, met baie parkeerplek. Natuurlike lig is ‘n sentrale motief in die boustyl van die gemeentesentrum. Drie geboue word van mekaar onderskei, naamlik: die gemeentesentrum (wat die erediens ruimte, kerkkantoor en bo-saal insluit), die jeugsentrum en die kinderkerk (wat in die vorm van ‘n groot wit tent is).

Met sy aankoms is die navorser vriendelik verwelkom deur die gasvryheidsbediening, wat by ‘n spesiaal ingerigte gasvryheidsarea alle lidmate, asook besoekers by die diens verwelkom het. Die ingange aan die kant van die gemeentesentrum was op dié oggend gesluit, sodat alle persone deur die gasvryheidsarea die liturgiese ruimte moet binnegaan, en is die gasvryheidsarea spesiaal ingerig met ‘n inligtingstafel, met inligting oor die gemeente en ‘n spesiale 40 Dae, omgeegroepveldtog wat daardie oggend geloods is. Die erediensruimte (wat as ‘n ouditorium beskryf kan word) is groot, oop ruimte, wat visueel stimulerend ingeklee is. Daar is geen teken van ‘n preekstoel of orrel nie (wel ‘n ruim verhoog, en ‘n ruimte vir die

orkes regs voor die verhoog).[31] Die onmiddellike atmosfeer kan beskryf word as hartlik, gemaklik, en gesellig.

Agter in die kerk is ‘n spesiale kinder-area ingerig met tafels en inkleurprente. ‘n Groot wêreldkaart verskyn ook agter in die liturgiese ruimte, terwyl daar voor in die kerk (op die verhoog) ‘n groot koper-aardbol, met ‘n kers binne in staan – ‘n uitbeelding van die gemeente se bestaansdoel om die lig vir die wêreld te wees. Teen die regterkantse mure van die ouditorium, hang kunswerke wat die kruis, nagmaal, die leë graf en die Heilige Gees uitbeeld. Links is kunswerke wat weereens die Heilige Gees, die tuingraf en ‘n boom met wortels uitbeeld.

Tydens hierdie oggend (en vir die duur van die 40 dae reeks) is daar windpompe en ‘n klipmuur (wat ‘n fontein uitbeeld) op die verhoog – as uitbeelding van die reeks: “Jesus stuur ons”, wat bestaan uit 6 temas, naamlik: Gekoppel aan die bron; ‘n Suiwer soort water; ‘n Florerende tuin; Water vir almal; Waar gee jy water; Hou die windpomp in stand[32]. Aan die linkerkant van die verhoog, staan gebedskerse. Drie dataskerms (links, middel en regs) vul die liturgiese ruimte met die week se afkondigings en herhaalde uitnodigings om die gemeente se webblad te besoek. Lapdraperings kleur die liturgiese ruimte met skakerings van donkerbruin, ligbruin, blou en wit.

Die afkondigingsblaadjie, wat by die ingang uitgedeel is, staan bekend as die “Gemeente-bulletin. Gasvry, Prakties en Betrokke”, en bied inligting oor die opkomende gebeure en geleenthede waarby hy/sy betrokke kan raak. Dit is opmerklik dat twee groot fokuspunte op die voorblad van die afkondigings lees: “Welkom tuis” en “Nuwe lidmate en Besoekers” met datums waarop nuwe intrekkers of besoekers deur ‘n gasheer en gasvrou verwelkom sal word.

[31] Die tromspeler sit wel in ‘n aparte glas-vertrek, sodat die klank van die galmende simbale gedemp is en via mikrofone deur die klankstelsel beheer kan word.
[32] Gewoonlik is daar op die verhoog ‘n rusbank (om die “kom tuis” metafoor uit te beeld), asook ‘n groot brons aardbol met ‘n kers daarbinne (die simboliek van die gemeente wat die lig vir die wêreld wil wees). In die hart van die verhoog is ‘n groot houtkruis.

Verder word die afkondigingsblaadjie gewy aan inligting rondom die 40 dae veldtog, asook ‘n baie sterk fokus op versoeke vir voorbidding, hetsy siekte, nood, of bedieninge.

Die deelnemers tydens die oggenddiens is byna geheel en al wit persone, alhoewel die voorsanger ‘n bruin man is[33]. Die gemeentelede is ook eweredig verspreid in terme van geslag en ouderdom, met die oorgrote meerderheid senior lidmate en middeljarige volwassenes. Alhoewel dit voorkom asof baie van die deelnemers mekaar ken en vriendelik verwelkom, is dit opvallend dat die oorgrote meerderheid nie bekend is met die persone rondom hulle nie. Oop spasies word gelaat tussen lidmate, terwyl ‘n groot groep lidmate ongewillig lyk om van hul sitplek te skuif om vir ander plek te maak (moontlik omdat hierdie hulle gereelde sitplek is).

3.3.2.2 Liturgiese orde

Met die toetrede tot die erediensruimte, speel agtergrond musiek wat ‘n rustige atmosfeer help skep. Voor in die liturgiese ruimte word die week se belangrikste afkondigings op drie groot dataskerms vertoon. Om 9:00 vm. word die gemeente deur die musiekgroep begelei in ‘n Loflied (die atmosfeer is egter baie bedrywig aangesien talle mense nog besig is om in te kom en sitplek te soek terwyl die lied gesing word, en word dit deur die navorser as steurend ervaar).

Na die sing van die loflied, word die verwelkoming deur een van die gemeenteleraars behartig, en word lidmate genooi om na mekaar toe te draai en mekaar te groet (dit is opmerklik dat hierdie gemengde reaksie onder persone ontlok, met talle wat mekaar vriendelik verwelkom, terwyl ander nie aan hierdie ritueel deelneem nie). Hierna word die omgeegroep-koördineerder na vore geroep, waartydens hy die komende “Jesus stuur ons” veldtog aan die gemeente bekendstel. Hierna word die kinders geleentheid gegee om die gemeentesentrum te laat verlaat, en na hul kindergroepe by Dissipel-land te gaan.

[33] Die gemeente beskik ook oor ‘n swart, vroulike predikant, wat dikwels in die aanddiens (Graffiti diens) en Sepedi diens preek. Die Sepedi diens bestaan uit ‘n klein hoeveelheid swart lidmate, wat hierdie diens bywoon.

Die gemeente word vervolgens in ‘n stil-word moment begelei deur die leraar, en na ‘n paar oomblikke van stilte, volg die Votum (in die woorde van 1 Johannes 4:7-9, “God is liefde”) en Seëngroet. Hierna word verdere tyd vir stil gebed gegee, waar die gemeente veral versoek word om te bid vir die komende 40 dae veldtog en die vrug daarvan in die lewe van die gemeente. Die fokus op gebed word verder versterk deurdat die leraar die gemeente wys op die funksie van die gebedskerse (lidmate kan ‘n kers aansteek, wanneer hul aan iemand dink of vir iemand bid, of as ‘n bewys van ‘n gebed wat deur God verhoor is), en die gebedskamer (waar lidmate na afloop van die diens kan gaan indien hul behoefte aan voorbidding het). Die gebedsmoment word afgesluit deur die sing van twee lofliedere.

Hierna stel die leraar die prediker aan die woord, wat tydens hierdie diens ‘n gasprediker is om die tema van die veldtog in te lei. Ná die bekendstelling volg die epiklese gebed, wat deur die leraar gebid word. Die prediking fokus ter inleiding op drie temas wat in die veldtog bespreek gaan word, naamlik: Leer leef saam met Jesus, Jesus maak ons heel en Jesus stuur ons, terwyl die Skriflesing (Matteus 28) in die preek ingebou is. Die prediking het ‘n besliste fokus op ‘n koninkryksperspektief, wat sigbaar word deur die selfopofferende liefde van Jesus, en beliggaam moet word deur die gemeente. Ter slotte word die gemeente daaraan herinner dat Jesus die mens stuur na plekke waar hy/sy reeds leef en bestaan, met ‘n verwysing na 1 Korintiërs 13 as die gawe van liefde wat daagliks deur God se kinders geleef moet word. Die prediking word afgesluit deur geleentheid te gee vir stil gebed en nadenke oor dit wat die Here deur Sy woord bekendgemaak het (lidmate word geleentheid gegee om op ‘n pamflet wat by die ingang uitgedeel is, die hoofgedagte van die prediking neer te skryf – ‘n gebruik wat elke Sondag tydens die veldtog sal plaasvind). Tydens hierdie oordenkingsmoment word daar ook aan lidmate geleentheid gegee om die naam van ‘n persoon, na wie die Here hom/haar stuur, op ‘n klippie te skryf – hierdie klippies word dan op die verhoog, langs die klipfontein geplaas – as ‘n verbintenis om na hierdie persone uit te reik in liefde, soos Jesus ons stuur.

‘n Aanbiddingslied word gesing, waarna geleentheid vir dankoffers gegee word. Na die dankoffers ontvang is, volg ‘n laaste paar afkondigings, waarna die diens afgesluit word met gebed en die seëngroet.

3.3.3 CHARISMATIESE GEMEENTE

Die gemeente is deel van ‘n groter netwerk gemeentes van dieselfde naam, en is geleë in die Ooste van Pretoria en word bedien deur ‘n bedieningsleier, kampus-pastoor en ander personeellede. Die gemeente se visie, soos verwoord op hul webblad,[34] is om “die vestiging van God se koningskap in die gemeenskap en stad ‘n realiteit te help maak”. Hierdie visie word verder verwoord deur drie fokuspunte, naamlik: *Knowing God, Loving Others and Impacting the World.*

Die gemeente bied drie eredienste aan: twee oggenddienste om 8:00 vm. en 10:00 vm., asook die aanddiens om 18:00 nm. Tydens al drie die dienste is daar ook kinder- en tienergroepe waar kinders op hul ouderdomsvlak bedien word. ‘n Privaat skool (vir leerders vanaf graad RR tot graad 12), wat Christelik-geloofsgebaseerde onderwys bied, word ook vanaf die gemeentesentrum bestuur. Op besoek aan die bedieningsleier, is bevestig dat die 8:00 oggenddiens as die gemeente se “primêre erediens” beskou word, aangesien hierdie diens die grootste deelname het, alhoewel dieselfde liturgie in beide oggenddienste gevolg word. Die erediens word “feesdienste” genoem, wat wys op die feestelike karakter waarmee die dienste aangebied word, iets wat kenmerkend van die Charismatiese liturgie is (vgl. Bradshaw 2002:106).

Tydens die oggenddiens, op grond van die navorser se persoonlike waarneming, het dit voorgekom asof, alhoewel die gemeente ‘n multi-kulturele en veeltalige (hoofsaaklik Engelse) bediening volg, die lidmate in die meerderheid wit, Afrikaanssprekende persone is (alhoewel daar wel ‘n klomp Engelssprekende persone is). Hierdie kan waarskynlik toegeskryf word aan die samelewingskonteks, naamlik: die Ooste van Pretoria, naby Moreletapark. Hier word ook nie na “lidmate” verwys nie, maar eerder “vennote”, om sodoende te beklemtoon dat ‘n persoon “inkoop” in die visie van die gemeente waarvan hy/sy deel word, en ‘n aandeelhouer in die bediening van die gemeente is. Hierdie is in lyn met die kenmerkende fokus van Charismatiese gemeentes, op die gawes van elke aanbidder, wat in die erediens en gemeentebediening neerslag moet vind (vgl. Bradshaw 2002:106).

[34] Die URL van die webblad word weerhou, ten einde die anonimiteit van die gemeente te verseker.

3.3.3.1 Liturgiese ruimte

Met sy aankoms by die gemeentesentrum, is die navorser verwelkom deur ‘n reuse parkeerarea, wat rondom die gemeentesentrum (wat volgens moderne argitektuur, grootliks uit ‘n reeks gekoppelde steengeboue bestaan) strek. Die gemeentesentrum het verskeie ingange wat toegang tot die liturgiese ruimte vanuit alle rigtings bied. Die hoofingang (aan die voorkant van die sentrum) lei direk tot ‘n inligtingsportaal, waar besoekers of nuwe vennote verwelkom word, en inligting rondom die gemeente beskikbaar is. Die ingang aan die linkerkant van die sentrum loop deur ‘n koffiewinkel, waar die geur van vars gebroude koffie die ruimte vul.

Die liturgiese ruimte is visueel stimulerend, maar amper tot so ‘n mate dat dit as visueel oorweldigend beskryf kan word. Die volle omtrek van die liturgiese ruimte word op visuele wyse ingekleur: koffietafels met gratis koffie staan voor, reg langs die verhoog, en die lidmate (wat vennote genoem word) kan regdeur die diens na willekeur koffie gaan skink. Sagte beligting skep ‘n gesellige, en tog gewyde atmosfeer, terwyl reuse dataskerms voor in die ruimte advertensies, afkondigings en uitnodigings na die talle sosiale media platforms van die gemeente uitbeeld. Agter in die liturgiese ruimte is die naam “Jesus” baie sigbaar teen die muur aangebring, terwyl die “in this house” metafoor op al wat beskikbare ruimte is aangebring is – ‘n duidelike uitbeelding dat hierdie gemeente hulself as ‘n huisgesin beskou[35]. Op die reuse verhoog, wat duidelik die sentrale liturgiese ruimte is, is daar geen teken van ‘n orrel, preekstoel of nagmaaltafel nie, maar wel ‘n papierstaander (vir die prediker se preek notas en Bybel), en ‘n verskeidenheid musiekinstrumente (tromme, akoestiese-, elektriese- en bas-kitaar, elektroniese klavier, en drie mikrofone) wat die gemeente binnekort, op kontemporêre (en dalk ook sekulêre) wyse in lofprysing en aanbidding gaan begelei. Daar is ook geen sigbare kruis in die hoof liturgiese ruimte nie.

Die liturgiese ruimte skep ‘n gesellige, informele en tog baie besige atmosfeer – met persone wat deurgaans (voor en tydens die diens) heen en weer stap op soek na die volgende beker koffie, of om in gesprek te tree met mede-vennote. Die ruimte beklee ook die sosiale-media sfeer, deurdat kykers wat deur middel van “live streaming” die diens op hul rekenaarskerms

[35] Op ‘n ander besoek aan die gemeente is die familie beeld uitgebeeld aan die hand van die “Family on a Mission” metafoor wat in die hart van die liturgiese ruimte uitgebeeld is (sien Addendum T).

bywoon, ook verwelkom word. Die liturgie word tweetalig (Afrikaans en Engels) aangebied, alhoewel Afrikaans duidelik die dominante taalvoorkeur is.

3.3.3.2 Liturgiese orde

Persone wat die liturgiese ruimte betree, word verwelkom deur ‘n CD wat vooraf aanbiddings-musiek speel en sodoende ‘n gewyde atmosfeer probeer skep. Die koffie-ritueel is ‘n baie duidelike en prominente deel van die liturgie, met koffie wat gratis beskikbaar is voor en tydens die feesdiens[36]. Die aanbreek van die diens wat volg, word aangekondig deur ‘n video wat die laaste paar minute voor die aanvang daarvan aftel – hierdeur word ‘n afwagting vir die diens wat volg op treffende en weereens visueel stimulerende wyse geskep. Die bedieningsleier (hierna as pastoor verwoord) van die gemeente verwelkom hierna alle persone by die oggenddiens, asook die kykers wat die diens op sosiale media bywoon. Na afloop van die verwelkoming volg die familienuus deur middel van ‘n video-opname, asook ‘n spreekbeurt deur bedieningskoördineerders.

Hierna het ‘n moment, wat as ‘n votum moment beskryf kan word, gevolg waar Psalm 1 tydens hierdie oggend gelees is, en die pastoor na die milde reëns wat die Here in die week wat verby is voorsien het, verwys. Hierna is die gemeente opgeroep tot danksegging aan die Here vir Sy voorsiening en getrouheid. Hierdie danksegging het plaasgevind in die vorm van lofprysing en aanbidding, wat ongeveer 30 minute geduur het. Die lofprysing en aanbidding kan as ‘n spontane, en vrye moment beskryf word, met persone wat kan sit, staan of dans (soos dit hul voorkeur is), en wat deurentyd onderbreek word deur vennote wat daartydens ‘n visioen of profetiese woord ontvang en dit dan van die verhoog af met die res van die gemeente deel[37]. Die lofprysing en aanbidding is afgesluit deur gebedsversoeke, met die pastoor wat hierna die gemeente in gebed begelei het. Hierna het nog afkondigings deur middel van ‘n reeks video’s spontaan gevolg.

[36] In die mond van die gemeente-leiers en lidmate, word daar nie na die dienste as eredienste verwys nie, maar eerder feesdienste, aangesien die opstandingsdag van Christus ‘n feestelike geleentheid is.
[37] Dit is opvallend dat die samesang en meelewing tydens die lofprysing en aanbidding aanvanklik ontbreek het, maar na die deel van ‘n profetiese woord deur ‘n vennoot merkwaardig toegeneem het.

Die pastoor het hierna die prediker aan die woord gestel. Die prediker is nie ‘n opgeleide pastoor of teoloog nie, maar wel ‘n direkteur van sy eie firma – ‘n persoon wat deur die leierskap van die gemeente identifiseer is as iemand met die gawe van prediking, en daarvolgens toestemming verleen is om as prediker in die gemeente op te tree. Die prediker is gemaklik geklee in ‘n denim en knopieshemp, en sy oordrag was deurentyd baie gemaklik en informeel. Die boodskap fokus op die tema: “Hoe leef ons in die wêreld” en wys die gemeente op die rol van die lense waardeur ons die wêreld beskou: die lens van die kontemporêre kultuur teenoor die lens van Jesus Christus se lewe en voorbeeld. Deur die loop van die prediking word verskeie losstaande teksverse, uit verskeie Bybelvertalings (ook in terme van taal), aangehaal om die punt onder bespreking te ondersteun – dit is duidelik dat die prediker ‘n tematiese benadering volg, en teksverse aanhaal wat, volgens hom, die tema ondersteun. Die woordverkondiging word afgesluit deur ‘n gebed, waarna ‘n slotlied gesing word, en nog ‘n gebed volg. Na afloop van die gebedsmoment, het nog afkondigings gevolg, en is die diens afgesluit deur ‘n uitnodiging aan besoekers of nuwe intrekkers om deel te word van die gemeentefamilie.

3.3.4 ROOMS-KATOLIEKE GEMEENTE

Die gemeente is geleë in ‘n nuwe uitbreiding aan die buitewyke van Pretoria-Oos, en het as ‘n gemeenskap van persone ontstaan, wat met verloop van tyd tot ‘n gemeente gegroei het. Hierdie Rooms-Katolieke gemeente, word bedien deur een 75-jarige priester van Portugese afkoms, wat in verskeie dialekte magtig is. Die ongeveer 500 lidmate van die gemeente is van verskillende tale en kulturele agtergronde, maar bestaan oorheersend uit persone van kleur, en die dekor, asook gemeentelike atmosfeer toon vervolgens ‘n duidelike Afrika-karakter. Hierdie word veral sigbaar in die gemeente se visie: “Renew Africa”. Die gemeente kan beskryf word as ‘n tradisioneel Rooms-Katolieke gemeente, in terme van kerkorde, struktuur, en ritueel (Davies 1991:319-322) met ‘n baie unieke Afrika dimensie.

Getrou aan die kenmerke van Rooms-Katolieke aanbidding, word daar in die bespreking van die erediens, na die erediens as die “mis” verwys (vgl. Bradshaw 2002: 310, 410-411; Davies, 1991:470-471.

3.3.4.1 Liturgiese ruimte

Met aankoms by die gemeentekompleks, was dit opmerklik dat daar ‘n diversiteit van persone (in terme van ras, geslag, en ouderdom) op die terrein rondbeweeg. Kinders het vrylik op die gemeentegronde rondgehardloop, onder die toesig van kategete. Verskeie tale was ook hoorbaar in die gesprekke wat tussen persone plaasgevind het. Daar was ‘n baie duidelike geselligheid en energie onder die persone teenwoordig.

Die gemeentesentrum (gebou volgens post-moderne argitektuur), is gebou op ‘n ruim oppervlak omring deur oop ruimtes van natuurskoon. Die vooraansig van die gemeentesentrum word byna ten volle gevul deur ‘n reuse kruis, wat van ‘n afstand af reeds sigbaar is. Die groot gemeentesentrum kom ietwat geslote aan die pad se kant af voor, aangesien daar geen deure of vensters aan die linkerkant is nie. Tog is die regterkant van die gemeentesentrum omring deur glasdeure en vensters, wat natuurlike lig na die sentrum laat deurdring, en aan lidmate ‘n uitsig bied op die natuurtonele wat die liturgiese ruimte omsluit. In die voorportaal van die gemeentesentrum is die navorser vriendelik verwelkom deur ‘n middeljarige dame, wat hom dadelik uitgenooi het na die gemeente se potjiekosgeleentheid (wat selfs ‘n orkes en biertent sou insluit, alhoewel jy ook jou eie wyn kan saambring indien jy dit so verkies) wat die komende naweek sou plaasvind.

By die ingange wat van die voorportaal na die erediensruimte strek, is waterbakkies geplaas waar lidmate (volgens die priester) hetsy aan hulle doop herinner kan word, of simbolies kan vra vir reiniging van hul oortredings, voordat hulle die erediens betree. Met die intrapslag trek die reuse tafel, wat in die hart van die liturgiese ruimte staan, dadelik die aandag, met die doopvont aan die regterkant en die kateder aan die linkerkant daarvan. Skilderye wat ‘n rooi kleed in verskillende natuurtonele uitbeeld, sorg saam met Afrika beeldkuns van biddende figure, vir die inkleding van die vooraansig van die liturgiese ruimte, terwyl kerse die liturgiese ruimte op verskeie plekke inkleur. Op 8 pilare is die woorde *prayer, action, understanding, hope, community, love* en *welcome* aangebring – ‘n sigbare uitbeelding van die waardes waarop die gemeente gebou is. In die hart van die liturgiese ruimte hang ‘n groot kruis met die gekruisigde Christus teen ‘n leiklip agtergrond – die liturgiese verloop is dus duidelik deur die ruimte uitgebeeld: van die kruis, tot die tafel, na die lidmate.

Aan die linkerkant van die liturgiese ruimte is ‘n tafel met gebedskerse, saam met uitbeeldings van die kruis, Jesus en Maria, langs ‘n mantel met die woorde: “Fill us with the power of the Holy Spirit to renew our world”. Ook aan die linkerkant is ‘n losstaande vertrek, wat presies dieselfde uitleg as die hoofruimte het, wat benut word vir dienste waar minder mense teenwoordig is. Die agterkant van die liturgiese ruimte word gevul deur uitbeeldings van die Via Dolorosa, asook ‘n tafel vanwaar die nagmaaltekens na vore gebring word later in die diens. Die liturgiese ruimte bestaan uit ‘n mengsel van oud en nuut, tradisioneel en kontemporêr – die houtbanke en steenmure staan in sterk kontras met byderwetse stellasies, dekor en dataskerms. Alhoewel die gemeente oor ‘n ruim liturgiese ruimte beskik, is die ruimte tot so mate deur verskillende elemente gevul, dat die gevoel van spasie by die navorser ontbreek het.

3.3.4.2 Liturgiese orde

Die mis se aanvang word aangekondig deur die lui van ‘n klokkie, waarna die gemeente spontaan opstaan terwyl die priester en sy gevolg van agter na die nagmaaltafel in die liturgiese ruimte beweeg, terwyl hy die gemeente lei in die sing van ‘n himne oor die opstanding van Jesus Christus. Hierna volg ‘n openingswoord wat fokus op die noodsaaklikheid vir skuldbelydenis, waarna die gemeente ‘n gesamentlike gesproke skuldbelydenis doen, waarna die priester, namens die gemeente by God pleit vir genade. Hierna het die gemeente ‘n himne, wat fokus op die grootheid van die Drie-Enige God, gesing, waarna die priester ‘n gebed namens die gemeente gebid het.

Ná die gebed het die eerste Skriflesing, wat fokus op Jesus as die hoeksteen, gevolg deur ‘n mede-liturg, vanaf die kateder (nie die tafel waar die priester is nie), waarna die gemeente ‘n gesamentlike geloofsbelydenis, genaamd: *You are the cornerstone*, gesing het, terwyl die priester vanaf die tafel na die kateder beweeg het. Ná die geloofsbelydenis het ‘n verdere Skriflesing, hierdie keer onder leiding van die priester (vanaf die kateder) gevolg, uit die evangelie volgens Johannes, wat fokus op Jesus as die Goeie Herder (aangesien dit Goeie Herder-sondag was), waarna die gemeente gesamentlik, deur middel van ‘n responsoriese antwoord, reageer het op die aanhoor van die teks. Hierna het die woordverkondiging plaasgevind met die fokus op die volmaakte offer van Christus, as voorbeeld vir ons eie lewe – die mens is nie hier vir onsself nie, maar om lewende offers te wees, wat vir God aanneemlik

is. Ná die woordverkondiging het die priester weer vanaf die kateder, na die tafel beweeg, waar hy die gemeente in ‘n responsoriese gebed vir siekes en die hernuwing van Afrika begelei het, waarna die eerste offergawes opgeneem is terwyl die sanggroep ‘n Afrika-lied, op die melodie van “Praat ek mens in engeletale” gesing het. Die dankoffers is na agter geneem, waar die altaarmeisies weer die nagmaaltekens geneem, na vore gebring, en aan die priester oorhandig het – waarna die nagmaal as volg bedien is:

- ‘n Responsoriese belydenis gevolg deur ‘n himne met die titel: *Eucharist prayer*.
- Hierna word die tekens van die brood en wyn ingestel deur die priester terwyl die gemeente nou ‘n knielende posisie ingeneem het (wat vir die volle duur van die nagmaal bediening sou duur). Die wyn word met water gemeng, as herinnering aan bloed en water wat uit Jesus se sy gevloei het, en die brood word gebreek.
- Hierna lui daar ‘n klok, waarna die priester die vredesgroet doen, en die gemeente vra om mekaar te groet met dieselfde vredesgroet. Na die vredesgroet bedien die priester die diakens (of dienswerkers) met die brood, waarna die dienswerkers saam met die liturg voor die tafel plek inneem, en die gemeente een vir een na vore kom, en met die brood bedien word. Elke lidmaat wat die brood ontvang, hurk geboë uit dankbaarheid, waarna die brood geëet word en die Drie-Eenheid teken vanaf die kop na die hart gemaak word (sommige lidmate draai hierna na die kruis met die gekruisigde Christus en hurk weereens voor die kruis). Hierna stap hulle met biddende hande terug na hul sitplek waar hulle weer kniel in gebed voor die Here.

Nadat almal met die nagmaal bedien is, sing die sanggroep weer ‘n himne, waarna daar weer ‘n klok lui en daar nou spesiale offers opgeneem word. Na dié offergawes volg die afkondigings en gebedsversoeke vir die week, en word die diens afgesluit deur ‘n seëngroet. Hierna bly die gemeente staan, terwyl die gevolg (soos hulle die diens begin het) nou van die liturgiese ruimte af uitbeweeg, waarna die res van die gemeente volg.

Op hierdie punt is dit nodig om die eredienservarings van gemeentelede en leraars met die observasies van die navorser, soos hierbo beskryf, in gesprek te bring, om sodoende ’n meer gebalanseerde en verteenwoordigende beeld met betrekking tot die erediens, te bekom. Deelnemende observasies, in oorleg met die stemme van die mede-navorsers, as deel van die

empiriese ondersoek, ontsluit nie net inligting wat nie deur blote literatuurstudie bekom sou word nie, maar lei verder tot ‘n dieper en meer omvattende navorsingsondersoek, waardeur ‘n roetekaart vir die ondersoek wat volg bekom kan word (Ammerman et al. 1998:199-207; Denny 2013:123; Grimes 2010:19-32).

3.4 DIE BETEKENIS EN IMPAK VAN DIE EREDIENS: IN GESPREK MET GEWONE LIDMATE

Persoonlike, semi-gestruktureerde onderhoude is met lidmate, van verskillende profiele, na afloop van die onderskeie eredienste gevoer. Die lidmate se eredienservarings is bespreek met dié navorsing se fokus op die erediens van die lewe, en dus die impak daarvan binne die dag-tot-dag bestaanswerklikhede van lidmate, as raamwerk vir die gesprek. Die lidmate is gepols oor hulle eredienservarings, asook verskeie liturgiese elemente en die impak daarvan op hul dag-tot-dag bestaan, nie net ten opsigte van dié een erediens nie, maar wel oor enige erediens of ander geleentheid wat vir hulle uitstaan. ‘n Fokusgroepgesprek is ook gevoer met leraars vanuit verskillende denominasies (sommige van die deelnemende gemeentes en ander van nie-deelnemende gemeentes), waartydens dieselfde vrae, wat aan die lidmate gestel is, aan die leraars gestel is om sodoende vas te stel of die oortuigings en ervarings van kerk-leierskap ‘n direkte impak op die erediensgebeure, en gevolglik op die identiteit en lewe van lidmate het, al dan nie (Berg 2004:123-132; Thumma 2008:203-208).

3.4.1 FOKUSPUNTE IN DIE GESPREK

Die raamwerk vir dié gesprekke is voorsien deur dié navorsing se fokus op die erediens van die lewe, en spesifiek die impak van die verskillende ontmoetingsmomente op die persoon se Christelike identiteit en lewenswyse, binne hulle alledaagse leefruimtes. Die drie ontmoetings van belang, soos dit in die voorafgaande studie identifiseer is, is gebruik as wegspringplek en die gespreksvrae is saamgestel met hierdie drie ontmoetings, asook verskeie liturgiese rituele in gedagte. Soos reeds in Hoofstuk 1 van hierdie navorsing genoem, is die primêre vraagstelling van hierdie navorsing: “Het die [Sondag]erediensgebeure ‘n effek op die gelowige individu se Christelike identiteit en lewenswyse?” ‘n Verdere vraag wat hiermee saamgaan is: “Word die praktiese betekenis van die verskillende liturgiese rituele op só wyse aan lidmate gekommunikeer, dat die praktiese implikasie daarvan vir sy/haar Christelike identiteit en bestaan, in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede verstaan en geleef kan word?” Hierdie

vraagstelling, saam met die navorsings-hipotese dat liturgie en lewe aan mekaar gekoppel is, en die liturgie lidmate se lewe wil help vorm, bied die raamwerk waarvolgens die onderhoudsvrae saamgestel is.

Tien primêre vrae is aan die mede-navorsers gestel, waarvan die fokus en bewoording saamgestel is op grond van dié navorsing se fokus op die verband tussen die erediens en die lewe, asook die voorafgaande studie (waarop hierdie navorsing voortbou) se geïdentifiseerde drie kernontmoetings, naamlik: die ontmoeting tussen God en mens, mens met mede-mens en ook mens met samelewing. Op grond van hul terugvoer is ‘n reeks opvolgvrae gevra ten einde verdere inligting te bekom oor die wyse waarop dié mede-navorsers die erediensgebeure toe-eien (Frijhof 1997:99-118; Stringer 2005). Die tien primêre gespreksvrae wat aan die lidmate gestel is, was:

1. Beskryf vir my wat jy verstaan met die erediens? Wanneer vind dit plaas, waar en vir hoe lank?
2. Vertel vir my van ‘n erediens wat ‘n definitiewe impak op jou lewe gehad het? Verduidelik wat hierdie erediens so spesiaal gemaak het?
3. Kan jy my vertel van enige intieme ontmoeting wat jy met God gehad het, in ‘n erediens of enige ander geleentheid? Wat was die impak van hierdie ontmoeting op jou en jou lewe?
4. Kan jy my vertel van ‘n spesiale ontmoeting wat jy met ‘n ander lidmaat in jou gemeente gehad het, tydens die erediens of enige ander geleentheid, indien enige?
5. Kan jy vir my vertel wat jy met die begrip “missionaal” verstaan? Vertel ook vir my watter impak dit op jou en jou lewe het, indien enige.
6. Kan jy vir my iets vertel oor die sakramente, die rol wat dit in julle gemeente, maar ook in jou eie lewe speel, indien enige?
7. Wat verstaan jy onder die term “prediking” of “woordverkondiging”?
8. Vertel vir my hoe jy dink oor die betekenis van die “seën” of “seëngroet”?
9. Vertel vir my hoe jy God sou beskryf? Wie is God vir jou en watter imvloed het dit op jou en jou lewe?
10. Dink jy die erediens het betekenis vir ons lewe na die dood, of ons lewe voor die dood? Verduidelik waarom jy so sê.

Die navorser maak ‘n keuse vir die “grounded theory” kwalitatiewe metode van data-analise, soos beskryf deur Kathy Charmaz (2006) en Barney Glaser (1978), om die bydraes van die mede-navorsers te analiseer. Die “grounded theory” metode bestaan uit sistematiese, tog buigbare, riglyne vir die insameling en analise van kwalitatiewe data, en het ten doel om teorieë vanuit die data self te konstrueer – anders gestel: ‘n metode waardeur eksegese van die kwalitatiewe data gedoen word, en sodoende ‘n meer wetenskaplik-verantwoordbare en objektiewe waardering van die data daar te stel (Charmaz 2014:1-2). Hierdie benadering bestaan uit drie fases, naamlik: 1) die induktiewe fase (open coding) waardeur aanvanklike kategorieë onderskei, en ‘n oop-kodering analitiese model ontwikkel, word; 2) die deduktiewe fase (selective coding) waartydens selektiewe data vir analise gekies word, op grond van die hipoteses wat tydens die fase van ‘open coding’ ontwikkel is; en 3) teoretiese kodering en die konstruksie van ‘n praxis teorie ten opsigte van die navorsingsfokus (Charmaz 2014:1-2; Pieterse 2010a:119-120; 2010b:104-113; 2011:96; 2013:175-195).

3.4.2 OOP KODERING

Die onderhoude is verdeel is betekenisvolle segmente, waaraan ‘n oop kode aan elke segment toegeken is (Pieterse & Wepener 2018:408). Die resultaat van hierdie oop kodering is as volg:

- **Mede-navorser A (60-jarige, wit, manlike lidmaat van ‘n NG gemeente in die Ooste van Pretoria):**

A1	Erediens word gesien as die samekoms van gelowiges (in die diens en groepe tydens die diens), op 'n Sondag, en waar volle liturgie uitgevoer word.
A2	Erediens het betekenis wanneer die woord op praktiese wyse "oopgebreek" word.
A3	Musiek en sang is belangrike liturgiese elemente in die erediens.
A4	Mede-navorser verkies 'n nie-tradisionele erediens en liturgie, waar daar kreatief en meer informeel met die liturgie en erediens omgegaan word.

A5	Predikant se aanbiedingstyl of persoon, asook lidmaat se voorkeure en gemoedstoestand speel ‘n rol in die erediensbelewenis, asook die impak daarvan.
A6	Mede-navorser het 'n behoefte om iets te leer in die erediens, of om antwoorde op lewensvrae te vind.
A7	Lidmate kom met behoeftes of verwagting na die erediens, in die hoop dat die erediens hierop van toepassing gaan wees.
A8	Afwisseling in die vorm van buite-predikers kan positief inwerk op die erediensbelewenis.
A9	Mede-navorser beleef 'n ontmoeting met God, namate die erediens hom uitdaag om introspeksie oor sy lewe te doen.
A10	Tematiese struktuur (praktiese en toepaslike temas) van die gemeente se eredienste, verhoog die positiewe belewenis en impak van die eredienste.
A11	Mede-navorser beleef nie regtig ontmoetings met die breër gemeenskap van gelowiges in die erediens nie - hierdie ontmoetings is beperk tot sy vrou, of vriende saam met wie hul na die erediens gaan.
A12	Missionaal word nie hoofsaaklik verstaan in terme van sending (na die buiteland) nie, maar daaglikse gemeenskapsbetrokkenheid.
A13	In terme van die sakramente het die doop geen impak op die mede-navorser tydens die erediens nie, maar wel die nagmaal - aangesien dit in gesinsverband aangebied word.
A14	Informele, en alternatiewelike wyses van Nagmaalviering, het 'n groter impak op die mede-navorser as die tradisionele, meer formalistiese bediening daarvan.
A15	Prediking of woordverkondiging word verstaan as die uitleg ("oopbreek") van 'n Bybelse teks, op 'n praktiese en toepaslike wyse, waardeur die lidmate of toegerus of bemoedig word.

A16	Prediking word gesien as die taak van die predikant.
A17	Die Seëngroet is die bevestiging van GOD se teenwoordigheid in 'n persoon se lewe - nie 'n belofte van welvaart en voorspoed nie.
A18	Godsbeelde in die prediking het 'n direkte invloed op die Godsbeeld van lidmate.
A19	Godsbeeld het verander van Almagtige, Toornige God na 'n GOD van liefde, wat ons liefhet en red selfs met ons foute, en nou van ons vra om vir Hom te lewe.
A20	Die erediens speel 'n belangrike geloofsvormende rol in die lewe voor die dood, wat gevolglik 'n impak gaan hê op die lewe na die dood.

- **Mede-navorser B (41-jarige, wit, vroulike lidmaat van ‘n NG gemeente in die Ooste van Pretoria):**

B1	Die erediens word gesien as die samekoms van gelowiges, by die kerk (alhoewel dit in ander ruimtes ook kan plaasvind), onder die toesig van die kerklike leiers.
B2	’n Erediens het 'n impak wanneer die mens God daar ontmoet - dikwels deur die "oopbreek" van die Woord, op 'n wyse waar God se stem binne 'n persoon se omstandighede gehoor word.
B3	Oppervlakkige en wettiese prediking het geen impak op die mede-navorser se lewe. Die Woord moet op praktiese, verstaanbare en toepaslike wyse "oopgebreek" word.
B4	Die Gees bemiddel die ontmoeting tussen GOD en mens in die erediens.
B5	Mede-navorser ervaar nie ontmoetings met die breër gemeenskap van gelowiges tydens die erediens nie, maar wel met haar gesin (spesifiek kinders).

B6	Missionaal word verstaan as die werk van sendelinge (en die ondersteuning van hierdie sendelinge), maar ook as die alledaagse betrokkenheid in die gemeenskap van lidmate.
B7	Geloof, gebed en vergifnis is belangrike missionale elemente binne 'n Suid-Afrikaanse konteks.
B8	Sakramente van doop en nagmaal het ten doel om ons geloof te versterk, in die wete dat GOD bemoeid is met die mens, en ons sonde vergewe sodat hy/sy vry kan lewe.
B9	Prediking of woordverkondiging is die "oopbreek" van die Woord, deur die prediker as instrument waardeur GOD se Woord op praktiese en toepaslike wyse gehoor word.
B10	Seëngroet word as ritueel ervaar, gewoonlik aan die einde van die diens, maar die mede-navorser is onseker oor die oorsprong daarvan. Die seëngroet herinner haar dat sy ook ander moet seën gedurende die week.
B11	Die mede-navorser beskou God as die Oorsprong van alles - sonder Hom is daar niks.
B12	Erediens speel 'n belangrike geloofsvormende rol, waardeur 'n persoon die ewige [nou reeds] ontvang.

- **Mede-navorser C (68-jarige, wit, manlike lidmaat van ‘n NG gemeente in die Ooste van Pretoria):**

C1	Die erediens is 'n formele geleentheid, wat plaasvind op 'n Sondag, en waar gelowiges saamkom om hulself van die buitewêreld af te sonder en die Here te ontmoet en te vereer.
C2	Die erediens het 'n impak wanneer daar ruimte vir 'n ontmoeting met God geskep - deurdat God mens ontmoet binne 'n lewenssituasie, of deurdat die mens iets nuut leer.
C3	Musiek en prediking is belangrike liturgiese elemente wat 'n ontmoeting met God help bemiddel.

C4	Alhoewel die erediens altyd betekenis het (danksy verskillende elemente), is dit steurend wanneer die prediker onvoorbereid voorkom.
C5	'n Ontmoeting met God geskied wanneer God se Woord van toepassing op die mens se omstandighede gemaak word, die mens iets nuut oor God leer of geloof versterk word.
C6	Ontmoeting met God vind plaas wanneer die mens se belewenis in die dag-tot-dag bestaan en die erediens met mekaar in aanraking kom.
C7	God ontmoet die mens deur die getuienisse van ander. Kleingroepe speel hier 'n belangrike rol.
C8	Missionaal word nie alleenlik gesien as sendingwerk (volgens die tradisionele verstaan nie), maar om in die alledaagse leefruimtes 'n dissipel te wees.
C9	God is 'n lewende Here, Skepper, Vader en alomteenwoordige.
C10	Onderling bestaan daar reeds liefde, omgee en verdraagsaamheid tussen mense wat verskillende tale en kulture.
C11	Doop het nie te make met die mens se redding nie, maar God se onvoorwaardelike liefde, en word as sinvol ervaar omdat dit skrifgetrou en met die nodige respek bedien word.
C12	Nagmaal se impak lê in die gemeenskaplike viering daarvan (in die gemeente of as omgeegroep), gepaard met die boodskap van sondebelydenis en vergifnis, asook die voorbeeld van Christus wat nagevolg moet word.
C13	Belydenisaflegging was sinvol ervaar aangesien dit aan die mede-navorser geleentheid gegee het om self te antwoord op die doopbelofte.
C14	Die erediens het betekenis vir die lewe voor die dood, aangesien dit die veilige oefenveld vir die lewe is.

C15	Die meer formalistiese en gedwonge manier van kerkwees in die verlede, is baie negatief en onsinvol ervaar.
C16	Die kerk leef nie haar doel uit nie, aangesien haar lidmate nie daarin slaag om hul roeping in die dag-tot-dag ruimtes uit te leef nie.

- **Mede-navorser D (26-jarige, wit, vroulike lidmaat van ‘n NG gemeente in die Ooste van Pretoria):**

D1	Erediens vind op Sondag plaas, by die kerkgebou, en gee rigting vir 'n persoon se Christelike lewe.
D2	Prediking (spesifiek praktiese skrifuitleg) is 'n belangrike liturgiese element wat aan die erediens waarde gee.
D3	Prediking wat nie toepaslik ervaar word nie, inhibeer die erediensbelewenis van lidmate.
D4	Die misterieuse "aanvoel" van God se teenwoordigheid in die erediens is 'n belangrike ontmoetings element.
D5	Die erediens het die mede-navorser gehelp in haar bekering, waarna haar totale uitkyk op die lewe en haar lewensdoel verander het.
D6	Omgeegroepe of selgroepe is belangrike ontmoetingsruimtes tussen lidmate.
D7	Missionaal word verstaan in terme van gemeenskapsbetrokkenheid en die roeping om daar 'n verskil te maak deur nood aan te spreek. Moraliteit is ook belangrik.
D8	Doop en nagmaal word as sinvol beleef, as herinneringstekens van dit wat God gedoen het. Afwisseling in die aanbieding van die nagmaal is verfrissend.
D9	Sakramente dien as rigtingwysers vir ons lewe in die dag-tot-dag bestaansruimtes.

D10	Woordverkondiging is die taak van leraars en lidmate - alhoewel op verskillende wyses.
D11	Seëngroet as ritueel het nie werklik 'n betekenis vir die mede-navorser nie, en word ervaar as 'n rympie wat weekliks herhaal word. Fokus is op persoonlike vrede.
D12	God word primêr as die Redder beskou.
D13	Erediens het impak op die lewe voor die dood (rigtingwysend) en daarom ook op lewe na die dood.

- **Mede-navorser E (20-jarige, wit, manlike lidmaat van 'n NG gemeente in die Ooste van Pretoria):**

E1	Erediens vind op Sondag plaas, vir een uur, rondom lofprysing en Woordverkondiging - volwassenes apart van skoolkinders.
E2	Erediens wat 'n impak maak is dié wat die mens help om hul doel in die lewe te verstaan.
E3	Persoonlike gemoed van lidmaat kan erediens belewenis inhibeer. So ook prediking wat as 'n lesing aangebied word (dus nie toepaslik en prakties van aard nie).
E4	Ontmoetings met God vind in gedesentraliseerde ruimtes plaas - soos byvoorbeeld 'n jeugkamp. Die simboliese handeling van voete was het die ontmoeting versterk.
E5	Mede-navorser ervaar nie ontmoetings met die breër gemeenskap van gelowiges nie, maar wel met sy gesin.
E6	Missionaal word verstaan as uitreik, om 'n verskil in ander se lewe te maak, en die Woord te verkondig.
E7	Binne 'n Suid-Afrikaanse konteks, behels missionaal om 'n verskil te maak waar God jou plaas, in stede van ontvlugting uit die moeilike omstandighede.

E8	Doop word gesien as die ouers se belofte aan die Here (namens die baba), terwyl belydenisaflegging die kind se antwoord hierop is.
E9	Nagmaal se betekenis word gevind in die fokus op skuldbelydenis en vergifnis.
E10	Woordverkondiging is die taak van die leraar en lidmate.
E11	Betekenis van die seëngroet is onduidelik. God se teenwoordigheid in die week word belowe.
E12	God is 'n Vader en Vriend.
E13	Erediens het betekenis vir die lewe voor die dood, as geleentheid waar God ontmoet word en rigting vir die lewe gevind word.

- **Mede-navorser F (53-jarige, wit, vroulike lidmaat van ‘n Charismatiese gemeente in die Ooste van Pretoria):**

F1	Erediens vind op 'n Sondag plaas (maar kan op enige dag geskied) waar mense uit die Woord geleer en bemoedig word.
F2	Die erediens het betekenis gekry namate die mede-navorser meer bewus geword het van die stem van die Gees.
F3	Die "oopbreek" van die Woord, op nuwe en praktiese maniere, gee impak aan die erediens. Mede-navorser koppel dit aan die Openbaring van God.
F4	Voor die mede-navorser se bekering het die erediens geen betekenis gehad nie - dit was blote godsdienstige gewoonte.
F5	God ontmoet die mens deur visioene.
F6	Die gevolg van bekering word verbind aan die geloof dat die Woord betroubaar en waar is.
F7	Ontmoeting met ander gelowiges het betekenis aangesien hulle dieselfde geloofsoortuigings (Gees) deel.

F8	Begrip "missionaal" is onbekend, waar sending en uitreik wel bekend is.
F9	Missionaal word verstaan as om die waarheid van die Woord te bring, en 'n verskil te maak in die alledaagse leefruimtes. Beeld van Sout en Lig baie prominent - asook om te "heers" waar jy geplaas is.
F10	Kinderdoop het nie werklik betekenis gehad nie - maar wel doop na bekering! Die doop het hier die betekenis van oorgawe aan Christus en die doop met die Gees.
F11	Nagmaal het die betekenis van om "deel te hê aan Christus".
F12	Sakramente bevestig en verseker jou van jou identiteit en outoriteit in Christus
F13	Woordverkondiging is almal se verantwoordelikheid - het die betekenis om die waarheid aan iemand bekend te maak, hulle te bemoedig of tereg te wys.
F14	Seëngroet is baie besonders, maar het ongelukkig 'n gewoonte geword wat sy betekenis onder mense verloor het.
F15	Seëngroet wat pertinent aan 'n Skrifgedeelte gekoppel word het meer betekenis - soos dié in Numeri.
F16	Die Woord (en die "oopbreek" daarvan) is in die hart van die mede-navorser se lewe en geloofservaring.
F17	Mede-navorser tref duidelik 'n onderskeid tussen Persone in die Drie-Eenheid.
F18	God as "Vader" is 'n belangrike Godsbeeld in die lewe van persone wat nie 'n positiewe verhouding met hul eie vader gehad het nie.
F19	God as Vader vergewe altyd weer en het die mens onvoorwaardelik lief.
F20	God word ontmoet in visioene of openbarings.

F21	Jesus word gesien as die mede-navorser se beste Vriend, wat haar vooruitgaan.
F22	Die Heilige Gees word gesien as Vriend, wat insig en wysheid gee.
F23	Die erediens het betekenis vir die lewe voor en na die dood. Die waarde daarvan is om 'n persoon te onderrig in die waarheid en jou lewe in lyn met God se waarheid te bring.

- **Mede-navorser G (20-jarige, wit, manlike lidmaat van ‘n Charismatiese gemeente in die Ooste van Pretoria):**

G1	Erediens vind enige plek en tyd plaas, waar gelowiges saam kom onder leiding van die kerklike leier, om God te aanbid.
G2	Stiltetyd, aanbidding en die openbaring van God se wil (veral in die vorm van 'n visioen) gee aan die erediens betekenis.
G3	Ontmoeting met God vind plaas deur die Heilige Gees (in die geval deur die spreek in ongewone tale).
G4	Die voorkeur van aanbiddingsmusiek, tegniese probleme of persoonlike omstandighede kan die erediensbelewenis inhibeer.
G5	Ontmoeting met mede-gelowiges het betekenis wanneer God se wil of waarheid deur twee of meer bevestig word.
G6	Missionaal word verstaan as om 'n "missie" of "visie" te hê, en dit is om nader aan God te groei en 'n impak in die wêreld te maak.
G7	Mede-navorser is onseker oor die betekenis van die begrip "sakramente".
G8	Doop word gesien as die afsterf van die ou liggaam en die nuwe lewe deur die Gees. Nagmaal word verstaan in terme van Jesus se opstanding en die gemeenskaplike viering daarvan.
G9	Woordverkondiging is die taak van alle gelowiges.

G10	Onderskeid word getref tussen "roeping" en "beroep" - jou beroep is die ruimte waar jou roeping uitgeleef word.
G11	Seëngroet speel nie 'n prominente rol (indien enige) in die liturgie van die gemeente nie.
G12	Die beteken en impak van die seën word baie persoonlik verstaan as "om geseënd te wees" en dat die week wat kom baie seëninge gaan inhou.
G13	God word gesien as die almagtige Hemelse Koning, maar ook as altydteenwoordige Beste Vriend.
G14	Godsbeelde van Vader, Vriend, ouer Broer, Beskermer en Voorsiener.
G15	Die erediens het betekenis vir die lewe voor die dood - hierdie lewe bepaal die lewe in die hiernamaals.

- **Mede-navorser H (42-jarige, wit, manlike lidmaat van ‘n Charismatiese gemeente in die Ooste van Pretoria):**

H1	Die erediens vind op 'n Sondag plaas wanneer daar in God se Woord gedelf word.
H2	Verskillende eredienste het verskillende fokusareas: Oggenddiens is Woordgesentreer terwyl die Aanddienste meer evangelies van aard is en op bekering gerig is.
H3	Die erediens het betekenis wanneer God se Woord op praktiese en toepaslike wyse kommunikeer word, en dan in die alledaagse ruimtes geleef word.
H4	Die erediens kry dieper betekenis namate die inhoud daarvan in omgeegroepe opgevolg en verder bespreek word.
H5	Persoonlike voorkeur van musiek beïnvloed die erediensbelewenis van lidmate.
H6	Aanbidding en Woordverkondiging is die sentrale elemente van die erediens.

H7	Dikwels vind 'n ontmoeting met God in die gedesentraliseerde ruimtes plaas (soos byvoorbeeld kampe of staproetes).
H8	Simboliek tydens aanbiddingsgeleenthede skep belangrike ontmoetingsruimtes.
H9	'n Ontmoeting met God help om die regte fokus in die lewe te bekom.
H10	Gelowiges beleef 'n behoefte aan meer tyd saam met God, maar vind dit uitdagend binne 'n druk besige samelewing.
H11	Ontmoetings met mede-gelowiges vind nie werklik in die erediens plaas nie, en word as baie oppervlakkig ervaar. Omgeegroepe of kleingroepe skep dieper en meer betekenisvolle verhoudings.
H12	Begrip "missionaal" is onbekend.
H13	Missionaal word nie verstaan in terme van Evangelisasie (in die ver plekke) nie, maar eerder om 'n impak in jou onmiddellike omgewing te maak.
H14	Daar bestaan 'n gevoel van magteloosheid oor die hoeveelheid nood wat in die wêreld bestaan, en die wyse waarop dit aangespreek kan word (indien wel).
H15	Persone wat klein gedoop word, verstaan nie die betekenis van die doop nie - dus het die doop nie die gewenste impak nie.
H16	Doop word verstaan as die bewys van 'n keuse wat gemaak word om saam met Christus te sterwe en te deel in Sy opstanding en nuwe lewe.
H17	Die doop is nie iets waaroor denominasie moet stry nie - dit is nie God se wil nie.
H19	Simboliek van die nagmaal tekens leef voort in die alledaagse ruimte - byvoorbeeld elke keer as brood geëet word. Dit herinner ons elke dag aan Jesus se liggaam.

H20	Die term "prediking" word negatief evalueer as eenrigtingkommunikasie.
H21	Die seëngroet vind nie regtig gestalte in die erediens nie - alhoewel dit wel betekenisvol is.
H22	Die impak van die seëngroet word gekoppel aan die krag van woorde wat oor mense se lewe gespreek word.
H23	Wanneer gelowiges mekaar seën moet daar baie versigtig gelet word om die inhoud van die seën, aangesien woorde groot krag het.
H24	God word gesien as 'n liefdevolle Vader.
H25	Die erediens het 'n impak op die lewe voor die dood, aangesien dit ons lewe hier en nou help vorm.

- **Mede-navorser I (28-jarige, wit, vroulike lidmaat van ‘n Charismatiese gemeente in die Ooste van Pretoria):**

I1	Die erediens is waar gelowiges saamkom om die Here te dien.
I2	Gemeenskap met gelowiges gee aan die erediens betekenis - tog ontbreek dit tans in dié (en ander) gemeente.
I3	Gemeenskap met gelowiges dien as rigtingwysers en ondersteuning vir die lewe.
I4	Rigiede erediens struktuur word negatief beleef.
I5	Rituele, soos belydenisaflegging, word grootliks uit gewoonte of pligsgevoel gedoen, sonder om die betekenis daarvan te begryp. Die impak daarvan ontbreek dus.
I6	God ontmoet die mens deur die werking van die Heilige Gees (hier spesifiek in die buitengewone gawes).

I7	Gelowiges worstel dikwels in die stilte met vrae, en geloofsonsekerheid, en begeer antwoorde hierop in die erediens.
I8	Gemeenskap met gelowiges bied ondersteuning in tye van nood of hartseer.
I9	God ontmoet die mens, in tye van nood, deur ander gelowiges en in drome of visioene.
I10	Die begrip "missionaal" is onbekend.
I11	Missionaal word nie verstaan in die sin van buitelandse sending en -evangelisasie nie, maar eerder om 'n impak te maak daar waar God elke mens geplaas het.
I12	Die erediens is slegs 'n klein deel van wat "kerk" is - die grootste deel vind neerslag in die uitleef van die kerk se roeping in die wêreld.
I13	Die kinderdoop is die geleentheid waar ouers 'n verbintenis teenoor die Here maak, terwyl die grootdoop 'n geleentheid is waarby die gelowige self sy/haar geloof in Jesus bely.
I14	Die nagmaal moet op gereelde basis gevier word en herinner ons aan die bloed en liggaam van Jesus, waardeur die mens selfondersoek na sy/haar lewe moet doen.
I15	Prediking is die verantwoordelikheid van enige persoon wat Woord van die Here ontvang - predikante ontvang net meer Woord omdat hulle meer tyd met God se Woord deurbring.
I16	Daar word nie regtig nagedink oor die betekenis van die seëngroet as liturgiese ritueel nie.
I17	Die seëngroet herinner die mens om tot seën vir ander te gaan wees.
I18	Die seëngroet as liturgiese ritueel, vind nie neerslag in dié gemeente se eredienste nie.
I19	God word as Pa gesien wat medelye met die mens het.

I20	Die erediens het betekenis vir die lewe voor die dood, aangesien dit 'n ruimte is waar die gemeenskap van gelowiges mekaar versterk en bemoedig om te volhard met die oog op Jesus se wederkoms.
I21	Die kerk gaan jou nie in die hemel kry nie, jy moet jouself daar kry.

- **Mede-navorser J (63-jarige, wit, manlike lidmaat van ‘n Charismatiese gemeente in die Ooste van Pretoria):**

J1	In die gemeente word die erediens eerder 'n "feesdiens" genoem.
J2	Die feesdiens vind op 'n Sondag plaas, en is die geleentheid waar gelowiges saamkom om God te aanbid en waar die Woord op relevante wyse verkondig word.
J3	Die tema van "vrygewigheid" is baie relevant vir die gemeente se omgewing en konteks.
J4	Die impak van die erediens word gemeet aan die wyse waarop die erediensboodskap relevant tot die leefwêreld van gelowiges gemaak word.
J5	Somtyds ervaar lidmate dat die boodskap net nie vir hulle bedoel is nie - in so geval word die erediens as minder betekenisvol ervaar.
J6	God ontmoet die mens deur Sy Woord in tye van swaarkry, onsekerheid of nood.
J7	Nie alle lidmate in 'n gemeente het tot bekering gekom nie, en beleef erediensbywoning en gemeentebediening as 'n godsdienstige ritueel.
J8	Lidmaat het tot bekering gekom in die gemeente waar hy "tuis gevoel het".
J9	Intieme vriendskap met mede-gelowiges is baie waardevol.

J10	Missionaal verwys na 'n persoon se missie in die lewe - om 'n verskil te maak waar God jou stuur. Jou roeping en jou passie of talente loop hand aan hand
J11	Nagmaal moet gereeld, en op alle geleenthede en ruimtes gevier word.
J12	Die nagmaal dien as herinneringsgeleentheid - waar die mens herinner word aan wat God vir ons gedoen het. Dit is ook 'n geleentheid waar jou sondes en bekommernisse neergelê kan word by die kruis.
J13	Kinderdoop is 'n geleentheid waar ouers 'n verbintenis teenoor God maak (met min of geen waarde vir die dopeling), maar grootdoop is 'n geleentheid vir persoonlike belydenis van geloof in Jesus Christus.
J14	Verskille rakende die sakramente inhibeer nie die gemeenskap met gelowiges van verskillende denominasies nie.
J15	Die nagmaal, meer as die doop, het betekenis vir die alledaagse lewe van lidmate.
J16	Woordverkondiging is enige persoon, wat Woord van die Here ontvang het, se verantwoordelikheid.
J17	Seëngroet as ritueel vorm nie deel van dié gemeente se erediens liturgie nie. Daar is egter behoefte daaraan.
J18	Die seën geskied deur middel van Woorde, asook fisiese of materiële seëning.
J19	God word beleef as Hemelse Vader, vanweë die afwesigheid van 'n aardse vader.
J20	Die erediens berei gelowiges voor vir 'n lewe hier op aarde, terwyl dit ons bewus maak van die lewe na die dood.

- **Mede-navorser K (73-jarige, wit, vroulike lidmaat van ‘n Rooms-Katolieke gemeente in die Ooste van Pretoria):**

K1	Die erediens vind op 'n Sondag by die kerk plaas en duur ongeveer een uur.
K2	Erediens waar die gawes van die Gees manifesteer het 'n impak op die gelowige se erediensbelewenis en lewe.
K3	God ontmoet die mens in tye van nood.
K4	Persoonlike ingesteldheid en gemoed impakteer op die erediensbelewenis.
K5	Omgeegroepe skep ruimte vir gemeenskap met mede-gelowiges waar wyshede met mekaar gedeel word.
K6	Missionaal beteken om 'n "missie" te hê, en hierdie missie is om aktief in die gemeente en lewe te wees.
K7	Die Woord van God bestaan uit God se instruksies vir die lewe, maar die instruksies word interpreteer deur die gemeente se geestelike leier (met 'n relevante teologiese opleiding).
K8	Missionaal beteken om in die voorbeeld en voetspore van Jesus te volg.
K9	Die missionale roeping van die kerk is 'n universele roeping, en het nie spesifieke implikasies vir die Suid Afrikaanse gemeenskap nie - dit behels die verligting van nood van mense met wie jou pad kruis.
K10	Mede-navorser is bekend met die sakramente in haar gemeente.
K11	Die sakrament van die huwelik bewerk genade, krag en energie om op 'n sekere wyse te leef en aan iemand verbind te wees.
K12	Die nagmaal dien as geestelike voedsel en energie vir die komende week. Skuldbelydenis is 'n vereiste om met vrymoedigheid die nagmaal te gebruik.
K13	Op ten minste vier geleenthede tydens die erediens word geleentheid vir skuldbelydenis gebied, waartydens die sonde wat in die week gedoen is bely word, en vergifnis ontvang word.

K14	Die doop wys op die inlywing tot die liggaam van Christus en is die sakrament waardeur die dopeling lid word van die gemeente.
K15	Prediking verwys na "instruksie of lering", terwyl Woordverkondiging "bekendmaking" beteken.
K16	Woordverkondiging is elke gelowige se verantwoordelikheid. Dit behels die bekendmaking van dit wat in die Bybel gevind word, asook menslike ervarings en getuienis.
K17	Die seëngroet vind aan die einde van die diens plaas en is die geleentheid waar ons God vra om hulp, leiding, intelligensie en genade.
K18	God is nie 'n fisiese realiteit nie, maar 'n wese van Liefde.
K19	Alhoewel God nie tot 'n bepaalde geslag beperk word nie, word Hy in die manlike vorm aangespreek.
K20	Die erediens het betekenis vir die lewe voor die dood, en bied riglyne vir hoe gelowiges daagliks moet lewe.

- **Mede-navorser L (27-jarige, swart, vroulike lidmaat van ‘n Rooms-Katolieke gemeente in die Ooste van Pretoria):**

L1	Die erediens is beide 'n gesamentlike (op 'n Sondag, saam met gelowiges, onder leiding van die Priester) en 'n individuele (persoonlike stiltetyd en Bybelstudie) geleentheid.
L2	Die erediens het impak wanneer die boodskap daarvan relevant tot die persoon se lewensomstandighede is.
L3	Die mede-navorser stem nie saam met sommige liturgiese rituele nie en neem daarom nie daaraan deel nie. Dit het egter tot skuldgevoel gelei.
L4	Die persoon en styl van die liturg kan die erediensbelewenis inhibeer.

L5	God wil die mens in alle tye en ruimtes besoek, maar die mens is nie altyd daarop ingestel nie.
L6	Die mede-navorser verkies gemeenskap met persone buite die gemeente, as binne die gemeente.
L7	Missionaal wys op die mens se roeping en lewensdoel, naamlik om 'n verskil te maak in die wêreld - hierdie roeping is nie beperk tot enige plek of ruimte nie.
L8	Kinders moet tyd gegun word om die betekenis van die sakramente beter te verstaan, voor hul aan die sakramente deelneem - andersins gaan die betekenis daarvan verlore.
L9	Kinders moet beter begelei word in gemeentes, sodat hulle nie verlore gaan na afloop van hul doop of belydenis nie.
L10	Die sakramente herinner aan die genade wat ontvang is, en nou verder aan ander uitgedeel moet word.
L11	Prediking verval in 'n eenrigting-kommunikasiemodus, wat negatief beleef word. Die behoefte van lidmate is om te verstaan wat die Woord vir hul lewe prakties beteken.
L12	Die vraag word gevra of die seëngroet slegs as 'n formule voorgelees word, en of dit werklik uit die hart van God kom.
L13	God bly 'n misterie wat tegelykertyd bekend en onbekend is, naby en ver is.
L14	Die erediens het betekenis vir die lewe voor die dood aangesien dit die mens se lewe help vorm. Die mense se lewe voor die dood bepaal egter jou lewe na die dood.

- **Mede-navorser M (30-jarige, swart, vroulike lidmaat van ‘n Rooms-Katolieke gemeente in die Ooste van Pretoria):**

M1	Die erediens vind op enige tyd en ruimte plaas, waar God se Woord openbaar, en God aanbid word.

M2	Aanbiddings-musiek skep belangrike ontmoetingsruimtes waar God en mens mekaar ontmoet, en wat aan die erediens sin en betekenis gee.
M3	Die erediens "benadering" inhibeer die impak daarvan, veral in gevalle waar dit nie met die persoon se spiritualiteit ooreenstem nie.
M4	God ontmoet die mens in tye van swaarkry en nood.
M5	Ontmoetings met ander gelowiges skep ruimte waar persone mekaar kan bemoedig en ondersteun.
M6	Missionaal is om jou kennis, geloof en besittings te deel met ander wat dit nie het nie.
M7	Sakramente is rituele waardeur genadegawes van God ontvang word.
M8	Prediking is die funksie van die prediker wat die Woord uitlê en verduidelik, terwyl Woordverkondiging die taak van elke gelowige is.
M9	Die seëngroet is die ritueel waardeur die mens vrede ontvang, en sodoende word die las van sy/haar skouers afgehaal.
M10	God is ons Vader, Redder, Verlosser, Versorger en Geneser.
M11	Die erediens het betekenis vir ons lewe voor en na die dood - dit is die ruimte waarbinne ons verhouding met God gevorm word, en hierdie verhouding bepaal ons lewe na die dood.

- **Mede-navorser N (67-jarige, bruin, vroulike lidmaat van ‘n Rooms-Katolieke gemeente in die Ooste van Pretoria):**

N1	Die erediens vind plaas op 'n Sondag, by die Moskee, waar gelowiges God aanbid en dank, en krag ontvang vir die week wat kom.
N2	Alhoewel die erediens altyd betekenisvol is, het spesiale dienste (soos begrafnisse of feesdienste) 'n groter impak op die mede-navorser se lewe.

N3	Die persoon en styl van die liturg inhibeer somtyds 'n lidmaat se erediensbelewenis.
N4	God ontmoet die mens in tye van swaarkry en nood.
N5	Omgeegroepe skep belangrike ontmoetingsruimtes tussen lidmate.
N6	Die mede-navorser is onseker oor die betekenis van "missionaal".
N7	Missionaal is om jouself te gee in diens van die Here, binne die gemeente, gemeenskap en wêreld.
N8	Missionaal, binne 'n Suid Afrikaanse konteks, behels om as beeld van God te lewe en goedgesind te wees teenoor alle persone.
N9	Die sakrament van die bieg bevry die gelowige van die skuldgevoel en las van sonde.
N10	Die nagmaal voed die liggaam en siel, en maak die gelowige bewus van die teenwoordigheid van God binne hom/haar as tempel van God. Dit roep gelowiges op om hul geloof te lewe.
N11	Die verband tussen die doop en oersonde word bevraagteken, maar tog aanvaar op grond van die Bybelse fundering daarvan.
N12	Woordverkondiging is die taak van elke gelowige. Die prediker, as opgeleide teoloog, speel 'n vormgewende rol in die inhoud van die Woord wat deur gelowiges verder uitgedra word.
N13	Die seëngroet is 'n baie formele wyse, waarop God as Vader die gelowige met vrede seën.
N14	God is moeilik om te beskryf, maar word verstaan as 'n wonderlike en heilige Wese, wat aan die mens sin en hoop vir die lewe gee.
N15	God is 'n Gees, 'n voortdurende Teenwoordigheid in die mens se lewe.

N16	Die erediens het betekenis vir die lewe voor en na die dood. Dit het 'n hoop- en rigtinggewende funksie vir die lewe voor die dood, en gee aan die gelowige 'n blik op die lewe na die dood.

- **Mede-navorser O (55-jarige, swart, manlike lidmaat van ‘n Rooms-Katolieke gemeente in die Ooste van Pretoria):**

O1	Die erediens vind op enige tyd en ruimte plaas, maar die formele samekoms van gelowiges by die Moskee (op Vrydae, Sondae of Spesiale dae) het 'n unieke betekenis.
O2	Erediensbywoning is baie goed tydens spesiale dienste (dienste van verpligting, soos bv. Goeie Vrydag), maar neem af tydens "gewone" eredienste.
O3	Eenstemmigheid in die liturgie wat deur alle gemeentes in die denominasie gebruik word, skep 'n bekende en veilige ruimte vir lidmate, ongeag waar hulle die erediens mag bywoon.
O4	Aanbidding is in die hart van die erediens.
O5	’n Gebrek aan deelname belemmer die impak van die erediens.
O6	Gemeenskap met die mede-gelowiges is gemeenskap met Christus, aangesien Christus in ons woon.
O7	Omgeegroepe is ruimtes waar die gemeenskap met gelowiges gestalte vind, en gelowiges mekaar se geloof versterk en saam soek na die waarheid van God se Woord.
O8	Gelowiges verloor dikwels as jong volwassenes belangstelling in die kerk, en bevraagteken die betekenis van kerklike gebruike en rituele.
O9	Die Engelse (en moontlik Afrikaanse) Bybelvertalings verskil dikwels van die leefwêreld van die Afrika-gemeenskappe, wat die begrip van die Bybel uitdagend maak.
O10	Aanbiddings-musiek, veral himnes, raak die hart van die mede-navorser op 'n onverklaarbare wyse.

O11	God ontmoet die mens op besondere wyse tydens spesiale tye in die kerkjaar, soos Goeie Vrydag en Paassondag. Hierdie geleenthede versterk gelowiges se geloof.
O12	Eredienste wat 'n impak wil maak moet sensitief wees vir vrae en geloofsonsekerhede waarmee gelowiges die erediens betree. Eredienste wat daarin slaag om antwoorde op lewensvrae te bekom het 'n groter impak.
O13	Gelowiges se behoefte om geloofsake beter te begryp, het te make met hul begeerte om die waarheid met ander te kan deel.
O14	Omgeegroepe skep ruimte vir meer intieme vertrouensverhoudings tussen gelowiges.
O15	Die mede-navorser is onbekend met die begrip "missionaal".
O16	Missionaal het te make met evangelisasie.
O17	Evangelisasie behels meer as die gebruik van woorde, maar is 'n lewenswyse waardeur ander met Christus in aanraking kom.
O17	God ontmoet die mens in tye van siekte en bekommernis, deur die gebede, omgee en ondersteuning van ander persone.
O18	Die mede-gelowige gaan selektief om met die sakramente, op grond van sy belewenis van die sin daarvan.
O19	Die betekenis en sin van die sakrament van die bieg, word bevraagteken.
O20	Die sakrament van die doop, nagmaal en belydenisaflegging, word deur kinders/jongmense uit gewoonte gedoen, sonder om die betekenis daarvan te begryp.
O21	Prediking is om betekenis te gee aan die Skrifgedeelte wat gelees is, en is die taak van 'n opgeleide kerklike leier.
O22	Tydens prediking word daar meer aandag gegee aan die antieke Bybelse konteks, as aan die konteks van die gelowiges vandag.

O23	Die seëngroet verseker gelowiges van die Here se beskerming tot die volgende erediens.
O24	Die Westerse beeld van God, as wit Man, is moeilik om mee te assosieer binne 'n tradisionele Afrika konteks.
O25	God kan nie 'n fisiese realiteit of mens wees nie, alhoewel die mens wel as Sy beeld geskape is. God is 'n heilige Wese.
O26	Die erediens versterk 'n persoon se geloof, wat aan die gelowiges hoop gee vir die lewe na die dood.

3.4.2.1 Kategorieë as die resultaat van Oop kodering

Die kernkode (op grond van die oop kodering fase) waarmee die ander kodes verband hou, is: "Die erediens het betekenis vir die lewe van gelowiges, mits die boodskap daarvan hul lewensomstandighede aanspreek, en hul lewensdoel help verstaan". Kodes wat oor dieselfde inhoud beskik is hierna in aanvanklike kategorieë geplaas, op grond van hul verwantskap met die kernkode. 'n Kategorie is 'n unieke inhouds-eenheid, wat nie oorvleuel met 'n ander kategorie nie (Pieterse & Wepener 2018:408-410). Die aanvanklike kategorieë sien as volg daarna uit:

Kernkategorie: Die erediens het betekenis vir die lewe van gelowiges, mits die boodskap daarvan hul lewensomstandighede aanspreek, en hul lewensdoel help verstaan.	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** K20, L14, L2, M12, N16, O12, O22, O26, O8, A20, A6, A7, B12, B3, C14, C5, C6, D13, D2, D3, D5, D9, E13, E2, F23, G15, H10, H25, H3, I20, I7, J20, J4, J5. **Versterk deur kodes (selektiewe kodering):** P2, Q9, R6, S13.
Kategorie 2: Gelowiges verstaan hul missionale roeping binne die konteks van hul alledaagse lewe.	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** 017, K6, K8, K9, L7, M6, N7, N8, O13, O16, A12, B6, B7, C16, C8, D7, E6, E7, F9, G10, G6, H13, H14, I11, I12, J10, J3. **Versterk deur kodes (selektiewe kodering):** P4, Q5, R4, S7, S8.

Kategorie 3: Die erediens is die samekoms van gelowiges, rondom God se Woord en waar God aanbid word (en vanwaar gelowiges uitgestuur word om die boodskap daarvan uit te leef).	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** K15, K16, K7, L1, L11, M1, M2, M8, N1, N12, O1, O10, O21, O4, O5, O6, O9, A1, A15, A16, A2, A3, B1, B9, C1, C12, C3, D1, D10, E1, E10, F1, F13, F16, F3, F6, G1, G2, G4, G9, H1, H2, H20, H4, H5, H6, H8, I1, I15, I2, I3, I8, J16, J2, J8, J9. **Versterk en aangevul deur kodes (selektiewe kodering):** P1, P6, Q1, Q2, Q3, Q7, R1, S1, S10, S2, T1, T10, T7.
Kategorie 4: God ontmoet die mens binne hul lewenswerklikhede	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** K3, L5, M4, N14, N15, N4, O17, A9, B2, C2, E4, F20, F5, H7, H9, I9, J6. **Versterk deur kodes (selektiewe kodering):** P3, Q4, S5, S6, T4, T6.
Kategorie 5: Die liturg se persoon en styl beïnvloed impak van die erediens	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** L4, M3, N3, A10, A4, A5, A8, C15, C4, E3, I4. **Versterk deur kode (selektiewe kodering):** S12.
Kategorie 6: Omgeegroepe en gesinne skep meer betekenisvolle gemeenskaps-ruimtes as die erediens.	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** K5, L6, M5, N5, O14, O7, A11, A14, B5, C10, C7, D6, E5, F7, G5, H11, J11. **Versterk deur kodes (selektiewe kodering):** R2, S4, T5.
Kategorie 7: God word primêr as liefdevolle Vader geken.	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** K18, K19, M11, N13, A18, A19, C9, E12, F18, F19, G14, H24, I19, J19. **Versterk deur kodes (selektiewe kodering):** P7, Q8, R5, T11.

Kategorie 8: Die diepte van betekenis en doel van die verskeie liturgiese rituele is vir lidmate onbekend.	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** K11, K12, K13, K14, K17, L10, L12, L3, L8, L9, M7, M9, N10, N11, N9, O18, O19, O20, O23, A13, A17, B10, B8, C11, C13, D11, D8, E11, E8, E9, F10, F11, F12, F14, F15, F4, G11, G12, G7, G8, H15, H16, H19, H21, H22, H23, I13, I14, I16, I17, I18, I5, J12, J13, J15, J17, J18, J7. **Versterk deur kodes (selektiewe kodering):** Q6, S11, S3, T8, T9.
Kategorie 9: Die werking van die Heilige Gees gee aan die erediens betekenis.	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** K2, B4, D4, F2, F22, G3, I6. **Versterk deur kodes (selektiewe kodering):** T2, T3.
Kategorie 10: Liturgiese taalgebruik beïnvloed die impak van die erediens op gelowiges se identiteit en lewe.	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** N6, O15, O24, F8, H12, I10, I21, J1. **Versterk deur kode (selektiewe kodering):** S9.
Kategorie 11: Spesiale dienste (soos bv. Goeie Vrydag, Paassondag, Kersdag) word belangriker geag as "gewone" eredienste.	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** N2, O11, O2, O3.

3.4.3 SELEKTIEWE KODERING

Getrou aan die “Grounded Theory” benadering, is ‘n tweede fase van inhouds-analise uitgevoer. Hierdie fase staan bekend as selektiewe kodering, en het ten doel om die aanvanklike kategorieë (soos deur die proses van oop kodering identifiseer), te versterk of met addisionele eienskappe aan te vul (Charmaz 2014:1-2; 138-160; Pieterse & Wepener 2018:411). Die fokusgroeponderhoud, wat met vyf leraars van verskillende denominasies gevoer is, word vir hierdie doeleindes in hierdie navorsing verreken.

- **Mede-navorser P (wit, manlike leraar van ‘n NG gemeente in die Ooste van Pretoria):**

P1	Die erediens vind op 'n Sondag plaas, in verskillende groepe waar gelowiges bymekaar kom om te leer en uitgestuur te word.

P2	Die erediens het betekenis wanneer dit die mens bewus maak van sy/haar roeping en doel in die lewe.
P3	God ontmoet die mens binne sy/haar lewensomstandighede en waar die erediens relevant tot sy/haar lewe is.
P4	Missionaal beteken om nuut te dink oor God, die mens en die wêreld, terwyl God se liefde oral uitgeleef word.
P5	Die sakramente herinner die gelowiges dat hy/sy 'n ontvanger van genade is, sodat hierdie genade verder uitgedeel kan word.
P6	Die Woordverkondiging en seëngroet is primêr die dominee se verantwoordelikheid, maar missionaal gesproke ook elke gelowige se roeping.
P7	God word gesien as Koning, Lig en Liefde.
P8	Die mede-navorser dink nie baie aan die lewe na die dood nie.

- **Mede-navorser Q (wit, manlike leraar van ‘n NG gemeente in die Ooste van Pretoria):**

Q1	Die erediens is die ruimte waar God sy gelowiges saam as gemeente ontmoet, rondom die Woord, waar God geloof en prys word, en gelowiges gestuur word om die Woord te gaan lewe.
Q2	Die erediens is die ruimte waar alle gelowiges saam vergader, en vanwaar hulle ook saam gestuur word.
Q3	Die erediens is die samekoms van gelowiges, rondom God se Woord, terwyl hul saam God aanbid.
Q4	God ontmoet die mens in tye van swaarkry en nood, dikwels deur die ondersteuning van mede-gelowiges.
Q5	Missionaal kan nie individualisties verstaan word nie, maar is 'n gesamentlike roeping vir die geloofsgemeenskap as geheel.
Q6	Die sakramente wys op God se getrouheid en liefde, en het veral impak wanneer dit in krisistye aan gelowiges bedien word.

Q7	Die Woordverkondiging en seëngroet is eerstens die taak van opgeleide geestelike leiers, maar sodat die gemeente dit verder sal uitdra na buite.
Q8	God word gesien as Vader wat intiem teenwoordig in Sy kinders se lewe is.
Q9	Die erediens het betekenis vir die totale lewe (voor en na die dood).

- **Mede-navorser R (wit, vroulike leraar van 'n Wesliaanse gemeente in die Ooste van Pretoria):**

R1	Die erediens is 'n besondere geleentheid waar die hele gemeente saamkom, om die Here te aanbid, en deur die Woord geleer en toegerus te word sodat hulle daarvolgens kan gaan lewe.
R2	God ontmoet die mens deur die getuienis van ander gelowiges.
R3	God ontmoet leraars dikwels deur hul eie eredienservaring.
R4	Missionaal moet meer behels as bekering van ongelowiges, maar moet fokus op dissipelmaking waardeur persone begelei word tot geestelike volwassenheid.
R5	God word beleef in die wonder van Sy liefde vir die mens.
R6	Die erediens het betekenis vir die totale lewe (voor en na die dood).

- **Mede-navorser S (wit, manlike leraar van 'n Charismatiese gemeente in die Ooste van Pretoria):**

S1	Die erediens is die samekoms, by die tempel, van die hele gemeente, waar God aanbid word, en deur die Woord toegerus en gestuur word na die wêreld.

S2	God ontmoet die mens op persoonlike en intieme wyse, selfs te midde van die samekoms van gelowiges.
S3	Die mede-navorser het deelgeneem aan die liturgiese rituele, soos belydenisaflegging, maar het nie 'n verhouding met God gehad nie.
S4	Die samekoms van gelowiges skep 'n ruimte waardeur God die mens kan ontmoet in mekaar se getuienisse.
S5	God ontmoet die mens in tye van swaarkry en nood.
S6	God openbaar Homself aan die mens, in dade van gehoorsaamheid en diens.
S7	Missionaal is om diensbaar in die kerk te wees, maar ook om gebruik te word in die alledaagse leefruimtes.
S8	Missionaal beteken om Jesus se leer en lewe na te boots in ons optrede teenoor ander.
S9	Die doop en nagmaal is aan mekaar verbind - beide het te make met dood en nuwe lewe!
S10	Woordverkondiging is die taak van enige Geesvervulde gelowige. Tog moet die Woord verantwoordelik verkondig word.
S11	Die seëngroet speel nie 'n belangrike rol in die erediens nie, maar wel in die daaglikse leefruimtes.
S12	Orde in die erediens liturgie is belangrik, alhoewel orde nie gelykstaande aan rigiditeit is nie.
S13	Die erediens het betekenis vir die lewe voor en na die dood. Die lewe voor die dood is die oefenveld vir die lewe na die dood.

- **Mede-navorser T (wit, manlike leraar van ‘n Charismatiese gemeente in die Ooste van Pretoria):**

T1	Die erediens is tegelykertyd die samekoms van die gemeente as geheel, en ook in kleiner groepe, rondom God se Woord, sodat haar geloof sigbaar vir die publiek kan wees.
T2	In die erediens ontmoet God die mens deur die werking van die Heilige Gees.
T3	God ontmoet die mens deur die persoon en werking van die Heilige Gees.
T4	God ontmoet die mens deur die openbaring van Sy wil en roeping vir hul lewe.
T5	God ontmoet die mens deur die verhale en getuienis van mede-gelowiges.
T6	Missionaal word verstaan as die roeping van elke gelowige, om die evangelie van Christus te versprei, op so 'n wyse dat dit die omstandighede en konteks van mense in ag neem,
T7	Die gemeente, as gemeenskap van gelowiges, is die ruimte waar 'n missionale bewussyn gevorm word.
T8	Die sakramente is verbondstekens wat wys op God se genade, wat 'n nuwe lewenswyse tot gevolg moet hê.
T9	Gelowiges moet voortdurend herinner word aan die volle betekenis en impak van die sakramente, sodat dit nie net uit gewoonte gebruik word nie.
T10	Woordverkondiging is die roeping van elke gelowige, maar die gemeente se geestelike leier moet sorg dat dit op verantwoordelike wyse geskied.
T11	God word geken as Vader wat aan die mens beskerm en aan hom identiteit en betekenis aan die lewe gee.

3.4.3.1 Die resultaat van selektiewe kodering

Die bydraes van die vyf leraars stem grootliks ooreen met dié van die aanvanklik mede-navorsers, met die gevolg dat dit grootliks die aanvanklike kategorieë versterk. Die

kernkategorie, asook kategorieë 2, 4, 5, 6, 7, 8, 9 en 10 is verder versterk, terwyl kategorie 3 (die erediens is die samekoms van gelowiges, rondom God se Woord en waar God aanbid word) versterk en aangevul is deur die byvoeging van "en vanwaar gelowiges uitgestuur word om die boodskap daarvan uit te leef". Die resultaat van die selektiewe kodering word in die bogenoemde kategorieë-tabel telkens in rooi aangedui.

3.4.4 TEORETIESE KODERING

Die fase van teoretiese kodering (die derde fase volgens "grounded theory"), het ten doel om 'n praxis teorie, op grond van die empiriese ondersoek, daar te stel. Die kategorieë word in verhouding met die kernkategorie geplaas, om sodoende die ontluikende praxis teorie te verken. Vir die doeleindes van die navorsing wat volg, word die kategorieë verwerk na twee konsepte, naamlik: *die erediens en die lewe*; asook *die erediens in lewe* (die klem is op die verband tussen die "en" en die "in").

Die kernkategorie stel dit duidelik dat die erediens wel 'n impak op die lewe van gelowiges het, mits die inhoud daarvan relevant tot hul dag-tot-dag lewenswerklikhede is, en hulle help om hul bestaansdoel beter te begryp. Kategorieë 8 en 10 ondersteun nie net hierdie kernkategorie nie, maar waarsku verder dat die erediens egter nie altyd hierin slaag nie. Daarom is fokus die eerste konsep, die erediens ***en*** die lewe, op die verband tussen die erediens en die lewe van die gelowige individu. Kategorie 3 wys verder daarop dat die erediens die samekoms van gelowiges rondom God se Woord is, en vanwaar gelowiges uitgestuur word om die boodskap daarvan te gaan uitleef in hul alledaagse leefruimtes. Kategorie 2 versterk hierdie gedagte deur daarop te wys dat gelowiges toenemend hul missionale roeping verstaan binne die konteks van hul dag-tot-dag bestaansruimtes. Daarom is daar besluit op die tweede konsep, naamlik: die erediens ***in*** die lewe, wat wys op die erediens wat dus voortleef in en deur die lewens van gelowiges. Hierdie twee konsepte moet egter nie in afsondering gesien word nie, aangesien dit onlosmaaklik aan mekaar verbind is en uit mekaar vloei, op mekaar inspeel en in die proses mekaar versterk (of verhinder). Wanneer die Sondag-erediens relevant is tot die lewensvrae- en omstandighede van lidmate, sal die impak daarvan tot gevolg hê dat die erediens voortleef gedurende die week in die alledaagse leefruimtes van gelowiges. Hierdie praxis teorie kan op grafiese wyse, aan die hand van die beeld van die uurglas uitgebeeld word:

Grafiek 1: Praxis Teorie – Die uurglas



Net soos die uurglas se twee helftes mekaar voed (soos wat die uurglas gekantel word), net so voed die Sondag-erediens, die erediens van die lewe – hetsy op ‘n positiewe of negatiewe wyse, en andersom. Alhoewel hierdie twee konsepte onlosmaaklik aan mekaar verbind is, en mekaar beïnvloed, wil dit vanuit die empiriese ondersoek blyk dat hul egter steeds as unieke en selfstandige gebeure beskou word. Die Sondag-erediens kan plaasvind, onafhanklik van die alledaagse leefruimtes van die gelowige individu (en word terloops deur van die mede-navorsers juis gesien as ‘n geleentheid waar hy/sy kan ontvlug van die uitdagings van die lewe). Net so sal die erediens van die lewe steeds afspeel, ongeag of die individu die Sondag-erediens bywoon, al dan nie. Dus is die twee konsepte nie met mekaar vermeng nie, maar is hulle eerder twee helfdes van die uurglas, wat heen en weer gekantel word, en mekaar in die proses help vorm. Die Sondag-erediens is ‘n geleentheid waar lidmate toegerus en bemoedig word vir die komende week, en gepaardgaande uitdagings, terwyl die lidmate weer na aanleiding van die week se gebeure, die erediens met ‘n klomp vrae en verwagtinge betree. Cilliers (2004) wys daarop dat die erediens die ruimte is waar die stem van die lewende God deur lidmate gehoor word, en dat hierdie stem (wat ook deur die geskrewe teks aan die woord kom) gelowiges wil leer, toerus, bemoedig, aanspreek en verander. Dit is egter nie net God wat in die erediens praat nie, maar ook die gemeente, wat vanuit hul lewenswerklikhede die erediens betree, en hul

lewensvrae en probleme na die erediens saambring. Die bemoediging, toerusting, hoop en leiding wat gelowiges tydens die erediens ontvang, neem hulle saam na die alledaagse leefruimtes, en word hul dag-tot-dag ervarings en belewenisse, daardeur beïnvloed en selfs moontlik gevorm.

Bernd Wannenwetsch, soos veral uiteengesit in *Gottesdienst als Lebensform - Ethik für Christenbürger* (Wannenwetsch 1997) verwys na die erediens as lewensvorm, ter verduideliking van die verband tussen die erediens en die lewe, en verstaan daarvolgens die erediens as die ruimte wat die leefwêreld en belewenisse van Christene ingetrek en verenig word. Wat lidmate tydens die erediens beleef en beoefen, beliggaam en leef hulle in die alledaagse leefruimtes. Smit (2002:130) wys op hierdie verstaan van Wannenwetsch, rakende die erediens as lewensvorm, en verduidelik dat die erediens en die lewe, nie as onafhanklike, lostaande gebeure beskou moet word nie, maar inderdaad onlosmaaklik aan mekaar verbind is. Hy stel dit as volg:

> Die doelbewuste "as" wil verseker dat hierdie treë nie weer verselfstandig word, as 't ware as treë na buite, na ander lewenssfere, wat ook nog bestaan, en wat een of ander vorm van vertaling, bemiddeling, toepassing, of wat ook al, van die aangeleerde etiek sou benodig nie. Daar is een werklikheid, die ekklesia-as-polis-in-die-gestalte-van-erediens, en daarbinne leef Christene ook ekonomies en polities.

Smit (2002:126-127) stem saam dat daar beslis 'n verband tussen die erediens en die lewe bestaan, en noem tereg dat daar egter geen eenstemmigheid oor die aard van hierdie verband bestaan nie. In die hoofstukke wat volg, wil hierdie navorsing 'n bydra lewer ten opsigte van 'n dieper begrip rakende die aard van die verband tussen die erediens en die lewe, en hoe die erediens en lewe op mekaar inspeel en mekaar vorm.

3.5 SAMEVATTING

In dié hoofstuk is enkele persoonlike observasies oor die eredienste van drie gemeentes, van verskillende denominasies, in die Ooste van Pretoria, deur die navorser gemaak, waarna die eredienservarings van gewone lidmate van dié gemeente ondersoek is. Die erediensbelewenis van vyftien lidmate en vyf leraars (van verskillende gemeentes en denominasies, in die ooste van Pretoria) is ondersoek, met die doel om die impak (of gebrek daaraan) van die erediens op

die lewe van gelowiges te verken. Die insigte van die mede-navorsers is verwerk aan die hand van die "grounded theory" kwalitatiewe metode tot data-analise, met die doel om roetemerkers vir die navorsing wat volg te identifiseer, as deel van die taak van "priestly listening", soos deur Osmer (2008) verduidelik.

Met die oog op die bespreking in die hoofstukke wat volg, is dit belangrik om enkele observasies ten opsigte van die verskille en ooreenkomste (in terme van die liturgie, asook die menings of belewenisse van die mede-navorsers) vanuit die onderskeie denominasies, te maak. Ten opsigte van die liturgiese ruimte, is dit opvallend dat die kruis, in die NG gemeente, sowel as die Rooms-Katolieke gemeente, die middelpunt van die liturgiese ruimte uitmaak en inderdaad die fokuspunt daarvan is – dit terwyl die kruis in die sentrale liturgiese ruimte van die Charismatiese gemeente ontbreek. In beide die NG- en Charismatiese gemeente, word die liturgiese gebeure uitgevoer vanaf die sentrale liturgiese ruimte, wat in die vorm van 'n verhoog ingerig word, met die lidmate wat in blokke in die sentrum versprei sit. Hierdie wyse van inrigting, toon baie ooreenkomste met 'n tipiese verhoogproduksie, waar die oë van die "gehoor" op die verhoog gerig is, en hulle toeskouers is van die produksie wat besig is om af te speel. Daar is wel duidelike pogings by beide hierdie gemeentes, om lidmate deel te maak van die erediensgebeure, maar hierdie deelname word grootliks beperk tot die sing van liedere, gesamentlike gebede, en responsoriese formules. Hierteenoor, is daar in die Rooms-Katolieke gemeente duidelik beweging tydens die erediens, en word die gelowiges reg deur die erediens by die liturgie betrek – ook op liggaamlike wyse, byvoorbeeld: deur te kniel in gebed, of om na vore te beweeg om die nagmaal te ontvang, die denkbeeldige merk van die kruis van hul voorkop na die bors, ensomeer. Beide die NG- en Rooms-Katolieke gemeente, maak gebruik van 'n duidelike liturgiese orde, wat selfs in die sing van liedere opgemerk word, deurdat bepaalde verse van liedere gesing word. Hierteenoor toon die Charismatiese gemeente nie soseer 'n duidelike liturgiese verloop nie, en word die verloop van die erediens dikwels "onderbreek" deur spontane manifesterings van die Heilige Gees, soos byvoorbeeld: profetiese woord wat tydens die aanbidding openbaar is, of die gebed vir iemand wat deur die Heilige Gees uitgewys is. Liedere, of slegs dele van liedere, word ook verskeie male herhaal.

Ten opsigte van die terugvoer vanuit die onderhoude, is dit opmerklik dat mede-navorsers (beide lidmate en leraars) van al drie denominasies, van mening is dat die erediens belangrik vir hul Christelike identiteit en lewenswyse is, en dat hulle hul missionale roeping roeping verstaan ten opsigte van hul onmiddelike konteks – dus, hul daaglikse bestaan en leefruimtes. Waar die NG- en Rooms-Katolieke lidmate die belangrik rol van die leraar(s) of priester van hul gemeente uitlig, word die fokus by die Charismatiese gemeente geplaas op die gawes van lidmate, waardeur elke lidmaat toegerus word vir hul rol as deel van die liggaam van Christus. Dit wil voorkom asof die NG- en Rooms-Katolieke lidmate, God grootliks ontmoet deur die verkondiging van die Woord, en veral wanneer die Woord relevant tot hul lewensomstandighede verkondig word; terwyl die Charismatiese lidmate God ontmoet tydens die manifestering van die Heilige Gees, en spesifiek in die spreek van tale, en profesie. In die NG- en Rooms-Katolieke gemeente word die Woord verkondig deur die leraar of priester (wat ‘n opgeleide teoloog is), terwyl die Charismatiese gemeente ook aan gewone lidmate, wat die gawe van prediking ontvang het, die geleentheid gee om die Woord tydens die erediens te verkondig. Hierdie lidmate het nie noodwendig teologiese opleiding ontvang nie, maar word deur die Heilige Gees bemagtig en toegerus om die Woord te verkondig. In al drie denominasies, is lidmate bewus van die sakramente (en ander liturgiese rituele), alhoewel die betekenis en implikasie daarvan vir hul dag-tot-dag lewe, as gelowiges, grootliks ontbreek. Uit al drie denominasies, bestaan daar ook ‘n diskrepansie, tussen die leraars se verstaan van die sosiale implikasie van die erediens (en verskeie rituele), en dié van die gewone lidmate.

Ten opsigte van verskille in terme van kultuur, is dit opmerklik dat die swart mede-navorsers, meer as die wit en bruin mede-navorsers, sensitief is van die verband tussen die erediens en die lewe, en dat aanbidding in alle areas van die lewe plaasvind. Die swart mede-navorsers se verstaan van hul missionale roeping, word ook op praktiese wyse verstaan, as hulpverlening en noodverligting, terwyl wit mede-navorser in sommige gevalle ‘n meer evangeliserende fokus in dié verband het. Hierdie verskille en ooreenkomste, sal in die hoofstukke wat volg in meer diepte bespreek word, met verwysing na aanhalings uit die persoonlike- en fokusgroeponderhoude.

Aan die hand van die bevindinge van die empiriese ondersoek, wat in hierdie hoofstuk bespreek is, is ‘n praxis teorie vir die erediens daar gestel en op grafiese wyse uitgebeeld. In die hoofstukke wat volg gaan hierdie praxis teorie verder verken, en verryk word, deur bestaande literatuur oor die verband tussen die erediens en lewe, in gesprek te bring met die stemme van die mede-navorsers. In die hoofstuk wat volg word die eerste konsep, naamlik: die erediens en die lewe in meer diepte, aan die hand van relevante literatuur, en in lyn met die sentrale vraagstelling van dié navorsing bespreek, waarna die tweede konsep (die erediens van die lewe) in Hoofstuk 5 aan die woord sal kom.

HOOFSTUK 4

DIE EREDIENS *EN* DIE LEWE

4.1 INLEIDING

> Die erediens is die sentrale gebeurtenis in die voortgaande lewe van 'n Christelike gemeente. In die erediens gaan dit immers oor die ontmoeting tussen God en Sy gemeente: God nader tot die gemeente en die gemeente nader tot God. In hierdie ontmoeting neem God die inisiatief. Hy roep Sy gemeente om uit die normale gang van die lewe terug te tree; Hy bring hulle saam met die oog daarop om hulle geloof op te bou en te versterk; en Hy stuur hulle weer terug na die gewone gang van die lewe om tot Sy eer te lewe (Clasen, et al 2010:3).

Met hierdie woorde, uit die *Handleiding vir die erediens*, van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, word die belangrike rol van die erediens binne die gereformeerde geloofsfamilie verwoord. Die verband tussen die erediens en die lewe (die fokus van hierdie navorsing) word op treffende wyse uitgelig as God wat die gemeente roep om uit die dag-tot-dag bestaan terug te tree (om hul geloof te vorm en te versterk), maar dan ook weer hulle na die gewone gang van die lewe terug stuur (om tot Sy eer te lewe) (Clasen, et al 2010:3, Smit 2009:106-107; 2010:2). Die erediens staan in die hart van die kerklike lewe en arbeid, en die kerklike lewe en arbeid "loop uit op die erediens en word weer hiervandaan gevoed en gedra, en ontvang die stukrag" (Barnard 1981:62). Hierdie insig sluit aan by die twee kernkonsepte wat vanuit die empiriese ondersoek na vore gekom het, maar net anders verwoord is, naamlik: die erediens ***en*** die lewe; en die erediens ***in*** die lewe.

In die hoofstuk wat volg word veral gelet op eersgenoemde kernkonsep, en word die geloofsopbouende en versterkende doel van die erediens verken, deur die empiriese bevindinge met bestaande literatuur oor die erediens in gesprek te bring. Getrou aan die kwalitatiewe-sosiologiese benadering, bring hierdie navorsing empiriese data (wat vanuit die priesterlike luister taak van die prakties-teologiese metodologie van die ondersoek bekom is) en teoretiese perspektiewe vanuit die literatuurstudie in gesprek met mekaar (Berg 2004:4; Osmer 2008:31-78).

A.C. Barnard maak die belangrike uitspraak in, *Die Erediens*, dat die erediens die middelpunt van die gemeente se identiteit, lewe en arbeid is. Vir hom is die erediens die gesig en hart van die kerk, en dus die kenmerk by uitnemendheid wat die kerk van ander instansies onderskei. Die erediens is die ruimte waar die geestelike lewe van die kerk of gemeente die sterkste op sigbare wyse na vore tree, en dien as die pols van die kerk waardeur die ganse lewe van die kerk gevoed en gevorm word (Barnard 1981:61-63, Smit 2009:106-107; Van der Merwe 2009a:148-157).

Alhoewel die belang van die erediens uit verskillende monde al bevestig is, moet daar gewaak word teen die veralgemening dat die erediens vanselfsprekend vir alle gelowiges belangrik is. Burger (2009:15) wys egter daarop dat ‘n toenemende getal Christene van mening is dat die erediens nie juis vir hulle sin maak nie, en daarom ook nie werklik vir hulle van belang is nie. Die gevolg is dat daar ‘n groot groep mense, wat belydende Christene is, maar wat nie erediensbywoning as belangrik ag nie, en selfs nie aan ‘n kerk behoort of meeleef nie. Beteken dit dat die erediens nie meer van belang is (of minder belangrik is) in ons nadenke oor kerkwees, binne die moderne tydsgees en samelewing nie? Beslis nie. Burger (2009:17) noem tereg dat hierdie realiteit ons juis dwing om méér oor die erediens te besin, nie minder nie. As prakties-teologiese verkenning van die erediens, is hierdie navorsing geïntereseerd in die erediens as “ontmoetingsgebeure tussen God en mens, en mens en mens deur Sy Woord en Gees” (Pieterse 1990:22).

In Hoofstuk 1 van hierdie navorsing, is daar gewys op die oortuiging van Osmer (2008:41-52) dat daar gewaak moet word teen ‘n benadering waar die teoretiese perspektief eerstens aan die woord kom, waarna dit ‘getoets’ word deur dit in gesprek te bring met die ervarings van lidmate. Die metodologie van hierdie navorsing is op hierdie uitgangspunt van Osmer gegrond, met die gevolg dat die praxis teorie (wat die uiteindelike doel van die navorsing is) vanuit die empiriese ondersoek en literatuur sal ontstaan. Om hierdie rede was die luister-proses, waar daar eerstens na die stemme van lidmate (en leraars) geluister is, van uiterste belang en is die fokusareas vir verdere ondersoek daaruit identifiseer word. Die vraag wat tydens die empiriese ondersoek aan mede-navorsers gevra is, was: Hoe verstaan jy die erediens? Vanuit die empiriese ondersoek het dit duidelik na vore gekom dat die erediens, vanuit die perspektief van

die mede-navorsers (waarvan die meerderheid gewone lidmate is), verstaan word as die samekoms van gelowiges, rondom God se Woord, en waar God aanbid word[38].

Gevolglik word daar in die hoofstuk wat volg gefokus op die verstaan van die erediens, soos deur die mede-navorsers verwoord, en word die drie elemente, naamlik: *samekoms* van gelowiges; rondom God se *Woord*; en waar God *aanbid* word, uitgepak. Vir die studie wat volg is die waarskuwing van Barnard (1981:384) egter baie belangrik:

> Daar is 'n onkunde by soveel mense wat die erediens kritiseer, en by sovele wat roep om veranderinge. Hulle begeer om van die erediens te maak wat hy nooit kan wees nie. By ander is daar ook 'n groot misverstand. Dit kan alles saamgevat word dat nie gevra word wat God daarmee bedoel nie, maar hoe die mense daaroor oordeel. Of dit word gesien as iets wat ingerig moet word sodat dit die goedkeuring van die moderne mens, soos die bepaalde voorstanders hom sien, kan wegdra. Juis omdat daar soveel misverstande en onkunde oor die erediens bestaan, by sowel ampsdraers en veral by lidmate, is dit nodig om ons deeglik te vergewis wat die wese van die erediens is.

Die teendeel kan egter ook waar wees, en moet daar, volgens die navorser, gewaak word teen 'n oorbeklemtoning van die teologiese wese van die erediens, sonder om die lewenskonteks en behoeftes van die lidmate te verreken. Die konsep van liturgiese *inkulturasie* is hier van toepassing en wys op die wederkerige verhouding tussen kultuur en die erediens, en waarin sekere kulturele elemente opgeneem word en ander deur die erediens uitgedaag word en sekere elemente van die erediens weer deur die kultuur uitgedaag word (Nairobi Statement 1996; Wepener 2009b:191). Wepener (2004:90) definieer liturgiese inkulturasie as 'n "voortdurende proses van krities-wederkerige interaksie tussen die kultus (liturgie) en die kultuur sodat 'n totaal nuwe entiteit tot stand kom, te wete 'n geïnkultureerde liturgie". Hiermee word bedoel dat dit belangrik is om die konteks en kultuur van die mens in ag te neem, en die liturgie aan te pas by die mense, ten einde die relevansie daarvan vir die lewenswerklikhede van gelowiges te verseker. Hier moet egter gewaak word teen die gevaar om die liturgie deur die verbruikerskultuur gevange te neem, met die gevolg dat dit net aan mense se behoeftes moet voorsien. Die behoefte van die mense is wel belangrik, maar nie die allesoorheersende kriteria vir die ontwerp van rituele nie, maar ook die evangelie van Jesus Christus. Nie net moet daar in ons nadenke oor die erediens, sprake wees van liturgiese inkulturasie nie, maar inderdaad ook liturgiese interkulturasie – wat daarop wys dat ook inkulturasie nie in isolasie sal geskied

[38] Kategorie 3, soos identifiseer tydens die oop koderingsfase wat beskryf is in die voorafgaande hoofstuk – sien punt 3.4.2.1.

nie, maar wel binne die konteks dialoog tussen verskillende gemeentes, denominasies en gemeenskappe (Wepener 2004:85-89). Verder word daar in die liturgiewetenskap, toenemend gelet op die verband tussen kultuur en kultus, en dat aanbidding transkultureel, kontekstueel, teen-kultureel en kruis-kultureel moet wees[39].

Hierdie navorsing het daarom nie ten doel om die stemme van die mede-navorsers as die enigste normatiewe bron ten opsigte van die erediens te verreken nie, maar om dit met bestaande literatuur, navorsing, en ander normatiewe bronne van die Christelike geloof in gesprek te bring, in die hoop dat dit mekaar sal verryk en verdiep – tot 'n meer omvangryker verstaan van die erediens, wat poog om Bybels gefundeerd en getrou, maar steeds uiters relevant tot die bestaanswerklikhede van lidmate sal wees. Wepener (2004:5-9) ondersteun hierdie argument en wys ook op die noodsaaklikheid in ons denke oor die erediens en die lewe, Skrif, Tradisie, Konteks, ensomeer in relasie tot mekaar te verreken moet word, ten einde 'n omvattende en geïntegreerde perspektief te bekom.

4.2 DIE SAMEKOMS VAN GELOWIGES

Wanneer daar oor die erediens besin word, word die woord 'samekoms' as 'n uitdrukking van die aard en wese van die erediensgebeure gebruik. Dit gaan in die erediens om die vergadering of versameling van die gemeente, as volk van God. Hierdie samekoms vind plaas deurdat God die mens, deur middel van Sy Woord en Gees, tot Hom roep en versamel, vanuit die wêreld en hul dag-tot-dag bestaan. Hierdie samekoms bestaan uit 'n persoonlike binding aan God en die vrywillige gehoorsaamheid van Hom (Barnard 1981:391; Smit 2009:98-106). Een van die doelwitte van die erediens, is om op tasbare wyse uitdrukking te gee aan dié gemeenskap van gelowiges. Só verstaan, kom die gemeente nie as losstaande individue saam nie, maar as gelowiges wat op grond van hul gedeelde geloof in die Drie-Enige God, aan mekaar verbind is. Dit is uiters belangrik om daarop te wys dat elke gemeenskaplike handeling tydens die erediens, hetsy gebede, samesang, sakramente, woordverkondiging, ensomeer, daarop uit is om die onderlinge gemeenskap te help vorm en te versterk. Ook hier speel die bemiddeling van die

[39] Vir 'n beskrywing van hierdie vier verhouding van kultuur en kultus, sien die Chicago Statement on Worship and Culture: Baptism and Rites of Life Passage (1998) & Nairobi Statement on Worship and Culture (1996).

Heilige Gees ‘n uiters belangrike rol (Clasen, et al 2010:4). Burger (2009:18) verduidelik die sentrale belang van hierdie verstaan van die erediens as volg:

> Die erediens speel so ‘n wesenlike rol omdat dit in die Christelike geloof primêr gaan om ‘n lewende liefdesverhouding tussen die drie-enige God en sy volk, die kerk…ons word geroep om saam met ander gelowiges in ‘n lewende verhouding met God te leef. Die “saam met ander gelowiges” is ook ‘n wesenlike saak van die geloof. Die Here se verhouding met Sy kerk is meer fundamenteel as Sy verhouding met individuele gelowiges. Hoewel ons nooit tussen die twee kan of moet kies nie of dit in te sterk spanning met mekaar moet plaas nie, het die gemeente ‘n bepaalde prioriteit bo die individu.

Barnard (1981:401-402) beklemtoon ook dat die gemeente, as samekoms van gelowiges, en nie die massas of die publiek, die primêre deelnemers aan die erediens is. Daarom waarsku hy teen die inrig van die erediens volgens die behoeftes en begeertes van die gesekulariseerde massa, in ‘n poging om die erediens meer aanloklik te maak vir die massa wat tans ‘buite die kerk’ staan – ‘n strategie van talle gemeentes wat gerig is op ‘n toename in getal lidmate (Stringer 2005:209-239; Wepener & Bartlett 2014:6-7). Ten eerste is dit die gemeente, die gedoopte en getroue kinders van die Here, wat byeenkom vir ‘n bepaalde doel – om hul God te ontmoet (Barnard 1981:3; Smit 2008:108-110). Hall (2007:35) wys egter tereg daarop dat, twee faktore wat moontlik die missionale identiteit en roepingsbewussyn van gemeentes kan inhibeer, beslis ‘n oormaat fokus op kerkgroei is, maar ook aan die ander kant ‘n oordrewe fokus op gemeentelike instandhouding en oorlewing (Hall 2007:35). In sy nege lense op die Erediens, identifiseer Thomas Long (2001:15-17) juis gasvryheid teenoor ‘vreemdelinge’ as ‘n kritiese belangrike kenmerk van lewende gemeente en ‘n missionale liturgie. Daarom, alhoewel dit in die erediens hoofsaaklik oor die samekoms van gelowiges, en dus die ontmoeting tussen God en Sy volk gaan, is die erediens ook “die besondere ontmoetingspunt waarheen die wêreld genooi en getrek word om op die regte wyse te kom tot erkenning van Jesus Christus as Here en om deel te hê aan die aanbidding van Hom” (Barnard 1981:404; Smit 2009:104-106).

Hierin vind ons egter ‘n inherente spanningsveld in ons nadenke oor die erediens, aangesien die erediens wesenlik as die samekoms van gelowiges verstaan word, terwyl die begrip self as te ware wys op die samekoms van “individuele” gelowiges, elkeen met hul eie omstandighede, oortuigings, voorkeure en geloofsvrae (Tisdale 2008:75-90).

4.2.1 DIE SAMEKOMS VAN GELOWIGE INDIVIDUE

Alhoewel mense deur die eeue hulself as gemeenskapswesens verstaan het, en dus nie hulle lewe sonder gemeenskap met die groter groep kon indink nie, blyk die moderne Westerlinge nie meer hierdie sentiment te deel nie – iets wat sigbaar is in die toenemende individualistiese karakter van die hedendaagse samelewing, waar persone hulleself as individue sien wat 'n groot deel van hulle lewe op hul eie leef – 'n tendens wat ook oorspoel na hul geloof en verhouding met die kerk, waar hulle minder behoefte aan die groep het, en hul geloof as 'n persoonlike saak sien – ook bekend as die verskynsel van anonieme individualiteit[40] (Burger 2009:18-19, Sweet 2003:133). In sy artikel getiteld: "Discipleship. Seeking the Kingdom and His righteousness", verwys Malan Nel (2017:1) na 'n skuldbelydenis in die nuusbrief van die Nassau Presbiteriaanse gemeente in Princeton, wat hierdie tendens in kerk aanspreek:

> Lord God, we have given more weight to our successes
> And our happiness than to your will.
> We have eaten without a thought for the hungry.
> We have spoken without an effort to understand others.
> We have kept silent instead of telling the truth.
> We have judged others, forgetful that you alone are judge and redeemer.
> We have acted in accordance with our opinions
> rather than according to your commands.
> We have not been your faithful servants.
> Forgive us. Have mercy on us. Redeem us.
> Help us to live as disciples of Jesus Christ,
> your Son, our Savior. Amen.
> (Nassau Presbyterian Church, Princeton, NJ., Bulletin, Sunday January 22, 2017)

Dit wil voorkom asof daar vandag, selfs nog meer as ooit van tevore, 'n inherente spanning bestaan tussen die tradisionele (en teologiese) verstaan van die erediens (en gemeente) as die samekoms van alle gelowiges, en die tydsgees gekenmerk deur 'n toenemende fokus op anonimiteit en individualiteit. Vir die gelowige individu, binne die Suid-Afrikaanse konteks en

[40] Alhoewel hierdie tendens nie opsigself aanvaar kan word as geldend vir die ganse Suid-Afrikaanse samelewing nie, blyk dit uit die bydraes van Burger en ander, dat dit wel van toepassing op die navorser se eie denominasie, naamlik, die NG Kerk is, en daarom in dié navorsing verreken moet word.

samelewing in ‘n voortslepende oorgangstyd, is die eksistensiële vraagstuk vir die gelowige individu een van identiteit. Lidmate word op ‘n daaglikse basis met die vraag gekonfronteer: Wie is *ek* en hoe verstaan ek my plek en doel binne die huidige konteks van Suid-Afrika (Barnard 2016:17)? Identiteit is egter nooit ‘n gegewe nie, maar word gevorm uit die interaksies tussen die gelowige individu en sy/haar omgewing, omstandighede of ander individue. Identiteit is die produk van die daaglikse omgang van lidmate waarin hulle keuses maak oor hulleself, ander en hul omgewing (Wepener en Pauw 2004:116).

Gevolglik is dit vandag uiters uitdagend vir gemeentes om ‘n antwoord te bekom op die vraag: Wie is *ons* aangesien lidmate se primêre vraag: Wie is *ek*, blyk te wees (Nel 2009:2). ‘n Swart, vroulike mede-navorser en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente noem dat sy, alhoewel die erediens vir haar die samekoms van gelowiges is, vanuit vrye keuse, nie werklik ontmoetings met mede-lidmate tydens of na-afloop van die erediens, ervaar nie. Sy verkies gemeenskap met persone wat nie deel van haar gemeente is nie[41] (addendum L:395). Verskeie mede-navorsers noem ook dat hulle nie werklik gemeenskap met ander gemeentelede ervaar nie, en dat hulle ontmoetings met mekaar eerder beperk is tot hul onmiddelike huisgesinne of eggenotes. Soos ‘n wit, manlike mede-navorser en lidmaat van die NG gemeente (addendum A:301), na hy gevra is oor enige ontmoeting met ‘n mede-lidmaat tydens, of na afloop van die erediens, dit stel:

> Jo! mede-lidmaat. Nee dit is waarskynlik, want jy weet dit is nou moeilik. Jy sit in 'n erediens en soveel as moontlik maar gewoonlik op dieselfde plek en is altyd - nou-ja ek kom, my vrou is nou nie vanoggend hier nie sy is nou siek, maar dit is gewoonlik my vrou (sic).

‘n Wit, manlike mede-navorser (addendum P:436), wat ook ‘n pastoor van ‘n Charismatiese gemeente in die Ooste van Pretoria is, noem weer dat die erediens vir hom spesiaal is, deurdat dit tegelyketyd die samekoms van gelowiges is, maar waar God hom ook persoonlik, te midde van die samekoms raaksien en ontmoet. Hy stel dit as volg:

> I think we live before God 24/7 so God manifests Himself in a very unique way in my office when I am alone with Him, but God also equally manifests himself in a very, very different way. I mean as a collective and as a body we come together, and I feel God wants us to celebrate both. He wants me to be in a close intimate relationship with him. Just me and Him, but there

[41] Long verwys hierna as die uitdaging van “disconnected” and “spiritual free agents”(vgl. Long 2001:26-28).

> is also something because of the message of the Gospel that it brings the kingdom of God brings great value to me as an individual but also to society.

Hierdie spanningsveld tussen ‘samekoms’ en ‘individualiteit’ word ook gevind in die behoefte van sommige lidmate om somtyds tussen die menigte te kan ‘verdwyn’. ‘n Wit, manlike mede-navorser, wat ‘n pastoor van ‘n Charismatiese gemeente in die Ooste van Pretoria is, vertel van ‘n erediens wat ‘n definitiewe impak op hom gehad het toe hy ‘n gemeente besoek het, en vertel dat “what was good for me was the unanimity because nobody knew me so, I could weep and I can do what I wanted, nobody knew me and it was just such a wonderful time of me understanding more about the love of God for me because there were more people”. Hy noem egter ook dat, alhoewel hierdie diens ‘n baie persoonlike ervaring vir hom was, hy nie van die oortuiging is dat dit die wyse is waarop daar elke Sondag aanbid moet word nie – alhoewel die individuele aspek daarvan besonders is, is die erediens as samekoms van alle gelowiges vir hom uiters belangrik (addendum P:438). Nog ‘n wit, manlike mede-navorser, en pastoor van ‘n Charismatiese gemeente, vertel van ‘n intieme ontmoeting wat God met hom gehad het, en verduidelik dat:

> Ek was genooi na 'n diens toe, en ek het na 'n diens toe gegaan en daardie dag het ek beleef hoe die Here met my praat, en ek dink as ek dink aan enige diens of erediens wat die grootste impak op my gehad het is dit die ontmoeting met die Here en die feit dat ek beleef het, maar hier is honderde mense, maar dit is net ek. Hy het 'n afspraak met mý gehad so ek dink daardie was 'n waterskeidingsdiens in my lewe gewees, verstaan (addendum P:438).

Wepener en Pauw (2004:118) wys egter tereg daarop dat christelike identiteit altyd ’n vorm van groepsidentiteit is, en dat daar gewaak moet word teen ‘n oorbeklemtoning van die individu, ten koste van die geheel. Dick (2007:17) deel hierdie sentiment en noem dat “of all the stability criteria, a strong sense of identity – who we are as a congregation of God’s people – is perhaps the most important. ‘Who are we?’ rests at the heart of our entire walk of faith”. Alhoewel daar op individuele vlak daagliks geworstel word met die soeke na identiteit binne ‘n snel-veranderende samelewing, is dit van uiterste belang dat die gemeente ook gesamentlik, as samekoms van gelowiges, hiermee besig is. Die individu en die geheel staan nie in isolasie van mekaar nie, maar word deur mekaar beïnvloed en gevorm. Só is die huidige uitdagings waarmee die individu daagliks mee gekonfronteer word, ook op die kerk (as liggaam van gelowiges) van toepassing (Van der Merwe 2009c:135; Wepener en Pauw 2004:118). Dick (2007:92) is van mening dat die woord wat die meeste in gesonde gemeentes gebruik word, die

woord “ons” is. Hierdie woord is natuurlik ‘n gelaaide term, veral binne die Suid-Afrikaanse konteks, met sy ryke diversiteit in terme van taal en kultuur.

In enige gesprek rondom die vorming van identiteit, binne die Suid-Afrikaanse konteks, staan die begrip, *multikulturaliteit* prominent (De Klerk 2013:55). McGaughey (1999:73) waarsku teen die verkeerde verstaan van hierdie begrip as die bepaling van watter kulturele elemente korrek en aanvaarbaar is, al dan nie. In die hart van *multikulturalisme* lê die begeerte om, in ons soeke na ons gesamentlike identiteit, die waarde wat verskillende kulturele elemente tot liturgiese identiteit in die kerk kan bydra, te bepaal. Die uitdagings vir die tradisioneel Afrikaanse kerke is juis om ‘n beter en meer omvangryke begrip vir die Suid-Afrikaanse kultuur (en inderdaad multikultuur) te ontgin (Barnard 2016:52-54). De Klerk (2013:55) waarsku dat die liturgie (veral binne die tradisionele Afrikaanse gemeentes) aan die een kant moet waak teen die gevare van die globale verbruikerskultuur, terwyl dit aan die ander kant ook sy verhouding tot die Afrika kultuur moet verreken. Die uitdaging vir die kerk in Suid-Afrika is juis om verskillende kulture te verreken binne die vorming van ’n nuwe, meer inklusiewe liturgiese identiteit en gemeenskap (Van der Merwe, Wepener & Pieterse 2013).

Veral ten opsigte van hierdie hoofstuk se fokus op die verband tussen die erediens en die lewe, is daar tans binne die Suid-Afrikaanse konteks ‘n opbloei in die waardering vir die rol van liturgie (en dus die erediens) as transformasie-agent. So is daar ook hernude belangstelling in die verband tussen liturgiek en etiek, asook die erediens en die lewe. Diegene wat in die liturgie en erediens belangstel wys tereg op die rol daarvan binne die alledaagse leefruimtes, ook in terme van etiese besluitneming. Smit (2004b:888-905) beklemtoon die verhouding tussen geloof, aanbidding en die lewe met die slagspreuk *lex orandi* (reël van die geloof), *lex credendi* (reël van aanbidding), *lex convivendi* (reël van die lewe), en verduidelik dat hierdie verhouding tussen geloof, aanbidding en die lewe nie op liniêre wyse verstaan moet word nie, maar eerder as dinamiese wisselwerking waarin geloof, aanbidding en lewe op mekaar inspeel, vorm, en verryk (vgl. Scott 2017:173-178).

In die eerste deel van ons bespreking oor die verstaan van die erediens as die samekoms van gelowiges, is daar gewys op die uitdagings wat die moderne verbruikerskultuur in die samelewing vir die kerk en ook die individuele gelowige tot gevolg het. Barnard (2016:82), deel die sentiment van Wuthnow (1994:200) dat een voorbeeld hiervan die kleingroepbeweging, is wat juis vir die bevordering van koinonia ingerig word, maar maklik lei tot 'n na-binne gekeerdheid waar individue se behoeftes en voorkeure, binne hulle individuele waardes en spiritualiteit, die prominente fokus is (Wuthnow 1994:200).

4.2.2 VERHOUDINGSGROEPE[42]: SAMEKOMS OF BYEENKOMS VAN GELOWIGES

Vanuit die empiriese ondersoek het dit duidelik na vore gekom dat verhoudingsgroepe (ook verstaan as sel-, klein- of Bybelstudiegroepe), deur lidmate gesien word as belangrike ontmoetingsruimtes, wat die gemeenskap van gelowiges moontlik maak. Dit wil ook voorkom asof verhoudingsgroepe en gesinne, vir lidmate, meer betekenisvolle gemeenskapsruimtes skep as die erediens[43]. Op die vraag na enige spesiale ontmoeting wat met 'n mede-lidmaat, tydens of ná afloop van die erediens plaasgevind het, antwoord 'n wit, vroulike mede-navorser wat 'n lidmaat van die NG gemeente is as volg:

> Wel ek dink nie spesifiek, ja daar is spesifiek een, wel daar is, my selgroep is vir my, ons het, ons was eers deel van 'n ander kerk se selgroep en toe het ons deel geword van ons kerk se selgroep. En ek voel daar het ek verskriklik intiem verhoudings gebou en ook baie goeie mentorskap gekry, want die, ons selgroep is baie ouer mense as ons. So ek het gevoel daardie mentorskap is, wat ek gekry het en u weet die kennis wat hulle het ek het baie van hulle geleer en ek het besluit om te bly daar om juis omdat ek so baie by hulle kan leer (addendum D:328).

Nog 'n bruin, vroulike mede-navorser en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente vertel as volg van intieme ontmoetings met mede-lidmate tydens die erediens of enige ander geleentheid:

> You know we have a what we call renew, renew groups. And we have, at our home most of the time I hosted, we are about 7, 8, 9, 10, people and we have like prayer service and structured readings and stuff like that and a lot of people open up there, they open up and they come and

[42] Die term verhoudingsgroepe, het verskillende name in gemeentes, byvoorbeeld: kleingroepe, omgeegroepe, groeigroepe, selgroepe, ensomeer, Hierdie term sluit al hierdie, en ander groepe in waar gelowiges saamkom. 'n Keuse word vir hierdie bewoording gemaak, ten einde 'n fokus op die relasionele aard en doel van groepe uit te lig.

[43] Sien kategorie 6, op grond van die oop-koderings fase, soos verduidelik in onderafdeling 3.4.2.1 van hierdie studie.

> they talk about their problems because it is both we are very intimate and very confidential between us and those have a good impact on me (addendum N:411).

Alhoewel die belang van verhoudingsgroepe as ontmoetingsruimtes, tussen God en mense, nie gering geskat moet word nie (in die volgende hoofstuk meer aandag sal geniet), moet daar gewaak word teen ‘n oorbeklemtoning daarvan, ten koste van die erediens as samekoms van gelowiges. Barnard (1981:392) herinner tereg dat, omdat die erediens die samekoms van die gemeente is, dit tot gevolg het dat dit die ruimte is waar die hele gemeente (en nie net dele van die gemeente) saamkom. ‘n Verstaan van die erediens, as ‘n geleentheid waar slegs dele van die gemeente saamkom, en nie almal hoef saam te kom nie, sal ‘n gebrekkige verstaan van die aard en wese van die erediens tot gevolg hê (vgl. Burger 2009:18; Clasen et al. 2007:11; Smit 2009:98-108; Long 2001:15-41).

Dus mag die samekoms in kleiner groepe nie as ‘n alternatief tot die algehele samekoms van gelowiges verstaan word nie, aangesien die erediens, as samekoms van die hele gemeente, die openbaring van die kerk as liggaam van Christus, wat ‘n vreemde verskynsel op die wêreld en sy fokus op individualiteit is[44]. Moltmann (1993:116-132) beskryf hierdie samekoms van gelowiges as ‘n kontras-gemeenskap, ‘n gemeenskap wat (anders as die sekulêre gemeenskap) gekenmerk word deur gelykheid, wedersydse aanvaarding en omgee. Hierdie gemeenskap is ‘n sigbare manifestering van die Koninkryk van God, in haar vreugdevolle aanbidding en strewe na ‘n lewe in gehoorsaamheid aan God se wil. Hy verwoord die belangrikheid van die samekoms van alle gelowiges (die gemeente in haar geheel) ook as “a *kenotic* community, a community of openness, self-giving, and solidarity in its various relationships with the world (Moltmann 1977:158). ‘n Wit, manlike mede-navorser en leraar van ‘n NG gemeente, verwoord die impak van hierdie samekoms van gelowiges op sy lewe as volg:

> Ek dink nou terug aan my ervaring dat ‘n mens deur die week die geweldige tempo waarin ons leef en op 'n manier het die lewe 'n isolerende effek op ons en dan kom ek by die erediens en die saam wees met die mede-gelowiges het 'n effek dat dit my oplig. Dat dit 'n vreugde is om by die familie te kom, die familie te sien en te beleef en dat dit dan 'n vreugde is om saam met die familie die Here te loof en te prys en saam met die familie Woord te kry vir daardie erediens

[44] Op hierdie punt is dit belangrik om daarop te wys dat, nie net die algehele samekoms van die gemeente in die erediens, volwaardig kerk is nie, maar inderdaad ook die samekoms in kleiner groepe. Die “waar twee of meer in My naam saam is, daar is Ek by hulle” (soos verwoord in Matteus 18;20) beginsel geld hier. Die navorser poog slegs om te benadruk dat verhoudingsgroepe of kleiner samekomste, nie as alternatief tot die algehele samekoms van die gemeente gesien kan word nie.

> en die week, en dit is asof my erediens vir die lewe en my persoonlike stil word daardeur geweldig versterk word deur die wete ek is nie alleen op hierdie pad nie. Hier is 'n familie saam met wie ek op pad is en dit, die saam die Here loof en prys asof dit my gemoed geweldig lig en daarom is ek Sondae op my gelukkigste saam met die familie in die erediens. Daardie gasvryheid en saamwees, saam Woord kry dit het 'n geweldige, as ek die woord kan gebruik "up-lifting" effek op my en ek beleef net 'n geweldige klomp vreugde (addendum P:439).

Sáám beleef die gemeente hul geloof in Jesus Christus, en sáám word hul geloof opgebou en versterk, terwyl hulle mekaar vergesel op die reis na geestelike groei. Soos Barnard (1981:394) dit stel: "Die blikpunt [van die erediens][45] moet steeds op God gerig wees, maar in noue samehang daarmee, ook op die mens wat aanbid, op die mens wat saamkom en wat in hierdie [ontmoeting][46] tree". In die Gereformeerde erediens, moet die sentrale rol van die Woord tot sy reg kom, tesame met die aard van die gemeente as die plaaslike vergestalting van die katolieke kerk. As samekoms van gelowiges word onder andere praktiese gemeenskap, hartlikheid, onderlinge sorg, gasvryheid teenoor vreemdelinge, asook burgerlike gemeenskap in die erediens ingesluit en in gesprek gebring met die evangelie van Jesus Christus (Van der Schyff & De Klerk 2010:612-614; Smit 2009:105).

As die erediens dan verstaan word as die samekoms van gelowiges (en indien dit betekenis vir die lewe van gelowiges bring, mits die boodskap daarvan hul lewensomstandighede aanspreek, en hul lewensdoel help verstaan) is dit vanselfsprekend dat gevra moet word na die wyse waarop die samekoms van gelowiges, die samelewing buite die gemeente, in die alledaagse leefruimtes weerspieël – al dan nie. Op hierdie punt is dit nodig om enkele opmerkings rakende sosiale kapitaal, en die rol van die liturgie in die skep daarvan te maak.

4.2.3 SOSIALE KAPITAAL EN DIE LITURGIE

Die sogenaamde *Sosiale Identiteitsteorie*, grootliks te danke aan die bydraes van Henri Tajfel en John Turner, wys tereg daarop dat die mens, wanneer dit by die sosiale, interpersoonlike verhoudings kom, tot groepering (op grond van ras, kultuur, geloof en nog meer) geneig is.

[45] Die navorser se eie toevoeging
[46] Barnard gebruik hier die term 'gesprek' – ter wille van dié navorsing se fokus op die klemverskuiwing weg vanaf 'n gespreksmodel, na 'n ontmoetingsmodel vir die erediens, word 'n keuse vir die term ontmoeting gemaak.

Hierdie groepe bied aan die individu ‘n veilige ruimte, en skep ‘n gevoel van behoort (Tajfel & Turner 1986:16; Ysseldek et al. 2010:60-61). Die skadukant van hierdie proses van groepering, is dat identifisering met die groep se samestelling en waardes dikwels aanleiding gee tot onderskeiding en moontlik uitsluiting van ander groepe. Die blote feit dat ‘n persoon tot ‘n groep behoort, het die potensiaal om aanleiding te gee tot intergroep-diskriminasie (Tajfel & Turner 1986:13-17). Barnard (2016:84-87) is van mening dat hierdie groepering van *in-groepe* en *uit-groepe* een van die kern uitdagings vir die uitleef van die kerk se roeping binne Suid-Afrika is. In ons gesprek rondom die erediens as samekoms van gelowiges, en die impak van hierdie verstaan vir die alledaagse leefruimtes van lidmate, is die navorser van mening dat die uitdaging vir die kerk daarin lê om verhoudings tussen persone tot stand te bring wat hierdie onderskeidings transendeer. Alhoewel die kerk ook aan die proses van groepvorming onderworpe is (soos dit uit die erediens-observasies duidelik na vore gekom het)[47], is die bestaansdoel van die kerk nie bloot groepering nie, maar die vorm van ware, intieme en interpersoonlike gemeenskap (koinonia), as *Corpus Christi* (liggaam van Christus). Die doel van die erediens, as samekoms van gelowiges, is die vestiging van gesonde verhoudings wat deur die evangelie en die gedeelde geloof in Jesus Christus, saamgebind word (Ries & Hendriks 2013:2).

Dit is juis hier, waar sosiale kapitaal ‘n belangrike bydra te lewer het, in ons gesprek oor die erediens as samekoms van gelowiges. Sosiale kapitaal is ‘n gelaaide term, met ‘n verskeidenheid interpretasies rakende die betekenis daarvan. Cilliers & Wepener (2007:40-42) maak die keuse vir die verstaan daarvan as ‘consisting of a combination of bonding, bridging and linking capital’. Met *bonding* word bedoel die verbande tussen mense, wat bestaan uit verskeie sosiale netwerke en -norme. Ten einde verdeeldheid te voorkom, is vertikale komponente (*bridging*) ook nodig, wat verskeie sosiale dimensies soos godsdiens, etnisiteit en sosio-ekonomiese status insluit. Die erediens het, volgens die navorser, ‘n belangrike (en tot dusver onbenutte) rol te speel in die vorming van sosiale kapitaal – twee voorbeelde hiervan

[47] Tydens die besoek aan die eredienste van die deelnemende gemeentes, was dit opvallend dat, alhoewel daar in alle gemeentes wel lidmate van verskillende tale en kulture teenwoordig was, twee van die gemeentes steeds dominant uit Afrikaanssprekende wit lidmate bestaan het, en een gemeente hoofsaaklik uit Engelssprekende swart lidmate. Alhoewel al drie gemeentes daarna streef om oop en ontvanklik vir alle persone te wees (en hulle gedeeltelik daarin slaag), is dit duidelik dat daar ‘n natuurlike groepering in elkeen plaasgevind het (sien hoofstuk 3 van hierdie navorsing).

word kortliks bespreek, naamlik: die tafel as liturgiese ritueel (met spesifieke fokus op die nagmaal) en die doop.

4.2.3.1 Die nagmaal en die metafoor van die tafel

Liturgiese handelinge (rituele) is simboliese handelinge, wat dus ‘n dieper betekenis wil kommunikeer. Só verstaan plaas dit liturgie ook binne die kultuur, aangesien kultuur ook ‘n geheel van rituele en simbole, asook die betekenis wat daardeur aan bepaalde gebeure toegeken word, is. ‘n Voorbeeld van hiervan is die tafelritueel, aangesien niks meer kenmerkend van iemand se identiteit is, as hul kos- en tafel gewoontes nie (Barnard 2009:120-121; Versfeld 1983:53-54). Om hierdie rede is die tafelmetafoor, volgens die navorser ‘n belangrike ritueel in terme van die skep van sosiale kapitaal. In haar bekende *Deciphering a meal*, noem Mary Douglas dat kos beide ‘n biologiese en sosiale komponent beslaan, en vra dan die vraag: ‘If food is a code, where is the precoded message?’ Die antwoord op hierdie vraag word, volgens haar, gevind in die wyse waarop die verskillende sosiale verhoudings, deur ‘n ritueel (in hierdie geval die tafelritueel) uitgedruk word (Douglas 1971:61). Dus moet daar gelet word op wat bedien word, hoe dit bedien word, en wie almal na die tafel genooi is. Wepener (2010:2-6) wys tereg daarop dat kos- en tafelgemeenskap as metafoor ons nie net help om die wyse waarop mense met mekaar assosieer beter te verstaan nie, maar het dit ook die potensiaal om sosiale kapitaal te produseer. Die nagmaaltafel, as natuurlike, reeds teenwoordige feesgeleentheid, kan dus op hierdie punt bespreek word.

Burger (2005:57-58) beskryf die nagmaal as die geleentheid waar die gemeente aan Jesus herinner (‘gebruik dit tot My gedagtenis’), maar ook met Jesus verenig (‘Dit is My liggaam...my bloed’) word. Sodoende wil die gebruik van die nagmaal ons tot ‘n dieper kennis van God se identiteit en wese, maar ook tot ‘n dieper verhouding met Hom bring. Vir Zimmerman is die nagmaal (en die doop) nie net bedoel vir individuele geestelike genesing en bemoediging nie, maar is dit die sigbare uitbeelding van God se liefde en plan vir ‘n gebroke wêreld en sy mense, naamlik: Jesus se kruisdood en opstanding. As liggaam van Christus word die gemeente in haar geheel, deur gesamentlike deelname aan die nagmaal, herinner aan haar Christelike identiteit en -roeping, en verteenwoordig ‘n openbare verbintenis om as lede van die liggaam van Christus, God se roeping te gehoorsaam te midde van die uitdagings binne die

alledaagse leefruimtes van gelowige individue (Zimmerman 1993:78). Uytenbogaardt (2002:161) stem hiermee saam en beklemtoon die ontologiese betekenis van die nagmaal, waardeur die samekoms van gelowiges God, as die Een wat deur die geskiedenis versoening bewerk het en steeds bewerk, ontmoet. Veral binne die Suid-Afrikaanse konteks word die gelowige só deur die nagmaal opgeroep om sy/haar identiteit en lewensroeping te verstaan binne hierdie voorbeeld van versoening. Die nagmaal herinner dus nie net aan wat Christus ***vir*** ons gedoen het nie, maar ook wat Christus ***deur*** ons wil doen.

Ten spyte van die diepte aan teologiese betekenis, met betrekking tot die nagmaal, blyk dit vanuit die empiriese ondersoek, dat die potensiële betekenis van die nagmaal, veral ook as tafel-ritueel binne die Suid Afrikaanse konteks, grootliks ontbreek. In ‘n reeks van drie artikels argumenteer Wepener en Burger (2002) vir nuwe denke oor die gebruike rondom die nagmaalviering in die NG Kerk, asook meer gereelde viering daarvan, ten einde die diepte van betekenis van die nagmaal weer onder die aandag van gelowiges te bring (vgl. Burger 2002:665-668; Wepener 2002:649-650). Vanuit die persoonlike onderhoude met die mede-navorsers het dit na vore gekom dat byna alle mede-navorsers die betekenis van die nagmaal op ‘n uiters persoonlike, en individuele wyse ervaar; terwyl die betekenis van die nagmaal grootliks ten opsigte van sonde en persoonlike sonde-vergifnis verstaan word. ’n Wit, manlike mede-navorser en lidmaat van die NG gemeente, beskryf die betekenis van die nagmaal vir sy lewe as volg:

> Die Nagmaal vir my - ek het nog nie regtig so daaraan gedink nie, maar die Nagmaal vir my is maar net vir ons 'n herinnering aan toe hy aan die kruis gesterf het vir ons sondes en dat Hy, maak nie saak hoe ver 'n mens van die pad afgaan nie, Hy sal jou altyd vergewe en hy is bereid om so-iets te doen om vir jou sondes te sterf (addendum E:337-338).

Op die vraag of die sakramente ‘n praktiese impak op ons dag-tot-dag bestaan het, beskryf nóg ‘n wit, vroulike mede-navorser en lidmaat van die NG gemeente, die betekenis van die nagmaal (en doop) vir hulle as gesin en noem dat:

> Verseker, en dat ons dit ook so vir ons kinders wil oordra dat die Here elke dag bemoeienis met my maak en dat ek na Hom toe moet terug, weet - terugkeer elke dag, Sy vergifnis van sonde vra en ja, en die nagmaal ook verseker dat jy herinner word dat van jou vergifnis van sondes en dat jy kan vry leef as gevolg van dit (addendum B:311).

Wat nog meer opvallend is, is dat dit uit die empiriese ondersoek na vore gekom het dat sommige liturgiese rituele, waaronder die belydenis van geloof, doop, nagmaal en seëngroet

dikwels uit gewoonte gedoen word, sonder dat die betekenis of implikasie daarvan ten volle begryp word. Soos ‘n swart, manlike mede-navorser en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente dit stel: “I have been a rebel of sorts because I mean I tempt to pick and choose which sacraments make sense to me”. Hy gaan dan voort en verduidelik dat dit nodig is om in ons nadenke oor die erediens, en inderdaad kerkwees, te besin oor die wyse waarop lidmate begelei word in terme van hul verstaan van die verskeie rituele, die betekenis asook die implikasie daarvan (addendum O:430).

Vir lidmate vanuit die Charismatiese tradisie, kry die nagmaal wel ‘n ander betekenis, en word dit ook in ander ruimtes as net in die erediens gebruik. ‘n Wit, vroulike lidmaat van die deelnemende Charismatiese gemeente, beskryf die nagmaal as die sakrament waardeur haar geloof versterk word en sy “absolute sekerheid” oor haar saligheid in Jesus Christus verkry. Vir haar dien die sakramente ook ‘n verdere doel deurdat die gesag van die Here aan haar ontvanger toegesê word. Sy verduidelik die betekenis van die sakramente, vir haar dag-tot-dag bestaan verder as volg:

> Dat ek het die outoriteit as dogter van God om in te beweeg en Sy Woord te spreek in situasies en te verwag dat God se wil sal geskied, om Sy Woord te bid in mense se lewens in, om te weet wat my outoriteit, my identiteit is as kind van God (addendum F:345).

Binne die Charismatiese tradisie blyk dit te wees, dat die nagmaal minder gereeld in die algehele samekoms van die gelowiges bedien word (grootliks tydens Paasfees), maar meer gereeld deur huisgesinne by die huis, en deur selgroepe tydens hul byeenkomste saam gebruik word (sien onder andere addendum H:364; J:381-382; P:450-453). Denny & Wepener (2013:7) ondersteun hierdie observasie en noem dat die tendens onder Charismatiese gemeente juis is om nagmaalviering meer gereeld buite die erediens te hou, en dat gesinne en selgroepe ruimtes is waarbinne die nagmaal gereeld gevier word.

Die nagmaal blyk ‘n dieper betekenis te ontvang en impak te maak, wanneer daar op kreatiewe wyses met die bediening van die nagmaal omgegaan word. So byvoorbeeld, word die nagmaal in die deelnemende Nederduitse Gereformeerde kerk, op verskillende wyses aangebied: ten eerste tydens die erediens (soms op die tradisionele wyse, en andersins op meer informele wyse waar die hele gesin betrek word) en tweedens as ‘n sogenaamde “deurloop-nagmaal”, wat eenmaal per kwartaal, en gewoonlik rondom “spesiale feeste”, soos Aswoensdag, en Hemelvaart aangebied word. Hierdie deurloop-nagmaal word bedien in die vorm van

verskillende stasies wat die lidmaat eers besoek, op pad na die bediening van die nagmaal. Hierdie stasie strek vanaf stil-nadenke, tot die skryf van sonde/sorge op die papiertjie wat by die voet van die kruis gelaat word, gebed vir sekere gebedspunte, en dan uiteindelik die bediening van die nagmaal, wat deur een van die leraars bedien word. 'n Wit, manlike mede-navorser, wat ook lidmaat van hierdie gemeente is, beskryf die impak van die nagmaal as volg:

> In hierdie gemeente word die nagmaal baie informeel gedoen somtyds, en dit het praktiese redes daarvoor jy weet, die ou dae wat die diakens so bedien het en so-aan, dit het deels dink ek is dit een van die redes, die ander rede is die gesinne word betrek. So die gesinsleier, die gesinshoof staan op en hy gaan haal vir sy gesin die brood en die wyn. En dit maak dit baie gemaklik, dit maak dit baie persoonlik en dan die deurloop nagmaal wat ons hier het van tyd tot tyd wat weer op 'n ander vlak is wat jy eintlik storm van die kantoor af hier in en dan, partykeer was dit, die een het ek my vrou hier gekry, die ander keer was sy so twee stasies voor my, en dan gaan sit jy en dan word jy net stil. Dit is 'n, ek die essensie van die nagmaal kom baie sterk deur van die eredienste hier. Meer as die tradisionele een wat 'n ou 40 jaar gelede gehad het, jy sit en dan word die tekens bedien en dit is 'n baie persoonlike ontmoeting en dit is 'n baie informele gemaklike bediening van die sakrament, en dit is nie formalisties amper soos in die Roomse Kerk waar jy, die ou kom verby en dit is die en daardie, dit is 'n, dit is net, dit is amper soos om 'n groeigroepbyeenkoms, dit is baie rustig en gemaklik. Dit geniet ek (addendum A:303-304).

Nóg 'n wit, manlike mede-navorser, en lidmaat van dié gemeente beskryf die wyse waarop die nagmaal in die gemeente bedien word as volg:

> Nagmaal is vir my iets baie besonders en ons het in ons gemeente het ons 'n deurloop-nagmaal en ons het 'n formele nagmaal in die erediens. Op ander maniere en beide die geleenthede is in plek. Met die deurloop-nagmaal soos dit in ons gemeente gedoen word is dit baie meer persoonlik. Dit is ek en die Here, so dit, in daardie opsig en jy is saam met die paar mense wat by jou is. Ons doen dit gewoonlik as 'n selgroep, omgeegroep saam, maar ja, dit is baie meer persoonlik. In die formele nagmaal is dit lekker om die sakrament te gebruik saam met al die geloofsgenote, met almal wat daar is en die herinnering natuurlik na waarheen dit gaan, met Jesus se voorbeeld wat hy vir ons stel (addendum C:321).

Dit is duidelik dat die nagmaal, as belangrike deel van die erediens en kerklike lewe beskou word. Alhoewel daar duidelike denominasionele verskille tussen die viering (waar, wanneer en hoe) van die nagmaal en die betekenis daarvan is, is daar egter 'n deurlopende tendens om die nagmaal se betekenis uiters individueel te ervaar en verstaan. Ten einde die nagmaal, as tafel-metafoor[48], se potensiaal tot sy volle reg te laat kom, sal daar opnuut besin moet word oor die wyse waarop die nagmaal, en die volle implikasie daarvan, vir die samekoms van gelowiges

[48] Die konsep van tafelmetafoor, wil daarop wys dat die nagmaalviering as gemeenskaplike maaltyd (waar genooides na die tafel genooi word) verstaan word, en dat die tafel self as metafoor dien – dus wys die tafel op 'n dieper betekenis – die sigbare uitbeelding van die gemeenskap tussen persone van alle sosiale groeperinge. Die tafelmetafoor plaas die fokus op die dieper betekenis agter die "wie aan tafel sit", "wat geëet word", "hoe dit geëet word", ensomeer (vgl. Taljaard 2004:373-379 & Wepener 2015a).

wat leef binne ‘n diverse Suid-Afrikaanse samelewing, beleef en ontsluit word. Die nagmaal het nie net ‘n individuele betekenis nie, maar ook ‘n sosiale betekenis – met laasgenoemde wat tans nie ten volle aan die woord kom nie. Hierdie uitgangspunt word bevestig deur ‘n wit, manlike mede-navorser, wat ook ‘n leraar van ‘n Charismatiese gemeente in die Ooste van Pretoria is:

> God kry ons gered en dan wil Hy hê iets moet gebeur; daar is 'n diep simboliek vir my in die Doop; daar is 'n diep simboliek om die Nagmaal te neem. Dit is nie net ietsie wat ons doen oordat ons dink dit is die regte ding om te doen nie, daar is 'n, ek voel half ons kan oor hierdie ding “skip” sonder om in te gaan en die absolute wese in die murg van wat Jesus daar ... so ek dink dit is uiters, uiters belangrik, om die waarheid te sê noudat jy dit noem ek dink die enigste, ek voel half ons doen dit nie genoeg nie (addendum P:450).

Van der Merwe (1999:34-35) sluit hierby aan en beskryf die nagmaal ook as deelname aan die offer van Christus. Hiervolgens herinner die nagmaal nie net die gelowige van Christus se volmaakte offer vir hom/haar nie, maar word die individu ook opgeroep om hulself as lewende offers te gee waardeur God se koninkryk onder stukkende mense in ‘n gebroke wêreld mag kom[49].

4.2.3.2 Die doop as inlywing tot die liggaam van Christus

Daar bestaan wêreldwye konsensus, oor denominasionele grense heen, dat Christelike inisiasie, ‘n inlywing tot ‘n geloofsgemeenskap is[50] – die ontvanger van die Heilige Gees is nie die anonieme, geïsoleerde individu nie, maar inderwaarheid die individu, as deel van ‘n gemeenskap van gelowiges (Van der Merwe 2009c:135). In die sakrament van die doop ontmoet die samekoms van gelowiges God, en inderdaad as die Verbondsgod, wat die gelowige dring om opnuut weer te besin oor sy/haar identiteit as iemand wat in Christus en Sy gemeente ingelyf is (Barnard 2016:69).

Uit die empiriese ondersoek het dit duidelik na vore gekom dat hierdie verstaan van die doop, as inlywing tot die liggaam van Christus, in die harte van lidmate leef, soos ‘n bruin, vroulike lidmaat van ‘n Rooms-Katolieke gemeente dit stel: “Baptism is beautiful, it brings that child into the field, the Christian field, the field of God is so beautiful and that to me is nice, it is welcoming another soul into this happy family” (addendum N:415). So beskryf ‘n wit, manlike

[49] Vgl. Baptism, Eucharist and Ministry rapport (1982:8-13) van die Wêreld Raad van Kerke.
[50] Vgl. Baptism, Eucharist and Ministry rapport (1982:1-2) van die Wêreld Raad van Kerke.

mede-navorser, en lidmaat van ‘n Nederduitse Gereformeerde gemeente die betekenis van die doop van sy kleindogter as “sy word nou deel van die gemeente” (addendum A:302-303).

Dit opvallend dat, in die Charismatiese gemeente, die doop vir lidmate die betekenis dra van die afwassing van sonde en dus afsterwe van die ou mens (die afgaan onder die watergraf), die nuwe lewe deur die Gees (die uitkom van onder die watergraf)[51] (sien addendum F:343-344; G:353-354; H:363-364; I:371-372; P:450-453). Daarteenoor, behalwe vir die betekenis van inlywing tot die liggaam van Christus, wys die doop vir lidmate uit die Gereformeerde tradisie ook op God se bemoeienis met mense. Soos ‘n wit, vroulike mede-navorser en lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde gemeente dit stel: “Vir seker en dat ons dit ook so vir ons kinders wil oordra, dat die Here elke dag bemoeienis met my maak en dat ek na Hom toe moet terug, weet terugkeer elke dag, Sy vergifnis van sonde vra...” (addendum B:311).

Dit is juis vanuit hierdie verstaan van die doop as “inlywingsritueel” wat dit relevant is vir ons bespreking rakende die skep van sosiale kapitaal binne die samekoms van gelowiges. Die doop dien as belangrike baken vir die gelowige individu se identiteit en self-verstaan, as deel van ‘n unieke, heilige geloofsgemeenskap wat anders voorkom en anders wil leef as die gemeenskap soos in die wêreld gevind (Müller & Wepener 2013). Waar die hedendaagse gemeenskap, spesifiek binne die Suid Afrikaanse konteks, geneig is tot groepering wat onderskeid tref in terme van sosiale kriteria, word die gelowige individu deur sy/haar doop, ingelyf in ‘n nuwe tipe gemeenskap – gekenmerk deur inklusiwiteit en aanvaarding wat alle sosiale grense transendeer. Daarom stel Van der Merwe (2009c:135) dit tereg dat die belangrike vraag rondom die doop nie moet fokus op “watter doop” nie, maar eerder “wat dit beteken om ons identiteit as gedooptes uit te lewe in ‘n wêreld wat ons ander name noem as die Naam van die Vader, Seun en Gees waarin ons gedoop is”.

Dat die doop ‘n sentrale deel van die erediens (en inderdaad gemeentelike identiteit en -lewe is), is nie te betwis nie. Tog kom hierdie teologiese uitspraak oor die doop nie altyd ooreen met die erediensbelewenis van lidmate nie, en dreig die doopviering, net soos ander liturgiese

[51] Vgl. Baptism, Eucharist and Ministry rapport (1982:1-2) van die Wêreld Raad van Kerke.

rituele, om in handelinge wat uit ‘n sosiale pligsgevoel en religieuse gewoonte uitgevoer word, sonder dat die betekenis daarvan verstaan word, te verval. ‘n Swart, vroulike mede-navorser en lidmaat van ‘n Rooms-Katolieke gemeente beskryf die belewenis van haar doop: “I got baptized when I was seven; I did not understand what was going on, my eyes were just, well you know pour some water on your head and then you have a big party - that is you were going to get lots of gifts” (sic) (addendum L:396-397). Net so wys talle lidmate uit die Charismatiese gemeente, dat hulle ouers wel deel van die Gereformeerde tradisie was, en hulle daarom as kind gedoop is (en selfs belydenis van geloof afgelê het), maar dat hulle doop as kind nie vir hulle van waarde was nie. Daarom, met hul skuif na die Charismatiese gemeente, het hulle die keuse gemaak om weer gedoop te word – hierdie wederdoop het vir hulle dieper betekenis gehad (sien addendum F:343-344; I:371-372; J:381-382). Hier moet egter ook genoem word, die sogenaamde *grootdoop* of *bekeringsdoop* ook nie ten alle tye deur lidmate as betekenisvol beleef word nie. Só noem ‘n wit, manlike mede-navorser, wat ook ‘n lidmaat van die Charismatiese gemeente is, dat hy as jong tiener gedoop is, maar nie verstaan het wat gebeur nie, en nou wens dat hy ouer was voordat hy gedoop is (addendum H:364).

Oor die impak en betekenis van die gesamentlike viering van die doop, is daar ook nie eenstemmigheid onder lidmate nie. ‘n Wit, manlike mede-navorser en lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde gemeente bely dat dit vir hom mooi is om te kyk na hoe die babas tydens die doop aangetrek is, maar dat dit nie werklik vir hom iets beteken wanneer ander kinders (behalwe sy eie) gedoop word nie (addendum A:302-303). Hierteenoor bevestig ‘n wit, vroulike mede-navorser en lidmaat van dieselfde gemeente, dat alhoewel sy nie veel kan onthou van haar eie doop as baba nie, haar deelname as getuie tydens die doopviering in die erediens, as herinnering aan haar eie doop dien. Die gemeenskaplike viering van die doop, binne erediens as die samekoms van gelowiges, bevestig vir haar as reeds-gedooptes die betekenis en impak van die doop. Sy stel dit as volg:

> Ja, doop is vir my elke keer soos 'n herinnering van, "okay" nie dat 'n mens kan onthou van jou eie doop nie...Ja, want dit is, ja dit is weereens dit is 'n rigtingaanwyser, want dit is, jy weet ja ek behoort hier en omdat ek hier behoort en so aangeneem is moet ek sekere leefstyl, nie 'n leefstyl handhaaf nie, maar ja dit is, dit herinner jou aan dit wat nie van jou verwag word nie... (addendum D:330).

Wat egter wel duidelik uit die empiriese ondersoek na vore gekom het is dat, alhoewel daar denominasionele verskille ten opsigte van die doopviering bestaan, is meeste lidmate (met wie onderhoude gevoer is), ongeag van die denominasie waaraan hulle behoort, onseker oor die praktiese implikasie van die doop vir hulle dag-tot-dag bestaan, spesifiek binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap en -samelewing. Van der Merwe (2009c:130) verwoord hierdie uitdaging vir kerk, in ons nadenke oor die doop, as volg:

> Waarskynlik omdat daar al die jare so min teenspraak teen die kinderdoop was, het die kerk onnadenkend begin doop, of minstens nagelaat om die doop te vertaal in ‘n lewenswyse binne die geloofsgemeenskap wat met die doop ooreenstem en uitgesproke daarmee in verband staan. Die doop bied aan ons die enorme uitdaging en voorreg om dit vir lede van die liggaam van Christus duidelik te maak watter vorm die Christelike lewe van dissipelskap aanneem, hoe ons in ons identiteit as gedooptes kan en behoort te groei en watter gesindhede en geloofsdissiplines daarmee ooreenstem.

Dit is uiters belangrik dat daar opnuut weer besin word oor die praktyk wat die doop in gemeentes omring. Die doop wys allereers, maar nie alleenlik nie, op die inlywing van die individu in die alles-inklusiewe liggaam van Christus, wat haar bestaan tot die inisiatief van God te danke het. Die vraag is egter: Wat dan? Zimmerman (1993:78) antwoord hierdie vraag deur daarop te wys dat doop ’n openbare verbintenis om as lede van die liggaam van Christus, God se roeping vir ons te gehoorsaam en te leef, verteenwoordig (Zimmerman 1993:78). Indien dit so is, dat die erediens wel betekenis vir lidmate het, mits die boodskap daarvan van toepassing op, en relevant vir hulle lewe in die alledaagse leefruimtes is, dan geld dieselfde waarheid vir elke individuele liturgiese ritueel wat deel van die erediens uitmaak – so ook die doop. Hierdie gedagte word weer in die komende hoofstukke van die studie bespreek.

Die erediens, as samekoms van gelowiges, beskik oor eindelose potensiaal ten opsigte van die daarstel van ‘n alternatiewe identiteit van gelowiges binne die hedendaagse tydsgees. Die erediens, as samekoms van gelowiges, is uiters relevant vir die lewe van gelowiges deurdat dit hulle dwing om hulself nie te sien as anonieme individue nie, maar as individue wat gemeenskap met hul medemens begeer en nastreef. Die erediens as samekoms van gelowiges droom ook oor die moontlikheid van ‘n nuwe tipe gemeenskap, waar sosiale grense nie die bepalende faktore is nie, maar gebaseer is op die geloof in Jesus Christus, en daarvolgens handel. Aangesien geloof geen sosiale grense ken nie, beskik die samekoms van gelowiges oor die potensiaal om die manifestering van die nuwe tipe gemeenskap te wees – een wat skree

teen die ongeregtighede, verdeeldheid en haat wat tans die norm in die Suid-Afrikaanse samelewing is. Dit is egter duidelik dat hierdie ideaal tans nie verwesenlik word nie, en dat daar opnuut besin moet word oor die rol van liturgiese rituele, as middele waardeur hierdie teologiese waarhede aan lidmate op verstaanbare, en praktiese wyse kommunikeer word.

Dit bring ons by die volgende komponent van die erediens, wat uiters belangrik is in die realisering van bogenoemde ideaal, naamlik: die Woord van God.

4.3 DIE OOPBREEK VAN GOD SE WOORD

> U het die brood gebreek, eens by die meer. Breek nou die lewensbrood vir my ook, Heer!

Hierdie lirieke uit die geliefde lied, wat deel vorm van die *Liedboek van die kerk*[52], dien as gepaste inleiding vir die volgende afdeling, rakende die Woord van God. Nie net het dit uit die empiriese ondersoek duidelik na vore gekom dat die Woord van God in die hart van die erediens staan nie, maar het die metafoor van die "oopbreek van die Woord" telkens uit die mede-navorsers se mond gevloei, wanneer hulle gesels het oor dit wat die erediens aan hulle betekenisvol maak. Net soos die oopbreek van 'n vars gebakte brood, 'n vertrek met die wonderlikste geure vul, en 'n gevoel van afwagting skep onder die wat op die punt staan om daaraan te smul – net so betree lidmate die erediens met 'n verwagting dat God met hulle sal praat, en aan hulle 'n boodskap sal gee wat hulle saam met hulle kan neem na hulle dag-tot-dag bestaansruimtes. Die Woord wil nie net deur lidmate *gehoor* word nie, dit moet vir hulle *oopgebreek* word, sodat hulle die geur daarvan kan *inasem* en dit *proe* wanneer dit aan hulle bedien word as *padkos* wat hulle liggame *voed* vir die week se reis wat voorlê (sien addendum A:297-298; B:308-309; C:314-315; F:340-342; O:431-432)! Soos 'n manlike lidmaat, van die NG gemeente dit stel:

> Ek verwag dat die dominee vir my die teks moet uitpak, maar nie in die tradisionele sin van die Heidelberg se Kategismus en amper op 'n pro forma manier tiekie-boksie soos die Roomse Kerk miskien nie, maar die oopbreek van die teks en op 'n praktiese manier vir my hom uitpak (addendum A:298).

[52] LB 253

Die vraag kan met reg gevra word, op grond van bogenoemde empiriese bevindinge, of hier nie sprake is van die gevare van ‘n verbruikerskultuur ten opsigte van die woordverkondiging nie. Wuthnow (1994:200) en De Klerk (2013:55) wys tereg op die gevare wat die verbruikerskultuur vir die erediens inhou, deurdat liturgiese rituele ingeruim word volgens die behoeftes en voorkeure van lidmate. Hierdie blyk egter nie die geval te wees in bogenoemde bevindinge uit die empiriese ondersoek nie, aangesien die fokus daarvan nie soseer die behoeftes en voorkeure van lidmate is nie, maar bloot wys op die behoefte dat die woord op praktiese, verstaanbare en lewensrelevante wyse tydens die erediens kommunikeer word.

Uit die empiriese ondersoek het die interessante tendens na vore gekom, dat lidmate ‘n onderskeid tref tussen *prediking* en *woordverkondiging* – waar prediking vir hulle die taak van ‘n opgeleide teoloog is, wat deur middel van eksegese die wêreld agter die teks, en van die teks asook die betekenis daarvan vir die gemeente uitlê. Cilliers (2004:19) & White (2000:151-153; 166-167) beskryf preke as kort, verbindende tekste tussen die Bybelse getuienis van wie God is en wat God gedoen het, en die dade wat Hy tans besig is om in die lewens van mense te doen. Hy verwoord dat die prediking as die “gekonsentreerde vorm van die Christelike hoop”. Daarteenoor verstaan hulle die term “woordverkondiging” as die taak van alle gelowiges, om dit wat hulle deur die prediking gehoor het, nou verder uit te dra na hulle dag-tot-dag ruimtes (sien addendum D:330-331; H:364-365; K:388-389; M:406).

Om hierdie rede word, getrou aan die luisterproses van hierdie navorsing, ‘n onderskeid getref in die terminologie wat voorts gebruik word vir die verkondiging van God se Woord[53]. In hierdie hoofstuk, met sy fokus op die Sondag-erediens *en* die lewe, word die term *prediking* gebruik, as verwysing na die prediker wat, aan die hand van ‘n bepaalde Skrifgedeelte, ‘n boodskap aan die gemeente bring. In die volgende hoofstuk, waar daar oor die erediens *van* die lewe besin gaan word, en die wyse waarop die erediens gebeure voortleef en neerslag vind in die dag-tot-dag ruimtes van lidmate, sal die term *woordverkondiging* gebruik word. Tóg moet

[53] Die bedoeling is nie om verskillende konsepte vir die prediking, volgens verskillende denominasionele gebruike, te beskryf nie. Die NG Kerk het sy prediking, terwyl die Rooms-Katolieke Kerk weer haar Homilie het – elkeen met sy eie karakter, voorbereidingstyd, funksie binne die kerkjaar, bypassende liturgiese orde, ensomeer (vgl. Davies 1991:314-320, 470-471; White 2000:169).Die terminologiese keuse is suiwer op grond van die onderskei tussen twee konsepte: *woordverkondiging*, en *prediking*, soos dit uit die empiriese ondersoek na vore gekom het.

hierdie twee terme nie as losstaande van mekaar beskou word nie, maar wys beide op alternatiewe dimensies in die proses van die bekendmaking van God se geskrewe, lewende Woord.

Die prediking moet nie as losstaande moment in die erediens gesien word nie, meer eerder as ‘n liturgiese moment wat inpas binne die raamwerk van die hele erediens (Barnard 1981:564-565; Cilliers 2004:19-20; Wepener & Klomp 2015). Die prediking bou op wat vooraf reeds in die erediens plaasgevind het, en lei ook heen na dít wat op die erediens volg. Die prediking dien as genademiddel, waardeur die Here Sy volk wil voed, en diegene wat tans buite die gemeenskap van gelowiges staan, tot die verlossing in Jesus Christus wil bring. Binne die verstaan van die erediens as ontmoetingsruimte, tussen God en sy mense, is die Woord van God van sentrale belang – anders gestel: God praat met Sy gemeente deur Sy Woord. Deur die Woord, wat in die erediens veral (maar nie alleenlik) deur middel van die Skriflesing en prediking uitgedruk word, ontdek die gemeente wie God is, wie hulle (as beeld van God) is, die betekenis van die lewe asook God se wil vir hul lewe, as liggaam van Christus. God is nie ‘n toeskouer van die erediensgebeure nie, maar beslis handelend teenwoordig tydens die erediens en elke liturgiese ritueel. Wanneer die Woord gelees en verkondig word, is God self besig om deur die prediker as menslike instrument, deur die inspirasie en bemiddeling van die Heilige Gees die geloof die gemeente te vorm. Dus word die skriflesing en prediking (asook ander liturgiese rituele), deur God in diens geneem om ‘n ontmoeting tussen God en mens moontlik te maak (Cilliers 2004:38-87; Clasen, et al 2010:3; Jones et al. 1992:32-33; White 2000:166-167).

Ten opsigte van die Woord (wat in elke element van die erediensliturgie verwoord word), as sentrale deel van die erediens, maak Barnard (1981:404) ‘n belangrike waarneming dat dit sodanig moet wees dat dit vir almal, lidmaat en vreemdeling, duidelik sigbaar word waaroor dit in die erediens gaan, en dat die klem moet val op die toepaslikheid tot die lewe van lidmate. Die Woord moet op duidelike, toepaslike en verstaanbare wyse gebring word, en vertrou word dat die lewe van gelowiges en ongelowiges sal aanraak, en help vorm.

4.3.1 TUSSEN DIE TEKS EN KONTEKS

Vanuit die Gereformeerde verstaan van die prediking, wil die prediking altyd aan die gesag van die Woord vashou, en word die prediker as't ware 'n profeet wat die boodskap van God (so sê die Here) aan Sy mense bekendmaak. Müller (1990:142) beskryf die prediking in wese as proklamasie, met 'n konkrete, en spesifieke teks as basis, wat die boodskap van die hele preek moet genereer.

Pieterse (2001:19) is van mening dat die prediking tegelykertyd aan die Bybel (die geskrewe Woord) gebonde is, en op die gemeente in haar situasie gerig is. Wanneer daar deur die prediker oor die prediking in die erediens besin word, is die vertrekpunt altyd die skrifgefundeerdheid daarvan. Tóg moet die boodskap daarvan op lewende, toepaslike wyse aan die gemeente kommunikeer word, sodat die gemeente hulle storie en situasie in die boodskap van die preek herken. Long en Tisdale (2008), sowel as Cilliers (2004) wys ook op die verskeidenheid van kontekste, wat tydens die prediking, aan die woord, naamlik: die konteks van die Skrif; die konteks van die gemeente; en dan ook die konteks van die groter samelewing en wêreld.

Die empiriese ondersoek van hierdie navorsing ondersteun hierdie fokus op die toepaslikheid en verstaanbaarheid van die Woord, en het bevind dat die erediens wél betekenis vir die lewe van gelowiges het, mits die boodskap daarvan hul lewensomstandighede aanspreek, en hulle lewensdoel help verstaan[54]. Müller (1990:142-143) stem hiermee saam, en verduidelik dat die taak van die prediker-eksegeet is, om die naatlose verband tussen die teks en die konteks (situasie van die gemeente) uit te lig. Dus is die prediking vir hom 'n volledige hermeneutiese aangeleentheid. Die Woordverkondiging se wegspringplek is, volgens Pieterse (2001:19-20) altyd die omstandighede van die gemeente – hulle ervarings, behoeftes, vrae en probleme. Dit plaas die onus op die prediker om intiem bewus te wees van die gemeente se omstandighede, en om hulle en hul konteks deerleefd te ken. Hierdeur word nie bedoel dat die Bybelboodskap aangepas moet word volgens die giere en voorkeure van die gemeenskap nie, maar bloot dat die Bybel boodskap – die Goeie nuus van die evangelie – alleenlik goeie nuus is omdat God daardeur iets vir Sy mense, binne in hul leefwêreld wil sê, hetsy om hulle te leer, toe te rus,

[54] Sien kernkategorie, op grond van die oop-koderings fase, soos verduidelik in onderafdeling 3.4.2.1. van hierdie studie.

bemoedig, aan te spreek, ensomeer. Daarom het die Woord mens geword en onder mense kom woon – dit is ‘n geleefde evangelie, ‘n aktuele evangelie vir elke situasie binne in die alledaagse leefruimtes van lidmate. Dit het teologiese waarheid, juis omdat dit praktiese lewenswaarheid vervat. Barnard (1981:566) beskryf op treffende wyse dat God se Woord gebring moet word aan mense te midde van hul konkrete nood – prediking mag nooit *na* die mens wees nie, maar moet altyd *vir* die mens wees.

Die prediking is uit die aard van die saak ‘n hermeneutiese proses, waartydens daar voortdurend tussen die wêreld van die teks en die wêreld van die gemeente beweeg word. Die prediker is dus ‘n reisiger wat heen en meer, tussen teks en konteks, op reis is totdat die boodskap van die teks, die konteks van die gemeente binnedring, deurdrenk en vorm (Pieterse 2001:21). In sy bekende boek, getiteld: *The witness of preaching*, verduidelik Long (2016) dat die prediker deur die loop van die week so met ‘n teks moet besig wees, dat die teks self met hom/haar begin praat – hetsy aanspreek, troos, kritiseer, oproep tot bekering, leer, toerus, ensomeer. Wanneer die prediker die teks toelaat om só met hom/haar te praat en daardeur op persoonlike wyse affekteer word, word die Woordverkondiging tydens die erediens gewoon die geleentheid waarby die prediker, as getuie van sy/haar ervaring met die teks, dit preek (vgl. Cilliers 2004:22-86 & Long 2009). Betekenisvolle prediking, wil nie net teologiese waarhede kommunikeer, of ‘n sedeles wees nie, maar wil die evangelie van Jesus Christus op só wyse verkondig, dat dit op baie praktiese, toepaslike wyse goeie nuus vir die lewe sal wees. Dit gaan wesenlik oor die viva vox evangelii – die lewende Woord waardeur God met sy mense gesels, te midde van hulle omstandighede, probleme en wêreld (Barnard 1981:565; Cilliers 2004). Müller (1990:143) verwoord dit as volg:

> [Prediking] verwerp eweneens ‘n fundamentalistiese en biblisistiese omgang met die teks wat ‘n pretensie daarop nabou dat dit die “Skrif alleen” wil preek, maar in die praktyk nie verder kom as lippetaal-lojaliteit aan ‘n mooiklinkende uitgangspunt nie.

Lidmate beleef die prediking wat doodgewoon teologiese waarhede wil kommunikeer, maar nie toepaslik op hul lewe gemaak word nie, grootliks as sinloos en betekenisloos. ‘n Wit, vroulike mede-navorser en lidmaat van die NG gemeente, beskryf haar frustrasie wanneer die prediking niks meer is as ‘n “klomp oppervlakkige stories vertel met menslike grappies en stories, as jy net ‘n sedelessie hoor” (addendum B:309). ‘n Swart, manlike mede-navorser en

lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente beskryf sy belewenis van hul priester se preekstyl, en gebruik die term "schooling" wanneer hy dit doen. Hy verduidelik dat die priester, gedurende die prediking, baie tyd spandeer om die wêreld agter die teks, en van die teks te verduidelik. Om dan af te sluit, koppel hy baie kortliks die wêreld van die teks, aan die konteks van die lidmate. Die lidmaat is egter van mening dat groter fokus geplaas moet word op die betekenis van die teks vir die konteks en omstandighede van lidmate (addendum O:431-432). Soos 'n wit, vroulike mede-navorser en lidmaat van die NG gemeente dit stel: "Wat ek soek gewoonlik in 'n erediens is dat dit vir my duidelik word wat ons, wat ek leer en wat ek hieruit moet vat" (addendum D:326).

Aangesien die Bybel en die uitleg van die Bybelse boodskap op 'n toepaslike wyse vir die lewens van die gemeentelede, in die hart van die erediens staan, is dit uiters belangrik dat die prediking "goeie kommunikasie" sal wees. Die gemeente word deur die Woord van God, tot stand gebring, gevoed en opgebou (Pieterse 2001:23). Müller (1990:147-149) noem dat om hierdie naatlose band tussen die teks en konteks doeltreffend in die prediking tot uiting te laat kom, die take van eksegese en interpretasie (hermeneutiek) baie belangrik is.

Aangesien die preekteks vir hom die kommunikasiegebeure is waarin God Sy gemeente self deur Sy Woord ontmoet, is eksegese die proses waardeur die teks toegelaat word om te sê wat dit wil sê (provokatiewe dimensie van eksegese). Eksegese is egter ook terughoudend aangesien dit die prediker op die spoor van die teks wil hou, terwyl dit ook die eksegeet wil bring tot gehoorsaamheid daaraan. Laastens, is eksegese ook in wese 'n pneumatologiese proses, wat volkome afhanklik is van die leiding van die Heilige Gees vir die uitleg van tekste waarvan die betekenis nie op sigself aan die eksegeet, as mens, oop en bloot lê nie (Cilliers 2004:38-87; Isaiah 2012:19-34, 45-56; Müller 1990:147-148). Barnard (1981:565) verwoord die prediking as staande op God se Woord, en agter hierdie Woord staan God self, wat deur genade hierdie Woord deur Sy Gees aan die prediker, en uiteindelik die gemeente openbaar (vgl. Cilliers 2004:34-87 & Isaiah 2012:19-34).

Nie net moet die boodskap van die teks gehoor word nie, maar moet dit ook verstaan word sodat dit deur die aanhoorders geglo kan word. “God se Woord in sy verband en na sy ware bedoeling moet oopgevou word sodat die mens van vandag dit inderdaad sal verstaan” (Barnard 1981:565). Die verband tussen die teks en konteks word egter bemoeilik vanweë die verskillende wêrelde waarin die teks en die aanhoorders lewe. Dit is juis hier waar die hermeneutiek ‘n belangrik brug tussen die wêreld van die teks en die wêreld van die hoorders vorm. Die hermeneutiek is in wese ‘n vertalingsproses waarin hedendaagse ekwivalente vir Bybelse begrippe en ervarings gevind word, ten einde die wêreld van die gemeente in aanraking te bring met die wêreld van die teks. Die hermeneutiese omgang met die teks vra ook die vraag: Wat wil God, deur die teks (en die eksegese daarvan) aan die gemeente sê? Laastens vra die hermeneutiese omgang met die teks ook die vraag na die eksistensiële situasie wat die gemeentlede na die teks bring (Cilliers 2004:91-131; Isaiah 2012:45-78; Long & Tisdale 2008; Müller 1990:150-151).

Prediking is egter ook nie ‘n “ek-lose” gebeurtenis nie, maar ‘n ontmoetingsgebeure tussen God en Sy volk, deur middel van ‘n menslike prediker as instrument. Hoe ons prediking ookal verwoord, moet daar altyd ook in gedagte gehou word: *Iemand preek* (Long 2016 & Nel 2001:14).

4.3.2. DIE PERSOON EN PERSOONLIKHEID VAN DIE PREDIKER

Tot dusver is gewys op die kernwaarheid van die prediking, as verkondiging van God se Woord, waardeur God Sy mense wil ontmoet, leer, en opbou. Die prediking wil ‘n reaksie, antwoord of verandering in die lidmaat te weeg bring, tóg is dit nie die prediker wat die verandering kan bewerkstellig nie – dit doen God alleen deur Sy Gees. Tóg is die prediker nie onbelangrik as dit kom by die prediking nie, maar word die prediker juis die instrument waardeur die Gees God se Woord aan die gemeente openbaar (Barnard 1981:566 Cilliers 2004:38-87; Isaiah 2012:19-34, 45-56). Dit sal naïef wees om oor die prediking te besin, sonder om enkele opmerkings oor die persoon van die prediker, en die impak wat die prediker (of liturg) op die erediensbelewenis van lidmate kan hê, te lewer.

Malan Nel (2001:6) skryf in sy inleiding tot *Ek is die verskil*, dat die prediker beslis ‘n impak op die prediking, asook impak van die hele erediens het – óf ten goede óf slegte – dikwels met die beste bedoelings (en ander kere nie). Hy vra die vraag:

> Waarom beweeg, en selfs manipuleer, predikers met min of geen goeie eksegetiese inhoud, ‘n hele gemeente? Waarom is daar ander, met die beste bedoelings en inhoud denkbaar, wat net nie kontak maak met baie (soms die meeste) van die gelowiges in die erediens nie? Om die verskil slegs maar op die sondigheid van die hoorders of (wanneer daar kontak is) op die werk van die Gees te “blameer” is net nie billik nie.

Die vraag moet dan gevra word na die verhouding tussen die persoon, persoonlikheid en prediking – want een ding is seker: “Wie preek?” maak saak. ‘n Mede-navorser, wat ook lidmaat van die NG gemeente is, verwys na ‘n erediens wat nie werklik ‘n impak op hom gemaak het nie, en gesels dan van die “spark” wat net nie daar was nie. Hy verduidelik dan verder:

> Met sekere predikante in die gemeente waarskynlik meer, maar dit gaan oor die manier hoe ek sekere predikante se styl ervaar. En ek dink 'n ou moet versigtig wees dat ek nie my gebrek aan “spark” uit die diens uit oor die boeg gooi van dat die boodskap verkeerd was nie. Dit was dalk ek vind nie by die betrokke dominee se styl vandag nie heeltemal aanklank nie (addendum A:299).

So noem ‘n swart, manlike mede-navorser en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, dat daar verskillende priesters deur die loop van die jaar hulle gemeente besoek, en dat een besondere priester baie geliefd is onder die gemeente, aangesien sy boodskappe altyd met werklike lewensverhale gepaardgaan – dit terwyl die priester van die gemeente se aanslag meer skolasties van aard is (sien addendum O:431). Nóg ‘n wit, manlike mede-navorser en lidmaat van die NG gemeente noem onder andere dat die prediker (of liturgie) sy belewenis van die erediens inhibeer as hy/sy onvoorbereid voorkom. Hy stel dit as volg:

> As ons dan sou fokus op die boodskap, en ‘n mens kan sien as ‘n persoon nie voorberei nie. En dit pla my. Dit lei my aandag af, want vir my is dit ‘n erediens, ek sou dink dat ten minste die persoon wat die boodskap aanbied moet met daardie selfde eer aan die Here gaan sy voorbereiding doen en sorg dat sy aanbieding dan reg is…’n Mens het begrip vir onvoorsiene, maar deur die boodskap daar nie voorbereiding gedoen word nie, vir my is daar nie ‘n verskoning daarvoor nie…(addendum C:316).

‘n Swart, vroulike mede-navorser en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, beskryf ‘n erediens wat geen impak op haar gemaak het nie, en noem dat die rede hiervoor die prediker

(of liturg) was, omrede "he seems so detached from the word that he give, he did not give life to it" (addendum L:393). Nog mede-navorsers noem dat eredienste wat "vervelig" aangebied word, nie vir hom betekenisvol is nie, en die algehele erediens-belewenis belemmer (addendum J:378; N:410). Hierin lê die ironie van die prediking, as menslike handeling – aangesien die prediker met swakker kommunikasievermoëns in baie gevalle 'n meer opregte geestelike agenda het, en dikwels baie meer tyd aan die voorbereiding vir die preek gedoen het, as die prediker wat opvallend goed kommunikeer (Nel 2001:6).

Ná die eksegetiese voorbereiding vir die prediking, speel die persoonlikheid van die prediker onbetwyfeld 'n definitiewe rol in die wyse waarop die prediking, en erediens in geheel, deur die hoorder beleef word. Carl Gustav Jung (1954) het tereg daarop gewys dat dit wat ons *persoonlikheid* noem, ten alle tye 'n misterie bly, en ons kennis daaromtrent altyd onvolledig sal wees. Eenvoudig gestel, kan *persoonlikheid* verstaan word as die deel van 'n individu wat hom/haar die beste verteenwoordig, nie net omdat dit hom/haar van ander onderskei nie (Briggs 1987:19-41), maar doodgewoon ook omdat dit is wié hy/sy is (Hall et al. 1998:8). Persoonlikheid verwys ook na die sosiale aantreklikheid van 'n individu, iets wat ook as 'n individu se "social-stimulus value" bekend staan (Briggs 1987:20). Lundin (1966:2) wys egter op 'n verdere verstaan van persoonlikheid, en gebruik die term *persona,* wat verwys na die masker wat 'n individu ten tyde van, en vir die doeleindes van 'n opvoering dra.

Hoe dit ookal sy, dit wil voorkom asof die persoonlikheid van 'n individu beslis 'n impak op die respons van ander persone teenoor daardie individu het. Daarom kan die prediking nie van die persoon van die prediker geskei word nie – prediking gaan doodgewoon nie net oor wat gesê word nie, maar beslis ook oor wié dit sê (Nel 2001:39). Brooks (1964:5) brei hierop uit en beskryf die verskil tussen goeie en swak prediking as *waarheid sonder persoonlikheid*, en ook *persoonlikheid sonder waarheid*. Doeltreffende prediking (met ander woorde prediking wat die doel van die boodskap bereik) word gevind in die tussenspel tussen die Bybelse boodskap (met sy inherente dramatiese inhoud) – dus die waarheid – en die persoon en persoonlikheid van die prediker.

Behalwe vir persoonlikheidsontwikkeling, is kennis van die retorika belangrik om die impak van die prediking te bevorder, aangesien dit in die prediking ook gaan oor die vermoë van die prediker om die lidmate te oorreed om die waarheid van die gepredikte boodskap te aanvaar op só 'n wyse dat hulle dit self ook as waar ervaar, en daarvolgens wil handel. Die preek moet boeiend wees, en die lidmate saamneem op die ontdekking van die Bybelse boodskap, en die betekenis daarvan vir hul lewe (Pieters 2001:27). Vos (1995:432-433) identifiseer drie belangrike retoriese strategieë wanneer dit treffende prediking aangaan:

1. In die eerste plek moet die preek logies *gestruktureer* wees, wat beteken dat die gedagtes van die prediker op 'n logiese en vloeiende struktuur moet volg, wat dit vir die lidmaat moontlik (en maklik) maak om die gedagtegang van die boodskap te volg.
2. Verder speel die beeld wat die hoorder van die prediker het, 'n belangrike rol. Om hierdie rede is dit belangrik dat die gemeente die prediker gunstig beleef as 'n persoon wat opreg is, werklik vir hulle omgee, en self in 'n lewende verhouding met God leef. Pastorale besoek aan die gemeentelede is volgens Vos 'n beproefde wyse waarop 'n vertrouensband tussen die gemeente en die prediker gevestig word. Pieterse (2001:28) noem egter dat dit ook belangrik is dat die prediker 'n positiewe indruk van die gemeentelede het, en dat daar geen plek vir negatiewe emosies teenoor die gemeentelede wat na die preek luister kan wees nie. Hierdie word die *ethos* genoem.
3. Emosionele relasie, tussen die prediker en die gemeente, speel ook 'n baie belangrike rol tydens die prediking. Dit is uiters belangrik dat die prediker daartoe instaat is om op 'n emosionele vlak met die gemeente te kommunikeer. Om oorreding en identifikasie moontlik te maak, is dit nodig dat die prediker en die gemeentelede gesamentlike lojaliteit ervaar vir die saak wat hulle dien en dit waartoe die Here hulle as geloofsgemeenskap roep. Hierdie staan as die *pathos* bekend.

Pieterse (2001:28) verduidelik die belangrike rol wat die Prediking in die lewe van gemeentelede kan speel, wanneer dit relevant en toepaslik tot hulle lewe aangebied word:

> Met elke preek behoort die prediker die *verstand, die gemoed en die wil* van die hoorders aan te spreek. Alle preke moet informasie verskaf (die verstand aanspreek), die hoorders emosioneel aanraak (die gemoed aanspreek) en tot handeling beweeg (die wil aanspreek). Dit word die momente van *docere, delectare en movere* in die retorika genoem.

Uit die empiriese ondersoek het die belangrike roetemerker vir ons nadenke oor die erediens na vore gekom, naamlik: dat die Woord van God (en deur lidmate verstaan as die gepredikte Woord), die sentrale gebeurtenis van die Sondag-erediens is, die gebeurtenis wat die grootste impak op hul lewe het, mits dit sinvol en betekenisvol beleef word. Daarom sal ons in ons nadenke oor die erediens, en spesifiek die betekenis en impak daarvan, ernstig oor die Woordverkondiging moet besin, en spesifiek die wyse waarop die teks (wat altyd in die hart van die Gereformeerde woordverkondiging staan) en konteks (die lewens en geloofvrae van lidmate) met mekaar in verband gebring word. Dat die Woord op Skrifgetroue wyse moet geskied, en van goeie kommunikatiewe gehalte moet wees is vanselfsprekend. Wat egter wel in gedagte gehou moet word, is dat goeie kommunikasie altyd verstaanbare en toepaslike kommunikasie is. Prediking wat sy doel bereik het, sal lei tot ‘n antwoord – soos Barnard (1981:566) dit stel: “’n Regte luister word hoorbaar in die antwoord…”.

Dit bring ons by die derde konsep, wat deur lidmate uitgelig word, in hul verstaan van die erediens, naamlik: aanbidding.

4.4 DIE EREDIENS AS RUIMTE WAAR GOD AANBID WORD

Binne die Christelike geloof is God altyddeur die party wat eerste optree, die inisiatief neem en die mens ontmoet. God kies om aan die mens openbaar te word. Aangesien God altyd die inisiërende party is, is die beste wat die mens kan doen om te reageer op God se openbaring – hierdie reaksie staan bekend as *aanbidding* (Jones et al. 1992:9; Stringer 1999:21-22). Aanbidding is sedert die Ou Testamentiese tyd ‘n kerndeel van Israel se verhouding met God. Aanbidding (wat in Engels verstaan word onder die term *Worship*) is die spontane reaksie van dankbaarheid, deur Israel vir God se wonderlike verlossingsdade in hul lewe. Barnard (1981:75) verwoord *aanbidding* as die “nederige buig voor die heerlikheid en grootheid van God” wat hoofsaaklik op een van drie wyses geskied, naamlik: deur die offers; deur gebede en deur die lied.

Frits van der Meer (1904-1994), destydse aartsbiskop van Utrecht, het aanbidding grootliks beleef as *gloria* (die verheerliking van God), as *kenosis* (ontlediging of self-opoffering) (De

Blaauw 2010:348). Tóg was die gedagte van ‘self-emptying’, volgens die voorbeeld van Jesus Christus (in Filippense 2:7), vir hom sentraal tot die verstaan van die betekenis en boodskap van die liturgie. Die dood en opstanding van Jesus Christus is die kernmoment van God se versoenende en genadige toetrede tot die mens se lewensomstandighede, en vorm daarom die spilpunt waarom Christelike aanbidding, in die erediens en die lewe, draai (Cilliers 2009:514).

In wese is die hele erediens ‘n aanbiddingsgeleentheid, en die hele liturgie aanbidding – hetsy deur lofprysing, danksegging, verootmoediging, skuldbelydenis, gebed, en selfs die nagmaal of doopviering. Wanneer die gemeente, as samekoms van die gelowiges wat diep onder die indruk van God se wese en verlossingsdade in hul lewe is, reageer – reageer hulle aanbiddend (Jones et al. 1992:9, 20-27, 520-522). Wepener (2011:21) herinner egter dat aanbidding nie net tot die Sondag-erediens beperk is nie, maar ander dienste wat ‘n vorm van aanbidding is insluit, soos huweliksdienste, begrafnisdienste, bidure, verhoudingsgroepe, ensomeer. Aanbidding is verder somtyds ‘n individuele aktiwiteit, en somtyds gemeenskaplike aktiwiteit.

Die empiriese ondersoek wys daarop dat lidmate aanbidding as ‘n integrale deel van die erediens ervaar (as samekoms van gelowiges, waar God aanbid word), aanbidding grootliks ervaar in terme van die lied, of te wel: lofprysing en aanbidding (praise and worship), en dan ook gebed (sien addendum E:334; G:349-351; H:358-359; M:403-404; N:409-410; P:435-438). So beskryf ‘n wit, manlike mede-navorser en lidmaat van die Charistmatiese gemeente, die belangrike rol van aanbidding in die erediens vir hom:

> Die aanbidding is gewoonlik ‘n hoogtepunt in elk geval van die erediens vir my. Ek dink die uitdaging kom daarin dat elkeen uit sy eie smaak en “flavour” rondom sang en aanbidding, en ag ek dink in enige diens, daar was al tye wat ek miskien sou sê dat die manier van aanbidding nie noodwendig in my smaak val nie, maar ek dink dan moet ‘n ou daarby verbykom…ek is lief vir Afrikaanse aanbidding, ek is lief vir ou tradisionele aanbidding… (H:359)

Nóg ‘n swart, vroulike mede-navorser en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente noem dat aanbidding nie iets is wat slegs in die erediens plaas vind nie, maar enige tyd van die dag, en op enige plek kan geskied. Sy verduidelik dat: “I personally worship at any time. You probably be working and then all of a sudden there is a worship song coming to your mind or you could be also thinking of God or thinking of a passage that you read in the morning and

you start meditating on it" (addendum M:402). Op grond van die empiriese ondersoek, wil dit dus voorkom dat die wyse van aanbidding, wat in die Ou- en Nuwe Testamentiese tyd, die primêre vorm van aanbidding was – naamlik: deur die offer (Barnard 1981:77; Cilliers 2009:513-514; De Blaauw 2010:348), tans grootliks ontbreek onder die verstaan van die term onder hedendaagse lidmate (meer hieroor in die hoofstuk wat volg).

Ware aanbidding spruit vanuit 'n hartsgesindheid van nederige verootmoediging voor die heerlikheid van God – dit behels 'n "klein wees" in die teenwoordigheid van die Almagtige God – en gaan ook dikwels met fisiese meelewing gepaard (die ophef van hande, die sluit van die oë, om nie net geestelik nie, maar ook werklik te kniel, ensomeer). In sy wese is die aanbidding gerig op die eer en verheerliking van God – eerstens vir Sy unieke karakter en heilige Persoon, maar ook vir sy dade en toetrede tot die mens se lewe. As primêr 'n offerhandeling, behels ware aanbidding veel meer as die gee van finansiële offers, maar wil dit uiteindelik 'n antwoord van die gelowige op God se wese en verlossingsdade wees, in die vorm van lewende, heilige offers wat voortleef in die alledaagse leefruimtes. Soos Barnard (1981:441) dit stel:

> By die aanbidding van die gemeente in die erediens word duidelik dat ons nie na die erediens kom slegs om te kom ontvang nie, maar ook om iets te bring, iets aan God te bring. Van die baie dinge wat ons aan Hom kan en moet bring, is die ware aanbidding die beste wat ons het, dit is ook vir God die mooiste gawe, omdat Hy daarin die afbeelding van sy eie werk sien en daarin die plek in die mens se lewe en in die kerk se lewe kry wat Hom toekom.

Barnard (1981:75-76) verduidelik verder dat die aanbidding daarop gerig is om die objektiewe waarde van God te erken, en is geanker vanuit die belydenis van wie God werklik is. Daarom is dit, in ons nadenke oor aanbidding in die erediens, ook nodig om te let op die Godsbeelde wat in die liturgie teenwoordig is, en in die harte van die lidmate leef (vgl. Long 2001:15-25; Nairobi Statement on Worship and Culture 1996; White 2000:22-24).

4.4.1 WIE IS DIE GOD WAT DEUR DIE SAMEKOMS VAN GELOWIGES AANBID WORD?

Soos reeds genoem, is hierdie navorsing nie net gerig op die verkenning van die aard van die erediens nie, maar wil dit uiteindelik ook die impak daarvan op die lewe van gelowige individue verken. Die navorsing gaan vanuit die werkshipotese te werk dat die liturgie en lewe

onlosmaaklik aan mekaar verbind is, terwyl dit ook mekaar verryk en vorm. Die erediens wat sy doel bereik, sal voortleef in die lewens van die gemeentelede. In die eerste deel van hierdie hoofstuk is daar verduidelik dat die erediens, deur lidmate, primêr as die samekoms van gelowiges ervaar word. Binne die hedendaagse tydsgees met sy fokus op individualisme, worstel die individu met die eksistensiële vraag na sy/haar identiteit – lidmate vra nie meer net wie is *ons* nie, maar eerder wie is *ek*.

Smit (2009:102) stel dit duidelik dat in die soeke na 'n antwoorde op die vraag: *Wie is ek, moet* daar eerstens gevra word na die persoon en wese van God - *Wie is God?* In die erediens gaan dit nie alleenlik oor die feit dat God in die erediens teenwoordig is nie, maar dat God deur die mens geken wil word – die erediens is dus die ruimte waarin God aan die mens openbaar word, en waarheen die mens kom met die opregte soeke na Wie God is. In ons nadenke oor aanbidding in die erediens, is dit belangrik om die mate waartoe liturgiese rituele inspeel op die Godsbeelde wat in die Woord, maar ook in die gedagtes van lidmate leef.

Dit wil, vanuit die empiriese ondersoek, voorkom asof die mede-navorsers God primêr as liefdevolle Vader ken[55]. 'n Wit, manlike mede-navorser, wat ook 'n leraar van 'n NG gemeente is, beskryf sy ervaring wat Wie God is, en hoe sy lewensomstandighede en opbrengs daartoe bydra, op die volgende wyse:

> Ja, dit voel vir my so baie, maar ek dink vanwaar ek nou is beleef ek God die Vader of Hom as Vader, nie net as Vaderfiguur nie, maar Vader van alles. Ek dink "the way which you explained it was beautifull". God die Vader en "jô" ek bedoel daardie vrede en daardie rustigheid, maar ook daardie opgewondenheid en daardie inspirasie, al daardie, ek beleef Hom so intens op die stadium as die Vader in my verhouding met my kinders, hoe ek "actually" my pa is oorlede op my 7de verjaarsdag, dit is jare terug, nou sit ek met hierdie Vader en "ultimate" vader vir hierdie, so in al my verhoudings sien ek letterlik hoe God die Vader "actually" op die stadium van my lewe identifiseer ek met hom as Vader op 'n baie, baie intense dinamiese gesag (addendum P:458).

Nóg 'n wit, manlike mede-navorser, wat 'n pastoor in 'n Charismatiese gemeente is, sluit hierby aan en verduidelik dat God vir hom 'n Vader is, en dat God se Vaderhart een van die mooiste temas uit die Woord is. As Vader gee God aan hom identiteit, beskerm hom en gee

[55] Sien kategorie 7, soos vanuit die oop-koderingsfase identifiseer, en in 3.4.2.1 van hierdie navorsing bespreek is.

aan hom Sy Woord om betekenis aan sy lewe te gee (addendum P:458). ‘n Swart, vroulike mede-navorser en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente beskryf God ook as “Abba Father”, wat in verskillende situasies, verskillende rolle kan aanneem (addendum M:407).

Ander Godsbeelde, waardeur sommige mede-navorsers God beskryf is dié van Skepper (addendum P:457, C:322); Koning, Lig en Liefde (addendum P:457-458); Geneser, Redder, Verlosser en Voorsiener (addendum D:332-333; G:356; M:404-407); altyd-teenwoordige essensie van liefde, maar nie as ‘n fisiese wese nie (K:389-390).

Behalwe vir die erediens en liturgiese rituele, speel die mens se agtergrond, opvoeding en lewenservaring beslis ‘n rol wanneer dit by die persoon se bepaalde Godsbeelde kom. Dit is onvermydelik dat die mens se leefwêreld en lewenservaring ’n impak op die persoon se Godsbeskouing sal hê, wat tot gevolg het dat die vorming van Godsbeelde tot ‘n mate ‘n subjektiewe konstruksie is, wat wissel van persoon tot persoon (De Klerk, De Wet & Letsosa 2011:2). ‘n Wit, manlike mede-navorser en lidmaat van die Charismatiese gemeente, vertel van die gespanne verhouding wat hy met sy pa gehad het, in dié sin dat hy altyd soos ‘n teleurstelling vir sy pa gevoel het, en dat sy pa meeste van die tyd te besig was, wat hom die idee laat gee het dat hy hom steur as hy iets met hom wou deel. Hierdie ervaring uit sy kinderjare, het spore gelaat in sy verstaan van God, selfs vandag as volwassene. Hy beskryf dit aan hand van twee visioene, op treffende wyse as volg:

> Weet jy God die Vader as gevolg van my eie verhouding met my pa wat eintlik ‘n seun wou gehad het en ek het gevoel ek is ‘n baie groot teleurstelling vir hom het God die Vader vir my hele nuwe dinge kom open. Hy het vir my kom “marcher” waar ek nie gevoel het nie, Hy het my identiteit kom bevestig deur Jesus wat ek nie gehad het nie. En Hy het vir my eenkeer gewys toe ek iets verkeerd gedoen het en ek na Hom toe gaan en vir Hom sê hier staan ek alweer ek moes beter geweet het toe wys Hy vir my hoe, wel die visie wat ek gehad het was dat ek staan met ‘n gebreekte, baie kosbare ding in my hand en die ding is so gebreek, Hy sal hom nie kan regmaak nie of ek sou hom nie kon regmaak nie, niemand wat ek weet van sou hom kon regmaak nie en toe ek by Hom kom toe kyk Hy met soveel liefde na my en soveel geen “condemnation”nie... (addendum F:346)

> ‘n Ander visie wat Hy vir my gegee het is hoe ek instap, dit was net na ‘n rukkie nadat ek tot bekering gekom het en Hy sit op sy troon en die engele staan om Hom en ek weet Hy is baie besig en ek loer soos ‘n ... om die deur en met die ding van Hy gaan vir my of net sê hoor hierso wag nou ‘n bietjie en die oomblik toe Hy my sien, daardie verskriklike liefde en Hy maak sy

> arms oop, maak nie saak waarmee Hy besig was nie en ek kon op Sy skoot gaan spring, vuil voete en alles. Dit het nie saak gemaak nie (addendum F:347).

Hierdie Godsbeelde is uiters belangrik in ons nadenke oor die erediens, aangesien dit tot gevolg het dat die lidmaat die erediens met ‘n bepaalde begrip van God, en verwagting van hierdie God betree – verwagting wat, soos Durand (2007) dit noem, reeds van kleintyd af gevorm is. Godsbeelde wat in die erediens kommunikeer word, kan egter ook dikwels baie vrae by gelowiges ontlok – iets waarvoor die liturg of prediker uiters sensitief voor moet wees. ‘n Wit, manlike mede-navorser, wat ook lidmaat van die NG gemeente is, verduidelik hoe sy begrip van God deur die jare verander het, soos wat daar in die erediens ook deur die jare anders oor God gepraat is. In sy jonger jare het hy God geken as “Almagtige figuur wat kan besluit wat gaan gebeur en wat nie gebeur nie...en dan sit jy en wonder: maar hoekom laat Hy dinge soos Auschwitz gebeur, dan sit jy in die kerk en dan kyk jy na die kleur-kanselkleed wat sê God is liefde en dan kyk jy na wat hier buite aangaan...” (addendum A:305). Nog ‘n wit, manlike mede-navorser en lidmaat van die NG gemeente verduidelik dat die Drie-Eenheid steeds ‘n moeilike gedagte vir hom is om te begryp, wat dit vir hom moeilik maak om God as die Drie-Enige God te ken (addendum C:322). ‘n Swart, manlike mede-navorser en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente verduidelik op sy beurt weer dat die gedagte van Jesus se liggaamlike opstanding, asook die tradisionele verstaan van Jesus as ‘n wit man, met lang hare en ‘n baard, vir hom moeilik is om mee te assosieer, veral vanuit ‘n tradisionele Afrika-konteks (addendum O:424, 432-433). Nóg mede-navorsers verduidelik dat God vir hulle nie beperk is tot ‘n bepaalde geslag nie, maar dat hulle nietemin makliker met God in die manlike vorm assosieer, en Hom dan ook in die manlike vorm aanspreek (addendum K:389; N:416).

Die behoefte om God te ken, en die verwagting dat God in die erediens ontmoet word, en met die individu wil praat, is volgens Vos (2010:1) die aantrekkingskrag om die erediens by te woon. Aangesien die bestaande Godsbeelde van lidmate, soos reeds genoem, beslis subjektiewe konstrukte is, wat deur hul lewenservaringe gevorm word, is dit die belangrike rol van die erediens en liturgie om seker te maak dat die Godsbeelde wat daarin voorkom getrou is aan die beeld van God, soos dit in Sy Woord aan ons openbaar word (Smit 2009:103). Weereens moet hierdie hoofstuk se fokus op die raakpunte tussen die erediensboodskap, en die lewe van lidmate – die erediens *en* die lewe, hier in gedagte gehou word. Ook in terme van die

aanbidding in die erediens, en dan ook die Godsbeelde wat daarin kommunikeer word, is dit uiters belangrik om die toepaslikheid en relevantheid daarvan, vir die lewe van die gemeentelede te verwoord. As ‘n reël is dit vir gemeentelede moeilik om die Here te ontmoet, en Sy stem te hoor, te midde van die geskarrel van hulle dag-tot-dag bestaan. Tóg wil dit voorkom dat lidmate in sekere tye meer vatbaar is vir ontmoetingsgeleenthede, waar hulle God se stem hoor (vgl. Root 2014).

Burger (2005:62) verduidelik dat tye van swaarkry en nood daartoe bydra dat die gelowige individu meer doelgerig na God se teenwoordigheid soek – sodoende skep uitdagings, seer, bekommernis of teleurstelling dikwels ‘n dringende verwagting, en behoefte om God in die erediens te ontmoet – ‘n verwagting waarvan die prediker of liturg bewus moet wees, en by moet aansluit, ten einde die erediens sy doel te laat bereik. Verskeie mede-navorsers, wat vertel van ‘n erediens (of eredienste) vir ‘n definitiewe impak op hulle gemaak het, getuig van moeilike omstandighede waarin hulle verkeer het, en dat die Here hulle op ‘n besondere wyse binne-in hierdie tye van seerkry en bekommernis ontmoet het (addendum B:308-309; G:349-351; J:378-379; K:385-386; L:394-395; M:403-404; P:441-443).

Vos (1995:5 en 2010:4) wys op die liturgie se belangrike rol in dié ontmoeting tussen God en mens te midde van die ‘einas en amens’ van die lewe – vir hom is die liturgie se taak om te wys op God se teenwoordigheid in die mens se nood. Smit (2004c:351-352) sluit hierby aan en beskryf die kerk as ‘n aanbiddende gemeenskap van gelowiges, en ‘in die hart van dié aanbidding klop die nood van die wêreld, die sugte van die skepping, die vrae, swaarkry en sorge van elke samelewing en van alle mense. Christelike aanbidding word gebore uit die ervaring van die nood van die lewe’. As aanbiddingsritueel in die liturgie, wys die nagmaal ook op God se teenwoordigheid te midde van die seer en nood in die wêreld, en word die gemeente nie net herinner (tot My gedagtenis) aan God se voorsienigheid in hul lewe nie, maar ook aan die oproep om die brood en wyn in ‘n stukkende wêreld te gaan wees. Binne die missionale verstaan van die kerk, is die gemeenskap van gelowiges ‘n biddende (aanbiddende) gemeenskap, en waarvan die aanbidding gerig is op die koms van God se Koninkryk – ook deur middel van die kerk as liggaam van Christus. In hierdie hart van die aanbidding klop die nood van stukkende mense, en ‘n stukkende wêreld (Smit 2004c:351-353).

Cilliers (2009:518) wys op die verlammende effek van die individualistiese tydsgees op die kerk as gemeenskap van gelowiges, deurdat talle individue 'n tipe 'eilandbestaan' voer, waar hulle wel hier is, maar tog ook nie hier is nie. Die rol van die prediker (of liturg) tydens die erediens, is om die individu tot die besef van die uitdagings van sy/haar lewe, maar ook die onlosmaaklike verband van sy/haar lewe en die lewe van die groter samelewing te laat kom (De Klerk et al. 2011:5). Vanuit die Trinitariese verstaan van die *Imago Dei*, word God geopenbaar juis in die verhouding (gemeenskap) tussen Vader, Seun en Heilige Gees – daarom sal die mens se identiteit en bestaansdoel alleenlik gevind word binne gemeenskap met ander, en nie in isolasie nie. Christelike identiteit word in 'n lewe-in-verhouding, eerder as 'n lewe buite-verhouding gevind en gevorm (McKim 2001:32). Die liturgie is daarop gerig om, deur middel van 'n ontmoeting met God, die strate, townships en markpleine van die lewe te betree en my eie lewe te verstaan binne die groter geheel van die lewe en samelewing (Plantinga & Rozenboom 2003:3).

Vir die individu om tot 'n dieper insig van sy/haar identiteit en bestaansdoel, spesifiek binne die diverse en gefragmenteerde Suid-Afrikaanse samelewing te kom, is dit eerstens nodig om tot 'n dieper besef van God se identiteit te kom – die *Imago Dei* kan nie geken word sonder die *Dei* nie – daarom is die rol van Godsbeelde in die liturgie baie belangrik (Cilliers 2008:7). Root (2014:96) wys egter tereg daarop dat die verstaan van die mens as *Imago Dei* – nie alleenlik 'n ontologiese verstaan kan wees nie, maar dat die mens hulself as beeld van God leer ken en ontdek binne bedieningsaksies waar die mens aktief betrokke is in die bediening van Jesus Christus, deur bemiddeling van die Heilige Gees. Christelike aanbidding wil ten diepste bewus wees van die lewe, en in die hart van die aanbidding klop die lof, danksegging, belydenis, toewyding en voorbidding tydens die erediens liturgie (Smit 2004c:352).

Die erediens se omvang strek egter wyer en dieper, as die drie eienskappe, soos wat dit tot dusver in hierdie hoofstuk uiteengesit is. Alhoewel die erediens wel, soos deur die mede-navorsers verstaan word, die samekoms van gelowiges, rondom God se Woord en waar God aanbid word is, beskik die erediens oor 'n rykdom van rituele wat tot op hede nog nie in ons bespreking van die erediens en die lewe aan die woord gekom het nie. Dat hierdie rituele nie vanuit die empiriese ondersoek sterk na vore gekom het nie, spreek opsig self boekdele, en is

dit nodig om die wyse waarop hierdie rituele in die erediens gestalte vind, moontlik te heroorweeg, ten einde die inherente boodskap en lewensveranderende potensiaal daarvan tot volle reg te laat kom.

4.5 ENKELE OPMERKINGS OOR DIE VORM VAN DIE EREDIENS

Barnard (1981:537-576) beskryf die verloop van die gereformeerde erediens (as gespreks- of dialektiese gebeurtenis tussen God en mens) as bestaande uit die votum, seëngroet, lofsang, voorlees van die wet, veroortmoediging en skuldbelydenis, genadeverkondiging, sang, epiklese gebed, skriflesing, prediking, geleentheid vir bespreking, dankgebed en aanbidding, geloofsbelydenis, die opneem van offergawes, die slotsang en weer die seëngroet. Hierdie navorsing wil nie weer in diepte fokus op die aard en wese van elkeen van hierdie momente in die erediens nie, maar wil wel ‘n kritiese vraag daaroor vra: Vanuit die rykdom van momente in die erediens, soos hierbo uiteengesit… “waarom figureer slegs die Woord (die preek) en aanbidding (deur sang) in die harte en gedagtes van lidmate wanneer hulle oor die erediens gesels?” Alhoewel daar ooreenkomste en verskille ten opsigte van die verstaan rondom die Woordverkondiging en aanbidding, asook die wyse waarop hierdie rituele plaasvind, onder die verskillende denominasies bestaan[56], staan die Woordverkondiging en aanbidding in die hart van gelowiges, oor al drie gemeentes wat by hierdie navorsing betrek word.

‘n Verdere vraag kan gevra word, naamlik: “Wat is dit wat die inherente betekenis en doel van hierdie ander momente inhibeer, ten opsigte van die lidmate se belewenis daarvan?” Die navorser wil dit waag om, op grond van die empiriese ondersoek[57], die afleiding te maak dat die uitdaging nie soseer by die inhoud van hierdie momente gevind word nie, maar by die persoon (persoonlikheid en styl) van die liturg, en die wyse waarop hierdie rituele aangebied word (indien hulle nog aangebied word). Vanuit die observasies van die liturgiese ruimte en orde, wil dit voorkom dat, in die NG-en Rooms-Katolieke gemeentes, die liturgie grootliks

[56] Sien die beskrywing van hierdie ooreenkomste en verskille, op bladsy 121-122 van hierdie navorsing.
[57] Daar kan verskeie faktore bestaan vir die inhibering van die betekenis van die verskillende liturgiese momente. Die doel van hierdie navorsing is egter nie om te spekuleer oor wat hierdie faktore moontlik mag wees nie, maar gewoon te let op die belewenis van die mede-navorsers. Uit die empiriese ondersoek het die persoonlikheid en styl van die liturg na vore gekom as prominente faktor, en daarom word dit ook in hierdie ondersoek uitgelig.

volgens die gespreksmodel neerslag vind, waarin God praat en die Gemeente telkens op die openbaring van God antwoord.

Een van verskeie hedendaagse skuiwe in die liturgie beweeg weg van bogenoemde dialogiese of gespreksmodel, in die rigting van 'n ontmoetingsmodel. Die rede hiervoor is dat, in die gespreksmodel, dit dikwels voorkom asof die erediens uit losstaande 'agendapunte' in die liturgie bestaan, wat baie meganies deurgewerk is. Daarteenoor, is die erediens as ontmoetingsruimte, ingestel op die liturgie as ontmoetingsruimte waarbinne God en mens mekaar ontmoet (Van der Merwe 2009b:251). Op hierdie punt is dit baie belangrik om te noem dat gesprekvoering 'n belangrike ontmoetingsmoment is, en dat die kritiek teen die bestaande gespreksmodel daarom nie op die beginsel van gesprekvoering gerig is nie, maar op die sistematiese hantering van die liturgiese momente as agendapunte wat, binne 'n uur, 'afgehandel' moet word – wat in die proses 'n rigiede, formalistiese struktuur aan die erediens gee, en die ontmoeting tussen God en Sy gemeente (die uiteindelike doel van die erediens) verhinder.

So erken 'n wit, manlike mede-navorser en lidmaat van die NG gemeente dat hy 'n erediens verkies wat nie te formeel is nie, maar tog steeds doelmatig uitgepak word (addendum A:298). 'n Wit, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die Charismatiese gemeente, maar wat voorheen 'n lidmaat van die NG Kerk was, beskryf haar belewenis van eredienste met 'n rigiede struktuur as volg:

> Dit is altyd vir my ongemaklik waar 'n mens óf kan voel 'n kerk het 'n baie rigiede plan en hulle hou by hierdie plan en dit moet nou gebeur en hier moet ons opstaan en daar moet ons sit en hier moet ons dit doen dan voel dit altyd vir my asof ek nie huis is nie, maar asof hulle, soos dan voel ek ongemaklik...(addendum I:368).

Nóg 'n tendens wat duidelik in die eredienste van gemeentes na vore kom, is die liturgiese vorm waar die erediens met langer lof- en aanbiddingstyd begin, en vandaar beweeg in die rigting van die skriflesing en prediking, met die diens wat weer afgesluit word met lof en aanbidding. In hierdie liturgiese tendens sien ons duidelik die invloed van die Charismatiese kerke se aanbiddingstyl. So beskryf 'n pastoor van 'n Charismatiese gemeente, 'n erediens wat 'n besonder impak op hom gehad het, tydens 'n besoek aan 'n ander gemeente: "It was

strangely enough not a service in my church it was another church in this area and that particular Sunday the Pastor decided not to have a sermon and rather it was a time of testimonies and sharing and lot of worship and song and that service really impacted me" (addendum P:438). 'n Wit, manlike mede-navorser en lidmaat van die NG gemeente beskryf die gemeente se oggenddiens, en noem dan dat "ons sal gewoonlik so vir die eerste halfuur sal ons maar sing en dan sal die dominee begin preek en sy preek is gewoonlik so 'n uur lank so die totale diens is omtrent so 'n uur en 'n half lank" (addendum E:334).

'n Verdere liturgiese vorm wat na vore gekom het, veral binne die VSA kerklike landskap, maar ook in die NG Kerk neerslag vind, is die sogenaamde *Blended Worship* - 'n aanbiddingstyl waarby verskillende elemente (tradisioneel en kontemporêr; oud en nuut) amper soos 'n mengelslaai in die erediens vermeng word, in 'n poging om individuele voorkeure van die individu tevrede te stel (Long 2001:12; Webber 1998; Wepener & Bartlett 2014:3). Long staan egter krities teenoor hierdie liturgiese vorm, aangesien dit volgens hom spruit uit voorkeure en giere van die individu, in plaas van die evangelie van God.

Vanuit die besoeke aan die onderskeie gemeentes, asook vanuit die gesprekke met die mede-navorsers, het dit ook duidelik na vore gekom dat daar binne gemeentes die tendens ontstaan waar die verskillende eredienste, verskillende liturgiese vorme aanneem. So beskryf 'n wit, manlike mede-navorser en lidmaat van die Charismatiese gemeente, die verskil tussen hul oggend- en aanddienste:

> Ja, erediens kom seker maar tradisioneel Jo! uit 'n oggenddiens uit. Ek kom uit 'n Pinkstergemeente uit so ek was my lewe lank in die AGS kerk so erediens was maar gewoonlik vir ons die oggenddiens waar jy 'n bietjie in die Woord in delf. Waar aanddiens bietjie meer Evangeliese diens was waar ons 'n bietjie meer kyk na jy weet bekering en so-aan preek so dit is vir my maar die konteks kuier 'n bietjie om die Woord en gaan huis toe (addendum H:358).

Binne die NG Kerk is dit die tendens om die oggenddiens te beskou as die geleentheid waar die hele gemeente bymekaarkom, en die erediens 'n meer tradisionele verloop het, terwyl die aanddienste meer op die jeug gerig is, en 'n meer informele liturgie aanneem (sien byvoorbeeld addendum E:334).

Wepener (2011:24) verduidelik dat alhoewel daar duidelik uiteenlopende liturgiese vorme in die erediens bestaan, is daar egter ‘n deurlopende aspek wat toenemend in die eredienste aangetref word, die sogenaamde vierslag-vorm of ekumeniese diensorde. Hy beskryf hierdie liturgiese vorm as volg:

> Die eerste en die vierde beweging van die vierslag-vorm, naamlik *toetrede* en *uitsending*, is duidelik en verstaanbaar. Mense kom immers met enige samekoms, liturgies of nie, bymekaar en neem later (hopelik elke keer) van mekaar afskeid en gaan dan uitmekaar. Binne die liturgiese opset kry hierdie toetrede en uitsending egter besonderse teologiese betekenis. Dit is meer as net saamkom en weggaan; dit gaan oor God wat sy mense opsoek en voor Hom versamel om hulle uiteindelik weer uit te stuur. Tussen die *toetrede* en die *uitsending* is daar dan nog twee bewegings. Tradisioneel is daar in gereformeerde kerke eintlik net een beweging tussen die toetrede en die uitsending, naamlik: die *Woordbediening*. Met enkele ander geleenthede per jaar is daar egter ook ‘n diens wat die nagmaal (*tafeldiens*) insluit.

Hierdie vierslag-vorm gaan vanuit die oortuiging te werk dat *minder*, inderwaarheid *meer* is, aangesien hierdie liturgiese vorm meer speelruimte bied waarbinne verskillende moontlikhede binne die erediens kan plaasvind. Teenoor die tradisionele gespreksmodel se sistematiese, en dikwels rigiede verloop, gebruik die vierslag-vorm die term *beweging*, wat wys op ‘n meer natuurlike heen en weer vloei in die erediens, en sodoende aan die erediens bietjie meer ‘vryheid’ gee, maar steeds ‘n mate van struktuur aan die erediens verleen. Hierdie bewegings wil in die erediens liturgie uiting gee aan die inherente dramatiese inhoud van die evangelie-boodskap – wat volgens Long ‘n kenmerk van lewende gemeentes se eredienste is (Long 2001).

Dit bring ons by ‘n belangrike roetemerker vir ons voortdurende nadenke oor verskeie liturgiese rituele in die erediens, naamlik: die wyse waarop die dramatiese inhoud van die evangelie, en die betekenis vir die lidmaat se lewe, daardeur kommunikeer word. In die onderhoude met die mede-navorsers, is een van die rituele wat die navorser wou verken, die seëngroet. Vanuit die empiriese ondersoek het dit duidelik na vore gekom dat die lidmate in die eerste plek nie baie nadink oor die betekenis van die seëngroet nie, en dat hulle ook nie seker is of die woorde slegs ‘n formule of rympie is wat die leraars elke Sondag die diens mee afsluit, en of dit woord is wat Skrifgefundeerd is nie. Soos ‘n wit, vroulike mede-navorser en lidmaat van die NG gemeente, die impak van die seëngroet in haar lewe verduidelik:

> Ek dink nie ek heg noodwendig die diep betekenis wat daaraan moet geheg word nie, maar dit en ek wil ook wegbly van die feit dat mens voel jy weet as jy nou die seën gekry het en jy stap daar uit dan jy weet is jy nou gesëen jy, ja, maar dit, dit is vir my lekker om te weet ek ontvang

> dit en ek kom kerk toe en jy weet dit word, die seën word uitgespreek, maar ek dink nie ek koppel noodwendig die diep betekenis wat daaraan, want soms jy weet jy luister nie eers wat die dominee sê as dit, dit raak soos 'n rympie (addendum D:331).

Nóg ‘n wit, manlike mede-navorser en lidmaat van die NG gemeente, beskryf die seëngroet as iets waaraan hy nog nooit regtig gedink het nie, en dat dit vir hom maar net ‘n manier is waarop die dominee die gemeente groet (addendum E:338). Só verduidelik nóg ‘n wit, vroulike ‘n mede-navorser en lidmaat van die NG gemeente, dat die seëngroet, en baie ander liturgiese rituele in ‘n roetine verval het, wat die impak daarvan op die lewe van die gemeentlede inhibeer:

> Ek weet nie, ek dink dit, ek het nie 'n korrekte antwoord daaroor nie, ek dink dit kom maar seker uit die ... uit gebruike uit die Bybel uit waar dit gebruik is en daar is 'n stuk van 'n ritme of 'n ritueel daaraan, maar so ek dink 'n mens moet sorg dat jy jou eie maak, dat dit nie net bly by 'n ritueel nie, maar dat die Here jou waarlik seën, dat die dominee daardie seën van God aan jou oordra, so my, ek dink daar word baie keer 'n klomp van die, weer soos ons het groot geword Tien Gebooie word gelees dan dit, dan dit en ek dink die kerk het baie wegbeweeg van daardie dat goed nie net by jou eintlik verbygaan omdat dit elke Sondag gedoen word nie, maar daar is iets goeds daaraan aan die seën wat aan die einde uitgespreek word en jou eintlik uitstuur vir die week of ja (addendum B:312).

Nog ‘n swart, vroulike mede-navorser, wat ‘n lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente is, vra ook krities na die wyse waarop die seëngroet in die erediens bedien word:

> Where is it coming from? Who is giving it? Is it God or is it a human-being? That is my question…I know God comes here and then give us the blessings, give us this, comes through someone. Ja so my question: is it guided by God to give it or is it something that we do because this is how we do things in this church (L:398-399).

‘n Wit, manlike mede-navorser, wat ook ‘n pastoor van ‘n Charismatiese gemeente is, verduidelik dat alhoewel die seëngroet per geleentheid deel van hul eredienste is, hy self nie genoeg nadink oor die impak en betekenis daarvan nie – vir hom is dit ‘n belangrike deel van die erediens, wat tans nie tot sy volle reg kom nie (addendum P:456-457). Van die mede-navorsers wat wel die seëngroet as betekenisvol beleef het, het die meerderheid die betekenis daarvan op persoonlike en individueel wyse ervaar – dat God hulle seën, en so belowe om vir hulle te sorg deur die week wat kom. Net soos in die geval van die sakramente (soos vroeër in hierdie hoofstuk bespreek), wil dit ook voorkom asof die sosiale (en gemeenskaplike) implikasie van die seëngroet nie op voldoende wyse aan lidmate kommunikeer word nie.

Nie net speel die verloop van die erediens, en die formaat waarop die verskillende liturgiese rituele in die erediens plaasvind, ‘n belangrik rol in die belewenis daarvan by lidmate nie, maar só ook die liturgiese taalgebruik, wat in die erediens aangewend word. Die navorser het tydens die onderhoude doelbewus aan lidmate gevra wat hulle verstaan onder die teologiese term “missionaal”. Die oorgrote meerderheid van mede-navorsers was onseker oor die betekenis van dié term, maar nadat dit in eenvoudiger taal verwoord is, as God wat ons na die wêreld stuur, om sy dissipels in die wêreld te wees, kon hul wel hul oortuigings daaromtrent met die navorser deel. Dit is nie onbelangrik om daarop te let dat tydens die fokusgroeponderhoud, alle leraars bekend was met die term, missionaal, en die betekenis daarvan nie.

Tydens die erediens, moet die liturg of prediker daarteen waak om die gemeente te probeer beïndruk met hoogs-gesofistikeerde teologiese begrippe, wat egter geen impak op die lewe van lidmate sal maak, aangesien hulle nie die betekenis daarvan ken nie. Andersins is die erediens vir lidmate soos ‘n dokters-afspraak, waar die dokter in baie hoë mediese terme die persoon diagnoseer met *influenza* – hoog bekommerd gaan die persoon huis toe, onder die indruk dat hy/sy ernstig siek is – terwyl hy/sy slegs *verkoue* het. Eenvoudige, verstaanbare taalgebruik is van uiterste belang in die erediens, ten einde die betekenis van elke liturgiese ritueel en moment aan die lidmate te kommunikeer. As die erediens nie verstaan word nie...kan dit nie geleef word nie.

4.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die eerste kernkonsep van die navorsing se praxis teorie, naamlik: die erediens *en* die lewe, uiteengesit. Die empiriese ondersoek het daarop gewys dat lidmate die erediens grootliks verstaan aan die hand van drie kenmerke: die *samekoms van die gelowiges*, waar *God se Woord* oopgebreek word, en waar God deur die gemeente *aanbid* word. Aanhalings uit die empiriese onderhoude, is deurlopend in die hoofstuk uitgelig, en in gesprek gebring met bestaande literatuur oor die erediens, en inderdaad die wyse waarop die erediens inspeel op die lewens van die gemeentelede.

Vanuit die tweede fase van die 'grounded-theory' metode vir data-analise, die selektiewe kodering, is kategorie 3[58] van dié navorsing verder ondersteun, maar ook uitgebou, deur nóg 'n belangrike kenmerk van die erediens uit te lig, naamlik: die erediens is die ruimte, *vanwaar lidmate gestuur word* om die boodskap daarvan uit te leef in die alledaagse leefruimtes. Die liturgie het 'n belangrike rol te speel in die skep van geloofservarings wat 'n impak op die individu se lewensbeskouing het, sodat die liturgie nie 'n 'blote kultiese Sondag onderonsie is nie, maar 'n liturgie as 'n visionêre geloofshandeling wat die formasie én karakter van die menslike lewe en menslike samelewing beslissend kan bepaal' (Müller 2006a:600). Burger (2005:30) beskryf die wese en einddoel van die erediens as ontmoetingsgebeure tussen God en mens, as volg:

> Dit is eenvoudig so – sê die Bybel – dat, hoe beter ons die Here ken, hoe sterker is die moontlikheid dat ons onsself en die wêreld rondom ons sal verstaan...Dit vra dat jy die Here sal hoor wat ons elkeen roep en in 'n persoonlike verhouding met ons elkeen wil leef. In die proses sal Hy jou telkens met jouself konfronteer en jou help om al hoe meer die mens te word wat Hy wil hê jy moet wees. Deel van jou verlossing gaan daarin bestaan dat Hy jou gereeld buitetoe gaan jaag om iets vir ander te gaan doen en só die nood van die wêreld te verlig.

Hierdie woorde van Burger, dien as inleiding vir die gesprek wat volg in die volgende hoofstuk, en waar die tweede kern konsep van dié navorsing se praxis teorie verken gaan word, naamlik: die erediens *in* die lewe.

[58] Sien 3.4.2.1 van hierdie navorsing.

HOOFSTUK 5

DIE EREDIENS *IN* DIE LEWE

5.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk is die erediens, asook die belewenis daarvan deur gelowiges, vanuit verskillende denominasies, beskryf en is daarop gewys dat die erediens, teoreties gesproke, die diens van die Godsvolk is. So verstaan neem lidmate aktief deel aan die erediens, deur byvoorbeeld self met die Woord besig te wees (tydens die preek) en saam met die liturg te bid (Van der Walt 1982:3-4; Handelinge 1985:406-409). Binne die gereformeerde denominasie blyk hierdie egter dikwels nie die geval te wees nie, en wys Van Rensburg (1983:132) daarop dat hierdie teoretiese verstaan van die erediens, nie in praktyk binne die gereformeerde erediens neerslag vind nie, en dat lidmate inderwaarheid passiewe toeskouers in plaas van *aktiewe deelnemers* word. Nog meer is Hendriks (1992:101-102) van mening dat gereformeerde eredienste, in die verlede (en steeds) in gemeentes vandag ‘n baie sterk kognitiewe fokus gehad het, wat daartoe gelei het dat die affektiewe- en gedragsdimensies van die mens afgeskeep is. Sodoende word die sogenaamde *coram Deo*-belewing, grootliks op kognitiewe vlak gevind, terwyl die ander dimensies van menswees nie betrek word nie (Oostenbrink 1996:66), terwyl *coram Deo* (in ooreenstemming met hierdie navorsing se fokus op die verband tussen die erediens en die totaliteit van die menslike bestaan en lewe) beteken om elke minuut van die dag *binne die invloedsfeer van God* te verkeer (vgl. Meyer 2000:18; Wepener 2006:391-393).

In Hoofstuk 3 van hierdie navorsing, is die praxis teorie waarvolgens hierdie navorsing te werk gaan uitgepak, aan die hand van die uurglas as metafoor. Op grond van die empiriese ondersoek wil die praxis teorie verwoord dat, wanneer die Sondag-erediens relevant is tot die lewensvrae- en omstandighede van lidmate, die impak daarvan tot gevolg sal hê dat die erediens voortleef gedurende die week in die alledaagse leefruimtes van gelowiges. Net soos die uurglas se twee helftes mekaar voed (soos wat die uurglas gekantel word), net so voed die [Sondag]erediens, die erediens van die lewe – hetsy op ‘n positiewe of negatiewe wyse. Die navorsing het die werkshipotese dat die twee kernkonsepte, naamlik: die erediens ***en*** die lewe; asook die erediens ***in*** die lewe, onlosmaaklik aan mekaar verbind is, en mekaar beïnvloed. Dit terwyl hulle egter

steeds as unieke en selfstandige gebeure beskou word - twee helftes van die uurglas, wat heen en weer gekantel word, en mekaar in die proses help vorm.

In die vorige hoofstuk is die eerste kernkonsep, die erediens en die lewe, uiteengesit. Daar is gewys op die feit dat lidmate die erediens grootliks verstaan op grond van drie kern-elemente, naamlik: as samekoms van gelowiges; waar God se Woord oopgebreek word; en waar God aanbid word. Hierdie drie elemente van die erediens is dan meer breedvoerig bespreek, terwyl die empiriese roetemerkers deurgaans met bestaande literatuur in gesprek gebring is. Daar is bevind dat die mede-navorsers van mening is dat die erediens beslis betekenis vir die lewe van gelowiges, binne hul dag-tot-dag bestaanswerklikhede het, mits die boodskap daarvan toepaslik vir hul lewe kommunikeer word – vandaar die verwoording: die erediens "en die lewe", om te wys op die belang van die verband tussen die Sondag-erediens ***en*** die lewe van lidmate.

Getrou aan die praxis teorie, word die tweede kernkonsep, naamlik: die erediens ***in*** die lewe, verken. Die drie kernelemente van die erediens, volgens die empiriese ondersoek, kom weereens aan die woord, maar word die verstaan van die erediens verder uitgebrei sodat dit verstaan word as: die samekoms van gelowiges, waar God se Woord oopgebreek word, waar God aanbid word, en ***vanwaar gelowiges gestuur word om die boodskap daarvan uit te leef***[59]**.** Die vraag in die hart van die hoofstuk wat volg, lê dus in die wyse waarop die [Sondag] erediens voortleef en neerslag vind in die alledaagse leefruimtes van gelowiges.

Met die verkenning van die erediens ***en*** die lewe vars in die geheue, word die uurglas nou (na afloop van die min of meer een uur lange erediens), in die hoofstuk wat volg, omgekeer, en verplaas ons die fokus na die erediens ***in*** die lewe.

[59] Sien onderafdeling 3.4.3.1 van hierdie navorsing.

5.2 DIE SAMEKOMS VAN GELOWIGES [TUSSEN [60]NOG-NIE-GELOWIGES]

In die voorafgaande hoofstuk van hierdie navorsing is daarop gewys dat die begrip 'samekoms' in die hart van die verstaan rondom die aard en wese van die erediens staan – in die erediens gaan dit om die vergadering of versameling van die gemeente, as volk van God. Hendriks (1992:101) verduidelik dat die erediens die kulminasiepunt van die lewe van 'n gemeente is, en waar die hele gemeente saam met God bymekaarkom, om op 'n besondere wyse met God en mekaar koinonia te beleef. Daardeur word die gemeente se eenheid as geloofsgemeenskap sigbaar, en is die erediens die sigbare uitbeelding van die gemeenskap van gelowiges, bestaande uit gelowige individue wat saamgebind is deur hul gedeelde geloof in die Drie-Enige God (Barnard 1981:391). Aangesien die Christelike geloof gegrond is in 'n liefdesverhouding tussen God en Sy volk, speel die erediens 'n belangrike rol as ruimte waarheen gelowiges geroep word om saam met ander gelowiges in 'n lewende verhouding met God en mekaar te leef (Burger 2009:18).

Oostenbrink (1997:62) stel die kontras tussen bogenoemde teologiese uitgangspunt, en die werklikheid van die hedendaagse dag-tot-dag bestaan van die mens, en noem dat vervreemding van sy medemens en vereensaming een van die kenmerkendste realiteite van die mens, veral vanuit 'n Westerse perspektief, van die negentigerjare is. Waar individualisme aanvanklik 'n positiewe impak gehad het, deurdat dit tot gevolg gehad het dat die mens verantwoordelikheid vir hulleself en hul naaste aanvaar het, het dit deur die jare algaande ontwikkel tot 'n vorm van individualisme waar die individu net sy eie behoeftes, belange en voorkeure raaksien. 'n Radikale toename in verstedeliking het hiertoe bygedra en die situasie vererger deur mense toenemend van mekaar te vervreem. Hy verduidelik dit op treffende wyse: "instead of feeling a common bond with our neighbours, we fear them" (Wuthnow 1994:34-35)[61].

[60] Die bewoording "nog-nie-gelowiges" word gekies om aan te dui dat die uiteindelike doel van gemeenskap met ongelowiges, tog die uiteindelike assimilasie tot die Christelike geloofsgemeenskap is. Hierdeur wil die navorser nie radikale evangelisasie, as die kern-motief van gemeentes identifiseer nie, maar wil die navorser bloot aandui dat ontmoetings met ander- of ongelowiges, binne hul lewenswerklikhede en konteks, tog uiteindelik die assimilasie tot die Christelike geloofsgemeenskap tot gevolg wil hê.

[61] Ben de Klerk wys op 'n groeiende spanning tussen die moderne Westerse lewe en wêreldbeeld en die tradisionele Afrika-bestaan en wêreldbeeld. Afrika-spiritualiteit word onder andere geken aan die term *ubunye*, wat letterlik beteken: "ons is een". In Afrika word die lewe nie verdeel in verskillende sfere (sekulêr en spiritueel) nie, maar word dit as 'n geheel beskou, en staan dit dus lynreg teenoor die Westerse wêreldbeeld, soos hier beskryf word. Die gevolg van hierdie konflik is dat individue (en gemeentes) geneig is om terug te keer na hul

Hierdie hedendaagse tendens, met sy gepaardgaande uitdagings vir inter-persoonlike verhoudings en gemeenskap, is nie net tot die alledaagse leefruimtes beperk nie, maar word die rimpels ook op kerklike gebied gevoel – ook in die erediens. Alhoewel die Sondag-erediens, as samekoms van gelowiges beskou word, wil dit voorkom dat hierdie samekoms van die groter geheel nie noodwendig bydra tot die skep van intieme verhoudings tussen lidmate nie. Hierdie is egter nie ‘n uitdaging wat nou eers kop uitsteek nie, maar wys Engelbrecht en De Wet reeds 34 jaar gelede (1985:79) op die feit dat die erediens meestal onpersoonlik is, met gevolg dat die “basiese behoefte om te ken en geken te word” nie by die groter samekoms van gelowiges geakkommodeer word nie. Dit lei daartoe dat, alhoewel lidmate hulself as deel van die huisgesin van God sien, hulle steeds in baie gevalle vreemdelinge vir mekaar bly. Hierdie bevinding word ondersteun deur die empiriese ondersoek van hierdie navorsing, waar verskeie mede-navorsers wys op die uitdagings van intieme ontmoetings met ander gelowiges tydens die erediens. ‘n Wit, manlike mede-navorser en lidmaat van die Charismatiese gemeente, verduidelik dat “tydens die erediens is dit moeilik, ek meen jy het nie baie interaksie tydens die erediens nie” (Addendum H:362). ‘n Swart, vroulike navorser, en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, op die vraag na enige intieme ontmoeting met ‘n mede-lidmaat tydens die erediens, antwoord “I cannot think of anything” (Addendum K:386). Nóg ‘n swart, manlike mede-navorser en lidmaat van die NG gemeente, wys daarop dat hy en sy gesin nie werklik tydens of na die erediens met mede-lidmate kommunikeer nie (Addendum E:336).

Ander studies bevestig die bevindinge van hierdie ondersoek. Daar is bevind dat lidmate hulleself en mede-lidmate as name op ‘n lidmaatregister, en dus as bedieningsobjekte beleef (Van 't Spijker, 1993:445; Potgieter, 1995:13-17). Veral binne die konteks van die navorser, waar stedelike gemeentes gekenmerk word deur groot lidmaat-getalle, loop gemeentes die gevaar om as onpersoonlike grootheid, vasgevang in ingewikkelde Sinodale en gemeentelike strukture, deur lidmate beleef te word. Oostenbrink en Lotter (1998:8-9) waarsku teen die negatiewe impak van hierdie sogenaamde verontpersoonliking van die kerk, wat nie net vervreemding van lidmate met mekaar en die kerk, maar ook van lidmate met God tot gevolg kan hê.

verlede en tradisionele wortels – ’n proses wat as ’n moontlike Afrika-Renaissance beskryf kan word (De Klerk 2013:21).

Oostenbrink (1998:5-6) wys tereg daarop dat daar ’n paradoksale ervaring ten opsigte van interpersoonlike verhoudinge en ware geloofsgemeenskap by die hedendaagse mens opgemerk word. Waar die huidige fokus op individualisme en universalisme ‘n gerieflike wegkruipplek aan persone bied wat hulle in staat stel om anoniem te kan bly, sonder die aanvaarding van verantwoordelikhede en aanspreeklikhede teenoor hul mede-mens, beleef die talle persone vandag toenemend die behoefte aan egte medemenslikheid en gemeenskap. Hierdie paradoks word bevestig deur die uiteenlopende belewenisse van mede-navorsers, wat aan die empiriese ondersoek deelgeneem het. ‘n Swart, vroulike mede-navorser en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, noem byvoorbeeld dat haar werksituasie, waar van haar verwag word om baie te reis, tot gevolg het dat sy nie intieme vriendskappe of gemeenskap met mede-lidmate kan aanknoop nie. Sy verkies om haarself eerder van die gemeente, as gemeenskap van gelowiges te onttrek (Addendum L:395). Hierteenoor, beskryf ‘n wit, manlike mede-navorser, en lidmaat van die Charismatiese gemeente, onder andere die uitdagings van betekenisvolle ontmoetings binne die erediens, en alledaagse ruimtes, en verduidelik dan die impak van verhoudingsgroepe, as ontmoetingsgeleenthede tussen gelowiges as volg:

> Ek het so ‘n paar manne saam met wie ek saam mee sel hou. Ons is eintlik vier gesinne en ons manne loop ‘n pad saam…ons het onlangs sommer net op ‘n Maandagaand, die vier van ons, daar gesit om ‘n braai en ‘n bietjie gekuier en, jy weet, ‘n bietjie meer persoonlik betrokke raak by ‘n mens se lewens. Ek dink ons is geneig om baie bymekaar verby te lewe…ek dink dit gee ‘n mens die geleentheid om ‘n bietjie meer ‘n diepe verhouding met mense te bou (Addendum H:362).

‘n Opname wat deur Kerkspieël in 2014 onderneem is, wys verder op hierdie paradoks van die hedendaagse mense. Aan die een kant wys hierdie opname op ‘n toename van byna 4% (sedert die 2011 opname) van NG lidmate wat aan die opname deelgeneem het, wat getuig van ‘n gevoel van *behoort* in hul gemeente, terwyl hierdie verhoogde persentasie steeds net dui op ongeveer 46% van lidmate in gemeentes wat aan die opname deelgeneem het – dus, steeds minder as die helfte van lidmate. Nog meer – slegs 25% van NG lidmate het die skep van ‘n gemeenskapsgevoel in die gemeente, as belangrike prioriteit vir hul gemeente identifiseer – teenoor 32% van lidmate uit alle denominasies in 2011. Dit is dus duidelik dat die hedendaagse tydsgees inderdaad uitdagings vir die tradisionele verstaan van gemeentewees, as gemeenskap van gelowiges, inhou – en dat die herbesinning oor die wyse waarop hierdie gemeenskap, beide tydens die erediens en die alledaagse leefruimtes, neerslag vind of kan vind, nodig is.

In ag genome die hedendaagse tendense en uitdagings wat die mens in die gesig staar, moet daar dus in ons besinning oor die verband tussen die erediens en die lewe, nuut gedink word oor die aard en wese van die term *koinonia*, deur dit te verstaan as bestaande uit twee unieke, maar nie losstaande kenmerke, naamlik: *samehorigheid* en *intieme verhoudinge*. Hiervolgens word samehorigheid verstaan as ‘n groep mense wat saam hoort, aan mekaar verbind (deur gedeelde geloof, oortuigings, waardes, ensomeer) en eensgesind leef (Labuschange & Eksteen 1993:733). Hierdie samehorigheidsgevoel wys op die deel wees van iets groter as net die individu, en dus in kerklike opset om as individuele gelowige, deel te wees van ‘n groter geloofsfamilie. Wanneer die gelowige individu die Sondag-erediens bywoon, beleef hy/sy hierdie deel wees van iets groter, op ‘n baie tasbare wyse – of daar intieme verhoudinge met mede-lidmate tot gevolg is, al dan nie. Hierteenoor wys intieme verhoudinge op verhoudinge wat op organiese wyse leef binne die meer intieme ruimtes van die alledaagse leefwêreld – as deel van die gemeentebediening of los daarvan. Intieme verhoudinge sal nie altyd moontlik wees met elke lidmaat, binne gemeentes, met groot lidmaattalle nie, maar sal wel ontstaan uit kleiner groepe, wat op meer intieme wyse met mekaar op ‘n gereelde basis (daagliks, weekliks, ensomeer) verkeer.

‘n Verstaan van die erediens van die lewe noodsaak ons om te besin oor die samekoms van gelowiges, op só ‘n wyse wat elke area van die mens se lewe, en waar hulle met ander persone *saamkom*, insluit. Die mens beleef daagliks ‘n verskeidenheid van ontmoetings en verhoudings – binne en buite die gemeente, sowel as met gelowiges en nie-gelowiges. Die empiriese ondersoek bied, volgens die navorser, belangrike insigte rondom die erediens as samekoms van gelowiges, die potensiële waarde daarvan en meer spesifiek, hoe hierdie samekoms van gelowiges in die alledaagse leefruimtes gestalte vind.

In die voorafgaande hoofstuk is die Sondag-erediens, as die samekoms van gelowiges, breedvoerig bespreek. In die hoofstuk wat volg verskuif die fokus van die wyses waarop die samekoms van gelowiges, na afloop van die erediens – met ander woorde: in die dag-tot-dag leefruimtes, gestalte vind. Vanuit die empiriese ondersoek, wil dit voorkom dat, buite die

Sondag-erediens, die primêre ruimtes, waar hierdie samekoms van gelowiges neerslag vind, en wat intieme verhoudinge tot gevolg het, die huisgesin en verhoudingsgroepe[62] is.

5.2.1 DIE HUISGESIN

Vanuit die empiriese ondersoek, wil dit voorkom dat die onmiddelike huisgesin 'n baie belangrike ontmoetingsruimte tussen gelowiges is, en waar die samekoms van gelowiges te midde van die lewe plaasvind. Op 'n vraag na betekenisvolle ontmoetings met mede-lidmate antwoord 'n wit, manlike mede-navorser, en lidmaat van die NG gemeente as volg:

> Jo! Mede-lidmaat. Nee dit is onwaarskynlik, want jy weet dit is nou moeilik, jy sit in 'n erediens en soveel as moontlik, maar gewoonlik op dieselfde plek…my vrou is nou nie vanoggend hier nie, sy is nou siek, maar dit is gewoonlik my vrou. Ek dink die spesifieke konneksie op spirituele vlak was verlede jaar met die Pinkster, met die na binne toe kyk en sekere dinge wat ek nou doen en verkeerd doen, en problematiek binne verhoudings is, dat ek en sy dalk 'n dieper konneksie gemaak het, rondom die boodskap en die tema binne Pinkster (Addendum A:301).

Nóg 'n wit, manlike mede-navorser, en lidmaat van die NG gemeente, vertel van intieme ontmoetings met sy ouers, na afloop van die erediens, waar hulle oor temas wat in die erediens aangeraak is, gesels (Addendum E:336). 'n Wit, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die NG gemeente, vertel op haar beurt dat "'n ou is baie ingestel op jou kindertjies se ervaring van die erediens" en dat "dit 'n effek gaan hê op haar en dat 'n ou dit met waarheid en oorgawe vir haar oordra" (Addendum B:309).

Dit wil dus voorkom dat die gesin (of familie) 'n belangrike fokuspunt in ons nadenke oor die potensiële impak van die erediens, op die dag-tot-dag bestaan van persone het, en dat gesinsbediening voortdurend in die oog gehou moet word in ons verkenning na die erediens as die erediens van die lewe. Hierdie moet egter op teologies-, maar ook prakties verantwoordelike wyse geskied, vanweë die inherente risiko dat, wanneer daar oor gesinne in gemeentebediening gesels word, persone wat nie aan gesinne (in die tradisionele verstaan van die term) behoort nie, uitgesluit mag word of voel (Browning 2007:56; Müller 2002:13). In 'n

[62] Verhoudingsgroepe word in verskillende gemeentes, op verskillende wyses verwoord, byvoorbeeld: klein-; groei-; sel-; omgee- of Bybelstudiegroepe – afhangend van die unieke doel van hierdie groepe binne die Gemeente. Vir die doeleindes van hierdie navorsing, word die term verhoudingsgroep gebruik, vanweë die relasionele fokus daarvan, maar sluit dit alle vorme van groepe, waar gelowiges saamkom, in.

poging om alle vorme van gesins-wees in te sluit en te omarm, is dit wenslik om die gesinsbediening, as ‘n fokus van die hele gemeente te sien, en waaraan die hele gemeente – as uitgebreide huisgesin – deel het. In sy artikel, getiteld “Gesinsbediening in ‘n post-moderne kerk: Modelle en metodes”, beskryf Van Staden die belangrike rol van ‘n gesinsetiek, in ons nadenke oor ‘n inklusiewe gesinsbediening, wat die gemeenskap tussen gelowiges sal dien, as volg:

> ‘n Gesinsetiek wat as basisteorie kan dien vir die ontwikkeling van toepaslike gesinsbedieningspraktyke, onderskryf die huwelik as ’n nie-hiërargiese, post-partriargale, lewenslange verbond tussen twee persone, geskoei op ’n etiek van gelyke agting en self-opoffering. Dit is die primêre ruimte waar ’n huwelik- en gesinsspiritualiteit beoefen word, waar kinders in verantwoordelikheid voor God opgevoed word, en albei ouers betrokke is by die versorging en onderrig van hul kinders. Daar is teoloë en sielkundiges wat meen dat kinders uit huisgesinne waar beide ouers teenwoordig is, beter daaraan toe is as kinders uit enkelouergesinne en hersaamgestelde gesinne. Vir enkellopendes wat die keuse maak om nie te trou nie, geld ’n gesinspiritualiteit nét soveel as vir persone wat in die huwelik tree. Toepaslike gesinsbedieningsmodelle en -metodes behoort vanaf hierdie basis ontwikkel te word (Van Staden 2014:1-2).

Anderson (2009:23) wys tereg daarop dat gemeentes (as geestelike huisgesin) en gesinne nie as losstaande entiteite verstaan moet word nie, maar inderwaarheid in bedieningsvennootskap, tot voordeel en verryking van mekaar, staan[63]. Vir ons ondersoek na die erediens, en die wyse waarop dit voortleef in die alledaagse leefruimtes (die erediens van die lewe), is dit belangrik om daarop te let dat gemeentelike gesinsbediening leraars, ampsdraers, ouers, peetouers, grootouers, alle ander persone in die gemeente, huis, en gemeenskap, insluit, in ‘n wedersydse verhouding van ondersteuning en toerusting, ten einde hulle roeping as gestuurdes na mekaar en ander, binne die dag-tot-dag leefruimtes uit te leef. Sell (1995:14) gaan selfs so ver as om te noem dat gesinne en gemeentes in simbiose met mekaar behoort te leef, en dat die gemeente se missionale identiteit van hierdie verband tussen die gemeente en huisgesin afhanklik is. Ten opsigte van ons verstaan van die erediens van die lewe, is die observasie van Strommen & Hardel (2000:18), dat daar vier kragte in die alledaagse lewe aan die werk is, naamlik: die gesin, gemeente, gemeenskap en kultuur, van belang. Alhoewel die fokus in hierdie afdeling

[63] Hierdie uitgangspunt is relevant ten opsigte van die vergelykbare gemeentes, soos deur die spesifieke konteks van hierdie navorsing bepaal – dus: stedelike gemeentes, van verskillende denominasies. Hierdie uitgangspunte kan egter nie aanvaar word as ‘n alles-omvattende model, wat relevant tot alle gemeentes, in verskillende samelewings kontekste sal wees nie. Die data van hierdie navorsing is dus konteks-bepaald, en relevant tot gemeentes in die Ooste van Pretoria, en moontlik ook ander stedelike gemeentes – waar daar ‘n groot hoeveelheid gesinne deel uitmaak van die gemeentes.

op die gemeente en die gesin is, moet daar deurgaans gelet word op die feit dat beide gemeente en gesin, in simbiose met mekaar, en relevant tot die gemeenskap en kultuur moet, en wil, wees.

Beide die gemeente en die gesin, is belangrike en unieke ontmoetingsruimtes, wat deur God daargestel is, en waarvan die wyse van samekoms en die doel daarvan, nie dieselfde is nie, maar wel komplimentêr (Olson & Leonard (1996:61-62). Anderson (2009:23) noem dit 'n bediening *aan* gesinne, maar ook 'n bediening *deur* gesinne. Hierdie besondere band tussen die bediening van gemeentes en gesinne, is nie iets wat in die moderne kerklike konteks eers op die voorgrond getree het nie, maar reeds sedert die vroeë Christelike kerk sigbaar was. Aangesien gelowiges gedurende hierdie tyd grootliks in huise saamgekom het, het liturgiese rituele, asook gesamentlike maaltye tydens die samekoms van gelowiges, oorgespoel na die huislike lewe (Wessels 2009:31-51). Sodoende het die huisgesin mettertyd die karakter van 'n klein gemeente aangeneem (Browning et al. 2000:307-308). Die vroeë Christelike kerk, en inderdaad die geskiedenis van die Christelike kerk, getuig deurgaans van 'n kontinuïteit tussen die samekoms van gelowiges (as die hele gemeente) en die huisgesin as "klein gemeente". Nog meer het die huislike rituele, en die liturgie van die gemeentelike samekomste dikwels ooreengestem, mekaar gevorm en versterk.

Browning (2007:226) wys onder meer op die belangrikheid van huislike rituele, vir gesinskohesie – beide vir die huisgesin en die gemeente as uitgebreide gesin – en noem onder andere dat kinders, wat op gereelde basis aan hierdie rituele blootgestel word, uiteindelik groei tot 'n dieper verstaan van die betekenis van kerklike liturgieë. So wys 'n swart, vroulike, mede-navorser, en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, op die noodsaaklikheid van die voortdurende begeleiding van kinders, deur hul verskillende ontwikkelingsfases, in die betekenis van verskeie liturgiese rituele, iets wat volgens haar in die bediening van gemeente (en die huisgesin) ontbreek (sien Addendum L:396-397). Tydens die fokusgroepgesprek, het verskeie leraars ook gewys op die impak op hulle en hul gesinne (of ander gesinne) van gereelde viering van liturgiese rituele, in besonder die sakramente van die doop (in die vorm van doopherinnering) en nagmaal (sien Addendum P:450-453). 'n Wit, manlike mede-

navorser, en lidmaat van die Charismatiese gemeente, vertel oor die wyse waarop hulle as huisgesin nagmaal vier, en die impak daarvan as volg:

> Die Nagmaal, jô! Ek kan nie genoeg sê oor die Nagmaal nie...vir ons as gesin is die Nagmaal belangrik, ons sal dit partykeer selfs by ons huis hou en net weer dink aan Jesus. Jesus het dan gesê: elke keer wanneer jy brood eet en wyn drink, moet jy aan My dink. Dit moet nie net 'n simbool wees wat jy hier kom en jy kap hom gou hierso en dit is verby nie. Ek dink regtig, eerlik, opreg, dat toe Jesus dit aan Sy dissipels bedien het, gesê: "maar elke keer wanneer jy die brood eet en elke keer wanneer jy uit hierdie beker drink, dink aan my. Jy weet. Soos ek vir my kinders sê: as jy jou broodjie by die skool uithaal is dit eintlik dan wanneer jy moet dink, hierdie broodjie is simbolies, hierdie brood wat ek eet is simbolies aan Jesus se liggaam vir my. So ek dink vir my en vir ons gesin is die Nagmaal regtig 'n baie belangrike sakrament (Addendum H:364).

Ten einde vormgewend in te werk op die alledaagse lewe van haar lidmate, is dit belangrik dat gemeentes opnuut weer ontdek dat hulle geroepe is om op teologies verantwoordbare en positiewe wyse invloed uit te oefen op die geestelike en emosionele welstand van gesinne. Nie net is die welstand van gesinne voordelig vir ouers en kinders nie, maar inderdaad ook vir die gemeente en uiteindelik die gemeenskap (Van Staden & Dreyer 2013:1). Van Staden (2014:3) verwys na 'n studie van Garland (1999) wat meer as 50 gemeentes en 120 gesinne ingesluit het, en waar bevind is dat gemeentes aan gesinne belangrike ontmoetingsruimtes vir geloofsgroei binne egte gemeenskap skep, waarbinne gesinne kosbare waardes, soos onvoorwaardelike liefde, toewyding, selfopoffering, diens, versoening, vergifnis, kan aanleer. Wepener (2015:149-150) wys onder andere op die breër verstaan van armoede, as iets wat wel 'n tekort aan geld, kos, klere, behuising en ander materiële middele behels, maar ook nie-materiële elemente bevat, soos onder andere die afwesigheid van geleenthede of ruimtes waarbinne vertrouensverhoudings kan ontwikkel, wat bogenoemde gemeenskap moontlik maak. Hy noem dan verder dat die tafels, waar mens saam eet, belangrike ruimtes is waarbinne sosiale kapitaal, as teenvoeter teen armoede, kan ontstaan. Garland (1999:9) wys as volg op die sosiale kapitaal, wat uit die verhouding tussen die gemeente en gesin ontstaan:

> Church teachings and programs offer parents, spouses and children practical guidance for family living. In the church, people find the support of friends who are journeying through the same stages and transitions of life. The church community also makes possible a wealth of crossgenerational relationships. In the context of the congregation, generations can learn from and care for one another. And in times of crisis, particularly illness, birth and death, churches provide entire families with meaningful and practical care.

Daar is al op meer as een geleentheid in hierdie ondersoek verwys na die uitdagings van die hedendaagse verbruikerskultuur en gepaardgaande individualistiese tendense, vir die kerk en gemeentelike bediening; uitdagings wat ook na die bediening aan gesinne oorgespoel het. In ‘n poging om saam met veranderende tye nuut te dink oor die wyse van gesinsbediening, het gemeentes hulself gewend tot ‘n ouderdoms-spesifieke bediening, waarvolgens die jeug afsonderlik bedien is, gebaseer op die verskillende ontwikkelings- en lewensfases van kinders en jongmense[64]. Alhoewel die motief hier agter goed was, is resultate van hierdie benadering nie altyd positief nie, en het dit indirek bygedra tot ‘n gebrek aan integrasie tussen verskillende generasies in gemeentes, en is die gemeenskap tussen jongmense en volwassenes, asook tussen kinders en ouers hierdeur inhibeer (Nel 2018:213-242). Nog meer, het dit daartoe bygedra dat ouers, as die primêre rolspelers, ten opsigte van die geestelike groei van hul kinders, teruggestaan het en hierdie rol aan gemeentes oorgegee. Die gevolg hiervan was dat kategese-programme, en die kinders se kategete, die rol van ouers in die geestelike vorming van kinders moes oorneem (Renfro et al. 2009:33-56). Anderson (2009:48) verwoord die negatiewe gevolge (alhoewel vanuit ‘n Amerikaanse kerklike perspektief, maar nogtans relevant vir die Suid Afrikaanse konteks) van hierdie stand van sake, as volg:

> By the end of the [*20th*] century, the average self-identified Christian could not name three of the Ten Commandments and did not know who gave the Sermon on the Mount. Regular worship attendance now generally means once or twice a month, and perfect attendance pins are a thing of the past. Worship attendance (let alone adult Sunday school or weekday Bible study) has become optional for dads, if they are in the family picture at all … Such different results are not due to poor teaching or poor curriculum. They are due to placing all our faith formation eggs in the Sunday school basket, rather than understanding it as having a supportive role to faith formation in the home.

In reaksie op hierdie individualistiese tendense, en die impak daarvan op gemeentes se bediening, en spesifiek gesinsbediening, wys Browning (2007:225) op die noodsaaklikheid om ‘n balans te vind tussen gesinskohesie, en die individuele behoeftes van persone. Dean (2010:111) sluit hierby aan en noem dat gemeentes ten opsigte van hul gesinsbediening, as huisgesin van God moet fokus op die huisgesin as geheel, eerder as net op die individuele lede daarvan. Nel (2018:56-57) wys daarop dat God, reeds van die begin van tyd, in en deur

[64] Hierdie was ook die geval in die deelnemende NG- en Charismatiese gemeente. Die Rooms-Katolieke gemeente het ‘n kleiner hoeveelheid kinders en jongmense, wat tot gevolg het dat hulle kinder- en jeugbediening op alternatiewe wyse geskied (kinders en jongmense neem weekliks saam met die hele gemeente deel aan die mis, alhoewel die kategese wel volgens ouderomsgroepe, ingedeel word).

huisgesinne aan die werk is, en dat "God is the God of households without ever becoming a household god". Sodoende word die huisgesin weer primêr verantwoordelik gehou vir die geestelike opvoeding aan kinders, terwyl die gemeente (in haar geheel) weer 'n belangrike ondersteunende en rigtinggewende rol te speel het vir die kleiner huisgesin.

Nel (1998:109-110) wys op die belangrike rol van ouers, as geloofsmodelle, in die vorming van kinders se lewe, en noem dat ouers, deur middel van hul leefstyl 'n groter effek op hul kinders het as woorde (sien ook Nel 2018:255-265). Anderson (2009:34) stel hierdie waarheid as volg: *"Faith is caught more than it is taught"*. Vir die realisering van die potensiaal van die erediens as die erediens van die lewe, en met die oog op fokus op samekoms van gelowiges, is dit belangrik om daarop te wys dat persoonlike, en intieme vertrouensverhoudings tussen ouers en hul kinders, en tussen gesinne en die gemeente as huisgesin, ononderhandelbaar is vir die impak van modellering, soos hierbo genoem. Dit is slegs wanneer ouers, vanuit hierdie intieme verhoudings, hul geloof binne die alledaagse ruimtes van die gesinslede uitleef, dat kinders leer wat dit beteken om die voorbeeld van Christus, te volg (Nel 1998:111-112). Daar is verder bevind dat liturgiese rituele, soos om oor geloof te praat, saam te bid, Bybel te lees, saam aan tafel te eet, om saam as gesin barmhartigheidswerk te doen, ensomeer, daartoe bydra dat jongmense (en hul ouers) nie net groei in hul geloof nie, maar inderdaad ook aangemoedig word om hul geloof uit te leef, binne hul daaglikse leefruimtes (Freudenburg & Lawrence 1998:167).

Van Staden (2014:5-6) identifiseer vier gesinsbedieningsmodelle, wat volgens hom kan bydra tot die optimale funksionering van die gesin, as deel van die groter huisgesin van God:

5.2.1.1 Die gesin-inklusiewe jeugbedieningsmodel:

Hierdie model is daarop uit om ouderdom-spesifieke bedieninge te ontwikkel, terwyl daar ook gefokus word op die toerusting en ondersteuning van ouers, ten opsigte van die geestelike vorming van hul kinders. Daar gaan egter ook vanuit die oortuiging te werk dat die huisgesin nie alleen genoegsaam, ten opsigte van die geestelike vorming van kinders is nie, en dat die gemeente, as uitgebreide huisgesin, hierin 'n baie belangrike ondersteunende rol speel, deur

dat jongmense sodoende omring kan word deur ‘n ondersteunende geloofsgemeenskap (vgl. DeVries 2004:79; 95).

5.2.1.2 Die gemeente-as-gesin bedieningsmodel:

Van Staden verwys hier veral na die bydrae van Sell tot hierdie model van gesinsbediening, wie vier fokusareas vir die gemeentebediening, ten opsigte van gesinne, maar ook vir die gemeentebediening in totaliteit, naamlik: die waardering van gesinsmatige verhoudings by gemeentes, huweliksvoorbereiding en -toerusting, ouertoerusting en -begeleiding en gespesialiseerde bediening (Sell 1995:173-224; 259 en 301). Volgens hierdie model moet gemeentes daarna streef om die waardes van die kleiner huisgesinne, soos aanvaarding, eerlikheid, intimiteit, vertroue, ensomeer te weerspieël. In terme van die verstaan van die hele gemeente, as huisgesin, kan kleingroepe hier ‘n belangrike bydrae lewer (die rol van hierdie groepe sal in die volgende afdeling in meer diepte bespreek word). Hierdie gesinsmatige verhoudings word moontlik gemaak deur die ganse gemeentebediening, in al sy fasette, intergeneratief te beplan.

5.2.1.3 Die gesin-gebaseerde bedieningsmodel:

Volgens hierdie model word die huisgesin as die primêre ruimte waar geloof gevorm en geleef word, beskou (vgl. Anderson 2009:7-8), en wyk dus af van die hedendaagse gebruik waar die gemeente die primêre rol ten opsigte van geloofsvorming aanneem. Anderson (2009:34) verduidelik hierdie model aan die hand van ses bedieningsareas wat die verantwoordelikheid van gemeentes uitmaak (naamlik: *kinders/jeug*, *huisgesinne*, *gemeentes*, *gemeenskap*, *kultuur en skepping*), vyf beginsels geloofsvorming en vier geloofspraktyke (naamlik: *omgeegesprekke*, *huisgodsdiens*, *diensbaarheid* en *rituele en tradisies)*. Vir hierdie ondersoek na die erediens van die lewe, en die verband tussen liturgie en lewe, is veral Anderson se vyf geloofsbeginsels vir gesinsbediening van toepassing, en word as volg verwoord:

- Geloofsvorming is alleenlik moontlik vanuit persoonlike vertrouensverhoudings, en nie deur ingewikkelde onderrigprogramme nie.
- Die bediening van die gemeente en die bediening van die huisgesin is nie net afhanklik van mekaar nie, maar speel in op mekaar – hetsy op konstruktiewe of dekonstruktiewe wyse.

- Die huisgesin is 'n "klein gemeente".
- Geloof word eerder aangeleef as aangeleer.
- Kinders en jongmense word nie geïnspireer deur sedelesse nie, maar deur die voorbeelde van volwasse gelowiges wat hul geloof op tasbare wyse uitleef, in die alledaagse leefruimtes waar hulle hulself bevind.

Vanuit die verstaan van die erediens as ontmoetingsruimte, waar God, mens en wêreld mekaar ontmoet, is hierdie model beslis van toepassing, gegewe die relasionele fokus daarvan, waardeur die gesinsbediening met die private lewensruimte van mense, naamlik die huisgesin, en met bestaan van die gemeente as uitgebreide huisgesin in verband gebring word. Volgens hierdie model, word geloof nie allereers en alleenlik gevorm deur programme, kursusse en preekreekse nie, maar deur interpersoonlike verhoudings en daaglikse ervarings, binne die dag-tot-dag bestaanswerklikhede van die mens – hetsy by die huis, werk, skool, ensomeer (Anderson 2011:20).

5.2.1.4 Die gesin-geïntegreerde bedieningsmodel:

Navolgers van hierdie model staan krities teenoor die ouderdomspesifieke bedieninge, wat volgens hulle die produk van individualisme is, en strewe eerder na 'n benadering wat die moontlike disintegrasie van die huisgesin vermy (vgl. Renfro et al. 2009:55-72). Een van die wyses waarin gemeentes, wat hierdie model volg, poog om die gesin op 'n geïntegreerde wyse te bedien, is deur gesinne en families saam in die erediens, asook kleingroepbyeenkomste te betrek – met die doel dat kinders deur modellering kan ervaar wat dit behels as die samekoms van gelowiges hul Here aanbid en dien.

Die grootste kritiek teen hierdie model word egter gevind in die byna fundamentalistiese onderskeiding tussen die Bybelse rolle van die man en vrou, wat dan ook in die gemeentebediening, en ander ruimtes gestalte moet vind. Tydens die erediens is dit uitsluitlik die mans wat uit die Woord lees en die nagmaal bedien, en is die man, as hoof van die gesin, primêr verantwoordelik vir die geestelike versorging van die huisgesin, terwyl die rol van die vrou grootliks tot helper beperk word. Gemeentes, wie se oortuigings en gebruike buite hierdie standaarde val, se bediening is daarom gebaseer op 'n bepaalde lees van die Bybel, en word

die invloede van die moderne kultuur as aanvaarde praktyke aan die Heilige Gees toegesê (Renfro et al. 2009:67-74).

In sy beoordeling van hierdie modelle, noem Van Staden (2014:7) dat drie van die vier modelle, naamlik: die *gemeente-as-gesin bedieningsmodel*, die *gesin-inklusiewe jeugbedieningsmodel* en die *gesin-gebaseerde bedieningsmodel*, tot groot waarde vir gemeentes kan wees, en dat vanweë die ooreenkomste tussen hierdie modelle, hulle eerder komplimentêr gesien en benut sal word, in plaas van 'n keuse te maak vir een ten koste van die ander.

Dit is dus duidelik, beide vanuit die empiriese ondersoek, asook die bestaande literatuurstudie, dat die huisgesin 'n belangrike identiteitsvormende en lewensimpakterende ontmoetingsruimte is, en kan wees. Daarom sal die rol van die huisgesin, as klein gemeente, maar ook die gemeente as uitgebreide huisgesin, deurgaans in ons nadenke oor die erediens, liturgie, en inderdaad die lewe aan die woord moet kom[65]. Op hierdie punt is dit nodig om ons aandag te verskuif na 'n volgende belangrike vorm, wat die samekoms van gelowiges in die erediens van die lewe aanneem, naamlik: die verhoudingsgroepe.

5.2.2 VERHOUDINGSGROEPE

In Hoofstuk 2 van hierdie navorsing, is daarop gewys dat hierdie navorsing voortbou op die verstaan van die erediens as ontmoetingsruimte, met drie kern ontmoetings in gedagte, naamlik: die ontmoeting met God, die ontmoeting met mekaar en die ontmoeting met die samelewing (Barnard 2016). Die empiriese ondersoek van hierdie navorsing dui daarop dat verhoudingsgroepe, naas die Sondag-erediens, inderdaad belangrike lewensimpakterende- en identiteitsvormende ontmoetingsruimtes, is.

[65] In ons nadenke oor die gemeente as 'n unieke huisgesin, is dit belangrik om deurgaans die leer van Jesus in dié verband as normatiewe maatstaf te gebruik. Vir Jesus (en Paulus) was die huisgesin nie iets wat bepaal is deur biologiese afkoms, of ander sosiale norme nie, maar eerder 'n geloofsfamilie waarby enige persoon ingesluit word op grond van sy/haar geloof in Jesus Christus – ongeag van enige sosiale grense. Dus, moet die gemeente as huisgesin, 'n alles-inklusiewe geloofsfamilie wees, waar Jood of Griek, eienaar of slaaf, ensomeer as deel van die huisgesin van God aanvaar en liefgehê word (sien Van Eck 2009:1-10).

Hierdie oortuiging word ondersteun deur die bevindinge van ’n vraelys wat deur Oostenbrink saamgestel is, en deur 69 kleingroeplede in vyf verskillende Nederduitse Gereformeerde gemeentes beantwoord is. Uit hierdie vraelyste is bevind dat, volgens die mede-navorsers wat die vraelyste beantwoord het, verhoudingsgroepe waarvan hulle deel is, belangrike ontmoetingsruimtes is, waarbinne hulle God ontmoet, Sy teenwoordigheid beleef, en saam met mede-gelowiges kan soek na God se wil vir hulle daaglikse lewe. Nog meer, het hierdie ondersoek bevind, dat verhoudingsgroepe daartoe bydra dat lidmate God se teenwoordigheid op intiemer wyse in hul lewe ervaar, terwyl geloof, Bybelstudie en gebed op ‘n dieper geestelike vlak beleef is (Oostenbrink 1997:229-234).

Daar bestaan ‘n verskeidenheid definisies van verhoudingsgroepe, asook die aard en funksie van hierdie groepe. Verhoudingsgroepe word onder andere verstaan as ‘n aantal gelowiges wat saamkom om mekaar te bemoedig, saam geestelik te groei, ten einde hul geestelike potensiaal as liggaam van Christus te bereik (Arnold 1992:9; Richards 1990:4-5). Die gedagte van gemeenskap lê in die hart van die verstaan van verhoudingsgroepe, en wys op ‘n samekoms van persone wat hulself aan mekaar verbind het, hul geloof met mekaar deel en mekaar versterk en opbou binne ‘n intieme geloofsgemeenskap (Louw 1980:157; Oostenbrink & Lotter 1998:2-3; Saunderson 1990:621-622).

Neighbour (1994:169) wys tereg daarop dat die waarde van verhoudingsgroepe nie gevind word, of afhanklik is van ‘n bekwame groepleier of musiekleier nie, maar gevind word in die teenwoordigheid van Christus onder mense, deur bemiddeling van die Heilige Gees – “waar twee of drie in My Naam saam is, daar is Ek by hulle...” (Matteus 18:20). Oostenbrink en Lotter (2002:543-545) verduidelik dat “die horisontale (mens tot mens) verhoudings in die kleingroep kry sy volle betekenis in die vertikale verhouding, naamlik die groep se lewe *coram Deo”*.

Die afgelope 20 jaar was daar ‘n merkwaardige toename in navorsing wat oor verhoudingsgroepe, en die rol daarvan binne gemeentes gedoen is. Hierdie fokus op verhoudingsgroepe, was nie net tot die Akademie beperk nie, maar het inderdaad ook binne gemeentes, vanuit alle denominasies, neerslag gevind (Oostenbrink & Lotter 2002:543-544).

Potgieter (1995:18) wys op ‘n toename van mense wat kerkwees beleef in terme van intieme verhoudings tussen klein groepies gelowiges wat in huise, of ander ruimtes (soos koffie-winkels) bymekaarkom. Oostenbrink en Lotter (1998:2-3) verduidelik verder dat ‘n verskuiwing na ‘n bedieningsfokus op verhoudingsgroepe, ‘n paradigmaverskuiwing, weg van gemeentestrukture, na verhoudings met God, mekaar en die wêreld, tot gevolg het.

Die klemverskuiwing na ‘n bediening deur verhoudingsgroepe, kan moontlik toegeskryf word aan bogenoemde uitdagings van individualisme, teenoor ‘n groeiende behoefte by die mens aan spiritualiteit – spesifiek binne die konteks van meer intieme verhoudinge en ware geloofsgemeenskap met ander gelowiges (Burger 1995:32). Oostenbrink & Lotter (1998:5-6) is van mening dat hierdie groeiende behoefte aan spiritualiteit nuwe uitdagings vir ons nadenke oor kerkwees inhou. Ten einde die mens dinamies, en kontekstueel relevant te kan bedien, moet die kerk haar eie spiritualiteit evalueer, en die praktiese implikasie en beoefening daarvan vir haar lidmate fasiliteer – anders gestel: die verband tussen geloofsinhoud en geloofsbelewing is uiters belangrike fokusareas in ons nadenke oor kerkwees. Oostenbrink (1997:13) gebruik die begrip *praxis pietas* wanneer hy oor spiritualiteit besin en verduidelik verder dat spiritualiteit nie net na “innerlike vroomheid” verwys nie, maar inderdaad ook die praktiese uitlewing daarvan, in die dag-tot-dag leefruimtes van gelowiges.

Getrou aan die verstaan van die erediens, as samekoms van gelowiges, is dit belangrik om daarop te let dat Gereformeerde spiritualiteit nie alleenlik op individuele wyse beoefen word nie, maar ook tot die sfeer van die gemeenskap van gelowiges behoort (Rice 1991:121; Thurston 1993:22). Sodoende word verhoudingsgroepe belangrike ruimtes waarbinne gemeenskaplike spiritualiteit gefasiliteer en geleef kan word. So wys ‘n swart, vroulike mede-navorser, en lidmaat van ‘n Rooms-Katolieke gemeente, na die belangrike rol van verhoudingsgroepe as ontmoetingsruimtes tussen gelowiges: “We have cell groups and during those cell group discussions there are many encounters with the group that I belong to. There are eight of us in the group and many encounters where the wisdom comes through via one of the people in the group” (Addendum K:386). Nóg ‘n wit, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die NG gemeente, beskryf die impak van verhoudingsgroepe op haar lewe as volg:

> My selgroep is vir my, ons het, ons was eers deel van ‘n ander kerk se selgroep en toe het ons deel geword van ons kerk se selgroep. En ek voel daar het ek verskriklik intiem verhoudings gebou en ook baie goeie mentorskap gekry, want die, ons selgroep is baie ouer mense as ons. So ek het gevoel daardie mentorskap is, wat ek gekry het en u weet, die kennis wat hulle het , ek het baie van hulle geleer en ek het besluit om te bly daar omdat ek so baie by hulle kan leer (Addendum D:328).

‘n Wit, manlike mede-navorser, en lidmaat van die NG gemeente, beskryf die rol van verhoudingsgroepe in sy en sy vrou se lewe, ten opsigte van die ontwikkeling van spiritualiteit:

> My eie vrou het in ‘n huis groot geword waar sy kerk toe gestuur is, Sondagskool toe gestuur is, belydenisklas toe gestuur is, maar haar ouers het nie saam met haar gegaan nie, en sy het op ‘n laat stadium in haar lewe eers geleer, of vir die eerste keer gebid en besef sy moet werk aan haar verhouding , sy het ‘n verantwoordelikheid om te groei in haar verhouding met die Here – en dit het sy gekry uit ‘n Bybelstudie, Vroue Bybelstudie...dit het ‘n ongelooflike uitwerking op ‘n mens se lewe, soos ek gesê het: dit gee vir jou daardie sekerheid dat jy nie alleen is nie (Addendum C:318).

Vir hierdie navorsing, met sy fokus op die verband tussen die erediens en die lewe, en hierdie hoofstuk se spesifieke fokus op die erediens van die lewe, is die bydraes van prof. Malan Nel, rakende verhoudingsgroepe, en die rol daarvan binne die gemeente en individuele gelowiges, van belang. Hy identifiseer agt bedieningsgestaltes waardeur die evangelie verkondig word, en die gemeente in staat gestel word om in diens van God, mekaar en die wêreld te lewe, naamlik:

- getuienis (*marturia*);
- verkondiging (*kerugma*);
- erediens (*leitourgia*);
- pastoraat (*paraklese*);
- onderrig (*didache*);
- administrasie of bestuur (*kubernetiek*);
- gemeenskap van gelowiges (*koinonia*), en
- diens van barmhartigheid (*diakonia*).

Volgens Nel (1994:96; 2018:231-240) val verhoudingsgroepe onder die *gemeenskap van die gelowiges*, en dat verhoudingsgroepe in gemeentes, solank as wat dit dinamies in getalle en geestelike diepte groei, ‘n belangrike deel van die gemeentestrategie en bediening behoort uit te maak. Hy verwys na “voordeur- en agterdeur-bedieninge”, met die erediens as voordeurbediening waardeur nuwelinge met die gemeente kennis maak en verhoudingsgroepe as agterdeurbediening waardeur lidmate in gemeenskap met mekaar bedien word, en ruimte gelaat word om hulle gawes te ontwikkel en uit te leef, ook binne die breër gemeenskap (Nel 1994:225; 259).

Op grond van die bevindinge van die empiriese ondersoek, wil dit voorkom asof bogenoemde agt bedieningsgestaltes, nie as losstaande gestaltes beskou kan word nie, maar inderdaad met mekaar verweef is, en deur mekaar gedien word. Dit is duidelik, op grond van die terugvoer van die mede-navorsers, dat verhoudingsgroepe inderdaad ruimtes vir *koinonia* is, maar dat hierdie gemeenskap van gelowiges gesentreerd is rondom, en verdiep word deur onder meer getuienis (*marturia*); verkondiging (*kerugma*); pastoraat (*paraklese*); onderrig (*didache*); en diens van barmhartigheid (*diakonia*). 'n Swart, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, vertel onder andere van die wyshede waardeur persone in hul groep *onderrig* en toegerus word (Addendum K:386). 'n Wit, manlike mede-navorser, en lidmaat van 'n Charismatiese gemeente, vertel van 'n geleentheid waar die Woord van die Here aan hom *verkondig* is, deur 'n mede-gelowige:

> After God gave me that Word, I prayed for confirmation...one of my friends just gave me that confirmation of that Word during the worship service where he just said: 'I felt God saying', I cannot remember specifically what he said but he reaffirmed the Word that God gave me about going into ministry...(Addendum G:352).

Nóg 'n bruin, vroulike mede-navorser, en lid van die Rooms-Katolieke gemeente, beskryf die opbouende impak van *getuienis* in hul verhoudingsgroep, wanneer lede van die groep, hul verhale, uitdagings, probleme, ensomeer met mekaar deel – en daardeur mekaar geestelik bemoedig en versterk (Addendum N:411-412). 'n Wit, manlike mede-navorser en leraar van die NG gemeente, getuig op sy beurt weer van die *pastorale* versorging en versterking wat hy binne die gemeenskap met ander gelowiges beleef het:

> Lank terug, waar ek deur groot krisisse gegaan het, en waar ek die krag van die geloofsgemeenskap beleef het, die feit dat ek dit met hulle gedeel het. Die, wat ek God se goedheid en Sy genade en Sy versorging deur die gemeente beleef het, en ook die liefde en die ondersteuning deur die geloofsgemeenskap ervaar het...daar is mense wat by daardie geleenthede direk daarna na my toe gestap het en vir my vasgehou het, en vir my gesê het: 'ek gaan ook deur 'n krisis...' (Addendum P:443).

Met betrekking tot *barmhartigheid*, getuig 'n wit, manlike mede-navorser, en lidmaat van die Charismatiese gemeente, van 'n geleentheid wat hulle as gesin deur 'n finansiële krisis gegaan het, en hulle selgroep in hierdie tyd bygestaan en versorg het (Addendum J:383). Getrou aan hierdie navorsing se fokus op die erediens van die lewe, en die hipotese dat die erediens voortleef in alle areas van die mens se dag-tot-dag bestaan, kan daar ook gewys word op die erediens (*leitourgia*), komponent teenwoordig in verhoudingsgroepe – nie net voldoen hierdie groepe aan al drie

kenmerke van die verstaan van die erediens (samekoms, rondom God se Woord en waar God aanbid word) nie, maar is daar ook duidelik liturgiese gebruike teenwoordig in hierdie samekomste. In sommige verhoudingsgroepe word die nagmaal gevier (Addendum H:364; Addendum J:381); word die Woord onder mekaar oopgebreek (Addendum C:318; Addendum H:358-359); word daar saam gesing (Addendum G:351-352); saam met mekaar en vir mekaar gebid (Addendum O:426-428) en is daar 'n bepaalde liturgiese struktuur of verloop (Addendum N:411-412)[66].

Ter ondersteuning van bogenoemde uitgangspunt, en verstaan van verhoudingsgroepe as 'n voortlewing van die erediens, word gesteun op die bydrae van Miller (1994:24-32), wat veertien "spiritual-growth facilitators", wat binne verhoudingsgroepe (en inderdaad die ganse gemeentebediening) moet neerslag vind, identifiseer. Hierdie "facilitators" stel die mens in staat om tot dieper spiritualiteit te kan kom, wat hul sal toerus vir 'n lewe as gelowiges binne die alledaagse leefruimtes. Hierdie "spiritual growth facilitators" sluit in:

- *worship* – focussing on God and sensing God's presence;
- *music* – feeling moved to give God greater attention;
- *prayer* – relating to God;
- *fellowship* – receiving God's love through others;
- *preaching* – hearing God speak to me;
- *service* – giving God's love to others through time and talent;
- *stewardship* – giving money to help with God's work in the world;
- *Bible study* – trying to obtain God's guidance for daily living;
- *books* – receiving inspiration, information, and motivation;
- *encouragement* – helping others grow spiritually through affirmation, counselling, inclusion, and spiritual mentoring;
- *leadership* – providing vision that helps Christians set goals consistent with God's will, and working together to accomplish God's work in the church and the world;
- *administration* – carrying out and helping others to carry out one or more of the church's ministry tasks;
- *retreats* – experiencing inspiration and insights in a physical setting apart from my daily life and the local church, and
- *evangelism* – helping others to find God.

Hiervolgens verstaan Miller (1994:9-23) geestelike groei as 'n verdieping in spiritualiteit, wat deur bemiddeling van die Heilige Gees in die gemeente, verhoudinsgroepe en individu bewerk

[66] Hierdie stem baie ooreen met die vier praktyke van mededeelsaamheid, soos onder die eerste gelowiges in Handelinge 2.

word. Daarom moet die gemeente, in al sy gestaltes, onder leiding van die Heilige Gees, voortdurend op God en die belewing van Sy teenwoordigheid gerig word – om sodoende *coram Deo* te lewe. Die belangrike rol van verhoudingsgroepe, ten opsigte van die erediens, en meer spesifiek die erediens van die lewe, in dié verband kan nie misken word nie.

Verhoudingsgroepe skep verder 'n ontmoetingsruimte waar gelowiges mekaar kan help om saam na God se stem te luister, Sy wil te onderskei en daarvolgens te lewe. So byvoorbeeld, vorm die verhoudingsgroep 'n gemeenskap van Skrifinterpreteerders, wat saam na God se Woord luister, en dit biddend vir die lede se lewens en omstandighede op praktiese wyse oopbreek en toepas (vgl. Cilliers 2004:136-150; McClure 1995). Soos Oostenbrink en Lotter (1998:12-13) dit stel:

> Elkeen kan 'n kans kry om te praat en elke groeplid kan sy/haar lewensbehoeftes binne die byeenkoms opper sodat God se lig daarop kan val en God se stem daaroor gehoor kan word. So kan 'n kleingroeplid ook hoor hoe God deur die ander lede met hom of haar praat. Op dié wyse kan gelowiges mekaar se geloof onderling verryk en mekaar vir hulle lewe *coram Deo* toerus.

Deur die bevindinge van die empiriese ondersoek van hierdie navorsing, met die bestaande literatuur in gesprek te bring, wil dit voorkom dat die erediens as samekoms van gelowiges, op verskillende maniere in die dag-tot-dag bestaansruimtes van die lewe manifesteer – hiervan is twee belangrike ruimtes bespreek, naamlik: die huisgesin en verhoudingsgroepe. Die navorser deel ook die oortuiging dat hierdie gemeenskap van gelowiges, van sentrale belang ten opsigte van spiritualiteitsbeoefening, waar gelowiges saam met ander gelowiges die teenwoordigheid van God beleef, intiem bewus raak van God se wese en wil, en mekaar aanspoor om hul roeping in die alledaagse leefruimtes uit te leef. Soos Nouwen (1991:141) tereg verduidelik, dat verhoudingsgroepe "ways of restoring or deepening our awareness of belonging to the people of God" is. Neighbour (1994:157) sluit hierby aan en verduidelik dat ware Christelike gemeenskap alleenlik plaasvind wanneer die mens Christus toelaat om die geestelike dimensie van ons lewe, vir mekaar, en 'n stukkende wêreld oop te sluit en openbaar. God se wil word juis daarin openbaar dat gelowiges nie alleen staande kan, en hoef te bly nie – daarom gee God gelowiges aan mekaar om, in intieme gemeenskap, mekaar te versterk, aan te spoor en toe te rus. Die samekoms van gelowiges, beide ten opsigte van die erediens en die lewe; en die erediens van die lewe, is uiters belangrik in die skep van sosiale kapitaal, wat verhoudings tot stand bring wat alle sosiale grense oorskry en nuwe werklikhede vir die samelewing oopsluit, deurdat lede van die groepe mekaar help om hul Christenskap in woord en daad uit te leef.

Op hierdie punt is dit nodig om die gedagte van die *samekoms*, te herevalueer, met die oog op die kerk se missionale gerigtheid. Anders gestel: hoe word die kerk (en elke gelowige) se roeping as gestuurdes na ‘n stukkende wêreld in nood, verreken in die verstaan van gemeenskap (*koinonia*)? Die navorsing wil ‘n saak stel vir die verstaan van die kerk, nie net as gemeenskap van gelowiges nie, maar ook as gemeenskap van gelowiges tussen ander- of ongelowiges.

5.2.3 DIE GEMEENSKAP MET NOG-NIE-GELOWIGES

Dat die ***saam met ander gelowiges*** in die hart van die Christelike geloof staan is nie te betwyfel nie. Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is die ***saam met die nog-nie-gelowiges***[67] (gaan na al die nasies) wat ook in die hart van die Christelike geloof staan, en dus ook in ons nadenke oor die erediens deurgaans aan die woord moet kom. Daarom idenitifiseer Thomas Long (2001:15-17) juis gasvryheid teenoor ‘vreemdelinge’ as ‘n kritiese belangrike kenmerk van lewende gemeentes, en ‘n missionale liturgie (die navorser se eie toevoeging en bewoording). Alhoewel dit in die erediens hoofsaaklik oor die samekoms van gelowiges, en dus die ontmoeting tussen God en Sy volk gaan, is die erediens ook “die besondere ontmoetingspunt waarheen die wêreld genooi en getrek word om op die regte wyse te kom tot erkenning van Jesus Christus as Here, en om deel te hê aan die aanbidding van Hom” (Barnard 1981:404). Soos ‘n wit, manlike mede-navorser, en leraar van ‘n Charismatiese Gemeente dit stel: “ek is nie net geroep om ‘n impak te maak in die kerk wêreld nie, *I need to make a real impact with people that don’t know Him*” (Addendum P:445).

Wanneer die samekoms van gelowiges (hetsy as groot geheel, huisgesinne of verhoudingsgroepe) ‘n gerigtheid na buite het, word hulle in staat gestel, onder die leiding van die Heilige Gees, om die behoeftes in die samelewing raak te sien, en as dienende lede van die liggaam van die dienende Christus, betrokke te raak in die lewens van mense in nood – hetsy mede-gelowiges, ander-gelowiges of ongelowiges. Oostenbrink (1994:69-72) stem hiermee saam, en noem dat verhoudingsgroepe beide ‘n veilige hawe vir pasbekeerde Christene kan wees, en ook ‘n ruimte waarheen ongelowiges nader getrek word, en deur middel van intieme verhoudings met God se liefde in aanraking kan kom. Basson (2010:1) verwoord dit as volg:

[67] Sien verklaring van die keuse vir hierdie bewoording onder voetnota 42, onder punt 5.2.

"Wanneer 'n geloofsgemeenskap 'n missionale identiteit ontdek, is groei die uitkoms. Groei kan egter nie doeltreffend plaasvind as daar nie 'n effektiewe assimilasieproses in die geloofsgemeenskap bestaan nie". Dus, vir die geloofsgemeenskap om haar missionale potensiaal te realiseer, is dit baie belangrik om na te dink oor die wyse waarop nuwe persone deelgemaak word van die gemeente as gemeenskap van gelowiges.

Met die oog op ons gesprek rondom die erediens as samekoms van gelowiges, met die fokus van koinonia (as samehorigheid en intieme verhoudings), is die potensiële impak van doeltreffende assimilasie, soos Meeks (2003:74) dit opsom, relevant: "these groups enjoyed an unusual degree of intimacy, high levels of interaction among members, and a very strong sense of internal cohesion". Integrasie en onderlinge verbintenis (tussen bestaande- en nuwe lede) is van kardinale belang vir die daarstel van 'n ware geloofsgemeenskap tussen gelowiges, wat uitkring na diegene wat nog nie deel van hierdie geloofsgemeenskap uitmaak nie. Die ware toets vir assimilasie, is op persone uiteindelik ervaar dat hulle tot die gemeenskap behoort, al dan nie (Basson 2010:1-3). Vir die kerk in haar geheel, maar beslis vir die navorser se eie denominasie (by name die NG Kerk), wat ongetwyfeld baie uitdagings ten opsigte van kwynende lidmaatskap in die gesit staar, is die opmerking van Murray (2001:156), dat mense nie geloofsgemeenskappe verlaat omdat hulle nie meer glo nie, maar omdat hulle nie meer voel hulle behoort nie, relevant, en beslis stof tot nadenke oor die wyse waarop die gemeenskap van gelowiges, binne die NG Kerk neerslag vind.

Basson (2006:138) waarsku teen die tendens van gemeentes, om ten opsigte van assimilasie van persone, veral tydens die Sondag-erediens, en spesifiek die bywoning daarvan, te konsentreer. Alhoewel die Sondag-erediens, volgens hom (en in dié navorsing ook genoem) in die hart van die Gereformeerde geloofslewe staan, dui die blote bywoning daarvan, en self ook deelname aan verskeie liturgiese rituele, nog nie op die ware assimilasie, en dus persoonlike verbintenis van persone tot die geloofsgemeenskap nie. Hierdie stand van sake word bevestig deur die opmerking van 'n swart, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, as sy sê: "I would rather get closer to the community outside of the church, than in the church. It is a weird one, I also don't understand myself, but it is just how it is" (Addendum L:395).

Volwaardige assimilasie geskied alleenlik wanneer ‘n persoon die belewenis het dat hy/sy tot die geloofsgemeenskap behoort, by die kultuur daarvan ingelyf, en by die lewe van die geloofsgemeenskap geïntegreer word, ten einde in die identiteit van die gemeente opgeneem te word (Basson 2010:2). In die vroeë Christelike kerke het verskeie rituele ‘n belangrike rol gespeel in dié assimilasieproses. In die Pauliniese briewe (vgl. Gal. 3:27–28; 1 Kor. 12:13) het die doop, as inwydingsritueel van die gelowige in die geloofsgemeenskap, ‘n baie belangrike rol gespeel. So ook was die nagmaal gereeld as ritueel van onderlinge gemeenskap gevier (Meeks 2003:150-157). Nóg ‘n voorbeeld van die rol van rituele, tydens die vroeë Christelike kerk, is die verwysing na ‘kategese’ in Galasiërs 6:6 (κατηχέω), wat op ‘n eenvoudige assimilasieproses dui, en wat na die eerste eeu tot ‘n meer omvattende proses ontwikkel is, dui. Hiervolgens het die proses van assimilasie uit twee fases bestaan, naamlik: die belangstellendes (*audientes*) en die kategese. Wat vir hierdie hoofstuk, met sy fokus op die erediens in die lewe van belang is, is dat hierdie proses deurgaans uit drie fokuspunte bestaan het, naamlik: kategese of lering (vgl. 1 Tim. 4:13); asketisme (vgl. 1 Kor. 9:27); en dan liturgie as openbare diens (vgl. Heb. 8:6) (Ferguson, Mchuah & Norris 1997:223; Scannel 1996:1).

Wat egter weereens belangrik is, is dat die rituele nie opsigself betekenis en impak het nie, maar alleenlik wanneer die inhoudelike betekenis en implikasie daarvan relevant tot die lewe van die individu op praktiese verstaanbare wyse oorgedra word. Rituele, wat tot blote gewoonte-handelinge verval, het bykans geen impak, ook ten opsigte van die assimilasie van persone tot die geloofsgemeenskap nie. Soos ‘n wit, vroulike mede-navorser, wat eers ‘n NG lidmaat was, en wat intussen lidmaat van die Charismatiese gemeente geword het dit stel:

> Ek het NG groot geword. Voorgestel en aangeneem. Meestal dink ek vir my ouers. My Pa baie naby aan my hart en nooit die impak van dit wat ek gedoen het, verstaan nie, alhoewel die voorstelling en aanneming my baie geleer het van die Bybel en die Bybelkennis wat ek het, is definitief – het ek daar gekry (Addendum I:369).

‘n Wit, manlike mede-navorser, wat vanuit ‘n Hervormde gemeente na die Charismatiese gemeente geskuif het, noem dat hy in die Hervormde kerk gekatkiseer het, en daar aangeneem en voorgestel is, maar “in die Pinkster-geledere het ek tuis gevoel en ek het besluit ‘okay’, ek gaan begin met ‘n nuwe pad” (Addendum J:379). Nóg ‘n wit, manlike mede-navorser, en

lidmaat van ‘n Charismatiese gemeente, vertel van sy doop as jong tienerseun, en noem dat hy tydens sy doop, en vir lank daarna, nie die betekenis daarvan verstaan het nie, en dat dit belangrik is om lidmate in die betekenis, en praktiese implikasie van die doop (en ander rituele) te begelei (Addendum H:364-365). Nóg ‘n swart, manlike mede-navorser, en lidmaat van ‘n Rooms-Katolieke gemeente, antwoord op die vraag na die betekenis van die sakramente vir sy lewe, en vertel dat hy selektief met die sakramente omgaan, op grond van of die sakrament (of ritueel) vir hom sin maak, al dan nie. Hy verduidelik voorts dat hy nog baie vrae en onsekerhede oor die sakramente (en ander rituele het), en dat hierdie gereelde besprekingspunte in hul verhoudingsgroepe is. Die gevolg is dat hy dikwels uit roetine aan die rituele deelneem, sonder dat dit enigsins ‘n impak op sy lewe het (Addendum O:430-431). Daar bestaan duidelik ‘n behoefte onder lidmate, vir voortdurende begeleiding in die wesenlike betekenis en implikasie van liturgiese rituele, op só wyse dat dit relevant, en toepaslik, vir hul dag-tot-dag bestaan verstaan kan word (sien onder andere Addendum L:396-397).

Ford (2007:49) wys op die feit dat gemeentes vandag op verskillende wyses poog om persone deel te maak van die gemeente as geloofsgemeenskap. By sommige gemeentes behels die assimilasieproses ‘n besoek van die leraar, waar sy/haar visie vir die geloofsgemeenskap gedeel word, terwyl ander gemeentes daadwerklik poog om individue by verskeie verhoudingsgroepe te laat inskakel. Ander gemeentes fokus weer op waardes, en daarvolgens voornemende lidmate oor die kultuur en waardes van die geloofsgemeenskap inlig. Basson (2010:2-4) waarsku dat, alhoewel hierdie benaderings sekerlik voordele vir die bestaande geloofsgemeenskap inhou, dit egter wesenlik tekort skiet in terme van die opneem van buitestaanders tot die geloofsgemeenskap.

Ten opsigte van ons ondersoek na erediens van die lewe, is die roetemerkers in die verband van Meeks (2003:84) van toepassing, wat bedoelings (intensies), aktiwiteite (betrokkenheid) en kultuur as belangrike gemeenskapsvormende faktore identifiseer. Waar bedoelinge na mense se waardeoordele en grondliggende ervaring van die geloofsgemeenskap verwys, speel sinvolle, betekenisvolle deelname en betrokkenheid, waarmee mense hulle kan vereenselwig, ook ‘n belangrike rol. Anders gestel: Om persone waarlik deel te maak van die geloofsgemeenskap, moet geloofswaarhede, die toepaslikheid daarvan vir die lewe, en die

praktiese uitlewing daarvan, binne die dag-tot-dag bestaansruimtes van die mens in verband met mekaar gebring word – die een kan nie sonder die ander nie. Geloof, wat nie tot dade oorgaan nie, word dikwels as impaklose, sede-lesse ervaar (vgl. Addendum B:309; Addendum D:326-327), terwyl ‘n lewe, wat nie in geloofswaarhede geanker is nie, nie die gewone norme van die samelewing transendeer nie.

Hendrik (1994:187) en Lazenby (1995:22-23), lewer ook belangrike bydraes in dié verband, deurdat hulle geloof en betrokkenheid uitwys as belangrike kenmerke van deelname aan die geloofsgemeenskap. Vir hulle verwys geloof na geloofswaarhede asook die aanvaarding van kultuur - met ander woorde: hoe die geloof in die kulturele konteks, die dag-tot-dag bestaanswerklikhede van die mens, gestalte kry. Hulle verduidelik voorts dat betrokkenheid die gevolg van geloof is - omdat mense glo, is hulle bereid om deel te neem en hul geloof in alle ruimtes van die lewe te leef. Hierdie betrokkenheid gee sin aan die mens se lewe, wat op sy beurt weer daartoe lei dat hulle voel dat hul behoort – as lede van die geloofsgemeenskap in Jesus Christus.

Aangesien die geloofsgemeenskap, in Jesus Christus, ‘n eiesoortige karakter besit, is die gevolg dat daar mettertyd ‘n alternatiewe kultuur – anders as dié van die samelewing – gevestig word, en word die samekoms van gelowiges (hetsy tydens die Sondag-erediens, gesins of verhoudingsgroepe) die sosiale manifestasie van die lewende Here, onder leiding van die Heilige Gees. Hierdie unieke kultuur, is van kardinale belang vir die voortbestaan van enige sosiale groep, want daarsonder sal die groep geen rede vir bestaan hê nie. Die unieke kultuur van die samekoms van gelowiges, gee rigting aan die lede se daaglikse bestaan, en stuur hulle denke en lewe in die rigting van God se wil vir ‘n stukkende wêreld en Sy mense (Hendriks 2004:105; Guder 1998:152-153; Meeks 2003:82-84). Só verstaan, verwys die konsep ‘kultuur’ na die geloofsgemeenskap se lewenswyse, en het dit ten nouste te doen met dié gemeenskap se interaksie met hul sosiale, ekonomiese en religieuse konteks. Hierdie kultuur sal nie net in die geloof en lewe van die gemeenskap manifesteer nie, maar ook in die liturgiese rituele gebruike daarvan raakgesien word. Binne hierdie navorsing se ondersoek na die erediens van die lewe, word kultuur hiervolgens verstaan as die wêreldbeskouing, waardes en gedrag – en gaan daar vanuit die oortuiging te werk dat gemeentes (en gelowiges) geroep is om ander mense (en hul

samelewing) te beïnvloed, en tot ‘n alternatiewe lewenswyse te begelei (Basson 2010:3-6). Guder (1998:152) noem egter tereg dat hierdie alleenlik moontlik is, indien mense (gelowig en nog-nie-gelowig) doeltreffend bereik en by die samekoms van gelowiges betrek word. In Hoofstuk 1 van hierdie navorsing, is daarop gewys dat die navorsing, met ‘n definitiewe fokus op die Liturgie, as veld binne die Praktiese Teologie, vanuit die werkshipotese te werk gaan, dat liturgie en lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind is, en nie net lidmate wil behou nie, maar hulle lewens wil help vorm binne die Suid-Afrikaanse konteks en samelewing. Basson (2010:3-4) deel hierdie oortuiging en noem dat:

> Lidmaatassimilasie geskied nie net ter wille van die uitbreiding van die kerk se lidmaatskap nie, maar om mense van verskillende vlakke van betrokkenheid by die lewe van die geloofsgemeenskap te integreer, sodat hulle die geloofsgemeenskap se kultuur volledig aanvaar en behoorlik by die gemeenskap se aktiwiteite betrokke raak, om sodoende in die persoonlikheid en die identiteit van die plaaslike geloofsgemeenskap opgeneem te word.

Dit is duidelik dat die samekoms van gelowiges (ook tussen nog-nie-gelowiges) ‘n baie belangrike fokuspunt in ons toekomstige nadenke oor die erediens, en spesifiek die erediens van die lewe, moet wees. Die verstaan van die aard en wese van hierdie samekoms van gelowiges, en inderdaad die praktiese implikasie daarvan vir die alledaagse leefruimtes van lidmate, kan beslis nuwe moontlikhede, vir die daar stel van ‘n nuwe gemeenskap ontsluit. Die gemeente as geheel, maar ook huwelikspaartjies, huisgesinne en verhoudingsgroepe vorm deel van God se meestersplan vir die genesing van ‘n gewonde gemeenskap – veral binne die Suid Afrikaanse konteks en lewe.

Hierdie navorsing hoop om die belangrikheid vir verdere nadenke oor die rol van liturgiese rituele, en die wyse waarop dit in die groter samekoms van gelowiges, maar ook in die samekoms van gelowiges tydens die erediens van die lewe neerslag vind en geleef word, te beklemtoon. In ‘n artikel vir *Die Kerkblad,* wat tydens November 2003 gepubliseer is, gee Fanie Coetzee ‘n paar roetemerkers as wegspringplek vir verdere nadenke oor die rol van liturgiese rituele in die verskillende vorme wat die samekoms van gelowiges aanneem, hetsy in geheel (tydens die Sondag-erediens), huisgesin of verhoudingsgroepe. Enkele van sy gedagtes sluit in:

- Nuwe besinning is nodig oor die *hoe* van huisgodsdiens – met ander woorde: kan daar gepraat word van ‘n liturgie vir huisgodsdiens? En indien wel – hoe sal dit daarna uitsien? Byvoorbeeld – die rol van die tafel, as ruimte van ontmoeting, met gepaardgaande Nagmaalviering, ensomeer.
- Verhoudingsgroepe wat nie net na binne gerig is, met die fokus op hul eie geestelike verdieping nie, maar wat na buite gerig is, en ander mense betrek en tot diens van die gemeenskap is.
- Prediking oor die gemeente as gesin, en die huisgesin, en die rol van elkeen in die gesin.
- Die aanspoor en toerusting van gesinne om ’n bepaalde dienswerk in die gemeente of gemeenskap te verrig.
- Erediensbywoning as hele gesin is belangrik, met die gevolg dat die liturgie op só wyse aangebied word dat dit die hele gesin betrek en help vorm.

Die navorser is van mening dat die Sondag-erediens ‘n baie belangrike bydrae in dié verband lewer. Soos reeds in die voorafgaande hoofstuk bespreek, het die empiriese ondersoek bevind dat die erediens se impak toeneem, wanneer die boodskap daarvan betekenisvol en toepaslik tot die daaglikse leefwêreld van lidmate is. Daarom moet daar noukeurig met die erediens omgegaan word, ten einde dit ‘n ware familiefees te maak, waar grootouers, pleegouers, ouers en kinders duidelike riglyne ontvang wat hulle in staat stel om die erediensgebeure te laat voortleef in hul dag-tot-dag leefruimtes. Die Sondag-erediens wat in sy doel slaag, behoort aan die kleiner samekomste van gelowiges in die komende week belangrike roetemerkers vir hul lewe daar te stel, liturgiese voorbeelde wat in die huisgesin om verhoudingsgroepe verder toegepas kan word, en ‘n boodskap wat prakties uitgeleef kan word, omdat die wese daarvan verstaan en geëien word.

Vir die realisering van hierdie ideaal, vir die samekoms van gelowiges, staan die Woord van God sentraal, en is dit daarom nodig om ons aandag nou te verskuif na die rol van God se Woord, binne die verstaan van die erediens van die lewe.

5.3 DIE OOPBREEK VAN GOD SE WOORD

In ‘n onderhoud wat in 2018 gevoer is, en in Acta Theologica gepubliseer is, noem Johan Cilliers dat die prediker, tydens die prediking, ‘n belangrike rol te speel het as die draer en verkondiger van hoop te midde van die lewenskonteks van gemeentes en lidmate. Hy verwys na die konsep *Timing Grace* (wat ook die titel van sy nuutste boek is, wat binnekort gepubliseer sal word) en verduidelik dat hierdie konsep te make het met die “classic notion of time that is always in tandem with space” (Laubscher 2018). H.F. Dwyer (1996:172) noem dat daar in die hedendaagse milieu, hoë eise aan die prediking, ook binne die voortdurend veranderende Suid Afrikaanse konteks en samelewing, gestel word. Hy verwoord die uitdaging, wat die prediker in die gesig staar as volg:

> Die prediker het die groot roeping om met aktuele Bybelse prediking die gang van die kerklike lewe en die koninkryk van God op ‘n verantwoordelike wyse te dien…Die prediking moet gekoppel word aan die ontwikkeling van ‘n kritiese bewussyn. As prediker spreek hy/sy tot mense en daarom moet hy/sy bewus wees van die politieke en sosiale kultuur van die dag, en moet hy/sy ‘n boodskap vir ons tyd hê.

In die vorige hoofstuk is daar genoem dat dit vanuit die empiriese ondersoek na vore gekom het, dat die Woord van God inderdaad in die hart van die erediens staan en dat die metafoor van die “oopbreek van die Woord” telkens uit die mede-navorsers se mond gevloei, wanneer hulle gesels het oor dít wat die erediens aan hulle betekenisvol maak. Met die oopbreek van die Woord word dit in dié verband verstaan as die bekendmaking van die diepte van betekenis van die Bybel teks (aan die hand van goeie eksegese), maar op só ‘n wyse dat die impak daarvan vir die lewe van die gelowiges, binne sy/haar daaglikse leefruimtes, duidelik aan die lig kom. Nel (1990:173-174) stel dit tereg dat die erediens nie sonder die innagneming van die alledaagse leefwêreld bedink kan word nie, aangesien die God, wat ons in die erediens ontmoet, nie los van die wêreld bestaan nie, maar juis die wêreld geskep het, daaroor besorg is, in liefde toetree tot die lewenswerklikhede van die mens, en vernuwend met hierdie wêreld en sy mense besig is (sien ook Cilliers 2004: 136-170; Tisdale 2008:75-90). Só ook mag dit nooit uit die oog verloor word dat die samekoms van gelowiges, juis tydens die erediens, die wêreld, met sy geleenthede, uitdagings, blydskap en pyn naby, binne hulle het nie – die Gemeente dra as’t ware die wêreld, en hulle lewenskonteks en -ervarings saam met hulle die erediens binne. Nel (1990:175-176) beskryf hierdie op treffende wyse:

> Met die instap van elke individu, elke gesin, stap die wêreld die erediens binne. Die banke word met meer as liggame gevul. Sitplek vir sitplek skuif die wêreld die erediensruimte vol. Wanneer

> die erediens begin, is die gebou reeds vol van die wêreld. Dit hang in die lug – hierdie mense het elkeen met sy wêreld die erediens binnegekom. Sommige uit die kombuis, ander pas uit die slaapkamer, ander uit gisteraand se partytjie, gister se sport en soos 'n magneet deur sand gesleep, sit die ander wêreld, dié van die sonde, se ysterstukkies aan ons almal vas. Hier vergader dus nie net mense wat uit die wêreld gered is nie, hier vergader geredde mense wat nog so baie van die wêreld met hulle saamdra, in hulle omdra.

Dit is juis om hierdie rede, dat die metafoor van die "oopbreek van die Woord" uiters relevant is in terme van die erediensbelewenis van lidmate. As die ruimte waar die Woord van God op relevante, toepaslike en verstaanbare wyse oopgebreek word, speel die Sondag-erediens 'n baie belangrike rol as ontmoetingsruimte waar hoop, bemoediging, en ook toerusting vir die lewenswerklikhede van gelowiges gegee word. Wanneer die Woord van God, op so betekenisvolle wyse, tydens die Sondag-erediens gepreek word, word die gedagtes van gelowiges op só 'n wyse gevul en word hul op só 'n wyse toegerus, sodat hulle, net soos hulle die wêreld saam na die erediens gebring het, nou die evangelieboodskap, wat vir hulle 'n werklikheid geword het tydens die prediking (en ganse erediensliturgie), na die alledaagse lewenswerklikhede neem, sodat die "banke van die lewe" gevul kan word met meer as net liggame, maar ook gevul kan word met die evangelie van die koninkryk van God wat wêrelde, en mense, nuut maak, heel maak en verander. Nel (1990:184) noem hierdie die evangelisasie potensiaal van die erediens, waardeur die wêreld, deur die Gemeente, na die erediens aangetrek word, en die erediens weer, deur gelowiges (tydens die erediens van die lewe), die wêreld na God toe trek.

Uit die empiriese ondersoek het 'n interessante tendens na vore gekom, naamlik: dat lidmate 'n onderskeid tref tussen *prediking* en *woordverkondiging* – waar prediking vir hulle die taak van 'n opgeleide teoloog is, wat deur middel van eksegese die wêreld agter die teks, en van die teks asook die betekenis daarvan vir die gemeente uitlê. Daarteenoor verstaan hulle die term "woordverkondiging" as die taak van alle gelowiges, om dit wat hulle deur die prediking gehoor het, nou verder uit te dra na hulle dag-tot-dag ruimtes (sien addendum D:330-331; H:364-365; K:388-389; M:406). Getrou aan dié merkers, wat uit die luisterproses na vore gekom het, gaan daar in hierdie hoofstuk (met sy fokus op die erediens in die lewe), in ons bespreking van die Woord van God, as liturgiese ritueel van die erediens van die lewe, gefokus word op die term "woordverkondiging", as die wyse waarop die Woord van God oopgebreek word deur gelowiges, aan ander met wie hulle pad kruis in die alledaagse leefruimtes – die gemeente (en gelowige) as hermeneut. Die spesifieke fokus gaan egter steeds tot 'n groot mate

die gepredikte woord insluit (wat in die vorige hoofstuk in meer diepte bespreek is) aangesien die verkondiging van God se Woord, tydens die erediens van die lewe, deur die gepredikte Woord, tydens die Sondag-erediens gevorm word. Die primêre doel van die voortgesette gesprek oor die prediking, gaan egter in hierdie hoofstuk gerig wees op die wyse waarop dit inspeel, en in die verkondiging van die Woord van God, deur gelowiges, binne in hul leefruimtes. Om hierdie doel te help realiseer, gaan daar veral gelet word op die bydraes van J.H Cilliers en ander, met betrekking tot prediking as *reframing of perspective.*

Cilliers (2010:86) verwys na prediking as 'n skeppende handeling, waardeur menslike perspektief geskep en herskep word. Anders gestel – prediking is om te sien (die prediker as Bybelse eksegeet), en om deur die prediker ander uit te nooi om ook te sien (die lidmate vir wie die Woord oopgebreek word) (Cilliers 2004:64). Reeds tydens die ontstaan van die Reformasie, het Calvyn gepraat van kennis van die geloof as 'n wyse van sien, wat meer as blote kennis neem van lewensaangeleenthede behels nie, maar eerder 'n perspektief, gegrond op teenwoordigheid, op die lewe self (Cilliers 2010b:86). Neven (2009:80) verduidelik verder dat perspektief, veral met betrekking tot die prediking, die ruimte is waar die lewenswerklikhede en die menslike wese mekaar ontmoet, aanspreek en vorm. Vir gemeentes en gelowiges, is dit belangrik om te waak teen geykte perspektiewe of God en die lewe, wat aan die een kant te eng, en aan die ander kant na binne gekeer mag wees. Soos Cilliers (2010b:87) waarsku:

> Our images of God need to be constantly revisited in order to be revisioned. This is true not only on an individualistic level, but also in terms of our tendency towards shared blindness and group myopia. A painful reminder of this is the fact that the ideology of apartheid, for instance, excelled in structured short-sightedness, if not structural blindness. The frame from which it viewed reality (God and humanity) was that of an enclave mentality. People were indoctrinated (structurally blinded) to see no further than their own (nationalistic, cultural, religious, especially ethnic) horizons.

Dit is juis in hierdie verband dat die prediking op belangrike, vormgewende wyse kan inspeel op die erediens van die lewe, deur nuwe perspektiewe op God, die mens en die lewe oop te breek aan die hoorders, wat God se Woord nou verder, in woord en daad, gaan verkondig. Hierdie oopbreek van nuwe perspektiewe, word deur geleerdes as *reframing* verwoord. Capps (1990:17) definieer *reframing* as volg:

> … to change the conceptual and/or emotional setting or view-point in relation to which a situation is experienced and to place it in another frame which fits the 'facts' of the same concrete situation equally well or even better, and thereby changes its entire meaning.

So verstaan, het die prediking, as oopbreek van God se Woord, 'n herskeppende funksie, waardeur huidige werklikhede en oortuigings, op só 'n wyse herskep word, dat dit nuwe werklikhede en moontlikhede ontsluit, maar nie losstaande van die ou waarhede realiseer word nie. Soos Cilliers (2010:87) dit stel: "It is the art to do and say the same things in a (sometimes completely) different way, of using the old to say and do the new". Vir die navorser se eie kerklike denominasie, is dit opvallend om te let op die ooreenkomste tussen die konsep en kenmerke van *reframing,* en die sestiende eeuse Reformasie, met beide wat primêr gerig is op pastorale begeleiding op die weg na verandering en nuwe perspektiewe oor God en die lewe. Die veronderstelling is dat *reframing* pastorale verandering tot gevolg het, terwyl pastorale verandering op sy beurt weer inspeel op verdere moontlikhede vir *reframing.* Cilliers (2010:87) verduidelik dat die beginsels van *reframing,* en dié van die Reformasie feitelik dieselfde is, en dat (volgens hom) die Reformasie juis is in beginsel 'n proses van dinamiese interaksie tussen *reframing* (opnuut te sien) en om hervorm te word (om nuut te word), is.

Ten opsigte van die verkondiging van God se Woord, as deel van die erediens van die lewe, wat deur die prediking tydens die Sondag-erediens gevoed en gevorm word, is dit belangrik vir die prediker of homileet om sensitief te wees vir die doel van prediking as herskepping van perspektiewe oor God en die lewe, ten einde 'n ruimte te skep waar die mens God op nuwe, relevante maniere ontdek en leer ken, en uiteindelik self verander te word aan die hand van hulle nuut-ontdekking van hul identiteit en bestaansdoel as beeld van God. Só ook sal die Sondag-erediens, wat in sy identiteitsvormende en lewensimpakterende potensiaal slaag, lidmate aanmoedig tot deelname aan God se dienswerk in die alledaagse leefruimtes van mense, waardeur die mens (beide gelowige en nie-gelowige) deur die dade van God verder herskep word. Ten einde hierdie potensiële impak van prediking as *reframing* te illustreer, word die kruisverhaal van Jesus vervolgens bespreek.

5.3.1 DIE BOODSKAP VAN DIE KRUIS, AS VOORBEELD VAN *REFRAMING*

> Christus het my immers nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, en dit nie met woorde van menslike wysheid nie, want dan sou die kruis van Christus sy krag verloor. Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God (1 Korintiërs 1:17-18).

Tot op hede het die navorser probeer om te wys op die inherente (en tans onontdekte) potensiaal van die erediens, in die vorming van die gelowiges se lewe, in die alledaagse leefruimtes – die erediens van die lewe. Vir hierdie ideaal om te realiseer, moet daar, volgens Cilliers (2010:87-88) gewaak word teen die mens se geneigdheid tot die skepping van veilige en bestuurbare Godsbeelde, wat aan die gelowiges nie veel ongemak of selfs opoffering tot gevolg het nie. Hierdie is egter nie ‘n kenmerk van die moderne kerk alleen nie, maar was reeds in die tyd van die Nuwe Testament en die vroeë Christelike kerk teenwoordig in die denke en oortuigings van die mens. Juis daarom, was die boodskap van die evangelie dikwels misverstaan, aangesien die leer van Jesus as die dienende, lydende Messias, beslis in teenstelling met die verwagting van die mense van dié tyd was. Jesus se leer en lewe, asook die apostels se daaropvolgende verkondiging van die evangelie, was amper grootliks daarop uit om die mens uit te daag tot ‘n nuwe perspektief op wie God is, wie hulle in God is, en wat God se doel met hul lewe is.

Dit is nie vreemd dat die evangelie van die kruis vir baie ‘n vreemde evangelie (onsin) was nie, wat klaarblyklik in teenstelling met die geloof in God as die Almagtige gestaan het – aanvanklik (en vir baie steeds vandag) was die boodskap van Jesus, onsin, lawwigheid en selfs ‘n frustrasie vir baie (Cilliers 2004:4). Deur middel van die *reframing* kom die inherente paradoks van die evangelie boodskap aan die woord – tot verrykende gevolge vir elkeen wat dit aanneem. Die kruis verteenwoordig magteloosheid - Christus word as ‘n magtelose gekruisig, en van Sy volgelinge word daar verwag om self ook magteloos te word – ten minste in die oë van diegene wat streef na mag en wysheid. Hierdie magteloosheid of swakheid, soos geopenbaar in Christus, het egter ‘n dieper dimensie, naamlik: dit dien as ‘n radikale teenstelling (‘n nuwe perspektief) van die tradisionele verstaan van mag en wysheid – deur swak te wees, is Christus sterk! Deur te ly, het Hy oorwin! En deur te deel in Christus se lyding, sal die volgelinge van Christus ook deel in Sy oorwinning. Só ‘n nuwe perspektief op die evangelie boodskap, en hoe God aan die mens openbaar word, het radikale gevolge en

moontlikhede vir die prediking, en die wyse waarop dit inspeel kan inspeel in die vorming van die erediens van die lewe:

> This radical deconstruction and reframing of power and wisdom has fundamental implications on a variety of levels. Of specific importance for us is the impact that this has on preaching. Preaching presupposes (and conveys) certain God images. Preaching could, however, hardly be understood without its connection to the church, and the church in turn should not be understood without its connections to society. The presupposition here is that preaching, being imbedded in the church, could have a transformative impact on society, in the sense that it helps to create, or deconstruct, certain God images (Cilliers 2010b:90).

In Hoofstuk 4 van hierdie navorsing, is daarop gewys dat betekenisvolle prediking, nie net teologiese waarhede kommunikeer nie, maar die evangelie van Jesus Christus só bekendmaak, dat dit op baie praktiese, toepaslike wyse goeie nuus vir die mens te midde van die alledaagse lewe sal wees. Dit gaan dus in wese oor die lewende Woord waardeur God met sy mense gesels, te midde van hulle omstandighede, probleme en wêreld (Barnard 1981:565). Grözinger (2005:1) sluit hierby aan en noem dat die prediking ten nouste met die sensitiwiteit vir tekens van die transendering in die alledaagse lewe, verband hou. Dit beteken dat die prediker sensitief en oplettend oor die lewe, lewenswerklikhede en geloofsvrae van die mens moet wees. Nog meer moet die prediker daartoe in staat wees om hierdie lewenswerklikhede en ervarings van lidmate te onderskei as geloofservarings, en dit ook so aan lidmate te interpreteer. Anders gestel; die taak van die prediker is om die ervarings van die mens, te herinterpreteer deur middel van die Woord as lens, sodat die mens tot die oortuiging kan kom dat sogenaamde alledaagse lewenservarings wel van groot geestelike waarde en belang is (Cilliers 2010b:93).

Prediking, binne die konteks van hierdie navorsing se verstaan van die erediens as erediens van die lewe, behoort egter meer as net die verklaring van ervarings te wees, maar eerder die interpretasie van hierdie ervarings, deur die oopbreek van God se Woord, sodat hierdie ervarings, en die mens se reaksie daartoe, getransformeer sal word, ten einde nuwe perspektiewe en moontlikhede daar te stel. Wanneer daar, deur die lens van die Woord, na lewenservarings gekyk word, word die prediker en sy/haar gemeente daaraan herinner dat daar ‘n alternatief tot die heersende norm is – ‘n sogenaamde *metastasis*. Hierdie alternatief mag moontlik, of aanvanklik, as onsin evalueer word, maar net soos die kruis onsin in die oë van die mens was, net so daag die evangelie die mens vandag steeds uit om God op nuwe wyses te

ontdek, en deur deelname aan Sy toetrede tot die wêreld, self ook sy/haar identiteit asook die lewe op nuwe wyses te beleef (Cilliers 2010b:94).

Die God wat, op die kruis en deur die opstanding, die mens tot ‘n nuwe verstaan van God se wese en karakter uitnooi, is dieselfde God wat vandag steeds, deur die prediking, wanneer die Woord op praktiese en relevante wyse oopgebreek word, die mens se geykte Godsbeelde uitdaag, en die mens nooi tot ‘n reis van ontdekking in die Sondag-erediens, en die alledaagse leefruimtes, waarin God in onverwagse oomblikke, op onbeplande plekke, en deur onverwagse mense, op nuwe maniere aan die mens openbaar word. Hierdie nuwe ontdekkings lei op hul beurt weer tot ‘n ontdekkingsreis na nuwe perspektiewe op die self, die mens se bestaansdoel, en die sin van die lewe.

5.3.2 PREDIKING WAT VOORTLEEF IN DIE VERKONDIGING VAN GOD SE WOORD

Dié navorsing wil ‘n saak stel vir die verstaan van die erediens as meer as net ‘n uur-lange, Sondag-gebeure, maar eerder as ‘n nimmereindigende erediens, kompleet met sy liturgiese rituele, wat in die alledaagse leefruimtes voortleef, naamlik: die erediens van die lewe. Hierdie oortuiging geld vir die erediens in totaliteit, en sluit daarom enige nadenke oor die prediking in. Tot op hede is die aard en wese van die prediking, asook die moontlike impak van die prediking as *reframing* verwoord, ten einde heen te wys te wys op die belangrike identiteitsvormende en lewensimpakterende potensiaal van ook die prediking – veral gesien as die oopbreek van God se Woord. Die bevindinge van die empiriese ondersoek, wys daarop dat mede-navorsers, ten opsigte van die verkondiging van God se Woord, meer as enige ander liturgiese ritueel, bewus is daarvan dat die uitleef daarvan ook hul skouers rus. Anders gestel: in ‘n verstaan van die erediens van die lewe, leef die prediking (wat sy doel bereik het) voort in die woorde van ouers aan hul kinders, eggenote aan mekaar, gesprekke tydens verhoudingsgroepe of ander sosiale geleenthede ensomeer, waar daar deur gelowiges, op grond van die Woord van God – oor God gepraat word. ‘n Bruin, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, verwoord dit as volg:

> Preaching or proclaiming God’s Word, it is your responsibility, my responsibility, whether I am a priest or not. It is when I go out there, everything I do, I am actually proclaiming the Word of God, but talking to people in the little way out there is important. Yes, the priest, who is the professional person and the more educated person in that field, that is beautiful to come to

> church and you hear that sermon, and you get the message, and for me, ons has to listen and carry this message out with you (Addendum N:415).

Nóg ‘n wit, manlik mede-navorser, en lidmaat van die Charismatiese gemeente, wys daarop dat die verkondiging van God se Woord, nie net die taak van die dominee of pastoor is nie, maar ook die verantwoordelikheid van elke mens is. Hy verduidelik verder dat “as die Here vir my in die oggend ‘n Woord gegee het, waar ek gestap het of waar ek in afsondering was, dan dink ek het ek ook die voorreg om daardie gedagte met ouers te deel, en ek dink dit is deel van sekerlik prediking” (Addendum J:382). ‘n Wit, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die NG gemeente, wys op die belangrike rol van die Sondag-erediens (prediking) ten opsigte van haar rol as verkondiger van die Woord, in die erediens van die lewe as volg:

> Vir my, ek wil in ‘n mate sê, prediking en woordverkondiging lê inisieel by die dominees en dan tot ‘n ander mate by die lidmate, want ons is dissipels, ons is die wat moet gaan vissies vang. So ja, as dit net stop by jy en jouself, en ek sê nie noodwendig jy moet gaan verkondig nie, ek is nie een van daardie nie, maar hopelik deur ‘n mens se leefwyse, en jy weet ander tipe goed, verkondig jy dit wat jy leer in die kerk by die dominees (Addendum D:330-331).

Vanuit die fokusgroepgesprek, met die leraars van verskillende denominasies, was daar grootliks ooreenstemming dat die verkondiging van die Woord van God die verantwoordelikheid van elke gelowige is, maar dat leraars of pastore, as opgeleide teoloë, ‘n belangrike toesighoudende rol in terme van die verkondiging van die Woord het, ten einde te verseker dat gelowiges toegerus word om die Woord suiwer te verkondig, hetsy tydens die erediens (wat by sommige denominasies toegelaat word) of binne die alledaagse leefruimtes (Addendum P:454-457).

Dwyer (1996:176) noem tereg dat die verkondiging van die Woord van God in alle tye en omstandighede relevant en aktueel moet wees. Die Woord van God word immers aan bepaalde mense, binne bepaalde situasies, gebring, en daarom moet dit altyd relevant tot die werklikhede van die hoorders gebring word. Net soos wat die prediker, in voeling met die leefwêreld van die gemeente, die Woord op só ‘n wyse verkondig, dat dit die lewens-werklikhede en geloofsvrae van die mens help aanspreek, net so word van gelowiges gevra om, tydens die erediens van die lewe, deel te neem aan die verhale van ander, sodat ook hulle in voeling met hul mede-mens se lewenswerklikhede, die goeie nuus met hulle kan deel. Dit is juis in hierdie

verband dat hierdie afdeling se fokus op die rol van *reframing* van belang is – tydens die Sondag-erediens, moet die prediking daarop gerig wees om die gemeente te help tot die ontdekking van nuwe, relevante, perspektiewe op Wie God is, en wat God te midde van hul lewe aan die doen is, sodat, vanuit hierdie nuwe perspektief wat vir hulle oopgebreek is, hulle aan ander, in die erediens van die lewe, 'n nuwe perspektief te midde van uitdagende lewenswerklikhede kan meedeel (Cilliers 2010b).

Die navorser staan nie apaties teenoor die potensiële gevare van 'n verstaan van die verkondiging van God se Woord, deur gewone gelowiges, in die erediens van die lewe nie. Op geen stadium mag die verkondiging van die Woord van God in lukrake handelinge verval, waar waarheid van God na willekeur verbuig en selfs verdraai word, onder die skyn van die inspirasie van die Heilige Gees nie. Daarom is dit nodig om op hierdie punt, in terme van die verkondiging van God se Woord, enkele riglyne, vir die suiwer verkondiging daarvan, deur gelowiges (en leraars) in die erediens van die lewe te verseker:

- In die eerste plek, moet die Woord van God, binne die hedendaagse tyd en konteks, 'n boodskap hê wat van God kom – dus, moet predikers (Sondag-erediens), en woordverkondigers (erediens van die lewe), met die fyn aanvoeling vir die lewenswerklikhede van ander, onverbiddelik en onvoorwaardelik gehoorsaam aan die Woord van God wees (Cillers 2004:20, 38-84; 2010b:93-96; Dwyer 1996:179). Soos Pieterse (2002:556) dit stel: "Pastors and preachers must be in solidarity with the people in their existential situation of suffering, joy, despondency, hope, disappointment and success. The community of faith is a communicative community". Die praktiese implikasie van hierdie eerste riglyn, is dat predikers die Woord van God suiwer en verstaanbaar vir die gemeente moet oopbreek tydens die Sondag-erediens, sodat die prediking die gemeente ook kan lei in die regte verstaan van sekere teksgedeeltes, en die implikasie daarvan vir hul lewe. So ook, lê daar 'n verantwoordelikheid op gelowiges se lewe, om hulself opnuut weer te vereenselwig met die Woord van God, deur onder andere te luister na die prediking, maar ook deur persoonlike Bybelstudie, deelname aan Bybelskole, ensomeer – sodat die waarheid van God se Woord in hul hart sal leef, ten einde op getroue (en steeds aktuele wyse) oor hul lippe sal vloei.

- In die tweede plek moet die hoop van die evangelieboodskap beklemtoon word, aangesien die lewenswerklikhede van die mens, onsekerheid, en daarom ook vrees vir die toekoms, tot gevolg het – soos gesien in die toename van stresverwante gesondheids-probleme onder die moderne samelewing (Cilliers 2004:19; Dwyer 1996:179; Forster 2015:2-5; Pieterse 2002:557). Soos dit in 1 Petrus 3:15 geskrywe staan: "In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe". Ook hier speel die prediking, as *reframing*, 'n belangrike rol in die oordra van die boodskap van hoop, op só wyse dat gelowiges inderdaad met hoop, ook vir hulle lewenswerklikhede gevul word – want hoop kan alleenlik aan ander op geloofwaardige wyse gebring word, as dit self in die hart van die verkondiger daarvan leef.

- Derdens moet die liefde van God, soos getoon in die lewe van Jesus Christus, altyd die dryfveer van die verkondiging van God se Woord wees. Die gelowige, as verkondiger, wat self die liefde van God in sy/haar lewe ervaar, word nou juis vanweë hierdie liefde wat in sy/haar hart lewe, die verkondiger daarvan aan ander met wie hul paaie ook al mag kruis binne die erediens van die lewe. Om deur die evangelie bemoedig, of aan te spreek – geskied altyd vanuit 'n gesindheid van liefde, geanker in die God van liefde wat, deur Sy Woord, mense na Hom toe wil nadertrek (Burger 2009:18; Dwyer 1996:179; Niemandt 2013:31; Smit 2004a:13-14, 2004c:352-353).

- Die rol van skuldbelydenis, as deel van die verkondiging van God se Woord, moet herontdek word, veral met die uitdagings van die hedendaagse Suid Afrikaanse samelewing (en inderdaad ook dikwels gewone menseverhoudings) in gedagte. Tydens die Sondag-erediens, veral by die Rooms-Katolieke gemeentes, wys die ritueel van skuldbelydenis op die belangrike rol wat hierdie ritueel, in die herstel van die verhouding tussen God en mens, speel. Tog, wys 'n mede-navorser, en lidmaat van 'n Rooms-Katolieke gemeente, op die impak van skuldbelydenis vir die erediens van die lewe en sê: (confession is not) "coming here and just saying 'I did this, and I did that', thinking, 'oh, God forgives you'. You have got to go and try and rectify what you did wrong" (Addendum N:414). Dwyer (1996:179) en Wepener (2009b:84-85) is korrek as hulle sê dat skuldbelydenis nie maklik is nie, maar nogtans ononderhandelbaar in die

strewe na versoening – beide in gewone verhoudings, maar ook vir die Suid-Afrikaanse gemeenskap as geheel.

- Vir gemeentes, en gelowiges, binne die Suid-Afrikaanse konteks, is versoening ‘n baie belangrike fokus, ook in die konteks van die verkondiging van God se Woord in die alledaagse leefruimtes van die erediens van die lewe. So moet gelowiges, wat tydens die Sondag-erediens herinner is God hulle, deur Christus, met Homself versoen het, nou in die erediens van die lewe die boodskap van versoening – tussen God en mense, maar ook tussen mense uitdra (Dwyer 1996:179-180; Smit 2004a:13-14). Die nagmaal en doop wys op die versoenende optrede van God, en verteenwoordig ’n openbare verbintenis om as lede van die liggaam van Christus, veral binne die Suid-Afrikaanse konteks, God se roeping vir ons te gehoorsaam en uit te leef, binne hierdie voorbeeld van versoening (Smit 2004c:352-353; Zimmerman 1993:78).

- Binne ‘n Suid-Afrikaanse konteks en samelewing, wat gekenmerk word deur hoë vlakke van woede, geweld en misdaad, is dit onvermydelik dat die verkondiging van God se Woord, met die boodskap (en gesindheid) van vrede gepaard moet gaan. Sodoende moet daar, deur die verkondiging van God se Woord, ruimtes geskep word waar daar openlik oor verskille gesels kan word, ten einde ‘n weg na vrede tussen mense, oor alle sosiale grense heen, gevind kan word (Dwyer 1996:180). ‘n Verstaan van die erediens, as erediens van die lewe, noodsaak ons om te onthou dat Bybelse vrede, meer as bloot ‘n teologiese ideaal, maar ook ‘n baie praktiese werklikheid is – vrede behels kos op die tafel, klere aan die liggaam, hulp vir die hulpelose, en hoop vir die hopelose. ‘n Boodskap van vrede en versoening sal dus altyd die sosio-ekonomiese werklikhede van die mens in ag neem, en probeer aanspreek (Cilliers & Wepener 2007:40; Pieterse 2001; 2009 & 2011).

Hierdie elemente van versoening, vergifnis en vrede, mag dalk vir baie, net soos die evangelie van die kruis, as onsin voorkom, maar binne die uitdagings van die Suid-Afrikaanse samelewing, word die koninkryk van God juis deur hierdie elemente, en nog ander wat nie hier genoem is nie, oopgesluit. Die verkondiging van God se Woord behels natuurlik meer as die blote gebruik van woorde, maar is ten diepste geanker in ‘n lewe wat die evangelie boodskap deur woord én daad, verkondig, binne die alledaagse ruimtes van die lewe. Daarom verskuif

ons fokus nou na die derde kenmerk van hierdie navorsing se verstaan van die erediens, naamlik; die ruimte waar God aanbid word.

5.4 AANBIDDING

In Hoofstuk 4 van dié navorsing, is daarop gewys dat lidmate die erediens onder andere verstaan as die ruimte waar God aanbid word. Nog meer, is daar bevind dat aanbidding grootliks verstaan word aan die hand van musiek – dus lof en aanbidding (praise and worship). ‘n Verdere vraag is gevra, naamlik: as die Sondag-erediens, die ruimte is waar die gemeente, as samekoms van gelowiges, die Here aanbid – wie is hierdie God wat daar aanbid word (Smit 2009:99-106)? In hierdie hoofstuk word die uurglas gekantel, met die gevolg dat die Sondag-erediens oorspoel na die erediens van die lewe, en word die vraag dus nou gevra: wat behels aanbidding in die dag-tot-dag leefruimtes van die mens? In die eerste hoofstuk van hierdie navorsing, is daarop gewys dat God in wese ‘n sturende God is, wat die mens aanmoedig om in verhouding met mekaar en ander te lewe, en spesifiek in dienskneg-gestalte uit te beweeg na ‘n wêreld en samelewing in nood. In ‘n poging om hierdie vraag na die aard en wese van aanbidding, soos dit in die erediens van die lewe neerslag mag vind, te verken, word aanbidding beskou as iets wat nie net tot die Sondag-erediens (en ander dienste soos huweliksdienste, begrafnisdienste, bidure, ensomeer) beperk is nie, maar ook individuele en gemeenskaplike aktiwiteite, insluit (Wepener 2011:21). Vanuit die verstaan van die erediens van die lewe, is aanbidding beide woord en daad, lied en gebaar, getuienis en stilte – opgesom: aanbidding behels ‘n allesinsluitende lewe tot eer en verheerliking van God. Om hierdie oortuiging verder uit te brei, word die term *Christopraxis*, vervolgens bespreek[68].

5.4.1 CHRISTOPRAXIS – ‘N LEWE VAN AANBIDDING

Andrew Root (2014:32-51) omskryf die betekenis van die term *Christopraxis*, nie bloot as ’n doktrinale Christologiese punt is nie, maar in wese ‘n eksperiënsiële een, dus gegrond in die

[68] In die voorafgaande hoofstuk is daarop gewys dat aanbidding, binne die erediens en die lewe, grootliks verstaan word in terme van liedere en gebede. Hierdie elemente van aanbidding is natuurlik ook teenwoordig binne die alledaagse leefruimtes van gelowiges, en speel die lied en gebede inderdaad ook ‘n belangrike rol in die erediens van die lewe. Aangesien hierdie elemente reeds in die voorafgaande hoofstuk uiteengesit is, word die keuse gemaak om in hierdie hoofstuk die fokus te verplaas na aanbidding as leefwyse, en spesifieke ‘n lewe van diensbaarheid. Hierdie keuse word gemaak om die verstaan van aanbidding verder uit te brei binne die verstaan van die erediens van die lewe, veral gerig op die Suid Afrikaanse konteks met sy unieke sosiale uitdagings.

werklike lewensomstandighede en -ervarings van die mens. In ons nadenke oor die term *Christopraxis* gaan dit oor veel meer as bloot hoe die mens oor Christus dink, maar eerder hoe hulle Jesus ken, beleef, ervaar en leef (Root 2014:90-91). In terme van aanbidding wys dit daarop dat die bediening van Jesus nie 'n geskiedkundige gebeurtenis is nie, maar inderdaad vandag steeds voortgaan, deur middel van die lewens van Sy volgelinge wat as *Imago Christi* (beeld van CHRISTUS) lewe (Root 2014:91-92; Anderson 2001:58). Dit is die tipe aanbidding, wat vir God aanneemlik is, soos Paulus dit stel:

> En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen (Romeine 12:1)

In sy boek, getiteld *Christopraxis: A Practical Theology of the Cross*, beskryf Root (2014) die betekenis van die term *Christopraxis* aan die hand van 'n reeks verhale waar persone 'n persoonlike ontmoeting met God gehad het wanneer hulle betrokke geraak het by die lewens van ander. Hierdie ervarings het tot gevolg gehad dat hierdie persone tot die besef van hul identiteit as gestuurdes na ander in nood gekom het. Met Jesus, wat die lewenswerklikhede van ander betree het, as voorbeeld, het hierdie persone, deur uit te reik na ander en daadwerklik betrokke te raak by die nood in ander se lewe, nie net tot 'n dieper geloofservaring gekom nie, maar ook tot 'n dieper en intiemer verhouding met God. Anders gestel: hierdie ontmoetings met God het nie net daartoe gelei dat die mens God op intiemer wyse ervaar, beleef en leer ken het nie, maar vanuit hierdie ontmoeting met God ook tot 'n dieper verstaan van sy/haar eie identiteit en lewensdoel gekom het. Die ontdekking van God se beeld het gelei tot die verstaan van hul eie identiteit as beeld van God. Wanneer die mens betrokke raak in die stukkend en seer in die samelewing, ontstaan die moontlikheid dat ons God se binnekant, deur middel van God se buitekant, ontmoet (Barnard 2016:153).

Christopraxis wys op die ontdekking van die beeld van God, deur middel van 'n ontmoeting en persoonlike belewenis van Christus in die wêreld, deur middel van diensbare deelname aan die lewenswerklikhede van ander – dus, praktiese meelewing/deelname aan Jesus se bediening (Anderson 1997:29). Vanuit die geloofsoortuiging dat God in wese 'n missionale God is, het dit tot gevolg dat die mens ook (as beeld van God) sy/haar identiteit vind binne die besef van sy/haar gestuurdheid na ander en die wêreld in nood (Root 2014:97). Niemandt (2013:93)

verwoord die beskrywing van ‘n lewe van aanbidding as om “onder die leiding van die Heilige Gees, om deur betekenisvolle verhoudings deel te word van God se sending na die wêreld”. Wepener et al. (2017:149-150) sluit hierby aan en noem dat die konsep *pneumapraxis*, in aansluiting met Root, maar toegespits op die Afrika (en dus Suid Afrikaanse konteks), wys op ‘n lewe van aanbidding, binne die kragveld van die Heilige Gees, te midde van die alledaagse leefruimtes van gelowiges. Hulle verwoord *pneumapraxis* as volg: “We believe that we should also embrace a Practical Theology of the Spirit that is ontologically rooted in the active working of the Spirit of God, and where the faithful experience this dynamic in their daily lives and epistemologically in the signs of the Spirit as lived faith practices”.

Vanuit die empiriese ondersoek het dit eerstens na vore gekom dat ‘n missionale identiteit, en wat dit behels vir die gemeentebediening, in die hart van gemeentes lewe, en tweedens, dat hierdie missionale identiteit en roeping grootliks verstaan word in terme van betrokkenheid in die gemeente (en lidmate) se onmiddellike konteks en gemeenskap – dus; in die alledaagse leefruimtes van die gemeente en gelowiges individue[69]. So beskryf ‘n wit, manlike mede-navorser en leraar van ‘n Charismatiese gemeente sy verstaan van missionaliteit as volg:

> Ek het so ‘n rukkie terug ‘n belewenis gehad van ja, ons is geroep vir kerk en vir mense in die kerk, maar dan is daar ander mense wat hom nodig het en ons preek in ons terminologie baie maklik oor jy moet ‘n “city changer” wees, jy weet, die Here vir jou gebruik daar waar jy is (Addendum P:445).

Nóg ‘n wit, manlike mede-navorser, en leraar van ‘n NG gemeente, verstaan die missionale roeping van gelowiges en gemeentes, as gemeentes, individue en huisgesinne wat verander. Hy verduidelik die term “verander” dan as:

> Individue moet verander, huise moet verander, die kerke moet verander in ons hele manier van organiseer en dan moet ons ‘n impak maak in die wêreld. Wie maak dit? Lidmate, individue maak ‘n impak, ons maak dit deur ons projekte, ons maak dit deur professionele dienste,

[69] Dit is opmerklik, vanuit die empiriese ondersoek, dat beide die leraars en lidmate, van die Charismatiese en Rooms-Katolieke gemeentes, se missionale verstaan baie duidelik op die onmiddelike gemeenskap en die alledaagse leefruimtes van lidmate en gemeentes gerig is. Alhoewel die NG lidmate en leraars ook die onmiddelike gemeenskap en leefruimtes in gedagte het, is hier tog ‘n duidelike fokus op programme, projekte, uitreike, en die ondersteuning van sendingstasies of -gesinne, gevind – iets waarvan bykans geen vermelding onder die ander denominasies gevind is nie. Die gevolg is dat lidmate van NG Gemeentes, steeds hul missionale roeping verstaan aan die hand van deelname, van ‘n groep mense (wat ‘n sendingpassie het), wat per geleentheid uitreik na ander, in stede van ‘n missionale leefwyse wat gestalte vind in die huis, werkplek, skool, winkelsentrum, ensomeer.

> maatskaplike werkers, professionele dienste wat ons lewer en ons maak dit deur nuwe geloofsgemeenskappe wat tot stand kom (Addendum P:447).

'n Bruin, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, noem dat sy nie nodig het om na die uithoeke van die wêreld (sy verwys spesifiek na die Bosveld), moet reis om haar missionale roeping uit te leef nie, maar dat sy deur God gestuur word om 'n verskil te maak in die lewens van mense wat elke dag haar pad kruis, onder andere die mense wat op straat leef, die karwag wanneer sy haar voertuig parkeer, of deur 'n persoon 'n ry-geleentheid aan te bied (Addendum N:412). Nóg 'n wit, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die Charismatiese gemeente, wys op die belangrikheid om daar waar God jou geplaas het, en waar jy met mense te doen kry vir hulle "iets te wys van die Here" (Addendum I:371). 'n Wit, manlike mede-navorser, en leraar van 'n Charismatiese gemeente, stel dit as om daar waar jy in die dag-tot-dag bestaansruimtes te leef, Jesus te reflekteer (Addendum P:447).

Vir die realisering van die mens se roeping en bestaansdoel, om lewende en heilige offers te wees wat vir God aanneemlik is, is 'n intieme ontmoeting met God (deur deelname aan God se sending na die wêreld) die ruimte vanwaar die mens se identiteit, as beeld van God, gekonstrueer word. Vir die gelowige individu is dit die praxis van sy/haar eie identiteit en lewensvervulling. Aangesien die mens se identiteit alleenlik vanuit die verstaan van God se identiteit moontlik is, is dit vanselfsprekend dat Godsbeelde (hoe God geken en beleef word) 'n baie belangrike rol te speel het in die vorming van gelowiges se selfverstaan en leefwyse, ook binne die Suid-Afrikaanse konteks en samelewing.

Die empiriese ondersoek het bevind dat die dominante beeld van God, vir beide lidmate en leraars, dié van liefdevolle Vader is. Daarom is dit nodig om na die praktiese implikasie van hierdie (en ander) Godsbeeld, vir 'n lewe van aanbidding, in die alledaagse leefruimtes van gelowiges in meer diepte te verken. Indien God as liefdevolle Vader geken word, wat in liefde tot die mense se lewe en omstandighede toetree, in die mens se daaglikse behoeftes voorsien en vir die mens sorg, hom red en beskerm (sien punt 4.4.1 van hierdie navorsing), dan moet die mens, as *imago Dei*, tot die lewe van ander toetree, vir hulle sorg, hulle in hul nood bystaan, en waar moontlik uit hul nood bevry. Daar is reeds gewys op die missionale verstaan van die

kerk en gelowige, as die weerkaatsing van Jesus in die wêreld, maar ter verdere verdieping van hierdie gedagte word die woorde van ‘n bruin, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, gebruik as sy sê: “To be a child of God and a missionary, being a child of God, you must be God-like, we are all supposed to be God-like and if you are God-like, we must be good, and kind to every person (Addendum N:413).

Binne die Suid-Afrikaanse konteks en samelewing, met sy unieke uitdagings, is ‘n baie praktiese verstaan van missionaliteit, spesifiek met die oog op praktiese hulpverlening baie belangrik – veral in ag genome dat die oorgrote meerderheid van die Suid Afrikaanse bevolking swart persone is. Om hierdie punt te staaf, word gewys op die woorde van ‘n swart, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, wat die missionale roeping van die kerk (en gelowiges individu) beskryf, juis aan die hand van dienslewering, en om die nood van mense in die gemeenskap op praktiese wyse aan te spreek. Sy gebruik spesifiek die voorbeeld van iets te ete aan dié wat honger is (Addendum L:396-397). Nóg ‘n swart, manlike mede-navorser, en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, beskryf sy missionale roeping as die versorging van diegene wat siek is (Addendum O:428-429), terwyl ‘n swart, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, dit verstaan as om dit wat jy het (besit) en dit wat jy is (jou menswees) met ander te deel (Addendum M:405). Die empiriese ondersoek van hierdie navorsing wys dus daarop dat daar, alhoewel nie op denominasionele gronde nie, maar wel kulturele vlak, ‘n verskil ten opsigte van die fokus van gemeentes en gelowiges se missionale verstaan is, met die swart mede-navorsers wat missionale kerkwees verstaan in terme van praktiese hulpverlening, geanker in intieme geloofsgemeenskap, aan ander in nood. Die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing is een wat gekenmerk word deur toenemende vlakke van armoede en nood – oor alle sosiale grense heen wat aan gemeentes (en gelowiges) die geleentheid gee om daadwerklik, op elke terrein van die daaglikse lewe, ‘n verskil te maak deur ander in nood te dien. Bosch (1991:399-400) stel dit as volg:

> Poverty, misery, sickness, criminality, and social chaos have assumed unheard-of proportions. On unprecedented scale people have become victims of other people; *homo homini lupus* (The human being is a wolf to other human beings). Marginalized groups in many countries of the world lack every vorm of active and even passive participation in society; inter-human relationships are disintegrating; people are in the grip of a pattern of life from which they cannot possibly wrench themselves free; marginality characterizes every aspect of their existence.

'n Lewe van aanbidding, binne die erediens van die lewe, sal dus vra dat gemeentes en individue erns maak met die unieke uitdagings en uitgangspunte van Afrika, met 'n fokus op die hier-en-nou werklikhede van die lewe van haar inwoners. 'n Verstaan van die erediens, as erediens van die lewe, waarvan 'n lewe van aanbidding 'n belangrike kenmerk is, sal dit die gemeentes en gelowiges dus sensitief maak vir die hier-en-nou bestaanswerklikhede van mense, en daarop uit wees om, as gemeenskap van gelowiges, in solidariteit met hul gemeenskap, oplossings vir die uitdagings van "hierdie wêreld" te bekom (Bediako 1995:101; Du Toit 1998:393). Sake soos reg en geregtigheid, versoening, transformasie, en solidariteit met noodlydendes en onderdruktes, word sodoende nie politiese aangeleenthede nie, maar belangrike kenmerke van 'n lewe van aanbidding (Meiring 2008:810).

Oduyoye (1998:362) sluit aan by die wese van *Christopraxis*, as kenmerk van 'n lewe van aanbidding, en noem dat "Jesus is the friend who stands in solidarity with the marginalised". 'n Verstaan van die erediens, as erediens van lewe, sal vra dat gemeentes en gelowiges, opnuut weer moet erns maak met die talle sosiale uitdagings wat deel uitmaak van die alledaagse leefruimtes van die mens, en daadwerklik dink aan maniere om draers van hoop te wees op 'n baie praktiese en daadwerklike wyse. Daniël Veldsman (1998:61) stem hiermee saam en noem dat "through the cross, Jesus identified himself with the present reality of the world in all its negativity. The cross represents solidarity". Solidariteit, in terme van ons verkenning van die erediens van die lewe (waar die erediens in die dag-tot-dag ruimtes voortleef), sal van die gemeenskap van gelowiges vra om tot aksie oor te gaan – aksie wat gesetel word in *diensbaarheid*, as uitvloeisel van *Christopraxis*, veral binne 'n Suid-Afrikaanse konteks en samelewing (vgl. Wepener & Cilliers 2004).

5.4.2 CHRISTOPRAXIS AS DIENSBAARHEID

Mveng (in Rwiza 2008:238-239) noem dat daar vandag na die antropologie van die Afrikaan as 'n *antropologie van armoede* verwys word, vanweë die afname in die kwaliteit van lewe in Afrika, en inderdaad Suid-Afrika; 'n toestand van nood wat toegeskryf word aan die ontneming van persone se materiële hulpbronne, maar ook kulturele en morele oorsprong en wese, en laastens die werklikheid van gebrekkige dienslewering. Rwiza (2008:238) beskryf die probleem van *antropologiese armoede* as volg:

> … when persons are deprived not only of goods and possessions of a material, spiritual, moral, intellectual, cultural, or sociological order, but of everything that makes up the foundation of their being-in-world and the specificity of their 'ipseity' as individual, society, and history.

Dames (2017:1) stel voor dat 'n moontlike oplossing vir hierdie stand van sake gevind word in die herontdekking van die waarde van diensbaarheid – gemeentes en gelowiges wat in die ruimtes van die alledaagse lewe op praktiese wyse dien en wil dien. Diensbaarheid, binne 'n Suid-Afrikaanse konteks, het met meer te make as sporadiese hulpverlening en uitreikaksies, maar behels daadwerklike pogings om die lewensomstandighede van armes en onderdruktes te verlig, en deur die voorsiening van benodigde dienslewering, gemeenskappe se lewenskwaliteit te verbeter, en die gemeenskap self op te hef en te bemagtig (Adhiambo 2012:158-161). Ten einde 'n daadwerklike verskil in die alledaagse leefruimtes van Suid-Afrikaners te maak, is 'n holistiese benadering, gerig op die vestiging van 'n gemeenskap tussen rolspelers (gesinne, gemeentes, ondernemings, staatsamptenare, ensomeer) wat gesamentlike die taak van dienslewering aandurf, ten einde die ophef van die gemeenskap te laat realiseer, nodig.

Teenoor die heersende kultuur van individualisme, en die anonimiteit van die moderne mens, is 'n nuwe kultuur, gekenmerk deur 'n verbintenis tot radikale diensbaarheid aan die mens in sy/haar totaliteit nodig – 'n lewe van aanbidding, waar die mens nie in isolasie leef nie, maar juis, soos Christus, die lewenswerklikhede van ander betree, ten einde lig in die donker te wees (Cilliers & Nel 2014: 101-106; Rwiza 2008:246). Hierdie gewilligheid tot diensbaarheid moet nie eerstens 'n politieke agenda, sosiale- of ekonomiese verpligting, of 'n projek-gedrewe inisiatief wees nie, maar 'n roepingsbewussyn geanker in die leer en lewe van Jesus Christus – die groot dienskneg, wat ons in liefde stuur om ander te gaan dien (vgl. Osmer 2008:183-184). 'n Lewe van aanbidding, gerealiseer deur middel van diensbaarheid, is vir Anderson (2001:53) 'n Goddelike inisiatief, gerealiseer deur die lewe van Jesus Christus, wat nou voortgesit word deur die kerk (gemeentes, gesinne, gelowiges, gemeenskappe) as liggaam van Christus, onder die leiding van die Heilige Gees. So verstaan, is *Christopraxis*, meer as bloot 'n teologiese konsep, maar eerder 'n ontologiese eenheid met die Drie-Enige God, beliggaam en realiseer deur die lewe van gemeentes en gelowiges, in die erediens van die lewe. *Christopraxis* is dus allereers 'n daad van God, wat steeds nader tot die mens se lewenswerklikhede, deur middel van die dade van mense, wat die hande en voete van Christus, in die alledaagse leefruimtes is (Botman 2000:208-209; Heitink 1993:6–7; Root 2014:90). Daarom dui *Christopraxis* op die

'continuing ministry of Jesus Christ in the World' (Root 2014:90), waaraan die gemeente en gelowige individu deelneem, in die liturgie van die erediens van die lewe (Root 2014:90). Die wese en implikasie van *Christopraxis*, word gevind in die woorde van Paulus, aan die Filippense[70]:

> Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader (Filippense 2:3-11).

Rwiza (2008:242) wys tereg daarop dat die kerk tradisioneel grootliks gefokus het op die 'teaching ministry', en dat daar in die verlede nagelaat is om met dieselfde ywer te let op die 'social ministry'. In gehoorsaamheid en navolging van die groot Dienskneg, sal gemeentes moet erns maak, nie net met die lering van die goeie nuus en die implikasie daarvan vir die individu nie, maar ook die sosiale implikasie, van die goeie nuus. Die kerk se doel word nie net gevind in die red van individuele siele nie, maar ook in terme van sosiale reg en geregtigheid – gemeentebediening (aan die samekoms van gelowiges) as sosiale bediening (deur die samekoms van gelowiges). Gemeentes (en gelowiges) wat nie toetree tot die nood van ander, in dienskneg-gestalte nie, is doodgewoon nie relevant nie, en slaag nie in die uitvoering van hul bestaansdoel nie (Dreyer 2002; Rwiza 2008:242). Soos Magesa (in Rwiza 2008:244) dit stel: "the Church, cannot claim to be a credible witness of the mission of Jesus Christ if it does not vigorously fight against any humiliation of human life".

Vanuit die empiriese ondersoek is bevind dat die diepte van betekenis en doel van die verskeie liturgiese rituele grootliks vir lidmate onbekend is[71]. Die rede vir hierdie stelling word juis gevind in die afwesigheid van die sosiale implikasie, van die verskeie liturgiese rituele – veral ten opsigte van die sakramente van die doop en nagmaal, seëngroet, en offergawes. Alhoewel

[70] Sien ook die artikel van Nadia Marais, getiteld: "Geseënd is die sagmoediges", wat in die Kerkbode van 7 Junie 2019 geplaas is.
[71] Sien kategorie 8, van die oop-koderings fase, onder punt 3.4.2.1

die mede-navorsers feitlik deur die bank daarvan getuig dat hierdie rituele vir hulle betekenis het, word die betekenis daarvan grootliks beperk tot die individu self, en sy/haar saligheid en geloofsekerheid. Vanuit die empiriese ondersoek wil dit voorkom asof lidmate byvoorbeeld die betekenis van die doop en nagmaal grootliks verstaan in terme van sonde, en die vergifnis van sonde, en die genade wat deur die individu ontvang word. Sodoende word die individu se eie geloof versterk deur die deelname aan hierdie tekens. Soos 'n swart, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, die sakramente verwoord as "a ritual where I receive a special grace from God...because everytime I go through it, I know that my relationship with God is restored" (Addendum M:406). Nóg 'n swart, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, beskryf die betekenis van die nagmaal as haar "spiritual food and my strenght to work through the week, to the next gathering of the congregation" (Addendum K:388). 'n Wit, manlike mede-navorser, en lidmaat van die NG gemeente, beskryf ook die nagmaal primêr, in terme van sondevergifnis, en noem dat "ek het byvoorbeeld altyd in my gedagte die beeld van, weet, dat jy vol sonde kniel voor daardie kruis en Jesus se bloed was jou skoon" (Addendum C:321). 'n Ander wit, manlike mede-navorser, en lidmaat van die Charismatiese gemeente, is eerlik as hy sê dat, alhoewel die doop vir hom heilig is, die feit dat hy gedoop is, nie werklik vir hom spesiale betekenis ten opsigte van sy alledaagse lewe het nie (Addendum J:381-382). Ook 'n wit, manlike mede-navorser, en lidmaat van die NG gemeente, erken dat hy nog nie werklik aan die praktiese implikasie van die nagmaal, vir sy lewe, gedink het nie en dat die nagmaal vir hom "maar net 'n herinnering aan toe Jesus aan die kruis gesterf het vir ons sondes en dat Hy, maak nie saak hoe ver 'n mens van die pad afgaan nie, Hy sal jou altyd vergewe..." (Addendum E:337-338).

Ook in terme van die seëngroet, wanneer dit wel as betekenisvol beleef word, word die waarde daarvan gevind in die versekering en bemoediging, wat dit aan die individu self tot gevolg het. So beskryf 'n wit, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die NG gemeente, haar belewenis van die seëngroet as volg:

> Ek dink nie ek heg noodwendig die diep betekenis wat daaraan moet geheg word nie...maar dit is vir my lekker om te weet ek ontvang dit, en ek kom kerk toe en jy weet dit word, die seën word uitgespreek, maar ek dink nie ek koppel noodwendig die diep betekenis daaraan nie, want soms, jy weet, luister jy nie eers wat die dominee sê as dit, dit raak soos 'n rympie (Addendum D:331).

Nóg ‘n wit, manlike mede-navorser, en lidmaat van die Charismatiese gemeente, beskryf die seëngroet as die laaste gebed aan die einde van die diens, waar God se seën vir die week gevra word. Hy koppel dit dan verder aan die krag van woorde in die mens se lewe, en verwoord dit as ‘n “nice ding”, en dat dit goed is om seën oor mekaar uit te spreek (Addendum H:365). So verwoord nog ‘n wit, manlike mede-navorser, en lidmaat van die NG gemeente, die impak van die seëngroet vir sy lewe as volg:

> Dit is vir my herbevestiging...ons bid die Here se seën dat dit met jou sal goed gaan, dat die Here eintlik bevestig Hy, die Here, is hier, Hy is by jou. Die storms in die lewe gaan jou tref en dit, as ek uitstap in die oggend na die diens, dan weet ek die erediens is op Sondag, maar die week is ‘n deel van die proses wat gaan lei tot die volgende Sondag, en dit is net ‘n herbevestiging...Hy is Koning en Hy is by jou (Addendum A:304).

Wanneer die mede-navorser egter gevra is oor die betekenis van hierdie liturgiese rituele, vir hulle dag-tot-dag bestaan, was hulle egter grootliks onseker. In gevalle waar mede-navorsers wel ingestel was op die sosiale implikasie van hierdie rituele, was hulle steeds onseker oor hoe om hierdie implikasie, op praktiese wyse te laat realiseer, in hul dag-tot-dag bestaan. So beskryf ‘n swart, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, die betekenis van die doop as die inlywing van ‘n persoon as deel van die geloofsfamilie. Hierdie inlywing wys vir haar egter op haar eie doop, en die doop van kinders in die gemeente, sonder dat dit ook wys op die daarstel van gemeenskap met persone wat tans buite haar gemeentekonteks staan (Addendum K:388). Nóg ‘n bruin, vroulike mede-navorser, en lidmaat van die Rooms-Katolieke gemeente, beskryf die implikasie van die nagmaal as volg:

> ...it feeds your body, it feeds your life, it feeds your soul, it makes you feel the presence of God within you, and that is why we need to be a temple of God. Right, so we need to go out there, and go and live this out, so if you got right your body and soul, how can you be a bad person. You must try to be a better person – that is the sacrament of communion (Addendum N:414).

Met betrekking tot die seëngroet wys ‘n wit, manlike mede-navorser, en lidmaat van die Charismatiese gemeente, daarop dat dit tot gevolg het dat die mens herinner word om “van een plek af die Here se seën te versprei, al beteken dit vir een mens iets” (Addendum I:373). ‘n Wit, manlike mede-navorser, en leraar van ‘n NG Gemeente, verwys ook na die seëngroet, en verduidelik dat die missionale karakter daarvan uiters belangrik is: “(Die Here) seën ons nie maar net dat ons nou geseënd is, en nou is ons lekker geseën nie. Hy seën ons om die seën te gaan uitdra en te gaan uitleef...” (Addendum P:454-455).

Die inherente sosiale implikasie van hierdie rituele, wat deel uitmaak van die diepte van betekenis daarvan, gaan dus grootliks verlore, tydens die Sondag-erediens – 'n hartseer stand van sake wat beslis oorspoel en negatief inwerk op die erediens van die lewe. Tydens die oop-koderings fase van die empiriese ondersoek, is die erediens verwoord as die samekoms van gelowiges, rondom God se Woord en waar God aanbid word (sien kategorie 3, onder punt 3.4.2.1). Na afloop van die selektiewe koderings fase, is hierdie kategorie aangevul met die verdere element: *en vanwaar gelowiges uitgestuur word om die boodskap daarvan uit te leef*. Hierdie kategorie is aangevul, na afloop van die fokusgroepgesprek, wat met die leraars van verskillende denominasies gevoer is. Hier is 'n belangrike observasie wat gemaak moet word, naamlik: Dit wil voorkom, asof die sosiale implikasie van die erediens, en die verskillende rituele, wel in die oortuigings van die leraars van gemeentes leef (vgl. Addendum P), maar dat hierdie oortuiging nie deur lidmate gedeel word nie – moontlik omdat die kommunikasie daarvan nie voldoende tydens die Sondag-erediens plaasvind nie – met gevolg dat leraars (as opgeleide teoloë) en lidmate nie uit dieselfde mond praat, en die dieselfde belewenis van die liturgies rituele het nie.

Daar moet, deur leraars of liturge, kreatief, en met meer teologiese sensitiwiteit omgegaan word met die Sondag-erediens, en liturgiese rituele, ten einde die volle betekenis en impak daarvan aan die woord te laat kom, om sodoende die lewe van lidmate, in die erediens van die lewe te help voed en vorm:

- Dat die doop wys op God se verbondsliefde, waarin God die inisiatief neem, en 'n verhouding met die persoon tot stand bring (gekenmerk deur onvoorwaardelike liefde, sorg, beskerming, voorsiening, redding, ensomeer), en waardeur die persoon (kind of volwassene) ingelyf word in die gemeenskap van gelowiges, sekerlik tot gevolg moet hê dat gelowiges, as gedooptes, die inisiatief neem, en toetree tot die omstandighede van ander, intieme verhoudings met hulle aangaan, met die doel om hulle in te sluit in die gemeenskap van gelowiges.

- Die nagmaal wys wel op God se vergifnis van sonde, en verlossing uit die kloue van sonde en dood – maar die brood en wyn herinner (gebruik tot My gedagtenis) aan nog soveel meer: aan Christus se liggaam, wat werklik mens geword het en onder mense kom woon het, na mense geluister het, langs mense gesit het, en saam met mense geloop

het – wat deel geword het van mense se verhale en omstandighede, en gedeel het in hul lyding en nood. Christus se verlossing was nie net uit die dood nie, maar was sig vir blindes, genesing vir siekes, kos vir die wat honger was, 'n oor vir die wat wou gesels, en bemoediging vir dié wat moedeloos was! En aan Christus se tafel, was daar plek vir tollenaars en sondaars, mans en vroue, gelowiges en ongelowiges, mense van alle tale en kulture, en van alle sosiale klasse. Die nagmaal herinner ook dat ons ander en mekaar moet vergewe (en tot die uiterste moet gaan om verhoudings te herstel en te koester), soos wat ons eerste vergewe is. Die nagmaal kan dus nie los van hierdie sosiale implikasies van die liggaam en bloed van Christus gevier en verstaan word nie.

- Die seëngroet is nie alleenlik 'n toesegging van God se sorg, genade en vrede vir die komende week nie, maar juis ook 'n oproep aan die gemeente en individu, om tot seën vir ander te gaan wees – ook op baie praktiese wyse.

- Offergawes behoort ook meer as net 'n oomblik te wees waar die gemeente geleentheid kry om 'n finansiële bydra tot die gemeente se fondse te lewer, en met die hoop dat dit gebruik sal word om 'n verskil te maak, *iewers* in *iemand* se lewe. Die geld in die mandjie word die simbool wat die individu herinner dat die offer wat vir God aanneemlik is, lewende en heilige offers is, en dat hy/sy geroep word om daardie offer in die alledaagse leefruimtes te wees.

Die Sondag-erediens, met haar liturgiese rituele, is die samekoms van gelowiges, met hul God, waardeur hulle God ontmoet en leer ken, in die hoop om deel te hê aan God. Die Sondag-erediens, wat wil oorspoel tot die erediens van die lewe, se boodskap sal daarop gerig wees dat om deel te hê aan God, is om geroep te word tot 'n lewe van diensbaarheid – die *Christopraxis*. Soos wat Root (2014:89-91) dit stel: *Christopraxis* "is the sharing in social relationships with others to the depth that their death is shared for the sake of life".

Dreyer (2008) waarsku dat geloofsgemeenskappe 'n etiese rol ten opsigte van die opheffing van gemeenskappe en die ontwikkeling van hierdie gemeenskappe speel, maar dat hierdie taak nie alleen op die deurstoep van die kerk en ander godsdienstige instansies behoort nie, maar eerder 'n holistiese, interdissiplinêre benadering noodsaak, ten einde sosiale, ekonomies,

politiese, sielkundige, en geestelike elemente gelyktydig en doeltreffend aan te spreek. Immink (2005:10) deel hierdie oortuiging en noem dat daar gewaak moet word teen ‘n *kerk-gebaseerde benadering*, ten gunste van ‘n sosiaal-wetenskaplike, hermeneuties-empiriese benadering – anders gestel: ‘n multi-dissiplinêre benadering, met die kerk (as beliggaming van die Christelike geloof) as bemiddelaar.

In ons nadenke oor die potensiële impak van die erediens, en spesifiek die erediens van die lewe, is dit belangrik om ook hier te wys op die inherente potensiaal van die Sondag-erediens, ten opsigte van bewusmaking van die sosiale implikasie van die evangelie boodskap vir die lewe van lidmate. Veral binne die kerklike konteks van die navorser, en menigte stadsgemeentes, word die erediens bygewoon deur persone met hoë tersiêre kwalifikasies, in verskillende dissiplines. Dus is die bestanddele vir die inter-dissiplinêre resep teenwoordig in die erediens, en skep die erediens ‘n geleentheid waar hierdie persone bewus gemaak kan word van God se roeping vir hul lewe – juis binne hul spesialiteits- of beroepsvelde. Die Sondag-erediens, moet die evangelie boodskap op só wyse probeer kommunikeer, dat lidmate verstaan hoe hulle inpas in die groter verhaal van God, wat afspeel in alle areas van die lewe – die nimmereindigende erediens van die lewe.

Die beeld van die kerk, wat dieselfde gesindheid as Jesus Christus het, is dié van dienskneg (Osmer 2008:183). Deur ander te dien, help gelowiges om Christus ‘n werklikheid vir ander (moontlik nog-nie-gelowiges) te midde van hul daaglikse lewensomstandighede te maak, en sodat die koninkryk van God mag kom. Binne in ‘n samelewing, gekenmerk deur toenemende vlakke van armoede en nood, stygende mates van korrupsie en wanbestuur, en die groterwordende gaping tussen ryk en arm, word die gemeenskap van gelowiges geroep om ‘n ‘contrast society and a catalyst of social transformation’ te word (Osmer 2008:191-192). ‘n Gemeenskap gekenmerk deur ‘n lewe van aanbidding, gekenmerk deur diensbaarheid, in navolging van die groot Dienskneg – Jesus Christus, met die oog om sosiale transformasie, wat nuwe moontlikhede vir die gemeenskap oopbreek.

5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is dié navorsing se fokus, getrou aan die verstaan van die erediens as samekoms van gelowiges, rondom God se Woord, en waar God aanbid word, soos uit die empiriese ondersoek saamgestel, verskuif van die wyse waarop die Sondag-erediens, voortleef (of kan leef) in die alledaagse leefruimtes van lidmate – die erediens van die lewe. Ten einde hierdie verstaan van die erediens as die erediens van die lewe, te illustreer, is die bewoording "vanwaar gelowiges uitgestuur word, om die boodskap daarvan uit te leef" bygevoeg tot die aanvanklike verstaan van die Sondag-erediens, ten einde die betekenis daarvan te verdiep. Hierdie aanvullende bewoording, moet nie as addisionele elemente van die erediens gesien word nie, maar eerder as die element wat met die samekoms van gelowiges, Woord van God en aanbidding, vermeng is, en hul volle betekenis laat realiseer, binne die alledaagse leefruimtes van die mens.

Daar is bevind dat die samekoms van gelowiges, ook in die erediens van die lewe, neerslag vind, in verskeie vorme, naamlik: die huisgesin, verhoudingsgroepe en ook gemeenskap met die "nog-nie-gelowiges" met wie gelowiges in aanraking kom – hetsy by die huis, skool, werkplek, ensomeer. Die samekoms van gelowiges speel 'n uiters belangrike rol ten opsigte van die daarstel van 'n nuwe tipe gemeenskap – een waar die mens, ongeag van sosiale kriteria, verwelkom, ingesluit en deelgemaak word by die gemeenskap van gelowiges. Daar is ook gewys op die belangrike rol van die verkondigde Woord van God, binne die leefruimtes van die mens.

In die bespreking van aanbidding, as deel van die liturgie van die erediens van die lewe, is daar gewys op die opinie dat aanbidding in wese, nie net tot musiek, gebed en Bybelstudie beperk is nie, maar inderdaad 'n lewe van aanbidding behels, wat op praktiese wyse manifesteer in die vorm van diensbaarheid. Die rol van die kerk en gelowige individu as dienskneg, en die potensiële impak daarvan op die gemeenskap as geheel, kan nie gering geskat word nie, en is 'n uiters belangrike komponent in ons nadenke oor die erediens van die lewe en die wyse waarop hierdie ideaal realiseer as *Christopraxis*.

Wat wel op hierdie punt duidelik is, is dat die Sondag-erediens, wat nie relevant is tot die lewe en konteks van die mens, en die mense se lewe in die alledaagse leefruimte aanspreek en help vorm nie, nie slaag in die doel van die erediens nie. Getrou aan die praxis teorie van hierdie navorsing, sal die Sondag-erediens, wanneer die uurglas gekantel word, oorspoel na die erediens van die lewe, en die lewe van gelowiges help vorm en rig, volgens God se wil vir hulle lewe – sodat die koninkryk van God in die lewe van sy gelowiges, en deur die lewe van sy gelowiges, realiseer kan word, sodat ander Hom ook mag ontmoet. Thomas Long (2001:78) verwys juis na een van die kenmerke van lewende gemeentes, as volg: "Vital and faithful congregations have a strong connection between worship and local mission, and this connection is expressed in every aspect of the worship service". Van der Merwe (2009a:158) verwys na hierdie uitgangspunt van Long, en noem dan dat die "uitwaartse fokus" deel van die hele erediens behoort te wees, ten einde, deur deelname aan die erediens, die gelowige individu onder die indruk te bring dat hy/sy geskep is vir iets groter as net hulleself, maar geroep word, deur die liefdevolle Vader, wat hom/haar nooi om deel te hê aan Hom, en hom/haar stuur om in liefde te gaan na ander in nood.

Die Sondag-erediens, wat in sy doel slaag, sal deur die verskillende liturgiese momente en rituele, wys op die verskil wat God in die lewe van Sy kinders kom maak het, op só wyse dat hulle onder die indruk kom van hierdie selfde God wat hulle nou stuur om 'n verskil te gaan maak in ander se lewe – hetsy hulle kinders, eggenote, familie, vriende, kollegas, of vreemdelinge. Die hoop van die navorser is dat, hierdie ondersoek nie 'n nuwe verstaan van die erediens tot gevolg sal hê nie, maar wel 'n herontdekking van die wese en doel van die erediens, as 'n geleentheid wat op baie besondere wyse op 'n Sondag plaasvind, maar net so ook aanhou voortleef in elke oomblik van elke dag – in alle areas van die menslike bestaan – die erediens van die lewe. Die liturgiese rituele, soos onder andere: Woordverkondiging, doop, nagmaal, gebed, seën, offergawes, lied, ensomeer, leef voort in die lewe van gelowiges, wat met ander die goeie nuus van die evangelie deel, hulself as lewende offers in diens van God gee, in liefde ander op baie praktiese wyse seën, die eerste tree gee om ander in te trek tot die geloofsgemeenskap, ander hul oortredings vergewe ten einde verhoudings te laat genees, en nog meer.

In die hoofstuk wat volg, bereik dié navorsing sy klimaks, en wil die navorser die stemme vanuit die filosofie, sielkunde en teologie (soos in hoofstuk verduidelik), met dié vanuit die empiriese ondersoek in gesprek bring, ten einde roetemerkers vir verdere ondersoek na die erediens, as erediens van die lewe te formuleer.

HOOFSTUK 6

DIE EREDIENS *VAN* DIE LEWE

ROETEMERKERS VIR DIE REIS WAT VOORLÊ

6.1 INLEIDING

Met hierdie navorsing is daar vertrek op ‘n reis na ‘n herontdekking van die belang van die erediens vir die lewe van gelowiges. Die primêre vraagstelling van hierdie navorsing was: “Het die [Sondag]erediensgebeure ‘n effek op die gelowige individu se Christelike identiteit en lewenswyse?” Vanuit die empiriese ondersoek wil dit voorkom asof die Sondag-erediens beslis van belang vir die lewe van gelowiges het, mits die boodskap daarvan van toepassing op hul lewenswerklikhede en geloofsvrae is. Dié gevolgtrekking word vervat in die kern kategorie (met ondersteunende kodes), wat deur middel van die ‘grounded-theory metode’, uit die empiriese ondersoek bekom is[72]:

Kern Kategorie: Die erediens het betekenis vir die lewe van gelowiges, mits die boodskap daarvan hul lewensomstandighede aanspreek, en hul lewensdoel help verstaan.	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** K20, L14, L2, M12, N16, O12, O22, O26, O8, A20, A6, A7, B12, B3, C14, C5, C6, D13, D2, D3, D5, D9, E13, E2, F23, G15, H10, H25, H3, I20, I7, J20, J4, J5. **Versterk deur kodes (selektiewe kodering):** P2, Q9, R6, S13.

‘n Verdere vraag wat hiermee saamgaan is gevra, naamlik: “Word die praktiese betekenis van die [Sondag]erediensgebeure op só wyse aan lidmate gekommunikeer, dat die praktiese implikasie daarvan vir sy/haar Christelike identiteit en bestaan, in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede verstaan en geleef kan word?” Vanuit hierdie navorsing het dit duidelik na vore gekom dat hierdie nie die geval blyk te wees nie, en dat die betekenis van die Sondag-erediens (met sy verskeidenheid liturgiese rituele) nie ten volle op só ‘n wyse aan lidmate oorgedra word, dat die impak daarvan vir hul dag-tot-dag bestaan, realiseer word nie. Hierdie gevolgtrekking word ondersteun deur kategorie 8 (en ondersteunende kodes)[73]:

[72] Sien afdeling 3.4.1 tot 3.4.3 van hierdie ondersoek.
[73] Sien afdeling 3.4.1 tot 3.4.3 van hierdie ondersoek.

Kategorie 8: Die diepte van betekenis en doel van die verskeie liturgiese rituele is vir lidmate onbekend.	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** K11, K12, K13, K14, K17, L10, L12, L3, L8, L9, M7, M9, N10, N11, N9, O18, O19, O20, O23, A13, A17, B10, B8, C11, C13, D11, D8, E11, E8, E9, F10, F11, F12, F14, F15, F4, G11, G12, G7, G8, H15, H16, H19, H21, H22, H23, I13, I14, I16, I17, I18, I5, J12, J13, J15, J17, J18, J7. **Versterk deur kodes (selektiewe kodering):** Q6, S11, S3, T8, T9.

Moontlike redes wat deur die mede-navorsers, aangevoer word vir die feit dat die erediens se betekenis vir hul lewe nie ten volle gerealiseer word nie, is die persoon en styl van die liturg, asook die liturgiese taalgebruik (beide woordkeuse, maar ook metode waarop die rituele oorgedra en bedien word), wat tydens die erediens gebruik word. Hierdie redes word vervat in kategorie 5 en 10 (met ondersteunende kodes) van die empiriese ondersoek[74]:

Kategorie 5: Die liturg se persoon en styl beïnvloed impak van die erediens	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** L4, M3, N3, A10, A4, A5, A8, C15, C4, E3, I4. **Versterk deur kode (selektiewe kodering):** S12.

Kategorie 10: Liturgiese taalgebruik beïnvloed die impak van die erediens op gelowiges se identiteit en lewe.	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** N6, O15, O24, F8, H12, I10, I21, J1. **Versterk deur kode (selektiewe kodering):** S9.

Dat die verband tussen die erediens en die lewe vir lidmate steeds onbekend is, word ook afgelei vanuit die verstaan van die erediens as samekoms van gelowiges, rondom God se Woord, en waar God aanbid word. Die leraars het, tydens die fokusgroeponderhoud, die erediens verder verwoord as die ruimte vanwaar gelowiges uitgestuur word om die boodskap daarvan te gaan uitleef in die alledaagse leefruimtes – 'n eienskap wat egter nie deur die mede-navorsers (gewone lidmate) uitgelig is nie. Dus bestaan daar 'n diskrepansie tussen die verstaan van die erediens (en die verband tussen die erediensgebeure en die lewe), volgens die leraars

[74] Sien afdeling 3.4.1 tot 3.4.3 van hierdie ondersoek.

van die gemeentes, en dié van gewone lidmate[75]. Soos in kategorie 3 (met ondersteunende kodes) verwoord[76]:

Kategorie 3: Die erediens is die samekoms van gelowiges, rondom God se Woord en waar God aanbid word (en vanwaar gelowiges uitgestuur word om die boodskap daarvan uit te leef).	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** K15, K16, K7, L1, L11, M1, M2, M8, N1, N12, O1, O10, O21, O4, O5, O6, O9, A1, A15, A16, A2, A3, B1, B9, C1, C12, C3, D1, D10, E1, E10, F1, F13, F16, F3, F6, G1, G2, G4, G9, H1, H2, H20, H4, H5, H6, H8, I1, I15, I2, I3, I8, J16, J2, J8, J9. **Versterk en aangevul deur kodes (selektiewe kodering):** P1, P6, Q1, Q2, Q3, Q7, R1, S1, S10, S2, T1, T10, T7.

Hiermee moet egter nie afgelei word dat lidmate nie hul geloof in verband met die alledaagse leefruimtes verstaan nie, maar slegs die erediensgebeure, en dui die empiriese ondersoek juis daarop dat gelowiges ervaar dat God hulle te midde van hul lewenswerlikhede ontmoet, en hulle hul missionale roeping verstaan binne die konteks van hulle dag-tot-dag bestaansruimtes, soos in kategorie 2 en 4 (met ondersteunende kodes) aangedui[77]:

Kategorie 2: Gelowiges verstaan hul missionale roeping binne die konteks van hul alledaagse lewe.	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** 017, K6, K8, K9, L7, M6, N7, N8, O13, O16, A12, B6, B7, C16, C8, D7, E6, E7, F9, G10, G6, H13, H14, I11, I12, J10, J3. **Versterk deur kodes (selektiewe kodering):** P4, Q5, R4, S7, S8.

[75] Hierdie waarneming word gemaak, deur veral te let op die vergelyking van die terugvoer van die lidmate met dié van die drie leraars, van die deelnemende gemeentes, wat aan die fokusgroeponderhoud deelgeneem het.
[76] Sien afdeling 3.4.1 tot 3.4.3 van hierdie ondersoek.
[77] Sien afdeling 3.4.1 tot 3.4.3 van hierdie ondersoek.

Kategorie 4: God ontmoet die mens binne hul lewenswerklikhede	**Ondersteun deur kodes (oop kodering):** K3, L5, M4, N14, N15, N4, O17, A9, B2, C2, E4, F20, F5, H7, H9, I9, J6. **Versterk deur kodes (selektiewe kodering):** P3, Q4, S5, S6, T4, T6.

Die hoop van die navorser is dat hierdie ondersoek, nie ‘n nuwe verstaan van die erediens tot gevolg sal hê nie, maar wel ‘n herontdekking van die wese en doel van die erediens as ‘n geleentheid wat op baie besondere wyse op ‘n Sondag plaasvind, maar net so ook aanhou voortleef in elke oomblik van elke dag – in alle areas van die menslike bestaan – die erediens van die lewe. Hierdie ondersoek wou voorstel dat die waarde en betekenis van die Sondag-erediens bepaal word deur die relevansie daarvan tot die alledaagse lewe van gelowiges, en dus in die ruimtes waarin die erediens gestalte vind en voortleef in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede van lidmate, en binne ‘n Suid-Afrikaanse konteks en samelewing, gevind word. Hierdie navorsing, met ‘n definitiewe fokus op die Liturgie, as veld binne die Praktiese Teologie, het vanuit die werkshipotese te werk gegaan dat liturgie en lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind is, en nie net lidmate wil behou nie, maar hulle lewens wil help vorm binne die Suid-Afrikaanse konteks en samelewing. Daarom het die navorsing ondersoek ingestel na die erediens van die lewe – só verstaan is die erediens meer as net die ongeveer een uurlange Sondag-erediens gebeure is, maar ook die beginpunt, vanwaar die erediensgebeure oorspoel en voortleef in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede, van die gelowige individu. Die navorsing het ondersoek ingestel na die verband tussen die erediens en die lewe, en ‘n verstaan van die erediens as ontmoetingsgebeure, wat nie alleenlik inligting oor God wil kommunikeer nie, maar ook lidmate se identiteit en lewens wil help vorm binne ‘n Suid-Afrikaanse gemeenskap en samelewing.

Die erediens is sentraal tot die ontdekking en realisering van die kerk se lewensimpakterende potensiaal in ons bepaalde tydsgees, en staan daarom in die hart van die gereformeerde lewe en vervul ‘n uiters belangrike vormende rol binne die gereformeerde tradisie[78]. Die studie het

[78] In afdeling 1.5 van hierdie ondersoek, is verwoord dat die navorser ‘n leraar binne die NG Kerk is. Daarom is die navorser se hoop dat hierdie ondersoek ‘n bydra kan lewer ten opsigte van die nadenke oor die erediens

gesteun op die bevindinge van ‘n empiriese ondersoek, waar die erediensbelewenis van lidmate (vanuit drie verskillende denominasies in die Ooste van Pretoria), en die betekenis wat aan verskeie liturgiese rituele geheg word, verken is. Die bevindinge van hierdie ondersoek is dus konteks gebonde, en mag moontlik anders daarna uitsien, in ander gemeentelike kontekste. Hierdie empiriese navorsing het die roetemerkers[79] vir die daaropvolgende ondersoek gebied, waarvolgens die navorser potensiële impak (of gebrek daaraan) van die erediens, met die doel om die lewensimpakterende potensiaal van die erediens en ons daaglikse kerkwees tot sy volle reg te laat kom, verken het.

In Hoofstuk 1 is die navorsingstitel as volg verwoord: *Die erediens van die lewe: ‘n Praktiese-teologiese verkenning.* Die primêre vraagstelling van hierdie navorsing is verwoord as: “Het die [Sondag]erediensgebeure ‘n effek op die gelowige individu se Christelike identiteit en lewenswyse?” is. ‘n Verdere vraag wat hiermee saamgaan is: “Word die praktiese betekenis van die verskillende liturgiese rituele op só ‘n wyse aan lidmate gekommunikeer, dat die praktiese implikasie daarvan vir sy/haar Christelike identiteit en bestaan, in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede verstaan en geleef kan word?” Daar is gewys op die bydrae van Osmer (2008) wat die rol van Praktiese Teologie verduidelik aan die hand van vier take, naamlik: die deskriptief-empiriese taak, die interpretatiewe taak, die normatiewe taak en laastens die pragmatiese taak. Met die take, soos deur Osmer verwoord en verduidelik, in gedagte het die navorsing vanuit die oortuiging te werk gegaan dat daar gewaak moet word teen ‘n benadering waar die teoretiese perspektief eerstens aan die woord kom, waarna dit ‘getoets’ word deur dit in gesprek te bring met die ervarings van lidmate. Daarom het die navorsing, met die daarstel van ‘n praxis teorie as doel, sy vertrekpunt by ‘n empiriese ondersoek gehad, sodat die teorie vanuit die empiriese ondersoek sou ontwikkel. Die motivering hiervoor was die oortuiging dat, om ‘n volhoubare invloed te kan uitoefen en ‘n bydrae ten opsigte van bestaande diskoers oor die erediens en liturgie te lewer, daar eerstens na die stem van die dikwels ongehoordes, die

binne die NG Kerk familie. Tog is die waarde van die ondersoek nie beperk tot die NG Kerk nie, maar sal dit alle kerklike denominasie baat om na te dink oor die verband tussen die erediens en die lewe. Om die rede is daar verskillende stemme uit verskeie denominasies by dié ondersoek betrek.

[79] Met roetemerkers word bedoel, temas of konsepte wat vanuit die empiriese ondersoek na vore kom, en waarop die navorsing voorts in meer diepte wil ingaan. Roetemerkers verleen dus aan dié navorsing ‘n bepaalde skopus, binne die breë studieveld van die liturgie. Hier word verwys na die roetemerkers vir die huidige ondersoek, wat vanuit die voorafgaande MTh ondersoek geïdentifiseer is.

lidmate, geluister moes word (Osmer 2008:52). Om hierdie rede is besluit op ’n primêre kwalitatiewe metodologie vir hierdie studie, aangesien kwalitatiewe navorsing gerig is op die verkenning van antwoorde op vrae deur persone, binne ’n gegewe sosiale omgewing, te bestudeer. Die navorser se keuse was vir ‘n kwalitatiewe navorsing, aangesien hierdie metode daarop gemik is om ‘n gegewe onderwerp, vanuit die perspektief van die persone wat by die navorsing betrek word, te verken. Die onderwerp word dus deur die ‘bril’ van die individu verken (Berg 2004:7). Die fokus is dus op die toe-eiening van die erediensgebeure, en meer spesifiek oor die vraag na hoé die erediensgangers die erediensgebeure vir hulleself, ook ten opsigte van die praktiese implikasie daarvan vir hul identiteit en dag-tot-dag bestaan, toe-eien (Osmer 2008:49; Post 2001:47-77).

Getrou aan die kwalitatiewe-sosiologiese benadering, het hierdie navorsing gepoog om empiriese data en teoretiese perspektiewe met mekaar te verbind (Berg 2004:4). Die empiriese ondersoek het ‘n verskeidenheid metodes ingesluit ten einde ‘n omvattende ondersoek te verseker. Onderhoudsvoering is as die primêre metode van ondersoek, vir hierdie navorsing gebruik, aangesien hierdie metode daarop gerig is om toegang te verkry tot direkte inligting rakende die navorsingsfokus, wat nie alleenlik deur observasies bekom kan word nie (Hendriks 2004:232). Die keuse vir semi-gestandaardiseerde is gemaak om verbale data te bekom, aangesien dit ‘n reeks vooraf opgestelde vrae insluit (wat bepaal word op grond van die navorsing se belangstellingsveld), maar ook ruimte laat om verdere antwoorde, wat verder strek as die vooropgestelde vrae, te verken. Dit skep ruimte vir die navorser om ‘n definitiewe fokusarea aan die onderhoude te verleen, maar ook om deur die terugvoer van mede-navorsers gelei te word na ‘n dieper verkenning van die navorsingsonderwerp (Berg 2004:81). Die navorsing het hoofsaaklik van persoonlike onderhoude (met lidmate) gebruik gemaak, wat aangevul is deur ‘n fokusgroeponderhoud met leraars vanuit die verskillende kerklike denominasies. Die empiriese ondersoek het verder van persoonlike observasies gebruik gemaak, met die intensionele en sistematiese ondersoek en beskrywing van ‘n sosiale omgewing as doel (Hendriks 2004:230). Die navorser het die primêre erediens van die gemeentes, wat deel vorm van die ondersoek, bygewoon en observasies ten opsigte van die liturgie, erediensverloop, rituele en gebruike, ensomeer gemaak. Met hierdie ruimtelike analise wou die navorser veral let op die verskeie liturgiese ruimtes en gebruike van hierdie gemeentes (Osmer 2008:54; Post 2001:59).

In Hoofstuk 2 is die agtergrond vir hierdie ondersoek uiteengesit. Daar is genoem dat dié studie, voortbou op die voorafgaande, inter-dissiplinêre, ondersoeke na die verband tussen geloof en lewe. Vanuit ‘n teologiese perspektief is daar veral ondersoek ingestel na die verband tussen liturgie en lewe, asook die liturgie as ontmoetingsruimte (vgl. Barnard 2016 & 2018; Van der Merwe 1999; Smit 2002). Daar is vermeld dat daar die afgelope tyd, juis binne die Protestantse tradisie, nuwe tendens rakende die liturgie en die erediens te bespeur is - waar die liturgie, met die begin van die twintigste eeu, grootliks inligting rakende God gekommunikeer het, het die tweede deel van dié eeu, merkwaardige veranderinge ten opsigte van die liturgiese landskap getoon, met ’n nuwe waardering vir die rol van persoonlike betrokkenheid [ontmoetings] met God (De Klerk 2013:56; Wepener en Vos 2014:13-29). Een van die hedendaagse skuiwe in die studie van- en verstaan van liturgie, wat vir die doeleindes van hierdie studie veral van belang was, was die skuif weg van ‘n gespreksmodel, na ’n ontmoetingsmodel vir die erediens. Hierdie skuif kan beskou word as ‘n logiese ontwikkeling binne die liturgie aangesien gesprekvoering een van die sentrale eienskappe vir enige ontmoeting is – anders gestel: ontmoetings kan nie plaasvind sonder ‘n mate van gesprekvoering nie. Hierdie skuif het nie ten doel om weg te doen met die gesprekskomponent nie, maar juis daarop wil voortbou en tot sy volle reg laat kom as ontmoetingsgeleentheid.

Die ondersoek na die liturgie as ontmoetingsruimte, het onder andere gesteun op die bydrae van Burger (2005), aangaande die rol van ontmoetings, en die potensiële impak daarvan op ‘n persoon se Christelike identiteit en lewenswyse, en het daarvolgens drie kern ontmoetings geïdentifiseer, naamlik: die ontmoeting tussen God en mens, ontmoetings met mekaar en dan ook ontmoetings met die samelewing (Barnard 2016). Met betrekking tot die ontmoeting tussen God en mens, is verduidelik dat hierdie ontmoeting sy vertrekpunt vind by God wat Homself aan die mens openbaar en wil laat ken, met die gevolg dat die mens nie net onder die indruk van wie God is kom nie, maar ook van sy/haar eie identiteit as beeld van God (Imago Dei) (Cilliers 2008b:5-6). Anders gestel: die mens kan alleenlik sy/haar eie identiteit ontdek, namate hy/sy groei in sy/haar kennis van God se identiteit. Hier na is verskeie liturgiese elemente, wat hierdie ontmoeting tussen God en mens dien, bespreek, naamlik: die Woord, Ruimte, Sakramente, Gebed.

In terme van die ontmoeting tussen God en mens, is daarop gewys dat God, die mens dikwels ontmoet deur ander gelowiges (of persone), hulle verhale, lewe en getuienis te gebruik (Barnard 2016:64, 80-96). Reeds in die Ou- en Nuwe Testamentiese tyd het God dikwels die volk ontmoet deur middel van ander persone – dikwels deur middel van die priesters en profete wat as bemiddelaars van God se Woord opgetree het. Die navorsing het ook hier gewys op die belangrike rol van die prediker, as Woordverkondiger, en dus die gepredikte Woord, in die fasilitering van 'n ontmoeting tussen God en mens, en mense met mekaar (Burger 2005:60; Cilliers 2004; Long 2001:15-42). Daar is verder genoem dat, alhoewel die prediker se impak nie gering geskat mag word nie, geskied hierdie ontmoeting egter nie alleenlik deur middel van die gepredikte Woord nie, maar ook in verskeie gevalle deur ander persone se optrede en manier van leef, in die omgee van ander, of deur die gekruisigde hande en voete van gelowiges wat lewe soos wat Jesus geleef het (Burger 2005:59). Dit het tot gevolg dat ons as Christene "moet leer nie net om te praat nie, maar ook om te luister...na die Here...wat Homself aan ons wys in die woorde, lewe en stories van ander mense" (Barnard 2016:64, 80-96). Die navorsing het voortgegaan deur daarop te wys dat Christelike identiteit, nie alleenlik op individualistiese wyse verstaan moet word nie, maar as kollektiewe identiteit – gesetel in die gemeenskap met ander gelowiges. Die *liggaam van Christus* metafoor wys op die wese van hierdie kollektiewe identiteit van elke gelowige en wat die doel van die gelowige individu se bestaan is, naamlik: 'n skuif weg van 'n individualistiese identiteitsvorming na 'n nuwe identiteit wat gerig is op die aktiewe deelname aan die Christelike tradisie en roeping, as deel van 'n groter liggaam – die liggaam van Christus (Barnard 2016:65, 80-96). Ten opsigte van die ondersoek na die liturgie, en die verband daarvan tot die lewe van gelowiges, is daarop gewys dat liturgiese gemeenskap die uitbeelding van ons ware, gemeenskaplike identiteit behoort te wees, en vind gestalte in die gesamentlike viering van die doop en nagmaal, die gesamentlike sing van die lied, ensomeer (Barnard 2016:80-96; Immink 2001:230; Van den Brom 2009:142-144; Zimmerman 1993:79).

Ten opsigte van die derde kernontmoeting, naamlik: die ontmoeting met die samelewing, is bevind dat hierdie ontmoeting nie as 'n losstaande ontmoeting beskou moet word nie, maar eerder as 'n gevolg en natuurlike uitvloeisel van die ontmoeting tussen God en mens. Die basis vir ons verstaan van die *missio Dei* word gevind in die wete dat God die wêreld liefhet en daarom voortdurend na die wêreld beweeg en in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede van die mens teenwoordig en betrokke is. Die navorser het die standpunt verwoord dat die erediens, as

ontmoetingsruimte, 'n belangrike rol te speel het in die bekendmaking van die boodskap dat die kerk (en elke gelowige) opgeroep word om deel te neem aan hierdie toetrede van God tot die nood in 'n stukkende wêreld. Só ontdek die kerk (en gelowige) haar identiteit as gestuurde, as beeld van die Drie-Enige, sturende God – die *Imago Dei* (Bosch 1991:10, 390-391; Hancke 2005:25; Meiring 1994:40-41). Die erediens as ontmoetingsruimte, wil geleentheid skep waar God aan die mens openbaar word, met gevolg dat God as die Een wat in liefde teenwoordig in die wêreld is en daarom die kerk (as Sy liggaam) oproep en stuur om die praktiese vergestalting van God se liefde vir 'n stukkende wêreld en mensdom te wees, erken word (Barnard 2016:99-117).

Na 'n verdere bespreking van die potensiële impak van hierdie drie ontmoetings, op die lewe van die gelowige individu, is die hoofstuk afgesluit deur die identifisering van enkele belangrike terme, by name: erediens, liturgie, lewe, ritueel, ruimte, identiteit en ontmoetings, waarna daar gewys is, op die noodsaaklikheid en moontlike bydrae van 'n inter-denominasionele ondersoek, wat vanuit die aanvanklike empiriese ondersoek na vore gekom het. Hierdie aanvanklike ondersoek het bevind dat die NG Kerk kan baatvind indien sy nie slegs krities teenoor die Charismatiese kerke (en ander denominasies) staan nie, maar ook bereid is om te luister na die stemme wat vanuit hierdie tradisie tot die harte van die lidmate spreek. Net so kan ander denominasies weer baat vind by die unieke bydraes wat die NG Kerk te lewer het. So byvoorbeeld het die Charismatiese kerke weer behoefte aan meer tradisionele elemente, soos byvoorbeeld die viering van die nagmaal (cf. Denny & Wepener 2013:1-9). Hierdie navorsing, met sy fokus op die erediens van die lewe, het gepoog om tot hierdie 'luisterproses' by te dra deur 'n meer omvattende empiriese ondersoek, wat die erediens-ervarings van lidmate vanuit verskillende kerklike tradisies en denominasies met mekaar in gesprek gebring het.

In Hoofstuk 3 is die bevindinge van die empiriese ondersoek weergegee, en in diepte bespreek, ten einde roetemerkers[80] vir die ondersoek wat sou volg te gee. Nadat 'n kort beskrywing van

[80] Met roetemerkers word bedoel, temas of konsepte wat vanuit die empiriese ondersoek na vore kom, en waarop die navorsing voorts in meer diepte wil ingaan. Roetemerkers verleen dus aan dié navorsing 'n bepaalde skopus, binne die breë studieveld van die liturgie. Hier word verwys na roetemerkers vir die huidige ondersoek, wat vanuit dié navorsing se empiriese ondersoek geïdentifiseer is.

metode van ondersoek, asook die navorsing-steekproef gegee is, is daar ‘n tydlyn van die empiriese ondersoek uiteengesit, waarvolgens die persoonlike observasies, vanuit die navorser se besoeke aan die gemeentes (veral tydens hul onderskeie eredienste) uitgepak is. Na afloop van die bespreking van die persoonlike (liturgiese en erediens) observasies, is die fokus verskuif na die inligting wat vanuit die persoonlike- en fokusgroeponderhoude bekom is. Die navorser het ‘n keuse vir die ‘grounded theory’ kwalitatiewe metode van data analise, soos beskryf deur Kathy Charmaz (2006) en Barney Glaser (1978), gemaak om die bydraes vanuit die onderhoude te analiseer. Getrou aan hierdie benadering, is die data vanuit die onderhoude, verwerk volgens drie fases, naamlik: 1) die induktiewe fase (open coding) waardeur aanvanklike kategorieë onderskei, en ‘n oop-kodering analitiese model ontwikkel is; 2) die deduktiewe fase (selective coding) waartydens selektiewe data vir analise, op grond van die hipoteses wat tydens die fase van ‘open coding’ ontwikkel is; gekies is en 3) teoretiese kodering en die konstruksie van ‘n praxis teorie ten opsigte van die navorsingsfokus (Charmaz 2014:1-2; Pieterse 2010a:119-120; 2010b:104-113; 2011:96; 2013:175-195). Na afloop van die induktiewe- en selektiewe fase, is die volgende kategorieë vir verdere ondersoek identifiseer[81]:

Kernkategorie: Die erediens het betekenis vir die lewe van gelowiges, mits die boodskap daarvan hul lewensomstandighede aanspreek, en hul lewensdoel help verstaan.
Kategorie 2: Gelowiges verstaan hul missionale roeping binne die konteks van hul alledaagse lewe.
Kategorie 3: Die erediens is die samekoms van gelowiges, rondom God se Woord en waar God aanbid word (en vanwaar gelowiges uitgestuur word om die boodskap daarvan uit te leef).
Kategorie 4: God ontmoet die mens binne hul lewenswerklikhede
Kategorie 5: Die liturg se persoon en styl beïnvloed impak van die erediens

[81] Die verband tussen enkele kategorieë en die navorsing se vraagstelling is aan die begin van die hoofstuk uitgewys. Hier word alle kategorieë, wat vanuit die empiriese ondersoek na vore gekom het, verwoord (sonder ondersteunende kodes).

Kategorie 6: Omgeegroepe en gesinne skep meer betekenisvolle gemeenskapsruimtes as die erediens.
Kategorie 7: God word primêr as liefdevolle Vader geken.
Kategorie 8: Die diepte van betekenis en doel van die verskeie liturgiese rituele is vir lidmate onbekend.
Kategorie 9: Die werking van die Heilige Gees gee aan die erediens betekenis.
Kategorie 10: Liturgiese taalgebruik beïnvloed die impak van die erediens op gelowiges se identiteit en lewe.
Kategorie 11: Spesiale dienste (soos bv. Goeie Vrydag, Paassondag, Kersdag) word belangriker geag as "gewone" eredienste.

Hierna het die derde fase, naamlik van teoretiese kodering, gevolg wat ten doel het om ‘n praxis teorie, op grond van die empiriese ondersoek, daar te stel. Die kategorieë (soos hierbo uitgelig) is in verhouding met die kernkategorie geplaas, om sodoende die ontluikende praxis teorie te identifiseer en verder te verken. Die kategorieë is vervolgens na twee konsepte verwerk, naamlik: *die erediens en die lewe*; asook *die erediens in lewe* (met die klem op die verband tussen die “en” en die “in”).

Die ontluikende praxis teorie het verwoord dat wanneer die Sondag-erediens relevant is tot die lewensvrae- en omstandighede van lidmate, die impak daarvan tot gevolg sal hê dat die Sondag-erediens (erediens en die lewe) voortleef gedurende die week in die alledaagse leefruimtes van gelowiges (die erediens in die lewe). Hierdie praxis teorie is daarvolgens op grafiese wyse, aan die hand van die beeld van die uurglas uitgebeeld, en verduidelik dat, net soos die uurglas se twee helftes mekaar voed (soos wat die uurglas gekantel word), die Sondag-erediens die erediens van die lewe voed – hetsy op ‘n positiewe of negatiewe wyse, en

andersom. Die ontluikende praxis teorie het verwoord dat die Sondag-erediens ‘n geleentheid is waar lidmate toegerus en bemoedig word vir die komende week, en gepaardgaande uitdagings, terwyl die lidmate weer na aanleiding van die week se gebeure, die erediens met ‘n klomp vrae en verwagtinge betree.

In Hoofstuk 4 het die bespreking van die eerste kernkonsep, naamlik: die erediens en die lewe, gevolg. Ten eerste is bevind dat, op grond van die empiriese ondersoek, lidmate die erediens verstaan aan die hand van drie kenmerke, naamlik: die samekoms van gelowiges, rondom God se Woord, en waar God aanbid word. Daar is genoem dat, wanneer daar oor die erediens besin word, die woord ‘samekoms’ as ‘n uitdrukking van die aard en wese van die erediensgebeure gebruik word, en dat dit in die erediens om die vergadering of versameling van die gemeente, as volk van God, gaan. Hierdie samekoms vind plaas deurdat God die mens, deur middel van Sy Woord en Gees, tot Hom roep en versamel, vanuit die wêreld en hul dag-tot-dag bestaan (Barnard 1981:391). Daar is gewys op die feit dat een van die doelwitte van die erediens, die tasbare uitdrukking aan dié gemeenskap van gelowiges, is. Só verstaan, kom die gemeente nie as losstaande individue saam nie, maar as gelowiges wat op grond van hul gedeelde geloof in die Drie-Enige God, aan mekaar verbind is (Burger 2009:18). Hierin lê die uitdaging vir die navorsing se verkenning na die erediens van die lewe, aangesien daar vandag ‘n inherente spanning tussen die tradisionele verstaan van die erediens (en gemeente) as die samekoms van alle gelowiges, en die tydsgees gekenmerk deur ‘n toenemende fokus op anonimiteit en individualiteit, sigbaar is. Gevolglik is dit vandag uiters uitdagend vir gemeentes om ‘n antwoord te bekom op die vraag: Wie is *ons* aangesien lidmate se primêre vraag: Wie is *ek*, blyk te wees (Nel 2009:2). Die navorser deel egter die oortuiging van Wepener en Pauw (2004:118) dat christelike identiteit altyd ’n vorm van groepsidentiteit is, en dat daar gewaak moet word teen ‘n oorbeklemtoning van die individu, ten koste van die geheel.

Getrou aan hierdie navorsing se geïdentifiseerde metodologie as ‘n post-moderne, multi-dissiplinêre ondersoek, is daar gewys op die bydraes van die sogenaamde Sosiaal-Identiteitsteorieë, wat wys op die mens se geneigdheid tot groepering (op grond van verskeie sosiale grense), en die uitdagings wat dit vir die teologiese ideaal van koinonia, veral binne die Suid-Afrikaanse samelewing inhou. Barnard (2016:84-87) is van mening dat hierdie proses van

groepering een van die kernuitdagings wat die kerk in die gesig staar in die uitleef van haar roeping binne Suid-Afrika is. In ons gesprek rondom die erediens as samekoms van gelowiges, en die impak van hierdie verstaan vir die alledaagse leefruimtes van lidmate, het die navorser gepoog om daarop te wys dat die uitdaging vir die kerk, binne Suid-Afrika, juis daarin lê om verhoudings tussen persone tot stand te bring wat hierdie onderskeidings transendeer. Die doel van die erediens, as samekoms van gelowiges, is die vestiging van gesonde verhoudings wat deur die evangelie en die gedeelde geloof in Jesus Christus, saamgebind word (Ries & Hendriks 2013:2). Die sakramente van die doop en die nagmaal, is hiervolgens uitgewys as belangrike liturgiese rituele, wat kan bydra tot die ontstaan van sosiale kapitaal, binne die samekoms van gelowiges, wat ware gemeenskap tussen persone van verskillende sosiale agtergronde, kan dien.

In die bespreking van die tweede kenmerk, naamlik: die Woord van God, is daar vanuit die empiriese ondersoek bevind dat die Woord van sentrale belang is in die geloofsvorming van gelowiges, mits dit op só wyse tydens die prediking aan die woord kom, dat dit verstaanbaar en relevant tot hul omstandighede en geloofsvrae is. Hiervolgens is die gevolgtrekking gemaak dat die prediking tegelykertyd aan die Bybel (die geskrewe Woord) gebonde is, en op die gemeente in haar situasie gerig is. Wanneer daar oor die Woordverkondiging in die erediens besin word, is die vertrekpunt altyd die skrifgefundeerdheid daarvan. Tóg moet die boodskap daarvan op lewende, toepaslike wyse aan die gemeente kommunikeer word, sodat die gemeente hulle storie en situasie in die boodskap van die preek herken (Pieterse 2001:19). Nie net moet die boodskap van die teks gehoor word nie, maar moet dit ook verstaan word sodat dit deur die hoorders geglo kan word. “God se Woord in sy verband en na sy ware bedoeling moet oopgevou word sodat die mens van vandag dit inderdaad sal verstaan” (Barnard 1981:565). Aangesien die prediking die verkondiging van die Woord van God, deur middel van die mens (prediker) as spreekbuis is, is daar gewys op die belangrike rol wat die persoon van die prediker in die erediensgebeure te speel het. Die navorsing het bevind dat die prediker beslis ‘n impak op die prediking, asook die hele erediens het – of ten goede of slegte – dikwels met die beste bedoelings (en ander kere nie) (Nel 2001:6). Daarom het die navorsing gepoog om enkele merkers (in terme van persoonlikheidsontwikkeling en retoriese strategieë) aan predikers (of liturge) te bied.

Verder is bevind dat, alhoewel die hele erediens in wese ‘n aanbiddingsgeleentheid, en die hele liturgie, aanbidding – hetsy deur lofprysing, danksegging, verootmoediging, skuldbelydenis, gebed, en selfs die nagmaal of doopviering is, lidmate aanbidding grootliks verstaan in terme van musiek en die gebede. Aangesien aanbidding ten diepste te make het met die samekoms van die gelowiges wat diep onder die indruk van God se wese en verlossingsdade in hul lewe is, en daarop reageer, is die aandag verskuif na ‘n bespreking van die impak van Godsbeelde op die erediens (Jones et al. 1992:9, 20-27, 520-522). Vanuit die empiriese ondersoek, wil dit voorkom asof lidmate (en leraars) God primêr leer ken as liefdevolle Vader, wat in liefde vir Sy kinders sorg, beskerm, vergewe en verlos. Aangesien Godsbeelde direk inspeel op die identiteit van gelowiges, as *Imago Dei*, is daar gewys op die potensiële impak van Godsbeelde in die erediens, en die behoefte geïdentifiseer om meer sensitief te wees in ons nadenke oor die rol van Godsbeelde in die erediens, veral binne die unieke uitdagings van die Suid-Afrikaanse kerk en samelewing.

In Hoofstuk 5 is die fokus verskuif na die tweede kernkonsep van die ontluikende praxis teorie, naamlik: die erediens in die lewe, en is daar gelet op die wyse waarop die Sondag-erediens voortleef in die alledaagse leefruimtes van gelowiges. Dieselfde drie kenmerke van die erediens (met ander woorde: samekoms van gelowiges, rondom God se Woord, en waar God aanbid word) is gebruik, en verder uiteengesit deur te let op die moontlike wyses waarop hierdie kenmerke voortleef en neerslag vind in die lewens van gelowiges, in die erediens van die lewe. Vanuit die empiriese ondersoek, is bevind dat die samekoms van gelowiges, binne die erediens van die lewe, op drie wyses neerslag vind, naamlik: in die huisgesin, in verhoudingsgroepe, en ook in die gemeenskap met nog-nie-gelowiges, met wie lidmate se paaie op ‘n daaglikse basis kruis. Daar is gewys op die noodsaaklikheid van voortgesette nadenke oor die rol (en wyse) van gesinsbediening in gemeentes, en is daar vier moontlike modelle hiervoor bespreek, naamlik: die gesin-inklusiewe jeugbedieningsmodel, die gemeente as gesin bedieningsmodel, die gesin-gebaseerde bedieningsmodel en laastens die gesins-geïntegreerde bedieningsmodel.

Die vraag is ook krities gevra na die wyse waarop gemeentes (en gelowiges) buitestaanders of vreemdeling betrek by, en deel maak, van die gemeenskap van gelowiges. Dat die ***saam met ander gelowiges*** in die hart van die Christelike geloof staan, is nie te betwyfel nie. Wat egter

nie uit die oog verloor moet word nie, is die ***saam met ongelowiges*** (gaan na al die nasies) wat ook in die hart van die Christelike geloof staan, en dus ook in ons nadenke oor die erediens deurgaans aan die word moet kom. Daarom identifiseer Thomas Long (2001:15-17) juis gasvryheid teenoor 'vreemdelinge' as 'n kritiese belangrike kenmerk van lewende gemeentes en 'n missionale liturgie[82]. Wanneer die samekoms van gelowiges (hetsy as groot geheel, huisgesinne of verhoudingsgroepe) 'n gerigtheid na buite het, word hulle in staat gestel, onder die leiding van die Heilige Gees, om die behoeftes in die samelewing raak te sien en as dienende lede van die liggaam van die dienende Christus, betrokke te raak in die lewens van mense in nood – hetsy mede-gelowiges, ander-gelowiges of ongelowiges (Oostenbrink 1994:69-72). Tydens die Algemene Sinode van 2013 word die belangrike rol wat liturgie in die uitleef van die kerk se missionale roeping vertolk, as volg verwoord:

> Die nadenke oor missionale kerk het dus belangrike implikasies vir die liturgie en die erediens. 'n Kerk se ekklesiologie word ten toon gestel in haar liturgie. Die manier waarop die kerk aanbid, vertel alles oor die aard en wese van die kerk. Die hartklop van die kerk is immers die erediens waar mense byeenkom om God te aanbid en te verheerlik. Daarom moet *leitourgia* of aanbidding as 'n kernaspek van kerkwees in enige konteks benadruk word (Verslag: Missionale aard en roeping van die NG Kerk).

Hierdie navorsing wil hierdie uitgangpunt dien, deur juis ondersoek in te stel na die impak (of gebrek daaraan) van die erediens en liturgie op die lewens van gelowiges. Vanuit die empiriese ondersoek het die tendens na vore gekom dat, alhoewel lidmate (en leraars) die verkondiging van God se Woord as die verantwoordelikheid van alle gelowiges sien, hul wel 'n onderskeid tref tussen *prediking* (as die taak van opgeleide teoloë) en *verkondiging* (die taak van elke gelowige). Aan die hand van die konsep van *reframing*, wat deur onder andere Cilliers (2010) en Capps (1990) as een van die take van prediking identifiseer word, is daar gewys op die belangrike rol wat die prediking, in die vorming van nuwe perspektiewe oor God en die lewe, vir gelowige individue het – perspektiewe wat nuwe moontlikhede vir gemeentes en gelowiges se bediening in die alledaagse leefruimtes mag hê. Wanneer God op nuwe wyses leer ken word, lei dit tot nuwe ontdekkings van gemeentes en gelowiges se eie identiteit en bestaansdoel, wat kan inspeel op die wyse waarop die erediens voortleef in die alledaagse leefruimtes van die lewe – die erediens van die lewe.

[82] Die navorser se eie bewoording en toevoeging, in aansluiting met Long se uitgangspunt.

Daarom is daar laastens gefokus op die derde kenmerk van die erediens, naamlik: aanbidding, en is hierdie kenmerk, vanuit die fokus op die erediens van die lewe, verwoord as ‘n totale lewe van aanbidding, in die voetspore van Jesus Christus. Die konsep van Christopraxis (soos deur Root 2004 verwoord), is verduidelik ten einde die praktiese implikasie van ‘n lewe van aanbidding, as kenmerk van die erediens van die lewe, vir gemeentes en gelowiges te verken. Aangesien God in wese ’n missionale God is, het dit tot gevolg dat die mens ook (as beeld van God) sy/haar identiteit vind binne die besef van sy/haar gestuurdheid na ander en die wêreld in nood (Root 2014:97). Hierdie uitgangspunt het radikale implikasies vir enige nadenke oor die erediens, en spesifieke die erediens van die lewe. Daarom, as eerste tree op die ontdekking van hierdie implikasie, het die navorsing gewys op die noodsaaklikheid daarvan om die volle omvang (beide persoonlik en sosiaal) van die inherente betekenis van verskeie liturgiese rituele (soos byvoorbeeld die doop, nagmaal, seëngroet en offergawes) tydens die Sondag-erediens aan die woord te laat kom, sodat dit kan voortleef in en deur die lewens van gelowiges.

In die res van die hoofstuk wat volg, bereik hierdie navorsing sy klimaks, deur die verskillende stemme oor die verband tussen geloof en lewe, soos in Hoofstuk 2 beskryf, met die bevindinge van hierdie ondersoek in gesprek te bring. Die navorser gaan poog om enkele praktiese voorbeelde, ten opsigte van verskeie liturgiese rituele, vanuit die voorgestelde verstaan van die erediens, as erediens van die lewe, te beskryf, waarna die navorsing enkele roetemerkers[83] vir verder ondersoek na die erediens, as erediens van die lewe, gaan uitlig.

6.2 GELEEFDE RELIGIE

In Hoofstuk 2 van hierdie navorsing, is daar gewys op die feit dat daar geen eenstemmigheid in die sielkunde bestaan oor die aard van verband tussen geloof en lewe, en of daar wel só ‘n verband bestaan nie. Ook in die filosofie is daar verskillende pogings om die verband tussen geloof en lewe te bestudeer. Volgens die klassieke, analitiese filosofie word religie verstaan in terme van *geloofsoortuigings*, *leerstellinge* en *teologieë*, en dui dus grootliks op ‘n kognitiewe verstaan van geloof. Hiervolgens word geloof, vanuit die klassieke filosofiese raamwerk, verstaan as iets wat primêr te make het met gedagtes en woorde, of geloof in sy proposisionele

[83] Hier word verwys na roetemerkers, vanuit hierdie ondersoek, vir toekomstige studies wat moontlik uit hierdie navorsing sal spruit.

vorm. Hierdie fenomeen word toegeskryf as die gevolg van godsdienstige konfessionalisme, wat met die ontstaan van die Reformasie op die voorgrond getree het (Strenski 2012:7). Binne die konteks van die Reformasie, was hierdie klem op *geloof* en *belydenis* te verstane, te midde van 'n verdeelde Christendom, waar van die mens verwag was om 'n kant te kies, deur jouself te vereenselwig met 'n bestaande geloofsoortuiging en belydenis (Pelikan, 2003). Die gevolg was dat godsdiens toenemend verstaan is as die geloof in 'n sekere belydenis of leer, en 'n lewe in ooreenstemming daarmee (Kaplan 2007:31).

Die gevolg hiervan is dat die hart en wese van religie, beide binne teologiese en filosofiese kringe, gesien is as die beginsels en veronderstellings wat daaruit gevloei het, bestaande uit woorde en stellings, eerder as praktyke of emosies, met die gevolg dat geloof gewoonlik met teologie (woorde rakende God) geïdentifiseer is. In teenstelling met hierdie tendense, het Franciskus van Assisi (1181-1226), in sy nadenke oor die wese van geloof, leerstellinge, dogma en teologie van sekondêre belang geag het (alhoewel steeds baie belangrik), terwyl hy die lewe, en die wyse waarop geloof geleef word, van primêre belang geag het – soos hy gesê het: "It is no use walking anywhere to preach unless our walking is our preaching. Preach the Gospel at all times and when necessary use words" (Strenski 2012:7). Dat hierdie uitgangspunt nie sonder kritiek staan nie, is duidelik vanuit die fokusgroeponderhoud, wat deel van die empiriese ondersoek uitgemaak het, waar 'n wit, manlike mede-navorser en pastoor van 'n Charismatiese gemeente waarsku dat hierdie beginsel eerstens nie in die Bybel gevind word nie, en in die pad staan van die realisering van die kerk se missionale roeping, aangesien dit aan lidmate 'n verskoning bied om nie met woorde van God te getuig nie. Hierop antwoord 'n wit, manlike mede-navorser en leraar van 'n NG Gemeente dat hy hiermee saamstem, en dat dit wel aan lidmate 'n gerieflike verskoning bied, terwyl nog 'n leraar van 'n NG gemeente noem dat geloof en lewe, woorde en dade, geïntegreer moet wees (Addendum P:449).

Strenski (2012:8-10) stel vervolgens voor dat daar eerder gepraat moet word van 'n filosofie van geleefde religie. Hiervolgens word die belangrikheid van geloofsoortuigings en leerstellinge vir die Christelike geloof (en ander gelowe) nie oorskat nie, terwyl die wyse waarop dit geleef word nie agter weë gelaat word nie. Vanuit die verstaan van geleefde religie, is die fokus dus wel op die geloofsoortuigings en belydenis van die Christelike geloof (en ander gelowe), maar saam met die belangrikheid om hierdie oortuigings te laat neerslag vind binne

bepaalde kulturele, sosiale en generasionele areas van die lewe. Strenski (2012:9-11) verwys na Durkheim, wat religie verstaan het as die ruimte waarbinne 'n lewe van geloof vertroetel en gevorm word. Hy verwoord dan op treffende wyse dat geleefde religie die 'administration of the sacred' is, waarbinne geloofsoortuigings binne werklike leefruimtes neerslag vind.

Weyel (2014:152-153) verduidelik dat hierdie konsep van geleefde religie, inderdaad in die hart van die Praktiese Teologie, as religieuse praxis, staan, en dat hiermee nie gewoon verwys word na die wyse waarop geloof geleef word nie, maar eerder op 'n meer wetenskaplik verantwoordbare wyse te let op die interafhanklikheid van die moderne leefwêreld en religieuse praktyke. Sy stel dit as volg:

> The concept of "lived religion" as a subject of practical theology, thus, always reflects the interdependencies of the modern lifeworld and the manifestations of the religious. Lifeworld concepts, social group formations and regional imprints are not merely external conditions which are secondary, but they are constitutive of religious practice itself...Practical theology is neither confined to church life nor is church life the sole purpose of practical theology. Lived religion as subject of practical theology aims simultaneously at religious practices within and outside of the church by analyzing the manifold relations between church life and cultural life.

Om hierdie rede is dié konsep uiters relevant vir dié navorsing se fokus op die erediens van die lewe, aangesien dié navorsing nie sonder meer wil let op geloof en die wyse waarop dit geleef word nie (die sogenaamde konsep van geleefde geloof)[84], maar veel dieper wys op die interafhanklikheid van die religieuse- en lewenswerklikhede, wat nie net op mekaar inspeel nie, maar inderdaad mekaar verryk of inhibeer. In Hoofstuk 2 van hierdie ondersoek is gewys op ses kenmerke van geleefde religie, naamlik: affiliasie; kulture en gemeenskappe; materialiteit; gebruike; emosionele lewe en beliggaming. Die verband tussen hierdie kenmerke van die filosofie van geleefde religie, en hierdie navorsing se verkenning van die erediens van die lewe, word vervolgens uitgelig. Die kenmerke word egter anders verwoord, ten einde 'n meer omvattende verstaan daarvan te ontsluit, wat die doel van hierdie navorsing se verstaan van die erediens as erediens van die lewe is. Daarom word die kenmerke van affiliasie en kulture en gemeenskappe saamgevoeg onder die konsep van *dienende geloofsgemeenskap,* materialiteit onder *ruimtelikheid,* gebruike onder *geleefde geloof,* terwyl emosionele belewenis en beliggaming saamgevoeg word onder die konsep *volheid van die mens*.

[84] Geleefde geloof, as die wyse waarop geloof in die dag-tot-dag bestaan geleef word, is wel 'n kenmerk van die studie van geleefde religie, en word in die afdeling wat volg verwoord.

6.2.1 DIENENDE GELOOFSGEMEENSKAP

Een van die fundamentele aspekte van geleefde religie, is die wyse waarop individuele persone met mekaar verbind of affilieer. In hierdie navorsing is daar deurgaans gewys op die belangrikheid van gemeenskap, in ons nadenke oor die aard en wese van die erediens van die lewe, as samekoms van gelowiges (ook met ander persone). Daar is telkens verwys na die feit dat die Christelike identiteit allereers kollektiewe- of gemeenskaplike identiteit is, en dat die gemeenskap van gelowiges dus ‘n uiters belangrike rol te speel het in die vorming van Christelike identiteit, en dus lewenswyse (Barnard 2016:64; Immink 2001:230; Zimmerman 1993:79). Vanuit ‘n filosofiese perspektief, ondersteun Strenski hierdie uitgangspunt, en toon dat affiliasie nie net identiteit help vorm nie, maar ook legitimiteit en doel aan die mens se oortuigings en dade verleen. Hy wys tereg daarop dat godsdienstige affiliasie sterker as natuurlike affiliasie blyk te wees, en stem ook hier saam met die uitgangspunte van hierdie navorsing, rakende die rol van sosiale kapitaal, in die uitlewing van die gemeenskap van gelowiges, wat ‘n nuwe gemeenskap daarstel, wat alle natuurlike- en sosiale grense transendeer (Barnard 2016:137; Cilliers & Wepener 2007:40-42; Van Wyk 2019:21-22).

Ná natuurlike uitkoms van die erkenning aan die mens se geneigdheid tot affiliasie, sal ‘n behoefte aan die verstaan van die wyses waarop mense sosiaal groepeer, wees. Strenski wys daarop dat *kultuur* en *gemeenskap*, vanuit ‘n filosofiese oogpunt, die ontwakende kriteria blyk te wees waarvolgens sosiale groeperings geskied. Hierdie twee begrippe is natuurlik beide gelaaide begrippe, met omvangryke implikasies vir ons nadenke oor kerkwees, en inderdaad Christen wees, binne die hedendaagse konteks en samelewing. In hierdie navorsing is reeds daarop gewys dat die kerk ook aan die proses van groepvorming onderworpe is (soos dit uit die erediens-observasies duidelik na vore gekom het)[85], maar dat die bestaansdoel van die kerk nie bloot groepering is nie, maar die vorm van ware, intieme en interpersoonlike gemeenskap (koinonia), as *Corpus Christi* (liggaam van Christus) is. Daarom, in ons nadenke oor die erediens, as erediens van die lewe, sal daar met sensitiwiteit en wysheid besin moet word oor die doel van die erediens, as samekoms van gelowiges, as belangrike ruimte vir die vestiging

[85] Tydens die besoek aan die eredienste van die deelnemende gemeentes, was dit opvallend dat, alhoewel daar in alle gemeentes wel lidmate van verskillende tale en kulture teenwoordig was, twee van die gemeentes steeds dominant uit Afrikaanssprekende wit lidmate bestaan het, en een gemeente hoofsaaklik uit Engelssprekende swart lidmate. Alhoewel al drie gemeentes daarna streef om oop en ontvanklik vir alle persone te wees (en hulle gedeeltelik daarin slaag), is dit duidelik dat daar ‘n natuurlike groepering in elkeen plaasgevind het (sien hoofstuk 3 van hierdie navorsing).

van gesonde verhoudings wat deur die evangelie en die gedeelde geloof in Jesus Christus, en nie eerstens deur sosiale kriteria, saamgebind word (Ries & Hendriks 2013:2).

Ries en Hendrik (2013:2) wys op die tendens binne gemeentes, waarby die betrokkenheid by 'n diverse kulturele samelewing en sy uitdagings makliker as hulpverlening en/of barmhartigheid beleef word, met die gevolg dat gemeenskapsbetrokkenheid eerder as hulpverlening in die vorm van projekte beskou word, in plaas van verhoudingsbou as 'n vorm van koinonia. Kobus Schoeman (2010:135) verwys verder hierna en noem dat 'bringing members of the out-group nearer is more difficult, and supporting a ministry for them is much more acceptable than accepting them as members of one's congregation'. Die uitdaging vir die kerk se uitleef van haar missionale roeping en invloed ten opsigte van die sosiale uitdagings binne Suid-Afrika, word dus juis in die vestiging van 'n saambestaan tussen die betrokkenheid by sosiale uitdagings (diakonia) en gepaardgaande pogings tot effektiewe verhoudingsbou (koinonia) oor kulturele grense heen, gevind. Die einddoel is die vestiging van gesonde verhoudings wat deur die Goeie Nuus van die evangelie saamgebind word (Ries & Hendriks 2013:2). Strenski (2012:9) vra in dié verband 'n verdere belangrike vraag, naamlik: "Can there be 'society' without sacrifice? What are the minimum conditions for speaking of a religious culture or society?" Hierdie navorsing het probeer aandui dat 'n moontlike antwoord op hierdie vraag gevind word in die verstaan van 'n lewe van aanbidding, in dienskneggestalte, en dat die sogenaamde *Christopraxis*, van uiterste belang is vir die realisering van 'n nuwe, inklusiewe, getransformeerde gemeenskap, wat anders as die huidige verdeelde Suid-Afrikaanse gemeenskap daar uitsien, en 'n nuwe gemeenskap, gefundeerd in die leer en lewe van Jesus Christus tot gevolg sal hê.

6.2.2 RUIMTELIKHEID

Strenski (2012:9-10) wys tereg daarop dat, in die hart van geleefde religie, die erkenning van die materiële realiteit van die lewe gevind word. Die mens se lewe binne 'n bepaalde tyd en plek waar die materiële werklikhede aan die lewe van die mens help betekenis gee. Die materiële werklikhede omring, onderhou en vorm die mens. Enige nadenke oor die erediens, en impak daarvan op die lewe, sal moet erns maak met die materiële realiteit van gemeentes en gelowiges se tyd en konteks.

Vanuit die verstaan van die liturgie as ontmoetingsruimte, verwys die liturgie na die ruimte (of verskillende ruimtes) waarbinne die erediens en daaglikse kerkwees plaasvind (Grimes 2014:44-46). Wepener en Pauw (2004:111-112) wys ook op die belangrikheid van tyd en ruimtelikheid as 'n element van die liturgie en noem dat:

> Tyd, saam met ruimte, is 'n dimensie waardeur die mens met die werklikheid rondom hom omgaan. Dit is 'n onontkombare gegewe dat daar alleen binne die kader van tyd geleef en dus ook beleef kan word, en dus ook een van die kaders waarbinne God tot die mens en die mens tot God nader...Die wyse waarop daar omgegaan word met die tyd het ook invloed op die mens se identiteit.

Hierdie verstaan van *ruimte*, sluit dus die materialiteit, as aspek van geleefde religie in, maar behels ook meer as dit. Bydraes van onder andere Lefebre en Soja, het grootliks daartoe gelei dat ruimte, nie meer in terme van 'n rigiede axis-punt beskou word nie, maar eerder as 'n konstante proses van wording. So ook word ruimte aan die een kant deur die samelewing geproduseer, maar word die samelewing ook weer daardeur beïnvloed, gevorm en onderhou (Hubbard, Kitching & Valentine 2004:4 e.v., 10; Soja 1996:72). Sodoende, word ruimte (*chora*) 'n middel waardeur eindelose nuwe moontlikhede, om nuwe lewenswaarhede te ontdek, ontstaan (Cilliers 2008:3). Strenski (2012:10) bied 'n filosofiese perspektief op die potensiële impak van materiële ruimte en vra:

> Religious architecture, for example, plays a powerful role in grounding life in a wide range of senses... What material changes would make a particular sacred site more so, or less? Does walling or fencing in a cemetery make it more, or less, sacred? Is there a general or even universal language of sacred space? Under what conditions does the materiality of religion serve or hinder a religion?

In terme van ons nadenke oor die erediens van die lewe, bied die konsep van *ruimtelikheid*, soos deur Cilliers (2008:2-3) verwoord, belangrike roetemerkers, wat moontlik die vraag, soos deur Strenski geopper word, kan help beantwoord. Cilliers verduidelik *ruimtelikheid* aan die hand van vier breë kategorieë, naamlik: *fisiese ruimte* (wat geografies aangedui kan word en dus na fisiese plekke verwys – soos godsdienstige argitektuur); *verbeelde ruimte* (wat verwys na konsepte, idees en drome van hoe 'n ruimte behoort te wees); *geleerde of eksistensiële ruimte* (wat verwys na die onmiddellike omstandighede waarbinne 'n persoon van dag-tot-dag bestaan); en laastens, *antisiperende ruimte* (wat by verbeelde ruimte aansluit, alhoewel dit, dit ook oorskry). Liturgiese ruimte sluit wel *fisiese* en *eksistensiële* ruimte in, maar het ten doel om dit te transendeer sodat dit *verbeelde* en *antisiperende* ruimtes, vol verbeelding en

antisipasie te word. As ruimte het die liturgie (ook vanuit die verstaan van die erediens van die lewe, as geleefde geloof) ten doel om nuwe werklikhede te identifiseer en te laat realiseer.

Vanuit die verstaan van die erediens, as die erediens van die lewe, kan gemeentes en gelowiges, deur middel van die konsep van *reframing* (Cilliers 2010b), tot nuwe perspektief oor die aard en doel van ruimte, ook materiële ruimte gebring word, ten einde nuwe moontlikhede vir die inruiming en benutting daarvan te ontsluit, waardeur die koninkryk van God ook neerslag kan vind in die verskillende ruimtes, van die erediens van die lewe. Sodoende, word materiële besittings, offergawes tot eer van die Here; etenstafels, nagmaaltafels en die huis 'n klein-gemeente waar nuwelinge en vreemdelinge verwelkom en versorg word. Klomp en Barnard (2018:30) deel hierdie oortuiging en beskryf dit aan die hand van die konsep, "casual sacramentaliteit" as volg:

> In de notie van *casual* sacramentaliteit zoals wij die voorstellen, verwijst sacramentaliteit naar het verwelkomen van de ander, al dan niet God genoemd, in het fysieke, lichamelijke bestaan. Dit brengt ons ertoe '*casual* sacramentaliteit' te beschrijven als concrete fysieke en lichamelijke ('*embodied*') praktijken in het dagelijks bestaan die hun parallel hebben in strikte, klassieke sacramentele handelingen als eten, delen, danken, breken, genieten et cetera, en die en passant en informeel een opening bevatten naar de immanente ander, al dan niet God genoemd.

In ons nadenke oor die verband tussen geloof en lewe, en dus spesifiek die erediens en die lewe, is nie net die besinning oor *ruimte* van belang nie, maar ook geloofspraktyke, waardeur geloof in die verskillende leefruimtes gestalte vind.

6.2.3 GELEEFDE GELOOF

Die vraag na die verband tussen innerlike geloofsoortuigings, en uiterlike geloofspraktyke, word reeds sedert die ontstaan van die vroeë Christelike kerk gevra, soos gesien in die bekende uitspraak van Jakobus:

> Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red? Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: "Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg," maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan? So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood. Maar iemand kan miskien sê: "Die een het die geloof en die ander het die dade." Goed, wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys uit my dade (Jakobus 2:14-18).

Strenski (2012:11) wys daarop dat daar vanuit ‘n filosofiese perspektief, nie eenstemmigheid bestaan rondom die verband tussen geloof en lewe nie. Hy verduidelik dit as volg:

> Debates over the relative importance of what people ‘do’ over against what they ‘think’ are nothing new in the study of religion. Indeed, they are nothing new in the entire field of the study of human action in general. One such question is whether there is a sense in which practices are merely external. The implication here is that if they are ‘external,’ they are not as valid a measure of religious vitality as, say, inner experience or beliefs. The assumption is that there is something inauthentic and empty about a religion that places emphasis on ‘practices.’ But, is this true, and why? An entire series of related questions surfaces once we begin to probe such issues. To what extent, for example, can a regime of religious practices exist in the absence of beliefs? How do religious practices and moral principles articulate? Can they?

Soos reeds genoem, is daar ook vanuit die veld van die sielkunde groot belangstelling in die verband tussen ‘n persoon se geloof (en gepaardgaande rituele) en sy/haar lewe – die sogenaamde ‘Psychology of Religion’. Daar is gewys op die werk van Glock (1962), en sy multi-dimensionele benadering tot geloof, waarvolgens geloof, en die impak daarvan (of gebrek daaraan) op die individu se identiteit en lewe, op grond van verskillende dimensies verstaan is, naamlik: die ervarings-, ideologiese-, rituele-, kennis-, gevolg of effek-, gevoel-van-behoort dimensies. Wanneer dit kom by die verband tussen geloof en lewe, word daar vanuit die sielkundige navorsing veral gelet op die verband tussen: geloof en helpende gedrag; geloof en etiese/morele besluitneming; geloof en ‘n gesonde leefstyl; geloof en doelgerigte optrede; en ook geloof en hantering van uitdagings. Net soos in die geval van die filosofiese studies, is daar vanuit verskeie sielkundige studies ook onduidelikheid oor die mate van korrelasie tussen geloof en lewe – aan die een kant word daar beweer dat daar geen bewyse vir ‘n korrelasie tussen geloof en pro-sosiale gedrag gevind word nie (vgl. Darley en Batson 1973); daarenteen is Nelson (2010:313) van mening dat sielkundige studies wel op ‘n moontlike verband tussen geloof, spiritualiteit en ‘n gesonde leefstyl – beide op individuele en gemeenskaplike vlak, wys.

Vanuit ‘n teologiese perspektief daarenteen, bestaan die oortuiging dat geloof (en liturgie) en die lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind is, op mekaar inspeel en mekaar vorm. Die waarskuwing van Van der Merwe (1999:165), dat in ons ondersoek na die verhouding tussen liturgie en lewe, die korrekte verhouding tussen die twee gestaltes, om sodoende ‘n oorbeklemtoning van die een gestalte ten koste van die ander te voorkom, is belangrik. Hy verduidelik dat die bepaling van hierdie verhouding ‘n beduidende impak sal hê op die wyse

waarop die Sondag-erediens verstaan en ingerig word. Op sy beurt kan die inrigting van die Sondag-erediens die gelowige se dag-tot-dag bestaan in die ruimer erediens van die lewe beïnvloed. Die navorser deel hierdie oortuiging, en word dit in die afdeling wat volg in meer diepte bespreek, onder *liturgie en lewe*.

6.2.4 DIE VOLHEID VAN DIE MENS

Nóg 'n dimensie van geloof, is volgens Strenski (2012:10), die lewe van emosies, en die kognitiewe impak daarvan op die oortuigings en lewe van die individu. Hy noem dat:

> Feelings, moods, experiences and attitudes fill the world of religious life equally with, if not more than, other dimensions of human life. What is religion without feelings of guilt and glory, moods of sublimity and confidence, experiences of transport and despair, attitudes of reverence and awe?...perhaps, we should not assume that emotions and cognition stand apart. Do religious emotions, for instance, have cognitive value? Is there such a thing as religious emotional intelligence?

Ten opsigte van die navorsing se nadenke oor die erediens van die lewe, is dit belangrik om te let op een van die dominante, hedendaagse diskoerse binne die liturgiese landskap in Suid-Afrika, naamlik, dié van die *feestelikheid* van die erediens, of te wel die erediens as feestelike ontmoetingsruimte (Wepener & Bartlett 2014:2). Julian Müller wys onder meer, dat die erediens nie eerstens 'n stuk vormgodsdiens moet wees nie, maar 'n feestelike geleentheid wat deur blydskap en genot gekenmerk word, en wat moontlik daartoe mag bydrae dat meer persone nie net in die erediens belangstel nie, maar ook daaraan deelneem (Müller 1990:1-2). Op hierdie punt is dit relevant, ten opsigte van ons nadenke oor die aard en wese van die erediens, veral binne die NG kerk, om daarop te wys dat die Charismatiese gemeente, wat aan die empiriese ondersoek deelgeneem het, juis na die Sondag-erediens as die *feesdiens* verwys (vgl. Addendum P:439-440).

Wepener (2006:387) verduidelik dat hierdie fokus op die erediens as fees nie krities wil staan teen die tradisionele Reformatoriese slagspreuk *Praedicatio verbi Dei est verbum Dei* wat die waarde van die gepredikte woord in die liturgie beklemtoon nie, maar dit eerder wil aanvul en verryk deur die waardering van ook die liggaamlike- en emosionele deelname en belewenis binne die erediens-liturgie. Strenski (2012:10-11) noem tereg dat ook die fisiese liggaam onlosmaaklik aan die identiteit van die persoon, en sy/haar geloofsbelewenis gekoppel is, en

dit help vorm. Wepener (2006:387) deel hierdie oortuiging, alhoewel vanuit ‘n teologiese perspektief, en verduidelik dat die liggaamlike deelname in die vorm van sig, gevoel, smaak en selfs reuk belangrike elemente van die persoon se eredienservaring en algehele geloofsbelewenis is (vgl. Wepener 2015b:4-5). ’n Persoon se deelname aan liturgiese rituele behoort altyd ook liggaamlike deelname te wees, waarby die persoon in sy/haar volheid aan dié rituele deelneem, daarby betrokke is, en daardeur gevorm word, tot so mate dat die boodskap daarvan voortleef in die alledaagse leefruimtes van gelowiges (Barnard, Cilliers & Wepener 2014:207).

Die empiriese ondersoek ondersteun hierdie oortuiging, en wys juis daarop dat musiek, en die liggaamlike belewenis (wat dus ook die emosionele en sintuiglike belewenis insluit) daarvan, een van die kernliturgiese ruimtes is, waarbinne die lidmate op tasbare wyse van God se teenwoordigheid bewus geraak het. Daarom sal daar, in die verkenning van die erediens van die lewe, nie net gelet moet word op die teologiese inhoud van die erediens, en die verskeie liturgiese rituele nie, maar ook die liggaamlike- en emosionele belewenis daarvan deur lidmate. In die vergelyking van die uitgangspunte van die gewone lidmate, en dié van die leraars tydens die persoonlike- en fokusgroeponderhoude, is dit duidelik dat daar dikwels ‘n diskrepansie bestaan tussen die teologie van die erediens (soos in die teologiese denke van die leraars teenwoordig) en die aktuele belewenis van die lidmate is en dat daar moontlik ‘n gebrek aan die “praktiese” ten opsigte van die prakties-teologiese betekenis van die erediens blyk te wees.

Die konsep van geleefde religie, dien as ‘n waardevolle bril, waardeur dié navorsing se verstaan van die erediens, as die erediens van die lewe, beskou en uitgebrei kan word. Met hierdie konsep van geleefde religie in gedagte, gaan daar spesifiek gefokus word op die wyse waarop dit neerslag vind (behoort te vind) in die erediens, by wyse van ‘n bespreking van die verband tussen liturgie en lewe.

6.3 LITURGIE EN LEWE

In die voorafgaande afdeling is die verband tussen die erediens en die lewe verken vanuit ‘n filosofiese perspektief, aan die hand van die konsep van geleefde geloof. Hierdeur is daar, nie

net vanuit die teologiese oogpunt nie, maar ook vanuit ‘n inter-dissiplinêre perspektief, gewys op die moontlik verband tussen geloof en lewe. Alhoewel daar vanuit die filosofiese- en sielkundige geledere nie ooreenstemming bestaan oor die verband tussen geloof en lewe, en of daar wel van só ‘n verband te bespeur is nie, dui die empiriese ondersoek van hierdie navorsing wel daarop dat geloof en lewe wel onlosmaaklik aan mekaar verbind is (vgl. Smit 2002:126-127; Van der Merwe 1999) – ‘n oortuiging wat met hierdie ondersoek na die erediens, as erediens van die lewe, gemotiveer wil word.

Hierdie navorsing het ondersoek ingestel na die identiteitsvormende- en lewensimpakterende potensiaal van die erediens, wat voortleef in die alledaagse leefruimtes van gelowiges, en waardeur hierdie gelowiges op só wyse gevorm word ten einde hoop te bring in ‘n Suid-Afrikaanse gemeenskap in nood. Dat morele, etiese, en versorgende optrede en lewenswyse nie net tot die kerk beperk is nie, is seker. Dit is ‘n gegewe feit dat talle ander godsdienstige groepe, politieke- en welsynsorganisasies aktief betrokke is by verskeie hervormings-programme, met die doel om hoop in ‘n gebroke samelewing en die mens in nood te bring. Dit laat ons dan met die vraag: Wat maak die kerk, se rol in die wêreld dan anders? Of soos Johan van der Merwe (2006a:708) dit vra:

> Wat maak egter die Christelike manier van lewe in die wêreld werklik ‘Christelik? Daar is immers baie ander instansies wat besorg is oor armoede, werkloosheid, behuising, vigs en oorlog (en dikwels hierdie vorme van nood meer effektief bestry). Daar is meestal geen ooglopende verskil tussen ander instansies en die Christelike kerk se analise van samelewings-probleme én die lys van doelwitte in voorgestelde hervormings-programme nie. Onderskei die Christelike kerk haarself daarin dat sy ’n ander lewensbeskouing het wat haar filantropie motiveer? Is dit dat die Bybel gebruik word om mense te motiveer, terwyl ander skynbaar gemaklik daarsonder klaarkom? Is dit dus so dat Christene se dade gewoon met ’n ander innerlike ingesteldheid (of dan “vroomheid”) begelei word?

Pannenberg (1983:35-36) wys op die eie simboliese aard en -karakter van die kerk, wat die gemeenskap van gelowiges onderskei van die staat met sy politieke en sosiale-organiserende funksies. Hiermee word nie bedoel dat die kerk net vir godsdienstige dienste verantwoordelik is, terwyl die staat vir die dag-tot-dag, materiële behoeftes van die mens omsien nie, maar eerder dat die kerk op ‘n unieke, eiesoortige wyse tot die lewe van mense spreek en toetree, te wete deur haar inherente, simboliese identiteit en bestaan. Van der Merwe (2006a:709) verwys na die uitgangspunt van Wolterstorff (1983:146-148) wat die eiesoortigheid van die Christelike

wêreldbetrokkenheid, nie alleenlik in die innerlike geloofsoortuigings en vroomheid nie, maar wel in aanbidding, erediens, en deelname aan die liturgie van die kerk – en meer spesifiek in die ritmiese tussenspel tussen werk en liturgie uitwys. Hierdie navorsing sluit aan by hierdie oortuiging, maar plaas die fokus op die verband tussen die lewe (in plaas van werk) en die liturgie. Die navorsing wil poog om op hierdie uitgangspunt te bou, maar ook daarop uit te bou, deur die lewe en liturgie (erediens) nie te sien wat in afwisseling van mekaar bestaan nie, maar eerder onlosmaaklik deel van mekaar is – die lewe is vol liturgie, en net so is die liturgie gevul met die lewe.

In die ontluikende praxis teorie van hierdie ondersoek, is aan die hand van twee kernkonsepte, naamlik: die erediens en die lewe, en die erediens van die lewe, verwoord dat die Sondag-erediens en die erediens van die lewe nie net op mekaar inspeel nie, maar mekaar vorm en verryk (of benadeel). Van der Merwe (2006a:709-710) wys tereg daarop dat deelname aan die liturgie, die betrokkenheid by die soeke na reg en geregtigheid, versoening en transformasie in die Suid-Afrikaanse samelewing impliseer (vgl. Pieterse 2001, 2009, 2011; Burger 2009:15-30; Wepener 2003:194-210). Net so is die betrokkenheid in die alledaagse leefruimtes van mense, waar reg en geregtigheid nagejaag word, alleenlik Christelik outentiek, as dit uit die aanbidding voortspruit, en deur die evangelie-boodskap gevorm en gerig word. Liturgie, in die volheid van die verstaan daarvan as insluitend van alle rituele waardeur, en ruimtes waarin die mens God dien, is dus die waarmerk van gemeentes en gelowiges se lewe in die alledaagse leefruimtes. Só verstaan, is dit steeds moontlik vir enige persoon om wel met passie en ywer reg en geregtigheid, en selfs net ‘n goeie lewe, na te streef, sonder om die Sondag-erediens by te woon, maar in só ‘n geval sal die optrede net nie as Christelik, outentiek verstaan kan word nie. Die lewe, wat vir hierdie navorsing van belang is, is die Christelike leefwyse, van gelowiges wat as die liggaam van Christus in die dag-tot-dag leefruimtes ‘n verskil wil maak, en wie se lewens deur die erediens (en dus liturgiese rituele) gevorm word, sodat die boodskap daarvan voortleef in hul daaglikse lewe, en hulle lewe daardeur gevorm word.

Dat die erediens wel van belang is vir die lewens van gelowiges, maar ook vir die Suid-Afrikaanse samelewing in sy geheel, is duidelik vanuit die verstaan van die kerk, nie net as ‘n abstrakte entiteit nie, maar ook mense en gemeenskap, wat binne bepaalde sosiale omstandighede en realiteite bestaan. Die vraag is dus aan die een kant “Wie is die kerk?” en aan die ander kant “Waar is die kerk?” Dietrich Bonhoeffer, het gewys op die onlosmaaklike

verband tussen erediens en die lewe, toe hy verduidelik het dat die waarheid en wese van die kerk, nie in gepredikte leerstellinge gevind word nie, maar waarheid is wat gebeur, en geleef word in die alledaagse leefruimtes van gelowiges. Vir Bonhoefer was dit selfs moontlik dat gemeentes en gelowiges suiwer leer kon preek, en steeds onwaar en irrelevant wees, aangesien die waarheidskarakter van gemeentes en gelowiges se geloof afhang van die wyse waarop hierdie geloof neerslag vind in die lewe, dus geleefde geloof as kenmerk van die erediens van die lewe (Van der Merwe 2006a:715).

Die ware bewys van die impak van die boodskap van Christus, wat tydens die erediens, en deur die liturgie bemiddel word, word dus gevind in die wyse waarop hierdie boodskap geleef word in die alledaagse leefruimtes – gemeentes en gelowiges, verteenwoordig dus Christus, wat in die vorm van gemeentes en gelowiges steeds in die wêreld teenwoordig is, en hoop bring aan gebroke mense, en hul uit situasies van sonde en nood wil verlos. Vir Bonhoefer, was Christus die "mens vir ander", en daarom moet die kerk ook "kerk-vir-ander" wees – dus behoort daar 'n direkte ooreenstemming tussen die lewe van Christus (soos dit in die erediens verkondig word) en die lewe van gelowiges, in die erediens van die lewe wees. Net so sal die wêreldgerigtheid van gemeentes en gelowiges nie kan realiseer en voortbestaan sonder hul voortdurende terugkeer tot die waarheid van die Evangelie nie. Die erediens, soos in hierdie navorsing beskryf, kan aan die hand van die liturgie transformerend inwerk op die lewe van die mens, deurdat dit juis nie die uitdagings van die tyd wil omseil nie, maar in die lig van die evangelie van God se koninkryk, waarvan die eerste tekens reeds teenwoordig is, en die voleinding in die toekoms sal realiseer, wil stel. Die gevolg van só 'n verstaan van die erediens, sal sigbaar word in die lewe van gelowiges, wat met die nuwe visie of perspektief op die koninkryk van God, uitgestuur word na die wêreld, nie om die realiteite van die lewe te probeer ontvlug of selfs te verbloem nie, maar juis tot hierdie realiteite toe te tree, sodat die koninkryk van God, deur die lewe van Sy kerk, gestalte te midde van die wêreld en die lewe van ander sal vind. Die teendeel is natuurlik ook waar, naamlik dat die erediens daarenteen, as 'n ontvlugting van die gebroke werklikheid verstaan kan word, waar alleen dit wat God in die verlede gedoen het, gevier word. Sodoende verlaat hulle dan die erediens, alhoewel moontlik versterk en bemoedig, met blote bevestiging van dít wat hulle reeds geglo het, en afwagtend op die toekomstige wederkoms van God (Van der Merwe 1999:8-9). Van der Merwe (2006a:715) wys op die verband tussen die erediens en die lewe, wat op mekaar inspeel en help vorm, as hy sê:

> Innerlikheid sonder wêreldgerigtheid is blind en 'n religieuse ghetto, maar sonder die innerlikheid is die kerk se wêreldgerigtheid leeg en nie kenmerkend Christelik nie. Bid en die stry vir reg en geregtigheid gaan dus hand aan hand. Weereens: Christelike etiek ontspring in aanbidding. In die erediens is die kerk duidelik met simbole besig, maar ook die liturgie kan haar simboliese, heenwysende karakter vergeet. Dan word liturgie dooie ritueel en word die simboliese aard van die versamelde Christelike gemeenskap nie herken nie.

Indien daar vanuit die oortuiging te werk gegaan word dat die erediens en die lewe inderdaad onlosmaaklik aan mekaar verbind is, waarsku Van der Merwe (2006b:720) dat, in ons nadenke oor die verband tussen die erediens en die lewe, die aard en doel van die liturgie nie verlore sal gaan nie, maar juis herontdek sal word, ten einde die impak daarvan op die lewe tot volle reg te laat kom. Die liturgie, alhoewel dit met die lewe in verband staan, se inhoud en doel word nie deur die lewe bepaal nie, maar net relevant tot die lewe verwoord, sodat dit in die lewe kan realiseer. Om hierdie punt te illustreer, word die konsep van die "politiese-erediens", soos deur Van der Merwe (2006b) en Smit (2002) beskryf, as voorbeeld geneem. Hulle verduidelik, aan die hand van hierdie konsep, dat die liturgie, alhoewel dit in verband met die lewe staan, nie daarop gemik is om kennis van die sosiale of ekonomiese realiteite van die lewe, te kommunikeer nie, maar eerder ten doel het om die mens te vorm, tot mense wat geregtigheid en ongeregtigheid (en die afwesigheid daarvan) sal herken, en die realisering daarvan sal najaag, aangesien die wese daarvan, in hul harte lewe, danksy die evangelie boodskap van Jesus en die koninkryk van God, wat deur die liturgie aan hulle bemiddel is. In die hart van die erediens lê die ontdekking van nuwe perspektiewe op die wie God is, en waaroor die koninkryk van God werklik gaan, sodat die mens uit vrye keuse in die voorbeeld van Jesus Christus sal volg.

Die doel van die liturgie is dus om te wys op die gemeenskap van gelowiges met God, met mekaar en die wêreld. As gemeenskap van gelowiges, moet gemeentes en gelowiges se lewe egter wys op 'n paradigmatiese gemeenskap, deur wie se bestaan 'n blik gegee word om wat die wêreld *kan* en *behoort* te wees, maar nog nie is nie. Die liturgie het ten doel om hierdie alternatiewe moontlikhede en potensiaal van God se koninkryk te visualiseer, maar op baie konkrete wyse, sodat die lidmate die praktiese implikasie daarvan, op elke terrein van die lewe sal verstaan. Hierdie nuwe werklikhede wat deur God se koninkryk moontlik gemaak word, moet nie in die liturgie slegs as teologiese konsepte en ideale verwoord word nie, maar op só 'n wyse dat die impak daarvan vir huwelike, gesinne, verhoudings by die werkplek, persone in

nood, skoolverhoudings, etiese besluitneming, en elke ander faset van die alledaagse lewe duidelik uit die Woord aan die woord kom. Ten opsigte van die erediens as erediens van die lewe, word daar gevra: "Laat U koninkryk kom" – *in ons* (deur die liturgie en aanbidding), en *deur ons* ('n lewe van aanbidding in die erediens van die lewe) (Smit 2002:129-131; Van der Merwe 2006b:721).

Dit laat ons egter met die vraag dat, indien die liturgie nie ten doel het om nuwe kennis oor sosiale en ekonomiese realiteite te kommunikeer nie, maar die lewens van gelowiges ten opsigte daarvan wil vorm, hoe die openbare relevansie van die erediens dan in die liturgie aan die woord moet kom. Van der Merwe (2006b:722) stel die vraag as volg:

> Die verband tussen die geloofsgemeenskap wat in sy liturgie sy vryheid vier en die geloofsgemeenskap wat in sosio-ekonomies-politiese werklikhede selfopofferend die Evangeliese vryheid gaan uitleef, is egter nie so duidelik nie. Anders gestel: Watter openbare relevansie het die erediens? Hoe "polities" is die erediens? Is die erediens byvoorbeeld alleen "polities" wanneer die een of ander samelewingskwessie in die prediking aan die orde kom (wanneer temas soos armoede of ekologie deel van die "toepassingsveld" van die Bybelteks van die dag word)?

Die begrip "politieke erediens" was reeds by Karl Barth aanwesig, wie 'n onderskeid getref het tussen drie tipes eredienste, naamlik: die erediens van die alledaagse lewe; die gemeentelike (ekklesiale) erediens; en die politieke erediens. Ten opsigte van die laasgenoemde het Barth die erediens verstaan in terme van die kerk se rol in verhouding met die staat, waarin die kerk vir die staat sy godgegewe mandaat verwoord het (Smit 2002:133-140; Van der Merwe 2006b:722). Bernd Wannenwetsch (1997) is egter van mening dat hierdie verstaan van die politieke erediens nie in ag neem dat die gemeente, wat in die erediens teenwoordig is, ook reeds 'n "politieke gemeenskap" is, wat te midde van hierdie politiese realiteite lewe, daardeur geraak word en daaroor nadink, en wat sy lewensvorm in verband daarmee, in die erediens ontvang. Hy verstaan vervolgens die politieke erediens nie as afsonderlike erediensvorm wat per geleentheid plaasvind nie, maar eerder as 'n konsep wat al drie erediensvorme, soos deur Barth identifiseer, in een algehele erediensvorm omvat. Vir hom is die politieke erediens dus die samekoms van Christenburgers, wat as Christene burgers van die koninkryk van God is (die ekklesia); hul eie etiek (of dan politiek) het; asook hul eie lewenswaardes en -wyse (die alledaagse lewe) (Smit 2002:140).

Die erediens is dus lewensvorm, en word die lewe van gelowiges in die erediens beliggaam, sodat dit beoefen word – ook binne die ekonomie en politiek. Die politieke erediens het dus ten doel om die kerk daartoe in staat te stel om bewus te wees van die inherente politiese- en sosiale dimensie van haar lewensvorm en bestaansdoel, soos in die erediens verwoord en ontvang (Smit 2002; Wannenwetsch 1997). Van der Merwe (2006b:723-724) sluit aan by die uitgangspunt van Wannenwetsch, en verduidelik dat die eerste gelowiges hierdie waarheid verstaan en geleef het, sodat deur hulle lewe die politiek en ekonomie van God se koninkryk in die erediens gevier het, en in die alledaagse leefruimtes geleef het. Die gevolg is dat daar, deur die lewe van hierdie eerste aanbiddende gemeenskap, versoening plaasgevind, tussen groepe wat in dié tyd as onversoenbaar gereken is – vroue, slawe, kinders, Jood, Heiden, ensomeer.

Die navorser is van mening dat die implikasie van die konsep "politiese erediens" ooreenstem met hierdie navorsing se verstaan van die erediens, as die erediens van die lewe, maar dat 'n verstaan van die erediens as "lewe", nog meer omvattend is, en alle areas van die lewe insluit. Om die implikasie van hierdie verstaan van die erediens nog verder te verduidelik, kom die vermaning van Paulus, in Romeine 12:1-2, weereens aan die woord:

> En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

Die verstaan van die erediens, as erediens van die lewe, vra dat die geloofsgemeenskap nie op negatiewe wyse 'n kontra-gemeenskap moet wees, wat bloot wys op die gebroke realiteit van die wêreld en krities daarteen staan nie. Deur bloot te kritiseer, word slegs die gebrokenheid uitgewys, maar genesing steeds nie bewerkstellig nie. Die erediens van die lewe moet daarom nie alleenlik krities van aard wees nie, maar ook formatief van aard, anders gestel: kritiek, wat die gedagtes en lewens van lidmate wil vorm, om aktief by die gebrokenheid en ongeregtighede betrokke te raak en dit aan te spreek. Alhoewel die erediens beslis uitsprake oor lewenskwessies wil, en behoort te maak, is dit primêr gerig op die vorming van die lewens van gelowiges, wat die koninkryk van God in die alledaagse leefruimtes, deur die erediens van hul lewe, laat realiseer (Van der Merwe 2006b:724). Paulus se vermaning aan die gelowiges, om nie aan die wêreld gelyk te word nie, maar om hul denke te laat verander, het te make met die impak van

hierdie veranderende denkwyse op hul leefwyse. Dus moet hierdie vermaning, en die omvang van betekenis daarvan, nie vir die moderne leser verlore gaan nie. In die erediens van die lewe, word die gelowige individu ook opgeroep om nie aan die wêreld gelyk te word nie, maar sy/haar denke (perspektief) deur die Woord (soos in die liturgie verkondig) te laat verander – om nie net krities teenoor die wêreld te staan nie, maar genesend, hoop-gewend, en in liefde toe te tree tot die verskeidenheid ruimtes van die lewe.

In ‘n poging om die verband tussen die liturgie en lewe, soos hierbo bespreek, verder uit lig, word daar voorts op die verband tussen enkele liturgiese rituele (naamlik: die nagmaal, doop, offergawe en seën) en die lewe, kortliks verwoord.

6.3.1 DIE DOOP EN NAGMAAL

Burger (2005:37-58) wys op die dubbele betekenis van die nagmaal, deurdat dit in die eerste plek die mens aan Jesus herinner, maar ook met Jesus verenig. Vir hom is die nagmaal die geleentheid waardeur die gemeente (en gelowige) tot ‘n dieper kennis van God se karakter en identiteit kom, en daardeur onder indruk van hulle eie identiteit en bestaansdoel as beeld van God kom. Die nagmaal en die doop is die sigbare uitbeelding van God se plan vir ‘n gebroke wêreld en sy mense, deurdat dit heenwys na die lewe, kruisdood en opstanding van Jesus Christus. As herinneringstekens, wys dit op die waarheid dat Christelike identiteit, meer as bloot ‘n uiterlike kledingstuk is, maar inderdaad ‘n dinamiese lewenswyse in navolging van die voorbeeld van hierdie Christus, wat in die doop en nagmaal aan gelowiges openbaar word (Zimmerman 1993:78). Die doop en die nagmaal wys op die versoeningsdade van God, deur Jesus Christus, waardeur God die inisiatief geneem het, en in liefde die mens nie net vergewe het nie, maar inderdaad met Hom versoen is. Vir ons fokus op die erediens van die lewe is dit hier van belang om daarop te wys dat die sakramente nie alleenlik wys op die geskiedenis van God se versoeningsdade nie – die God wat deur die geskiedenis versoenend opgetree het, tree vandag steeds só op, en nooi Sy kinders om deel te neem aan hierdie versoenende optrede in die alledaagse leefruimtes (Uytenbogaardt 2002:161).

Tydens die nagmaal ontmoet ons God as die Een wat deur die geskiedenis versoening bewerk het en steeds bewerk (Uytenbogaardt 2002:161). Vanuit hierdie navorsing se verstaan van die erediens van die lewe, behoort die doop en nagmaal uiters relevant en betekenisvol binne die

Suid-Afrikaanse konteks en samelewing te wees, aangesien die gelowige daardeur opgeroep word om sy/haar identiteit en lewensroeping te verstaan binne hierdie voorbeeld van versoening (Wepener 2002, 2004; Wepener & Van der Merwe 2009; Zimmerman 1993:78).

Pannenberg (1983:40-41) beklemtoon ook die nagmaal se belang in die realisering van die kerk se roeping tot die wêreld, en die gelowige se toetrede tot die lewenswerklikhede van ander in nood, aangesien die wese van die gemeenskap van gelowiges met mekaar en ander, ten diepste uitgebeeld word in die gemeenskap van gelowiges met Christus, soos dit in die nagmaal gevier word. Soos reeds in Hoofstuk 3 en 4 van hierdie navorsing genoem, word die betekenis van die nagmaal, vir die lewe van lidmate, grootliks beperk tot die innerlike belewenis van sondebelydenis en -vergifnis, en gevolglik kom die volle, sosiale impak daarvan nie ten volle aan die woord nie. Vir Pannenberg word die volle betekenis van die nagmaal juis gevind in die talle sosiale implikasies daarvan, wat deur Paulus aan die gelowiges uitgewys word, en waardeur hy hulle bemoedig om die sosiale implikasie daarvan uit te leef, in hul omgang met ander in die dag-tot-dag ruimtes van die lewe. Van der Merwe (2006b:721) stel dit op treffende wyse as hy sê "God se brood kan vrygewig gedeel word en ons een maak met Christus, of dit kan teken wees van 'n verwende bestaan in luuksheid waaraan ons krampagtig vasklou" (vgl. Wepener & Cilliers 2004). Barnard, Cilliers en Wepener (2014:331) beskryf die viering van die nagmaal, en die sosiale impak daarvan op treffende wyse:

> The way in which the congregation approaches God should influence the way in which it approaches life fundamentally: the approach of God in worship is a coming near in expectation of meeting the completely other. Christian life as it is performed daily is a life of expectation of the other: not 'me', but 'you' is the foremost subject. The table of the Lord and the table at home are analogous.

Só verstaan, kry die nagmaal 'n tweeledige betekenis, naamlik: dit wys op 'n liefdesgemeenskap van gelowiges, wat mekaar onderling bemoedig en versorg; terwyl dit ook wys op die karakter van hierdie gemeenskap as 'n offer-gemeenskap wat, in die voorbeeld van Christus wat vir die mens geoffer is, hulself aan die wêreld en ander offer, ten einde die koninkryk van God in die wêreld en lewe van ander te laat realiseer. Vir Pannenberg, het die nagmaal dus ook 'n eskatologiese implikasie, aangesien Christus nie net maaltye met Sy dissipels gevier het nie, maar juis ook saam met tollenaars en sondaars aan tafel gesit het en hulle oor die Koninkryk van God geleer het, maar met die waarskuwing dat Hy nie weer aan die beker sal drink voordat dié Koninkryk gekom het nie (Van der Merwe 2006:717).

Vanuit dié navorsing se empiriese ondersoek[86], asook die vorige navorsing se empiriese ondersoek[87] van hierdie navorsing, is daar egter bevind dat bogenoemde betekenis van die doop en nagmaal nie doeltreffend en betekenisvol aan lidmate kommunikeer word nie, en dat lidmate, behalwe vir die persoonlike dimensie van sondevergifnis en verlossing, nie werklik bewus is van die implikasie van die sakramente vir hul dag-tot-dag bestaan nie. Waar 'n mede-navorser wel gewys het op die viering van die doop en die nagmaal, wat betekenisvol beleef is, was dit dikwels in geleenthede waar daar kreatief met die bediening van die sakramente omgegaan is – daar blyk dus groot waarde te wees in pogings om alternatiewe maniere vir die bediening van die doop en nagmaal te bedink. Hier is dit egter belangrik om daarop te wys dat met kreatief, nie bloot kreatiewe vryheid bedoel word nie, maar wel doelgerigte kreatiwiteit - om op alternatiewe wyses van omgang met die sakrament, in terme van woorde, gebare, en materiële elemente, die inherente teologiese rykdom van die ritueel te dien, ten einde die betekenis daarvan te laat realiseer. Dit is inderdaad so, dat binne die huidige tydsgees, die "sacramental and the theological are closer to artistry, than to academic research and methods" en dat die kreatiewe omgaan met die sakramente nuwe moontlikhede vir die lewe wat daaruit vloei, ontsluit (Barnard, Cilliers & Wepener 2014:324-328, 338).

Die navorser wil, in aansluiting met Barnard, Cilliers en Wepener (2014), 'n saak stel vir die herontdekking van die waarde van die sakramente, deur middel van die meer kreatiewe omgang met die ritueel as uitvoerende handeling. Die teenargument word meestal gevind in die verwysing na die 'heiligheid' van die doop en die nagmaal – só verstaan word die 'heiligheid' van die doop en nagmaal verseker, deur die gebruik in ooreenstemming met die oorgelewerde tekens en bewoording, en selfs dieselfde oorgelewerde materiële elemente, soos die silwer skinkborde en beker. Die 'heiligheid' van die sakramente word sekerlik nie gevind in die brood en wyn as sulks nie, maar tot die dieper waarheid waarna dit verwys. Net so word die 'heiligheid' beswaarlik verseker deur die tradisionele gebruik daarvan, maar juis eerder in die impak daarvan wanneer dit die evangelie waarheid op só wyse aan die mens bemiddel, dat hy/sy God op nuwe maniere leer ken, juis binne 'n wêreld wat konstant besig is om te verander, en die boodskap van die sakrament in die lewe van mense neerslag vind. Soos Barnard, Cilliers en Wepener (2014:343) tereg opmerk:

[86] Sien punt 4.3.2.1
[87] Sien Barnard (2016:130)

> Rituals are the expression of meanings and meaning does not exist apart from human beings. Rituals include words as well as music, gestures, symbols, material elements, etc. Like expressions, rituals create a reality that upholds the expressed meanings. Participants in rituals – communicants at the holy table or baptismal candidates – participate in the expression of meaning, but are also formed by these meanings. The expressed meanings can come to possess them.

Liturgiese vorm is tegelykertyd die produk van, en die produseerder van teologiese insigte en betekenis. Daarom, in ons nadenke oor die viering van die sakramente, is die vorm waarin dit bedien word ‘n uiters belangrike oorweging ten einde die betekenis daarvan aan die woord te laat kom. Reeds in die lees van die Nuwe Testament is dit duidelik dat die vorm wat die nagmaal aangeneem het met verloop van tyd aangepas is, terwyl dit steeds allereers op die teenwoordigheid van God wys (Stringer 2005:48-49; Wepener 2009b:69-86). Die maaltyd, waartydens Jesus die nagmaal ingestel het, word deur die meeste geleerdes aanvaar as die tradisionele Paasmaaltyd, wat onder andere die aanlê aan tafel, die verspreiding van aalmoese, en die eet van ‘n stukkie brood wat gebreek is en in ‘n bitter sous gedoop is, om te herinner aan die bitterheid van die lewe in Egipte, sou behels. Brood het die betekenis gedra van God se voorsiening, aangesien dit die stapelvoedsel van die tyd was, terwyl die wyn verteenwoordigend was van God se oorvloedige seën. Teen die tyd van die eerste gelowiges in Handelinge, word daar tydens die nagmaal-viering wel gewys op die breek van die brood en tafelgemeenskap, maar is daar geen sprake van die wyn of die instellingswoorde van Jesus nie. In 1 Korintiërs 11 verwys Paulus wel na die brood en wyn, asook die woorde van Jesus, maar is dit duidelik dat die nagmaal hier eerstens wys op die herinnering aan die dood van Christus, maar ook ‘n verdere betekenis gekry het, as die viering van *onderlinge gemeenskap,* waar die gemeenskap eerstens saam die gemeenskaplike maaltyd gevier het, waarna die viering van die Nagmaal sou plaasvind (Douglas et al. 1974:748-752; Wepener 2010:18-20).

Wepener (2010) wys tereg daarop dat die tafelmetafoor, die breek van die brood en die drink van wyn, op verskillende vorme in die evangelie en Handelinge van Lukas beskryf word, maar ten spyte van die unieke vorme, altyd iets oor Christus wil leer. Die vorm wat die ritueel aanneem, is dus uiters belangrik vir die boodskap wat daardeur kommunikeer wil word. Om hierdie rede staan die navorser krities teenoor sy eie denominasie se gebruik tydens die nagmaalviering waar die brood reeds in klein blokkies berei is, en die wyn of druiwesap reeds in kelkies, op duur silwer skinkborde gereed staan, en met die tafeldoek bedek is, aangesien hierdie gebruik nie spreek tot die aard en wese van die nagmaal as gemeenskaplike ete nie

(Barnard, Cilliers & Wepener 2014:349). Die navorser is van mening dat nuwe denke oor die wyse waarop die nagmaal gevier word, verreikende gevolge vir die gemeente en gelowiges in die alledaagse leefruimtes sal hê. Dalk kan dit van waarde wees om gemeentelede te vra om elkeen die brood en wyn na die tafel te bring, en dat hierdie brood en wyn dan aan die gemeente bedien sal word – nie in silwer borde en kelkies nie, maar in papierglasies en -borde[88], ten einde te verseker dat die skottelgoed na die maal ook min is. Indien daar brood en wyn oorbly, is dit dan ook die ideale geleentheid om hierdie weer te neem, en te gaan uitdeel aan ander, of dan weer die maaltyd te herdenk deur te saam te vier by die huis of by die werkplek (vgl. Gerrish 1993; Smit 2014:336-339). Binne 'n Suid-Afrikaanse konteks van armoede, kan die brood en die wyn vervang word met die kos en drank van die armes, ten einde die vereenselwiging met die armes, tydens die nagmaal, uit te lig (Wepener & Cilliers 2004:371).

Hierdie navorsing wil egter nie primêr fokus op die alternatiewe *vorme* waarin die nagmaal en die doop bedien kan word nie, maar eerder die betekenis van die rituele vir die lewe, en hoe dit in die erediens van die lewe gevier kan word. In die hart van die viering van die nagmaal, lê die boodskap van versoening, waar die mens wat voor die altaar verskyn en daaraan herinner word dat hy/sy in vrede met sy/haar broer, suster en mede-mens moet leef:

> "As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe" (Matteus 5:23-24).

Die viering van die nagmaal is dus die viering van versoening – beide wat Christus reeds bewerkstellig het, en ook nou verder, deur die kerk as Sy liggaam, wil bewerkstellig. Deur vrywillig aan te sit aan die tafel, word die gelowige opnuut weer herinner aan die versoening wat vir hom/haar moontlik gemaak is, maar word die mens ook opgeroep tot vrywillige deelname aan die versoeningswerk van Christus. Die nagmaal moet ook herinner aan die opdrag om lief te hê, soos wat Christus liefgehad het; te vergewe soos wat Christus ook jou vergewe het; en om in woord en daad uit te reik na ander in nood, soos wat Christus vlees geword het en onder mense kom woon het. Die nagmaal roep eggenote op om die huweliksbande te herstel, die foute van die verlede te vergewe en met mekaar versoen te word; dit roep ouers en kinders op die verhouding met mekaar te herstel; dit roep huiseienaars op om

[88] Ten einde 'n ekologiese klem te dra, kan daar spesifiek gekies word vir bio-afbreekbare, of herwinbare glasies en borde.

in liefde op te tree teenoor hul huishulpe[89]; dit roep jou op tot versoening en gemeenskap met die bure wat anderskleurig is; en tot gemeenskap met die boemelaar op straat, en nog soveel meer.

Die nagmaal, as gemeenskaplike maaltyd waardeur die versoening van Christus gevier word, spreek inderdaad tot die alledaagse leefruimtes van mense. In die erediens van die lewe, sal die nagmaal dus nie net gevier word, wanneer die tekens van die brood en die wyn saam as huisgesin gebruik word nie, maar ook wanneer pap saam gebreek word by Bongi se straatkombuis by die taxi-rank; of wanneer man en vrou, na jare se terapie uiteindelik met mekaar versoen is, en dit gevier word rondom ‘n ete by ‘n restaurant; of waar Pa en seun weer op goeie voet is en dit vier deur saam ‘n Spur-wafel te geniet – in die erediens van die lewe word die versoening tussen mense gevier, rondom die etenstafel waar daar saam geëet, drink en feesgevier word.

Ten opsigte van die doop, noem Van der Merwe (2009c:129) dat dit inderdaad ‘n goeie teken is dat daar vandag in die kerk daadwerklike pogings is om na te dink oor die betekenis van die doop, en die wyse waarop dit in gemeentes gevier word. Dat gelowiges vandag al meer vrae rondom die doop, en dan ook hul eie doop stel, is ‘n tendens wat al meer in gemeentes na vore kom, en ook uit die empiriese ondersoek van dié navorsing bevestig is. Die positiewe hiervan is dat die doop inderdaad vir gelowiges baie belangrik is, en dat hulle daarom die begeerte het om hul eie doop as sinvol te beleef, of net self te kan beleef – lidmate wil ‘n belewenis van die doop hê. Hy waarsku egter dat daar nie op onverantwoordelike en onnadenkende wyse met die doop eksperimenteer moet word nie, terwyl die kinderdoop ook nie sonder meer eenkant toe geskuif moet word nie. Vir hom lê die “probleem” met die doop nie by die doop van kinders, of by die doop in die algemeen nie[90], maar wel by dit wat vóór en ná die doop gebeur. Hy stel dit as volg:

> Waarskynlik omdat daar al die jare so min teenspraak teen die kinderdoop was, het die kerk onnadenkend begin doop, of minstens nagelaat om die doop te vertaal in ‘n lewenswyse binne

[89] Hierdie voorbeeld word juis gekies vanuit die navorser se persoonlike konteks, as wit persoon, waar die huiseienaar meestal wit, en die huishulp ‘n swart, vroulike persoon is. ‘n Keuse vir hierdie voorbeeld word gemaak, nie om bestaande stereotipes instand te hou nie, maar juis vanweë die relevansie daarvan, binne die Suid-Afrikaanse samelewing, met sy inherente gespanne rasse-verhoudinge, wat dikwels neerslag vind in die verhouding tussen werkgewer en werknemer.

[90] Vanuit die empiriese ondersoek het dit na vore gekom dat lidmate wat as kind gedoop is, en lidmate wat as volwassenes gedoop is, nie die volle omvang van die betekenis van die doop vir hul lewe begrip het nie (vgl. Hoofstuk 3 van dié navorsing).

> die geloofsgemeenskap wat met die doop ooreenstem en uitgesproke daarmee in verband staan. Die doop bied aan ons die enorme uitdaging en voorreg om dit vir lede van die liggaam van Christus duidelik te maak watter vorm die Christelike lewe van dissipelskap aanneem, hoe ons in ons identiteit as gedooptes kan en behoort te groei en watter gesindhede en geloofsdissiplines daarmee ooreenstem. Omdat ons nagelaat het wat voor en na die doop moet gebeur, lê die verwarring rondom die doop op niemand anders nie as op ons eie rekening en verg dit tans aansienlike deposito's in nadenke en praktyke wat die doop in gemeentes omring (Van der Merwe 2009c:130).

In pogings om die doop en die betekenis daarvan te herdenk, wys Van der Merwe (2009c:142-143) tereg daarop dat sommige gemeentes reeds gebruik maak van 'n vorm van doop-herinnering, hetsy deur die plaas van waterbakkies by die ingange van die erediens (waarin lidmate hul hande kan druk, as herinnering van hul eie doop), of deur 'n doopherinnering tydens die belydenisaflegging van tieners (soos in die navorser se eie gemeente ook die gebruik is)[91]. Nog 'n moontlike wyse waarop die doop herdenk kan word, is juis ten opsigte van die kategese van kinders en jongmense – deur voor die aanvang van die kategese-groepe, die doop van die kinders en jongmense te herdenk as die beginpunt vir die geloofsreis waarop hulle hul tans bevind. In gemeentes met gesinsbedieninge kan gesinsdienste of kindermomente ideale geleenthede wees, waarby beide kinders en ouers aan die doop en hul doopbelofte herinner word. Die element van water laat natuurlik baie speelruimte in die gebruik daarvan tydens die herinnering aan die doop en die betekenis daarvan – water kan gevoel word, maar dit kan ook gehoor en geproe word, dit kan warm of koud wees, dit kan staties wees of vrylik heen in weer in branders spoel, dit kan gebottel wees of vrylik uit die hemele reën – hoe dit ook al sy: water (in welke vorm ook al) is die herinnering aan God se sorg en die nuwe lewe wat in Hom gevind word (soos Hy in die doop belowe het dit sal wees).

Dalk lê daar 'n verdere moontlike wyse waarop die doop se betekenis vir lidmate kan waar word, in die opdrag van Jesus aan Sy dissipels, om dissipels van ander te gaan maak, en hulle te doop in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees? Indien die doop die geleentheid is waardeur 'n persoon ingelyf word tot die gemeenskap van gelowiges, het die opdrag van Jesus (gekoppel aan die doop) te make met die uitreik na ander, met die doel om hulle deel te maak van die gemeenskap van gelowiges. Die doop herinner ons dat God die inisiatief geneem het, en 'n verhouding tussen Hom en dopeling tot stand gebring het – 'n verhouding gegrond is

[91] Sien ook die besluite oor, en riglyne vir die doopviering of -herinnering, soos verwoord op bladsy 92-93 & 163-164, van die Handelinge van die Algemene Sinode, van 2011.

liefde, sorg, beskerming en nog meer. Die betekenis van die doop, word dus nie net waar in gereelde doopherinnering nie, maar wanneer die mens, as gedoopte, in navolging van Christus die inisiatief neem en verhoudings met hul mede-mense tot stand bring – verhoudings wat ook gekenmerk word deur eienskappe van God se verhouding met die mens. Anders gestel – die doop van die gedoopte, kry dieper betekenis, namate hy/sy as gedoopte gaan na alle nasies, en in verhouding met hul mede-mens God se koninkryk laat kom (vgl. Burger & Wepener 2007; Van der Merwe 2009c:138-141).

6.3.2 DIE OFFERGAWES & SEËNGROET

Die offergawes, wat ook as dankoffers bekendstaan, is een van die liturgiese rituele wat vandag, in terme van belangrikheid, agterweë bly. Binne die huidige finansiële klimaat van die gemiddelde Suid-Afrikaner, is talle predikant versigtig om finansies enigsins deel te maak van die liturgie en erediens – daarom dat die offergawe dikwels as ‘n addendum tot die liturgie hanteer word, en iets wat so gou as moontlik, en so onopsigtelik as moontlik afgehandel moet word. In talle gemeentes is dit selfs die gebruik dat lidmate se aandag van die offergawe afgetrek word, deur die week se afkondigings tydens die offergawe moment te hanteer, of die offergawegeleentheid te benut om die gemeente se finansiële state voor te lê, as ‘n oproep tot groter bydraes (Barnard, Cilliers & Wepener 2014:348). Tóg lê daar ‘n diep betekenis oopgesluit in die woorde: “Gemeente, kom ons ***dien*** nou die Here met ons offergawes”. Die ritueel van die offergawe spreek juis tot die huidige konteks en ekonomie (Barnard, Cilliers & Wepener 2014:346-347). Die gelykenis van die verlore muntstuk, in Lukas 15:8-9, spreek tot hierdie waarheid:

> Of watter vrou wat tien silwermuntstukke het en een raak weg, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie? En as sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: ‘Wees saam met my bly, want ek het my geld wat weggeraak het, weer gekry.’

In hierdie gelykenis word die toehoorders daarvan geïdentifiseer met die verlore muntstuk – dus met geld. In die dieper luister na dié gelykenis word die toehoorders daarvan getransformeer tot die werkende, lewende kapitaal van die koninkryk van God – die lewende offers waarna Paulus in Romeine 12 verwys. Hierdie verstaan het daadwerklike implikasies vir die offergawe as liturgiese ritueel, en die betekenis daarvan vir die erediens van die lewe. Die offergawe wat tydens hierdie ritueel gegee word, is nie allereers die note, of munte wat in die kollektebord (of mandjie) gegooi word nie, maar die mens self wat as offer ingesamel word –

net soos die brood wys op die liggaam, so wys die dankoffers op die lewende offers wat ingesamel word, naamlik die gelowige individu, wat hom/haar bereidwillig verklaar tot diens in die koninkryk van God (Barnard, Cilliers & Wepener 2014:348; Wepener & Cilliers 2004:369).

Onder die eerste gelowiges het die offergawes bestaan uit die insameling van klere, skoene, graan, kos, wyn, ensomeer (*in natura*) – dus: benodigdhede wat na die erediens gebring is, om dan onder behoeftiges te versprei volgens elkeen se behoefte (Wepener & Cilliers 2004:368-369). Onder al hierdie gawes, sou die diakens dan die brood en die wyn vir die viering van die Nagmaal neem en daarvolgens aan die gemeente bedien. Al wat in die moderne milieu van hierdie offergawe oorgebly het, is die geldelike insameling, wat volgens die navorsing negatief inwerk op die bediening aan die gemeente en deur die gemeente. Sodoende word ‘n verskoning aan lidmate gegee, om nie persoonlik betrokke te raak in God se versoenende optrede in die samelewing nie, aangesien die oortuiging bestaan dat, deur sy/haar dankoffer, die kerk in staat gestel word vir die dienswerk, wat deur enkele, uitgesoekte amptenare uitgevoer moet word.

Ook hieroor sal daar dus opnuut besin moet word - die wyse waarop die ritueel van die offergawe, tydens die Sondag-erediens gestalte vind, ten einde die diepte van betekenis daarvan aan die woord te laat kom. Die offerritueel het ten doel om gelowiges op te roep, om self, in hul alledaagse lewe, lewende offers vir God te wees, waardeur God se koninkryk kan kom in die lewens van behoeftes en noodlydendes. Die liturgie van die offergawe, wat in die Sondag-erediens tot sy volle reg kom, wil gelowiges oproep om lewende offers, in diens van God se koninkryk in die erediens van die lewe te gaan wees. In die erediens van die lewe, word daar ook, net soos by die eerste gelowiges, steeds skoene, klere, kos, komberse, ensomeer benodig, maar die offergawe van die lewende offers behels ook soveel meer, byvoorbeeld: die offergawe van tyd, wat vir iemand afgestaan word wat hulp met vervoer na die dokter of haarsalon nodig het; of die offer van professionele dienste wanneer ‘n dokter, prokureur of ander professionele persoon sy/haar hulp bied aan persone wat dit andersins nie kan bekostig nie; die koop van ‘n pakkie kouevleis vir die dame wat net genoeg geld vir twee broodrolletjie het; ensomeer (vgl. Van Dyk 2005:127-129).

In terme van die seëngroet, veral aan die einde van erediens, wil dit vanuit die empiriese ondersoek voorkom dat die betekenis daarvan verlore gegaan vanweë die formalistiese wyse

waarop dit in geykte vorme, week na week op dieselfde wyse, dikwels met presies dieselfde bewoording, geskied. Tóg het die seën as liturgiese ritueel soveel meer om te sê. In die Handleiding vir die Erediens (Clasen et al. 2010:60-61) word verduidelik dat die uitspreek van die seën 'n Ou Testamentiese gebruik was, wat in die vroeë Christelike kerk, en later deur die Reformatore tydens die erediens voortgesit is. Wat veral van belang is, is dat die seën en uitsending (en dus geloof en lewe) ten nouste met mekaar verbind word – hierdeur word die gemeente deur God self gestuur, met die versekering dat God self by hulle is, om tot seën vir ander te gaan wees (vgl. Barnard 1981:576-578). Die diepte van die betekenis van die seëngroet word verwoord in die opdrag van Jesus aan die dissipels in Matteus 28:

> Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

Jesus se opdrag aan die dissipels is duidelik, as Hy hulle (uit)stuur na al die nasies, met die doel om tot seën vir ander te gaan wees. Hierdie opdrag staan egter nie saam met die belofte (seën) wat die opdrag aan die begin en die einde omsluit nie – "Aan My is alle mag gegee" en "Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld". Net so omsluit die seëngroet, tydens die aanvangswoord en aan die einde van die diens, die uitsending van die gelowiges om, uit dankbaarheid vir die seën wat hulle ontvang het, en waarin hulle elke dag leef, nou tot seën vir ander te gaan wees. Rondom die vorm wat dié liturgiese ritueel aanneem, skryf die Handleiding vir die Erediens (2010) as volg:

- Die handgebaar by die seën word gebruik in navolging van die gebruik in ou Israel. Die voorganger hef albei hande skouerhoogte op in 'n handopleggingsgebaar.
- Uit respek, afwagting, nederigheid en dankbaarheid ontvang die gemeente die seën staande.
- Die gemeente kan ontvangs van die wegsending en seën beaam deur byvoorbeeld 'n "Amen" wat gesê of gesing word, of enige ander gepaste vorm van instemming.

Weereens word gewys op die bevindinge vanuit die empiriese ondersoek wat daarop wys dat hierdie wyse van handel rondom die ritueel van die seën, nie die volle implikasie daarvan in die lewe van gelowiges laat realiseer nie. Dus sal daar ook hier opnuut besin moet word, oor die vorm van aanbieding tydens die Sondag-erediens, ten einde die potensiële impak daarvan, in die lewe van gelowiges, in die erediens van die lewe te laat realiseer. Een alternatief wat

voorgestel kan word, is dat dit nie slegs die taak van die leraar is om die gemeente te seën nie, maar dat lidmate self (ja, selfs ook kinders) die geleentheid gegee word om die seëngroet uit te voer. Só kan die gemeente ook geleentheid gegee word om mekaar te seën, deur mekaar te omarm terwyl die seën uitgespreek word. Daar moet ook gewaak word teen die gebruik van dieselfde formulering, week na week – daar bestaan 'n verskeidenheid moontlikhede (beide uit die Woord self, en ook in die vorm van verskeie responsoriese groete) wat gebruik kan word, in ooreenstemming met die boodskap van die betrokke erediens. Die seën, aan die einde van die diens, kan ook in samewerking met die offergawe gebruik word, deur die offergawe, na die uitspreek van die seën, by die deur in te samel soos lidmate vanuit die erediens na die alledaagse lewe gestuur word, om lewende offers in diens van die koninkryk van God te wees. In die erediens van die lewe, leef die seëngroet voort in verskeie vorme: woorde van bemoediging aan iemand wat moedeloos is; vertroosting aan iemand wat hartseer is; raad aan iemand wat raadop is; 'n luisterende oor vir iemand wie se stem lanklaas gehoor is; of selfs materiële hulp aan iemand wat dit broodnodig het. Vanuit die verstaan van die erediens van die lewe, wys die seën op die lewe van die geseëndes van God, wat tot seën van alle nasies lewe, en in wie alle nasies van die aarde geseën is (vgl. Van Dyk 2005:148-154).

6.3.3 LITURGIE EN LEWE...OF EERDER LITURGIE VAN DIE LEWE?

In die inleiding van sy proefskrif getiteld "Liturgie en lewe: 'n Sistematies-teologiese ondersoek" verduidelik Johan van der Merwe (1999:1-9) dat "liturgie" in twee gestaltes bestaan, naamlik: die samekoms van die gelowiges; en die alledaagse lewe. Van der Merwe wys voorts op die noodsaaklikheid om die korrekte verhouding tussen hierdie twee gestaltes te bepaal, ten einde oor- of onderbeklemtoning van die een of die ander te vermy. Met die eerste oogopslag wil dit voorkom asof Van der Merwe die oortuiging van die navorser, rakende die verband tussen die erediens en die lewe deel, en noem hy dat die inrigting van die erediens, as samekoms van gelowiges, op sy beurt gelowiges se bestaan binne die ruimer liturgie van die lewe sal beïnvloed.

Van der Merwe (1999:3-6) verstaan egter die verband tussen die erediens en die lewe, as 'n dubbele onderbreking, waardeur die erediens as samekoms van gelowiges, en die alledaagse lewe mekaar voortdurend wedersyds onderbreek. Hy motiveer hierdie uitgangspunt as volg:

> Ons eie posisie aangaande die verhouding tussen die liturgiese samekoms en alledaagse lewe is dat hierdie twee gestaltes van liturgie mekaar voortdurend wedersyds onderbreek. Die alledaagse lewe word onderbreek deur die enger liturgiese samekoms, maar die enger erediens word op sy beurt weer telkens onderbreek deur die alledaagse lewe. Die enger liturgie word egter nie alleen na die uitspreek van die seën deur die ruimer liturgie van die alledaagse lewe onderbreek nie, maar word deurspek van onderbrekings, trouens, dit moet na sy wese fragmentaries en onderbroke wees. Lewe, liturgie en wéér lewe lê dus nie naatloos in mekaar se verlengde nie, maar vertoon twee nate. Die eerste is die drempel wat uit die alledaagse lewe na die liturgie oorgesteek word en die tweede die drempel wat weer na die lewe oorgesteek word. Die nate stel nie altyd definitiewe momente in tyd voor nie, maar is eerder kwaliteite wat inherent aan lewe én liturgie is. Die lewe moet dus voortdurend deur middel van 'n liturgiese konsentrasie onderbreek kan word. Daar kan in die mees alledaagse van oomblikke 'n verrassende bewuswording van God en die heil kom. Die liturgie het op sy beurt intrinsiek 'n fragmentariese karakter, dit wil sê dit is afgestem op onderbreking deur die gebroke werklikheid wat daar benoem en deurskou word (Van der Merwe 1999:165).

Alhoewel die navorser die uitgangspunt van Van der Merwe ondersteun, wil hy tog daarop uitbou deur 'n saak te stel vir die verstaan van die erediens as erediens van die lewe – dus, dat die erediens en lewe nie twee gestaltes is, wat mekaar voortdurend onderbreek nie, maar juis onlosmaaklik en voortdurend aan mekaar verbind is en in mekaar voortleef – dus word die verband tussen die erediens en die lewe eerder verstaan in terme van 'n vervloeïng as 'n onderbreking. Die navorser stel 'n saak vir die verstaan van die erediens as erediens van die lewe, waar die lewe in Sy volheid teenwoordig in die erediens is, terwyl die erediens ook voortdurend besig is om in die lewe af te speel, op onverwagse tye, plekke en maniere. Op geen stadium kan die mens die realiteite van die lewe tydens die erediens ontvlug nie, maar het dit vanuit die empiriese ondersoek juis na vore gekom dat lidmate met die volheid van hul lewensomstandighede en geloofsvrae die erediens betree in die hoop dat erediens juis daaroor iets te sê sal hê. Net so leef die liturgie, met al sy rituele van Woord, doop, nagmaal, gebed, aanbidding, gemeenskap, offergawe, seën, ensomeer voort in die liturgie van die lewe – die rol van die erediens is om, deur middel van *reframing*, die oë van gelowiges se harte tot so mate te open, dat hulle ingestel sal wees vir hierdie liturgiese ruimte van die alledaagse lewe.

6.4 SAMEVATTING

Die primêre vraagstuk van hierdie navorsing was: "Het die [Sondag]erediensgebeure 'n effek op die gelowige individu se Christelike identiteit en lewenswyse?" Hierdie navorsing het vanuit die werkshipotese te werk gegaan dat 'n moontlike antwoord op hierdie vraag gevind word in die alledaags leefruimtes waarin die erediens gestalte vind en voortleef in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede van lidmate binne 'n Suid-Afrikaanse konteks en samelewing.

Die empiriese ondersoek het hierdie hipotese ondersteun, en is daar bevind dat die erediens beslis betekenis vir die lewe van gelowiges het, ***mits die boodskap daarvan hul lewensomstandighede aanspreek, en hul lewensdoel help verstaan***. Daarteenoor, het die empiriese ondersoek laat blyk dat, alhoewel die erediens wel van belang is, die volle lewensimpakterende potensiaal en doel daarvan nie ten volle realiseer nie, en dat die diepte van betekenis en doel van die verskeie liturgiese rituele steeds vir lidmate onbekend is, en daarom nie noodwendig in hul alledaagse lewe gestalte vind nie.

Dit laat ons dan met die vraag: Beteken dit dan dat die erediens misluk? Van der Merwe (2006b:727-728) wys tereg daarop die kerk nie na buite meer kan wees as wat in haar binneste leef nie. Die boodskap van die erediens het juis ten doel om die evangelie boodskap só aan lidmate te verwoord, aan die hand van verskillende liturgiese rituele, dat die boodskap daarvan inderdaad in hul harte begin leef en dit vorm, ten einde hulle op te roep tot ‘n getuienis- en diensgemeenskap, ‘n kerk-vir-ander in navolging van die hoof van die kerk, Jesus Christus. Die teendeel is egter ook waar, dat ‘n persoon Sondag na Sondag in die erediens kan sit en aanbid, maar steeds net in hom- of haarself ingekeer kan wees, op só ‘n wyse dat die evangelieboodskap by sy of haar eie saligheid stop, maar nie deur sy of haar lewe uitkring na ander nie. Van der Merwe (2006b:727-728) verduidelik dat die erediens, volgens hom, wel kan misluk, indien dit nie die waarheid van die evangelie in die lewe van gelowiges laat realiseer nie. Hy stel dit as volg:

> Die erediens word dan nie gesien as die fokus van die week en die sentrum van ons geloofsgemeenskap sodat alles wat ons alledaags doen in die samekoms in ’n nuwe lig te staan kom en alles daarna die uitwerking van hierdie nuwe fokus is nie. Die erediens kan dus ’n ware of ’n valse narratief tot getuienis bring. Die kerk is God se nuwe taal, gekonstitueer as geloofsgemeenskap deur Woord en Sakrament en in hom word die storie van God se nuwe skepping nie net vertel nie, maar ook uitgeleef. Die kerk kan nie die storie vertel sonder om deel daarvan te word nie. Die verteller en die storie word één. Die kerk word deur God geskep as die opheffing van die skeiding tussen God en mens en hanteer dus nie net tekste nie, maar *word* self ’n teks waarin hierdie verhaal vertel word. Daarom is dit ook moontlik om hierdie storie op ’n ware en outentieke wyse of, aan die ander kant, op ’n valse en inoutentieke wyse te vertel of te leef... Die erediens van die geloofsgemeenskap kan “misluk” as ’n valse verhaal vertel word, of as die ware evangelie op ’n valse wyse vertel word, byvoorbeeld deur die gebruik van magsverhoudinge, gierigheid of verdeling in die gemeente.

Van der Merwe se uitgangspunt is gegrond op die oortuiging dat die erediens “misluk” vanweë die lewe van gemeentes en gelowiges, wat die boodskap daarvan falsifiseer. Dit is inderdaad

so, maar wat as die erediens nie voldoende spreek tot die lewe van gelowiges nie? Die navorsing wil by Van der Merwe aansluit, maar ook op hierdie uitgangspunt uitbou, deur daarop te wys dat die erediens wel kan misluk, ook in dié sin dat dit afgewater word tot gepredikte sedelessies, ondeurdagte omgang van die liturgiese rituele, en die onvoldoende verkondiging van die volle implikasie van die evangelieboodskap (beide individueel en sosiaal) vir die lewe van gelowiges. Die erediens kan misluk, indien dit nie gelowiges help om hul geloof uit te leef binne die alledaagse leefruimtes van die lewe nie. ‘n Erediens wat niks meer as net die Sondag-erediensgebeure word nie, en waarvan die boodskap nooit die deure van die kerkgebou verlaat nie, het inderdaad ook misluk. Getrou aan die hierdie navorsing se ontluikende praxis teorie, wat met behulp van die beeld van die uurglas uitgebeeld is, word die oortuiging bevestig dat die uurglas voortdurend gekantel moet word, sodat die sand van die een helfte na die ander kan vloei – so staan die Sondag-erediens (die erediens en die lewe), en die erediens van die lewe, in verhouding tot mekaar, wat mekaar voortdurend vorm en op mekaar inspeel – hetsy op ‘n goeie, konstruktiewe wyse, of tot nadeel van mekaar.

Die kerk (gemeentes en gelowiges) is ‘n unieke geloofsgemeenskap, wat deur Woord en Sakrament tot stand gebring en gevorm word, en deur wie die storie van God se koninkryk nie net vertel word, maar ook uitgeleef word. Die kerk kan nie die storie van God vertel, sonder om self deel te neem daaraan nie. Wanneer die verhaal van God, tydens die erediens verkondig word in die liturgiese rituele, is dit God se verhaal, maar dit is ook die kerk se verhaal, aangesien God altyd teenwoordig in die verhaal van die mens is. Die bekende verhaal van Jakob se ontmoeting met die Here in ‘n droom (Genesis 28:16-19) is hier van belang:

> Jakob het wakker geskrik en gesê: “***Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie***.” Jakob het bang geword en gesê: “Hoe skrikwekkend is hierdie plek! Dit is niks anders nie as die huis van God; dit is die poort van die hemel.” Die volgende môre het Jakob opgestaan en hy het die klip wat sy kopkussing was, gevat en dit regop gesit. Toe giet hy olie op die bopunt daarvan uit. Hy het die plek Bet-El genoem.

As Christene, glo ons in God wat alomteenwoordig is. Dit het tot gevolg dat God teenwoordig is in alle ruimtes, spasies en in elke oomblik van elke dag. God is teenwoordig in die mens se grootste vertroueling, familie of geliefdes, maar ook in die vreemdeling wat onverwags jou pad kruis. *Bet El* (huis van God) is dus elke oomblik, van elke dag, en elke ruimte van die lewe. Elke oomblik, gesprek of daad is heilig, nie omdat die daad as sulks heilig is nie, maar omdat die heilige God daar teenwoordig is – net soos Jakob, is die mens bloot net nie altyd daarvan

bewus nie, met die gevolg dat die mens, in baie (moontlik meeste) gebeure van die lewe kan sê: "Die Here was op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie". Die navorser maak daarom eerder 'n keuse vir 'n verstaan van die erediens, as die erediens van die lewe, want die ganse lewe, elke oomblik van elke dag, is die ruimte waarin God die mens wil ontmoet, en die mens eer aan die alomteenwoordige God wil bring. *Sondag-erediens* en *Lewe* – twee helftes, van een uurglas, gevul met dieselfde inhoud, wat heen en weer in mekaar vloei.

Vanuit die empiriese ondersoek, het dit na vore gekom dat lidmate (en leraars) van mening is dat die erediens wel betekenis vir die lewe vóór die dood, maar ook ná die dood het. Sou die hiernamaals ook die samekoms van gelowiges wees, waar God se Woord in sy volheid realiseer en God aanbid word, sou ons waarskynlik kon praat van die erediens van die [ewige] lewe – die nimmereindigende ruimte waar God in volmaakte verhouding met Sy mense, en gelowiges in verhouding met mekaar leef, en eer aan God bring. Maar oor die hiernamaals kan ons net spekuleer, en in afwagting daartoe God in die hier en nou bestaanswerklikhede van die lewe dien.

Die navorser is van mening dat 'n nuwe verstaan van die erediens, as erediens van die lewe, van groot waarde vir gemeentes en gelowiges se identiteit en lewe, binne die Suid-Afrikaanse konteks en -samelewing kan wees. Hierdie navorsing het doodgewoon die eerste tree op hierdie ontdekkingreis geneem, in die hoop om 'n gedagte of droom vir só 'n verstaan van die erediens, te ontwaak, en aan te moedig tot 'n verdere verkenning van hierdie ideaal. Ter afsluiting van hierdie navorsing word die volgende roete-merkers vir toekomstige ondersoeke na die erediens van die lewe voorgestel:

- Die navorser is van mening dat 'n meer omvattende empiriese ondersoek van groot waarde kan wees, om sodoende 'n meer volledige prentjie van die erediensbelewenisse van lidmate te bekom. Daar lê groot waarde in die priesterlike luister, na die dikwels ongehoorde stemme, as wegspringplek vir enige verdere ondersoek.
- Die navorser wou deur middel van hierdie navorsing wys op die waarde van inter-denominasionele, asook inter-dissiplinêre gesprekke, in die verkenning van die verband tussen die erediens en die lewe. Ook in dié verband was hierdie navorsing slegs 'n eerste tree, maar sal toekomstige navorsing by só 'n benadering baat.
- Praktiese riglyne vir die meer kreatiewe en deurdagte omgang met die liturgiese rituele is nodig, om sodoende aan liturg praktiese riglyne te gee waarvolgens die liturgiese

rituele se volle boodskap aan die woord kan kom. Daar bestaan reeds soortgelyke hulpmiddels in die Handleiding vir die erediens, en ander bundels, maar nie al hierdie hulpmiddels slaag daarin om die sosiale implikasie van die erediens, en individuele rituele, op kreatiewe, vars, en relevante wyse aan te spreek nie.

- Soortgelyke praktiese riglyne kan ook voorsien word aan die gewone lidmaat, waardeur gelowiges se aandag gevestig kan word op die wyse waarop die verskeie liturgiese rituele in hul verskillende lewenskontekste gevier kan word, byvoorbeeld in die huisgesin, by die werkplek, in verhoudingsgroepe, of in gemeenskap met nog-nie-gelowiges. Die erediens van die lewe moet dus nie net met die oog op leraars of teoloë in gedagte verder verken word nie, maar juis ook met die lewens van gewone gelowiges in die hart daarvan.
- Daar is al heelwat navorsing gedoen rakende die ontwikkeling van verskillende vorme van teologie, byvoorbeeld: Liberale Teologie, Feministiese Teologie, en baie onlangs ‘n Teologie van Plek[92]. ‘n Teologie van die lewe sal volgens die navorser van groot waarde wees, aangesien die verhaal van God en Sy skepping begin by die lewe-gewende optrede van God, en vervolgens talle verwysings na die nuwe lewe, lewe in oorvloed en ewige lewe, as belangrike fokuspunte in die leer en lewe van Jesus. Die verstaan van die erediens van die lewe, sal immers alleenlik gerealiseer kan word in oorleg met ‘n omvattende Teologie van die lewe, veral met die oog op die liturgie.

[92] Nelus Niemandt het die eerste tree in dié verband gegee met die skryf van die boek Hartsplek wat in 2019 gepubliseer is.

BIBLIOGRAFIE

Adhiambo, J.M., 2012, 'Education: An effective tool for servant leadership in Africa: Education and evangelisation in Africa', *Ecclesial Review (AFER)*, AMECEA Gaba Publications-CUEA Press, Eldoret, 157–177.

Ammerman, N.T., Jackson W.C., Carl, S.D. & McKinney, W 1998. *Studying congregations*. Abingdon, Nashville.

Anderson, D.W., 2009, *From the great omission to vibrant faith*, Vibrant Faith Publishing, Vancoouver.

---- 2011, *Vibrant faith in the congregation*, Vibrant Faith Publishing, Vancouver.

Anderson, R.S., 1997, *The soul of Ministry: Forming Leaders for God's People*, Westminister, John Knox, Louisville, Kentucky.

----2001, *The shape of practical Theology*, Inter Varsity, Downers Grove, Illinois.

Arnold, J., 1992, *The big book on small groups*, Inter-Varsity Press, Downers Grove, Illinois.

'Baptism, Eucharist and Ministry', 1982, in *Faith and Order*, Vol. 11, World Council of Churches, Geneva.

Barnard, A.C., 1981, *Die Erediens*, NGKB, Pretoria.

Barnard, J., 2016, *Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende en lewensimpakterende ontmoetingsgebeure*, Proefskrif ter voltooïng van die MTh kwalifikasie aan die Universiteit van Pretoria.

----2018, 'Liturgie as ontmoetingsruimte waar Christelike identiteit en lewenswyse gevorm word', *Stellenbosch Teologiese Joernaal* (STJ), Vol. 4 (2), 359-378.

Barnard, M., 2002, 'Tendensen in de dynamiek van cultus en cultuur: perspectieven in de liturgiewetenschap', in Barnard, M. en Schuman, N. (reds.), *Nieuwe wegen in de liturgie*, Meinema, Zoetermeer.

----2009, 'Ontdek die nagmaal in die gereformeerde erediens', in Wepener, C.J. en Van der Merwe, J. (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Bybel Media, Kaapstad, 109-128.

Barnard, M., Cilliërs, J.H. en Wepener, C.J., 2014, *Worship in the Network Culture. Liturgical Ritual Studies. Fields and Methods, Concepts and Metaphors*, Peeters Press, Paris.

Barnard, M. en Klomp, M., 2018, 'Dagelijkse kost. Het verband tussen keukentafel en avondmaalstafel in de hedendaagse cultuur', in Klomp, M., Smit, P.B. en Speckmann, I. (reds.), *Rond de Tafel. Maaltijd vieren in liturgische contexten*, Berne Media, Amsterdam, 15-32.

Basson, E.F., 2006, *Die AGS-gemeente as 'n missionale geloofsgemeenskap: 'n Deelnemende aksie navorsingsprojek*, DPhil-proefskrif, Universiteit van Johannesburg.

----2010, 'Die assimilasie van lidmate in die plaaslike geloofsgemeenskap', *HTS Teologiese Studies*, Vol.66(2), Art. #827, 1-6.

Beaudoin, T. en Turpin, K., 2014, ' White Practical Theology', in Cahalan, K.A. en Mikoski, G.S. (reds.), *Opening the Field of Practical Theology. An Introduction*, Rowman & Littlefield, New York, 251-271.

Bediako, K., 1995, *Christianity in Africa: The Renewal of a Non-Western Religion*, Edinburgh University Press, Edinburgh.

Berg, B.L., 2004, *Qualitative Research Methods for the Social Sciences: International student edition*, Pearson Education Inc., California State University, Long Beach.

Bosch, D.J., 1991, *Transforming Mission, Paradigm shifts in Theology of Mission*, Maryknoll, New York.

Botman, H.R., 2000, 'Discipleship and practical theology: The case of South Africa', *International Journal of Practical Theology*, Vol. 4, 201–212.

Bradshaw, P.F., 2002, *The New SCM Dictionary of Liturgy and Worship*, SCM Press, London.

Briggs, S.R., 1987, 'Personality theories: What questions are we trying to answer?', in T.J. Burke (red.), *Man and mind: a Christian theory of personality*, Hillside College Press, Hillside, New Jersey.

Browning, D.S., 2007, *Equalilty and the family. A fundamental, practical theology of children, mothers, and fathers in modern societies*, William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan.

----2007, *Equalilty and the family. A fundamental, practical theology of children, mothers, and fathers in modern societies*, William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan.

Browning, D.S., Miller-McLemore, B.J., Couture, P.D., Lyon, K.B. en Franklin, R.M., 2000, *From culture wars to common ground: Religion and the American family debate*, 2nd edn., Westminster John Knox Press, Louisville, Kentucky.

Burger, C.W., 1995, *Gemeentes in Transito. Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd,* Bybel Media, Kaapstad.

----2002, 'Nagmaalviering in die NG Kerk – tussen tradisie en vernuwing. Deel 3', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* Vol.43 (3&4), 661-669.

----2005, *Ontmoetings met die lewende God: Hoe God ons roep, nuut maak en stuur,* Bybel Media, Kaapstad.

----2009, 'Ontdek die belang van die erediens', in Wepener, C. en Van der Merwe, J. (reds.), *Ontdekkings in die erediens,* Bybel Media, Kaapstad, 15-30.

Burger, C.W., en Cilliers, A., 2014, *Ontvang wat vir jou gegee is: hoe die doop ons kan leer om met Christus te leef*, Bybel Media, Kaapstad.

Burger, C.W. & Wepener, C.J., 2007, 'Die lang pad van bekering. Deel 3. Die Reformasie se reaksie op die verval van die kategumenaat en doop- en leringspraktyke in die Middeleeuse Kerk', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Vol. 48(1&2), 50-59.

Cahalan, K.A. en Mikoski, G.S. (reds.), 2014, *Opening the Field of Practical Theology. An Introduction*, Rowman & Littlefield, New York.

Capps, D., 1990, *Reframing: a new method in pastoral care*, Fortress Press, Minneapolis.

Castellanos, N., 2015, *Where the cross meets the street. What happens to the neighborhood when God is at the center*, IVP Books, Downers Grove.

Charmaz, K., 2006, *Constructing Grounded Theory. A Practical Guide through Qualitative Analysis*, Sage Publications, Londen.

----2014, *Constructing Grounded Theory* (2nd edn.), Sage Publications, Londen.

Chicago Statement on Worship and Culture: Baptism and Rites of Life Passage, 1998, besoek op 18-03-2018, http://worship.ca/docs/lwf_cs.html.

Cilliers, J.H., 2004, *The living voice of the gospel: revisiting the basic principles of preaching*, Sun Press, Stellenbosch.

----2008, 'In die Omtrek van die Gees: 'n Besinning oor die ruimtelikheid van Liturgie', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, Vol. 23(2), 1-21.

----2009, 'As it is in Heaven? Reflections on Liturgical Reframing', *Scriptura*, Vol. 1002, 511-519.

----2010a, 'The Liminality of Liturgy', *Scriptura*, Vol.104, 343-351.

----2010b, 'Preaching as reframing of perspective', *In die Skriflig*, Vol. 44 (1), 85-97.

Cilliers, J.H. en Nell, I.A., 2014, 'Seeking a safe haven?: The interaction between religious and social transformations within Dutch Reformed traditions in South Africa', in W. Gräb & L. Charbonnier (reds.), *The impact of religion on social cohesion, social capital formation and social development in different cultural contexts: Entering the field in international and interdisciplinary perspectives*, Lit Verlag, Münster, 93-107.

Cilliers, J.H. en Wepener, C.J., 2007, 'Ritual and the Generation of Social Capital in Contexts of Poverty: A South African Exploration', *International Journal of Practical Theology*, Vol.11 (1), 39-55.

Clasen, F., Bartlett, A., Carstens, C., en Schoeman, F., 2010, *Handleiding vir die Erediens. Nederduitse Gereformeerde Kerk*, Bybel Media, Kaapstad.

Coetzee, F., 2003, 'Gebruik die gesinne in die gemeente!', *Die Kerkblad*, 18-19.

Creswell, J.W. en Poth, C.N., 2018, *Qualitative Inquiry & Research Design. Choosing Among Five Approaches*, SAGE Publications, Washington, DC.

Dames, G.E., 2017, 'Practical theology as embodiment of Christopraxis-servant leadership in Africa', *HTS Teologiese Studies,* Vol. 73 (2), 1-9.

Darley, J.M., en Batson, C.D., 1973, 'From Jerusalem to Jericho: A study of situational and dispositional variables in helping behavior', *Journal of Personality and Social Psychology*,Vol. 27, 100–108.

Davies, J.G. (red.), 1991, *A New Dictionary of Liturgy and Worship*, SCM Press LTD, London.

Dean, K., 2010, *Almost Christian. What the faith of our teenagers is telling the American church*, University Press, Oxford.

De Blaauw, S., 2010, 'Frits van der Meer (1904-1994): The oldest school of worship', in Barnard, M., Post, P., Rouwhorst, G. en van Tongeren, L. (reds.), *Patterns and Persons. A Historiography of Liturgical Studies in the Netherlands in the Twentieth Century*, PEETERS, Leuven, 339-370.

De Klerk, B.J., 2000, 'Die liturgie van die huisgesin', in Van Wyk, J.H. (red.), *Kerk- en Christenwees vandag*, Potchefstroomse Teologiese Publikasies, Potchefstroom, 90-109.

----2013, *Liturgical Involvement in Society. Perspectives from Sub-Saharan Africa,* Potchefstroomse Teologiese Publikasies, Noordbrug.

De Klerk, B.J., De Wet, F.W. en Letšosa, R.S., 2011, 'A homiletic reflection on the theological aesthetics involved in picturing God in a fragmented South African society', *HTS Teologiese Studies,* Vol. 67 (2), 1-8.

Denny, L. & Wepener, C.J., 2013, 'The Spirit and the meal as a model for Charismatic worship: A practicaltheological exploration', *HTS Teologiese Studies,* Vol. 69(1), 1-9.

DeVries, M., 2004, *Family-based youth ministry,* tweede uitgawe, hersien en uitgebrei, Downers Grove, Illinois.

Dick, D.R., 2007, *Vital signs: A pathway to congregational wholeness*, Discipleship Resources, Nashville.

Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, Beleid, Funksionele Besluite en Riglyne soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober 2013.

Douglas, J.D., 1974, *The New Bible Dictionary,* Inter-Varsity Press, London.

Douglas, M., 1971, 'Deciphering a meal', in Geertz, C. (red.), *Myth, symbol and culture,* W.W. Norton & Company, New York, 61-81.

Dreyer, J.S., 2002, 'Justice for the oppressed: The HIV/AIDS challenge', in Dreyer, J.S. en Van der Ven, J.A. (reds.), *Divine justice – Human justice*, Research Institute for Theology and Religion, UNISA, Pretoria, 85-112.

---- 2008, 'Practical theology and human well-being: An exploration of a multidimensional framework', *Practical Theology in South-Africa* Vol. 23(3), 3–22.

Du Rand, J., 2007, *The many faces of God*, SUN Press, Stellenbosch.

Du Toit, C., 1998, 'African Hermeneutics', in König, A. en Maimela, S. (reds.), *Initiation into Theology: The Rich Variety of Theology and Hermeneutics*. J.L. van Schaik, Pretoria, 373-398.

Dwyer, H.F., 1996, 'Prediking en die ontwikkeling van kritiese bewussyn', in Nel, M. (red.), *Prediking. Kommunikasie in konteks*, Makro Boeke, Voortrekkerhoogte, 184-208.

Ferguson, E., Mchuah, M.P. en Norris, F.W. (reds.), 1997, 'Catechumenate', in *Encyclopedia of Early Christianity*, Garland, New York.

Ford, K.G., 2007, *Transforming church*, Tyndale, Salt River.

Forster, D.A., 2015, 'What hope is there for South Africa? A public theological reflection on the role of the church as a bearer of hope for the future', *HTS Teologiese Studies*, Vol. 71(1), 1-13.

Freudenburg, B. en Lawrence, R., 1998, *The family-friendly church*, Group Publishing, Loveland, Collorado.

Frijhof, W., 1997, 'Toeëigening: van bezitsdrang naar betekenisgeving', *Trajecta*, Vol. 6 (2), 99-118.

Garland, D.R., 1999, *Family ministry. A comprehensive guide*, InterVarsity Press, Downer's Grove, Illinois.

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1985, *Handelinge van die 42ste Nasionale Sinode*, Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke, Potchefstroom.

Gerrish, B.A., 1993, *Grace and Gratitude: The Eucharistic theology of John Calvyn*, Fortress Press, Minneapolis.

Glaser, B., 1978, *Theoretical Sensitivity. Advances in the Methodology of Grounded Theory*, Sociology Press, Mill Valley, Callifornia.

Glock, C.Y., 1962, 'On the Study of Religious Commitment', *Religious Education*, Vol. 57, 98-110.

Grimes, R.L., 2010, *Beginnings in Ritual Studies*, Ritual Studies International, Waterloo, Canada.

----2014, *The Craft of Ritual Studies*, Oxford University Press, New York.

Grözinger, A., 2005, 'The way of experience: preaching as shaping experience in a world of conflict', *Studia Homiletica*, Vol. 5, Gospel Works, Singapore.

Guder, D.L. (red.), 1998, *Missional church*, William B. Eerdmans, Grand Rapids, Michigan.

Hall, C., 2007, *Missional Possible: Steps to transform a consumer church into a missional church*, Leadership Winter.

Hall, C.S., Lindzey, G., en Campbell, J.B., 1998, *Theories of personality* (4th edn.), John Wiley & Sons, New York.

Hancke, F.J., 2005, *Factors influencing comprehensive personal witness and enlarging missional involvement in the local church*, PhD thesis, Departement of Theology, University of the Free State.

Handelinge (kyk Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika).

Hays, R.B., 1996, *The Moral Vision of the New Testament: Community, Cross, New Creation. A Contemporary Introduction to New Testament Ethics*, HarperOne, New York.

Heitink, G., 1993, *Praktische theologie: geschiedenis, theorie, handelingsvelden*, Kok, Kampen.

Hendriks, H.J., 2004. *Studying Congregations in Africa*, Bybel Media, Kaapstad.

Hubbard, P., Kitchin, R. en Valentine, G. (reds.), 2004, 'Key thinkers on space and place', *Sage Publications*, Londen,1-15.

Huber, W., 1983, 'Die Kirche als Raum und als Anwalt der Freiheit', in Huber, W. (red.), *Folgen christlicher Freiheit. Ethik und Theorie im Horizont der Barmer Theologischen Erklärung. Neukirchener Beiträge zur Systematischen Theologie*, Band 4, Neukirchen-Vluyn, Neukirchener Verlag.

Immink, F.G., 2001, 'Preken. De Reformatorische preek', in *Ritueel bestek. Antropologische kernwoorden van de liturgie*, Meinema, Zoetermeer.

----2005, *Faith: A practical theological reconstruction*, Eerdmans, Grand Rapids, Michigan.

Isaiah, G., 2012, *Preach the Word: The Basic of Homiletics*, CSS Publications, India.

Jenni, I. en Westerman, C., 1997, *Theological lexicon of the Old Testament*, Vol. 3, Hendrickson, Peabody.

Jones, C., Wainwright, G., Yarnold, E., en Bradshaw, P. (reds.), 1992, *The study of Liturgy*, SPCK, Londen.

Jones T.P., Renfro, P., Shields, B. en Strother, J. (reds.), 2009, *Perspectives on family ministry: 3 views*, B&H Academic, Nashville, Tennessee.

Jung, C.J., 1954, 'The development of personality', in Hull, R.C.F., *Collected works of CJ Jung*, Vol. 47, Princeton University Press, New York.

Kaplan, B.J., 2007, *Divided by Faith: Religious Conflict and the Practice of Toleration in Early Modern Europe*, Harvard University Press, Cambridge.

Kerkspieël 2014, 'Denominational Church Life Profile', *NCLS Research*, www.ncls.org.au.

Laubscher, M., 2018, 'Interview with Prof. Johan Cilliers', *Acta Theologica*, Vol. 38(2), 5-14.

Lazenby, M.J., 1995, 'Kerklike lidmaatskap: Prakties-teologies verken', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* Vol.10(1), 15–28.

Long, T.G., 2001, *Beyond the Worship Wars: Building vital and faithful Worship*, Alban Institute, Bethesda, Maryland.

----2009, *Preaching from Memory to Hope*, Westminister John Knox press, Louisville, Kentucky.

----2016, *The witness of preaching*, Westminister John Knox press, Louisville, Kentucky.

Long, T.G. en Tisdale, L.T., 2008, *Teaching Preaching as a Christian Practice. A New Approach to Homiletical Pedagogy*, Westminister John Knox Press, Londen.

Louw, J.P. en Nida, E.A., 1988, *Greek-English Lexicon of the New Testament*, United Bible Societies, New York.

Louw, D.J., 1980, *Die stad in die mens*, NGKB, Pretoria.

----2008, *Cura Vitae: Illness and the healing of life*, Bybel Media, Kaapstad.

Lukken, G., 1999, *Rituelen in overvloed. Een kritische bezinning op de plaats en de gestalte van het christelijk ritueel in onze cultuur*, Gooi & Sticht, Baarn.

Lundin, R.W., 1966, *Personality*, Brown, Dubuque, Iowa.

McClure, J.S., 1995, *The Roundtable Pulpit. Where leadership and preaching meet*, Abingdon Press, Nashville.

McGaughey, D.R., 1999, 'More than right: a theological contribution to a discussion of cultural pluralism', *Journal of theology for Southern Africa*, Vol. 104, 69-73.

McKim, D.K., 2001, *Introducing the Reformed Faith. Biblical revelation, Christian tradition, contemporary significance*, Westminister John Knox Press, Londen.

Meeks, W.A., 2003, *The first urban Christians*, Yale University Press, Londen.

Meiring, A., 2008, 'Rethinking Missio Dei: a conversation with postmodern and African Theologies', *Verbum et Ecclesia*, Vol. 29 (3), 791-818.

Meyer, O., 2000, *Die heelheid van gebrokenheid. 'n Nuwe styl van kerk- en Christenwees*, Lux Verbi: Kaapstad.

Miller, H., 1994, *Connecting with God ‑ 14 ways churches can help people grow spiritually*, Abingdon Press, Nashville.

Moltmann, J., 1977, *The church in the power of the spirit: A contribution to messianic ecclesiology*, Harper & Row, San Francisco, California.

----1993, *The way of Jesus Christ: Christology in messianic dimensions*, Fortress Press, Minneapolis.

Müller, B. en Wepener C.J., 2013, 'Water rituals as a source of (Christian) life in an African Independent Church: To be healed and (re)connected', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Vol. 54 (1&2), 254-266.

Müller, B.A., 1990, 'Die boodskap: soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn', in Nel, M. Smuts, A.J. en Vos, C.J.A., *In Gesprek oor die erediens*, NGKB, Pretoria.

----2006a, 'Liturgie as agent in transformasieprosesse', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Vol. 47 (3&4), 600-608.

----2006b. 'The role of worship and ethics on the road towards reconciliation', *Verbum Et Ecclesia*, Vol. 27 (2), 641-663.

Müller, J., 2002, *Gesinne van binne. Vertel die verlede en droom oor die toekoms van jou gesin*, Barnabas, Bloemfontein.

Nairobi Statement on Worship and Culture, 1996, besoek op 18-03-2016, http://worship.calvin.edu/resources/resource-library/nairobi-statement-on-worship-and-culture-full-text/.

Neighbour, R.W., 1994, *The shepherd's guidebook. Spiritual and practical foundations for cell group leaders*, Touch Publications, Houston.

Nel, M., 1990, 'Die erediens en die wêreld', in Nel, M., Smuts, A.J., en Vos, C.J.A (reds.), *In Gesprek oor die Erediens*, NGKB, Pretoria, 172-188.

----1994, *Gemeentebou*, Orion Uitgewers, Halfway House, Orion.

----1998, *Jeugbediening:'n Inklusiewe gemeentelike benadering*, RGN, Pretoria.

----2001, *Ek is die verskil. Die invloed van persoonlikheid in die prediking*, CLF Uitgewers, Bloemfontein.

----2009, 'Congregational analysis: A theological and ministerial approach', *HTS Teologiese Studies*, 65(1), 1-6.

----2017, 'Discipleship: Seeking the "Kingdom and his righteousness"', *HTS Teologiese Studies*, 73(4), 1-7.

----2018, 'Youth Ministry. An Inclusive Missional Approach', *HTS Religion & Society Series*, Vol. 1, Aosis, Kaapstad.

Nelson, J.M., 2010, *Psychology, Religion and Spirituality*, Springer, New York.

Neven, G.W., 2009, 'De kwintessens van Calvijn: het Calvinistisch ongemak', in Brouwer, R.R., De Leede, B. en Spronk, K. (*reds*.), *Calvijn als erflater en pro-vocator van het Nederlandse protestantisme*, Kok, Kampen, 73-97.

Niemandt, N., 2013, *Nuwe leiers vir nuwe werklikhede*, Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.

Nouwen, H.I.M., 1991, *Reaching out*, Harper Collins Publishers, Londen.

Oduyoye, M.A., 1998, 'African Women's Hermeneutics', in König, A. en Maimela, S. (reds.), *Initiation into Theology and Hermeneutics*, J.L. van Schaik, Pretoria, 359-372.

Olson, R.P. en Leonard, J.H., 1996, *A new day for family ministry*, Alban Institute, Bethesda, Maryland.

Oostenbrink, J.W., 1994, *Kleingroepevangelisering in die stad*, (Verhandeling ter voltooïng van Th.M) Potchefstroom Universiteit, Potchefstroom.

----1997, *Korporatiewe spiritualiteit en kleingroepleierskap*, (Proefskrif te voltooïng van ThD), Universiteit van Potchefstroom, Potchefstroom.

Oostenbrink, J. & Lotter, G., 1998, 'Kleingroepe ter fasilitering van spiritualiteit in die kerk', *In die Skriflig*, Vol. 32(1), 1-18.

----1999, *Die groot God by kleingroepe*, DPM, Potchefstroom.

----2002, 'Gemeentelike bedieningsgestaltes ter bevordering van kleingroepspiritualiteit', in *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Vol. 43(3 & 4), 543-554.

Osmer, R.R., 2008, *Practical Theology: An Introduction,* William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan.

Pannenberg, W., 1983, 'Eucharistic Piety ‑ A New Experience of Christian Community', *Christian spirituality and Sacramental Community*, Longman and Todd, Darton.

Pelikan, J., 2003, *Credo: Historical and Theological Guide to Creeds and Confessions of Faith in the Christian Tradition*, Yale University Press, New Haven, Connecticut.

Pieterse, H.J.C., 1990, ''n Erediens-uitsig op die gemeente', in Nel, M., Smuts, A.J. en Vos, C.J.A., *In Gesprek oor die Erediens*, NGKB, Pretoria, 22-39.

----2001, *Prediking in 'n konteks van armoede*, UNISA, Pretoria.

----2009, 'Prediking oor die koninkryk van God: 'n Uitdaging in 'n nuwe konteks van armoede', *HTS Teologiese Studies*, Vol. 65(1), 1-6.

----2010a, 'Grounded Theory approach in sermon analysis of sermons on poverty and directed to the poor as listeners', *Acta Theologica*, Vol. 30(2), 113-129.

----2010b, 'Metatheoretical decisions for the grounded theory research of sermons on poverty and to the poor as listeners', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* Vol. 51 (3 & 4), 104-113.

----2011, 'An Open Coding analytical model of sermons on poverty with Matthew 25:31-46 as sermon text', *Acta Theologica*, Vol. 31(1), 95-112.

----2013, 'An emerging Grounded Theory for preaching on poverty in South Africa with Matthew 25:31-46 as sermon text', *Acta Theologica*, Vol. 33(1), 175-195.

Pieterse, H.J.C. & Wepener, C.J., 2018, 'Angry Preaching: A Grounded Theory Analysis from South Africa', *International Journal of Public Theology*, Vol. 12, 401-415.

Platinga, C. en Rozenboom, S.A. (reds.), 2003, *Discerning the spirits. A guide to thinking about Christian Worship today*, Eerdmans, Grand Rapids, Michigan/Cambridge, UK.

Post, P.G.J., 2001, 'Introduction and application. Feast as a key concept in a liturgical studies research design', in Post, P.G.J., Rouwhorst, G., Scheer, A. en Van Tongeren, L. (reds.), *Christian feast and festival: The dynamics of Western liturgy and culture*, Peeters, Leuven, 47-77.

Potgieter, M., 1995, *'n Nuwe Bybelse lewenswyse - Die selgemeente*, Lewensvreugde, George.

Ramsey, P., 1979, 'Liturgy and ethics', *Journal of Rel Ethics*, 139-171.

Reif, S.C., 1999, 'The early liturgy of the synagogue', in Horbury W.D., en Sturdy, J. (reds.), *The Cambridge history of Judaism*, Vol.3, University Press, Cambridge, 326-357.

Rice, H.L., 1991, *Reformed spirituality*, Westminister/John Knox Press, Louisville, Kentucky.

Richards, L.O., 1990, *99 Idees om 'n Bybelstudiegroep te begin en te laat groei*, Lux Verbi, Kaapstad.

Ries, J. en Hendriks, H.J., 2013, 'Koinonia en diakonia as 'n missionale koninkryksdans', *HTS Teologiese Studies*, Vol. 69(2), 1-8.

Robert, D.L. en Daneel M.L., 2007, 'Worship among Apostles and Zionists in Southern Africa', in Farhadian, C.E. (red.), *Christian Worship Worldwide. Expanding Horizons, Deepening Practices*, W.B. Eerdmans, The Calvin Institute of Christian Worship Liturgical Studies Series, Grand Rapids, Michigan, 43-70.

Root, A., 2014, *Christopraxis. A Practical Theology of the Cross*, Fortress Press, Minneapolis.

Rwiza, R., 2008, 'Laurenti Magesa: An African liberation theology', in Bujo, B. En Muya, J.I. (reds.), *African theology: The contributions of the pioneers*, Vol. 2, Paulines, Limuru, Kenya, 231-255.

Saunderson, J.W., 1990, 'Small group evangelism', *NGTT*, Vol. 31 (4), 621-632.

Scannell, T.B., 1996, *The Catholic Encyclopedia*, Vol. 3, gesien op 11 Junie 2019, http://www.newadvent.org/cathen/03430b.

Schoeman, K., 2010, 'The racial discourse and the Dutch Reformed Church: Looking through a descriptive lens towards a normative task', *Acta Theologica*, Vol. 30(2), 130−151.

Schreurs, N., 2001, 'Offeren: begrippen en dimensies', in Barnard, M. en Post, P., *Ritueel bestek. Antropologische kernwoorden van de liturgie*, Meinema, Zoetermeer, 217-222.

Scott, H.R., 2017, *Praying, believing and being church: A Ritual-liturgical exploration*, DTh verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Sell, C.M., 1995, *Family Ministry*, 2nd edn., Zondervan, Grand Rapids, Michigan.

Senn, F.C., 2000, *New Creation: a liturgical worldview*, Fortress, Minneapolis.

Smit, D.J., 2002, 'Politieke erediens? Vrae oor liturgie as lewensvorm', *Praktiese Teologie in Suid Afrika*, Vol.17(2), 126-153.

----2004a, Lex orandi, lex credendi, lex (con)vivendi? - Oriënterende inleiding tot liturgie en etiek. Dokument voorgelees tydens 'n vergadering getiteld *Liturgy and ethics*, Stellenbosch Universiteit, Buvton.

----2004b, 'Lex orandi, lex credendi, lex (con)vivendi? - Oriënterende inleiding tot liturgie en etiek', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Vol. 45 (3&4), 887-907.

----2004c, 'Oor die kerk en maatskaplike uitdagings in ons land', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Vol. 45 (2), 350-362.

----2008, 'Ekklesiologiese merkers vir missionêre gemeentebediening in 'n postmoderne wêreld', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Vol. 49 (1&2), 106-117.

----2009, 'Ontdek die eie aard van die gereformeerde erediens', in Wepener, C.J en Van der Merwe, J. (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Bybel Media, Kaapstad, 87-108.

----2014, 'Oor Calvyn se siening van die nagmaal', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Vol. 55(1), 325-348.

Smith, S.B. en Dreyer, Y., 2014, 'Die betekenis van ritueelteorie vir rousmart pastoraat', *HTS Teologiese Studies*, Vol. 70 (3), 1-10.

Soja, E.A., 1996, *Thirdspace: journeys to Los Angeles and other real-and-imagined places*, Blackwell, Oxford.

Sørensen, J., 2007, 'Acts that work: A cognitive approach to ritual agency', *Method and Theory in the Study of Religion*, Vol.19, (3/4), 281−300.

Strenski, I., 2012, 'Philosophy of (lived) Religion', *Studies in Religion*, Vol. 41(1), 5-11.

Stringer, M.D., 1999, *On the Perception of Worship*, University Press, Birmingham.

----2005, *A Sociological History of Christian Worship*, University Press, Cambridge.

Struwig, F.W., en Stead, G.B., 2001, *Planning, designing and reporting research*, Masker Miller Longman (Pty) Ltd., Pinelands, Cape Town.

Sweet, L. (red.), 2003, *The church in emerging culture: Five perspectives*, Zondervan, Grand Rapids, Michigan.

Tajfel, H. en Turner, J.C., 1986, 'The Social Identity Theory of Intergroup Behavior', in Austin, W.G. en Worchel, S. (reds.), *Psychology of Intergoup Relation*, Brooks/Cole, Monterey, California, 33-47.

Taljaard, A., 2004, 'Die nagmaal as middelruimte tussen ryk en arm gelowiges om sigbaarheid aan versoening in die samelewing te gee', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Vol. 45 (2), 373-379.

Thumma, S.L., 1998, 'Methods for congregational study', in Ammerman,N.T., Carrol, J.W., Dudley, C.S., en McKinney, W. (reds.), *Studying congregations: a new handbook*, Abingdon Press, Nashville.

Thurston, B., 1993, *Christianity in the early church*, Fortress Press, Minneapolis.

Tisdale, L.T., 2008, 'Exegeting the congregation', in Long, T.D. en Tisdale, L.T. (reds.), *Teaching Preaching as a Christian Practice. A New Approach to Homiletical Pedagogy*, Westminister John Knox Press, Londen, 75-90.

Trimp, C., 1983, *De gemeente en haar liturgie*, Van den Berg, Kampen.

Uytenbogaardt, H., 2002, 'Breek ons, HEER, het brood: eucharistie en de SoW-kerken', in *Nieuwe wegen in de liturgie. De weg van de liturgie – een vervolg*, Meinema, Zoetemeer.

Van der Merwe, I.J., 1999, *Liturgie en lewe. 'n Sistematies-Teologiese ondersoek*, Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch.
----2006, 'Julle is tot vryheid geroep! Die erediens as lewe in evangeliese vryheid', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Vol. 47 (3&4), 708-719.
----2009a, 'Ontdek die nege lense op die erediens', in Wepener, C.J. en Van der Merwe, J. (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Bybel Media, Kaapstad, 147-164.
----2009b, 'Tien hedendaagse Liturgiese skuiwe', in Wepener, C.J. en Van der Merwe, J. (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Bybel Media, Kaapstad, 250-251.

----2009c, 'Ontdek die Doop en Geloofsbevestiging', in Wepener, C.J. en Van der Merwe, J. (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Bybel Media, Kaapstad, 129-145.

Van der Merwe, S., Wepener C.J. en Pieterse H.J.C., 2013, 'Multicultural worship in Pretoria. A ritual-liturgical case study', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Vol. 54 (1&2), 222-232.

Van der Schyff, S.P. en De Klerk, B.J., 2010, 'Basisteoretiese vertrekpunte op die aard en die begronding van 'n skrifgefundeerde liturgie', *In die Skriflig*, Vol.44 (3&4), 603-626.

Van der Ven, J., 1998, *Practical Theology: An empirical approach*, Peeters, Leuven.

Van der Walt, J.J., 1982, *Soek die Here in sy tempel*, Potchefstroom Teologiese Publikasies, Potchefstroom.

Van Dyk, L., 2005, *A More Profound Alleluia. Theology and Worship in harmony*, William B Eerdmans Publishing, Grand Rapids, Michigan.

Van Eck, E., 2009, 'Inklusiwiteit as evangelie', in *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 65(1), bladsy 1-10 pages.

Van Rensburg, F., 1983, 'Die amp sonder portefeulje', in Botha, E., Steenberg, D., Taljaard, J., Van der Walt, B., en Van der Walt, K. (reds), *Venster op die kerk*, IRS, Potchefstroom, 131-143.

Van Staden, J.M., 2014, 'Gesinsbediening in 'n postmoderne kerk: Modelle en metodes', *HTS Teologiese Studies*, Vol. 70(1), 1-8.

Van Staden, J.M. en Dreyer, Y., 2013, 'Gesinsbediening in 'n postmoderne kerk vanuit Bybels-teologiese perspektiewe', *HTS Teologiese Studies*, Vol. 69(1), 1-7.

Van't Spijker, W., 1993, 'Spiritualiteit en Spiritus Sanctus', in Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. en Van't Spijker, W. (reds.), *Spiritualiteit*, De Groot Goudriaan, Kampen, 435-452.

Van Wyk, T., 2019, 'Om 'self' en 'ander'te vier: Gasvryheid in kerkwees en liturgie', in Greyling, A. en Wepener, C.J. (reds.), *Ongekaart. 'n Bronboek met roetemerkers vir oorgange*, Bybelmedia, Kaapstad, 19-24 .

Versfeld, M., 1983, *The philosopher's cookbook,* Old Castle Books, Harpenden.

Vos, C.J.A., 1995, *Die blye tyding: homilitiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief,* RGN, Pretoria.

----2010, 'Godsbeelde in die liturgie', *HTS Teologiese studies,* Vol. 66(2), 1-5.

Vos, C.J.A. en Pieterse, H.J.C., 1997, *Hoe lieflik is U woning*, RGN, Pretoria.

Vos, C.J.A. en Wepener, C.J., 2014, *Tussen God en mens: 'n Literêr-estetiese benadering tot liturgie en prediking in 'n skuiwende kultuur,* Hond Uitgewers, Pretoria.

Wannenwetsch, B., 1997. *Gottesdienst als Lebensform: Ethik für Christenbürger*. Kohlhammer, Stuttgart.

Webber, R.E., 1998, *Planning Blended Worship. The creative mixture of old and new,* Abingdon Press, Nashville.

Wessels, F., 2009, 'Ontdek die Joodse wortels van die erediens', in Wepener, C.J. en Van der Merwe, J. (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Bybel Media, Kaapstad, 31-50.

Wepener, C.J., 2002, 'Nagmaalviering in die NG Kerk – tussen tradisie en vernuwing. Deel 1', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* Vol. 43(3&4), 641-651.

---- 2003, 'Liturgie en Versoening vóór die Reformasie: 312-600 AD', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* Vol.18(2), 194-210.

----2004, *Van vas tot fees: 'n ritueel-liturgiese ondersoek na versoening binne Suid Afrikaanse kultuurkontekste*, verhandeling ter voltooïng van DTh kwalifikasie aan die Universiteit van Stellenbosch.

----2005, 'Researching Rituals: On the use of participatory research in liturgical studies', *Practical Theology in South Africa,* Vol. 20(1), Buvton, Stellenbosch, 109-127.

----2006, 'The object and aim of multi-disciplinary liturgical research', *Scriptura*, Vol. 93, 384-400.

----2008, 'Towards a missional liturgy', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Vol. 49 (1&2), 206-219.

----2009a, *From Fast to Feast. A Ritual-Liturgical exploration of reconciliation in South African cultural contexts*, Peeters, Leuven, Parys.

----2009b, 'Ontdek eietydse tendense en uitdagings rondom die erediens', in Wepener, C.J. en Van der Merwe, J. (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Bybel Media, 181-194.

----2009c, 'Ontdek die draaipunte in die geskiedenis van die liturgie', in Wepener, C.J. en Van der Merwe, J. (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Bybel Media, 69-86.

----2010, 'Snert: Ritual-Liturgical measurements and recipes for Social Capital', *Verbum et Ecclesia*, Vol. 31(1),1-7.

----2011, *Soos 'n blom na die son draai. Liturgiese voorstelle vir gebruik in die algemene erediens en in ander spesifieke dienste*, Bybel Media, Kaapstad.

----2015a, *Aan tafel met Jesus. Leer ken Christus se tafelmaniere in Lukas en Handelinge. Preke, liturgiese voorstelle, geskiedenis, kuns, resepte*, derde uitgawe, Bybelkor, Wellington.

----2015b, '"Bliksem!"/Damn it! A ritual-liturgical appreciation of a deadly sin for an angry nation', *Verbum et Ecclesia*, Vol.36(3), 1-8.

Wepener, C.J. en Barnard, M., 2010, 'Entering the field: Initiating liturgical research in an African Independent Church (AIC)', *Acta Theologica*, Vol. 30(2), 192-210.

Wepener, C.J. en Bartlett, A., 2014, 'Die erediens as fees of die fees as erediens?: 'n Andrew Murray pryswenner 'n kwarteeu later herlees', *Verbum et Ecclesia*, Vol. 35 (2),1-8.

Wepener, C.J. en Cilliers, J.H., 2004, 'In herinnering aan die kinders … wat aan honger en koue moet sterf. Liturgie in 'n konteks van armoede', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Vol. 45(2), 364-372.

----2006, 'Research on Liturgy and the Generation of Social Capital in Contexts of Poverty in South Africa. A Theoretical Departure', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Vol. 47(3&4), 786-798.

Wepener, C.J., Dreyer, Y. en Meylahn, J.A., 2017, 'The tradition of Practical Theology at the University of Pretoria', in 'Theology at the University of Pretoria - 100 years: (1917-2017) Past, present and future', *Verbum et Ecclesia*, Vol. 38(4), 1-10.

Wepener, C.J. en Greyling, A. (reds.), 2019, *Ongekaart. 'n Bronboek met roetemerkers vir oorgange*, Bybelmedia, Wellington (ter perse).

Wepener, C.J., en Klomp, M., 2015, 'D(i)e verhouding prediking, mus(z)iek en liturgie', *HTS Teologiese studies*, Vol. 71 (3), 1-8.

Wepener, C.J. & Pauw, C. 2004, 'Terug na die toekoms – oor die samehang tussen rituele tyd en identiteit', *Scriptura:International Journal of the Bible, Religion and Theology in Southern Africa*, Vol.85, 110-122.

Wepener, C.J. en Van der Merwe, J., 2009, 'Ontdek die kenmerke en waarde van simbole en rituele', in Wepener, C.J. en Van der Merwe, J. (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Bybel Media, Kaapstad, 195-214.

Weyel, B., 2014, 'Practical Theology as a hermeneutical science of lived religion', *International Journal of Practical Theology*, Vol. 18(1), 150-159.

White, J.F., 2000, *Introduction to Christian Worship*, derde uitgawe, Wm.B Eerdmans, Grand Rapids, Michigan.

Wolterstorff, N., 1983, 'Justice and Worship: The Tragedy of Liturgy in Protestantism', *Until Justice and Peace Embrace*, William B.Eerdmans, Grand Rapids, Michigan.

Wuthnow, R., 1994, *Sharing the journey: Support groups and America's new quest for Community*, The Free Press, New York.

Ysseldek, R., Matheson, K. en Anisman, H., 2010, 'Religiosity as Identity: Toward an Understanding of Religion from a Social Identity Perspective', *Personality and Social Psychology Review*, Vol. 14 (1), 60-67, SAGE, Canada.

Zimmerman, J.A., 1993, *Liturgy as Living Faith*, Associated University Press Inc., Cranbury, New Jersey.

ADDENDUM A: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER A

Onderhoud vir PhD navorsing getiteld *Die erediens van die lewe: 'n Prakties-teologiese verkenning*. Mede-navorser is 'n manlike persoon, van 60-jarige ouderdom van 'n stads NG Gemeente in die ooste van Pretoria.

NAVORSER (N): Baie dankie dat jy ingestem het om aan die navorsing deel te neem. Soos ons daar in die bekendstellingsbrief genoem het, wil hierdie navorsing fokus op die erediens, maar spesifiek die impak daarvan op ons christelike identiteit en daaglikse lewenswyse dan ook. So ek gaan 'n paar vragies vra; probeer asseblief so volledig as moontlik antwoord gee, soveel inligting as wat jy moontlik kan op die einde van die dag. Kom ons begin, die eerste vragie; beskryf vir my wat jy verstaan met die erediens? Waar vind dit plaas, waar en hoe lank?

MEDE-NAVORSER A (MNA): Erediens kan ek maar op band sê my pa was 'n predikant in die NG Kerk. Vir my is die erediens altyd die tradisioneel gesproke waarskynlik die samekoms van die gemeente, gemeenskap van die gelowiges op 'n Sondag, somtyds in die aande ook, maar Sondae-oggende 'n byeenkoms waar daar 'n preek deur die predikant is, die samekoms van die lidmate en dan die totale liturgie, die lees, die preek die bid, die saamsing, en afhangende van die situasie ook bediening van die doop en bediening van die nagmaal, maar dit is in die kerk, die kerkgebou, die gemeente se kerklokaal en somtyds is dit 'n kerksaal of 'n skoolsaal soos dit nou ons geval was, maar dit is die samekoms van die lidmate rondom 'n boodskap wat gebring word deur die predikant en dan nou al die liturgiese stappe en sing en kollekte en ook samesyn na die tyd, groet, en dit het deur die jare natuurlik ontwikkel van baie tradisioneel tot nou waar daar groeigroepe is, en veral in hierdie gemeente waar hulle wegbreek met die kinders; dit is 'n groot gemeente jy moet eintlik 'n verdeling maak tussen die jonger mense en die ouer mense, maar in kort dit is hoe ek dit sien, dit is die … daardie samekoms.

N: "Okay". Baie dankie daarvoor. Terwyl ons nou oor die erediens gesels vertel vir my van 'n erediens wat 'n definitiewe impak op jou en/of jou lewe gehad het, en verduidelik vir my wat het hierdie erediens so spesiaal gemaak?

MNA: Joe! Om een spesifiek na te verwys is bitter moeilik. Ek kan miskien en ek kan nie 'n dag en 'n datum bepaal nie, maar daar was heelwat van hulle in hierdie gemeente. Snaaks genoeg – as ek moet dink is dit sommiges van hulle, en ek moet nou breed skiet, wyd skiet: Sommiges van hulle het te doen met Gys van Schoor, sy betrokkenheid in die gemeente, en dan byvoorbeeld laas Sondag s'n, nee, laas Sondag was ek nou nie hier nie, die een voor dit wat Johan Taute sekere goed mooi oopgebreek het. Wat ek, is vir

my moeilik om een uit te wys. Vanoggend s'n was vir my wonderlik gewees, die manier hoe 18 en 20, die saamlees van die tekste en dit is nou wat ek vir 'n lewe doen is teks-ontleding en teks-uitleg dit het nie net uit 'n analitiese oogpunt nie, maar ook die ding verduidelik so vanoggend s'n was nou vir my dit is baie vars in my geheue, dit het 'n baie groot rol gespeel. Wat ek van hou in eredienste en miskien loop ek nou van die vrae vooruit wat ek van hou in eredienste is, ek is miskien 'n linkerbrein mens, ek hou van 'n analitiese uitpak van die boodskap.

N: "Okay".

MNA: So Amor praat en sing, ek soek dit, ek verwag dat die dominee vir my die teks moet uitpak, maar nie in die tradisionele sin van die Heidelberg se Kategismus en amper op 'n pro forma manier tiekie-boksie soos die Roomse Kerk miskien nie, maar die oopbreek van die teks en op 'n praktiese manier vir my hom uitpak. Vanoggend s'n was nou vir my 'n goeie voorbeeld daarvan, so as ek 'n lang storie kort te maak, ek dink vanoggend se diens was vir my tekenend van waarvan ek hou in my tuisgemeente hoe die erediens moet plaasvind. Nie te formeel nie, ek is nie 'n formalis nie, maar ek hou van die manier hoe dit uitgepak word, dit oopgebreek word en die diens, ek hou van die sing, ek hou van die musiek in ons gemeente, so vanoggend was nou vir my 'n goeie voorbeeld van hoe ek die erediens wil beleef, en dit is nou snaaks vir 'n 60-jarige om dit te sê, maar ons het so wegbeweeg van die tradisionele dat vanoggend was nou vir my nogal 'n uitstaande ene, en daar was baie, baie van hulle die afgelope tyd. Ek het min klagtes.

N: "Okay".

MNA: Snaaks genoeg.

N: 'n Ander vraag, kan jy my vertel van 'n erediens of 'n eredienservaring wat vir jou uitstaan wat geen impak op jou ... op jou as persoon gehad het nie en wat was die rede hiervoor?

MNA: Joe! Dit is moeilik. Nou moet 'n ou versigtig wees hoe krities jy oor 'n betrokke predikant is, en aan die anderkant hoe jy dit koppel aan jou persoonlike voorkeure en persepsies rondom, ek kan nie een uit, soos 'n mens dit in Engels sê ek kan nie “pick” nie, maar daar was al gewees dat daar net nie Bruce Springsteen praat van die “the spark” in daardie enetjie van hom, daar was, jy kry net die gevoel wat jy uitstap daar was niks, dit het niks vir my gedoen nie. Daar was nie, ek het niks geleer nie, ek het nie van my vertwyfelinge of my vrae is beantwoord nie, ek het nie, daar is nie 'n konneksie nie. Ek praat met my studente van 'n “legislate of short circuit”, iets maak

nie sin nie en dit het al gebeur, maar somtyds moet 'n ou ook in gedagte hou dat dit 'n persoonlike ding kan wees. Dit kan dalk wees my gemoedstoestand vir die dag, of iets wat buite gebeur het in die wêreld en ek het nog 'n vraag as ek uitstap. Ek kan nie vir jou een noem nie, want dit is bitter moeilik. Ek probeer daardie goed uitskuif, ek is een van daardie ouens wat sê “move on”, maar daar was van hulle.

N: "Okay".

MNA: Ek moet versigtig wees en sê ek kan vermoed dat dit baie te doen het met 'n persoonlike persepsie ook. Jy gaan ouens kry wat, ek het al gehoor dan praat ons in die groeigroep ná die tyd dan sê die ouens dit was 'n fantastiese diens dan het dit vir my niks gedoen nie, maar dit kan 'n persoonlike individualiteits-“"issue"” wees, ek wil nie daarmee, maar dit gebeur. Met sekere predikante in die gemeente waarskynlik meer, maar dit gaan oor die manier hoe ek sekere predikante se styl ervaar.

N: "Okay".

MNA: En ek dink 'n ou moet versigtig wees dat ek nie my gebrek aan “spark” uit die diens uit oor die boeg gooi van dat die boodskap verkeerd was nie. Dit was dalk ek vind nie by die betrokke dominee se styl vandag nie heeltemal aanklank nie. So 'n ou moet versigtig wees, ek wil nie daardie, amper daardie idee van “forum shopping” ingooi en “pulpit shopping” dat ek hou net van daardie dominee nie, want ek vind aanklank by hom. By van die anders by wie ek baie aanklank vind meeste van die gemeente, ek het nie probleme met die predikante nie, het ek al ondervindings gehad dat mense met wie se styl vir my “great” is ek die dag uitstap en sê dit het nie vandag vir my gedoen nie en dan het ek verrassend genoeg by miskien die predikante wat ek somtyds nie heeltemal, ek dink nie ek en die persoon is op dieselfde golflengte nie, uitstap en sê vandag het iets met my gepraat, so ek dink, ek weet nie in watter mate jy dit gaan inwerk nie, maar dit het baie te doen met persepsie en persoonlike styl en voorkeure vir styl waar 'n ou vandaan kom, hoe jy dinge sien.

N: En as jy praat van styl praat jy dan van die aanbieding, die manier van praat, die manier ...

MNA: Ja, ja. Sommige van die, “jis” ek weet nie 'n ou moet seker versigtig wees om baie persoonlik te raak, jy kan dit maar uitsny, ek vind aanklank by Lourens se dienste. Ek dink hy is ook baie linkerbrein. Ek hou van die manier hoe hy 'n ding uitpak en analiseer en ek weet nie. Van die ander minder, so ek dink dit het iets met styl te doen. Ek dink en dit het ook met 'n persepsie te doen wat jy soek vir die dag. Jy weet jy kom in en die politiek of iets in die land was, jy soek dalk 'n persoonlike, 'n mens moet

versigtig wees wat jy soek in die diens. “It is not about me”, is dit, maar ek dink dit het ook met styl te doen en dit is 'n moeilike ding, want hoe, hoe, hoe pas 'n dominee nou sy styl aan om die hele gemeente te pas, jy weet, dit is moeilik, maar ek dink nie dit moet oor die dominees gaan nie, so ek dink jy kyk meer na die erediens in sy breë, maar dit is persepsies en dit is, ek weet nie of ek te veel praat nie en of jy hoor wat jy wil hoor nie.

N: Nee jy help baie, verskriklik dankie daarvoor. Kan jy my vertel van enige intieme ontmoeting wat jy met God gehad het in die erediens of enige ander geleentheid en wat was die impak van hierdie ontmoeting op jou lewe?

MNA: Ja, daar is baie, as 'n ou nou vat dat ek dink waar jy in die erediens is 'n aaneenlopende ding wat Gys nou weer vanoggend gesê het is hierdie “training”, dit hou nooit op nie en dit, jy kom nooit by 'n staat van perfeksie uit nie. Daar was baie van hulle gewees, maar ek sou sê die Pinkster wat, was dit nou verlede jaar, wat Gys gedoen het - daardie idee van “it is not about you” het nogal vir my 'n impak gehad. Laat in 'n ou se lewe, al die, nee en die heling dat jy 'n bietjie binne-toe kyk, dat jy ook agterkom, miskien 'n goedkoop manier om 'n persoonlike analise te doen van jou lewe wat is fout en hoekom het jy “issues” en hoekom doen jy dinge soos jy dit doen, duidelik aan die een kant, maar ook waardevol. Nou ek sou sê verlede jaar se Pinkster besonder. Nou goed nou ongelukkig gooi dit nou dalk jou data uit, want dit is 'n buite-ou wat dit gedoen het, maar ek dink dit pas in by die program by die gemeente of die gemeente-spanbeplanning.

N: "Okay".

MNA: Dit is 'n buite ou, maar dit was deel van die program.

N: En wat het vir jou uitgestaan van daardie ontmoeting wat jy met God gehad het?

MNA: Wie jy eintlik is, die, wat sal 'n ou dit noem, die skok wat jy het as jy na binne-toe kyk, en dat jy dit moet doen voordat jy al die “fancy” goed na buitetoe kan doen. Dit miskien daardie.

N: "Okay".

MNA: Die harde werklikheid.

N: "Okay".

MNA: Ek weet nie of dit later ter sprake gaan kom nie, maar iets wat ek van hou in hierdie gemeente se erediens-beplanning is die tematiese strukture. Jy weet ek het groot geword - jy is dalk te jonk om dit te onthou, maar ons het groot geword in die NG Kerk met daar moes elke nou en dan 'n Kategismuspreek wees jy weet, en hierso die temas soos Groei of Wysheid, daar is gereeld verskillende temas in die gemeente en dit is nogal lekker, want dan kan 'n ou dit in die groei-groepe bespreek. Daar is 'n tematiese goue lyn wat deurloop so 'n ou weet heeltyd waar jy is met wat hulle wil en wat hulle gaan doen en die goed haak aan mekaar. Weereens 'n linkerbrein ding, ek dink die manier hoe hulle dit geplan dat daar 'n progressie is, maar dit is ook heeltyd gekoppel, “ge-link”.

N: "Okay".

MNA: Maar vir my die werk wat ek doen en waar ek vandaan kom is dit vir my 'n...dit is wonderlik. Dit is nie lukrake goed, vandag preek hy oor die sonde en môre oor geld en dan weer oor dit nie. Dit is 'n en dit is prakties. Dit is 'n lyn wat deurloop, maar dit het 'n praktiese, dit spreek praktiese “issues” aan, maar dit is nie net 'n “pie in the sky” preke nie. Ek hou van die tematiese uiteensettings, maar dit is dalk nou 'n vraag wat ek vooruitspring.

N: Ons het nou gepraat met 'n ontmoeting met God, maar vertel my van 'n spesiale ontmoeting wat jy met 'n mede-lidmaat van jou gemeente gehad het of tydens die erediens of enige ander geleentheid.

MNA: Jo! Mede-lidmaat. Nee, dit is waarskynlik, want jy weet dit is nou moeilik; jy sit in 'n erediens en soveel as moontlik maar gewoonlik op dieselfde plek en is altyd, nou-ja ek kom, my vrou is nou nie vanoggend hier nie, sy is nou siek, maar dit is gewoonlik my vrou. Ek dink die spesifieke konneksie op spirituele vlak was verlede jaar met die Pinkster met die na binne-toe kyk, en sekere dinge wat ek nou doen en verkeerd doen en problematiek binne verhoudings is dat ek en sy dalk 'n dieper konneksie gemaak het rondom die boodskap en die tema binne Pinkster saam met Gys. Dit was, dit is 'n moeilike een daardie, want dit gaan altyd wees, in baie gevalle gaan dit waarskynlik wees saam met wie jy kerk toe kom, want ek bedoel jy het min konneksie met die lidmate om jou; goeie môre soos vanoggend en nou sit jy en jy sien jou pelle en waai en daar’s hy, maar dit is omtrent al tydens die erediens. Dit is een wat vir my ek wat ek dink kan uitstaan, maar dit koppel weer dalk aan 'n moment of 'n reeks wat vir my iets beteken het - verlede jaar se Pinkster.

N: "Okay". Kan jy vir my vertel wat jy met die begrip missionaal verstaan en watter impak het daardie term op jou identiteit en lewe het.

MNA: Ja, nou moet ek weer die storie terugvat, dit is amper vanoggend se diens, missionaal dink 'n ou in terme van sending; my pa was 'n kerkhistorikus ná hy uit die bediening uit is, en hy dink hy gaan kerkgeskiedenis, sending wetenskap ons wat in die kerk grootgeword het is jy moet gaan sendingwerk doen - daardie begrip het baie vinnig in hierdie gemeente verander. Ek dink die, ons moet kerk in die gemeenskap wees het dit baie vinnig, vir my in elk geval, ek weet nie vir die ander lidmate nie, duidelik geword missionaal beteken nie om jou goed te vat en in Afghanistan 'n kerk te gaan plan nie. Dit gaan oor 'n effek wat jy het na buite in die gemeenskap en dit is daardie tyd met die verandering na Lux Mundi, so vir my is vanoggend se preek absoluut die, die Engelse praat van die “epitome” van hoe ek dit verstaan; wat in hierdie gemeente moet gebeur is dat elke dag, daar waar jy is, met wie jy te doen kry - dit hoef nie sendingwerk soos in die ou dae, jy pak jou goed op en jy plant 'n kerk in Seirra Leone of so-iets nie. Dit is nogal, kom sterk in hierdie gemeente deur en ek dink vangoggend se diens was net 'n herbevestiging van my besef van wat dit is. Ons het groot geword met die sendingbegrip. Ja, moet ek seker my nek uitsteek ek dink baie daarvan het te doen met of gedeelte daarvan, “for lack of a better word”, is seker maar met apartheid ook te doen gewees; jy weet ons sit hierso en dan moet ons uitgaan en dan moet ons die ander volke gaan kersten. Dit het verander. Of dit nou verander het net na die val van apartheid is 'n ander storie, maar in hierdie gemeente baie duidelik geword; jy kan nie net missionaal wees deur 'n sendeling met 'n tjek elke maand te ondersteun nie. Dit gaan, kom terug, dit is 'n, so dit is hoe ek dit verstaan, en die gemeente het baie daarmee te doen gehad, daardie verandering van jou begrip van wat is missionêre gemeente en wat is missionaal en wat is die opdrag as dit is wat jy soek.

N: Enigiets wat spesifiek uitstaan oor missionaal wees binne Suid-Afrika?

MNA: (Lag) Laat my nou dink aan as 'n ou Kwela kyk daardie tyd, Coenie en die outjie wat dit nou aanbied, wat is sy naam, Hannes, dan as hulle klaar is dan sê hulle mooi loop vir die week en gaan maak 'n verskil. Ek dink die, nie 'n verskil om Jacob Zuma te laat val of om die rand te versterk nie, maar dit is 'n, weet soos Jesus, so missionaal is 'n daaglikse ding van maak 'n verskil in jou huis, word anderste, ek self, maar maak, ek wat met studente te doen het en in die samelewing kyk of jy 'n beeld kan uitstraal wat Jesus verteenwoordig en maak 'n verskil. Dit is hoe ek dit sien op 'n baie praktiese vlak.

N: "Okay" kan jy vir my iets vertel oor die sakramente en die rol wat dit in julle gemeente, maar ook in jou eie lewe speel?

MNA: (Lag) Sakramente, ja. Weet jy ek kom uit 'n pastorie huis uit so 'n ou word groot met doop en nagmaal. Op 60, 61, my kinders het baie lank terug self gedoop, maar ek

was nou so drie jaar terug by my eerste kleindogter se doop en ek dink jy word weer getref deur die, ek wil dit nou nie vervlak die terme nie, die waarde daarvan of die impak daarvan, maar dit, ek kan sê as ander mense doop hierso dit het nie so 'n persoonlike impak op my nie, want ek bedoel dit nou nie jou kinders nie, jy, dit is mooi en almal kyk hoe lyk die babatjie. Sy word nou deel van die gemeente. Wat wel 'n invloed het of impak het is die nagmaal. In hierdie gemeente word die nagmaal baie informeel gedoen somtyds en dit het praktiese redes daarvoor jy weet, die ou dae wat die diakens so bedien het en so-aan, dit het deels dink ek is dit een van die redes, die ander rede is die gesinne word betrek. So die gesinsleier, die gesinshoof staan op en hy gaan haal vir sy gesin die brood en die wyn.

N: "Okay"

MNA: En dit maak dit baie gemaklik, dit maak dit baie persoonlik en dan die deurloop-nagmaal wat ons hier het van tyd tot tyd wat weer op 'n ander vlak is; wat jy eintlik storm van die kantoor af hier in en dan, partykeer was dit, die een het ek my vrou hier gekry, die ander keer was sy so twee stasies voor my, en dan gaan sit jy en dan word jy net stil. Dit is 'n, ek dink, die essensie van die nagmaal kom baie sterk deur van die eredienste hier. Meer as die tradisionele een wat 'n ou 40 jaar gelede gehad het; jy sit en dan word die tekens bedien, en dit is 'n baie persoonlike ontmoeting en dit is 'n baie informele gemaklike bediening van die sakrament en dit is nie formalisties amper soos in die Roomse Kerk waar jy; die ou kom verby en dit is die en daardie, dit is 'n, dit is net, dit is amper soos om 'n groeigroep byeenkoms, dit is baie rustig en gemaklik. Dit geniet ek.

N: "Okay".

MNA: Dit het 'n invloed, 'n impak ook.

N: Wat verstaan jy onder die term prediking en woordverkondiging?

MNA: (Lag) Ja, ek my, vir wat dit werd is, my “expertise” is wetsuitleg, met ander woorde die oopbreek van teks en die betekenis daarvan te kry. Noem dit nou maar regsherminitiek ???? So ek het 'n goeie idee wat predikante moet doen om die skrif oop te maak en dan te verkondig. Ek verstaan die oopbreek van God se Woord afgestem op 'n sekere praktiese situasie of dit nou persoonlike groei is en of dit is die hantering van trauma of die hantering van die wêreld daar buite. 'n Boodskap van uit die Woord van God deur die predikant wat die teks oopbreek, interpreteer, toepas op 'n praktiese situasie “at hand” soos die Engelse sal sê, om 'n impak te maak om mense te versterk, om mense somtyds op te lei, soos vanoggend, hoe om sekere begrippe te gebruik, maar

op die ou end is dit vir my die predikant word dan die geleibuis van iets wat God vir my wil sê, maar dit gaan vir my, dit is my praktiese agtergrond-oopbreek van 'n teks en die toepassing van sekere goed en dit het Gys nou weer vanoggend ook; is 'n baie eenvoudige ding, maar die beginsel van jy kan nooit in isolasie tekste uitlê nie en dit was baie mooi gedoen, maar dit het 'n praktiese impak, dit is nie net jy kan nie net moet nie 19 ignoreer nie, maar dit het 'n praktiese impak, en dit is daardie amper noem dit maar die lesinggedeelte van die erediens waar die prediking hy is nie, dit is nie regwysings nie, maar daar word ook sekere opleiding gedoen. Ek kry iets uit die woord uit wat ek normaalweg nie sou gekry het nie, nuwe invalshoeke, nuwe betekenisse en versterking, geloofsversterking, opleiding, wat is dissipelskap, hoe moet ek sekere situasies hanteer, introspeksie, daar is 'n hele wye reeks van goed, maar dit is wat ek in die prediking verstaan.

N: Wie verkondig die Woord?

MNA: Ek dink, ek kan jou nou lank besig hou met goed uit die “Law” ook uit, maar die predikant verkondig die Woord, want dit is God se Woord, dit is, hy word die medium waardeur die Here sekere lesse vir my wil leer of sekere tekste wil oopbreek of sekere rigtings wil aandui. Ons kan nou lank praat oor wat kan gebeur, maar dit is God se Woord, maar God praat met my, die verkondiger, ja, nou ja, ek kan nou daaroor argumenteer; filosofies is dit God wat die Woord verkondig, maar die dominee, die predikant is die spreekbuis of die medium.

N: "Okay".

MNA: Ek sien dit, ek sien dit dat die predikant is die medium, die radio of die mikrofoon of die luidspreker waardeur God met my praat vanuit Sy Woord uit.

N: Vertel vir my hoe jy dink oor die betekenis van die seën of die seëngroet.

MNA: Dit is 'n herbevestiging van die twee goed wat Gys vanoggend gesê het. God is Koning, maar Hy is hier. Dit is nie en ek weet nie wat jy gaan kry nie; elke ou het sy eie idees daaroor, ek glo nie aan die Wealth, die Welvaartsteologie nie, so daardie seëning beteken nie dit gaan met jou goed gaan hierdie week, jy gaan nie kanker kry nie, jou aandeel op die beurs gaan goed loop en jou kind gaan die eksamen slaag nie, dit is nie wat dit beteken nie. Nie vir my nie. Dit is bloot 'n herbevestiging van God is by jou en ek, die dominee as medium herbevestig daardie twee goed vir my. Hy is koning en Hy is hier en Hy sal saam met jou stap. Wat ook al gebeur slegte dinge, goeie dinge, maar Hy bid God se seën op my af omdat ek, Hy hier is en ek glo in sy almag. “Nothing more, nothing less.” Dit is hoe ek dit sien.

N: Dink jy hierdie seën of seëngroet speel 'n rol in ons daaglikse lewe?

MNA: Praat jy nou van in die algemeen of persoonlik, want ek dink dit behoort, want dit is my herbevestiging. Ander mense gaan dit ander anderste sien. Jy gaan snaakse antwoorde hier kry vermoed ek. Vir my is dit net 'n herbevestiging amper soos as daar 'n nuwe dominee aankom of vanoggend toe hy nou - sit sy hand op die ou se skouer en ons bid die Here se seën dat dit met jou sal goed gaan, dat die Here eintlik bevestig hy net die Here is hier, Hy is by jou. Die storms in die lewe gaan jou tref en dit, as ek uitstap in die oggend ná die diens dan weet ek die erediens is op Sondag, maar die week is 'n, is deel van die proses wat gaan lei tot die volgende Sondag en is maar net 'n herbevestiging wat 'n ou behoort te weet, maar die dominee doen dit net weer in my geval, dan lê die week voor, weer Hy is Koning en Hy is by jou.

N: "Okay".

MNA: Daar's hy. "Nothing more, nothing less". Wel ek kan nie dink dat daar iets meer kan wees nie, want dit is die "ultimate", maar dit is nie, dit gaan my nie help op die aandelebeurs of met die Lotto wen of my, dit is nie 'n welvaarts ...

N: "Okay".

MNA: Dit is nie 'n "get out of jail card" of so-iets nie.

N: Nee ek hoor jou hart. Vertel vir my hoe jy God sou beskryf. Wie is God vir jou en watter invloed het dit op jou lewe?

MNA: "Jo" nou moet ek dink. Dit het verander, en ek dink die Godsbegrip by lidmate - in my geval seker persoonlik het te doen met die manier hoe die Godsbegrip gepreek is oor die afgelope tyd. 'n Ou het dalk groot geword met die idee van God is hierdie toornige Almagtige figuur wat kan besluit wat gaan gebeur en wat nie gebeur nie. Miskien verkeerde begrippe oor God is in beheer, en dan sit jy en wonder, maar hoekom laat hy dinge soos Auschwitz en, en, en gebeur; dan sit jy in die kerk en dan kyk jy na die kleur-kanselkleed wat sê God is liefde en dan kyk jy na wat hier buite aangaan, maar die, ek sal nou nie name noem nie, maar die bekende Fire and Brimstone predikant hier in die, naby Tukkies wat kyk hy het vir jou, hy het ouens gepreek oor sonde dat dit hierdie toornige vaderfiguur is en dan later die konneksie wat daar met die kruis en met Golgota gemaak is, en met redding, en wat is redding en dat op die ou end, maak nie saak hoe bang jy is of hoe hard jy werk of vandag se preek "I am trying all the time" en jy is bang vir, nie faal nie, jy is bang vir foute maak nie, dat dit op die ou einde nie daaroor gaan nie, dat dit hierdie God van liefde is en dit het vir my verander dat dit ten

spyte van al jou gebreke jy wel gered is, maar dit beteken nie ek kan nou terugsit en niks doen nie, dat daaruit kom die, noem dit nou maar dissipelskap of die strewe om meer en meer soos Hy te wees, maar nie “try” nie, “Try” nie, soos wat Gys nou gesê het. Dit is dus, dit is hoe ek dit deesdae sien en, maar dit het verander. Dit het verander. Hoe dit verander het is deels seker te wyte aan verandering in sienings oor wat is die erediens en hoe moet die Woord verkondig word, maar dit is nou 'n ander proefskrif op sy eie, maar dit het, die NG Kerk dink ek het in 'n baie groot mate veral in stadsgemeentes wegbeweeg van 'n tradisionele konserwatiewe siening van dit is wat God is, maar wat Gys nou in die Pinkster ook gesê het is 'n God van fluistering. Daardie, Jesus se liefde, daardie verander, daardie paradigmaverskuiwing het 'n paar jaar gevat om te gebeur, maar ek dink dit het ook te doen met hoe die erediens gesien word en wat se bediening jy aan die lidmate wil gee, vermoed ek. Ek is nou nie 'n kenner daarop nie.

N: "Alright". Laaste vragie. Dink jy die erediens het betekenis vir ons lewe na die dood of ons lewe voor die dood. Verduidelik waarom jy so sê.

MNA: Nou as ek dan nou na die dood beteken die hiernamaals nè?

N: Ja.

MNA: Die erediens, ja, die erediens op sigself kan ek nie sien dat dit enige invloed op die hiernamaals gaan hê nie, want as jy nie glo nie, as jy nie gered is nie, as jy nie wedergebore is nie, as jy, met ander woorde as jy nie inkoop in hierdie skema nie kan jy in die erediens sit soos jy wil; na jou dood gaan dit nie aan jou verander nie. Dit is die effek wat die erediens onder andere met die ingryping van die Heilige Gees speel 'n rol voor jou dood, wat 'n rol gaan speel, so ek dink die twee is gekoppel. As die erediens werklik 'n rol in jou geestelike lewe vervul nou en of jy 20 is en of jy 60 is en of jy soos my skoonpa in sy middel 80’s is, gaan dit wel 'n rol hê na jou dood, maar dit het 'n invloed op hoe jy jou christenskap sien, is jy werklik 'n christen, is jy werklik gered, maar daarmee wil ek nie sê dat jy nou hier voor die tyd punte opbou nie, dit is glad nie, maar as jy gered is gaan jy gered wees na die dood ook. So die soort van, jy kan gered wees en jy kan 'n baie, jy kan by 'n pastoor sit êrens in 'n groot tent of jy kan by die Grootte Kerk sit, dit is 'n persoonlike verhouding met Jesus. In watter mate die erediens daardie verhouding help versterk, laat bloei, dit is nou 'n ander storie, maar dit is die “link” wat ek sien tussen die twee. Die erediens speel 'n rol en hoekom hy 'n rol nou speel is ek dink wat Gys vanoggend probeer sê het is bymekaar. Jy kan nie hierdie pad alleen stap nie. Jy dink jy kan, jy weet, jy sit daar en jy kan name op klippies skryf en jy, al hierdie goed doen wat hy gesê het en jy kan selfs aanddienste bywoon, maar êrens moet jy die gemeenskap van die gelowiges ondervind, en my persoonlike opinie is jy kan nie 'n individuele christen wees nie, jy kan nie daar, soos partye ouens

sê nee want, ek gaan sit maar in die veld en dan praat ek met die Here nie, êrens moet jy ondersteuning hê. Êrens moet jy die erediens hê waar daar sekere vrae vir jou gevra word, waar daar sekere goed vir jou gesê word, waaroor jy moet gaan dink, waar daar sekere lyne in die sand getrek word somtyds. God is 'n God van liefde, maar partykeer dan trek Hy die lyn in die sand, maar Ek is Koning. Dit is hoe dit werk. Dit is die effek daarvan; so dit alles het dan 'n invloed op jou verhouding met Jesus, verhouding met julle wat dan 'n invloed gaan hê wat na die dood gebeur. Ek neem aan dit is waarheen jy oppad is, maar dit speel 'n rol, uit die aard van die saak. Ek dink persoonlik, ek weet nie wat ander ouens vir jou gaan sê nie, maar jy kan nie gaan sit in die veld en kyk vir die blommetjies christen wees nie, dit werk nie. Êrens is hierdie samesyn van wie Hy is, wat ek kan doen in die gemeenskap kan jy nie doen deur alleen, dit werk nie vir my nie.

N: "Okay", baie dankie vir jou eerlikheid en vir die deeglikheid en vir jou bydrae tot hierdie navorsing, ek waardeer dit opreg hoor.

---oOo---

ADDENDUM B: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER B

Onderhoud met mede-navorser vir PhD studies getiteld *Die erediens van die lewe: 'n Prakties-teologiese verkenning*. Mede-navorser is 'n 41-jarige dame lidmaat van 'n NG Gemeente in die ooste van Pretoria.

NAVORSER (N): Baie dankie dat jy ingestem het om deel te neem aan hierdie studie. Ons waardeer jou bydrae opreg. Wanneer ek die vrae vir jou vra antwoord asseblief so eerlik as moontlik, so deeglik as moontlik, gee soveel inligting as moontlik en onthou daar is nie 'n regte of verkeerde antwoord op die einde van die dag nie. Kom ons val weg. Die eerste vraag, beskryf vir my wat jy verstaan met die erediens, wanneer vind dit plaas, waar en hoe lank?

MEDE-NAVORSER B (MNB): Erediens vir my is saamkom met mede-gelowiges en ek weet dit kan, dit hoef nie 'n kerk te geskied nie, so dit kan 'n huis-opset of wat ookal wees, maar vir ons dit is goed om iewerster in 'n kerk in te skakel, ook en vir my is dit 'n plek soos 'n kerkgebou waar daar 'n organisasie is wat gestruktureerd plaasvind, en waar daar 'n dominees is en 'n hele leierstruktuur wat vir 'n ou kerk bied.

N: "Okay". Vertel vir my van 'n erediens wat 'n definitiewe impak op jou en jou lewe gehad het en wat het hierdie erediens vir jou spesiaal gemaak. Dit kan enige-een wees.

MNB: Sjoe! Moet dit 'n spesifieke erediens wees?

N: Dit kan meer as een ook wees of ...

MNB: Ja, ek dink ek gaan hom 'n bietjie meer wyd antwoord, want ek gaan nie vir jou een kan gee nie, ek dink 'n ou beleef in jou lewe maar 'n klomp sulke eredienste waar jy voel jy het werklik 'n ontmoeting met God gehad en ja, dat die Gees werklik; dat God daar was, en dat 'n ou dalk 'n baie spesifieke skuif in jou lewe maak of 'n besluit in jou lewe maak. Ja.

N: Kan jy my probeer vertel van iets wat daardie dienste so spesiaal maak?

MNB: Ek dink dit gebeur maar vir elke ou verskillend, so die Woord word vir jou op daardie stadium van jou lewe oopgebreek dat jy God se stem regtig hoor, en dat dit 'n inspraak in jou lewe maak op daardie stadium wat lei tot verdieping van jou geloof.

N: Baie dieselfde vraag, maar nou net 'n bietjie anderkant toe - kan jy vir my vertel van 'n erediens of eredienste waarin jy gesit het en dit het geen impak op jou of jou lewe gehad nie, en wat van daardie dienste het daartoe bygedra?

MNB: Altyd die makliker een, maar ja, vir my persoonlik as iemand 'n klomp oppervlakkige stories vertel met menslike grappies en stories as jy net 'n sedelessie hoor dan gaan dit by my verby, dan voel dit vir my of ek dit op 'n ander plek kon gekry het so diepte Woord oopbreek, Woorduitleg maak dit vir my anders.

N: Jy help my baie, baie dankie daarvoor. Ons het nou-nou so begin raak daaraan, maar kan jy my vertel van 'n persoonlike intieme ontmoeting wat jy met God gehad het, in 'n erediens of enige ander geleentheid en wat was die impak daarvan op jou lewe?

MNB: Ek kan nie meer, ek weet van sulke ervarings waar 'n ou regtig net voel die Here is besig om sy hand op jou te plaas, en wat jy eintlik 'n fisiese gewaarwording in jou lyf kry daaroor so ja, wat net die Gees kan wees wat met 'n ou werk. Dalk moet u vir my nog weer vra dat ek verder dink.

N: Vind dit gewoonlik vir jou daardie ervarings tydens die erediens of na die erediens, is dit by die huis, is dit by die werk, waar?

MNB: Nee, tydens.

N: "Okay". Kan u my vertel van 'n spesiale ontmoeting wat jy met 'n ander lidmaat van julle gemeente gehad het, weereens of tydens 'n erediens of enige ander geleentheid?

MNB: Moeilike vraag.

N: Ons het tyd, jy kan mooi dink. Enige ontmoeting met 'n mede-lidmaat wat 'n impak op jou gemaak het.

MNB: Wel, ek dink in die nabye verlede sal ek eintlik - net ek dink 'n ou is baie ingestel op jou kindertjies se ervaring van die erediens en dat tydens sang, want hulle is nog klein, dat 'n ou eintlik 'n samehorigheid met hulle beleef; soos as my dogtertjie op my skoot is en 'n ou “Praise and Worship” dan is ek intens bewus van dat sy my “Praise and Worship” beleef en dat dit 'n effek gaan hê op haar, en dat 'n ou dit met waarheid en oorgawe vir haar oordra.

N: "Okay". Kan jy vir my vertel wat jy met die begrip missionaal verstaan en vertel ook vir my watter impak dit op jou lewe het, indien enige?

MNB: Missionaal is my verskillende fassette van die gemeente wat spesifieke ouens uitstuur, jou sendelinge wat die kerk onderhou en waar 'n ou finansieel bydraes gee, vriende wat 'n ou ken wat in die omgewing by Corpus Christi of Campus Crusade, ekskuus Campus Crusade of sulke goeters betrokke is, of ouens wat in Rusland uitgaan vir sending, maar missionaal ook is ons dag-tot-dag taak wat die kerk vir ons leer om as sendelinge op te tree; ek in my praktyk waar ek, ja as 'n sendeling optree en Jesus se woord verkondig, of net Jesus se hande en voete daar wees.

N: "Okay". Wat dink jy prakties beteken dit vir jou lewe as kind van God om binne-in Suid-Afrika deur God gestuur te word, om 'n verskil te gaan maak?

MNB: Wel, eerstens om dink ek te bid en te glo dat daar kan 'n verskil in die land gebeur, want ek dink baie van ons is wantrouig daaroor dat daar 'n verskil kan kom, en ek dink vir my die laaste ruk het ek regtig die gevoel van dat 'n mens moet bid vir vergewensgesindheid in almal in Suid-Afrika se harte, want ek dink dit is al wat 'n verskil gaan maak, nie 'n leier of 'n iets nie - vergewensgesindheid in elke ou se hart teenoor verskillende rasse.

N: "Okay".

MNB: Dan kan 'n ou begin, ja vorentoe gaan.

N: Nee, dankie. Volgende vragie. Kan jy my iets vertel oor die sakramente en die rol wat dit in julle gemeente speel, maar ook die rol wat dit in jou lewe speel?

MNB: Goed. So die doop en die nagmaal?

N: Die doop en die nagmaal.

MNB: So, ek dink 'n ou weer met kindertjies het daardie besluit geneem dat ons verstaan die Bybel ook soos wat dit hier verkondig word, dat ons graag daardie sakrament met ons kindertjies wil deel, en dat 'n ou daaroor die keuse maak vir hierdie tipe gemeente waarin 'n ou is, en dat 'n ou dit weer en weer vir hulle moet oordra dat die doop eintlik die Here se belofte is om bemoeienis met hulle te maak elke dag, sodat hulle bewus is en weer bewus gemaak word van dit wat ons op daardie dag vir hulle gedoen het of met hulle gedoen het, en met die Here en dan die Nagmaal; ek het nog groot geword weet op 'n punt wat jy kan begin Nagmaal gebruik so dit was vir ons 'n groeiproses om daardie keuse te maak vir wanneer is ons kinders gereed so maar, ek dink ons het goeie leiding ontvang om te voel, maar ... om te weet hoe om daardie pad met ons kinders te stap, en ek dink dit versterk hulle geloof. So, ons het rustigheid en vrede daaroor, en is vir seker

ja, iets wat jou versterk in jou geloof. Ja so dit is iets wat 'n ou wil deel van wees.

N: En dink jy die doop en die nagmaal of die een of die ander het betekenis vir jou vir jou dag-tot-dag lewe by die werk, by jou huis?

MNB: Vir seker, ja. Vir seker en dat ons dit ook so vir ons kinders wil oordra, so doop dat die Here elke dag bemoeienis met my maak en dat ek na Hom toe moet terug, weet terugkeer elke dag, Sy vergifnis van sonde vra en ja, en die nagmaal ook verseker dat jy herinner word dat van jou vergifnis van sondes, en dat jy kan vry leef as gevolg van dit.

N: "Okay".

MNB: Ja.

N: "Okay". Baie dankie daarvoor. Wat verstaan jy onder die term prediking of woordverkondiging en wie se verantwoordelikheid is dit?

MNB: Ek dink mense het verskillende behoeftes, maar ons is nou so twee jaar omtrent in hierdie gemeente so ek dink dit was 'n vars - so jy gaan positiewe terugvoer van my kry, want 'n ou het hier geland en was tevrede met dit wat, weet, so vir my is ... vir my is Woord-verkondiging iemand wat vir my die Woord dieper oopbreek.

N: "Okay".

MNB: As wat ek by die huis kan. Ek is nie 'n teoloog nie, so ek wil hê iemand moet vir my ... en ek kom uit 'n Dopper-agtergrond moet ek bysê. So ek hou daarvan as iemand vir my die Woord uitlê, en weereens nie net “Feel good” praatjie gee nie. Definitief praktiese dinge deurtrek, maar ek voel as Woord gespreek word, as daar uit die Bybel gepraat word en die Here se Woord gespreek word; dan is die Gees daar verstaan dan voel dit vir my of 'n ou, as 'n gemeente kan geestelik groei ook. So vir my is dominee-betrokkenheid in 'n gemeente ook belangrik weet, want ek dink baie gemeentes beweeg, veral jou groot gemeentes beweeg weg van dat 'n dominee 'n primêre rol inneem om Herder van sy skape te wees en 'n ou, ons was ook al in plekke waar die rol van die selgemeentes baie groot is. Jy ondersteun mekaar en sê nou maar die top-struktuur neem nie baie “ownership” van die hele gemeente nie, en ek voel regtig ons kry dit hierso dat die predikante bemoeienis maak met almal in die gemeente en hulle ken jou. As jy siek in 'n bed gaan lê in die hospitaal en jy het iemand nodig om vir jou te bemoedig, dan sal een van daardie ouens by jou uitkom.

N: "Okay".

MNB: Dit is tog ouens wat ek weet ons almal is heeldag weet in konneksie met God, maar daardie ouens maak dit hulle lewenstaak nou so, ja.

N: So ek hoor jou reg, praktiese Woordverkondiging wat vir jou die Woord oopmaak.

MNB: Ja.

N: By wyse dat dit vir jou op lewe van toepassing is sodat jy weet wat die Here vir jou sê prakties is.

MNB: Ja.

N: "Okay".

MNB: Ja, ja.

N: Vertel vir my hoe dink jy oor die betekenis van die Seën of die Seëngroet.

MNB: Ek weet nie, ek dink dit, ek het nie 'n korrekte antwoord daaroor nie, ek dink dit kom maar seker uit die ... uit gebruike uit die Bybel uit waar dit gebruik is, en daar is 'n stuk van 'n ritme of 'n ritueel daaraan, maar so, ek dink 'n mens moet sorg dat jy jou eie maak, dat dit nie net bly by 'n ritueel nie, maar dat die Here jou waarlik seën, dat die dominee daardie seën van God aan jou oordra, so, my, ek dink daar word baie keer 'n klomp van die, weer soos ons het groot geword Tien Gebooie word gelees, dan dit, dan dit, en ek dink die kerk het baie wegbeweeg van daardie dat goed nie net by jou eintlik verbygaan omdat dit elke Sondag gedoen word nie, maar daar is iets goeds daaraan aan die seën wat aan die einde uitgespreek word, en jou eintlik uitstuur vir die week of, ja.

N: "Alright", as jy praat nou van uitstuur vir die week nou dink jy hierdie seën speel 'n rol in ons daaglikse lewe?

MNB: Ag, ek dink 'n mens spreek die Here se seën oor mense eintlik daagliks orals uit. Weet as ek my kind aflaai by die skool dan sê ek onthou die Here is by jou vandag, en dit is ook eintlik 'n seën oor hom nè, so ek dink dit is maar eintlik maar net 'n mens kan dit oralster doen. Ja.

N: Vertel vir my hoe jy God sou beskryf. Wie is God vir jou en watter invloed het wie God vir jou is op jou lewe?

MNB: Sjoe! Hy is alles. Ja, sonder Hom is 'n mens niks.

N: "Okay". Hy het jou al deur baie tye in die lewe gedra. "Okay".

MNB: (Raak emosioneel – drink 'n bietjie water)

N: Ek verstaan een honderd persent God is alles en sonder Hom is ons niks.

MNB: Ja.

N: Laaste vragie dan is ons klaar. Dink jy die erediens het betekenis vir ons lewe na die dood, of ook vir ons lewe voor die dood?

MNB: Ek dink is maar net 'n, wel erediens, dit wat jy, dit help jou om te groei in hierdie proses om die Ewige Lewe begin mos maar eintlik nou, so dit is nou daardie proses van 'n volwasse Christen word.

N: Ja.

MNB: En erediens ook as maar net gelowiges wat saam is en dit is tog wat 'n ou ook in die Ewige Lewe gaan wees.

N: "Okay". Baie dankie. Ek waardeer al jou antwoorde, jou eerlikheid alles verskriklik baie. Ja, dankie vir jou deelname.

MNB: Goed.

---oOo---

ADDENDUM C: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER C

Onderhoud vir PhD studies getiteld *Die erediens van die lewe: 'n Prakties-teologiese verkenning*. Onderhoud word gevoer met 'n 68-jarige lidmaat van 'n NG Gemeente in die ooste van Pretoria.

NAVORSER (N): Oom, baie dankie dat jy instem om hierdie studie deel te neem. Soos wat ons in daardie inligtingsbriefie gesê het die fokus van die studie en wat die fokusarea is, en spesifiek die erediens en die erediens se impak op ons daaglikse lewe dan ook. Ek gaan 'n paar vrae vra, antwoord asseblief so volledig as moontlik en so eerlik as moontlik en wees rustig. Daar is nie 'n regte of 'n verkeerde antwoord nie.

MEDE-NAVORSER C (MNC): Dit is reg.

N: Kom ons begin: die eerste vragie, beskryf vir my wat jy verstaan met die erediens. Wanneer vind dit plaas, waar en hoe lank?

MNC: Wel, die erediens vind Sondae, die formele erediens vind Sondae-oggende plaas in die gemeente en ja, dit is 'n formele geleentheid. Wat is die tweede deel van jou vraag wat jy gesê het? Wanneer vind dit plaas en ...

N: Dit is waar en wanneer en hoe lank? Maar lekker oop, wat verstaan u onder die erediens.

MNC: Wel dit is, vir my is dit 'n ontmoeting met die Hemelse Vader, maar die belangrike deel daarvan is nie alleen nie, dit is saam met ander mede-gelowiges. My vrou, ander gemeentelede en vir my is dit 'n ontmoeting met die Vader. Dit waar jy jou afsonder van die buitewêreld en beheer afsny van waarmee jy besig is, en oopstelling vir wat die Here op daardie spesifieke geleentheid vir my wil sê; probeer ek luister na die stem van die Heilige Gees, en uit die aard van die saak is dit nie 'n geleentheid wat daar eindig vir my persoonlik is dit, soos ek vir jou gesê het, ook 'n eerbewys aan God. Hom vereer vir al sy wonderdade en ja, padkos vir die dae wat kom. 'n Mens leer altyd iets nuuts as jy jou oopstel daarvoor.

N: Definitief. Oom, vertel my van 'n erediens, enige erediens of eredienste oor die algemeen wat 'n definitiewe impak op jou en jou lewe gehad het, en wat het daardie erediens of eredienste so besonders gemaak?

MNC: Ek wil eers 'n algemene ding sê, ek was vir, ons was vir 'n paar jaar in 'n ander stad en die NG Gemeente wat ons daar bygewoon het - ek het nie eintlik gedink dat die

ou dominee verskriklik goeie boodskappe gelewer het nie. Ons, een van die dienste is uitgesaai oor die radio en ons het die diens opgeneem en jare daarna het ek en my vrou eendag na die erediens geluister, en toe ons klaar is toe sê ek vir haar dit is 'n wonderlike boodskap. Hoekom het ek dit nie gehoor soos ek dit nou hoor nie in 1981, want wat die man daar sê is ongelooflik, en dit is vir my 'n besondere boodskap. So 'n mens sê, dit is vir my moeilik om 'n spesifieke diens uit te sonder behalwe nou die indirekte en daar, maar daar is al soveel, ek is soveel keer in my lewe het die Here my ontmoet in 'n situasie waarin ek is. Ek het nou verlede Sondag het ek nou weer iets nuuts geleer in die erediens wat ek vir myself sê dit is wonderlik, dit is vir my 'n nuwe boodskap, daar het vir iets oopgegaan wat ek nie geweet het nie, en ek het die gevoel dat as die Here met my praat dan sien ek dit orals. Ek hoor dit in 'n lied, ek lees dit in die Bybel, ek hoor dit oor die radio en ek glo dit hang maar af, soos ek netnou ook gesê het; waar jy is in jou lewe en of jy ontvanklik is. Ek kan nie 'n spesifieke diens uitsonder nie.

N: "Okay", so dit is ...

MNC: Dit is 'n groeiproses vir my, dit is 'n hele, ekskuus dat ek jou in die rede val, dit is 'n hele, die hele groeiproses waaraan 'n mens blootgestel is, of waaraan jy jou oopstel. Ek hoor nou baie ander dinge as wat ek jare gelede gehoor het, soos wat ek die Woord *(opname onduidelik – moontlik "verstaan")*

N: "Okay". So ek hoor iets van boodskappe waar die Here iets vir ons vertel in die middel van ons lewens-omstandighede waarin ons ons bevind.

MNC: Absoluut.

N: Hierdie eredienste, wat dit besonders maak - is dit meeste van die tyd die boodskap, of is dit verskillende elemente?

MNC: Vir seker die lofprysing.

N: Ja.

"MNC": Speel vir seker 'n groot rol, want dit bring vir my daardie rustigheid, en omdat dit eensydige gebeurtenis in die sin dat die predikant lewer sy boodskap, dit is waar almal bydra wat hoorbare bydrae wat jy lewer as jy sing, as jy die Here loof en prys en al die elemente is vir my belangrik, gebed, maar ek dink die musiek en die lofprysing help om 'n mens, vir my voor te berei vir wat gaan kom.

N: "Okay".

MNC: Die boodskap is natuurlik belangrik. Dit is die Here, dit is die atmosfeer.

N: Dieselfde vraag, maar net in die ander rigting. Kan oom vir my vertel van 'n erediens of weereens erediens ervaring wat beslis geen impak op oom gehad het nie, en wat was die rede daarvoor?

MNC: Ja, jy gaan nou na uiterstes toe as jy sê geen, want die boodskap is miskien nie reg nie, maar daar is nog steeds die lofprysing, en as ons dan nou sou fokus op die boodskap; 'n mens kan sien as 'n persoon nie voorberei nie.

N: "Okay".

MNC: En dit pla my. Dit lei my aandag af, want vir my is dit 'n erediens, ek sou dink dat ten minste die persoon wat die boodskap aanbied moet met daardie selfde eer aan die Here gaan sy voorbereiding doen, en sorg dat sy aanbieding dan reg is. So ja, ek dink uiteindelik moet alles dan reg werk. 'n Mens het begrip onvoorsiene, maar deur die boodskap daar nie voorbereiding gedoen word nie; vir my is daar nie 'n verskoning daarvoor nie, maar ek sal nooit daardeur sê dat ek niks uit die erediens gekry het nie. Ek het nog nooit in my lewe opgestaan uit 'n erediens en uitgestap en weet, ek sou dink dit sou bewys wees van hierdie gebeur niks, ek moet weet my nou uit die voete maak, maar dit het nog nooit gebeur nie, want 'n mens moet ook verstaan, dit is miskien nie vir jou, aansluiting wat ek netnou gesê het, hier is hoeveel ander mense in die gebou wat gaan dink dit is 'n wonderlike boodskap. Jy kan nie jouself en jou eie voorkeure gaan (onduidelik)

N: Ja.

MNC: Ek sien dit veral by ons; is daar dieselfde erediens, verskillende leraars, boodskappe gee. Dan hoor jy agterna sommige mense vind meer aanklank by 'n spesifieke persoon se aanbieding en dit is maar dankie Vader ons is nie almal eenders nie. Dit is “nice”.

N: Dit is vir seker so. Kan oom my vertel van enige intieme ontmoeting wat jy met God gehad het, of in die erediens of enige ander geleentheid of ruimte?

MNC: Ek is gelukkig; dit gebeur dikwels dat ek daardie belewenis het, maar ja, net soos wat ek netnou gesê het van dat as jy in 'n spesifieke situasie is of 'n probleem het dan kry jy die antwoord op elke bladsy van die Bybel, net so ook het dit al gebeur dat ek in die oggend voor kerk 'n stukkie sou lees of oor iets sou bid dan is dit die onderwerp van die boodskap, so vir my is dit altyd iets besonders, iets verrykend wat 'n mens laat groei

en jou geloof versterk, so ja, maar ek kan nou nie vir jou, ekskuus man, ek kan nou nie vir jou 'n spesifieke ding noem nie. Dit is 'n pad wat 'n mens stap.

N: Ja.

MNC: Ek kry dikwels, soos ek sê en dan *(opname onduidelik - 00:11:00)* die besef, maar ek het dit nog nooit gesien nie, en ek het dit nog nooit gelees nie. Staan dit regtig in die Bybel. So daardie belewenisse kry jy.

N: "Okay".

MNC: Hoop dit antwoord jou vraag.

N: Ja-nee definitief, en daardie intieme ontmoetings wat jy met God het; wat is die impak daarvan op jou lewe?

MNC: Nee, is ongelooflik, dit gee rigting, dit gee vir 'n mens hoop en ek geniet dit ook om dit in ander mense te sien. Ek meen my vrou byvoorbeeld ons was by 'n begrafnis so 'n paar weke gelede, en die aand voordat ons gaan slaap toe sit sy en wonder wat sy in die kaartjie moet skryf, en uiteindelik besluit sy sy gaan vir die familie Psalm 23 gee as boodskap. Raai wat is die deel uit die Bybel wat die predikant lees die volgende dag, is Psalm 23. Nou ek meen as dit nie jou hoendervleis maak nie wat sal, en as sulke dinge gebeur of as jy 'n probleem het en jy praat met die Here en jy sê “Joe” ek het nou 'n oplossing nodig, help asseblief, en dit gebeur.

N: "Okay".

MNC: Daardie dankbaarheid wat 'n mens het. Daardie gevoel dat jy in kontak is, is “amazing”, dit is lekker.

N: Ja.

MNC: Dit is lekker.

N: Oom het eintlik nou alreeds begin raak om te sê hoe baie keer daardie ontmoeting wat 'n mens sien in ander of deur ander, so vertel vir my asseblief van enige spesiale ontmoeting wat jy met 'n ander lidmaat gehad het, óf tydens die erediens óf weereens enige ander geleentheid of ruimte, en wat was die impak van daardie ontmoeting of ontmoetings op oom, in oom se lewe?

MNC: Ek dink nou jare gelede aan ons, was weg vir 'n beplanningsessie en die persoon wat op daardie stadium in die gemeente was, ons moes oor 'n tema besluit vir die of besluit vir die volgende jaar, en die persoon het van die Here 'n vers gekry in die Bybel wat uiteindelik die tema was, en die invloed wat dit op hom gehad het en ons almal is iets wat ek altyd sal onthou. Hy is uiteindelik, vandag is hy alhoewel hy nie 'n prediker is nie, is hy omtrent voltyds in diens van die Here. Dit het maar daar begin so ja, dit is nou iets wat ek vinnig aan kan dink.

N: "Alright"

MNC: My eie vrou het in 'n huis groot geword waar sy kerk toe gestuur is, Sondagskool toe gestuur is, belydenis klas toe gestuur is, maar haar ouers het nie saam met haar gegaan nie, en sy het op 'n laat stadium, in haar lewe het sy eers geleer of vir die eerste keer gebid en besef sy moet werk aan haar verhouding, sy het 'n verantwoordelikheid om te groei in haar verhouding met die Here, en dit het sy gekry uit 'n Bybelstudie, Vroue Bybelstudie, so ja, daar is sulke insidente in die, ja dit het ongelooflike uitwerking op 'n mens se lewe, soos ek gesê het, dit gee vir jou daardie sekerheid dat jy nie alleen is nie.

N: "Okay".

MNC: Ja.

N: Oom, kan oom asseblief vir my vertel wat jy met die begrip missionaal verstaan en vertel vir my ook watter impak hierdie begrip op jou in jou lewe het?

MNC: Missionaal? Dit is iets wat vir my half baie lank besig gehou het wat ek al lank met die Here oor gesels, en die opdrag in die Bybel gaan en maak dissipels, dit het my nog altyd gepla, want ek het nie gedink ek doen dit nie. Vir baie jare lank was ek so besig met my werk, ek het nie eers gedink daaraan dat dit die enigste plek is waar ek missionale gedagte kan uitleef nie. Die ou tannies in die NG Kerk het almal oor Sendingwerk gepraat, en daar was mense wat vir dit was en erg daarteen was, veral wanneer dit om by die sendingwerk onder die swart-mense, en ek het altyd gedink ek moet nou die boodskap kry, ek moet nou gestuur word om iewers te gaan sendingwerk doen, dit is en dit is eintlik bevrydend om te weet dat 'n mens op die plek waar jy is, waar jy leef, ook die begrip dan kan toepas, en ek het probeer om in my werk so te leef dat dit 'n boodskap sal uitstuur van dat daar 'n ander benadering is oor die lewe as wat jy rondom jy sien, daar is ander magte, ander kragte wat aan die werk is, en probeer fokus op dinge wat ewigheidswaarde het, maar vir my is dit so dat ons elkeen, en ek was so bly toe die predikant nou weer ook daaroor gepraat het verlede Sondag dat ek dit nie

self hoef te doen nie. Dit is 'n ding waarmee ek baie sukkel - al baie lank is dat ek is baie geneig om my eie ding te wil doen.

N: "Okay".

MNC: Ek veg altyd met myself daaroor. Ek wil die hierdie ding regmaak, ek wil daardie ding regmaak en ek moet sus doen en so doen en hierdie is die regte manier, dit moet so gebeur. Die kwessie van oorgawe is nie maklik nie. Nie vir my nie, ek was baie dankbaar toe ek hoor ek hoef nie self te gaan, alleen te gaan werk nie. ek moet maar net dit aan die Here oorlaat. So ja, ek het nou iets nuuts geleer. Dit is een van die goed wat ek geleer het nou onlangs is dat die Here sal die werk doen, ek moet net beskikbaar wees.

N: Ja.

MNC: Ek moet maar net sê hier is ek gebruik my en ja dit is somtyds oorweldigend as 'n mens rondom jou kyk is dit moeilik om te sien waarheen en hoekom, maar dit is hoekom die sekerheid vir my so belangrik is dat ek weet ons dien 'n Lewende Here.

N: Ja.

MNC: Ekskuus, ek praat ander goed as wat jy gevra het.

N: Nee, ek waardeer dit, ek waardeer dit verskriklik baie. Ek het nou gehoor Oom praat van dit is swaar om te sien as 'n mens sien wat rondom ons aan die gebeur is, en as ons praat van missionaal is die volgende vraag, wat dink Oom beteken dit prakties om as gestuurde van God te lewe, spesifiek binne-in 'n Suid-Afrikaanse konteks met ons uitdagings waarmee ons sit.

MNC: Kan jy dink wat sal gebeur as Jacob Zuma nou tot bekering kom? Kan jy dink in hierdie land van ons wat gaan gebeur. Sal dit nie wonderlik wees nie? Nee, weet jy, dit is baie moeilik vir 'n mens, want jy wil graag groot dinge doen en jy wil graag dadelik resultate sien; ons is in die tyd waarin ons leef is ons resultate gedrewe so as ek nou besluit jy moet tot bekering kom, dan moet jy nou tot bekering kom. Jy moet nou vir my sê ek neem die Here aan. Ek neem Jesus aan as my verlosser, nou, moenie wag tot môre nie, en ek moes oud word om te verstaan dat dit, ouer word, ek is glad nie oud nie, om te verstaan dat dit is nie hoe dit werk nie.

N: "Okay".

MNC: Dat weereens waar jy is en die mense wat u elke dag in die oë kyk of vermy is waar jy die verskil maak.

N: "Okay".

MNC: En wat vir my hoop gee is dat onderling, hier tussen op die grond tussen die gewone mense is daar baie liefde daar is baie omgee, daar is baie verdraagsaamheid. Ek wens ons kan politici verban op 'n manier, en die duiwel het darem nou 'n rojale tyd in ons land met al die stories en goed wat uitgebring word.

N: Ja.

MNC: Dit is verskriklik waarmee die mense hulle besig hou en soos ek sê: gelukkig is ek hier op die grond. Is nie 'n situasie waar ek weet, natuurlik is daar baie mense wat swaarkry wat bitter, bitter swaarkry en dit is maklik om te sê ja wel, hulle doen ook niks, sit met gevoude handjies en vra net, maar om jouself net 'n oomblik in daardie mense se posisie te plaas is ontstellend. Dit maak mens yskoud en dat jou besef dat in wêreld se goed is ons skatryk. Ons lees in die Bybel van mense wat deur die naald van 'n oog ... oog van 'n naald moet gaan om by die Here uit te kom. Ons is almal ryk in terme van ons land, in terme van die wêreld se toestand is ons ryk, so ons is almal in daardie situasie, en om te verstaan dat ons 'n verantwoordelikheid het om te verstaan dat die Here ook daardie mense geskape het.

N: Ja.

MNC: Net soos wat hy jou, dat hy ook vir hulle lief is.

N: Ja.

MNC: So vir my is dit maar net ja almal, orals waar jy kom of dit in 'n restaurant is met 'n kelner of kassier, of 'n petroljoggie of tuinwerker of iemand wat bedel, dit is 'n baie moeilike ding.

N: Ja.

MNC: Dit is 'n baie moeilike ding. Dit ruk 'n mens uitmekaar, maar ja, so nee dit is, ons moet as Christene, dit is wat die land gaan verander, ons het almal 'n verantwoordelikheid. As almal van ons, dink net hoeveel Christene is daar, as ons almal uitgaan en almal gaan praat met, gaan deel net een persoon se lewe oor en sorg en versorg daardie persoon.

N: Ja, definitief. Vertel vir my iets oor die sakramente, die doop en die nagmaal en die rol wat dit in julle gemeente, maar ook in jou eie lewe speel.

MNC: Moenie vir die NG Predikante sê, weet jy as ons oor die doop moet praat vir my is dit wonderlik dat die Here met daardie klein babatjie 'n ooreenkoms aangaan. So moet my nie verkeerd verstaan nie wat ek nou gaan sê nie, want dit is vir my absoluut wonderlik, maar uiteindelik was die man wat saam met Jesus aan die kruis gehang het nie gedoop nie, so daarmee wil ek sê dat dit gaan jou nie in die hemel bring nie. Of jy gedoop is, glad nie gedoop is nie, klein gedoop is groot gedoop is, dit gaan jou nie in die hemel bring nie, maar vir my persoonlik is die hele idee van die wonder daarvan ten spyte van alles, veral as 'n mens na jouself kyk en weet wat daardie klein mensie nog gaan doen. Miskien gaan droogmaak en, maar die Here is onvoorwaardelik lief vir daardie babatjie, hy aanvaar hom of haar net soos hy is. So nee die, as die doop as sulks in ons gemeente is, dink ek goed bedien, daar is skrifgebonde, daar is nie onnodige tierlantyntjies nie. Dit word met die nodige respek hanteer, en vir my persoonlik soos hy doen dit goed. Nagmaal is vir my iets baie besonders, en ons het in ons gemeente het ons 'n deurloop-nagmaal, en ons het 'n formele nagmaal in die erediens. Op ander maniere en beide die geleenthede is in plek. Met die deurloop-nagmaal soos dit in ons gemeente gedoen word is dit baie meer persoonlik. Dit is ek en die Here, so dit, in daardie opsig en jy is saam met die paar mense wat by jou is. Ons doen dit gewoonlik as 'n selgroep, omgeegroep saam, maar ja, dit is baie meer persoonlik. In die formele nagmaal is dit lekker om die sakrament te gebruik saam met al die geloofsgenote, met almal wat daar is, en die herinnering natuurlik na waarheen dit gaan, met Jesus se voorbeeld wat hy vir ons stel. Ek het byvoorbeeld altyd in my gedagte die beeld van weet dat jy vol sonde kniel voor daardie kruis, en Jesus se bloed was jou skoon. Dit is vir my persoonlik 'n ervaring wat ek deurgaan in die nagmaal. Wat is daar nog? Wat se sakramente is daar nog? Doop, Nagmaal, Belydenis van Geloof. Ja, dit is ook goed, die openbare belydenis van geloof is vir my baie nodig voor die gemeente en die manier wat ons dit ook doen. Dit is goed, ek kan nie daaroor kla nie. Dit is ... bevestig in die openbaar wat die mense deurgaan.

N: "Okay".

MNC: En ja, ek wil teruggaan na my eie belydenis wat ek afgelê het. Altyd as ek dit sien, 'n paar jaar terug, want dit was ook 'n besondere geleentheid in my lewe, ek kan nie sê dat ek het op 'n spesifieke dag tot bekering gekom nie, want ek was gelukkig om in 'n Christelike huis groot te word, maar my belydenis van geloof was die eerste geleentheid waar ek gevoel het ek het 'n persoonlike verbintenis, persoonlike verbintenis en my antwoord op die Here se doopbelofte. Ek het dit so ervaar, so vir my is dit goed. Dit herinner my maar daaraan.

N: Vertel vir my hoe sou jy God beskryf. Wie is God vir Oom, en watter invloed het daardie beeld van God op Oom se lewe?

MNC: Hoe kan jy nou vir my vra met woorde? Waar gaan ek die woorde kry? Dit sal mos nou nie reg ...

N: Groter as enige beskrywing, nè Oom?

MNC: Ja, jy kan mos nou nie *(opname onduidelik - 00:30:00),* ek wil God beskryf.

N: Maar as daar beelde is wat vir Oom uitstaan.

MNC: Weet jy, daar is verskillendes nè, ek bedoel die Skepping, God se Skeppingsmag. Ek is baie lief vir die natuur, en God praat met my baie uit die natuur, maar weet jy in 'n blom, ek sien God in 'n blom, ek sien Hom in 'n dier. Ek sien Hom in mense. Hy is orals, ek sien hom, net ek kyk in die lug, kyk na die sterre, die uitspansel, die alles daar bo, dit is net so ongelooflik, en die feit dat Hy weet wat in my lewe aangaan. *(Opname onduidelik - 00:31:00).* So vir seker ook die natuurlik die Vader-beeld en dit is nou seker nie, sien is die woord, jy laat my verkeerde goed sê, maar Hy is die Baas van die plaas.

N: Ek hoor.

MNC: Ek meen daar is gebeur mos nou niks wat Hy nie van weet nie.

N: Dit is 'n mooi beskrywing Oom.

MNC: Ja, Hy is die baas van die heelal en ons en die, ja ek weet nie, jy weet die Drie-eenheid is altyd vir my 'n moeilike ding. Partykeer voel ek skuldig as ek sê ek praat nou met God dan praat ek nou van Jesus, maar as jy nou net dink aan dit wat God bereid was om te doen vir die wêreld, dat Hy Sy Seun gestuur het om vir ons te sterf.

N: Ja.

MNC: Dit is net ongelooflik. Dit is jy as 'n mens, ek as mens, ek kan nie, glad nie so, nee, dit is net Sy almag, vir my is Hy 'n werklikheid.

N: "Okay".

MNC: Ek aanvaar dit so. Ek sien sy hand oor my in baie dinge. Partykeer twyfel 'n mens, sê jy Jesus kom vandag terug asseblief, hier is chaos in hierdie plek, maar ja, dit sal op Sy tyd gebeur, nie op ons s'n nie, maar ja, ekskuus ek dink nou aan so baie goed, maar wil jy hê ek moet nog meer sê. Is daar nog iets wat jy anders wil vra oor die Grootheid.

N: Die laaste vraag is 'n interessante ene.

MNC: Het ek jou vraag geantwoord? Ek probeer die heel, die heeltyd dink ek daar is iets wat ek nog wou sê, maar ek dink nie ... (tussenbei)

N: Ten volle beantwoord. Ek het gehoor die God as Skepper, die God as Vader, God wat homself vir ons gee uit liefde en teenwoordig is, so nee, ek hoor Oom se hart in daardie beelde daar. Die laaste vragie is: dink jy die erediens het betekenis vir ons lewe ná die dood, of vir ons lewe voor die dood? En hoekom sê u so?

MNC: Vir my is ek mos nou, as ek sê die Here is hier en Hy is deel van my dan is ek mos klaar in die hemel, nou en ek dink die erediens kan 'n bydrae lewer vir die lewe nou voor die dood, want dit is tog sekerlik waarom 'n mens die veiligste hawe waarin jy dit kan beoefen is tussen mede-gelowiges; jy kan jou christenskap beoefen, en alhoewel dit so is dat juis in daardie beskermende omgewing is word mense bitter, bitter seergemaak, verwond en tóg dit is die oefenveld nè waar jy of liewers die universiteit waar jy leer, dit is nie eintlik die oefenveld nie, want daar moet jy gaan doen en speel en die reëls toepas, nie die Joodse reëls nie, nie daardie reëls nie, die liefdesreëls, maar ja. Nee, dit is kom uit 'n era waar jy kerk toe gegaan het uit gewoonte. Jy het kerk toe gegaan uit gewoonte. Dit was nie altyd vir my lekker nie, of as jy terugdink ook oor die erediens verloop het, as jy by daardie lang gebed kom wat jy moet staan, boeta dat jou knieë later knak. Jy dink aan allerhande ander goed behalwe aan die kerk waar jy nou is of wat ook al, die gedwonge, as jy dink aan die koshuis as ons moet kerk toe gaan, hoe dikwels jy uit daardie groep uit weggeraak het en gaan kuier by jou vriende terwyl die ander kerk toe gaan, al sulke goete, maar dat dit van jou verwag is jy moet kerk toe gaan. Dit is 'n vereiste. Net die feit dat jy kerk toe gaan gee jou sekere status. Ek was so dankbaar toe ons uiteindelik kom by die stadium waar die Staat se beheer oor die kerk weggeneem is. Nou moet ek mooi dink wat ek sê, weggeneem is in die sin dat dit nie meer, die Staat nie meer die rol van die ouers oorgeneem het om te sorg dat hulle kind moes die Here leer ken nie, en selfs in die skole ook - ons het Godsdiens onderrig gehad op skool. Dit is nou 'n saak wat jy self moet uitmaak. Gaan kerk toe omdat jy wil kerk toe gaan en ons moet net meer mense kry wat wil kerk toe gaan. Dit is 'n groot uitdaging. Ons, as jy moet vir jou gaan afvra hoeveel mense weet jy wat in hierdie jaar tot bekering gekom het by die gemeente totaal bygevoeg is, dan kry jy skaam, so iewers is daar nog iets wat ons nie doen nie, wat sê wat ons nie reg doen nie. So dalk is die

erediens nog te geslote. Ons probeer as mense dit oopmaak, maar ons bereik nie regtig die mense wat ons moet bereik nie. Daar is baie mense daar buite wat nie 'n idee het wat hulle mis deur nie 'n verhouding met die Here te hê nie. Dit is nou ons verantwoordelikheid om hulle daarvan te vertel, maar ons kom nie by hulle uit nie. Dit is 'n gejaag na wind.

N: Ja.

MNC: Die lewe waarin ons ons nou bevind en die pas waarteen ons leef, die wêreld se goed wat ons najaag in plaas van die goed wat ewigheidswaarde het. Ja, ons moet eet, vir seker moet ons werk, dit staan ook in die Bybel jy moet jou brood verdien, nie handjies gevou sit nie, maar ons bereik nie ons doel sover dit aangaan nie. Ons missionale arm werk nie. As ons sê ons kerk is nie vol nie, ons kerk is nie vol van mense wat op die straathoeke staan of waar ook al, wat ook al hulle wil doen, waar hulle is. Dan dop ons die toets, *(opname onduidelik)* toets; wanneer laas het ek iemand genooi kerk toe. As daar 'n nuwe intrekker is dan sê jy kom daar is ons kerk is daar, kom soontoe. Dit is lekker informeel, ons is 'n gelukkige klomp, kom saam.

N: Ja.

MNC: Maar dis beskermend omgewing, dit is nie asof jy bietjie moeite doen, “effort” insit nie.

N: "Okay".

MNC: So ons dop daardie toets, daardie toets dop ons.

N: Ons is nog onder konstruksie.

MNC: Ja.

N: Oom, verskriklik dankie, dankie dat Oom, Oom se hartklop met my gedeel het. Dankie dat Oom bereid was om dit met my te deel sodat ek dit kan gebruik in hierdie vragies. Ek het lekker saam met Oom gekuier. Ek waardeer dit opreg.

MNC: Dit is reg.

---oOo---

ADDENDUM D: ONDERHOUDE MET MEDE-NAVORSER D

Onderhoud vir PhD navorsing getiteld *Die erediens van die lewe: 'n Prakties-teologiese verkenning*. Onderhoud word gevoer met 'n 26-jarige dame van 'n gemeente, 'n NG Gemeente in die ooste van Pretoria.

NAVORSER (N): Baie dankie dat jy ingestem het om deel te neem. Ek waardeer dit opreg.

MEDE-NAVORSER D (MND): Is 'n plesier.

N: Soos wat ons gesels het oor die inligtingsbriefie ook gaan hierdie ondersoek oor die erediens, en spesifiek die impak daarvan op julle dag-tot-dag bestaan en lewe dan. So ek gaan 'n paar vragies vra, antwoord so volledig en eerlik as moontlik, en daar is nie regte of verkeerde antwoorde nie.

MND: "Okay".

N: Kom ons begin. Die eerste vraag: beskryf vir my wat jy verstaan met die erediens. Waar vind dit plaas, wanneer vind dit plaas. Hoe lank vind dit plaas, of enigiets wat jy verstaan met die erediens.

MND: Wel, vir my is die erediens 'n Sondagoggend-9-uur, min of meer 'n uur lank, dalk 'n bietjie langer. Dit is my begrip van 'n erediens.

N: "Okay".

MND: *(Opname onduidelik - 00:01:07)*

N: "Alright".

MND: En ja, ek voel dit is noodsaaklik vir ja, die lei van 'n goeie Christelike lewe.

N: "Okay". So op 'n Sondag, een uur min of meer, by die kerkgebou?

MND: By die kerkgebou.

N: "Okay", en wat beteken die erediens vir jou persoonlik?

MND: Dit voel dit voed my elke week.

N: "Okay".

MND: Dit is waar ek leer oor die Here, dit is waar ek, jy weet, begrip kry van sê nou maar 'n skrifgedeelte wat ek nie noodwendig verstaan nie, en wat dan vir my beter uitgelê word en ja, ook om rigting aanwyser vir my lewe.

N: "Okay". "Okay". Kan jy my vertel van 'n erediens, of eredienste, of iets van eredienste, wat 'n definitiewe impak op jou lewe al gehad het?

MND: Ja, vir my is dit nogals belangrik om as 'n mens selfs die Bybel lees, ons het nie noodwendig daardie teologiese agtergrond om die konteks te verstaan, en te verstaan, jy weet, of daar nou dieper beteken is aan hierdie skrifgedeelte of is dit nou maar net wat dit sê dit is.

N: "Okay".

MND: So in my lewe is dit, was dit nog altyd vir my baie belangrik. So ek wil ja, wat ek, ja, wat ek soek gewoonlik in 'n erediens is dat dit vir my duidelik word wat ons, wat ek leer en wat ek hieruit moet vat.

N: "Okay".

MND: En om die konteks te verstaan en, ja.

N: "Alright".

MND: As daar diepere betekenis in is om dit te verstaan, en dit het al in my lewe 'n groot impak gehad.

N: Dieselfde vraag bietjie in 'n ander rigting - kan jy my vertel van 'n erediens of eredienste wat nie 'n impak op jou as mens gehad het nie, en wat het gemaak dat daardie eredienste juis so ervaar is?

MND: Dit is moeilik om te sê - daar mag dalk eredienste gewees het wat ek gevoel het het nie noodwendig 'n impak op my lewe nie.

N: "Okay"

MND: Ja, ek weet nie; vir my gaan dit nogals oor “substance”, so as ek voel daar is nie, jy weet noodwendig grondslag vir hierdie goed nie, dit is net 'n in die lug, ons moet dit

en dit en dit doen, dan voel ek het dit nie, jy weet het dit nie vir my noodwendig verder gebring nie.

N: "Okay".

MND: Soos, ja.

N: "Okay", so daardie diepte in daardie ...

MND: Diepte ja, ja, en soos die Bybel is die riglyn van alles.

N: "Okay".

MND: So ek wil dit in elke erediens hê en daaruit leer en weet hoe dit toegepas moet word.

N: "Okay". Vertel vir my van enige intieme ontmoeting wat jy al met God gehad het óf in die erediens óf enige ander ruimte of plek, en wat was die impak van daardie ontmoeting of ontmoetings op jou lewe?

MND: Ek, is dit, ja, is dit nodig om ruimte bedoel jy soos waaruit geleer ...

N: Of erediens of na die tyd of by die werk, by die huis, die koffie-area.

MND: Baie eredienste kry ek hoendervleisgevoel, ek weet jy weet ons geloof is nie gebaseer net op 'n gevoel nie, maar dit gebeur baie gereeld met my ...

N: "Okay".

MND: In die kerk, en dan 'n spesifieke belewenis wat ek gehad het wat ek glo my kerk 'n verskriklike belangrik rol in gespeel het is dat ek, ja dit was, ek dink die eerste werklike keer toe ek tot bekering gekom het.

N: "Okay".

MND: Maar dit was 'n lang proses. Dit was, ja, dit was 'n Vrydagaand in my kar, maar dit het, ek voel dit het half opgeloop, jy weet, tot ja, tot daardie dag.

N: Ja, en wat was die impak van daardie oomblik op jou lewe, jou dag-tot-dag bestaan?

MND: Wel, dit verander 'n mens se hele lewe.

N: "Okay".

MND: Ja, jou hele uitkyk op die lewe. So alles wat jy doen, jou werk, jy weet jy doen dit met ander oë en jy, die manier hoe jy ander mense hanteer doen jy met ander oë, en dit het ook vir my verskriklik my oë oopgemaak wat nooit voorheen so was nie, of dalk was dit so, maar dit was oppervlakkig. Is behoeftes van ander mense.

N: "Okay"".

MND: So ja, dit het soos, ja ek voel ek het soos 'n “epiphany” gehad.

N: "Alright".

MND: Ja.

N: Kan jy my vertel van 'n intieme ontmoeting wat jy met 'n ander lidmaat gehad het van julle gemeente of tydens die erediens of enige ander geleentheid, en wat was die impak van daardie ontmoeting op jou lewe?

MND: Wel, ek dink nie spesifiek, ja daar is spesifiek een, wel daar is, my selgroep is vir my, ons het, ons was eers deel van 'n ander kerk se selgroep en toe het ons deel geword van ons kerk se selgroep.

N: "Okay".

MND: En ek voel daar het ek verskriklik intiem verhoudings gebou, en ook baie goeie mentorskap gekry, want die, ons selgroep is baie ouer mense as ons.

N: "Okay".

MND: So, ek het gevoel daardie mentorskap is, wat ek gekry het, en u weet, die kennis wat hulle het; ek het baie van hulle geleer, en ek het besluit om te bly daar om juis omdat ek so baie by hulle kan leer.

N: "Okay".

MND: Ja.

N: "Alright". Kan jy my vertel wat jy verstaan met die begrip missionaal, en watter impak het daardie woord op jou in jou lewe?

MND: My begrip daarvan is dat ons kerk nie net kan bly by woorde nie, en ja, dat ons moet uitreik en jy weet ons, dit wat ons hoor ons moet doen moet dade word.

N: "Okay".

MND: So, vir my gaan dit oor gemeenskapsbetrokkenheid en projekte en uitreike, en jy weet dat ons as kerk 'n verskil maak.

N: "Okay".

MND: En nie net bly in die kerk nie. Dit is my begrip van missionaliteit.

N: "Okay", en as ons 'n bietjie meer spesifiek praat binne-in 'n Suid-Afrikaanse konteks met die unieke “challenges” en uitdagings waarmee ons sit, wat dink jy prakties beteken dit om dat ons deur God gestuur word na hierdie wêreld toe waar hy ons geplaas het om 'n verskil te maak?

MND: Dit, in die konteks van die kerk, of net vir myself?

N: Beide. As deel van 'n gemeente en persoonlik.

MND: "Okay"; wel, die twee skakel half vir my maar soos aan, maar daar waar daar nood is moet ons help.

N: "Okay".

MND: Dit is ja, en nie noodwendig net minder bevoorregte mense nie, maar ook, jy weet, ja, moraliteit; ek wil nou nie sê moraliteit nie, maar as mense deur trauma gaan of jy weet iemand het 'n gebedsversoek nodig dan, ja, en dit is ook om mense te nooi na die kerk toe en daardie; ja dit is vir my, maar die twee, die kerk gaan eintlik saam met dit. Ja.

N: Ja, definitief.

MND: Ja.

N: "Okay". Vertel vir my oor die sakramente, die doop en die nagmaal spesifiek, en die rol wat dit in julle gemeente speel, maar ook die rol wat dit in jou eie lewe speel?

MND: Ja, doop is vir my elke keer soos 'n herinnering van, "okay" nie dat 'n mens kan onthou van jou eie doop nie...

N: Ja.

MND: Maar dit bevestig die doel daarvan weer en hoekom dit gedoen word en dit is vir my nogals, ek raak altyd 'n bietjie bewoë as daar 'n doop is, want dit is baie, dit word volgens my baie goed hanteer in ons erediens. Dit is betekenisvol, dit is nie net ons hou nou die baba hier voor vas en dit; jy weet mens luister na die boodskap en jy probeer dit, ja, jy probeer onthou jy weet hoekom ek is gedoop en jy weet dit is wat dit vir my beteken. Nagmaal is elke keer weer vir my soos 'n herinnering vir dít wat die Here vir ons gedoen het soos wat ek glo dit moet wees, en dit word baie goed hanteer deur ons kerk ook. Ons het verskeie tipes nagmaal wat vir my verfrissend is, want dit, daar is ook diepte in die nagmaal en die gebruik daarvan, so, ja.

N: "Okay", en as ek net 'n bietjie meer spesifiek ook kan vra, jy het alreeds gesê van as jy 'n doop sien dan word jy herinner aan die feit dat jy self ook gedoop is en wanneer jy daaraan herinner word en in die boodskap en die betekenis van die doop dink jy dit het enigsins 'n invloed op jou lewe, in jou werksomgewing, by die huis, tussen vriende?

MND: Ja, want dit is, ja, dit is weereens dit is 'n rigting aanwyser, want dit is, jy weet, ja ek behoort hier en omdat ek hier behoort en so aangeneem is moet ek sekere leefstyl, nie 'n leefstyl handhaaf nie, maar ja, dit is, dit herinner jou aan dít wat nie van jou verwag word nie, maar dit is, ja.

N: "Okay".

MND: Dit is 'n rigtingaanwyser.

N: Wat verstaan jy onder prediking of woordverkondiging en wie se verantwoordelikheid is dit?

MND: Vir my, ek wil in 'n mate sê prediking en woord-verkondiging lê inisieel by die dominees, en dan tot 'n ander mate by die lidmate.

N: "Okay".

MND: Ja.

N: Hoekom sê jy so?

MND: Want ons dissipels, ons is dié wat moet gaan vissies vang, so ja, as dit net stop by jy en jouself en ek sê nie noodwendig jy moet gaan verkondig nie, ek is nie een van daardie nie, maar hopelik deur 'n mens se leefwyse en jy weet ander tipe goed verkondig jy dit wat jy leer in die kerk by die dominees.

N: "Okay".

MND: Ja.

N: "Okay". Baie dankie daarvoor. Vertel vir my hoe jy dink oor die seën of die seëngroet, en wat is die betekenis daarvan vir jou lewe?

MND: Ek dink nie ek heg noodwendig die diep betekenis wat daaraan moet geheg word nie, maar dit en ek wil ook wegbly van die feit dat mens voel, jy weet, as jy nou die seën gekry het en jy stap daar uit dan jy weet is jy nou gesëen jy, ja, maar dit, dit is vir my lekker om te weet ek ontvang dit en ek kom kerk toe en jy weet dit word, die seën word uitgespreek, maar ek dink nie ek koppel noodwendig die diep betekenis wat daaraan, want soms jy weet jy luister nie eers wat die dominee sê as dit, dit raak soos 'n rympie.

N: Ja.

MND: So ek probeer regtig nou doelbewus luister en, jy weet, betekenis daaraan te heg.

N: "Okay".

MND: Ja, maar dit is nie, ek dink nie ek heg noodwendig die betekenis wat daaraan moet gepaard gaan daarmee nie.

N: "Okay", dink jy daardie seën speel 'n rol in my en jou daaglikse lewe?

MND: Ja, ek dink dit doen. As dit nie doen nie moet dit.

N: "Okay".

MND: Ja, want anders is dit net soos, jy weet, iets wat ons doen omdat daar gesê word

ons moet dit doen en dit moet 'n sekere volgorde, ek weet nie lei, ek is, ja. Ek is nie NG van die begin af gewees nie so daar is; ek weet verskillende kerke het verskillende maniere om goed te doen en sekere volgordes en wat ook al, maar ja, ek dink dit moet vir jou iets beteken in jou lewe.

N: "Okay".

MND: Ja.

N: En as dit vir ons iets beteken in terme van wat sal dit vir ons moontlik beteken? Wat sal dit vir jou beteken, die feit dat jy uitstap en jy het die seëngroet ontvang en nou betree jy jou gewone week se verantwoordelikhede, hetsy by die werk of by jou huis? Wat se moontlike betekenis kan dit hê?

MND: Ek voel altyd so 'n bietjie van 'n vrede nadat ek dit gehoor het of 'n rustigheid in my hart.

N: "Okay".

MND: So, ek dink net soos wat die preke, jy weet, jy dit moet probeer toepas in jou daaglikse lewe dink ek moet jy die seën ook vat en jy weet ja, ek weet nie, maar vir my is dit iets wat vir my rustigheid bring en ek probeer dit, ja.

N: "Okay".

MND: Ek probeer dit *(opname onduidelik - 00:14:04)*.

N: Tweede laaste vragie, maar hierdie een is darem lekker persoonlik en vertel vir my hoe jy God sou beskryf? Wie is God vir jou en wat beteken dit vir jou lewe?

MND: Hy is my Redder, Hy is my “go to”, en elke liewe jy weet dink in my lewe; ongelukkig is dit gewoonlik neerslagtige goed of, jy weet, ek is geneig om baie meer te bid as ek in krisistye, maar Hy is my Redder, Hy is betroubaar en Hy is Liefde en ja, aanvaarding, so Hy, jy weet jy kom na Hom toe soos wat jy is en, ja. Dit is wat Hy vir my is.

N: "Okay".

MND: Ja, Redder, ek dink is die “main” beskrywing.

N: "Okay". "Alright". Die laaste vraag, dink jy die erediens het betekenis vir ons lewe na die dood of ons lewe voor die dood?

MND: Ja, een of albei?

N: Dit kan beide ook wees of die een of die ander, hoe dink jy?

MND: Ek dink beide, ek het nog nooit regtig daaraan gedink nie, maar voor dood definitief, want dit bepaal, ja, en dan het dit na dit ook, want dit bepaal soos ek soek rigtingaanwysers; soos ek gesê het so as ons die Bybel interpreteer en jy weet wat ons moet doen en dit toepas elke dag, en jy weet nader aan die Here probeer leef deur dit te doen dan ja, dink ek dit het 'n impak eerstens voor die dood en na die dood.

N: "Okay".

MND: Want wat jy doen voor die dood gaan 'n impak hê op na die dood.

N: "Alright".

MND: "Okay".

N: Dit is ons storie. Verskriklik baie dankie weereens vir jou deelname, ek waardeer dit opreg en sterkte vir die res van die dag.

MND: Dankie.

---oOo---

ADDENDUM E: ONDERHOUDE MET MEDE-NAVORSER E

Onderhoud met mede-navorser vir PhD studies getiteld *Die erediens van die lewe: 'n Prakties-teologiese verkenning*. Mede-navorser is 'n 20-jarige lidmaat van 'n NG Gemeente in die ooste van Pretoria.

NAVORSER (N): Baie dankie dat jy ingestem het om aan hierdie studie deel te neem.

MEDE-NAVORSER E (MNE): Dit is 'n groot plesier.

N: Ek waardeer dit opreg. Soos wat ons in daardie bekendstellingsbriefies genoem, fokus hierdie narvorsing op die erediens, 'n spesifieke erediens se impak op ons dag-tot-dag lewe. So ek gaan vir jou so 'n paar vrae vra; antwoord asseblief so volledig as moontlik, so eerlik as moontlik, en weet maar net daar is nie 'n regte of 'n verkeerde antwoord op die einde van die dag nie.

MNE: "Okay".

N: Kom ons begin, die eerste vraag: beskryf vir my wat jy verstaan met die erediens, wanneer vind dit plaas, waar, hoe lank, ag, en sommer net wat jy verstaan by die erediens.

MNE: Wel, 'n erediens, die erediens vir my is eintlik maar net op Sondae-oggende, gewoonlik ons s'n begin 9-uur nie halftien nie ja, ons sal gewoonlik so vir die eerste halfuur sal ons maar sing, en dan sal die dominee begin preek en sy preek is gewoonlik so 'n uur lank; so die totale diens is omtrent so 'n uur-en-'n-half lank.

N: "Alright".

MNE: Ja, dit is vir my maar die erediens, dit is maar waar die grootmense, as ek dit so kan stel, kerk hou in die oggende, apart nou van die skoolkinders of so.

N: "Okay". Vertel vir my van 'n erediens of eredienste wat 'n definitiewe impak op jou lewe gehad het, en wat is dit van daardie erediens of eredienste wat dit so spesiaal gemaak het?

MNE: Wel, ek en my ouers bespreek dit nogal baie die laaste tyd, veral vanoggend se erediens was vir my, het vir my nogal 'n baie groot impak gehad, want die laaste tyd wonder ek nogal baie oor geloof en so, en wat veral nou wat dit is onder jeugdige mense

wat keer dat hulle by die kerk uitkom, en hy het vanoggend nogal vir my 'n baie goeie boodskap gehad van hoé, wát Christene se doel is op aarde en dit het dit vir my baie duidelik gemaak, want hy het gepraat van jou doel as 'n Christen op aarde is nie om mense te forseer, God op mense af te forseer nie. Dit het baie daarop gefokus dat jy moet 'n voorbeeld stel, en deur jou lewe se voorbeeld sal ander mense dan tot bekering kom, en dit het vir my nogal dinge baie opgeklaar. Veral in my lewe.

N: "Okay", dieselfde vraag, net 'n bietjie anderste gestel. Kan jy my vertel van 'n erediens of eredienste wat geen impak op jou lewe gehad het nie, en wat het gemaak dat dit jou ervaring was?

MNE: Dit, as daar ooit 'n erediens was wat geen impak gehad het op my nie dan was dit nie enigiets wat fout was met die diens self nie. Dit was maar baie keer dalk dat ek net 'n lang naweek gehad of so, of ek is moeg en dan kan ek nie, sukkel ek om te fokus op wat die dominee sê en ons het 'n dominee gehad, sy is nou al weg, haar naam is Elshia; haar preke was baie keer baie, dit was baie feitlik so dit het half gevoel soos 'n lesing amper by die universiteit as dit ...

N: "Okay".

MNE: Ja, so dit is eintlik omtrent wat dit vir my 'n bietjie moeilik gemaak het om by te bly, om te fokus.

N: "Okay". Kan jy my vertel van enige intieme ontmoeting wat jy met God gehad het, of tydens die erediens, of enige ander geleentheid?

MNE: Ja, ons het dat ek nou net mooi dink; ek was graad 11 aan die begin van die jaar toe het ons ons belydeniskamp gehad, en ons het die een aand het ons gaan, dit was so half aan die einde van die kamp het, ons geluister na 'n preek van Louis Igleo wat hulle vir ons gewys het op YouTube, en ons het daardie aand toe op die gras gaan lê ná die preek en vir die sterre gekyk; almal so op sy eie en jy het half net gedink oor jou lewe en wat hy nou in die preek gesê het, en ná die tyd het ons, toe het die dominee ons voete gewas en vir ons gesê ons is spesiaal en God het ons aanvaar as sy eie, dit is nou tyd vir ons om te antwoord en vir hom te sê ons is Syne, Hy kan met ons maak soos wat Hy wil.

N: "Okay".

MNE: En dit was vir my nogal 'n baie, baie intense oomblik gewees.

N: Wat was die impak van daardie ontmoeting op jou lewe?

MNE: Ek het baie na dit, dit het vir my baie my doel in die lewe en wat ek kan, ek het spesifiek gedink aan hoe ek my gawes kan gebruik om die wêreld te verbeter en my, soos ek sê my gawes gebruik om God se naam te verheerlik, en vir ander mens te wys dat hy in my bly.

N: "Okay".

MNE: En dit het nogal baie vir my dit opgeklaar; hoe kan ek soos byvoorbeeld nou my graad wat ek al gaan "swot" eendag my werk te kan gebruik om 'n verskil te maak in die wêreld.

N: "Alright". Kan jy my vertel van enige spesiale ontmoeting wat jy al met 'n ander lidmaat gehad het, óf tydens die erediens, óf enige ander geleentheid, en die impak daarvan op jou lewe?

MNE: Ja, ons het nie, ná kerk gaan ons nie regtig, ons praat nie so baie met mense eintlik na kerk nie; ons sal byvoorbeeld partykeer 'n koffie gaan drink of so na die tyd, maar die laaste ruk het ons ophou om dit te doen; so toe my ma-hulle dit nog gedoen het was ek nog nie, was ek nog nie deel van die erediens gewees nie, maar ek en my ouers het baie gesprekke oor godsdiens in die algemeen en so wat my half in die regte rigting help; as ek ooit vrae het of so of twyfel oor iets en ek kan met hulle gaan gesels daaroor dan, want hulle behoort ook aan 'n selgroep.

N: "Okay".

MNE: Wat hulle elke week hou; so hulle bespreek ook sulke dinge deur die week en so, en dit is altyd lekker om met iemand te praat wat weet en wat al deur hierdie goed was wat jou ook kan help.

N: "Alright". Die volgende vraag: kan jy my vertel wat jy met die begrip missionaal verstaan, en vertel vir my ook watter impak het daardie woord op jou in jou lewe.

MNE: As ek die woord missionaal hoor dan dink ek half amper uitreik so tipe iets, so half dat jy gebruik wat jy het om 'n verskil te gaan maak êrens waar dit, waar mense nie het, die voorregte en die geleenthede en goed wat jy het nie; om daar 'n verskil te gaan maak en half die Woord van God te verkondig op plekke waar daar nie noodwendig 'n kerk of waar mense nie bymekaar kan kom op 'n Sondag en soos 'n erediens hou soos wat ons het nie.

N: "Okay".

MNE: En ek het dit nogal baie gesien toe ons, wat ons noem, ons was Origstad toe, hulle noem dit die Origstad-uitreik; toe was ek saam gewees daarnatoe; al daardie arm gemeenskappe te sien wat nie 'n Bybel almal het eers selfs nie, wat om daar te gaan as jy daardie stories vir hulle vertel en ons het vir hulle 'n “play” gehou wat ons geoefen het oor die Here se storie en so.

N: "Okay".

MNE: Om net dit te sien is nogal, dit is vir my, as ek missionaal hoor waaraan ek dink.

N: "Okay". Kan jy dink aan wat dit prakties beteken om deur God gestuur te word en om 'n verskil te gaan maak in die wêreld, maar spesifiek in 'n Suid-Afrikaanse konteks?

MNE: Vir my wat dit prakties beteken is om byvoorbeeld nou, as ek nou my lewe kan gebruik, as ek nou my graad klaar gemaak het om nie dan in 'n ander land te gaan werk net omdat dit sleg gaan hier nie. Om dan hier te bly en eerder hier 'n verskil te probeer maak en dinge beter te maak hier as om weg te gaan vanwaar dit swaar gaan.

N: "Okay".

MNE: Ja.

N: "Okay". Kan jy my iets vertel oor die sakramente, spesifiek die doop en die nagmaal en die rol wat dit in julle gemeente speel, maar ook die betekenis wat dit vir jou lewe elke dag het?

MNE: Wel, ek het onlangs, ons was onlangs nou by 3CI gewees in, ek kan nie eers onthou waar dit was nie, maar toe het hulle, hulle doen ook groot doop en so, wat hulle sommer so 'n klomp mense vra wie wil nou kom en dan kom almal op en hulle word in 'n swembad gedoop. Om dit ook te sien was vir my half 'n bietjie anders. Dit is nie vir my verkeerd nie, maar dit is vir my as 'n lid van die NG Gemeente 'n bietjie vreemd, want ek meen ons doen nie regtig groot doop nie, so dit, die doop vir my is eintlik maar half waar jou ouers belowe hulle sal jou reg leer van God, en dan jou belydenis is dan waar jy sê jy aanvaar dit nou. Jy gee jouself vir die Here.

N: En die Nagmaal, wat beteken die Nagmaal vir jou?

MNE: Die Nagmaal vir my ek het nog nie regtig so daaraan gedink nie, maar die Nagmaal

vir my is maar net vir ons 'n herinnering aan toe Hy aan die kruis gesterf het vir ons sondes, en dat Hy, maak nie saak hoe ver 'n mens van die pad afgaan nie, Hy sal jou altyd vergewe en Hy is bereid om so-iets te doen om vir jou sondes te sterf.

N: "Okay".

MNE: Om jou te vergewe dan weer, en as jy die Nagmaal dan vier dan is dit half waaraan 'n mens dink, jy, ja.

N: "Okay". Volgende vragie: wat verstaan jy onder die term prediking of woordverkondiging, en wie se verantwoordelikheid is dit?

MNE: Ek dink baie mense dink woordverkondiging is eintlik maar net 'n dominee se werk, maar dit is ook nie heeltemal waar nie, want as 'n Christen het jy gesê dat jy die Woord van die Here sal versprei of mense dit nou aanvaar of nie is nie, dit is nie van, dit is nie ter sprake of wat ook al nie. Jy moet solank jy die Woord versprei so dit is eintlik elke Christen se doel, se werk eintlik om die Woord te versprei en te verkondig, nie net dominee s'n nie.

N: "Okay". Vertel vir my hoe jy dink oor die betekenis van die seën of die seëngroet.

MNE: Dit is daar aan die einde van die preek waar die dominee sê ...

N: Ja, dit is waar die dominee of aan die begin sê ek groet jou en aan die einde ook ja.

MNE: Ja. Ja aan die einde. Ek het nog nooit regtig spesifiek daaroor gedink nie; dit was eintlik maar altyd net vir my 'n manier wat die dominee sê die ‘Here is hier’ en Hy groet julle ook, en die dominee groet ons half, ja dit eintlik maar net 'n manier wat hy ons groet. Dit ...

N: "Okay".

MNE: Ja, ek het nog nooit regtig spesifiek daaraan gedink nie.

N: "Alright". Noudat ons daaroor gesels, dink jy hierdie seën 'n rol speel in ons daaglikse lewe?

MNE: Ek dink tog so, want as die dominee jou seën of die Here jou seën dan dit is half so asof Hy sê Hy is by jou, en Hy sal die pad saam met jou stap, jy is nooit alleen nie. So ek dink al sien ons nie dit nie, of ons kom dit nie fisies agter nie, dit gebeur tog,

want ek meen dit is 'n praktiese voorbeeld uit my lewe; nou gisteraand toe ek en my ma daaroor gepraat het oor die hele geloofstorie, en toe ek nou vanoggend in die kerk kom toe is dit nou presies wat in die dominee se preek is, so ek dink tog dit het 'n impak op ons lewe elke dag. Ons sien dit net nie raak nie. Baie mense sien dit nie raak nie, ja.

N: "Okay", dankie daarvoor. Volgende vragie, 'n meer persoonlike intieme vragie: vertel vir my hoe jy God sal beskryf. Wie is God en watter impak het dit op jou lewe?

MNE: Wel, my siening van God het eintlik verander onlangs. Ek het altyd, soos wat 'n mens maar ouer word en jy nou half begin “swot” en so dan jy verwag half iets konkreet, alles moet konkreet kan bewys word, so jy begin God verklein as jou vriend en totdat ek deur my belydenis gegaan het en so het jy eintlik besef God is eintlik baie meer as, hy is jou vriend ook, maar hy is eerste van alles jou pa. Hy is 'n Vaderfiguur, Hy is daar om jou te lei en ou te help, en jy moet half alles doen wat jy kan om soos wat jy jou pa ook sal wil trots maak, die Here wil trots maak en mense dink ek elke dag verkleineer Hom baie. Dit is eintlik half net jou vriend, so Hy is daar as jy Hom iets wil vra, maar as jy niks het om te vra nie dan “feature” hy nie regtig nie.

N: "Okay". Laaste vraag. Dink jy die erediens het betekenis vir ons lewe voor die dood, of ons lewe na die dood, en hoekom sê jy so?

MNE: Ek dink definitief dit het betekenis vir ons lewe voor die dood, want as jy die erediens is half daar om net weer daardie amper persoonlike konneksie met die Here te maak. As jy die Sondag in die kerk sit en dominee preek, dan is daar baie keer iets wat jy nie elke dag oor dink nie wat hy dalk sê en jy, dit verfris net jou geheue so 'n bietjie, en dit help jou tog om op die regte pad te bly elke dag en jou lewe te leef volgens die Here se wil en wat hy sê in die Bybel, so ek dink tóg dit het 'n baie groot impak op die mense voor dood.

N: "Okay", baie dankie, dit is ons storie. Dankie dat jy deelgeneem het. Dankie vir jou eerlikheid en vir die antwoorde wat jy gegee het, en sommer net dat jy ingestem het om deel te neem aan die navorsing. Ek waardeer dit.

MNE: Dit was 'n groot plesier, baie dankie.

---oOo---

ADDENDUM F: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER F

Onderhoude vir PhD studies getiteld *Die erediens van die lewe: 'n Prakties-teologiese verkenning*. Onderhoud word gevoer met 'n 53-jarige vroulike lidmaat, wit lidmaat van 'n Charismatiese gemeente in die ooste van Pretoria.

NAVORSER (N): Baie dankie dat jy instem om deel te neem aan hierdie navorsing. Ons waardeer dit opreg. Soos wat ons reeds gesels het oor waaroor die navorsing gaan; ek gaan vir jou so 'n paar vragies vra, gee vir my soveel inligting as wat jy kan, daar is nie 'n regte of verkeerde antwoord nie. Ons gesels net en ons kuier lekker saam. Reg.

MEDE-NAVORSER F (MNF): Reg.

N: Eerste vraag: beskryf vir my wat jy verstaan met die erediens, wanneer vind dit plaas, waar, vir hoe lank, wat verstaan jy onder die erediens?

MNF: Wel, erediens is gewoonlik op 'n Sondag.

N: "Okay".

MNH: Ek dink dis iets wat nie vreeslik in ons kerk klem kry. Ek weet in ons ouer AGS kerke was daar op die einde die seën uitgespreek.

N: “Okay”.

MNH: Hierso is dit maar tipies, jy weet, om dalk saam met die laaste gebed te seën vir die week. Ek dink dit is iets wat ons, ek dink is ‘n “nice” ding, ek dink dit is goed om ‘n seën uit te spreek oor mekaar, ek dink dit is iets wat ons ek dink wat in die ou kerk al baie meer gebeur het, as ek praat van ou kerke amper daar in die Handelinge tyd, jy weet, dat die ouens mekaar gegroet het met woorde soos ‘Hy het opgestaan’, jy weet, en…

N: Ja.

MNH: En Shalom, jy weet, en ek dink wel die lewe waarin ons leef is die mense meer geneig om vloekwoorde oor mekaar uit te spreek as seën, en as ‘n ou besef die mag van die woorde wat jy sê, dan besef ‘n ou dit is iets wat ‘n ou meer moet doen. Ek dink nie dit is iets wat ‘n ou genoeg klem op lê nie en wat ek persoonlik regtig veel oor dink nie.

N: “Okay”.

MNH: Maar ek, weereens in ‘n kleiner groepie, as ons kyk na onsself, ek weet dalk probeer om ‘n bietjie meer in mekaar se lewens inspreek en seën uitspreek, maar ons is versigtig oor wat ons sê. Ek dink ek het al geleer in my lewe dat die woorde wat jy sê baie, baie goed of sleg kan doen.

N: "Okay". Vertel vir my hoe jy God sou beskryf. Wie is God, wat se beeld het jy van God en wat is die impak daarvan op jou lewe?

MNH: God die Vader sien ek as 'n Vaderfiguur, iemand wat in liefde, ek kry dadelik die beeld van die verlore seun, die Vader wat *(opname onduidelik - 00:21:35)*. Dit is my beeld, ek weet almal se beeld van God die Vader verskil. Iemand wat my in liefde betrag, iemand wat my aanvaar soos ek is, en wat die beste in my wil hê, en wat my wil sien in voorspoed en nie in teëspoed nie, maar iemand ook wat bietjie van 'n dissiplinêre figuur, iemand wat, jy weet, jy baie bewus van is as jy skeef trap in die lewe dat jy moet gaan regmaak met God die Vader.

N: "Okay". Laaste vraag: het die erediens betekenis vir ons lewe voor die dood of ons lewe na die dood?

MNH: Die erediens voor die dood, na die dood? Dit is 'n interressante vraag. Kyk, ek dink ek sal sê my eerste antwoord voor die dood. Ek dink dit, ek dink die erediens volgens my moet my "equip" om deur hierdie lewe te kom en om Christus se beeld uit te dra aan die wêreld. Dit moet my regtig in staat stel om eerstens my eie pad reg te wandel, maar ook om ander mense te help om dieselfde te doen. Wat die impak daarvan sal wees na die dood sal ons eers later uitvind, ek dink die Hiernamaals is vir ons almal duister. Ek dink ons gaan, ek dink die meeste van ons gaan aangenaam verras wees om daar te kom en te sien hoe dit regtig is.

N: "Alright".

MNH: So, wat dit dan gaan beteken kan ek nie sê nie, maar vir my, ek dink eerlikwaar die Bybel en Jesus se wandel is ons riglyne om deur hierdie lewe te kom.

N: "Okay". Baie dankie ek waardeer dit. Dit is ons storie.

MNH: Is 'n groot plesier.

---oOo---

ADDENDUM I: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER I

Persoonlike onderhoud vir PhD studies getiteld *Die erediens van die lewe: 'n Praktiese-teologiese verkenning*. Onderhoud word gevoer met 'n 28-jarige wit dame wat ‘n lidmaat is van ‘n Charismatiese gemeente in die ooste van Pretoria.

NAVORSER (N): Baie dankie dat jy deelneem aan hierdie navorsing en dat ons hierdie onderhoud met mekaar kan voer. Ek waardeer dit opreg. Ons het alreeds ‘n bietjie gesels oor die doel en die fokus van hierdie navorsing op die erediens en die impak daarvan op ons lewe. So ek gaan vir jou so ‘n paar vragies vra, geen regte of verkeerde antwoorde nie. Ons gesels net lekker saam en jy antwoord so volledig as moontlik.

MEDE-NAVORSER I (MNI): “Okay”.

N: So, die eerste vraag: beskryf vir my wat jy verstaan met die erediens, wat is dit, wanneer vind dit plaas, waar, vir hoe lank?

MNI: “Okay”, ek dink dit is wanneer daar ‘n klomp mense wat almal die Here dien bymekaar kom.

N: “Okay”.

MNI: Of dit nou oggenddiens, aanddiens is, en dan as hulle bymekaar is en hulle is saam daar vir een doel nou nie om tydskrif te lees nie, maar om saam in die Here se teenwoordigheid tyd te spandeer.

N: “Alrigt”.

MNI: Dink ek is ‘n erediens.

N: “Okay”. Vertel vir my van ‘n erediens, of enige erediens, of eredienste oor die algemeen wat ‘n definitiewe impak op jou lewe gehad het, en wat is dit van daardie diens of dienste wat dit so spesiaal maak?

MNI: Toe ons nog deel was van ‘n ander Pinksergemeente waar ons nou nog ‘n bietjie meer “community” gehad het waar hier het ons nou nog nie heeltemal so sterk “community” nie, was dit maar altyd vir my as daar ‘n groter hoeveelheid mense is wat ek ken en met wie ek lewe deel oor die algemeen, dit gaan maar vir my as ek instap en daar is ander mense wat ek ken wat ek al mee ‘n pad gestap het.

N: "Okay".

MNI: Dit maak net daardie band lekker, dit is die saam die Here te dien.

N: "Okay".

MNI: As jy nou in 'n vreemde plek instap dan is dit nou nie dieselfde impak wat jy het as waar 'n "community" is of plek nie.

N: "Okay", en wat is die impak van daardie "community" op jou lewe?

MNI: Nee, definitief toe ons verhuis het van die vorige waar ons 'n baie hegte "community" gehad het hiernatoe was die eerste jaar vir ons baie moeilik. Daardie "community" beteken so baie vir 'n mens, dit hou 'n mens op die pad, dit hou 'n mens net *(opname onduidelik - 00:02:15)* wanneer jy 'n bietjie van jou varke verloor dan.

N: "Alrigt". "Okay".

MNI: ...*(Opname onduidelik)* help wanneer jy net *(opname onduidelik)*

N: "Okay". Dieselfde vraag net 'n bietjie anders gestel: vertel vir my van 'n erediens of enigiets in die erediens wat geen impak of minder impak of nie regtig 'n impak op jou gehad het nie, en wat het bygedra daartoe?

MNI: Minder? Jis ek weet nou nie regtig, ek voel maar 'n mens moet maar, ja ek kan nou nie, ek is seker as ek dit kan onthou dan het dit 'n impak gehad. As ek dit nie kan onthou nie dan het dit nie 'n impak gehad nie.

N: "Okay".

MNI: En ek kan nou nie regtig aan ietsie dink. Ek dink maar net waar dit soos, dit is altyd vir my ongemaklik waar 'n mens of kan voel 'n kerk het 'n baie rigiede plan en hulle hou by hierdie plan, en dit moet nou gebeur en hier moet ons opstaan en daar moet ons sit en hier moet ons dit doen, dan voel dit altyd vir my asof ek nie huis is nie, maar asof hulle, soos dan voel ek ongemaklik, maar dit is die res van die tyd, ek kan nie onthou van iets wat ek nie...

N: Dankie, nee dit help baie. Vertel vir my van enige intieme ontmoeting wat jy met God gehad het, tydens 'n erediens of enige ander geleentheid en wat was die impak van daardie ontmoeting op jou as mens en jou lewe.

MNI: Ek het NG grootgeword.

N: "Okay".

MNI: Voorgestel en aangeneem. Meestal dink ek vir my ouers. My pa baie naby aan my hart en nooit die impak van dit wat ek gedoen het verstaan nie alhoewel die voorstelling en aanneming het my baie geleer van die Bybel en die Bybelkennis wat ek het is definitief het ek daar gekry. Toe het ek kom swot, toe is ek oor na 'n Pinksterkerk toe, en vandat ek in die Pinksterkerk is dan was hulle altyd met die doping van die Heilige Gees en die praat in tale en dit word die heeltyd aan 'n mens soos, en op 'n stadium het ek 'n bietjie begin ongemaklik voel met hierdie, want ek is 'n baie analitiese mens en sulke emosionele "airy fairy" goeters werk nie so lekker met my…

N: "Okay".

MNI: En op 'n stadium het ek my eie navorsing 'n bietjie gedoen en gelees daaroor en besef, maar dit gebeur en daar is mense wat in tale bid en ek weet nie hoe ons, hierdie gemeente ook toe het hulle ook een aand vir my gebid vir praat in tale en dit het net nie gebeur nie, en dit was 'n bietjie van 'n worsteling in my hart, want ek het gevoel wel, dalk mis ek iets, dalk is die Here nou nie eintlik, en ek het gestoei met dit en gestoei met dit, en vir lank baie gelees oor dit en toe een aand net, my man was weg vir 'n naweek en ek het net vir die Here gesê ek is nou moeg om te stoei met hierdie en ek wil nou vrede in my hart hê of dit gebeur nie of dit moet gebeur, maar iewers moet ek nou hiermee "deal". En soos wat ek gesit het is dit asof die Here net baie duidelik vir my gesê het '*(naam uitgelaat ter wille van anonimiteit)* jy maak te veel van hierdie'. Ontspan en soos "whatever will be will be" en hy het vir my die skrif gegee van 'wie tot My nader Ek sal tot hulle nader', en ek het gesê 'wel Here ek gaan nou hier sit op hierdie mat', en soos kom, soos brand, en daar het iets soos, in my keel het ek iets gevoel, en ek het snaaks dit was soos 'n "funky feeling" en toe sê die Here net vir my, dit is nou nie die skrif teen die muur nie, maar ek het duidelik gehoor hoe die Here vir my sê 'maar sê die klanke', en daar was in die begin net 'n paar "weird" klanke en ek het gevoel dit is "funny" en daarna het dit regtig net begin deur my vloei en ek het dit ervaar en daardie was net, toe ek daardie, dit voel hoe die Here deur my praat was dit net vir my daar, daar en dan het ek nooit weer getwyfel dat die Here in my is en deel van my lewe is nie.

N: "Okay".

MNI: En ek dink partykeer die kerke maak 'n baie groot ding daarvan, en hulle maak 'n mens voel, want ek het vir 'n goeie vyf, ses jaar met dit geloop wat dit net nie met my

gebeur het nie, en ek het gevoel ek is nie ‘n goeie Christen nie, en ek is nie goed, ek kan nie eintlik wees van hierdie gemeente nie, want dit wat hulle doen kan ek nie doen nie, en op ‘n plek gaan dit tussen my en die Here en hoe ek en die Here “connect” het hy vir my deurgekom of “any way” het ek dit ervaar en...

N: “Okay”.

MNI: Ja.

N: Vertel vir my van ‘n spesiale ontmoeting wat jy met ‘n mede-lidmaat gehad het tydens ‘n diens, of na afloop van die diens, of enige ander ruimte, en wat was die impak van daardie ontmoeting op jou lewe.

MNI: Ek het ‘n paar jaar terug was daar ‘n vriendin van ons in die gemeente en sy en haar man het verskriklik gesukkel om swanger te raak, en ons was nie goeie vriendinne nie, ons was deel van die “young adult” en ons het maar saam en sy en haar man was toe oppad om te skei en “jis” dit het net my hart gebreek, ek was toe op daardie stadium nog “single” en glad nie regtig eintlik maar kom uit ‘n huis uit waar my ma en my pa lief is vir mekaar, en my hart het net gebreek vir haar en ek het gevoel soos “jis” en ek sê vir haar ‘hoor hier kom ons gaan drink koffie en “chat” hieroor’, en seker, en toe die feit dat hulle so sukkel om swanger te raak het net soveel stremming op hulle huwelik geplaas, en daardie aand toe kry ek ‘n droom, toe droom ek hulle twee plant ‘n saadjie in ‘n bak, en hulle vertrou dat hierdie saad gaan groei en soos wat hierdie saad gaan groei gaan sy swanger raak en daar lewe wees en ek wil toe nie vir haar sê van dit nie, want ek dog toe Here hierdie “girl” sukkel al klaar om swanger te raak ek gaan nie vir haar van hierdie sê nie ek bedoel netnou kry sy ‘n plant en sy plant dit; en vir ‘n hele lang ruk, seker goeie ses maande, het ek met dit geloop wat ek nie vir haar gesê het nie, en elke keer as ek haar sien, want sy is nou nie my vriendin nie, so elke keer wat ek haar by die kerk sien, of elke keer wat ek haar en toe seker na ses maande toe sê ek een aand vir haar ‘hoor hier. Die Here sê vir my julle moet hierdie doen. Laat weet my as julle dit doen, want dan weet ek ek moet ernstig intree en ek moet begin bid vir julle’, en seker so ‘n week later toe stuur sy vir my ‘n foto van die bak en die saadjie en alles, en sy sê vir my ‘okay, ons gaan dit doen, ons vertrou jou’, en dit voel ook vir hulle asof die Here sê hulle moet net ‘n ”step of faith” neem, en ‘n paar maande later toe is daar ‘n plant en ‘n positiewe swangerskapstoets, en ja, ek weet nou nog nie, ek is dankbaar dat die Here my in daardie situasie kon gebruik het. Ek en sy is nie beste vriendinne nie, en ons sal nooit wees nie, maar soos wat die plant toe gegroei het so het sy, en die seuntjie is nou seker al amper 2 jaar oud. Baie oulike seuntjie, en ja, “amazing” storie.

N: Wonderlik.

MNI: Ja, en dit is nie iemand naby aan my nie, maar was iemand met wie ek kans gehad het om voor te bid.

N: "Okay". "Alright". Wat verstaan jy onder die term missonaal, en wat het daardie woord, wat is die impak daarvan op jou lewe?

MNI: Missonaal?

N: Anders gestel, om deur God gestuur te word na 'n wêreld toe.

MNI: "Okay". Om te gaan, om te "mission, mission work".

N: Ja.

MNI: "Okay". Wel, ek, definitief is ons gestuur, en ek dink baie klein deel van kerk is hier waar 'n gemeente is en in 'n erediens. Dit is nie waar kerk gebeur nie, so om kerk te wees is om eintlik by die werk en by, waar jy met mense te doen kry vir hulle iets te wys van die Here en vir hulle, met hulle iets te deel en dit is nie noodwendig vir hulle te sê hoor hier, hoeveel keer lees jy Bybel. Hoor hier, hoeveel keer lees jy Bybel. Hoor hier, hoeveel keer, en om net met hulle jou lewe te "share" en dat hulle iets kan sien van hoe die Here 'n impak het op jou lewe en dan te voel, maar, hoor hier ek mis iets uit, ek wil ook van daardie hê. So ek dink "mission" en ek is ook nie 'n groot vreeslike "fan "van "mission" in Afrika en of "mission" orals heen nie. Ek voel dat die Here gee vir ons elkeen iets om te doen. Hy het vir iemand 'n graad gegee. Hy het vir iemand 'n beurs gegee om iets te gaan "swot", *(opname onduidelik - 00:10:19)* daardie area en in daardie spesifieke plek te gebruik so daar waar jy is, jy hoef nie al jou goed op te pak en te gaan "mission" nie.

N: "Okay".

MNI: Maar die Here gebruik ons almal waar Hy ons sit, en as Hy ons moet...wil skuif dan sal Hy ons skuif.

N: "Alright". Vertel vir ietsie oor die sakramente, die Doop en die Nagmaal spesifiek, en die rol wat dit in julle gemeente speel, maar ook die beteken is daarvan vir jou lewe.

MNI: "Okay", ek is gedoop toe ek baie klein was deur my ouers. Toe ek ouer is toe is ek nou in die Pinkstergemeentes, en toe is ek nou gekonfronteer half met die groot doop en dit is ook maar iets wat, ek is definitief nie iemand wat almal laat hulle doop, ek gaan ook in die ry staan nie en doop myself nie, en ek het ook baie daaroor opgelees en

die Woord gevat en gesê wat sê die Here vir my, en vir my het die klein doop definitief ‘n betekenis gehad, want dit is waar my ouers en ek gaan dit glad nie, ek sal nie vir my ouers sê dit was hulle gedoen het is verkeerd nie, so ek voel net dat dit is waar hulle besluit het om ‘n “commitment” te maak aan die Here, en vir die Here te sê ‘Here, ons vat hierdie kind, en ons maak haar groot in U naam’, en toe voel ek maar iewers moet ek ook ‘n openbare getuienis, want ek het Hom aangeneem en daar was ‘n tyd wat ek vir Hom gesê het Hy is deel van my lewe, maar die doop, die groot doop, het ek toe in my hart mee vrede gemaak, is my openbare getuienis dat ek as ‘n grootmens sê ek kies om die ou lewe af te lê en ‘n nuwe lewe op te neem en ja, so dit en daar is daardie twee, Doop en die...?

N: En die Nagmaal.

MNI: Die Nagmaal. Nagmaal dink ek is iets wat ‘n mens op ‘n gereelde basis, want ek dink dit is iets wat die Here vir ons gegee het om ons te herinner aan Sy liggaam en aan Sy bloed, en ek dink nie dit is iets wat ‘n mens net moet gebruik omdat jy, ek dink definitief jy moet jouself ondersoek, en soos weet dat wanneer jy deel is van Sy tafel, want soos wat Hy sê is dat jy word deel van die tafel en as jy daar by die tafel sit moet jou goed uitgesorteer wees en jy moet regtig deel en kan ervaar en kan “celebrate” dat dit is sy liggaam en dit is sy bloed wat hy vir ons gegee het, so ja, ek, jy moet, ek voel as jy dit gebruik moet jy kan verstaan waar dit vandaan kom, hoe dit is en...

N: “Okay”.

MNI: Dit is nie net iets wat jy “celebrate” en jy weet nie eintlik wat jy “celebrate” nie, en jy moet met opregte hart kan “celebrate” en deel hê daaraan.

N: “Alright”. Wat, vertel vir my wat jy verstaan onder prediking of Woordverkondiging en wie se verantwoordelikheid is dit.

MNI: Vir wie ookal die Here die Woord gee. Ek voel dit is iets wat ek glo meeste van die predikante of pastore hulle kry baie meer Woord, want hulle spandeer baie meer tyd om Woord te kry as die res van ons wat ‘n “9 to 5 job” het, maar ja, prediking glo ek is iemand wat Woord kry en die Woord moet oordra, en jy sal weet as die Here vir jou iets op jou hart sit, en dit hoef nie noodwendig iemand te wees wat teologie “geswot” het of, maar dit moet darem iemand wees met ‘n goeie kennis en ‘n verhouding met die Here. Dit is nou nie net...

N: “Okay”. Vertel vir my hoe jy dink oor die rol en betekenis van die seën of die seëngroet, jy wat nou NG kerk agtergrond ook het weet daar gewoonlik begin die diens

deur gegroet te word in die Naam van die Here.

MNI: Ja.

N: En aan die einde van die diens word ons uitgestuur ook met die boodskap van dat die Here seën jou en beskerm jou. Is daar, die betekenis daarvan of die rol in jou persoonlike lewe, dink jy daar is plek daarvoor, dink jy dit is belangrik?

MNI: Ek het nog nie so baie daaroor gedink nie, so dat ek nou, maar ek dink tog dit is, toe ek klein was dink ek was dit ook net "okay" dit is nou verby.

N: "Okay".

MNI: Maar ek, ja ek voel dat as 'n mens wil groet, ek bedoel enige plek, enige tyd as jy sou sê "be blessed" gaan en maak 'n verskil is daar definitief 'n impak en dit is 'n manier vir jou om van een plek af die Here se seën te versprei en...

N: "Okay".

MNI: Al beteken dit vir een mens iets, "why not".

N: Hoe funksioneer dit hier by julle in die gemeente?

MNI: Ek dink nie ons het 'n seën, ek moet nou net mooi dink. Ja, ek dink nie ons het 'n oop en 'n afsluit regtig heeltemal wat soos gesê word nie.

N: "Okay".

MNI: So ek dink nie dit gebeur hier nie, maar dit gebeur ook op ander maniere wat hulle dit, ek dink tog in 'n hele "setup" van 'n diens wil jy mense insluit en jy wil mense en daar is 'n sekere proses wat jy wil uitvoer, so dit word dalk oorgedra net op 'n ander manier...

N: "Okay".

MNI: Wat mense heen...

N: "Alright". 'n Lekker persoonlike, maar oop vraag, hoe sou jy God beskryf? Wie is God en as jy dink aan beelde van God wie is God vir jou en wat is die impak daarvan op jou lewe.

MNI: ‘n Pa. Ek is bevoorreg genoeg om ‘n pa te hê vir wie ek baie lief is, wat vir my baie lief is, enigiets vir my sal doen, maar kwaai was en so ja, vir my is ek bevoorreg genoeg om te kan sê dat ek God sien as ‘n pa en iemand wat altyd uitkyk vir my, altyd beter weet en ja, ek dink ek sien veral met my vriendinne wat nie die voorreg gehad het om met ‘n pa groot te word nie, vir hulle om daardie konneksie te maak is baie moeiliker as vir ons wat, so vir my is dit definitief ‘n pa-figuur, iemand wat...

N: “Okay”.

MNI: Ja.

N: “Alright”.

MNI: Mede-belange het.

N: Laaste vragie, het die erediens vir ons ‘n impak op ons lewe voor die dood, of ons lewe na die dood?

MNI: Voor.

N: Hoekom sê jy so?

MNI: Want, dit is waar ‘n mens “community” bou, en dit is waar mens jou mense kry wat hier saam met jou hierdie “fight” nie, want dit is nie lekker hier nie en niemand van ons hou van dit hier nie, maar ons kan nie elke dag sit en wag en sê Here kom nou en kom haal ons en vat ons net weg hier nie. Daar gaan ‘n tyd wees wat Hy kom of daar gaan ‘n tyd wees wat ons gaan en dan is ons nou nie meer hier nie, maar intussen moet ons die lewe hier doen en ons moet dit goed doen, ons moet dit regkry en ons moet, en ek dink om dit in isolasie te doen en om dit sonder mense te doen is onmoontlik. Ek dink nie ‘n mens kan en in ‘n erediens is waar jy “community” kry, dit is waar jy net, ek dink altyd aan soos jou kersie net weer ‘n bietjie kom ekstra vlam kry en kan uitgaan en ja...

N: “Okay”.

MNI: ...*(opname onduidelik - 00:17:00)* mense kan by met wie jy kan en daar is altyd iets wat iemand vir jou kan leer of iets wat iemand vir jou kan sê wat jy buite kan uitgaan en weer die wêreld kan “face”, so vir my dink ek die erediens het ‘n baie groter impak voor. Ek dink jou persoonlike lewe ag jou persoonlike verhouding met God dit het ‘n baie groot impak na...

N: “Okay”.

MNI: Maar ek dink nie die kerk gaan jou in die na kry nie.

N: “Alright”.

MNI: Jy moet jouself daar kry.

N: Daar’s hy, dit is ons storie.

MNI: “Okay”.

N: Baie dankie, ek waardeer dit.

MNI: Ek hoop dit help.

---oOo---

ADDENDUM J: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER J

Persoonlike onderhoud vir navorsing getiteld *Die erediens van die lewe: 'n Praktiese-teologiese verkenning*. Onderhoud word gevoer met 'n 63-jarige, wit, manlike lidmaat van 'n Charismatiese gemeente in die ooste van Pretoria.

NAVORSER (N): Baie dankie dat jy bereid is om deel te neem aan hierdie studie. Ons waardeer dit opreg. Soos reeds bespreek gesels ons ‘n bietjie oor die erediens en die impak daarvan op ons lewe. Ek gaan vir jou ‘n paar vrae vra, daar is nie regte of verkeerde antwoorde nie. Ons gesels lekker saam en deel met my soveel inligting as wat by jou opkom. Die eerste vraag is: beskryf vir my wat jy verstaan met die erediens, wanneer gebeur dit, hoe lank vind dit plaas. Wat verstaan jy onder die erediens?

MNJ: “Okay”, in ons terme praat ons nie regtig van ‘n erediens nie, ons praat van ‘n Feesdiens.

N: “Okay”.

MNJ: Ons kom Sondae bymekaar om dan deel te wees van die feesdiens. Vir ons is die feesdiens meer as net normale kerkgang, ek dink vir ons, ons beleef die feesdiens as ‘n tydjie op ‘n Sondag wanneer ons ons vriende, ons mede-broers en susters in die Here dat ons hulle, wat ons saam met hulle verkeer waar daar ‘n baie relevante, my ervaring van die feesdiens is daar ‘n relevante boodskap van die kansel af gepreek word wat vir my as persoon deur die week kan dra. As ek maar net byvoorbeeld kyk na die afgelope paar dienste, ons het reekse wat ons na kyk het ons gekyk na die begrip “generosity”.

N: “Okay”.

MNJ: En “generosity” is iets wat deel is van ons lewe, of behoort deel te wees van ons lewe, en daaruit is daar ‘n klompie goed wat ‘n ou vir jouself byvoorbeeld afvra, wanneer behoort ek “generous” te wees en wanneer nie. Ons het hier in Pretoria het ons groot behoeftes as ons kyk na die straathoeke van mense wat intense behoeftes het, en daar is ‘n klompie goed wat vir my, wat ek vir myself moes uitmaak van “generosity” wanneer hoef ek nie op ‘n “guilt trip” te gaan wanneer ek my van hierdie ouens verwyder nie. Dit is die tipe goed wat ons op antwoorde kry. As ons kyk na die mees onlangse diens wat ons gehad het het dit gegaan oor leef. Elkeen van ons leef, maar net vir ons self, of verwyl ons maar net ‘n bietjie tyd, en as ek dan nou kyk na die tema van Sondag wat verby is se diens gaan dit oor deur watter lense kyk ‘n ou na die lewe. Ons kyk na die lewe, ons sien dinge baie keer verstaan ons nie alles nie, maar die gedagte wat deurgekom het na ons toe is ons sien goed; dít wat ons sien moet ons kan verstaan, en

dit wat ons sien en verstaan moet ons sekere optrede na vore bring en dit is wat ek uit die feesdiens, feesdiens uitkry. As ek nou kyk na die relevansie van die afgelope week se gebeure; ek meen ons weet van moord en doodslag en drie boere wat gemoor was, en nou dink ek terug na Sondag se feesdiens, wat was daar vir my gewees Sondag wat my deurdra deur hierdie begrippe wat 'n ou nou in die week van gehoor het, en as ek dan nou kyk na my politieke lens waardeur ek na die lewe kyk, my wêreldbeskouing, my politieke lens en ek vergelyk dit nou met my kultuurlens wat ek kan opsit en ek kyk weer in 'n ander oomblik na my Jesus-lens wat ek opsit, dan is dit asof daar so 'n verandering in my wêreldbeskouing intree van ek wil amper sê minderjarige mensdenke na Jesus denke as ek my lense opsit. Nou ek moet sê dit is goed wat ek nie drie weke terug oor gedink het nie.

N: "Okay".

MNJ: Maar die afgelope feesdiens is dit wat my, wat die impak was wat ek nou, wat my denke gewysig het, en hoe ek nou dink oor hierdie moorde en goed wat plaasgevind het. Nou om terug te kom na die Feesdiens toe, dit is nou maar 'n enkele voorbeeld, maar ek kan teruggaan en ek kan van die vorige reekse wat ons bygewoon het kan ek oproep en sê, maar die impak van daardie dienste het vir my ook so uitgerol soos wat hierdie afgelope week se diens vir my uitgerol het waar daar baie spesifieke betekenis is, betekenis wat baie spesifieke betekenis het van hoe ek nou optree teenoor wat ek miskien drie weke sou opgetree het rondom al hierdie goed wat in ons land gebeur.

N: Vertel vir my van enige erediens of geleentheid wat 'n definitiewe impak op jou as persoon gehad het en wat het daardie erediens spesiaal gemaak?

MNJ: "Okay", dit gaan 'n bietjie persoonlik wees, maar ek meen ek is nou 43 jaar getroud, maar in ons 25ste jaar van ons huwelikslewe het ons deur 'n geweldige krisis gekom waar ek 'n loopbaan gebou het op daardie stadium. Ek het gestudeer so dit was 'n loopbaan-bou, studeer en dan het ek nogal redelik 'n lojaliteit gehad teenoor die kerk, en ek het my kerkbywoning het ek nooit agtergelaat nie, maar ek het my vrou verwaarloos en op 'n punt en tyd het daar in die kerkkring nogal 'n derde persoon na vore gekom wat baie aandag aan my vrou gegee het wat sy nodig gehad het, en op daardie stadium het ek nogal gedink "joe", ek doen al hierdie moeite en dit net om vir my gesin 'n beter lewe te gee en die spesifieke Sondag is daar gepraat oor vergifnis, en toe het 'n ou vir my, my "accountable partner" vir my gesê '(naam verwyder ter wille van anonimiteit) jy dink nou aan egskeiding, maar het jy al ooit vergifnis oorweeg', en ek dink dit het 'n bepaalde draaipunt in my lewe gebring in die sin dat in plaas van dat ek egskeiding gedink het het ek begin vergifnis dink en dit het my huwelik gered en ek meen dit is uit 'n, ek glo nie eers daardie ou wat dit gepleeg het, het besef dat dit is die

boodskap wat my hart getref het nie.

N: "Okay". Dieselfde vraag, 'n bietjie anderste gestel. Kan jy my vertel van 'n erediens of iets van 'n erediens wat geen impak op jou gehad het nie, of minder impak as gewoonlik kop jou gehad het en wat het daartoe bygedra?

MNJ: Ag, ek dink dit gaan sekerlik baie keer oor die aanbieding ook van die diens.

N: Ja.

MNJ: Waar en ek kan, ek meen ek kan seker nie eers die tema onthou wat my, dit was 'n "boring" boodskap gewees.

N: "Okay".

MNJ: Om dit in eenvoudige terme te stel, dit was baie "boring" gewees, maar ek het besluit dit is dalk vir my "boring", maar dalk het Koos of Piet hier langs my dalk is dit vir hom bedoel, en ter wille van hulle het ek besluit ek gaan nie enige "fuss" maak daarvan nie, ek gaan niks sê daarvan nie, dalk is dit nie 'n boodskap vir my op daardie punt en tyd nie; ek het nie na die tyd skuldig gevoel oor die feit dat dit nie 'n impak op my gemaak het nie, ek het net gevoel dit was nie vir my nie, maar dit was dalk hierdie keer vir Piet en Koos gewees. Ander tye dan kan hulle dalk "boring" wees en dit is dan wanneer dit vir my weer die regte boodskap is.

N: "Okay". "Alright". Vertel vir my van enige intieme ontmoeting wat jy met God gehad het tydens die erediens, of enige ander geleentheid en wat was impak van daardie ontmoeting wat jy met God gehad het op jou en jou dag-tot-dag lewe?

MNJ: Wel, dit is moeilik om 'n enkele intieme een uit te sonder, want 'n ou is gereeld in kontak met die Vader, en as ek nou kan dink aan een spesifieke een wat vir my rigtinggewend was was dit nou 'n paar jaar gelede waar ek 'n besluit moes geneem het oor my loopbaan.

N: "Okay".

MNJ: Teenoor aftrede, want ek het die ouderdom van 60 bereik en ek moes daar 'n definitiewe keuse begin maak, want soos ons maar weet ouens het begin maatskappye skoonmaak, as ek nou sê skoonmaak, ons Blankes uitgeskuif en vervang met Swartes en ek lees die dag ook toe 'n skriffie wat sê, 'maar Ek sal jou versorg tot in jou grysheid', en daar het ek besef, maar ek sit nou en talm en wag op "company" voordele in plaas

van dat ek my tassie moet pak en beweeg, want die Here het vir my ander doel en dit is, dit was iets wat my, in my pad verander het. As ek terugdink aan die, heel aan die begin van my "journey" met die Here, was daar 'n skriffie wat vir my ook baie rigtinggewend was wat 'n bepaalde impak gehad het en dit het gegaan oor daardie plek in die Bybel wat se naam *Kadesh Barnea* is, en dit is mos maar waar die Israeliete ook maar groot stryd gehad het, en op, by *Kadesh Barnea* in my lewe moes ek 'n besluit gemaak het; gaan ek met my woestyn pad aan of gaan ek beloofde land toe, en ek dink dit was die waterskeiding ook gewees van my geestelike lewe van my rug te draai op die ou lewe en 'n nuwe lewensreis te stap. Ek dink dit is dalk twee, daar is baie wat ek kan noem.

N: Maar, dit is die twee wat nou vir jou uitstaan.

MNJ: Dit is die twee wat ek op die oomblik vir my uitstaan, en ek dink as 'n ou nie dienste bygewoon het nie dan sou ek uitgemis het, maar ek is, ek meen ek is en ek kan dit maar vir jou sê ek kom uit die Hervormde Kerk uit, jare, ek het daar gekatkiseer en ek is aangeneem en voorgestel, en ek het toe met 'n Pinkstervrou, 'n Pinkstermeisie, deurmekaar geraak.

N: Ja.

MNJ: En toe het ek besluit, maar daar is vir my 'n ander lig wat oopgegaan het en in die Pinkstergeledere het ek tuis gevoel, en ek het besluit "okay" ek gaan begin 'n nuwe pad. Nou ek het tot bekering gekom na ek my vrou ontmoet het, en toe het ons besluit om nie een Sondag na my kerk toe te gaan en ander Sondag na haar kerk toe te gaan nie, ons het besluit ons maak ons "minds" op en toe het ek oorgaan na die Pinkster toe.

N: Jy het nou gepraat van die impak van jou vrou op jou lewe, maar kan jy my vertel van 'n spesiale ontmoeting wat jy met 'n mede-lidmaat gehad het, weereens of tydens 'n Feesdiens of enige ander geleentheid, en wat was die impak van daardie ontmoeting met daardie persoon op jou lewe?

MNJ: Iemand anderste as my vrou sê jy nou?

N: Jy kan haar ook gebruik.

MNJ: Ag, ek dink as ek dink aan 'n pêl van my wat ek nou 'n nou pad mee loop en dit is hier in Pretoria gewees, ons het in die kerk gesit en ek het die ou voor, die ou het voor my gesit, hy en sy vrou, en ek het vir my vrou net gesê 'weet jy ek wil met daardie ou kennis maak'. Kom ek sê dit is lekker om 'n mens te wees, maar dan moet jy 'n lekker mens wees, en daardie ou het vir my gelyk soos 'n lekker mens en toe die diens verby

was toe glip die ou, toe ontglip hy my, maar *(opname onduidelik - 00:13:50)*, "okay", ons gaan *(opname onduidelik)* in Woodlands gaan ons nou maar na kerk gaan ons nou gou-gou daarso ietsie eet, en ek en my vrou stap toe nou op, en ek sê vir haar 'Here, jong, ek gaan net eers gou daar na die toilette toe', en toe ek by die toilette kom naby die een staan ek en die ou so langs mekaar, en ek sê vir hom 'weet jy wat jy het vanmôre langs my, ag voor my in die kerk gesit, en ek het vir my vrou gesê weet jy ek sal nogal "like" om jou nader te leer ken'. Hy sê 'maar "what about" ons gaan drink 'n koffie', en ons gaan drink 'n koffie en ek en ou Kallie het 'n pad begin loop, maar dit is nie 'n pad van net 'n vriendskap nie, dit is 'n spesiale vriendskap, en ek en ou Kallie, alhoewel hy nie altyd hier rond is nie, hy het 'n plaas in Warmbad, en hy het besighede in George of in Grootbrak so hulle is baie weg, maar ons het kontak met mekaar en wat hy altyd ook sê is ek en hy het mekaar raak gepiepie daar in die Woodlands sentrum se toilette wat eintlik nou 'n baie lekker vriendskap wat begin het. Ek meen, toe my vrou ook nou so siek was, was hy die enigste ou wat gekom het en vir Lisa gesê het 'Lisa ek wil saam met jou bid', en dit is net 'n pêl, dit is pêl se impak.

N: "Okay". Wat verstaan jy onder die begrip missionaal, en vertel vir my wat die impak daarvan op jou lewe is.

MNJ: "Okay", missionaal is my missie, dit is waarheen, wat my doel is, en wat vir my interessant is is dat my missie en my passie is goed wat bymekaar moet uitkom. Ek glo die Here het my gemaak met 'n bepaalde droom, en daardie, kan ek sê missionale droom is maar om vir Hom iets te beteken en wat vir my interessant is is dat die Here gaan my nie gebruik in 'n area wat nie vir my lekker is nie, ek meen my passie; as ek baie keer die voorbeeld aan, die voorbeeld moet gebruik in my koöperatiewe lewe was ek in 'n posisie gewees waar ek baie te make gehad het met mensontwikkeling. Baie keer dan kom die mammas en die pappas by my uit dan sê hulle vir my 'hoor hier jong wat dink jy wat se loopbaankeuse behoort hierdie Jannie of Sannie te doen'. Dan sê ek 'wel ek gaan nie weet nie, julle is die ouens wat behoort te weet, want waarmee speel daardie kind'. 'n Kind gaan speel nie met 'n ding waarvan hy nie hou nie. Hy gaan speel met 'n ding waarvoor hy 'n passie het, en ek sê kyk na sy speelpatrone en maak daarvolgens 'n afleiding. Ek sê my kinders het altyd met, my seuns het altyd met blokkies en goeters gespeel, en ek het daaruit geleer dat hulle is outjies wat, jy weet, tegnies is. My meisiekind, my oudste meisiekind, as daar maatjies gekom het, het sy altyd 'n fluitjie gehad en sy was altyd...en sy was altyd 'n onderwyseres. Die ander enetjie - sy het altyd besigheid gedoen, en as ek nou kyk na waar my kinders staan, my twee seuns is altwee in tegniese beroepe, my meisiekind is 'n onderwyseres, my jongste een is 'n ouditeur; hulle speelpatroon het dit vir jy jare terug het vir my gewys dit is wat hulle met wil doen. Nou wanneer dit kom by missionaal - die Here het vir my 'n talent gegee om te kan skryf. Hy het vir my 'n talent gegee of 'n gawe gegee om met mense te kan deel, so

ek hou van mense en ek hou van skryf. In my koöperatiewe lewe was my missie gewees, my missie iets anderste gewees as nou. Nou het ek meer vrye tyd tot my beskikking alhoewel ek steeds nog werk, maar my missionale doel is nog steeds om in die akker van die Here werk te doen.

N: "Okay". Volgende vraag: wat kan jy my vertel oor die sakramente, spesifiek die Doop en die Nagmaal, en die rol wat dit in julle gemeente speel, maar ook die betekenis vir jou alledaagse lewe.

MNJ: Kyk wat die, kom ons begin by die Nagmaal, die Nagmaal se betekenis vir my is om my geheue konstant te verfris, want ek meen die Woord is tog baie duidelik daar; Hy sê 'doen dit tot my gedagtenis', en wanneer ons die sakrament bedien dan is dit baie keer dat ons net so 'n bietjie moet gaan stilstaan en net weer in ons gedagtes herroep wat het die Here vir my beteken, met ander woorde, wat het die Here op my paadjie vir my gedoen, en ek dink dit is wat ons gereeld doen, en ek dink dit is nie 'n sakrament wat net in die kerk hoort nie, ek meen ek doen dit by my huis, met selbyeenkomste bedien ons nagmaal en dan is dit nie 'n treurige spul nie, dit is 'n aksie van dankbaarheid, ons "celebrate". Ek meen as ons Nagmaal hou by ons selbyeenkomste dan is dit 'n kwessie van 'Here ons is dankbaar vir dit wat U gedoen het'. Hier, die stuk brood ons herinner, dit herinner ons aan U liggaam wat vir ons gebreek is, en wyn of druiwesap, U bloed het vir ons gevloei, maar ook vir al hierdie "issues" wat ons vandag het. Hierdie ou lê sy finansies en hulle kinders wat huweliksprobleem het en hierdie goed, ons maak dit prakties, en ons bedien mekaar met dit wat nou aan die gang is. Wat die Doopsakrament betref is, ek meen daar is baie dispute of argumente al gevoer rondom doop, rondom die Doop en kinder-besprinkeling of Groot Doop, vir my was dit net 'n kwessie gewees van ek was oortuig gewees dat dit is wat ek moet doen, is 'n stap van gehoorsaamheid; ek takel nie my ma-hulle se aksie af dat hulle my besprinkel het as 'n baba nie. Hulle het dit goedgedink op daardie stadium, dit is hoe hulle geglo het, ek is dankbaar hulle het my in die vrese van die Here grootgemaak, maar toe ek volwasse geword het het ek net gevoel dit is die pad wat ek wil stap, en ek het my onderdompel, baie jare terug, maar dit was vir my 'n stap van gehoorsaamheid. Ek het baie vriende wat in die NG Kerk, Hervormde kerk en die Gereformeerde Kerk is, en ons maak dit nie 'n "issue" nie, maar ons is eintlik dik pêlle, ons kan saam Nagmaal gebruik, dit verskil met die bediening van die Doop en "that is it."

N: Sal u sê die feit dat jy gedoop is, en die herinnering van die Nagmaalstekens soos wat jy nou genoem het, het praktiese implikasies vir jou alledaagse lewe?

MNJ: As ek nou moet sê wat die Doop betref, die Doop, ek meen ek was onderdompel en dit was vir my 'n goeie ervaring gewees, maar ek moet eerlik sê dit is nie elke dag

vir my O! maar ek is nou gedoop en dit maak my nou meer 'n super mens of daardie tipe goed nie, dit is glad nie, ek dink nie, as ek terugdink aan my doop dan is dit eintlik 'n dankbaarheid dat ek terugdink Here, maar dit is 'n pad wat ek gekies het, dit is 'n stap van gehoorsaamheid gewees en "that is that". Wat die Nagmaal betref, ons beleef die Nagmaal baie meer as wat ons aan die Doop as sulks dink omdat daar in die kerk gedoop word dan is ons saam met die ouers dankbaar, maar dit maak nie, ek kan nie sê dit maak vir my 'n *(opname onduidelik - 00:22:15)* omdat ek nou gedoop is nie.

N: "Okay". Wat verstaan jy onder prediking of Woordverkondiging, en wie se verantwoordelikheid is dit?

MNJ: Wel, wat ek verstaan onder prediking is dat wanneer ek 'n woord het en ek dink ek moet baie meer spesifiek wees, ek sien nie dat prediking net die dominee of die pastoor se "job" is nie. Dit is my "job" ook. As die Woord, as die Here vir my in die oggend 'n Woord gegee het waar ek gestap het, of waar ek in afsondering was dan dink ek het ek ook die voorreg om daardie gedagte met ouens te deel, en ek dink dit is deel van sekerlik prediking. Ek dink nie dit is net om te getuig nie, maar wanneer ek ouens kan vertel van die Woord, maar dit is nie net die dominee se "job" nie, "sorry" daarvoor hoor.

N: Dit is reg, dankie. Dankie daarvoor. Vertel vir my hoe jy dink oor die betekenis van 'n seën of 'n seëngroet. Ek het nou met nou met 'n paar in die onderhoud gehoor by julle gemeente onder andere funksioneer dit 'n bietjie anderste, maar jy sal nou weet in die Hervormde Kerk, in die NG Kerk begin ons die diens deur mekaar te groet in die Naam van Jesus, en ons stuur mekaar uit ook met 'die genade van die Here sal by jou wees'. Hoe dink jy oor die betekenis van die seën of seëngroet, en wie weet, wat is die betekenis daarvan vir ons dag-tot-dag lewe?

MNJ: Ek dink dit kan baie meer gebeur. Ek dink ons kan mekaar seën. Dit is nie net en weereens dit is nie net die dominee wat die seën kan uitspreek nie, ek meen ek kan ook oor jou 'n seën uitspreek as ek hier uitgaan en ek sê Jaco "blessings" vir jou hoor. Nou dit is baie keer hoe ons mekaar groet en "goodbye" sê, maar ek dink spesifiek in die, in ons kerke is daar nie daardie, dit is nie deel van ons, van ons diensorde om te begin met met 'n seën en dan weer af te sluit met 'n seën nie, maar dat ons mekaar seënbedes vir mekaar kan uitspreek, en spesifiek by ons selbyeenkomste waar ons meer intiem is wat ek my hand op 'n ou kan sit en sê 'ek "bless" jou in die Naam van die Here', jy weet, en dit is vir ons meer van 'n informele Heilsmiddel as ek dit so kan sê om mekaar te "bless".

N: "Alright".

MNJ: En dit is nogal lekker as 'n ou jou met so 'n R100'tjie ook kan "bless" hoor.

N: Dit is waar ja.

MNJ: Want, ek dink dit is wat my seun was; nou onlangs was hy in 'n...hy is in besigheid, en hy het 'n redelike taai tyd deurgeloop en sy vrou se kar het bande gekort, en hy het een aand het hy vir sy ouens by die sel genoem 'jis ouens, ek gaan deur 'n "tight" spot, want wragtig hierdie Mini van my vrou het "tyres" nodig, en ek vertrou die Here dat Hy my gaan help', en 'n ou staan op en hy sê 'Tim, ek "bless" jou met twee "tyres". Gaan na daardie en daardie ou toe, ek betaal'. Jy weet, en dit is nou, dit is nou dalk materieel nè, maar ek meen as ek nou kyk na my vrou wat nou onlangs ook siek was, en die ouens het gekom en gesê 'Here, Lisa, ons "bless" jou met gesondheid dit is nie die einde nie, dit is die begin', en ek dink dit is dalk net 'n ander siening van seën van seënwense, en seënbede, en ek het 'n punt daarvan gemaak as ek 'n ou seënwense toewens op sy verjaarsdag om nie net te sê 'ek seën jou', of 'ek wens jou seën toe' nie, ek probeer meer spesifiek wees met daardie seën. Ek sê 'ek hoop dat jy vandag goeie geselskap gaan hê. Ek hoop dat jy lekker kos gaan eet. Ek hoop dat jy 'n goeie wyntjie saam met jou kos gaan drink. Ek hoop dat jy lekker poeding gaan hê en dat jy dalk nog 'n persentjie of iets gaan kry'. Ek dink dit is meer, dit is meer hoe ek die seën sien, en ek meen "okay", daar is natuurlik maar weer goeters by betrokke, maar ons seën mekaar tog maar met goeie, en met ons teenwoordigheid.

N: Vertel vir my wie is God vir jou. As ek vir jou vra om vir my te vertel om te dink aan 'n beeld van God wat jy het, wie is God vir jou, en wat is die impak van daardie beeld op jou lewe.

MNJ: "Okay". Ek dink vir my is dit dalk, ander ouens dink dit behoort baie moeilik te wees, maar vir my is dit makliker. Ek het nie 'n aardse pa gehad nie. Natuurlik hy moes daar gewees het, want anderste was ek nou nie daar nie, maar my pa het dieselfde ding gehad as ou Joost van der Westhuizen, hy het ook hierdie neuro-ding gehad, so ek het my pa verloor toe ek 5 was, is ek en my broer en suster wat baie jonger is, nou nie, is nou nie dieselfde pa en ma nie, maar *(opname onduidelik - 00:27:55)*, en my stiefsuster, maar omdat ek nie 'n pa gehad het nie was ek genoodsaak om 'n vaderfiguur te kon kry, en ek is in die posisie gewees om 'n baie jong ouderdom saam met - op daardie stadium 'n Pinkstermaatjie het my genooi na hulle goed toe, en daar was 'n ou tannie met die naam van tannie Sannie de Ferrier, en onder haar bediening het sy 'n klomp kleintjies eendag bedien, en ek was een van hulle gewees, en daar het ek besef maar ek kan 'n pad loop met 'n pappa vader wat nie regtig op daardie stadium vir my sigbaar was nie, en ek dink daardie vaderbeeld was vir my meer, het ek meer gekry uit God uit, en ek dink wanneer 'n ou gesprek gevoer het dan was dit vir my meer 'n "reality" om met God te

praat. Ek weet ek het iewerster iets gemis langs die pad wat 'n aardse vader betref, maar ek dink die Here het my op 'n pad gevat wat dit vir my, as ek kyk na 'n stryd wat van my pêlle het om hulle pa's te vergewe wat allerhande nonsens aangejaag het met hulle, en daardie dan dink ek 'ai' dalk was ek ge"bless" gewees om nie daardie pad te kon loop met my familie nie. My Vader het my nooit teleurgestel nie, want ek meen alle "odds" was teen my gewees. Ek meen ek het 'n enkelouer gehad, my ma het ons twee seuns grootgemaak, die kanse dat ek die pad totaal byster kon raak was eintlik honderd persent gewees, maar die Here het my vasgehou, en ek het aan baie goed deelgeneem, ek was 'n klein stoutgat gewees, maar die Here het my vasgehou op 'n manier; hierdie Vader, hierdie Vaderfiguur wat jy nou van praat het my vasgehou, en ek het nie lus gehad vir al daardie nonsens nie.

N: "Okay".

MNJ: As dit jou...

N: Ja, nee, nee, dit is baie dankie daarvoor. Die laaste vraag het die erediens te make met ons lewe voor die dood, of ons lewe na die dood, en hoekom sê jy so?

MNJ: Ek dink die dienste het te doen met altwee.

N: "Okay".

MNJ: Want, die dienste moet ons tog gereed maak; die eredienste of die feesdienste maak ons tog in 'n mate gereed vir die aarde, maar ek dink daar is tog ook 'n bewustheid wat vir ons geskep word oor die Hierna, en dit is hoekom daar baie keer bekeringsboodskappe van die kansel af verkondig word, so ek dink en die voorbeeld wat ek wil gebruik daarso is gaan oor die doping met die Heilige Gees, ek glo dat die doping met die Heilige Gees maak my gereed vir die aarde, want as ek na God se Gees kan luister dan gaan hy vir my help om te, om te sien watter lense moet ek aansit waardeur ek my lewe kan kyk, en dan om dan regtig tot bekering te kom is om my gereed te maak vir dít wat na die dood kom.

N: "Okay". Daar's hy. Dit is ons storie. Dankie weereens vir jou deelname, vir jou terugvoering. Ek waardeer dit opreg.

MNJ: Ja, dit was "great".

---oOo---

ADDENDUM K: ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER K

Phd interview, for research titled: *The worship-service of life: A Practical-theological study*, at a Roman Catholic congregation in the East of Pretoria on the 22nd of April 2018. Interview is held with a 73-year-old white female - a member of this congregation.

NAVORSER (N): Thank you so much for agreeing to participate in this study. It is much appreciated. As stated, the study focuses on the Worship Service and specifically the impact thereof on our daily existence and on our Christian identity. Please answer the questions as truthfully as possible and as full as possible, and there are no right or wrong answers. So let's start. Question 1: describe to me what you understand under the term Worship Service. When does it take place, where and how long?

MEDE-NAVORSER K (MNK): Worship Service. Very important part of my life, very important part of the week. It takes place at my church in the east, and it lasts for approximately an hour.

N: Okay, sure. Tell me about a worship service that had a definite impact on you as a person and your daily life, and describe what made this particular service so special?

MNK: I can tell you, yes. Not a specific worship service. It was a weekend, ja, it was a weekend service that we had concentrating on the Holy Spirit, and I was in a very bad place in my life over that time, and it was the first time I had experienced somebody pray in tongues for me during this service. Oh, I collapsed totally, totally, utterly. I cried and cried and cried and could not control myself, but once that crying had finished wonderful, wonderful, peaceful experience. I was at peace totally - not so anxious as I had been before, and when in control of my thoughts that I perhaps I should say to you I was going through a divorce - a very surprised divorce. I did not know that this was coming my way at all, but after that experience of that person praying in tongues for me I firmly believe the Holy Spirit then gave me strength to go forward, and you know, in an intelligent controlled manner accept the situation and go forward in life.

N: Thanks for sharing that. Same question just stated a little differently: can you tell me about any worship service that had no impact on you as an individual, and what can the possible reason for that be?

MNK: I can tell you that there are worship services that have no impact, and I can only put the reason down to you. I am not concentrating properly. Possibly you are tired, or you got something else that is mingling, and I am not concentrating. It is all my fault.

N: Okay, so nothing of the liturgy…

MNK: No.

N: Or the service, absolutely just the concentration…

MNK: I think so, yes.

N: Okay. Can you tell me about any intimate encounter you had with God during the worship service or any other occasion, and what impact did this encounter have on your life?

MNK: Oh, perhaps what I told you earlier. I jumped the gun there perhaps what effect did it have on my life. Perhaps it strengthened my faith. Did strengthen my faith because for me it was as close to a physical sign that there was somebody looking after me. There is somebody looking after me all the time.

N: Okay, sure. Can you tell me about a special encounter that you had with another member of your congregation during the worship service or any other occasion?

MNK: I cannot think of anything. You know we have encounters, we have cell groups, and during those cell group discussions there are many encounters with the group that I belong to. There are eight of us in the group, and many encounters where the wisdom comes through via one of the people in the group. Not every time that we meet, but certain times there seems to be much stronger presence amongst us all and wisdom comes out that is amazing.

N: Okay. Can you tell me what you understand with the term missional?

MNK: Missional?

N: Yes, and also tell me of the impact of that word on you and your life.

MNK: Mission for me is almost an instruction to do something to go on a mission to be active.

N: Okay.

MNK: That perhaps is the best word I can think of and active within my faith, within the church, within the congregation but it can be, the activity is your life. You directed

on a mission in a particular direction.

